Roeping en stryd in die kerklike bediening van H.Ph.J. Pasch en G.B.S. Pasch

PJ Venter

10540067

BA en ThB

Verhandeling voorgelê ter gedeeltelike nakoming vir die graad Theologiae Magister in Kerk- en dogmageskiedenis aan die Potchefstroom Kampus van die Noordwes-Universiteit

Studieleier: Prof PH Fick

Oktober 2014

Dit begin alles hier ™

NORTH-WEST UNIVERSITY
YUNIBESITI YA BOKONE-BOPHIRIMA
NOORDWES-UNIVERSITEIT
POTCHEFSTROOMKAMPUS

Ds. H.Ph.J. Pasch



Ds.G.B.S. Pasch

INHOUDSOPGAWE

INHOUDSOPGAWE i

VOORWOORD vii

OPSOMMING ix

ABSTRACT ix

Hoofstuk 1 1

INLEIDING 1

Oorsig: 1

1.1 FOKUS VAN DIE STUDIE 1

1.2 WIE EN WAAR GEROEP 3

1.3 AANPAK EN AKTUALITEIT VAN DIE STUDIE 7

1.4 SENTRALE NAVORSINGSVRAE, DOELSTELLINGS EN DOELWITTE VAN DIE STUDIE 10

1.5 SENTRALE TEORETIESE ARGUMENT 11

1.6 METODOLOGIE 11

1.7 HOOFSTUKINDELING 12

1.8 SLEUTELTERME 12

Hoofstuk 2 13

ROEPINGSBESKOUING IN GEREFORMEERDE PERSPEKTIEF 13

Oorsig 13

2.1 INLEIDING 13

2.2 ROEPING: ’N “SISTEEM” 17

2.2.1 GEROEP AS EENHEIDSWESE 18

2.2.2 GEROEP AS UNIEKE WESE 19

2.2.3 GEROEP AS VERBANDSWESE 19

2.2.4 GEROEP AS ANTWOORDWESE 19

2.2.5 GEROEP OM TE GLO EN TE VERWAG 20

2.3 ROEPING EN DIE UITWERKING DAARVAN 20

2.4 INNERLIKE - EN UITWENDIGE ROEPING 22

2.5 GEROEPENES WORD GESTUURDES 25

2.6 ROEPING EN AMPSGEDAGTE 28
2.7 ROEPING EN CHARISMA(TA) (GAWES) 31
2.8 ROEPING TOT GEREGTIGHEID EN DIE BEDIENING VAN DIE VERSOENING 32
2.9 ROEPING TOT DIE OPBOU VAN DIE KERK 33
2.10 GEROEP TOT DIE EENHEID VAN DIE KERK 35
2.11 PROF. JAN LION CACHET EN ROEPING 36
2.12 PROF. J.D. DU TOIT EN ROEPING 37
2.13 SLOT 39

Hoofstuk 3 40

ROEPING EN STRYD: H.PH.J. PASCH 40

Oorsig: 40
3.1 INLEIDING 40
3.2 FAMILIE H.PH.J. PASCH 41
3.2.1 Biografies 41
3.3 KERKLIKE AGTERGROND EN KERKLIKE TOESTANDE 44
3.4 STUDENTELEWE 52
3.5 H.PH.J. PASCH AS SOLDAAT EN KRYGSGEVANGENE 54
3.6 TEOLOGIESE STUDIES WORD VOORTGESIT 55
3.7 H.PH.J. PASCH SE HUWELIKE 56
3.8 EERSTE BEROEP 57
3.9 PIETER BIEWENGA (1865-1955) 60
3.10 DIE ANGOLATREKKER M.B.T. ROEPING EN SENDING 68
3.11 SLOT 69

Hoofstuk 4 71

OORGAWE EN UITLEWING VAN ROEPING: H.Ph.J. PASCH 71

Oorsig: 71
4.1 INLEIDING 71
4.2 ROEPING IN ANGOLA 73
4.2.1. Humpata vanaf 1903-1907 73
4.2.2. Herman Smit se rol in die gemeente voor die aankoms van H.Ph.J Pasch 74
4.2.3. Aanloop tot en beroeping van ds. H.Ph.J. Pasch 76
4.2.4 Buite Angola bevestig (3 Januarie 1908) 78

4.2.5. Dadelike spanning en stryd by sy aankoms in Humpata 79
4.2.5.1. Breekpunt oor sending 80
4.2.5.2 Pasch wil versoening bedien 89
4.2.5.3. Beproewing van sy roeping 91
4.2.5.4 Laaste pogings tot versoening 92
4.2.5.5. Skeuring 'n voldonge feit 94
4.2.5.6 Pasch se roeping herbevestig 98
4.2.5.7 Pasch volhard in sy roeping 101
4.2.5.8 Die afgeskeidenes beoordeel 102
4.2.5.9 Bedienaar van die versoening na die afskeiding 103
4.2.5.10 Pasch na Suid-Afrika 104
4.2.5.11 Pasch word Angola geweier 106
4.2.5.12 *De facto* ontslag deur Humpata 110
4.3 VOLGEHOUE ROEPING IN LADYBRAND 112
4.3.1. Pasch se houding teenoor die rebellie 114
4.3.1.1 Oorlog, droogte en uitbreek van rebellie (1914) 115
4.3.1.2 Voel geroepe tot "kapelaansbediening" 115
4.3.1.3 Eerste spanning tydens die rebellie 117
4.3.1.4 Ladybrand se siening oor Pasch se bediening tydens die rebellie 118
4.3.1.5 Die uitdagende taak van die Kerk om standpunt in te neem oor die rebellie 122
4.3.2 Roeping deur die lot te werp 125
4.4 ROEPING IN PIETERSBURG 126
4.4.1 PASCH SE ROEPING IN DIE BOSVELD EN LAEVELD (1920-1927) 127
4.5 ROEPING IN LINDLEY (EN STEYNSRUS) (1927- 1936) 129
4.5.1 Kerke worstel saam 131
4.5.1.1 Ds. Pasch maak voortdurend finansiële toegewings 132
4.5.1.2 Die depressie tref al die geroepenes 133
4.5.2 Frankfort en die Kruiskerke (1933-1935) 134
4.5.2.1 Die eerste tekens van spanning 135
4.5.2.2 Agtergrond van die situasie van die Gereformeerde Kerk Frankfort 136
4.5.2.3 Ds. H Pasch se roeping onder spanning 139
4.5.2.4 Die saak op meerdere vergaderings verder gevoer 144
4.5.2.5 Ds. H Pasch volhard met bediening in *"gemeente onder die kruis"* 147
4.5.2.6 Uitslag van die stryd 153
4.5.2.7 Blywende onrus 155

4.5.2.8 Ds. H Pasch se roeping onder verdere spanning 158
4.5.2.9 Pasch berus in die “onreg ons aangedaan” 160
4.6 LAASTE LEWENSJARE 162
4.7 WYER PERSPEKTIEWE OP DS. H PASCH SE ROEPING 165
4.7.1 Roeping teenoor die jeug 165
4.7.2 Roeping teenoor onderwys 168
4.7.3 Roeping teenoor Teologiese opleiding 170
4.7.4 Roeping teenoor sending en evangelisasie 172
4.7.5 Roeping tot uitbou en opbou van die eenheid in die gemeente 173
4.7.6 Roeping teenoor finansies 173
4.7.7 Roeping teenoor kultuur en politiek 175
4.8 BEOORDELING BINNE DS. H PASCH SE ROEPING 176
4.9 GEVOLGTREKKING EN SLOT 180

Hoofstuk 5 183

ROEPING EN STRYD: G.B.S. PASCH (RABBO PASCH) 183

Oorsig: 183
5.1 INLEIDING 183
5.2 EERSTE LEWENSLIG 185
5.3 SKOOLOPLEIDING 185
5.4 DIE VERHAAL VAN VADER EN KIND 188
5.4.1 Roepingsdruk 188
5.4.2 Roepingsdruk deur die hele familie 192
5.5 G. PASCH DIE ONDERWYSER (1937-1940) 193
5.6 “MY LIEFSTE DOGTERTJIE” 196
5.7 G PASCH EN DIE POLITIEKE STRYD (1940-1944) 196
5.7.1 Die tyd van opkomende “radikale” nasionalisme 196
5.7.2 Gevange geneem 198
5.7.3 Geïnterneer in Leeukop 202
5.7.4 Ontsnappingspoging 205
5.7.5 Pasch se ontsnapping op 24 September 1940 206
5.7.6 Vlugtelingsjare 207
5.7.6.1 Gerhardus Pasch word Hannes (Johan) Cilliers 209
5.7.6.2 Vlug na die Boland 210
5.7.6.3 Spanning op persoonlike verhoudings 212

5.7.6.4 Kalkfeld (Namibië) ... 213
5.8 GEVOLGTREKKINGS EN BEOORDELING OOR G. PASCH SE ROEPINGSTRYD ... 227
5.9 SLOT ... 231

Hoofstuk 6 ... 233

OORGAWE EN UITLEWING VAN ROEPING: G.B.S. (RABBO) PASCH ... 233

Oorsig ... 233
6.1 INLEIDING ... 233
6.2 PLOTSELING KOERS IN SY LEWE ... 235
6.3 KOERS IN SY STUDIE ... 236
6.3.1 Sy studie ... 238
6.3.2 Eerste preke ... 240
6.4 KOERS MET LEENSTER ... 240
6.5 ROEPING IN POTGIETERSRUS (1950-1960) ... 243
6.5.1 Beroep ... 244
6.5.2 Ampswerk ... 245
6.5.2.1 Volhardende ondersteuning vir sy alma mater ... 245
6.5.2.2 Pastor en herder ... 246
6.5.2.3 Roeping teenoor die prediking in die handhawing van die suiwere leer ... 250
6.5.2.4 Roeping teenoor sending en evangelisasie ... 255
6.5.2.5 Roeping teenoor kerkverband en stamverwante in Nederland ... 258
6.5.2.6 Roeping teenoor toekomstige bedienaars van die Woord ... 260
6.5.2.7 Roeping teenoor die jeug ... 261
6.5.2.8 Roeping teenoor beroepe na ander gemeentes ... 263
6.5.3 Roeping teenoor gesinslewe ... 265
6.5.3.1 My kind is dood ... 265
6.5.3.2 Gesin brei wel spoedig uit ... 266
6.6 SKIELIKE HEENGAAN ... 266
6.7 ROEPING UITGELEEF ... 270
6.8 SLOT ... 272

Hoofstuk 7..... 274

SAMEVATTING EN FINALE GEVOLGTREKKINGS..... 274

Oorsig 274

7.1 INLEIDING..... 274

7.2 ESSENSIE VAN HOOFSTUK 2-6..... 274

7.3 FINALE SAMEVATTING EN GEVOLGTREKKINGS 289

Hoofstuk 8..... 294

BIBLIOGRAFIE..... 294

Geraadpleegde literatuur 294

VOORWOORD

Wanneer die lewe van twee ander predikante jou eie lewe binnekom, dan voel mens klein. Dit maak dat ek in my eie roeping met tye gevoel het dit wat God in hierdie manne se lewens en roeping laat gebeur het, stel myself ver op die agtergrond.

Mag hierdie studie dan dien om ’n agtergrond maar veral ’n voorgrond te bied. Die voorgrond moet heeltyd God wees, God wat roep, God wat toerus, God wat roeping laat draai en laat gebeur en laat uitwerk. Dit moet die son en som van roeping wees wat hierdie hele studie moet belig en bereken. Alles moet oor roeping gaan.

Daarom is op die agtergrond nie net die twee Pasch-predikante nie, want hulle lewens, hulle roeping, hulle stryd moes die voorgrond van hierdie studie inkleur. Ek wil glo dat sonder hulle sou daar nie ’n studie van so ’n aard kon wees nie. Hulle twéé is ek oortuig, is en bly uniek in wat geroepe predikante in die GKSA (Gereformeerde kerke in Suid-Afrika) tot in hierdie moderne eeu oor hulle elkeen se roeping kan vertel. Daar is moontlik lewens wat dalk naby aan hierdie stryd en aan hierdie soort van bediening kan kom, maar dat die predikante Pasch (pa en seun) werklik uniek was, ly geen twyfel nie. Tog ná alles is die hoofsom van hulle lewens hulle roeping gewees, dit is gewis en seker. Manne vol van reg en heldemoed kan dit alleen wees, as hulle waarlik geroepe is. Mag hierdie studie dit aan u toon.

Deel van hierdie studie se groot agtergrond gee baie stof en baie briewe. Stof werk op twee maniere, die stof wat jy kan lees, maar die ander stof wat jou ook kan laat nies. Dankie, dat die eerste meer was as die tweede! Nogmaals my dank en waardering aan die Pasch-familie, wat nie alleen die stof bewaar het nie, maar dit ook aan my beskikbaar gestel het.

Die dankbaarheid vir nou gaan direk na prof. Rikus Fick as studieleier, wat met insig en leiding, lewe en papier met mekaar laat praat. Die wysiginge, die voorstelle het my baie geleer, ook het geduld vir my nuwe betekenis gekry.

Dankie, vir sovele se aanmoediging om dit wat ek vroeër (in 2008) maar net as biografiese geskrif wou deurgee (Rabbo Pasch in pas) om iets aan te dui van die merkwaardige Rabbo se lewe, dat dit nou iets meer kon word. Julle aanmoediginge en aanbevelinge lê beslis ten grondslag in wat nou meer geword het. Prof. Bouke Spoelstra se ruwe hand het daardie eerste geskriffie rooi gehad, maar nou is ek bly. Prof. Victor d’Assonville (sr.) wat naby Pasch gekom het, dankie dat u naby daardie geskrif was. Die hand en die hart was nodig, hoop die verstand is nou ook hierby... Daar was heelwat mede-geroepenes wat my nie oor daardie eerste boek uitgelos het nie, dankie ook aan hulle!

Ook vir finansiële steun wat so onontbeerlik is word die mense agter daardie rande en sente bedank. Die Noordwes-Universiteit (Potchefstroom) het hierin geen geringe rol gespeel nie. Personeel by die argiewe wat stof en stof tot voor my gebring het, het almal baie gehelp. Veral is mev. Carmien Huisman se naam nodig te vermelde. Die taalversorging van mev. Thea de Villiers wat haarself laat geld het, was vir my net goed.

Dan is die agtergrond beslis onvolledig as ek nie my skoonouers (wyle pa Gunter- ek sou graag ’n kopie vir pa wou gee- en ma Magdaleen Reek- en swaers en skoonsusters) en dan ook my ouers, Jan en Truia Venter, my suster Annatjie, haar gesin, in hulle meelewing en saamleef as families bedank nie. Niemand praat hier baie nie, maar dankie vir wat al vanaf Lohatlha se dae, Postmasburg se dae en Potchefstroom se dae kon oploop tot hierdie dae waarbinne ons nou is. Pretoria se bediening is anders en is hierdie besonder anders gemeente wat maak dat my hart vir die geskiedenis net al warmer en warmer moet klop. Dankie, dat dit by julle kon begin.

Dankie vir die kerkraad en die gemeente in Pretoria (Paul Kruger Kerk) vir baie begrip en saamleef en spesiale toegewings en verlof wat hierdie studie kon voorafgaan. Dan die gemeentes van Dendron/Magalakwin, die gemeentes Outjo/Biermanskool/Otjiwarongo (waar Rabbo Pasch se vlugtelingsspore en sy wending wyd gedraai het), dan my begin in Hoedspruit, almal as deel van ’n roepingspad wat myself op my roeping-spore moet laat terugkyk, dankie dat daar kerke is soos julle!

Die slotsom in hierdie roeping tot dankbaarheid trek in my vrou (Christine) en my twee kinders (Johann en Lise) saam. ’n Vrou wat nie bang is vir werk nie, maar ook nie bang is om ander te help nie, is baie werd. Sy is waarlik ’n hulp tot aansporing wat baie verder gaan as net om dankie te sê vir waar ons nou is. Mag my twee kinders in wat ons rondom die Pasch-predikante met mekaar kon deel, in hulle roeping eendag ook wéér ’n weerklank wees.

OPSOMMING

Hierdie studie wil die belang van roeping in die bediening van twee besondere gereformeerde predikante wat in die GKSA gedien het na vore bring. Ds. Hendrikus Philippus Josef (H.Ph.J. Pasch -1865-1936) en sy seun (Gerhardus Barthlomeus Schutteus Pasch (G.B.S. Pasch – 1916-1960-alom bekend as Rabbo Pasch) is as hooffigure nagevors. Elk van die twee het ’n besondere lewe en stryd moes voer om predikant te word. Die wese van wat dit beteken om waarlik geroepe te wees is deurlopend as dryfveer en motief tot hulle stryd om hierdie roeping en die uitlewing van hierdie roeping as predikante uitgewys. Die besondere omstandighede waarbinne hulle verkeer het en die onderskeie uitdagings wat by hierdie pa en seun ongewoon was, word uitgelig.

Hoe hierdie uitdagings dikwels tot felle stryd oorgegaan het net om aan hulle roeping getrou te bly staan in baie opsigte ongeewenaard. Die swakheid van mense en die gebrokenheid van die menslike bestaan en die hardheid van menslike verhoudinge wat selfs tussen mense binne kerklike strukture bestaan word aangedui.

Die studie het aangetoon dat roeping die enkele grootste motief en dryfkrag in die bediening van ’n predikant moet wees om hom lewenslank tot hierdie besondere diens in al sy stryd en uitdagings te laat volhard.

ABSTRACT

This study aims to focus on the importance of vocation in the ministry of two extraordinary reformed ministers of the GKSA. The two protagonists that were researched in this study are Reverend Hendrikus Philippus Josef (H.Ph.J. Pasch 1865-1936) and his son, Reverend Gerhardus Barthlomeus Schutteus Pasch (G.B.S. Pasch 1916-1960; also known as Rabbo Pasch). Both had lived a life of struggle against the calling before answering to the vocation of becoming a minister. The essence of being truly called is the continuous incentive to the motive to being truly called and living this calling as ministers. The exceptional circumstances and challenges that were unusual in their lives are highlighted.

These challenges often resulted in intense conflict to stay true to their calling is unequalled. The weakness of men and the broken human existence, as well as the harshness of human relations, even between people within the church, are pointed out.

This study has shown that calling has to be the main motive and driving force in the ministry of a pastor for lifelong perseverance in this specific calling with its struggles and challenges.

Hoofstuk 1
INLEIDING

Oorsig:

1.1 Fokus van die studie
1.2 Wie en waar geroep
1.3 Aanpak en aktualiteit van die studie
1.4 Sentrale navorsingsvrae, doelstellings en doelwitte van die studie
1.5 Sentrale teoretiese argument
1.6 Metodologie
1.7 Hoofstukindeling

1.1 FOKUS VAN DIE STUDIE

Ds. Hendrikus Philippus Josef Pasch (1865-1936) en sy seun, ds. Gerhardus Barthlomeus Schutteus Pasch (1916-1960), se lewens weerspieël op besondere wyse hoe belangrik roeping is.[1] Dié twee predikante wat vanuit twéé geslagte in die Gereformeerde kerke in Suid-Afrika gedien het, se roeping is albei deur ’n besondere stryd gekenmerk. Terselfdertyd gee albei se lewens ’n weerspieëling dat die stryd tot verwesenliking en uitlewing van hulle roeping talle struikelblokke en beproewinge kon weerstaan en oorwin. Hierdie studie fokus op die roeping van ds. H.Ph.J. Pasch en sy seun ds. G.B.S. Pasch, hierna in die studie onderskeidelik verwys na as H.Ph.J. Pasch en G.B.S. Pasch (Rabbo).

Op 6 April 1908 het ds. H.Ph.J. Pasch in van die moeilikste vergaderings wat hy in sy veelbewoë bediening moes lei, hom soos volg oor roeping uitgelaat. Hierdie uitlating kom nadat daar op daardie dag talle beskuldigings, vrae en verwyte teenoor ds. H.Ph.J. Pasch geuiter is, ondermeer oor hy dit durf waag om die naasgeleë sendingstasie by Humpata te besoek. Wat vir sy gemeente ontstellend was, is dat hy aan hierdie swart- en bruinmense die Woord en sakramente bedien het. Daarop sê H.Ph.J. Pasch die volgende:

[1] Roeping is om deur God in diens van Christus deur die Heilige Gees toegerus na God te kom wat die geroepene stuur waar God wil tot verheerliking van sy Naam al sal hierdie bediening in alle opsigte ’n lewenslange stryd verg.Hoofstuk 2 bied dan ’n Gereformeerde perspektief in die uitbou en verstaan van roeping.

> *"Als ambsman moet ik het doen. En wat zegt Gods Woord er van. Is dat vyandsliefde die ik moet prediken en betrachten als de statie roept: doop onze kinderenen en geeft ons heilige Avondmaal. Is dat liefde het te weigeren. Zelfs geliefden als mensch is men verplicht onze vyanden hulpt te verlenen hoeveel te meer de kaffers[2] die onze vrienden wasen in de trek door de woestyn. Is dat weldadigheid bewyzen aan hun zaad? Wy schoten de Engelsche en als den slag over was worden de gewonden liefderyk verplegen. Dat is menschelyk" (GKSAA, Humpata Notuleboek 1903-1908. 1.1.3. 6 Apr 1908, Art 13)*

Hierdie paar sinne van 'n hoogs ontstelde ds. H.Ph.J. Pasch se antwoord aan die kerkraad wat hom oor sy roeping verkwalik het, bied die sleutel tot hierdie studie. H.Ph.J. Pasch verwys na homself in sy antwoord as 'n "ambsman". Die amp bepaal sy roeping, maar gaan ook sy roeping vooraf. In dieselfde antwoord stel H.Ph.J. Pasch God se Woord eerste. By daardie moeilike vergadering van 6 April 1908 het hy die vergadering geopen met die woorde in Hand.4:19-20 (OAV) *"Of dit reg is voor God om julle meer gehoorsaam te wees as God, moet julle self beslis; want vir ons is dit onmoontlik om nie te spreek oor wat ons gesien en gehoor het nie"* (GKSAA, Humpata Notuleboek 1903-1908. 1.1.3, Art 1).

Hierdie baie moeilike vergadering het ds. H.Ph.J. Pasch se roeping bevestig in wat hy as die belangrikste sake beskou as daar oor roeping, en spesifiek die roeping van 'n dienaar van die Woord gehandel moet word. Punte wat in hierdie antwoord uitstaan, is die volgende:

- Hy is in die amp (predikant- *"ambsman")* wat van hom 'n bepaalde roeping vereis.
- God se Woord moet eerste staan.
- Daar is 'n roepstem wat na hom roep dat hy die swartes moet bedien.
- Hulle moet nie as vyande beskou word nie.
- Die Woord en die sakramente moet aan hulle bedien word.
- Die swartes was met hulle trek deur die woestyn (Dorslandtrek) hulle vriende gewees.
- Roeping laat my nie toe om my geskiedenis te vergeet nie.
- Roeping verplig 'n mens om selfs aan jou vyande hulp te verleen, hoeveel te meer is hy geroepe na hulle wat steeds sy vriende wil wees.
- Roeping vereis menswaardigheid en dat ander menswaardig behandel sal word.

[2] Rassistiese terme is in talle van die oorspronklike dokumentasie gebruik. Hier en elders behou vir historiese akkuraatheid.

- Selfs al staan ’n geroepene in ’n oorlog, dan hef dit nie sy roeping tot diens aan die Woord en tot naasteliefde (menswaardigheid) op nie.
- Roeping vra na wat is “menslik”?

Hierdie ten minste 11 punte wat maar uit ’n enkele antwoord van ds. H.Ph.J. Pasch afgelei word, maak dat die roeping en persoon van H.Ph.J. Pasch net beter bestudeer moet word. Dit is waarop hierdie studie wil fokus – om elke keer te mag aanskou wat roeping is, waartoe roeping ’n mens lei, dit wat die persoon in sy roeping moet hoor, en hoe roeping sonder grense uitgevoer moet word. Ds. H.Ph.J. Pasch het net een biologiese seun ontvang, nl. ds. G.B.S. Pasch (Rabbo). Die roeping en vrae aan die pa word die vrae en roeping aan die kind. Hoe hierdie kind met roeping sou worstel, hoe hy daarvan sou wegvlug, geïnterneer sou word en hy dan ontsnap. Dat hy dan oor die wye land van Suid-Afrika en Namibië bly vlug, wat eintlik maar ’n vlug weg van sy eintlike roeping was. Die roeping het Rabbo Pasch “gevang”. Hy het predikant geword, nadat hy langer as 15 jaar daarvoor gevlug het.

Dit is hierdie roeping tot predikant-wees wat hierdie studie by die punt gebring het om H.Ph.J. Pasch en G.B.S. Pasch as “*geroepenes van God”* te bestudeer.

1.2 WIE EN WAAR GEROEP

Ds. H.Ph.J. Pasch het in 1884 as Rooms-Katolieke jongman uit Amsterdam, Nederland in Suid-Afrika aangekom. Dit sou jare neem om hom in sy roeping tot die gereformeerde geloof te oortuig. Ná tien jaar wat hy in die distrik Ladybrand gewoon het, was daar vir die eerste keer sprake dat hy lidmaat van ’n Gereformeerde Kerk wou word (GKSA: Ladybrand, Notuleboek 1872-1905. 1.1.1, 18 Okt. 1895; 368). In sy lewe sou roeping ’n al hoe groter rol begin speel. Die roeping om as predikant in die kerkverband wat vir hom nuut was te kon dien, het al duideliker na vore begin kom. Nadat hy in 1898 sy teologiese studies begin het, sou niemand hom kon voorberei op watter stryd, inspanning en teleurstellings op hom sou wag nie. Die tweede Anglo-Boereoorlog, sy eerste huwelik met ’n weduwee en kinders, die verskuiwing van die Teologiese Skool van Burgersdorp na Potchefstroom, die feit dat hy beroep is nog voor hy beroepbaar was en dit boonop ’n buitelandse beroep, is alles faktore wat op die roeping van hierdie dienaar nagegaan moet word.

In die bediening het ds. H.Ph.J. Pasch die verband tussen om gestuur te wees, gehoorsaam te wees en geroep te wees, intens beleef. As gestuurde van die Here was sy eerste arbeidsveld

vanaf 1908 in Angola. In die Angolese gemeentes was daar spanning, onenigheid en stryd nog voor ds. H.Ph.J. Pasch daar gekom het. Die mate wat ds. Pasch se eie oortuigings en persoonlikheid en die wyse waarop hy die reeds gespanne situasie hanteer het, sal in hierdie eerste daadwerklike kerkskeuring wat die GKSA moes deurgaan, na vore kom. Al hierdie gebeure sou sy roeping as bedienaar van die Woord direk raak. Ds. H.Ph.J. Pasch is tydens hierdie Angolese krisis en skeuring kragtens Artikel 11 van die Kerkorde van die GKSA beroepbaar gestel. Daar sal aangetoon word watter twyfel en spanning so ’n beroepbaarstelling aan die verdere roeping stel.

Daarna het ds. H.Ph.J. Pasch in 1911 wel ’n beroep na Ladybrand gekry. Sy roeping het hom na die gebied teruggebring waar hy in 1884 begin het. Toe was hy nie gereformeerd nie, hy was nog bekend as ’n Rooms-Katolieke lidmaat. Toe was hy nog nie geroepe en opgelei as predikant nie, hy was nog bekend as ingenieur en hoefsmid. Nou is hy wéér in Ladybrand, wel as predikant van die gemeente wat hy moet bedien, gedagtig aan die uitspraak dat ’n profeet in sy eie land nie geëer word nie (vgl. Matt. 13:57). In watter mate is die roeping van ds. H.Ph.J. Pasch geraak vanweë die feit dat hy vroeër as nie-predikant daar gebly het?

In dieselfde tyd wat hy in Ladybrand gearbei het, het die Rebellie van 1914 uitgebreek. Ander gemeentes waar ds. H.Ph.J. Pasch later konsulentswerk sou doen, soos dié in Lindley en Frankfort, is direk deur die rebellie geraak. Wéér was daar in hierdie gemeentes vanweë die rebellie baie spanning en stryd. In watter mate het die vuur wat die rebellie in verskeie gemeentes sou veroorsaak ds. H.Ph.J. Pasch se roeping geraak? ’n Ander faset van ds. H.Ph.J. Pasch se roeping was sy betrokkenheid in die Kruiskerke[3] wat aan die begin hoofsaaklik deur ds. S.J du Toit bedien was. Die unieke uitdagings en vrae wat hierdie gemeentes aan ds. H.Ph.J. Pasch se roeping gestel het, sal na vore kom. Daarna het ds. H.Ph.J. Pasch die Gereformeerde Kerk Pietersburg bedien. Sy laaste gemeente was wéér in Lindley. Daar sal aangetoon word hoe ds. Pasch se bediening van mense wat in baie opsigte chiliastiese[4] oortuigings gedra het, sy roeping teenoor hulle geraak het.

---

[3] Kruiskerke was ’n groep lidmate wat op 11 Junie 1897 van die Nederduits Gereformeede Kerk afgeskei het. Ds. S.J. du Toit het in sy roeping ’n baie groot invloed onder die afgeskeidenes uitgeoefen. Hulle eerste gemeente was in Strydenburg (Badenhorst, s.a. :1)

[4] Chiliasme is afkomstig van die Griekse woord “chilioi”=duisend. Vandaar die leer van die *duisendjarige ryk.* Dit is ’n eiesoortige teologie oor die wederkoms van Christus. Chiliasme leer o.a. ’n dubbele opstanding van Christus. By sy eerste wederkoms sal Christus die Satan vir 1000 jaar bind. God sal die gestorwe gelowiges laat opstaan. Hier op aarde sal dan ’n duisendjarige vrederyk wees met Palestina, spesifiek Jerusalem as middelpunt. Die Jode sal van heinde en ver in Palestina versamel en tot bekering

In 1916 is ds. H.Ph.J. Pasch se enigste biologiese seun gebore. Die pa het aanvaar dat hy wat reeds predikant is, kan besluit dat die roeping vir sy kind dieselfde moet wees. Die pa het in ’n brief in Oktober 1933 geskryf geen twyfel gelaat dat hy in alles hierdie seun daartoe wou beweeg dat daar vir hom net één roeping kan en mag wees, en dit is om predikant te word. Watter stryd en trauma hierdie gedwonge rigting in die lewe van die seun veroorsaak het, is duidelik sigbaar. In 1933 het G.B.S. Pasch geen keuse gehad as om in Potchefstroom, op aandrang van sy hele huisgesin, en in besonder sy pa, as predikant te begin studeer nie.

G.B.S. Pasch wou teen hierdie dwang stry. Daar was op daardie stadium vir G.B.S. Pasch nie sprake van ’n besondere begeerte, besondere gawes, of besondere geleenthede wat hom in hierdie roeping as bedienaar van die Woord getrek het nie. Dit sal uitgemaak moet word wat die werklike impak van hierdie tipe kondisionering en druk wat ’n roeping wil afdwing, op sy persoon en roeping was. Dinge wat roeping gesond en rigtinggewend moet maak, was aanvanklik nie by G.B.S. Pasch teenwoordig nie. Die vraag na wat die oorsake en die uitwerking daarvan was, sal hier na vore moet kom.

G.B.S. Pasch het direk na sy pa se dood sy studierigting na die onderwys verander, wat ’n aanduiding daarvan kan wees dat hy geglo het dat sy roeping anders is en op ’n ander terrein lê. Om in jou roeping eintlik maar die onvervulde ambisie van iemand anders te vervul, kan krisis-afmetings aanneem, wat in die lewe van G.B.S. Pasch bewys word.

Na G.B.S. Pasch reeds twee jaar onderwys gegee het, kom hy in 1940 terug na Potchefstroom met die roeping en oortuiging om hom nog verder in die onderwys te bekwaam. Hy wou ’n MA-graad in geskiedenis doen. In hierdie fase van roeping word sy lewe in baie opsigte deur politieke verwikkelinge en omstandighede geraak. Die politieke spanning tref hom in die mate dat hy baie gou na sy terugkeer geïnterneer word. Die redes vir hierdie drastiese stap het nooit duidelik na vore gekom nie. Die redes wat hoofsaaklik aangevoer is, is dat hy volgens sy eggenote Leenster Pasch (2003:8) hom baie sterk teen die regering van Jan Smuts uitgespreek

---

kom. Die tempel sal weer herbou word. Die Evangelie sal ’n groot uitbreiding beleef omdat Satan in ’n verseëlde afgrond sal verkeer waar Satan nie die Evangelie kan verhinder nie. Aan die einde van die 1000 jaar sal Satan weer losgelaat word om die nasies vir ’n tyd lank te verlei. Christus sal dan daarna as wêreldregter optree waar die oordeelsdag sal plaasvind. Dan vind daar ’n tweede opstanding plaas waaronder ook die ongelowiges sal opstaan. Die ewige ryk van die Nuwe Jerusalem op die nuwe aarde het dan begin. Hierdie verwagting word op ’n letterlike opvatting van Op.1:1-20 en baie Ou-Testamentiese profesieë gegrond (d’Assonville, 1999:94-95).

het. Sy betrokkenheid by die Ossewa-brandwag[5] het hom in talle opsigte blootgestel. In 2003 het sy eggenote nog weer bevestig dat die redes vir sy internering "*maar flou was*". Sy bespiegel dat Rabbo, soos wat ds. G.B.S. Pasch bekend gestaan het, in Nylstroom nie 'n magistraat op straat gegroet het nie en dat *"hy die jeug so positief vir die Afrikanersaak beïnvloed het"*, 'n groot rede was (Gereformeerde Kerk Potgietersrus 1929-2003: 8). As politieke gevangene is hy na Leeukop gestuur om daar aangehou te word. Dit alles is groot gebeure wat nie sy roeping onaangeraak sou laat nie.

Veral die mislukte aansoek om vrygelaat te word, het in September 1940 vir G.B.S. Pasch laat besluit om uit die interneringskamp te ontsnap. Vir die volgende vyf jaar sou G.B.S. Pasch as vlugteling sukkel, nie net om sy roeping te verstaan nie, maar om sy lewe te behou. Om geroepene en vreemdeling tegelyk te wees sou al dieper sy lewe insny. G.B.S. Pasch verander in hierdie jare sy naam na Johannes Petrus Cilliers. 'n Nuwe naam is nodig. Hy het as Hannes Cilliers bekend begin staan. Watter betekenis hierdie verandering van identiteit op die verandering van roeping teweegbring sal by Pasch aangetoon kan word. Frustrasie en bitterheid om nie meer te wees wat hy wou wees nie tree al sterker na vore.

Tegelyk vind die stadig-maar- sekere bewuswording plaas van watter roeping hy na sy vlugteling tyd wil volg. Inderdaad is nou in hom *"gebore"* 'n alles oorheersende begeerte om wel predikant te word. Hy spreek nou 'n begeerte uit wat wys dat roeping om predikant te word uit die regte motiewe gebore moet word. Nie uit dwang nie, maar gewilliglik (vgl. 1 Pet. 5:2). Die begeerte tot hierdie roeping, die genade daaraan verbonde en die gawes daarin opgesluit, het 'n bepaalde rypheid en volwassenheid bereik wat nie vroeër by G.B.S. Pasch teenwoordig was nie. Hoe belangrik die begeerte en genade en gawes in die aanloop tot hierdie roeping na vore moet kom, sal aangetoon word. Daarna het G.B.S. Pasch hierdie roeping in die Gereformeerde Kerk Potgietersrus uitgeleef. Hy het net hierdie een gemeente kon bedien. In 1960 is ds. G.B.S. Pasch skielik oorlede. Die tyd vir die voorbereiding tot hierdie roeping het baie langer geduur as die werklike tyd vir die beoefening daarvan. Vir G.B.S. Pasch was dit 'n roeping in 'n dekade uitgeleef.

[5] Ossewabrandwag (OB) is aan die begin van 1939 in Bloemfontein gestig. Volgens Giliomee (2004:393) was die Ossewa-Brandwag pro-Nazi gesind wat tydens die Tweede Wêreldoorlog die belangrikste anti-oorlogsbeweging was wat aanvanklik deur dr. Hans van Rensburg gelei is.

Ds. H.Ph.J. Pasch en sy seun ds. G.B.S. Pasch vorm as pa en seun ’n ideale kombinasie in die bestudering van watter probleme, struikelblokke en geleenthede daar vir ’n bedienaar van die Woord bestaan het om as geroepenes van die Here hulle werklike hemelse roeping hier op aarde te verstaan en uit te leef. Roeping in sy komplekse verskynsels kom in die twee figure sterk na vore. Terselfdertyd dien hierdie studie as geleentheid om aan te toon dat roeping op sy eie geen mens-gerigte en mens-bepaalde handeling en uitslag kan wees nie.

1.3 AANPAK EN AKTUALITEIT VAN DIE STUDIE

Ds. H.Ph.J. Pasch en sy seun ds. G.B.S. Pasch moes in hulle onderskeie lewens albei die moeilike pad volg om by hulle roeping as predikant uit te kom. Die studie word aangepak vanuit die oogpunt hoe albei die Pasch-predikante besondere terugslae in hulle lewens, buitelands en binnelands, moes trotseer.

Ds. H.Ph.J. Pasch het net voor die Tweede Vryheidsoorlog begin studeer. Hoe sy lewensomstandighede deur die oorlog beïnvloed was, het sy roeping net sterker gemaak. In sy bediening het gebeure in Angola hom sy roeping wou ontneem. Daardeur het hy net meer roepingsbewus na vore getree. Die latere rebellie van 1914, het ingrypend op H.Ph.J. Pasch se bediening beslag gelê, waarin sy roeping weereens getoets was. Dwarsdeur hierdie bedienaar se lewe het hy elke keer as geroepene van God na vore getree.

H.Ph.J. Pasch het aanvaar daar kan geen ander roeping vir sy enigste biologiese seun, G.B.S. Pasch wees, as om predikant te word nie. G.B.S. Pasch het hom as jong man op verskeie maniere teen hierdie roeping verset. Politieke gebeure rondom die Tweede Wêreldoorlog sou in G.B.S. Pasch se lewe sy roeping direk raak, nadat hy vir jare teen die roeping wou stry. As vlugteling, diep in die wegkruipplekke van Namibië, het sy roeping hom ingehaal. Hy het erken dat die roeping waarvoor hy nooit kans gesien het nie, nou in alle opsigte posgevat het.

Hierdie uitsonderlike gebeure en terugslae in albei die Pasch predikante se lewens maak hulle albei se lewens aktueel en geskik om vanuit hulle lewens die betekenis en omvang van roeping en roepingsbewustheid na te vors. Roeping wat op die mens beslag lê tree in die Pasch predikante aktueel na vore in die volle sin van die woord, nl. wat dit beteken om geroepe dienaar van God te wees.

Om bedienaar van God se Woord te wees is dit noodsaaklik om eerstens ’n geroepene van God te wees. W.J. Snyman (1977:25) het aangetoon dat roeping eie moet wees aan Kerk-wees. Die Kerk is die sáám vergadering van hulle deur God saam*geroep.* In die kern van Kerk-wees is die woorde “roep” en “roeping” ter sprake. Die Kerk sou nie kon bestaan en voortbestaan as dit nie vir God se Woord was waar God deur sy Woord en Heilige Gees predikers van sy onfeilbare Woord roep nie. Sonder roeping is kerk-wees ’n onmoontlikheid. Feilbare geroepenes wat met die onfeilbare Woord geroep en gestuur word, bepaal die aktualiteit van hierdie studie.

Die noue verband om ’n geroepene te wees en om dan eintlik deur God in hierdie wêreld gestuur te word, bring die aktualiteit net nog sterker na vore. Wanneer twee feilbare mense soos ds H.Ph.J. Pasch en sy seun ds. G.B.S. Pasch in die navorsing op die voorgrond gestel word, bewys dit dat Christus op verskillende tye op unieke wyse in hulle kom om hulle roeping en hulle hantering van hulle roeping te bevestig.

Verskeie gebeure en aspekte van albei se lewe en werk verhoog die aktualiteit van die studie wat kan aantoon dat die mens in sy totale mens-wees niks anders as gebarste erdekruike is nie, terwyl roeping deel sou bly van ’n kosbare skat in hierdie erdekruik (vgl. 2 Kor. 4:7-9).

Nel (2004:586) het daarop gewys dat waar hy oor die jare met honderde predikante uit verskillende kerkverbande in aanraking was, daar ernstige vrae oor roeping gevra kan word. Werwing, keuring, opleiding en voortgesette opleiding van predikante is volgens hom ernstig in die gedrang en plaas predikante en gemeentes onder geweldige druk wat ten nouste saamhang met die vraag na predikante se roeping. Nel stel dit dat tot 33% van predikante dit al oorweeg het om die *“beroep te verlaat of reeds verlaat het”.* Hy haal dan ook ’n Nederlander soos volg aan: *“Een kwart van de gereformeerde gemeentepredikanten gaat na verloop van tijd ander werk doen”*. (Heitink 2001:227).

Volgens Nel kan die geldigheid van roeping onder verdenking kom. Hy vra:

> *“Is almal wat aanmeld vir opleiding van predikante en van ’n roeping tot die bediening getuig werklik geroep? Hoe onderskei die ‘geroepene’ en die Kerk die geldigheid van roeping?”* (Verbum et ecclesia: 2004 25 (2):584-618).

'n Amerikaanse teoloog, Albert N Martin, (1971) het in sy lywige aanbiedinge wat handel oor: "*A call to the ministry*" duidelik aangetoon dat roeping en die oorweging van die roeping as predikant 'n swaar en gewigtige saak is. Hy is van mening dat daar duidelik onderskei moet word tussen die regte redes en die verkeerde redes waarom iemand in die roeping wil ingaan. Volgens Martin is die verkeerde redes dikwels sterker teenwoordig as wat daar regte redes vir die roeping bestaan.

Volgens hom kan hy ten minste ses redes onderskei waarom mense die verkeerde begeerte tot die roeping as predikant kan hê:

- 'n Verkeerde aanvaarding en opvatting van eie gawes en vermoëns.
- 'n Ongekontroleerde begeerte tot aandag en uitoefening van gesag.
- 'n Ongebalanseerde idee van spiritualiteit (werk van die Heilige Gees). Gawes kan nie as vanselfsprekende bewys van spiritualiteit dien nie. Hoogste gawes dui nie noodwendig op die hoogste mate van genade nie. Volgens hom moet daar nie noodwendig 'n verband tussen gawes en roeping geplaas word nie.
- 'n Onakkurate beskouing van aanleg en vermoëns. Liefde vir die waarheid waarborg nie noodwendig die verstaan van die waarheid nie. Soos liefde vir God en liefde vir mense onderskei moet word, moet die geroepe dienaar nie sy liefde vir mense as enigste bewysgrond laat dien dat hy geroepe is nie. Liefde vir God moet voorop staan.
- 'n Ongekontroleerde psigologiese behoefte vir persoonlike erkenning en identiteit. Dan word die preekstoel die uitlaatklep van persoonlike frustrasie wat dit nooit mag wees nie.
- Die ambisies van ander mense, soos ouers, wat hulle kinders tot predikant-wees wil dwing, kan kinders in 'n verskriklike onsekerheid en trauma plaas.

In die verlange tot hierdie roeping moet die regte en die verkeerde benadering duidelik onderskei word. Die profeet Jeremia waarsku ernstig op baie plekke dat iemand hom nie as geroepene moet voordoen as hy nie deur die Here gestuur is nie (vgl. o.a. Jer. 14:14-15; Jer. 23:21,32, 38). Die veronderstelling dat die roeping tot predikant in alle gevalle altyd as gunstig oorweeg word, kan 'n grondfout wees.

Martin (1971) is van mening dat die regte redes tot die voltydse bediening hoofsaaklik op vier terreine onderskei moet word.

- Daar moet waarlik ’n diepe begeerte wees wat uit die regte motiewe gebore is (vgl. 1 Tim 3:1).
- Spiritualiteit wat dui op egte volwasse (mondige) Christelike ervaring.
- Gawes wat dui op heilige voorsienigheid en geestelike volwassenheid.
- Geleenthede wat daarop dui dat die Here ’n opening voorsien. Op hierdie wyse sal die gesonde roeping heenwys dat daar werklik ’n ruimte (opening) deur die Here geskep word waar die mens sy roeping sal kan uitleef/gehoorsaam.

Die aktualiteit van die roeping van die bedienaar van die Woord sal nooit uitgeput raak nie. Roeping is volgens Smit (2002:13) ’n woord wat so nuut is as wat dit oud is. Daar bestaan nie sinonieme vir roeping nie, so uniek is roeping maar ook so besonders. In hierdie vreemde nuwe tye sal die roeping van twee besondere dienaars van die Here se Woord, wel uit ou tye, opnuut wil spreek.

1.4 SENTRALE NAVORSINGSVRAE, DOELSTELLINGS EN DOELWITTE VAN DIE STUDIE

Die hoofnavorsingsvraag van hierdie studie is hoe roepingsbesef in die lewe van H.Ph.J. en G.B.S. Pasch se lewens tot aanvaarding en uitlewing daarvan gelei het. Vrae wat hieruit voortspruit, is:

- Hoe kan roeping gedefinieer word?
- Hoe kom die stryd tot roepingsaanvaarding in die lewens van H.Ph.J.. en G.B.S. Pasch na vore?
- Hoe kom die uitlewing van roeping in die lewens van H. Ph.J Pasch en G.B.S. Pasch na vore?

Die oorkoepelende doelstelling van hierdie Kerkhistoriese studie is om aan te toon wat die konsekwensies van die roepingsaanvaarding vir beide genoemde figure was. Watter besondere stryd roepingsaanvaarding en die uitlewing daarvan by ds. H.Ph.J. Pasch en sy seun, ds. G.B.S. Pasch na vore gebring het.

Die spesifieke doelwitte in hierdie studie is:

- om roeping te tipeer;

- om die roeping van altwee die predikante ds. H.Ph.J. Pasch en sy seun ds. G.B.S. Pasch te bepaal, veral t.o.v. die stryd wat hulle moes voer om tot hierdie roeping te kon kom;
- om daarna die oorgawe en uitlewing van hulle roeping tot hulle dood vas te stel.

1.5 SENTRALE TEORETIESE ARGUMENT

Die sentraal teoretiese argument van hierdie studie is dat roepingsbesef ’n besondere kenmerk van die Pasch-predikante se lewens was. In ’n Kerkhistoriese studie oor die lewe van die twee predikante kan aangetoon word dat roeping as ’n God-bepaalde handeling die orde en sin van die mens se lewe op elke terrein raak en beïnvloed.

1.6 METODOLOGIE

Hierdie Kerkhistoriese studie word gedoen deur veral primêre bronne soos persoonlike argiefstukke en kerkraad snotules en die inhoud van talle briewe na te gaan. Vir die agtergrond daarvan sal ’n vergelykende studie van sekondêre bronne gedoen word.

- Om roeping te tipeer sal verskeie bronne veral vanuit die werke van Calvyn en ander latere bekende gereformeerde teoloë geraadpleeg word wat studies vanuit die stamlande in Europa maar ook studies vanuit die Amerikaanse konteks sal insluit. Die uitsprake van teoloë vanuit die GKSA oor roeping sal vergelykend bestudeer word. Enkele eksegeties lyne sal in die loop van hierdie gedeelte getrek word.
- Om spesifiek die roeping van albei die predikante ds. H.Ph.J. Pasch en sy seun G.B.S. Pasch te bepaal en die stryd wat hulle moes voer om aan hierdie roeping gehoorsaam te wees, sal veral briewe vanuit die huisgesin en familiekring hulle geskiedenis ontleed wat ten nouste met hulle persoonlikhede motiewe en stryd saamgelees word.
- Om die oorgawe aan en volle uitlewing van hulle roeping te bepaal sal verdere briewe en sosio-politiese omstandighede, ander figure en invloede vanuit daardie tyd ontleed word om spesifiek hierdie twee bedienaars in hulle roeping tot met hulle dood te belig. Artikels, preke en boeke deur hulleself geskrywe sal as bykomende primêre bronne dien.

1.7 HOOFSTUKINDELING

1. Inleiding
2. Roepingsbeskouing as prinsipiële vertrekpunt vir hierdie studie.
3. Roeping en stryd: H.Ph.J. Pasch
4. Oorgawe en uitlewing van roeping: H.Ph.J. Pasch
5. Roeping en stryd: G.B.S. Pasch
6. Oorgawe en uitlewing van roeping: G.B.S. Pasch
7. Samevatting en finale gevolgtrekkings
8. Bibliografie

1.8 SLEUTELTERME

Roeping / Calling/Vocation

Pasch

Stryd / Struggle

Oorgawe / Surrendering

Uitlewing / Realising

Kerklike bediening / Ecclesiastical ministry

Hoofstuk 2

ROEPINGSBESKOUING IN GEREFORMEERDE PERSPEKTIEF

Oorsig

2.1 Inleiding
2.2 Roeping – ’n sisteem
2.3 Roeping en die uitwerking daarvan
2.4 Innerlike en uitwendige roeping
2.5 Geroepenes word gestuurdes
2.6 Roeping en ampsgedagte
2.7 Roeping en charismata (gawes)
2.8 Roeping tot geregtigheid en die bediening van die versoening
2.9 Roeping tot die opbou van die Kerk
2.10 Geroep tot die eenheid van die Kerk
2.11 Prof. Jan Lion Cachet en roeping
2.12 Prof. J.D. du Toit en roeping
2.13 Slot

2.1 INLEIDING

Hierdie studie neem as vertrekpunt die gereformeerde beskouing van roeping wat in die gereformeerde teologie as deurslaggewende gebeurtenis in die lewe van alle predikante beskou word. As ’n predikant nie geroepe is nie, dan mag hy nie predikant wees nie. J.D. du Toit (1909:196) het roeping aangedui as dit waarin God die mens geen keuse laat as om te doen dit wat God verwag nie. Hy het homself soos volg hieroor uitgespreek*: “De pelagiaan, remonstrant en methodist hebben ’n keuze; maar de gereformeerde heeft ’n roeping ...”.*

Ds. H.Ph.J. Pasch en ds. G.B.S. Pasch as geroepe predikante in die Gereformeerde kerke in Suid-Afrika vorm die onderwerp van hierdie studie. Albei hierdie predikante het as jongmanne besondere moeilike lewensomstandighede gehad wat dit na menslike oorweging baie moeilik maak om die roeping as bedienaars van die Woord te volg. Hulle hoor die roeping, hulle stryd daarmee, hulle volharding om te studeer en hulle uiteindelike vervulling van die roeping vorm die grondslag om in hulle God se roeping tot predikant -wees aan te dui. Die kombinasie van pa

en seun sal deurgaans in hierdie studie aantoon watter besondere plek en betekenis en rol roeping in hulle lewe ingeneem het, terwyl beide die predikante terselfdertyd as voorbeelde dien van watter invloede en uitwerkings daar van buite op die predikant se aanvaarding van roeping uitgeoefen word.

Die uitdaging van hierdie hoofstuk is om uit te maak wat die essensie is om ’n geroepe predikant van die Here te wees voordat die twee predikante se lewens en rol as kombinasie tot die bestudering van roeping sal dien. Dit sal vir alle gereformeerde predikante geld. Roeping as daad van God gebeur op unieke wyse, maar terselfdertyd het die hantering van roeping deur die eeue ordelik gevestig geraak sodat bepaalde kernelemente onderskei kan word. Daarom begin die hoofstuk deur aandag te gee aan roeping as sisteem.

Die hoofstuk neem as vertrekpunt dat die saligmakende geloof wat vanuit die uitverkiesing gegrond is, reeds by ’n predikant teenwoordig moet wees. Wanneer God roep, of om deur God geroep te wees, kom in hoofsaak met die uitverkiesings terminologie ooreen. Roeping is die konkretisering van die ewige uitverkiesing, hier en nou. Dit gebeur heel persoonlik.

Smit (2002:14) het daarop gewys dat, behalwe die algemene roeping tot kindskap wat saam met die vryspraak wat God skenk sy kinders tot verheerliking lei, ons ook die roeping van God het waar Hy sy kinders saamroep om vir Hom ’n gemeente te wees. In die gemeente van die Here en ook vanuit sy gemeente roep God mense vir besondere dienste in die tyd. Hierdie besondere roeping vind plaas deurdat God ’n oortuiging in die geroepene se gemoed lê.

So was dit met Moses wat gedink het hy nie kan nie (Eks. 4:10). Jeremia het aangevoer dat hy nie goed kan praat nie en dat hy te jonk is (Jer. 1:6-7).Paulus wat nie wou nie (vgl. Hand. 9:5) en Petrus wat nie volhard het om staande te bly nie. Roeping slaan ’n antwoord uit die hart van klip. Die geroepene se hele lewe behoort toegespits te word op sy taakvervulling wat tot God se eer moet wees. Hierdie taakvervulling word ’n vorm van lewenswyse met God. So ’n mens begin al minder vir homself te werk en word al meer deur God se taak en God se Woord in besit geneem. ’n Geroepene se lewe word ’n antwoord wat galm (Smit, 2002:15).

Wanneer daar vanuit die heilsorde na roeping gekyk word, vorm roeping deel van wat God alleen kan doen. God wat alleen die regverdigmaking en wedergeboorte laat plaasvind, is dieselfde God wat deur Christus roep. Die mens se eiewilligheid en die mens se

ongehoorsaamheid is dikwels groot struikelblokke wat in die weg van God se roeping kom staan.
Venter (1986:8) wys daarop dat die doel van die roeping van ’n bedienaar slegs diens aan die Woord kan wees. Dwarsdeur die Skrif kom hierdie diens aan die orde. As prediker, as apostel, as leraar kan sy roeping niks beteken as dit nie diens aan die Woord sal wees nie.

Die geroepe predikant moet in sy geloof en belydenis reeds vrugte dra wat by sy bekering pas, voordat daar aan sy besondere roeping as predikant verdere gevolg kan wees, nl. ’n wettige beroeping. Calvyn het vanuit 1 Korintiërs 14:40 vereis dat goeie orde en welvoeglike optrede dit vereis dat iemand wat sy roeping as predikant wil uitvoer in die Kerk van die Here tot die wettige amp (diens) beroep moet word (Institusie 4:3:10).Die gemeente is die middel wat Christus gebruik om te beroep en die roeping te bevestig. Wanneer roeping kan oorgaan tot beroeping het ons ’n geheimenisvolle samewerking tussen Goddelike en menslike faktore waar koninkryk en Kerk ook geheimenisvol saamwerk (Spoelstra, 1989:32). In hierdie hoofstuk word die geheimenis verder ondersoek deur die innerlike- en uitwendige roeping aan die orde te stel.

’n Predikant as geroepene is terselfdertyd ’n gestuurde. Die Griekse terme *klesis, kletos* of *kalein* is almal terme wat daarop dui *“om geroep te word*”. In die verband van hierdie hoofstuk moet duidelik gestel word dat die Griekse begrippe *“om te roep*” in die eerste plek insluit dat om geroep te wees, is om *“komende”* te wees, is om na die Here te kom. Dit is ’n roeping wat van God kom. Dit plaas roeping op een lyn met die begrip verkiesing (*ekloge*). Daarom dui albei die begrippe *klesis* en *ekloge* op God se vrymagtige en genadige afsondering van sekere mense vanuit die sondige mensheid. Die verkiesing vind in die ewigheid plaas terwyl die roeping nou in die tyd plaasvind.

Die geroepene wat na die Here kom, word dan deur die Here gestuur. Die Griekse begrippe *apostellein* / *apostolos* wat dui op stuur/gestuurdes dui op dit wat gesagvol van God kom. So word die gestuurde ’n gesagvolle verteenwoordiger van sy *“Sender”.* Wat hierdie gesag beteken en hoe die verhouding tussen gesag en roeping vertolk moet word, is deel van die uitdagings wat nagegaan moet word.

Dit bring tegelyk die volgende onderwerp na vore dat roeping en die amp met mekaar in verband gebring moet word. Die betekenis van die woord *“amp”* in kerklike sin, die ontwikkeling van die ampsbegrip en die uiteindelike keuse of daar van die amp gepraat moet word of eerder

gewoon dat God *"dienste"* (ouderlinge, diakens en predikante) ingestel het, word ook in hierdie studie ondersoek.
In die lewe van ds. H.Ph.J. Pasch en ds. G.B.S. Pasch was daar besondere genadegawes (charismata) teenwoordig. Deurlopend sal hierdie studie hierdie Geestesgawes aandui, maar hierdie hoofstuk sal in besonder die aanloop maak hoe daar in die roeping van 'n predikant na die charismata gekyk moet word en die plek van hierdie gawes as daar oor die roeping van 'n predikant gehandel word.

Verder sal die hoofstuk die saak moet uitmaak hoe elke predikant geroep word tot geregtigheid en wat die bediening van die versoening impliseer. Albei die Pasch-predikante is in posisies geplaas waar hulle dikwels met geweldige konflikte, stryd, tweespalt en dreigende skeurings moes handel. Ds. H.Ph.J. Pasch se eerste gemeente wat hy in Angola moes bedien, het inderdaad onder sy bediening *"geskeur".* Later was ds. H Ph.J. Pasch weer blootgestel aan die effek van die rebellie en watter invloede en stryd die rebellie in sy bediening van hom geverg het. Ds. G.B.S. Pasch het in eie persoon baie spanninge en stryd ervaar rondom die politieke situasie waarin hy verkeer het en waarbinne hy selfs geïnterneer was. Voordat die studie later G.B.S. Pasch se situasie in hierdie politieke stryd aandurf, is dit belangrik om in die hoofstuk trekke te gee wat bedoel word met versoening. En ook die effek van versoening en hoe hierdie predikant dit wat volgens Venter (1991:213) as *"die hart van die Bybel"* gesien moet word, moet predik.

Hierdie bediening van die versoening bring dan 'n volgende aspek van roeping in die studie na vore, nl. hoe die bedienaar van die versoening geroep is tot opbou van die Kerk van die Here; hoe hierdie opbou kan plaasvind en watter vereistes vir hierdie opbou geld word aangedui, voordat die studie in latere hoofstukke die Pasch-predikante se besondere rol in die opbou van gemeentes nagaan.

Die Kerk staan voortdurend geroepe om sy katolisiteit (algemeenheid) sigbaar te maak. Die roeping van kerke wat van mekaar geskeie is, om nader aan mekaar te kom, kan nooit onderskat word nie. Ds. H.Ph.J. Pasch se rol in die bediening van die chiliastiese Kruiskerke en wat hy kon doen om groter eenheid tussen die kerke te bewerk, sal as deel van sy besondere roeping uitstaan. Terselfdertyd sal wesenskenmerke wat hy aan die ware kerke toeskryf, later aangetoon word. Ds. G.B.S. Pasch se besoeke en uitreik na die kerke op die wit hooglande in Kenia kom later in die studie as iets van sy besondere ekumeniese roeping na vore.

Hierdie hoofstuk sluit af deur kortliks roeping en die betekenis daarvan by van die leermeesters van albei die Pasch-predikante terug te spoor. Prof. Jan Lion Cachet was meer as getuie by die huwelik van ds. H.Ph.J. Pasch, maar hierdie hoofstuk wil aantoon hoe belangrik die saak van roeping deur prof. Lion Cachet beskou was. Dit wat hy aan ds. H Pasch oor roeping sou leer, kom kortliks aan die orde. Terselfdertyd was die persoon van prof. J.D. du Toit (Totius) in beide die Pasch-predikante en hulle families goed bekend. Totius was ’n klasmaat van ds. H.Ph.J. Pasch maar terselfdertyd was Totius later die professor wat vir ds. G.B.S. Pasch die besondere plek, rol en betekenis van roeping sou onderskei. Hierdie hoofstuk sluit dan af deur Totius kortliks rondom die plek en betekenis van roeping aan die woord te stel.

2.2 ROEPING: ’N “SISTEEM”

Om in besonder oor die roeping van ’n predikant te handel en spesifiek soos toegepas op ds. H.Ph.J. Pasch en G.B.S. Pasch beteken dat alle predikante in hulle totale mens-wees aan hierdie sisteem onderworpe moet wees en getoets kan word. Dit sluit sy persoonlikheid en karaktertrekke in asook invloede van gebeure wat bepaalde gevolge inhou en worstelinge kon teweegbring.

W.J. de Klerk (1982:2) het gepoog om vanuit ’n Calvinistiese mensbeeld ’n konkrete roepingsbeeld te ontwerp. De Klerk definieer roeping as :

> *“...die persoonlike of groepsverantwoordelikheid wat voor God uitvoering gee aan die algemene en besondere opdragte van die Here op alle lewensterreine. Kragtens die skeppingsverband tussen God en mens bly die mens deur God aangespreek (geroep) en kragtens die genadeverbond tussen God en die gelowiges is daar ’n besondere kindskapverhouding waardeur die gelowige in liefdesgehoorsaamheid aan God verbonde is (geroep is).*
>
> *Roeping kan daarom beskryf word as diens aan God, waaronder gereken word onderwerping aan God in die handhawing van Sy wet op alle lewensterreine waardeur die Koninkryk van God gevestig en uitgebou word.”*

Die roepingssisteem veronderstel die volgende uitgangspunte (De Klerk 1982:1):

- Roeping gee uitdrukking aan die mense se band met God.
- Roeping tipeer ons Calvinistiese geankerdheid, want roeping is ’n kernwoord van die Calvinisme.

- Roeping beklee die mens met groot verantwoordelikhede.
- Roeping is gerig op die praktyk van die mens se situasie.
- Roeping wil die mens verander deur die selfgenoegsaamheid en selfbehaging om te keer in ’n diensmotief.

De Klerk (1982:2) het verder roeping wou onderskei as die uitvoering van ’n opdrag gegrond op die drieërlei amp van profeet, priester en koning.

Die profetiese roeping is dié van getuienis, oordrag en interpretasie van die kennis van God en die perspektiewe van sy openbaring op alle lewensterreine.
Priesterlike roeping is dié van liefdevolle sorg, bewoënheid, daad en gesindheid in God se diens op ale lewensterreine- die heiliging dus van alles in sy diens.
Koninklike roeping is dié van beheersing, stryd en gesagvolle ingrype op die werklikheid in God se diens op alle lewensterreine.

Om die mens se roeping te verstaan moet die mens verstaan kan word. Deurslaggewende aspekte van die mensbeeld (mensbeskouing) is vir die mens se roeping van die grootste belang. ’n Mensbeskouing bepaal vanuit Calvinisties- gereformeerde perspektief die roepingsbeskouing en die roepingsbeskouing bepaal die ampsbeskouing.

2.2.1 GEROEP AS EENHEIDSWESE

Deur die feit dat die mens ’n eenheidswese is, is die mens geroepe om die eenheid te bewaar en sy funksies in harmonie te integreer. Dit noodsaak dat alle gelowiges ’n roeping tot selfintegrasie ontvang om die samehang, wisselwerking en verbande tussen verstand, wil en gevoel tot ’n eenheid te integreer. Die sonde en sondegebrokenheid van die mens het die verskillende vlakke van mens-wees of skei of met mekaar in spanning bring. Daarom het die mens altyd ’n roeping tot ewewig tussen die verskillende menslike funksies. Die een funksie mag die ander nie totaal oorheers nie. In dié geval mag die ekonomiese funksie nie so oorheersend wees dat dit naderhand die mens se estetiese funksies wil verdring nie, of die mens se biologiese funksie mag nie sy etiese funksie oorheers nie. As deel van die roeping tot selfintegrasie het die roeping tot selfbeheersing, gesondheid en ontwikkeling van alle aspekte binne die mens ’n ewe belangrike plek ter wille van die feit dat die mens as eenheidswese sy roeping kan uitvoer.

2.2.2 GEROEP AS UNIEKE WESE

Die mens is te onderskei van God, maar ook van elke dier, stof en plant. Die mens in sy individualiteit, persoonlikheid, denkvermoë en wilslewe staan weer onderskei van ander mense. Daarom is die mens geroep tot individualisering. Elke mens moet sy eie mens-wees, sy eie uniekheid bewaar, maar terselfdertyd die sondeneiging van selfvergoddeliking en selfverdierliking teëwerk. Die mens staan geroepe om die medemens in sy uniekheid raak te sien.

2.2.3 GEROEP AS VERBANDSWESE

Die mens is geroep tot talle verhoudinge wat op God en sy medemens betrekking het, wat terselfdertyd na die wêreld en die samelewing deurwerk. Daarom stel De Klerk (1982:4) die mens se roeping tot verhoudingsrealisering: “As verbandswese is ons geroepe om ons verhoudinge uit te bou”.

Die mens se verhouding met God, met sy medemens, met die natuur, kultuur, in gemeenskapsverhoudinge, gesinsverhoudinge, arbeidsverhoudinge en volkereverhoudinge staan in alles onderworpe aan die roeping tot verhoudingsrealisering. Om dit te realiseer het die mens as verbandswese die liefde ontvang om in samesyn, ontmoetinge, vertroue, diens, verdraagsaamheid, sorg, barmhartigheid, offer, selfverloëning ens. hierdié roeping tot die uitbou van verhoudinge te bevorder.

2.2.4 GEROEP AS ANTWOORDWESE

Die mens het die roeping tot vryheids- en verantwoordelikheidsbetragting. Die mens word geroep om verantwoordelikheid te aanvaar en te antwoord oor sy verantwoordelikheid. Plig vra altyd na gehoorsaamheid. Die mens se vryheid en verantwoordelikheid word instrumente om die werklikheid te beheers en diensbaar te stel. Dit maak die mens altyd toerekenbaar – hy staan onder verpligting en moet kan rekenskap gee van sy antwoorde. Dit bring die mens tot die wese van roeping dat hy tot gehoorsaamheid geroepe is. Dit sluit in ’n geroepenheid tot die antitese om die verkeerde af te wend. As antwoordwese is die mens tot vrye en verantwoordelike ordening van die lewenswerklikheid geroep.

2.2.5 GEROEP OM TE GLO EN TE VERWAG

God het die mens se lewe as ewigheidsbestemmend daargestel. So word die mens geroep tot geloof, bekering, heiligmaking, lydsaamheid en volharding. Roeping is nie iets bykomstig tot menswees nie. Kragtens sy menswees is die mens geroepene. Roeping is ingelê in die struktuur van menswees. Wanneer die mens sy roeping realiseer is dit in wese diens aan God en gehoorsaamheid aan die goddelike ordening in die menselewe. Hiervolgens is roeping gelyk aan menswees en om mens te word volgens God se plan. Deur roepingsgehoorsaamheid word ons menswees nie belas, belemmer, versper of vereng nie, maar ons menswees word deur roeping ryker en voller en groter. Roeping sal op alle vlakke teen die gebrokenheid van menswees inworstel. Roeping is niks anders as om met God se beginsels oral orde in die chaos te bring, heel te maak wat gebroke is en die uiteindelike heelwording van alle dinge in Christus te verwag en te verkondig.

2.3 ROEPING EN DIE UITWERKING DAARVAN

In die kerklike lewe word dit algemeen aanvaar dat God iemand tot een of ander taak roep. Hierdie roeping word nie los van die Kerk beskou nie. Dit is eie aan Kerk-wees om geroepe te wees. W.J. Snyman (1977:25) het aangetoon dat roeping eie moet wees aan kerk-wees. Hy wys daarop dat waar die woorde "*roep*" of "*roeping*" in die Nuwe Testament voorkom dit dieselfde stam bevat as die woord "*Kerk".* Die Kerk is waar God roep. Die Kerk is die sáám vergadering van hulle deur God saam*geroep.* Die Kerk is die geroepenes. Die Griekse woord vir "Kerk" is *"ekklesia"* waar Paulus presies dieselfde woord net in 'n ander vorm gebruik as hy praat van *"geroepe heiliges"* (vgl. Rom. 1:7; 1 Kor. 1:2). Die woord *ekklesia* lê in besonder klem op die sameroeping deur God.

Du Plooy (1982:67) het hierop kon voortbou deur aan te toon dat een van die Ou-Testamentiese verwysings na die volk Israel die Hebreeuse begrip "*qah*al" is. Du Plooy (1979:13) wys daarop dat hierdie begrip soms as *"vergadering"* vertaal word (vgl. Hand 7:38), maar ander kere weer as *"gemeente"* (vgl. Heb 2:12). Hierdie begrip *"qahal"* het ook die betekenis van "*roep".* Ekklesia is op sy beurt etimologies verwant en afkomstig van "*kaleo"*, wat ook "*roep*" beteken. Die konsonante "k" en "l" word in die Griekse vertaling van "*qahal"* deur die Septuaginta weergegee as *"ekklesia".* Die Hebreeuse en Griekse vorme van "*roep"* of *"roeping*" gebruik dieselfde konsonante. In saamgestelde vorm kom die begrip ***"****ekkaleo"* wat die betekenis van *"uitroep"* dra. Dit is 'n wesenseienskap en wortelbetekenis van die Kerk van God

dat hulle deur God self geroep is. Die eiesoortigheid van om Kerk te wees kom daaruit dat ’n mens alleen daartoe kan behoort *“kragtens roeping en wel van Godsweë”* (Snyman, 1977:36). Dit plaas die geroepenes van God wat as sy Kerk bekend staan in ’n heilshistoriese betekenis.

Hierdie roepe en roeping van God wat deur God tot samebinding gebring word, is die verbinding tussen Kerk en prediking. Die prediker is die *“gevolmagtigde bode”* wat in diens van God aan die ekklesia God se roepstem moet laat hoor. Snyman (1977:36) wys vervolgens hoe God deur Christus roep en Christus deur *“sy boodskappers, die apostels en in aansluiting by hulle, deur sy predikers”* roep (vgl. 2 Kor. 4:20).

Waar hierdie studie wil fokus op die dienswerk van ds. H.Ph.J. Pasch en sy seun ds. G.B.S. Pasch sal die roeping as bedienaar van die Woord (predikant) ten grondslag lê. Geen persoon kan predikant wees as God hom nie geroep het nie. Wanneer God die mens tot predikant roep kan die roeping alleen moontlik wees wanneer hy die innerlike roeping voel en hy met uitwendige gehoorsaamheid op die roeping kan antwoord. Volgens Aucamp (1984:6) gee roeping aan die mens die mandaat om sy amp gesagvol uit te voer. Roeping is die mandaat, maar terselfdertyd die dryfkrag, om sy amp so getrou as moontlik uit te voer. Hierdie verkryging tot die mandaat en besondere dryfkrag het by beide die Pasch predikante ’n groot rol gespeel. Daarvolgens is dit noodsaaklik dat die hoofstuk die innerlike roeping in sy uitwendige bevestiging prinsipieel belig.

Die twee begrippe *“amp”* en *“roeping”* moet aan die orde kom. Die worsteling om hierdie twee begrippe in verband te bring, het oor die eeue talle vrae na vore gebring. Die stryd tot versoening met hierdie begrippe het verder verdiep deurdat daar onder teoloë verskil bestaan oor die begrip *“diakonia”* wat as amp vertaal word. Verskeie teoloë, o.a. Spoelstra (1976:3), wil van die woord *amp* afstand doen. Volgens hom moet die woord as *“diens”* vertaal word. Hoe hierdie begrippe by die Pasch predikante na vore kom, sal nagevors word.

In die bevestigingsformuliere word daar van die gedagtegang uitgegaan dat aan die geroepene gevra word: *“Is u in u hart daarvan oortuig dat u wettig deur die gemeente van God en daarom deur God self tot hierdie heilige diens geroep is”*. Aucamp (1984:7) beweer dat roeping soos die bevestigingsformuliere dit aanbied nie in hierdie sin in die Nuwe Testament voorkom nie. Aucamp beroep hom op Coetzee (1982:27) dat Coetzee eweneens aangetoon het dat die begrip roeping, in die sin dat God iemand tot ’n bepaalde diens roep, nie op die wyse in die

Bybel voorkom nie. Die hoofstuk moet prinsipieel onderskei wat die bevestigingsformuliere waarmee beide die Pasch predikante mee bevestig was, bedoel.

Vir die amp van predikant is sy roeping en sy gawes *(charisma)* van die grootste waarde. Sonder roeping kan die gawes nie funksioneer nie en sonder die gawes kan roeping nie funksioneer nie. Om in die lewe van die twee Pasch predikante hulle roeping aan te toon sal terselfdertyd verg dat hulle onderskeie gawes erken moet word. Die gawes tot opbou van gemeentes was by hulle op besondere wyse teenwoordig. Hierdie gawe was alleen moontlik omdat God die volle heilsgawe in Christus reeds meegebring het. Alle ander gawes kan alleen vanuit God se genadevolheid en heil wat Hy bewerk het, plaasvind. Hiermee word terselfdertyd erken dat alle gawes Geestesgawes moet wees. God wat deur sy Heilige Gees roep is dieselfde God wat deur sy Heilige Gees die gawes uitdeel.

Om tot die amp geroep te wees en om daarna in hierdie amp te funksioneer, is God se manier om amp en roeping te verenig. Die gawes om ’n gemeente op te bou, is gawes wat by die Pasch- predikante op besondere wyse aangewend is. Die noodsaak om hierdie roeping aan te dui kom aan die orde.

Die roeping tot die bediening van die versoening sou aan ds. H.Ph.J. Pasch en sy seun ds. G.Pasch as besondere gawes moes dien. Daarom wil hierdie hoofstuk slegs inleidend aantoon dat waar ds. H.Ph.J. Pasch en sy seun, ds. G.Pasch met verskeie soorte van onreg in hulle lewens sou worstel, die vraag is wat onder versoening en die bediening daarvan verstaan moet word. Dit is ’n roeping om versoening te bedien. Versoening wat selfs as die hart van die Bybel beskryf word. Die vraag moet dan gestel word wat die predikant se roeping tot die hart van die Bybel moet wees.

Die roeping tot die eenheid van die Kerk het by ds. H.Ph.J. Pasch en ds. G.B.S. Pasch op verskillende tye gekom. Voordat die latere hoofstukke in besonder elk van die Pasch-predikante se roeping en rol tot die verstaan en uitbou van die eenheid van die Kerk ondersoek, moet hierdie hoofstuk die roeping tot die vergestalting (sigbaarmaking) van die katolisiteit van die Kerk as opdrag onderskei om die latere Pasch predikante se rol te erken.

2.4 INNERLIKE - EN UITWENDIGE ROEPING

Die kernvraag by die bevestigingsformulier vir predikante is ’n vraag na hulle roeping. By die amp van predikant kom die vraag na die innerlike eerste aan die orde deur die predikant in sy gewete voor die Here te konfronteer. Die vraag lui: *“Is u in u hart daarvan oortuig dat u wettig deur die gemeente van God en daarom deur God self tot hierdie heilige diens geroep is”* (Vgl. Acta GKSA 1982:446). Calvyn verstaan die innerlike roeping as werk van die Here waar Hy in die hart van die mens werk om die mens al hoe meer bewus en oortuig te maak dat sy liefde vir God en sy begeerte om die Kerk te dien na vore kom deur ’n bepaalde diens te verrig (Institusie:4:3:11). Die innerlike roeping is deurslaggewend as inwendige band tussen Christus en die diens waarin Christus Hom in die gemeente laat verteenwoordig (Spoelstra, 1989:33). Die innerlike roeping berus op die *“genadegawes wat God gee”* (Spoelstra, 1989:133). Hierdie gawes kan op die einde bepaal of die inwendige roeping waar of vals is. Van der Linde (1983:13) het daarop wou wys dat die inwendige roeping die volhardende en standvastige innerlike drang is wat deur die Heilige Gees gewek is tot die diens van die Woord.

Bouwman (1928:367) het daarop gewys hoe die innerlike en uitwendige roeping mekaar voortdurend nodig het, mekaar ondersteun en mekaar aanvul. Bouwman (1928:369) het vyf aspekte by die bedienaar se inwendige roeping wou onderskei wat deurgaans teenwoordig moet wees:

- Roeping moet as lewenslange verlange by die bedienaar teenwoordig wees om sy hele lewe in diens aan Christus te wy.
- Die geroepene moet die nodige gawes en kragte en gesondheid besit wat vir die bediening van sy amp nodig is. Dit sluit in geestesgawes wat die gawe van verstand, gawe van hart en die gawe van karakter en wil insluit wat hom vir sy roeping bekwaam moet maak.
- Die geroepene moet die weg van selfverloëning ken en bewandel. Om bedienaar te wees moet hy op die agtergrond kan tree sodat sy Sender op die voorgrond kan wees.
- Die geroepe bedienaar moet nie op sy eie eer en voordeel ingestel wees nie. Hy wat in die evangelie arbei moet ook van die evangelie lewe (vgl. 1 Kor. 9:14). Die eer van die Here en die koms van God se koninkryk moet die hoogste mikpunt van die bedienaar in sy roeping wees. Alles wat teen hierdie mikpunt en einddoel ingaan, is sondige mensewerk.
- Die laaste kenmerk van die inwendige roeping is die oortuiging dat die Here die weg en die middele sal voorsien om die roeping daadwerklik uit te voer.

Die feit dat roeping wyer gaan as net ’n persoon se bekwaamheid of begaafdheid moet ten alle tye vasstaan. Begaafdheid of bekwaamheid mag ook nie die gawe van roeping oorskadu of verdring nie (Visser, 1999:10). Daarom kan alleen begaafdheid/bekwaamheid sonder die beginsel van roeping nie voldoende wees in die toelating tot die bediening van die Woord nie. Van der Linde (1983:13) het daarop gewys dat geleerdheid of gewildheid nie die plek van die wettige roeping kan inneem nie. Op die einde word die inwendige roeping as ’n onontkombare drang in die hart van die geroepene ervaar (Visser, 1999:7). Smit (2002:14) het daarop gewys dat, al sal die geroepene se rasionele oorweging teen die besondere roeping wil stry, sal die vuur van roeping die geroepene se gemoedsoortuiging na sy denke deurbrand sodat daar geen weerstand teen die roeping kan wees nie. As God werk, kan niemand keer nie, en as God keer, kan niemand werk nie. As God in besonder roep verkrummel alle menslike weerstand. So ’n roeping word as ’n lewenslange roeping gesien (vgl. art 12 KO).

Die uitwendige roeping moet op die inwendige roeping die seël plaas (Spoelstra, 1989:32). Dan werk God innerlik, maar deur sy gemeente werk God ook uiterlik en kan daar wettig beroep word. Uitwendige roeping word deur die aanlê van bepaalde kriteria wat die Skrif vereis, bepaal (vgl. 1 Tim 3; Tit. 1:5-11). Bavinck (1928:362) noem die weg waarlangs Christus sy dienaars in die amp stel, die weg van *“vocatie, examinatie en ordinatie”.*

Wanneer ’n predikant dan beroep word, waar hy deur ’n gemeente verkies word, dien die verkiesing van die gemeente as ’n middel in die hand van die Heilige Gees om hierdie uitwendige roeping te laat plaasvind (Spoelstra, 1989:136). Bavinck (1928:363) wys daarop dat hierdie verkiesing geen demokratiese reg is nie, maar dit is ’n gawe aan die gemeente. Christus regeer deur sy gemeente en die keuse wat die gemeente uitoefen is dat die gemeente die gawes erken en die persoon aanwys wat Christus vir die amp bestem het. So ’n keuse is altyd onderworpe aan die voorwaardes en vereistes wat Christus vir die amp daargestel het. Daar kan volgens Van der Linde (1983:16) iets soos onwettige beroeping wees. Dan kom beroeping en roeping nie ooreen nie. Dan roep die Kerk iemand wat nie deur Christus geroep is nie (Van der Linde, 1983:16). Calvyn het gewaarsku dat mense valslik kan voorgee dat hulle die roeping het (Institusie 3:14:1,2). Wanneer die uitwendige beroeping wettig die inwendige roeping bevestig kan dit as objektiewe oordeel oor die egtheid van roeping dien (vgl. Van der Linde, 1983:17).

So word die eer van God en die heil van die Here se Kerk deur ’n wettige beroeping gedien. Alleen met so ’n wettige beroeping kan ’n bedienaar hom met eer (waardigheid) die heilige bediening toeëien waartoe hy deur God geroep is (Van der Merwe, 1997:72). Bavinck (1930:364) het met die bevestiging van die uitwendige roeping die stelling gemaak dat iemand eers werklik in die amp tree as hy die hande opgelê word (vgl. Hand. 6:6). Die een wat in diens van die Woord arbei staan in sy roeping en opdrag in ’n heilige diens voor God. Roeping dien ten alle tye as bepalende faktor om tot die heilige diens van bedienaar van die Woord toegelaat te word. Dit kan alleen gebeur vanuit ’n heilige roeping. Daarom ook die bepaling by die bevestigingsformulier vir predikante dat hulle diens in die Woord ’n heilige diens is.

2.5 GEROEPENES WORD GESTUURDES

Coetzee (1982:41) het by roeping (*klesis, kletos, kalein)* daarop wou wys dat roeping in die Nuwe Testament in die eerste plek nooit wys op ’n *“gaan”* nie. Roeping is nie *“om hierdie of daardie opdragte te gaan verrig nie”*. Roeping gaan oor *“kom”.*

> *“Roeping (klesis), het hier, soos inderdaad gewoonlik elders in die Nuwe Testament, niks te doene met ons roeping tot een of ander sending of taak of amp nie”* (Coetzee, 1982:41).

Die mens moet na die Here kom om naby die Here te wees. God roep na Hom toe. Daarom gaan roeping eerstens nooit oor Goddelike opdrag nie, maar is wel Goddelike uitnodiging. Dit het Coetzee laat wonder oor die uitgangspunt by die bevestigingsformuliere vir predikante waar hierdie formulier die uitvoering van ’n taak/opdrag as bevestiging van die inwendige roeping beskou (Aucamp, 1984:7). Hiermee kan met Coetzee saamgestem word dat die wyse waarop roeping in bevestigingsformuliere aan die orde kom, nie direk uit die Nuwe Testament gehaal kan word nie.

Die opdrag by roeping wat eerste wys om na die Here te kom word ’n stuur-opdrag. Die kom na die Here *(roeping)* word ’n stuur waar die Here Jesus sy dissipels na Hom laat kom en hulle apostels (gestuurdes/gesante) moes word. Wanneer God stuur dan word die mens vir hierdie taak afgesonder om die opdrag van God te gaan uitvoer. So kom roeping en sending bymekaar. So het Christus twee-en-sewentig dissipels gestuur met sy gesagvolle woord en met bepaalde opdragte (vgl. Luk. 10:1,2). Daarna vind die besondere uitsending van die twaalf apostels plaas (vgl. Joh. 17:18) en daarna ook Paulus (1 Kor. 1:17).

Die Nuwe Testamentiese apostels het met ’n sendingbewussyn hulle roeping en sending ontvang. Hierdie bewussyn is volgens Joubert (1939:62) op ’n wonderbaarlike wyse by die apostels bevestig. Die enigste bestaansrede vir die apostels was die feit dat God hulle geroep en in die finale sin uitgestuur het. Die swaartepunt waarin Paulus sy opdrag as apostel wou uitoefen, was om die Evangelie te verkondig. So was Paulus in besonder daarvan bewus dat hy gestuur is. Hierin het Paulus grootliks die klem op sy roeping geplaas dat hy wat uitgaan om die Woord te verkondig, gestuur moet wees.

Bavinck (1930:362) tref die onderskeid tussen ware en valse profete en apostels op grond van hulle sending. Valse profete kom in hulle eie naam (vgl. Jer. 32:21; Joh. 5:43) maar die ware bedienaars beroep hulle tereg op hulle sending wat van God kom waar God hulle die mag en outoriteit tot hierdie sending verleen. Hierdie geroepenes staan in diens van die gemeente (vgl. Kol. 1:7; Hand 20:24; 1 Tim 1:12) waar hulle as mond van God en gesante van Christus, in die naam van Christus bid, dat die gemeente hulle met God sal versoen. Die Evangelie wat aan hulle toevertrou is, moet verkondig word sonder om mense te behaag (vgl. 1 Thess. 2:4). So word die verborgenhede in Christus uitgedeel. Die geroepene in diens van die gemeente is iemand wat ook bo die gemeente sy roeping moet vervul. Die gemeente is verantwoordelik vir die bedienaar se geestelike welstand en die bedienaar kan op agting en respek vir sy roeping aanspraak maak (Bavinck, 1930:362).

Volgens Romeine 10:15 is die vraag *“hoe kan iemand preek as hy nie gestuur word nie?”* Bavinck (1930:362) wys daarop dat daar geen prediking sonder sending kan wees nie. Hierby sluit Bouwman (1928:366) aan as hy stel dat *“voor de ambtelijke bediening is zending nodig”.* Hiervolgens word roeping bepaal. Hy wat verkondig moet met ’n gesagvolle boodskap gestuur wees. Hierdie boodskapper kan alleen met gesag na die hoorders kom as sy koms en boodskap geskied in die Naam en opdrag van Christus self (Aucamp, 1984:8).Die gesagvolheid waarmee hierdie geroepene ’n gestuurde word wat as besondere roeping plaasvind, is waar Christus sy gestuurdes as sy mond laat dien. Dan spreek Christus self deur die mond van die gestuurdes (vgl. Luk. 10:16): “*Wie na julle luister, luister na My: wie vir julle verwerp, verwerp My; en wie My verwerp, verwerp Hom wat my gestuur het”*.

Om in die amp geroep en gestuur te word kan alleen plaasvind wanneer daar ’n bepaalde opdrag uitgevoer moet word. Die amp lê nie in die persoon opgesluit nie, maar in die opdrag/taak wat die persoon gesagvol moet uitvoer. Hiermee het Christus self sy koms verklaar

dat Hy deur sy Vader gestuur is. Hiermee het Christus ook die gesagvolheid van sy koms na die aarde onderstreep.

Christus stuur dan op grond van sy gesag sy dissipels wat nou apostels moet wees. Hulle stuur op grond van dieselfde gesag ook weer ander mense. Die een mens kan nou die ander met gesag stuur soos Paulus wat vir Tichikus na die Efesiërs stuur (vgl. 2 Tim 4:12). Floor (1976:27) maak duidelik die afleiding dat die gesag van ’n ouderling kan slegs uit die gesag van die apostels verklaar word. Die mense wat in die Ou Testament as oudstes aangedui is (vgl. Eks 3:16; 4:29) was die prototipe vir die latere ouderlinge in die Nuwe Testament (Floor, 1976:27).

Daar moet rondom die apostelamp versigtig opgetree word om dit nie te maklik met die ander ampte te vergelyk nie. Die apostelamp was volgens Van Ruler, soos aangehaal deur P.M. Venter (2009:2-3), nie ’n amp in die Kerk nie, maar ’n amp vir die koninkryk. Hierdie amp gaan volgens Van Ruler die Kerk vooraf en is vir die Kerk grondliggend maar word as sodanig nooit in die Kerk herhaal nie.

Hiervolgens het Van Ruler geoordeel dat die apostels meer met die koninkryk verbind was, as wat hulle met die Kerk verbind staan. Hy laat hierdie aantyging dien as ’n sterk argument teen die ampsbeskouing van die Rooms-Katolieke Kerk (Van Wyk, 1958:27).

Die roepings- en ampsbeskouing van Van Ruler (en ook Hoekendijk) kan nie op alle punte aanvaar word nie. Van Ruler stel in sy bewerings iets van ’n antitetiese opvatting in die amp. Volgens Skrif en belydenis gaan die koninkryk wel die Kerk vooraf en is die bestaan en die koms van die koninkryk in sy terrein en werking van onskatbare waarde, maar wil die koninkryk nie in spanning met die Kerk verkeer nie (vgl. Sondag 48 van die Heidelbergse Kategismus). Roeping in die koninkryk en roeping in die Kerk kan nie verskillende roepings wees nie. Die roeping in die Kerk kan alleen bevestiging wees van dieselfde roeping in die koninkryk.

Van Ruler wou met van hierdie gedagtes en opvattinge oor die amp die apostolaatsgedagte van die Kerk vestig. Die Kerk moet uitgaan en stuur wat as primêre opdrag moet dien. Die gevaar van selfgerigtheid en introvensie is iets waarteen die Kerk voortdurend moet waak. Hierin kan nog met Van Ruler saamgestem word.
Waar die gereformeerde beskouing versigtig moet omgaan met die opvatting van Van Ruler en Hoekendijk is om rondom die roeping tot sending en uitgaan van die Kerk nie die Kerk in ’n minderwaardige en selfs minderbevoorregte posisie te plaas nie. Gedagtes en uitsprake

rondom roeping wat eie is aan die apostolaatsteologie is om te beweer dat die Here nie aan sy Kerk ’n sending (opdrag) gegee het nie, maar dat die Here het aan sy sending ’n Kerk gegee het. Dan word roeping eerstens los van die Kerk aan die sending gekoppel waar die Kerk daarna as vrug/produk van hierdie roeping ’n bysaak vir die sending kan word, maar die roeping word dan nie meer vanuit die Kerk bepaal nie.

Die beskouing rondom innerlike en uitwendige roeping wat nie los van die Kerk kan staan nie, kom terselfdertyd in die gedrang. In bepaalde gevalle maak die apostolaatsteologie roeping en in besonder die innerlike roeping los van die Kerk.

2.6 ROEPING EN AMPSGEDAGTE

Die Ou-Testamentiese profete, priesters en konings was tot bepaalde dienste geroep. Christus het op aarde al drie hierdie dienste verenig en dit aanvanklik aan die apostels opgedra (Van der Merwe, 1997:68). Calvyn het die amp van die apostels telkens as voorbeeld voorgehou vir die beskrywing van die ampswerk van die bedienaars van die Woord. Daar bestaan ’n kontinuïteit en ’n diskontinuïteit tussen die ampte (dienste) van die Ou Testament en die Nuwe Testament. Calvyn het die band tussen die ampswerk van ’n predikant en die van herders baie nou gelê op grond van Ef. 4:11-12. Om herder te wees is om predikant te wees. Waar Christus die Ou-Testamentiese in Homself verenig het, het Hy weer in die verdere openbaring dit wat aan die apostels opgedra was onder verskillende persone verdeel, nl. predikante, ouderlinge en diakens (Van der Linde, 1983:10). Calvyn het sy ampsbeskouing aan Ef. 4 ontleen. Hierin het hy die buitengewone en die gewone ampte wou onderskei. Die ampte van apostels, profete en evangeliste beskou hy as buitengewone ampte en dié van herder en leraar as gewone ampte (Institusie:4:3:4).

Van der Linde (1965:43) sien die amp as in Christus, die Koning van die Kerk gewortel, en is gegee ter wille van die Kerk en tot opbou van die Kerk. Dit dien as grondbeginsel vir die presbiteriale kerkregeringstelsel waarop roeping berus. Van der Merwe (1997:69) sluit by Versteeg aan deur daarop te wys om as predikant geroep te wees kan nie as ’n aparte losstaande amp gesien word nie, maar neem gewoon die posisie in van om tussen die ouderlinge te wees. Volgens Aucamp (1981:14) kan die ontstaan van die ouderlingamp teruggevoer word na Eksodus 18:19, waar Moses, op advies van Jetro, oudstes oor die volk

aangestel het ter wille van die regspraak onder die volk. Hierdie oudstes word volgens Aucamp (1981:14) in die Nuwe Testament vanuit 1 Timotheus 5:17 herlei. Hiervolgens kom die onderskeid tussen twee soorte ouderlinge nl. die wat arbei in woord en leer (predikante) en die wat ’n regeeramp beklee.

Roeping stel die amp daar en die erkenning en aanvaarding van iemand se roeping laat die amp funksioneer. Daar kan alleen ’n Kerk wees as daar ampte (dienste) is (Spoelstra, 1998:28). Sietsma (1942:8) sien die amp as die grondliggende ordening van die menslike lewe wat die grondslag van alle verbande en verhoudinge vorm. Van der Linde (1965:39) stel dat God die mens tot diens aan Hom geskape het en die mens sy skeppingsdoel daarin vind dat hy ’n dienaar (ampsdraer) van God moet wees. Die mens het deur die sondeval sy skeppingsdoel (roeping) verloor en die herskeppingsdoel van Christus is om die mens weer as ampsdraer te herstel. Hiermee saam stel Sietsma dat die swaartepunt van die amp nie in die mag of die organisasie wat die aanstelling behartig lê nie. Net so min lê die swaartepunt in die bekwaamheid of grootheid van die persoon wat die amp moet bedien. Die amp kan alleen betekenis verkry wanneer die roeping en aanstelling, (deur Sietsma genoem die verleende outoriteit) deur God plaasvind (Sietsma, 1942:8). So min soos wat roeping deur eie menslike inisiatief geskep kan word, net so min kan die amp op grond van eie menslike inisiatief onderneem word (Sietsma, 1942:12). Hierdie verleende outoriteit bevat dan die opdrag dat dit moet dien tot die groei van verhoudings.

Die ampsgedagte kan nooit as die uitoefening van onbeperkte gesag gesien word nie. Alleen God se gesag is absoluut en onbeperk. So beperk soos alle menslike bestaan en alle menslike reg is, so beperk is alle menslike gesag. Renkema-Hoffman (2007:10) wys daarop dat ampsdraers hulle posisie alleen aan die roeping en aanstelling deur Christus te danke het. Calvyn het die ampte in hulle eer en aansien wou handhaaf (Institusie 4:3:2) deur nie die persoon van die ampsdraer te betrek nie, maar sy diens. Verder sien Calvyn dit as deel van die ampsroeping om nie uit jouself ’n bevel voort te bring nie, maar net te spreek uit die mond van die Here (Institusie 4:3:1). Die hoofskap en leiding van Christus is waaroor dit alles gaan. Verder wys Renkema-Hoffman (2007:11) dat daar geen plek in die Skrif bestaan wat direk in verband met ampsdraers se gesag en bevoegdheid dui nie.

Die woord wat die Bybel vir mag en gesag *(exousia)* gebruik word, word veral gebruik om die gesag van die Here aan te dui. Wanneer dit om ampsdraers gaan dan word die woord verbind met die mag van die apostels. Aucamp (1981:7) beskou die apostels as die boumeesters van

die Kerk wat die fondamente van die Kerk moes lê. So het die apostels bepaalde bevoegdheid oor bose geeste ontvang (vgl. Luk. 9). Oudstes of diakens word nooit met toegewing van dieselfde gesag aangedui nie. Renkema-Hoffman sien die gesag wat ampsdraers beklee kan alleen gegrond wees in die hoë roeping waarmee hulle geroep is. Dit alleen omdat hulle dan gesante van God (2 Kor. 5:20), uitdelers van die genade van God (1 Kor. 4:1) of manne van God (2 Tim. 3:17) of voorgangers van die gemeente (1 Thess. 5:12) genoem word. Al hierdie benaminge dui op hulle hoë roeping wat hulle nie in eie krag, maar alleen deur die krag van Christus kan vervul. Agter die ampsdraers staan Christus Self (Renkema-Hoffman, 2007:12). Die gesag kan alleen afgelei word op grond van die regstreekse lyn wat van die ampsdraers na Christus loop. Christus verleen die volmag. Ampsdraers is alleen gesante van Christus en moet in sy Naam handel. In hulleself het die ampsdraers geen gesag nie.

Van der Linde (1965:39) wys daarop dat die woord *"amp"* die gedagte van diens op die voorgrond moet plaas. Hy stel dat die ampsbegrip alleen in die lig van Jesus Christus as Ampsdraer bepaal kan word (Van der Linde, 1965:39). Volgens Van der Linde (1965:39) word die wesentlike van die amp in die Ou Testament onder die begrip *leitourgia* saamgevat. In die opsig gaan dit om dienswerk. So was die Ou-Testamentiese priester die liturg wat die offer aan die Here bring. Jesus se diens was *leitourgia*, om sy lewe te gee tot 'n losprys van baie. In die sin is Hy volgens Van der Linde (1965:40) die enigste Ampsdraer. So het in Hom die Ou-Testamentiese *leitourgia* geëindig. Tegelyk het Christus in die Nuwe Testament die "*diakonia"* begin (Van der Linde, 1965:40).

Rondom die woord *"diakonia"* is daar meningsverskil. Spoelstra (1976:41; 1989:28) wys daarop om die woord *"amp"* te gebruik op die posisie of die werk van 'n persoon dui. Dit bring die waardigheid van die persoon te sterk na vore wat op geen manier met die oorspronklike dienskarakter van *"diakonia"* te versoen is nie. Dieselfde gronde vir beswaar teen die woord *"amp"* gaan soveel te meer teen die begrip *"ampsdraer"* op (Spoelstra, 1989:29). Ander teoloë soos Otto Weber verkies die woord amp omdat die gesag en opdrag en volmag van Christus na vore moet kom waar Christus as Ampsdraer mense met bediening van sy gesag beklee. Hiervolgens word die gesagvolheid van Christus se opdrag beter deur die woord *"amp"* uitgelig as deur die woord *"diens".* Diens is vir Weber te veel van 'n vrywillige diensprestasie, terwyl by amp die opdrag en volmag deur Christus tot uitdrukking kom (Aucamp, 1984:14). Aucamp (1984:16) voeg homself by die standpunt dat eerder van *"ampte"* as van *"dienste"* gepraat word. Sy hoofrede is dat amp die gesagvolheid van die opdrag (roeping) na vore bring terwyl die

woord dienste *"mank gaan aan die gesagvolheid van die opdrag. Dienste beklemtoon slegs die uitvoering van die amp terwyl die opdrag en die Opdraggewer uit die oog verloor word."*

2.7 ROEPING EN CHARISMA(TA) (GAWES)

Floor (1976:27) wys daarop dat die gawe van die Heilige Gees met die aanstelling tot 'n spesifieke amp saamgaan. Verder het Floor (1979:90) geredeneer dat alle ampte charismaties is, hoewel nie alle charismata ampte is nie. Aucamp (1981:16) sien roeping as die begronding van die charismata.

> *"God roep mense tot Sy diens in sy Kerk, maar daarvoor is die nodige bekwaamdheid noodsaaklik wat die Heilige Gees bewerk deur die gee van die nodige gawes"* (Aucamp,1981:16-17).

Venter (1986:1) het ook daarop gewys dat die amp van die bedienaar van die Woord onlosmaaklik verbind is met die charisma. Dadelik moet bygevoeg word die verskillende gebruiksvelde van die woord charisma. Die charisma wat aan alle gelowiges geskenk word, is die volle heilsgawe van God in Christus (ook bekend as vryspraak) wat as genadegawe dien (vgl. Rom. 5:15).

Volgens Aucamp (1981:9) is daar tussen amp en charisma geen teenstelling nie. Ridderbos het ook geen teenstelling tussen amp en charisma wou aantoon nie. Dit maak dat die geordende (georganiseerde/institusionele) Kerk waarbinne die ampte funksioneer terselfdertyd as "charismatiese" Kerk beskou moet word. Amp en charisma is soos die twee spore van 'n treinspoor. Die trein kan alleen daarop voortbeweeg wanneer albei in harmonie met mekaar funksioneer.

Die lyste van charismata wat ons in die Skrif kry staan in Efesiers 4, Romeine 12 en 1 Korintiers 12-14. Hierdie Skrifgedeeltes dien terselfdertyd as Skrifberoep by die bevestiging van bedienaars van die Woord. Calvyn het die ampte in die gawes van die Gees gefundeer sodat die ampte self ook gawes van die Gees is. Die band tussen charisma en amp is so sterk dat die charismata *"soms bloot as ampte beskou word"* (Aucamp, 1981:16). Hierby sluit die bevestigingsformulier vir predikante aan wat die ampte beskou as 'n gawe van God aan die gemeente ter wille van 'n bepaalde taak of diens in die gemeente. Dit bevestig die beskouing dat die ampte nie hulle ontstaan aan die organisasie deur mense het nie, maar 'n instelling van God is (Aucamp, 1981:13).

Roeping sal altyd met besondere genadegawes in aanraking gebring word. Roeping wil terselfdertyd reken met gawes wat kan groei en vermeerder (Aucamp, 1981:17). In die bevestigingsformulier vir predikante word gebid dat hierdie gawe aan die geroepene gegee word wat hulle vir hulle bediening nodig mag hê. Dan is daar ’n verskeidenheid van gawes ter sprake wat moet dien tot opbou van die gemeente. Hierdie gawes is en bly Geestesgawes wat deur die Heilige Gees uitgedeel word. Hierdie besondere gawes besit ’n toerustingskarakter waardeur die individuele ontvangers dan geroep word om dit in diens van die gemeente te stel (Aucamp, 1984:10). Die gawes aan die ontvangers (individuele gelowiges) uitgedeel word charismata genoem maar die ontvanger self is op sy beurt ’n charisma aan die gemeente. Dit bring die charisma in direkte verband met die dienste (diakonia). Hierin stel Spoelstra (1989:28) op die voetspoor van Ridderbos, die onderskeid soos volg. Wanneer God die ampte (dienste) gee dan is hierdie dienste charismata van God maar hierdie charismata word deur die Kerk as dienste (diakonia) aangedui.

Die charisma voltooi die sirkel waarin roeping funksioneer waar alles begin by God se verkiesing om ’n besondere opdrag in sy Kerk te vervul. Sulke geroepenes ontvang méér as net ’n opdrag maar hulle word deur die Heilige Gees bekwaam gemaak sodat hulle hul opdrag kan vervul. Hiermee saam moet erken word dat wanneer Christus mense in sy koninkryk roep en gebruik daar nie eerstens op die gawes gelet moet word nie maar veel eerder op die kwaliteit van diens wat gelewer word (Spoelstra, 1989:27).

2.8 ROEPING TOT GEREGTIGHEID EN DIE BEDIENING VAN DIE VERSOENING

Daar sou nie roeping kon wees as daar nie versoening tussen God en mens plaasgevind het nie. Wanneer daar in besonder oor die roeping van die bedienaar van die Woord gehandel word, dan kan hy ewenwel bedienaar van die versoening genoem word. Die pastorale briewe dra die element van roeping en versoening tot teen mekaar (vgl. 1 Tim. 1:18; 1 Tim. 2:5-7; 2 Tim 1:9-11; 2 Tim. 2:1-2; Titus 1:4-5). Al vyf hierdie Skrifgedeeltes wat wys op roeping, dit waarvoor die geroepene aangestel is en dit wat aan hom toevertrou word, kan alleen vanuit die versoening van Christus gefundeer staan. Die versoening met Christus bestaan daarin dat Hy die dood tot niet gemaak het en die lewe en die onverderflikheid aan die lig gebring het. Hiersonder sou daar geen roeping tot bedienaar van die Woord kon wees nie.

’n Verder belangrike doel van die roeping van ’n bedienaar van die Woord is om die goeie stryd te stry. Paulus stel dit as persoonlike doelstelling in sy geloofslewe voorop (vgl. 1 Tim. 1:18).

Hierdie stryd tot die goeie kan alleen plaasvind as die geroepene tot geregtigheid geroep is. Daarom kan die stryd tot die goeie nooit van die dienswerk van die geroepene losgemaak word nie. Die bedienaar moet in sy pastorale optrede, in sy gedrag, in sy karakter, in sy optrede na buite, elke keer kan wys dat hy in die geregtigheid wat hy ontvang het bedienaar van die versoening kan wees en bly. Daarom moet hy bekwaam wees om te onderrig, om met die gesonde leer te vermaan, om dwalinge te weerlê. Hyself moet geen vegter en strydlustige wees nie. Hy moet vriendelik wees, sy eie huis goed regeer, sy kinders met waardigheid in onderdanigheid hou (vgl. 1 Tim 3:2-5). Hy moet ingetoë en selfbeheers ’n liefhebber van die goeie wees (vgl. Titus 1:8). In al hierdie gawes sou ook die Pasch-predikante rentmeesters van God moes wees (vgl. Titus 1:7).

2.9 ROEPING TOT DIE OPBOU VAN DIE KERK

’n Geroepene moet iemand wees wat kan opbou. Die begrip opbou is afkomstig van die Nuwe Testamentiese openbaring dat die gemeente ’n huis van God (1 Tim 3:15) of die tempel of bouwerk van God is. Hierby is die veronderstelling ingesluit dat by die opbou van die Kerk die Kerk nog altyd in ’n proses verkeer om verder opgebou te word want die Kerk het nog nie sy einddoel of volkomenheid bereik nie. Daarom moet die gemeente nog altyd tot sy einddoel opgebou word. So bly die Kerk ’n blywende voorwerp van God se sorg maar word wel weer geroep *“tot eie selfopbou”* (Aucamp, 1981:44). Die opbou word van twee kante gesien.

- Ekstentief bestaan die opbou met die missionêre roeping om die evangelie uit te dra tot vermeerdering van die Kerk.
- Intensief moet die opbou ook geskied in die innerlike opbou van die gemeente.

Wanneer Paulus handel oor die kriteria wat moet dien tot opbou van die gemeente dan word dit baie positief gewaardeer (vgl. 1 Kor. 14:4,5,17,26). In hierdie opbou gebruik die Here mense as sy instrumente. Sulke mense word medewerkers van God genoem (vgl. 1 Kor. 3:9). Weereens hang hierdie bouwerk met roeping saam. In hierdie roeping ontvang die gelowige spesifieke charismata om medewerker van God in die bouproses te wees (Aucamp, 1981:45).

Buys (1989:21) het vanuit die *“Bybelse opbou begrippe”* duidelik aangetoon dat opbou met die bewaring sowel as die sigbare getalsvermeerdering van die Kerk saamhang. Terselfdertyd het

die opbou te doen met die innerlike versterking van die gelowiges. Wanneer die woord op die innerlike opbou handel, dan gaan dit daaroor dat iemand geskik of bekwaam moet wees vir die taak waartoe hy geroep is. Die verband tussen innerlike opbou (bewaring) en uiterlike opbou (vermeerdering) mag nie in die roeping van ’n predikant in spanning met mekaar verkeer nie. Die opbou van ’n gemeente moet altyd ’n missionêre doelwit bevat. Dit verg van die gelowiges selfverloënende liefde teenoor mekaar. So bou die gelowiges mekaar ook op omdat hulle God se groot missionêre doel ingedagte hou. Wanneer ds. H.Ph.J Pasch in Angola met die sendingwerk wil voortgaan was hierdie die grootste kwelpunt in sy roeping wat hom direk in stryd met die gemeente Humpata geplaas het.

Talle kerkregtelikes (Visser, 1999:87; Spoelstra, 1989:114; Van der Linde, 1983:99) het rondom Artikels 16, 22 en 23 KO die belangrikheid dat ’n predikant die roeping moet uitoefen om op te bou, onderstreep. Venter (1986:1) sien dit as deel van die fundering van die amp van predikant. Volgens hom het die charisma hierdie aanduiding dat alle gawes moet kan dien tot opbou van die gemeente. Die verskeidenheid van gawes wat die gemeente opbou word in Romeine 12:6-8 en 1 Korintiers 12 saamgevat. Efesiërs 4 en die Pastorale briewe gaan in nog meer besonderhede daarop in. So word alle gawes op die einde tot hierdie opbou aangewend. Die predikant wat moet kan leer, kan vermaan, herderlik versorg, leiding moet kan gee, alles dien tot opbou van die gemeente. Terselfdertyd is hierdie kernaspekte van die werk van ’n predikant eweneens Geestesgawes (Venter, 1986:2). Die Heilige Gees is die *“Uitdeler”* van die gawes aan die gemeente, terwyl Christus gesien word as die *“Bewerker”* van die gawes in die sin dat Hy op grond van sy oorwinning na sy hemelvaart gawes as geskenke gee om sy gemeente op te bou. Die opbou van die gemeente is in alles van die verdienste van Christus afhanklik.

Wanneer ’n predikant sy amp uitoefen tot opbou van die gemeente is dit belangrik dat hy sy amp en gawes nie teenoor die gemeente stel nie (vgl. 1 Kor. 12:27-28). Die amp moet alleen dien as ’n diens uit die gemeente wat moet dien tot toerusting van die gemeente (Venter, 1986:3). Al die gemeentes waar ds. H. Ph..J. Pasch gedien het, sou met uitsondering van sy eerste gemeente Humpata, waar daar groot spanning en probleme was, kan dien as voorbeelde van gemeentes wat deur sy roeping en bediening opgebou en uitgebrei het. Tydens ds. G.B.S. Pasch se bediening in Potgietersrus (so sal die studie aantoon) was daar uitbreiding en groei oor die 10 jaar wat hy daar was, wat in alle opsigte sou wys na die opbou van die gemeente waar ds. G.B.S. Pasch ’n medewerker was.

2.10 GEROEP TOT DIE EENHEID VAN DIE KERK

Die Kerk het ’n roeping om sy onsigbare eienskappe (eenheid, heiligheid, katolisiteit, apostolisiteit) in hierdie tyd en op hierdie aarde te realiseer. Al is die Kerk die werk van die Here is dit die mens wat moet meewerk om die onsigbare eienskappe van die Kerk sigbaar te maak. Hierin het Pelser (1979:2) daarop gewys dat die roeping en verantwoordelikheid van verlostes, die sigbaarmaking van die eenheid, heiligheid, katolisiteit en apostolisiteit van die Kerk is. Du Plooy (1982:127) het aangetoon dat hierdie wesenseienskappe deel van God se gawes aan sy Kerk is. Hierin het die plaaslike Kerk en die Kerk in sy universele betekenis dieselfde roeping om te vervul.

Du Plooy (1982:129) beskou hierdie eienskappe as gawe, maar dieselfde wesenseienskappe word ook as roeping, opgawe, imperatief aan die Kerk opgedra. Dit kan aanvaar word dat daar tussen die universele Kerk en die plaaslike Kerk geen verskil mag bestaan nie. Die plaaslike Kerk is niks anders nie as die sigbare openbaring van die universele Kerk op daardie plek. Elke plaaslike Kerk is volledige openbaring van die universele Kerk. Daarom dra elke plaaslike Kerk net soveel die roeping soos elke plaaslike predikant geroep is om hierdie wesenseienskappe sigbaar uit te dra.

Hierdie feit noodsaak kerklike verhoudinge wat as kerkverband na vore moet tree. Die feit dat kerkverband ’n logiese gevolg van die eienskap van die eenheid van die Kerk is en dat een ware Kerk nie sonder ’n ander ware Kerk wil en kan bestaan nie, bevestig die kerke se gemeenskaplike belang en verband met die koninkryk van God. In al hierdie gevalle sal die studie aantoon dat albei die Pasch-predikante ’n besondere rol en betekenis hierin kon vervul. Ds. H.Ph.J. Pasch se eerste gemeente was in Angola, wat op besondere wyse van die ander kerke in Suid-Afrika afhanklik was.

Die betekenis van kerkverband vloei voort uit die wese van die Kerk. Van die begin af het die Kerke ’n sigbare en onderlinge geloofsband en gemeenskapsband geopenbaar. Hierdie band was vir ds. H Pasch in die tyd wat hy in Angola was, besonder kosbaar. In die stryd wat daar teen sy roeping op die sendingveld ontstaan het, kon hy hom op die standpunt van die kerkverband beroep in weerwil van die kerkraad wat hom aangekla het se verkeerde standpunte. Ds. G Pasch was ’n bekende figuur op meerdere kerklike vergaderings wat sy roeping tot die kerkverband op verskeie maniere nagekom het. Hierin het hy o.a. ’n hele aantal

jare as redakteur van die Gereformeerde Slingervel gedien, wat wys watter besondere roeping hy teen die verbondsjeug in die kerkverband gehad het.

2.11 PROF. JAN LION CACHET EN ROEPING

In die lewe van ds. H.Ph.J. Pasch was prof. Jan Lion Cachet die professor by wie hy die meeste klas gekry het. Prof. Jan Lion Cachet het vir H. Ph.J. Pasch baie van roeping geleer. Roeping was ’n saak in prof. Lion Cachet se lewe wat hom in alle gevalle gedryf het en waarvan hy sy studente die noodsaak en dringendheid van sou leer. Hoe die Cachet-gesin tot die Christelike geloof gekom het, is op sigself ’n bewys van roeping wat deurwerk en nie gekeer kan word nie. Die Cachets wat Joods van oorsprong was, is in September 1849 in die Noorderkerk Amsterdam gedoop. Jan Lion Cachet was toe 10 jaar oud. Hoe God mense in hulle roeping na Hom toe roep gebeur baie keer deur die stem van ander mense. Roeping wat in wese altyd insluit dat die mens eers na God moet kom, voordat die geroepene deur God uitgestuur word. Waar prof. Jan Lion Cachet vir H.Ph.J. Pasch wat aanvanklik as lidmaat van die Roomse Kerk in Suid-Afrika aangekom het, roeping tot die amp geleer het, was Isak da Costa weer die geroepene in die Cachet-familie se lewe, wat God sy roepstem tot die Cachets laat kom het. Tot voor die einde van sy lewe het ds. Lion Cachet gewerk aan wat roeping is en beteken.

Op 10 Feb. 1909 was dit in Rustenburg by die 50-jarige viering van die bestaan van die eerste Gereformeerde kerke in Suid-Afrika die tema van ds Lion Cachet se feesrede, nl. “die roeping van die Kerk”. ’n Feesgeleentheid wat ds. H Pasch, toe reeds predikant in Angola vanuit besondere moeilike omstandighede wat reeds in sy bediening in Angola aan die opbou was, bygewoon het. Ds. H Pasch sou geïnspireerd en aangemoedig rondom sy roeping met hierdie besondere feesrede na Angola terugkeer. Soos hierdie studie later sal aantoon het die grootste deel van die gemeente wat ds. H Pasch in Angola bedien het, geen waardering vir sy roepingsywer, veral in die sendingveld, met hom gedeel nie, met latere tragiese gevolge.

Prof. J. Lion Cachet het in sy feesrede die sentrale tema as roeping gestel en as teks het hy 1 Tim 3:15 geneem. Sy tema was deurlopend *“die roeping van die Kerk”.* Dit was vir prof. Cachet van die uiterste belang dat die Gereformeerde kerke hulleself aan hulle roeping moet toets. Hierdie vraag aan die gemeentes is net sowel ’n vraag aan die predikante. Prof. Lion Cachet (1909:5) wou roeping op twee vrae vaspen. Wanneer hulle nou in 1909 terugkyk na 1859 kan gevra word, of dit werklik nodig was dat hulle ouers hulleself moes onderskei deur af te skei en hulle roeping op ’n afsonderlike manier vas te maak. Die opvolgvraag was of dit in daardie 50

jaar wat toe reeds verloop het ’n geseënde roeping was. Jan Lion Cachet het homself soos volg uitgedruk:

> *Twee vragen komen als van zelf bij ons op: sloegen onze vaderen den rechten weg in toen zij besloten op zijde te staan en behooren wij in ons op zijde staan te volharden. Zullen wij nu op deze vragen tot volkomene zekerheid voor ons zelven geraken, dan is, het bepaald nodig, dat wij de roeping der Kerk wel verstaan. Daarom wenschen wij u eenige oogenblikken bij die roeping te bepalen”* (Lion Cachet, 1909:5).

Prof. J. Lion Cachet (1909:6) stel dit dat die sentrale roeping van elke Kerk en elke predikant is om die waarheid te bewaar. Roeping begin en eindig by waarheid. Hierin sien hy die waarheid soos in die Ou en Nuwe Testament staan as ’n waarheid wat voortdurend uitgedra moet word. Roeping wat begin deur na God te kom, word bevestig as God die geroepene uitstuur. Die geroepe predikant moet by homself seker maak dat hy weet wat die waarheid is. Alleen dan kan hy as predikant die waarheid dien en uitdra. Lion Cachet stel dan dat vir die Gereformeerdes kan daar net een waarheid wees en dit is die Woord van God. Dieselfde waarheid waartoe die Kerk geroep word, het Lion Cachet ’n groot saak daarvoor uitgemaak dat kerke en hulle predikante geroepe is om die waarheid te verdedig. Hierin staan die Kerk nie as moeder (oorsprong) van die waarheid nie, maar tog is die Kerk ’n pilaar wat dit moet dra (vgl. 1 Tim 3:15). Dit moet oor die lewe van elke predikant geskryf staan dat hy in sy roeping pilaar en grondslag van hierdie waarheid moet wees.

2.12 PROF. J.D. DU TOIT EN ROEPING

J.D. du Toit (Totius) wat aan beide ds. H.Ph.J. Pasch en ds. G.Pasch goed bekend was, sou hom in sy roeping onderskei. Du Toit (1909:198) het roeping gesien as die reg van God: *“God alleen het recht heeft ons te roepen. Hij geeft ook daarin opzicht zijn ere aan geen mens”*. Du Toit (1909:195) wat saam met ds. H Pasch klasmaat sou wees, het hom oor die amp en die roeping daartoe soos volg uitgelaat:

> *“Nog onlangs deelde ’n ouderling aan schrijver dezes mee, dat zijn ambtswerk hem soms o zo moeilik vallen kon. De gedachte: uren en uren op ’n ossenwagen te moeten zitten, ten einde in de uitpunten zijner wijk leesKerk te kunnen houden, leidt weleens in de versoeking maar thuis te blijven en het zo nauw niet te nemem met de uitvoering van zijn ambt, maar als zijn trouwe echtgenote dit bemerken hem toeroept: ‘Gij hebt een roeping: hoe wildt gij daarmee doen?’ en zij*

> *van blijder harte eraan toevoeg: 'kom, ik trek mee' – zie dan gaat 'n blijde geest hom bezielen en het anders troostelose werk word verheffend schoon."*

Totius was nie net vir ds. H.Ph.J. Pasch 'n voorbeeld in roeping nie, maar het ook vir ds. G.B.S. Pasch (Rabbo) tot in 1949 klas gegee. G.B.S. Pasch met sy onderbreekte studies wat op die einde 17 jaar sou duur, het van die begin van sy studies tot op die uiteindelike afloop daarvan voortdurend vir Totius as geroepene van die Here voor hom in die klas sien staan. Ds. G.B.S. Pasch wat die leerskool van om geroepe te wees, en om as geroepene te volhard, sou die woorde van Totius in wat roeping is voortdurend kon terugroep. Totius het gesê dat *roeping* is soos heilige krygsmusiek in die woorde van die gereformeerde belyer (1909:195, 198). Waar Totius handel oor "onze roeping en toekomst" onderskei hy roeping drieledig. Hy het roeping gesien as "*jy word geroep"*, dan is jy 'n "*geroepene"* en dan het jy 'n "*roeping".* Hierdie roeping is aanhoudende krygsmusiek om die stryder in sy roeping aan te vuur om met vrolike gemoed verder te gaan. Roeping bring die stryder in opgewekte maar ook *"strijdlustige stemming",* waarin die geroepene wat vermoei en moedeloos is tot *"vernieuwde aanval aan te wakkeren"* (Du Toit, 1909:195).

Totius sien spanning en teëstelling tussen twee groepe mense wanneer daar oor roeping gehandel word. Roeping is in sy eie gereformeerde aard dit wat die gereformeerde van die Arminiane onderskei. Gereformeerdes glo op grond van hulle roeping nie aan die vrye wil van die mens nie. Totius (1909:196) stel dit soos volg:

> *"Mensen die de vrije wil drijven, spreken liefst niet van roeping. Het-woord heeft voor hen iets onvrijs, iets gebondens, iets gedwongens haast. 'n Adjudant die door zijn generaal geroepen wordt en van hem dan 'n opdracht ontvangt, is geen vrij man meer. Hij moet gaan, al is, het dwars-door de kogels heen. Daaruit is, het verklaren dat het-woord roeping tegenwoordig niet meer zo geliefd is. Men wil liever los blijven; en wordt nog iets gedaan, dan moet het zijn uit vrije wilskeuse."*

In dieselfde rede het Totius aangevoer dat die mens, wat 'n al hoe groter mate van vryheid wil geniet, in sy vryheid wat aan losbandigheid grens, al hoe minder gebind wil wees. Totius sien van die wesenseienskappe van roeping dat dit iets is wat mens wel bind. So stel hy dit dat die mens hom altyd minder sal laat bind deur 'n bepaalde, *"van buiten af, tot hom komende roeping"*. Daarom sal die mens inplaas van sy roeping liewer wil praat van 'n ooreenkoms, 'n wilskeuse, 'n afspraak, 'n wenslikheid en glo die mens dat hy hom meer moet laat lei deur sy eie insig van goed en kwaad, of deur sy eie gevoel van *"lus of onlust*". Totius stel dit duidelik dat waar die vrye wil die septer swaai, daar word die krag van die roeping nie meer so gevoel nie

(Du Toit, 1909:198). Dit bring volgens Du Toit (1909:196) die volgende eienaardige verskynsels te weeg dat mense God wel wil dien, maar nie meer as geroepe gemeente en geroepe dienaars nie. Hulle wil God dien na hulle eie opvatting, hulle eie wilskeuse en hulle *"eigenwillige godsdienst".* Sulke diens ontaard dan spoedig in diens van die mens self en het met diens aan God nie meer te make nie. Die voorbeeld van Samuel en Saul gebruik Totius as bepaling van wat roeping is. Samuel het vir Saul gewys gehoorsaamheid aan die stem van die Here is beter as slagoffers. Roeping is daardie gehoorsaamheid aan die stem van die Here (vgl. 1 Sam 15:22).

2.13 SLOT

In hierdie hoofstuk is gepoog om aan te toon dat sonder roeping kerk-wees onmoontlik is. God wat sy Kerk in Christus regeer sal nie sonder onderdane wees nie. Daarom roep God in Christus mense in sy diens. Hierdie geroepenes word met die Heilige Gees toegerus en ontvang die nodige gawes om in hulle roeping hierdie gawes te laat skitter.

Christus as Hoof en Koning van sy Kerk het in die roeping van ds. H.Ph.J. Pasch en ds. G.B.S. Pasch twee dienaars voorsien wat elkeen 'n rol en betekenis in die Kerk van die Here vervul het. Dit sal later in die studie aangetoon word dat albei die Pasch-predikante met talle aspekte van roeping te doen gekry het. In die hoofstukke wat volg sal daar gepoog word, om roepingsaanvaarding- en vervulling in die lewe van die Pasch-predikante aan te toon wat in die prinsipiële aspekte van hierdie hoofstuk uitgewerk is.

Hoofstuk 3

ROEPING EN STRYD: H.PH.J. PASCH

Oorsig:

3.1 Inleiding
3.2 Familie H.Ph.J. Pasch
3.3 Kerklike agtergrond en kerklike toestande
3.4 Studentelewe
3.5 H.Ph.J. Pasch as soldaat en krygsgevangene
3.6 Teologiese studies voortgesit
3.7 Huwelike
3.8 Eerste beroep
3.9 Pieter Biewenga
3.10 Die Angola-trekker m.b.t. roeping en sending
3.11 Slot

3.1 INLEIDING

Die vorige hoofstuk het aangedui dat roeping na die mens as unieke wese kom. So was dit met H.Ph.J. Pasch. As unieke geroepene van God met sy eie denkvermoëns, persoonlikheid en wilslewe, wil hierdie hoofstuk bepaal wie H.Ph.J Pasch werklik was. Die vraag wat heeltyd na antwoorde soek, is wat die direkte uitwerking van God se roeping op H.Ph.J. Pasch was. Daar word in hierdie hoofstuk biografies met die persoon van H.Ph.J Pasch omgegaan. Oor sy kinderjare is daar feitlik niks bekend nie, behalwe wie sy ouers was, sy geboortedatum en plek van herkoms. Sy opvoeding het as Rooms-Katolieke lidmaat geskied wat duidelik sekere vrae, veranderinge en uitdagings aan sy roeping in die gereformeerde geloof sou stel.

Die kerklike agtergronde en toestande in die Vrystaat waar hy die eerste tien jaar na sy aankoms in Suid-Afrika sou bly, word kortliks geskets. Hierin sal aangetoon word dat die kerkverband waarvan Pasch op daardie stadium deel geword het, reeds harde en moeilike strydvrae moes hanteer.

Toe Pasch die roeping ontvang om predikant te word, moes hy in 1898 na Burgersdorp gaan om daarvoor te studeer. Die studentelewe het sy eiesoortige invloed op Pasch uitgeoefen. Watter stryd en uitdagings tot die roeping van predikante alreeds daar bestaan het, sal aangetoon word. Die uitbreek van die Tweede Vryheidsoorlog in 1899 het niemand in die destydse Suid-Afrika onaangeraak gelaat nie. Hierdie ingrypende toestande wat die oorlog vir die mens Pasch, maar ook vir die Teologiese Skool in Burgersdorp te weeg sou bring, kom aan die orde.

Ná die oorlog het H.Ph.J. Pasch in sy roeping volhard. Hy het na Burgersdorp, vermink maar vasberade, teruggekeer. As student tree hy in die huwelik. Hierdie hoofstuk word afgesluit met die eerste beroep wat reeds op Pasch uitgebring was vóór hy nog beroepbaar was. Watter eiesoortige stryd dit in sy roeping sou meebring, word 'n afsluitingspunt in Pasch se voorbereidingsfase as geroepe dienaar van die Here.

3.2 FAMILIE H.PH.J. PASCH

3.2.1 Biografies

Hendrikus Philippus Josef[6] Pasch is op 2 Maart 1865 in Amsterdam gebore. Sy vader was Gerardus Bartholomeus Pasch, wat met Anna Martens getroud is. Albei sy ouers was Rooms-Katoliek. H.Ph.J. Pasch is in die Katolieke Kerk van St. Nicolas in Amsterdam gedoop. Op 16 Mei 1878 word hy tot die "Heilige Communie" toegelaat (Klassis Waterberg, 1959:119).

As negentienjarige jongman het H.Ph.J Pasch in Desember 1884 in Kaapstad die eerste keer sy voete op die Afrika-bodem gesit – die land en kontinent waarop die res van sy lewe en roeping sou volg. H.Ph.J. Pasch het hom in dieselfde jaar in die Vrystaat, hoofsaaklik in die distrik Ladybrand[7] gaan vestig, waar hy as ingenieur en hoefsmid gewerk het (Laufs, 1982:74). Hy sou oor wye gebiede werksaam wees. Vandag nog, in die omgewing van Ficksburg, is daar

[6] In van die bronne word sy naam ook as *Josephus* aangedui.
[7] Ladybrand se eerste erwe is in Junie 1867 uitgelê. Die gebied is aanvanklik afgesonder as blanke voorpos om die voortdurende gevaar van Basoeto-invalle die hoof te bied. Die behoud van die verowerde grondgebied is deur hierdie aanleg beveilig. Daar word algemeen aanvaar dat Ladybrand na Catharina Frederika Brand (gebore Kuehler), die moeder van pres. J.H. Brand, vernoem is. Dit was eers bekend as Mauershoek (Bosch, 1967:39-40).

'n ou brug met die naam van Pasch daarop, as stille getuie van sy ingenieursvernuf wat daar toegepas is.[8]

In die tyd wat H.Ph.J. Pasch die Vrystaat as nuwe tuiste aanvaar het, was J.H. (Jan Hendrik) Brand (1823-1889), in 'n stadium genoem *"vader des volks*", die president van die Vrystaatse Republiek (Van Schoor, 1969:211). Brand se bekendste uitdrukking was *"alles zal recht komen als elkeen zijn plicht doet".*[9] 'n Leuse waarby H.Ph.J. Pasch goed sou inskakel. Brand is in 1884 vir die vyfde keer as president herkies. Pres. Brand was aanvanklik 'n baie gewilde man onder die burgers, maar in die tyd wat Pasch die Vrystaat betree, was die president vinnig besig om hom van sy eie mense te vervreem. Hierdie vervreemding is hoofsaaklik teweeggebring deurdat Brand met sy sterk Kaaps-Engelse agtergrond, geen toegeneentheid tot die ZAR gehad het nie. Hy het ten koste van die Transvalers, steeds die bande met die Kaapkolonie nouer probeer trek. Brand het die ontluikende Afrikaner-nasionalisme onderskat en veroordeel, wat hom finaal van die meerderheidsgevoel in die Vrystaat weggedryf het.

In die plek van Brand het F.W. Reitz (1844-1934), 'n boorling van Swellendam, staatspresident geword. Hy was iemand wie se politieke uitkyk reëlreg met dié van Brand verskil het (Van Schoor, 1969:218). Reitz was iemand by wie H.Ph.J. Pasch aansluiting gevind het, want dit is duidelik dat hy soos Reitz, baie gou na sy aankoms in die Vrystaat 'n uitgesproke Afrikaner was. Reitz het nou met sy ampsgenoot in die ZAR, pres. Paul Kruger (1825-1904), saamgewerk (Van Schoor, 1969:218).

Op die stadium wat H.Ph.J. Pasch in Suid-Afrika aankom, het pres. Paul Kruger so pas sy eerste jaar as president voltooi. Paul Kruger, 58 jaar oud, is in 1883 die eerste keer as president van die onafhanklik vrye Transvaalse Republiek (ZAR) verkies. Du Plessis (1952:21) wys daarop dat Kruger in Augustus 1882 voor sy verkiesing hom in sy verkiesingsmanifes soos volg oor sy siening van roeping, Kerk en politiek uitgelaat het:

---

[8] Hierdie brug was volgens getuies van die inwoners van Ficksburg tot onlangs nog in gebruik. Toe van die laaste groot oorstromings in die Vrystaat groot dele van die huidige paaie weggespoel het, het die tydelike ompad weer hierdie brug ingesluit. Vragmotors met groot tonnemate het met sukses hierdie brug gebruik. Die opdrag destyds aan Pasch by die bou van die brug, was dat dit in staat moet wees om 'n wa met 'n groot span osse gelyktydig te dra (mondelingse mededeling van ds. M.J. Smidt, Ficksburg).

[9] Volgens Bosch (1967:32) het hy hierdie uitdrukking die eerste keer tydens die tweede Basoeto-oorlog (1865-1866) gebruik. Kort na die dood van Louw Wepener het hy die burgers gaan moed inpraat en het hy die eerste keer die woorde gebesig: "*Hou goeie moed, alles sal regkom".*

> *"Ook op staatkundige terrein bely ek die ewige beginsels van Gods Woord. Die fondament en grondslag van ons staatsgebou moet reg en geregtigheid vir alle klasse van die bevolking wees. Ek eis ook vryheid, vryheid vir elke burger, maar geen bandeloosheid nie."*

Rondom kerklike sake en dit wat die Kerk se roeping moet wees, sou H.Ph.J. Pasch hom ten volle met Kruger se standpunte kon vereenselwig. Kruger het sy roeping soos volg gestel (Du Plessis, 1952:24):

> *"Indien ek dus verkies mag word, verwag dan nie van my dat ek my met kerklike sake moet bemoei nie, want my oortuiging is dat dit die staat nie toekom om hom met die inwendige aangeleenthede van Kerkgenootskappe in te laat nie. Die politieke heerser wat ook in die Kerk van Christus wil gebied, is besiel met die gees van die antichris, want Christus is die hoof van sy gemeente en Hy het die bestuur daarvan aan sy dissipels onder die leiding van die Heilige Gees opgedra en nie aan die wêreldlike owerheid nie. Ek sal dit dus as my plig ag om in die politiek alle Kerkgenootskappe of godsdienstige verenigings en voorts alle burgers, afgesien van hulle denkbeelde aangaande die ewige dinge, op gelyke voet te behandel en slegs dit wat die vrye invloed van die Evangelie op ons volkslewe kan belemmer, uit die bestuur en die wetgewing te verwyder. Voorts vertrou ek dat my landgenote, indien ek verkies mag word, my sal ondersteun om ons kerke en skole te beskerm, sodat die evangelie sy vrye gang kan gaan."*

Dit is duidelik dat Kruger 'n staatsman was wat die gereformeerde calvinistiese beginsels in staatsreg- en kerksake kon toepas (Du Plessis, 1969:245). Krüger (1963:86) wys hoe godsdiens en Kerk 'n sentrale plek in Kruger se denke beklee het. Vir Paul Kruger was die Kerk en die godsdiens die fondament waarop die staat gebou is (Krüger, 1963:86). In 1886 het Paul Kruger tydens die groot Geloftefeesviering in Paardekraal duidelike parallelle tussen die Afrikanervolk en God se volk in die Ou Testament getrek. Krüger (1963:90) wys daarop dat Paul Kruger spesifiek aan die geroepe predikante in die gehoor gesê het, dat alhoewel hy nie teologiese opleiding kon geniet soos hulle nie, hy hom nie skaam om sy onkunde te bely nie. In dieselfde verband bring Kruger die feit dat hy geroepe staatsman is sterk na vore. Soos daar van die inwendige en die uitwendige roeping sprake is, stel Kruger dat *"hy en baie ander mense in die uitwendige sowel as in die inwendige Kerk van die Here die genade en die Gees van die Here keer ken"* (Krüger, 1963:90). Krüger (1963:91) wys daarop hoe Paul Kruger in alles die uitverkiesingsleer gesien het. Wanneer H.Ph.J. Pasch Afrika leer ken, was Paul Kruger in Kerk en landsake ver buite die grense van Transvaal vereer en verguis vir sy onverskrokke en kinderlike geloofsoortuigings. Dit is duidelik vanuit briewe dat die latere Pasch familie, veral Rabbo Pasch, vir die man Paul Kruger die hoogste agting en grootste respek gehad het. Kruger

het in sy politieke oortuigings en roeping, alles vanuit die Woord en gereformeerde beginsel getoets. Dit het meegebring dat Kruger al meer in die Pasch huishouding gerespekteerd geraak het. In 'n toespraak wat ds. G.B.S. Pasch (sien ook hoofstuk 6) in die laat dertigerjare van twintigste eeu sou gee, wemel die toespraak van die woord *"roeping".* Spesifiek word van Paul Kruger melding gemaak:

> *"En 'n volk se roeping word ook afgelei uit die wedervaringe, die gebeurtenisse wat uit die hand van die Almagtige Bestuurder van alle dinge sy deel geword het. In wese is dit dan ook dit wat Kruger bedoel het: Haal uit die verlede, bou die toekoms. Om dit anders sê: Die groot gebeure in die geskiedenis van 'n volk, moet vir sy kinders die bron wees om die roeping van die nasie uit te skep!"* (G.B.S. Pasch, sd)

H.Ph.J. Pasch se koms na Suid-Afrika val grootliks saam met die koms van die groot imperialistiese kolos, Cecil John Rhodes (1853-1902), wat met sy optrede in baie opsigte die geskiedenis van Suid-Afrika en suidelike Afrika wou omkeer. Rhodes was in baie opsigte die antitipe van die beginsels wat Kruger en H.Ph.J. Pasch voorgestaan het. Rhodes het baie gou van die rykstes in Afrika geword (D'Assonville, 1999:1,7). Die Vrystaat het nie deur die beleid van imperialisme, soos deur Brittanje toegepas, onaangeraak gebly nie. Pasch se lewe en roeping is direk hierdeur geraak.

3.3 KERKLIKE AGTERGROND EN KERKLIKE TOESTANDE

H.Ph.J Pasch het in Nederland in die Rooms-Katolieke Kerk opgegroei. In die Vrystaat was daar onder die blanke bevolking byna geen Rooms-Katolieke lidmate nie, wat in alle geval die totstandkoming van kerke vir sulke enkele gevalle onmoontlik gemaak het. Die gebied waar die naaste aan H.Ph.J. Pasch Rooms-Katolieke kerklike aktiwiteite plaasgevind het, was volgens Goedhals (1994:137) die werk wat biskop Allard en vader Gerard en 'n aantal Roomse vroue onder die Sotho-bevolking in Lesotho gedoen het. In die jare wat H.Ph.J. Pasch hom in die Vrystaat vestig, nie te ver van Lesotho nie, was hy in alle geval iemand wat nie as Kerklik meelewend bekend was nie. Dit is onwaarskynlik dat hy met die Rooms-Katolieke lidmate in Lesotho enige kontak sou hê. Die eerste Rooms-Katolieke Kerk in Ladybrand het in Februarie 1925 tot stand gekom.[10]

[10] Volgens Bosch (1967:146) was daar in 1925, die stigtingsjare van die Rooms-Katolieke Kerk Ladybrand, soveel as 488 lidmate.

Ná H.Ph.J. Pasch reeds meer as 10 jaar in die Vrystaat gevestig was, het die kerkraad van die Gereformeerde Kerk Ladybrand op 19 Julie 1895 die eerste keer van sy voorneme om hom by die gemeente te voeg, melding gemaak (GKSAA: Ladybrand, Notuleboek 1872-1905. 1.1.1, 19 Jul. 1895; Art 30: 368).

> *"Br. P. Venter zegt dat er naby hom een Roomsche man woont, die by ons wil aansluiten. Opgedragen aan br. Venter hom te zeggen, dat hy een ondersoek aangaande zyn geloof en rechtzinnigheid zal moeten ondergaan en dan, als er geen bezwaren is, zal moeten voorgesteld worden."*

By 'n volgende vergadering wat op 18 Oktober 1895 plaasvind word daar nog meer besonderhede verskaf. Die artikel lui hier soos volg (GKSAA: Ladybrand, Notuleboek 1872-1905. 1.1.1, Art 12: 371):

> *"In verband tot art 30 zegt de consulent dat hy nu dien man – Hendricus Philip Joseph Pasch oud 30 jaar, self ontmoet heeft – hy zou nu gekomen hebben om zich onder de voorwaarde door den kerkeraad gesteld, by ons aan te melden: maar daar hy by ongeluk zijn been heeft gebroken, was dit vir hom onmogelyk: hy zal by een volgende gelegenheid komen. Verder zegt Ds. Du Plessis dat hy mans Doopcertificaat gesien heeft alsmede zijn geboorte register en niets gevonden heeft waarom hy, na een onderzoek als door den kerkeraad voorgesteld, by ons zou kunnen opgenomen worden."*

Vir H.Ph.J. Pasch was dit nie maklik nie. In die mate dat daar aan die begin van 1896 nog weer sprake was dat die ondervraging wel kan voortgaan, dan sal hy hom by die kerkraad vir ondervraging *"aangaande zyn geloof" moet aanmeld* (GKSAA: Ladybrand, Notuleboek 1872-1905. 1.1.1, 17 Jan 1896:Art 7: 376).

Wanneer hierdie ondervraging en opname uiteindelik in die gemeente plaasgevind het, staan nie genotuleer nie. In ander geskrifte wat later oor H.Ph.J. Pasch oor hierdie tydperk in sy lewe handel, word daar melding gemaak dat dit *"God sou behaag om hom kragdadiglik tot bekering te bring en hom lewendig te maak uit die dood van die sonde"* (Die Kerkblad, 7 Oktober 1936:12).[11]

[11] Die huldeblyk in *Die Kerkblad* van 7 Oktober 1936 is foutief in die sin dat daar gestel word dat H.Ph.J. Pasch eers na die Tweede Vryheidsoorlog tot bekering gekom het

Dit is duidelik dat H.Ph.J. Pasch hierna die gereformeerde geloof en belydenis liefgekry het. Die roeping van God het sigbaar na vore begin tree. In 1898 sou die volgende groot wending in sy lewe en roeping plaasvind. Hy het hom in Burgersdorp aangemeld om as predikant opgelei te word. Daar was op daardie stadium maar 'n totale getal van 30 studente in Burgersdorp (Laufs, 1982:2).

H.Ph.J. Pasch se aanmelding in Burgersdorp gebeur omtrent 40 jaar na die ontstaan van die Gereformeerde kerke in Suid-Afrika (GKSA) wat in 1859 in Rustenburg plaasgevind het. In 1884 was die GKSA wel nog klein, maar dit was reeds 'n gevestigde kerkverband in Suid-Afrika. Daar was omtrent 30 gemeentes oor drie provinsies versprei (Almanak GKSA, 1884:27) In die Republiek van die Vrystaat was daar 8 gemeentes, in die Transvaalse Republiek was daar 7 gemeentes en die res van die gemeentes was op daardie stadium in die kolonie van Kaapland en een was in Angola geleë. Die totale getal lidmate van die hele kerkverband was nog onder 20 000 lidmate (Almanak GKSA, 1884:27). Die GKSA het as kerkverband in die Vrystaat, die eerste 40 jaar, reeds deur groot spanninge en krisisse moes worstel.

Die spanning tussen die eerste dominees in die GKSA, ds. Dirk Postma (1818-1890) en ds. J Beijer (1822-1876) het die grootste skade in die kerke in die Vrystaat aangerig. Die verwydering tussen Postma en Beijer kan volgens Jooste (1958:150) na die eerste Algemene Sinode in 1862 wat in die GKSA plaasgevind het, herlei word. Die sinode is in Reddersburg in die Vrystaat gehou. Op hierdie eerste sinode het Postma sy gewysigde Kerkorde vir goedkeuring voorgelê. Die vergadering moes besluit watter Kerkorde voortaan in gebruik moet wees. Beijer het hom nie ten gunste van Postma se Kerkorde uitgespreek nie. J. Lion Cachet (1909:56) meld hoe sterk Beijer hom teen die "*Kerkorde van Postma"* uitgespreek het. Die vergadering het toe besluit om nie Postma se Kerkorde te aanvaar nie, maar eerder te hou by die Dordtse Kerkorde en dit ongewysig toe te pas waar dit moontlik is. Beijer beskryf self hierdie insident as die begin van die verwydering tussen hom en Postma (Spoelstra, 1963:185-186).

Hierdie verwydering tussen Beijer en Postma het mettertyd verdiep. Roeping en die toelating tot beroeping as predikant het mettertyd 'n volgende sensitiewe saak tussen Beijer en Postma geword. In die eerste jare na die GKSA se ontstaan ontvang Postma en Beijer opdrag om die groeiende kerkverband deur opleiding van meer predikante te voorsien (Acta GKSA,1862:Art

22; Acta GKSA, 1863:Art 18). In die eerste jare is die studente aan huis by Postma in Rustenburg en Beijer in Reddersburg geleer.[12] Die meeste van Postma se studente is na die eerste aanbeveling met sukses deur die sinodes tot die bediening toegelaat. Van die drie studente wat by Beijer opgelei is en wat hy aanbeveel het is nie een toegelaat nie. Een student wat aanvanklik by Beijer was, A. Coetsee, wat aanvanklik nie toegelaat was nie, het later na Postma oorgegaan.

Die enigste student wat deur Beijer opgelei is gedurende sy verblyf van meer as 7 jaar (Nov. 1861-1868/69) in Suid-Afrika en toegelaat is, was van sy eerste studente in 1866, nl. S.D. Venter (Jooste, 1958:129; vgl. ook J. Lion Cachet, 1909:106-112). Dit het Beijer geweldig ontstel wat hom en Postma al meer op verkeerde voet tot mekaar geplaas het.

Die eggenote van Beijer het in die Vrystaat tydens die Basoetoe-aanvalle in die jare sestigs van die 19de eeu, glad nie veilig gevoel nie (Spoelstra, 1963:227, vgl. ook J. Lion Cachet, 1909:78). Hierdie “Nederlandse dame” het vir haar eie veiligheid langer as ’n kwartaal in die Kaapkolonie gaan skuil, wat daarop wys dat sy haar man in sy roeping moeilik ondersteun het.[13] Sy was ook nie gesond nie. In 1868/69 sou haar voortslepende siekte ’n belangrike faktor word van die verdwyning van Beijer op die Vrystaatse bedieningsvelde. Beijer het reeds vroeg in 1869 die gemeente van Reddersburg verlaat, waar sy vrou hierdie vertrek genoodsaak het. Sy het haar swak gesondheid toegeskryf aan die Vrystaatse klimaat, sodat Beijer aanvanklik 8 maande verlof aangevra het vir ’n besoek aan Nederland ter wille van sy vrou se gesondheid. Intussen het mev. Beijer se familie, toe hulle in Nederland was, dit kon bewerk dat ds. Beijer ’n beroep na Alblasserdam ontvang, sonder dat hy vooraf eervolle losmaking van Reddersburg verkry het. Kortliks, die vraag hoe eerlik daar deur Beijer met die waarheid omgegaan is, deur die Vrystaat weer vir Holland te wil verruil, is in baie opsigte vaag. Dit wil lyk of daar dinge was wat deur ds. Beijer anders gedoen kon gewees het. Die afloop van die hele Beijer verloop was sleg vir die Vrystaatse kerke, veral nadat die Gereformeerde Kerk Reddersburg hom later weer wou beroep en Postma ’n stokkie daarvoor sou steek. Postma het met hierdie kerke gehandel en sodanig by hulle sake ingemeng, dat Postma se kerkregtelike optrede hier nie tot eer kan wees nie. Dit

[12] Eerste studente wat by Postma studeer het, was die oud-onderwysers N.J.R. Swart en Jan Lion Cachet, ook M.P.A. Coetsee (sr.) is deur Postma onderrig. Onder Beijer se eerste studente tel S.D. Venter, A. de K. Coetsee en J.S.L. Venter. J.S.L. Venter is wel later toegelaat, nadat Beijer nie meer in S.A. was nie.

[13] Die studie sal later aantoon dat die “Nederlandse dame” Beijer sterk in kontras met ds. H Pasch se eggenote staan, wat haar eggenoot weer in sy roeping deur baie swaar tye in Angola ondersteun het. Selfs tye waar sy en haar gesin alleen in Angola moes bly, met haar man wat landingsreg in Angola geweier was (sien hoofstuk 4).

word so sterk gestel dat Spoelstra (1999:19-20) meen dat Postma "'n vendetta teen Beijer in Suid-Afrika en Nederland gevoer het".

Om die kerklike agtergrond in die Vrystaat, waar ds. H.Ph.J. Pasch sy roeping ontvang, beter te belig, is die student van Beijer, die reeds genoemde S.D. Venter, baie belangrik. Veral Venter se siening rondom sending en dit waarmee H.Ph.J Pasch later in Angola direk mee te doen sou kry, is ter sprake. H.Ph.J. Pasch het rondom sy roeping tot die verkondiging van die evangelie aan die Swartes groot botsing met sy gemeente gehad (sien hfst. 4). Beijer en Venter se siening van sending was dat die Gees sonder die prediking kan werk. Hulle lê klem op God se verkiesing en die Heilige Gees wat die geloof moet werk. Daarom het Beijer en Venter geglo dat eers as daar duidelike getuienis kom dat die Gees reeds in 'n sekere gebied werksaam is, roeping dan ter sprake is. Dan éérs moet onder sulke mense ingegaan word en die Woord aan hulle verkondig word. God moet éérs werk voor die mens kan begin werk. As daar nie vooraf duidelike getuienis van die Gees se werk na vore kom nie, dan is súlke gebiede nie gereed vir sendingwerk nie (Spoelstra, 1999:17).

Dirk Postma, Jan Lion Cachet en die meeste predikante van daardie tyd, wat later H.Ph.J. Pasch insluit, het nie hierdie beskouing van Venter en Beijer gedeel nie. Hulle beskouing was dat 'n geroepene nie moet wag op getuienis van die Gees om sendingwerk te begin doen nie. Die Gees sal werk waar die geroepene met verkondiging besig is. Die mens moet vry uit die Evangelie verkondig met 'n appèl op die heidene om te glo. Hierdie botsende benadering tot sendingwerk se oorsprong lê dieper.

J. Lion Cachet het op grond van dié twee benaderings, en Beijer en Postma se verskillende benadering tot die Kerkorde en sending, gemeld dat dit lyk *"of er een tweevoudige stroming in de Kerk zou wezen"* (1909:56). J. Lion Cachet (1909:56) beskryf dan Dirk Postma as 'n man van *"een ruimen blik, die zich niet krampachtig vastklemde aan het oude alleen, omdat het oud was: maar bij wien de vraag: 'Wat zegt het woord' boven alles stond"*. Opmerklik dat die woorde oor Postma en sy roeping, soos deur Jan Lion Cachet in 1909 uitgespreek, in groot mate woordeliks ooreenkom met die woord oor hoe daar na die Brummelkamp-rigting verwys word.

Hierdie *"tweevoudige stroming"* soos deur J. Lion Cachet aangedui, het later name ontvang, wat in oorsprong na die Nederlandse kerke-situasie kort na die afskeiding (1834) aangedui word (Veenhof, 1959:13). Strominge wat in Nederland in die geledere van die CAG (Christelik Afgeskeie Gereformeerde kerke) bekend staan as die Gelderse (Brummelkamp-) rigting aan die

eenkant en dan in spanning daarmee, dié Drentse-rigting (Van Wyk, 2009: 68-69). Postma het sy roeping baie sterker tot die Gelderse-kant uitgeleef, terwyl Beijer in sy roeping weer aan die Drentse kant was (Spoelstra, 1999:16).

Spoelstra (1963:228; 1999:16-17) stel die Gelderse rigting as ’n meer versoenende rigting, meer sinodaal-groepsbewus, *“een werkdadig Christendom”,* meer objektief. Die Drentse rigting, word beskou as ’n baie meer *“militante rigting”,* wat uit die Nederlandse afskeiding meer subjektief, individualisties, meer *“aan den lijdelijke kant”* staan. Van Wyk (2009:69) stel dit dat die Drentse rigting meer ordelik en rigied was, terwyl die Gelderse rigting meer gemaklik en toegewend was. In Nederland het ds. T.F. de Haan sterk kenmerke van die Drentse rigting vertoon en die reeds genoemde Brummelkamp was weer sinoniem met die Gelderse rigting. Spoelstra (1993:357) wys dat die Drentse ’n meer *“wettiese” rigting is en die “ruimer ireniese Gelderse party”* heeltyd binne die Afskeiding faktore bevat het wat *“eenstemmigheid verhinder*”. Spoelstra (1993:357) stem met Van Brummelen saam dat dit *“kleinmenselijke faktoren”* is, wat hierdie twee strominge veroorsaak.

Veenhof (1959:14-16) wys in ’n uitgebreide studie hoe die klemverskille tussen die Drentse en Gelderse rigting in meeste gevalle direkte botsings tussen persoonlikhede veroorsaak het. In Suid-Afrika het die soortgelyke gebeur. Beijer en Venter was op verskeie terreine met Postma en die grootste deel van Gereformeerde predikante uit daardie era in botsing, met teologiese verskille as agtergrond, maar persoonlikhede sterk op die voorgrond. Op die agtergrond lê daar teologiese klemverskille, o.a. wat die belydenis en plek van die uitverkiesing in die prediking moet wees. Die klemverskille raak oordrewe in wat mense se persoonlikhede hulle by hierdie verskil tot benadering uitbring, soos wat rondom die uitverkiesing, verhouding, wet en evangelie, algemene versoening, sending, plek van die Kerkorde, binding aan sinodebesluite verstaan moet word. Veenhof (1959:15-16) wys hoe die rigting van die Drentse kant persoonlikhede soos di. T.F. de Haan, H. Joffers, F.A. Kok e.a. in dieselfde kamp geplaas het as mense wat baie meer konserwatief is as die Gelderse kant. Veenhof (1959:13) stel dat *“ze bouwden de kerkmuren hoog op en trokken zich geheel en al daaracher terug”*. Hulle het hierdie afgeskeie houding nie as belemmering van hulle roeping gesien nie, maar dit is vir hulle die toepassing en uitlewing daarvan. Daar is by die Drentse rigting ’n gevaar van formalistiese patrone om in alle opsigte alle verandering wat daar mag wees, teen te gaan, want, glo hulle, dit wat die vadere gedoen het en wat in die vorige eeu vir hulle goed genoeg was, moet vir die huidige geslag nog altyd geld, ongeag omstandighede wat verander het (Veenhof, 1959:13). Dit

bring mee dat die Drentse rigting baie sterk subjektivisties van aard raak, wat Veenhof (1959:14) tipeer as selfs puriteinse subjektivisme. Dit het ’n wettiese lewenshouding tot gevolg.

Die Gelderse rigting word deur Veenhof (1959:16) baie meer positief gewaardeer en uitgebou. Die predikante vanuit hierdie rigting is dan minder militaristies, bevat meer blymoedige christene en sal oral en altyd bereid wees om vrymoedig rekenskap te gee van die hoop wat daar in hulle is. Ds. Brummelkamp was van die persoonlikhede aan die Gelderse kant. Ds. Brummelkamp word in baie van sy sieninge direk met ds. Dirk Postma geassosieer. In die prediking van die Gelderse dominees is die aanbod van genade en heil en die uitbou van baie meer “bevindelike” prediking (waar bevind ek my op hierdie heilsweg) as kenmerke aangedui. Hulle predik volgens Veenhof (1959:17) *“een ruim evangelie”.* Brummelkamp, en saam met hom ds. Dirk Postma, sal as *“hardnekkige teenstanders”* teen die Drentse benadering beskou kan word.

Die Gelderse benadering tot roeping sal dan baie ruimer wees hoe roeping na almal moet uitgaan, terwyl die Drentse benadering tot roeping die klem plaas op roeping wat na die uitverkorenes moet kom en in hierdie geslote binnewerk van heil sal roeping verder geskied. Die benadering tot kerkregering en kerklike vergaderings tussen hierdie twee rigtings spreek boekdele. Die Gelderse is baie meer *“los”* rondom sinodebesluite en sal besluite wat vanuit sinodes as afspraak met mekaar nagekom moet word, baie makliker krities bejeën (Veenhof, 1959:17).

Dit het spanning tussen die twee strominge in Nederland laat oplaai, waarin die kerke in Suid-Afrika, en dan in besonder die Gereformeerde kerke in die Vrystaat, waar H.Ph.J. Pasch hom bevind het, nie onaangeraak gelaat is nie. Daar was in die Nederlande, tydens dieselfde sinode in Leiden (1857) wat ds. Dirk Postma na Suid-Afrika gestuur het, ’n daadwerklike poging om die verskille tussen hierdie twéé strominge by te lê. Met wat later weer in Nederland en dan direk hierna in Suid-Afrika van hierdie verskille oorgebly het, kan aanvaar word daar is nie in die versoening geslaag nie (Veenhof, 1959:58-59). Tydens hierdie sinode is daadwerklike gevare van die Gelderse-Brummelkamp-groep aangetoon. Daar is gewys op die gevare om ’n leer van algemene versoening te predik en die plek van die verkondiging van die wet as kennis van sonde en ellende is beklemtoon. Die Gelderse kant het sterk gevaar geloop om die verkondiging van die evangelie belangriker te beskou as die verkondiging van die wet.

Bogenoemde strominge bevat verskeie faktore wat tussen ds. Dirk Postma en ds. J. Beijer baie spanning teweeggebring het. In die tyd wat H.Ph.J. Pasch op die kerklike toneel verskyn het,

het hierdie strominge al sterker verskille oor groter gebiede veroorsaak, verskille wat beslis nog gehandhaaf is. Hierdie *"kleinmenslike"* elemente het so op die roeping van predikante ingewerk, veral met hulle roeping rondom sending aan die Swartes, dat dit groot invloed op H.Ph.J. Pasch en sy roeping veroorsaak het.

Min het Pasch in sy vroeë jare in die Vrystaat besef dat elemente van die Drentse rigting hom 25 jaar later baie ellende in Angola gaan besorg. Daar is bewyse dat die Drentse stroming, wat werk met 'n deterministiese uitverkiesingsleer, telkens as struikelblok in Angola die werk op die gebied van sending teengestaan het. Die moeilikheid is dat die Beijer-tragedie nie maar net een gemeente in die Vrystaat geraak en skade berokken het nie. Lank na die vertrek van ds. Beijer het sy gedagtes nog baie sterk onder baie lidmate bly leef (Van Wyk, 2009: 69). Die gesamentlike saak rondom ds. S.D. Venter van Bethulie, bygestaan deur sy Vrystaatse broer, J.J. Venter[14], en hulle spanninge met ds. Dirk Postma, het heeltyd met Beijer verband gehou. Ds. S.D. Venter was konsulent van Reddersburg. Beijer, met die saak van sending in die GKSA, sou 'n breekpunt in die Vrystaat wees. Die Venter-broers en talle lidmate het met die sending-offensief, wat al hoe sterker in die GKSA na vore begin tree het, al groter verskille getoon. Die afloop daarvan was dat ds. S.D. Venter hom van die kerkverband afgeskei het. Dit het nie net slegte gevolge in Bethulie veroorsaak nie, maar in Reddersburg en Burgersdorp het volgelinge van ds. S.D. Venter gemeenskap met die Gereformeerde kerke beëindig (Jooste, 1958:191). Daar het toe 'n klein gemeente in Burgersdorp tot stand gekom wat hulleself met ds. S.D. Venter vereenselwig het. In Reddersburg het 'n vroeëre predikant van die Gereformeerde Kerk Pretoria, ds. J.S.L. Venter hom in dieselfde kerklike geledere as ds. S.D. Venter bevind en sy roeping op dieselfde lyn as sy van-genoot[15] geplaas.

In werklikheid het die eerste kerkskeuring in die GKSA plaasgevind. Dit gebeur in 1877, sewe jaar voor H.Ph.J. Pasch in Suid-Afrika sou kom. Die nawerking hiervan was alles behalwe iets van die verlede. H Pasch sou met dieselfde sending-spanning, 'n kwart-eeu later, in alle felheid te doen kry.

[14] J.J. Venter was op 'n stadium waarnemende president van die Vrystaat, in die tyd net voor J.H. Brand president sou word. Venter was 'n man wat ''n groot bydrae gelewer het tot die koms van Dirk Postma na Suid-Afrika en spesifiek ná die Vrystaat. Sommige historici soos M. van Schoor (1969:211) noem Venter "die stigter van die Gereformeerde Kerk in die Vrystaat".

[15] Direkte familie-verbintenis het nie tussen hulle bestaan nie.

3.4 STUDENTELEWE

Pasch sou nie die voorreg kon hê om by ds. Dirk Postma, eerste predikant en professor in die GKSA, klas te hê nie. Dirk Postma is aan die einde van 1890 oorlede. Dit is onwaarskynlik dat hy en H.Ph.J. Pasch mekaar ooit vroeër ontmoet het. Pasch het in die laat negentig-jare van die 19de eeu eers deel van die GKSA geword. Dit is wel duidelik dat Postma se nalatenskap aan H.Ph.J. Pasch oorgedra is. Die skoonseun van Dirk Postma, prof. Jan Lion Cachet, wat reeds vanaf 1891 as professor by die Teologiese Skool dien, was die professor wat die grootste teologiese invloed op Pasch sou uitoefen. Postma en Lion-Cachet het hulle reeds vanaf 1869 vir die vestiging en uitbreiding van sendingwerk in die Kerkverband op besonder ernstige wyse beywer (Jooste, 1958:323). 'n Ywer wat in die jong student Pasch se lewe goed tuisgebring was.

Net so tuis sou Pasch moes word in die onderskeiding van die verskillende geestestrominge, waar prof. Lion Cachet besondere waardering getoon het vir die *Réveil* (ontwaking) wat veral vanaf 1819 in Nederland sterk posgevat het. 80 jaar later sou Pasch, nog altyd aan 'n groot held van Lion Cachet, nl. die bekende Nederlandse digter Isaac da Costa, se werke herinner word (Cilliers, 1982:26). Ander name uit die *Réveil,* Bilderdijk en die Christen staatsman, Groen van Prinsterer, sou dikwels in die ore van Pasch weerklink, daar dit die manne was van wie sy leermeesters baie geleer het (Ras, 1981:5).

Pasch het wel as ouer persoon, toe reeds 33 jaar oud, deel gevorm van 'n groep studente heelwat jonger as hy.[16] Nogtans het Pasch aktief ingeskakel op al die terreine van student-wees wat reeds 'n georganiseerde en aktiewe studentelewe en vereningslewe ingesluit het. In 1894 het Korps Veritas Vincet ontstaan (Van der Schyff, 2003:52). Pasch sou later daarvan deel wees. Die "Studenten Letterkundige Vereeniging" het ook reeds 'n paar jaar bestaan waar studente in die kuns van rede- en debatsvoering geslyp is. In die tyd wat Pasch daar was, was dit duidelik dat die liefde vir Afrikaans en die bevordering van die Afrikaanse taal al hoe sterker begin ontwaak het.

[16] In die werk van Laufs (1982:74) is die ouderdom van Pasch verkeerd aangegee. Daar word gestel dat hy aan die begin van die oorlog (1899) 37 jaar oud sou wees. Die getuienis op die huweliksregister van Burgersdorp wys dat Pasch in 1904 38 jaar oud was.

Een van die studentemaats van H.Ph.J. Pasch was J.D. du Toit, die later bekende Totius, wat in 1898 ’n digters kompetisie uitgeskrywe het. Van die 26 studente wat daaraan deelgeneem het, was die gedig wat Pasch voorgedra het, die een met die sprekende titel “Die Afrikaner” (Van der Schyff, 2003:52). Die gedig het uit die hart van Pasch gespreek.

Pasch se groot leermeester, Jan Lion Cachet, was in hart en gedagtes, deel van die Genootskap-manne.[17] Die mondstuk van hierdie beweging, bekend as *Di Patriot,* het gereeld in sy artikels en rubrieke die naam van Jan Lion Cachet as skrywer deurgegee (Cilliers, 1982:26). Van Lion Cachet se bekendste artikels was die rubriek “Zwart pilletjies” waarin hy teenstanders van die Afrikaanse taal aan die kaak gestel het. H.Ph.J. Pasch was onder die studente bekend as ’n Hollander wat ’n vurige Afrikaner was. So sou dit die res van Pasch se lewe kenmerk. Cilliers (1982:25) wys hoe die taal en die belange van die Afrikaners in Burgersdorp op die harte van die mense geskrywe was. Hierin het prof. Jan Lion Cachet ’n groot rol gespeel. Lion Cachet word beskryf as taalkunstenaar en literator wat gou besef het dat Nederlands geen toekoms in Suid-Afrika het nie (Cilliers, 1982:26).

H.Ph.J. Pasch het die spore van Lion Cachet gevolg deur Afrikaans as sy eerste keuse te beskou. Pasch sou met Lion Cachet saamstem, dat as jy die hart van die volk wil bereik, ’n mens tot hulle in hulle eie taal moet spreek. Cilliers (1982:72) wys daarop dat die eerste taalbedrywighede in die distrik van Burgersdorp alreeds in 1858 begin het. Van die taal hoogtepunte in Burgersdorp, enkele jare voordat H.Ph.J. Pasch daar begin studeer het, was die Taalfees van 15-18 Januarie 1893 en die onthulling van die Taalmonument op Burgersdorp in dieselfde tyd. Burgersdorp huisves ook die eerste taalmuseum, wat direk verband hou met die taalmonument. Hierdie ontwikkelinge op die gebied van die Afrikaanse taal het op H.Ph.J. Pasch ’n besondere uitwerking gehad. Onbeskaamd het hy die belange en “drif” van die *Genootskap van Regte Afrikaners,* wat in 1875 in die Paarl gestig was, ondersteun. In H.Ph.J. Pasch se sterfjaar, 1936 word daar nog weer van sy besondere liefde vir die Afrikaans melding gemaak (*Die Kerkblad*, 7 Oktober 1936,12):

> *“Ds. Pasch was een van die Hollanders wat Suid-Afrika nie alleen sy tuiste gemaak het nie, maar wat hom hart en siel vereenselwig het met ons volk en volkslewe intens meegeleef het. Ja, ons het*

[17] Die Genootskap was bekend as die *Genootskap van Regte Afrikaners.* ’n Beweging wat deur agt jongmanne aan die gang gesit is; manne wat hulle beywer het vir die bevordering van die Afrikaans en die belange van die Afrikaner.

wel nog geweet dat Ds. Pasch Hollands van geboorte en afkoms is, maar dit was ook al. Hy het hom só by ons land en volk aangepas dat hy Afrikaner geword het in die volle sin van die woord."

Pasch sou as student nog aan die begin van sy studies staan, toe die Tweede Vryheidsoorlog uitbreek. Die handjievol studente in Burgersdorp was deel van die groep wat in hierdie bittere oorlog uitmekaargeruk sou word (Van der Schyff, 2003:68).

3.5 H.PH.J. PASCH AS SOLDAAT EN KRYGSGEVANGENE

Die Tweede Vryheidsoorlog het vir H.Ph.J. Pasch 'n skielike einde aan hierdie eerste twee jare van studie beteken. Aan die begin van die oorlog het Pasch hom by die Rooikruis gevoeg. Hy het hierdeur groot dienste aan die gewondes onder die Boeremagte bewys.[18] Later neem hyself as soldaat die wapen op waar hy in die noorde onder generaal P. Viljoen, generaal C. Spruyt en kommandant C. Verkuyl, almal deel van die Heidelbergse Kommando, sou veg (*Die Kerkblad*, 7 Oktober 1936:12). Dit gebeur teen 'n prys. In hierdie oorlog word sy regterarm- en been ernstig beseer. Intussen het hy as soldaat eers die rang van veldkornet verwerf. Hierna het hy die rang van kaptein in die oorlog beklee.

Sy pad gedurende die oorlog lei as soldaat weer terug na die Vrystaat. In Edenburg het hy onder bevel van generaal C.R. de Wet en daarna onder kommandant Ackerman geveg. By Kapokfontein (OVS) word hy in 1901 verraai en op 25 Junie 1901 deur die Britse troepe gevange geneem (Laufs, 1982:75). Sy woonadres word op die register van krygsgevangenes as van die distrik Dewetsdorp aangeteken. Die Engelse het hom heeltyd gevange gehou. Hy is aan die einde van 1901 na Bermuda as krygsgevangene verban. 'n Afstand van 11 272 km wat hierdie ballinge weggevoer was van dié land waarvoor hulle geveg het. H.Ph.J. Pasch is in die tyd op die Darrel-eiland van Bermuda aangehou. 'n Eiland klein, rotsagtig en verlate, het H.Ph.J. Pasch se nuwe *"tuiste"* geword. Daar kan aanvaar word dat H.Ph.J. Pasch vanuit sy werk as ambagsman betrek sou word in die bou van paaie, brûe en heinings, waar die eiland geen infrastruktuur gehad het nie (Wessels, 2010:172). H.Ph.J. Pasch het deel gevorm van 'n groep van 1 100 krygsgevangenes wat hier agter doringdraadversperrings in tente aangehou was (Wessels, 2010:175).

[18] H.Pasch sou dwarsdeur sy lewe 'n besondere belangstelling in mediese versorging en die mediese wetenskap bly toon. In "*Beker teenoor kelkie"* (1930) het hy op breedvoerige wyse aangetoon dat daar geen mediese redes kan bestaan teen die gebruik van die beker nie).

H.Ph.J. Pasch sou op die eiland wat roeping aanbetref, met ander predikante wat die eilande besoek het, ds. J.A. Albertyn en later met teologiese student J.A. van Blerk te doen kry (Wessels, 2010:196). Rondom Van Blerk se roeping en bediening word spesiaal van die Gereformeerde krygsgevangenes op Darrell-eiland wat nie met Van Blerk kon saamgaan en saamwerk nie, melding gemaak. H.Ph.J. Pasch het onder hulle getel. Wessels (2010:197) wys daarop dat die Gereformeerdes op Darrell-eiland aparte Kerkdienste gehou het. H.Ph.J. Pasch se ballingskap duur tot 16 Julie 1902. Nadat hy die eed van getrouheid op die Darrel-eiland aan die Britse kroon afgelê het, kon hy na Suid-Afrika terugkeer.

3.6 TEOLOGIESE STUDIES WORD VOORTGESIT

Die roeping om predikant te word, is ’n blywende roeping. Pasch het met sy terugkeer dadelik met sy studies in Burgersdorp voortgegaan.

Die verplasing van die Teologiese Skool na Potchefstroom vind aan die begin van 1905 plaas. Op Maandag 13 Februarie 1905 is die nuwe Teologiese Skool op heuglike wyse in gebruik geneem (Van der Schyff, 2003:89). Die *“Vrystater”* Pasch was nou deel van ’n handjievol (18 studente) wat in Potchefstroom hulle verdere opleiding moet ondergaan (Van der Schyff, 2003:90).

Die pasgetroude Pasch met sy eggenote (en 2 kinders) het saam met al die ander studente, na Potchefstroom verskuif. Waar Pasch en sy gesin die volgende drie jaar sou bly, waar huise baie skaars was, is onbekend. Moontlik in ’n gedeelte van die gehuurde huis onder in Rivierstraat. Moontlik net in ’n klein gedeelte van die sinkhuise- en sinkkamers wat baie studente in daardie jare as dak oor hulle koppe moes aanvaar. Dit is onwaarskynlik dat Pasch en sy gesin saam met ander studente in die pastorie sou bly, waar jy deur die professor se kamer moes stap om in die ander kamers te kom (Van der Schyff, 2003:91). Of hulle moontlik in “Dampieshal” of *“Treuspelhal”* gebly het, is nie bekend nie.

3.7 H.PH.J. PASCH SE HUWELIKE

Kort voor die Teologiese studente van Burgersdorp na Potchefstroom sou gaan, is Pasch op 11 Julie 1904 met Johanna Maria Magdalena Snyman op Burgersdorp getroud.[19] H.Ph.J. Pasch was toe 38 jaar oud en sy vrou 27 jaar (Huweliksregister Burgersdorp, 1904 -1923. 5.1.5. No 4). Johanna was ’n dogter van Casper Jan Hendrik Schutte (*Die Kerkblad*, 7 Oktober 1936:12). Casper Schutte was ’n boorling van Burgersdorp, gebore op 10 November 1873 en in Burgersdorp gedoop op 28 Desember 1873 (vgl. Gedenkalbum Burgersdorp, 1960:57). C.J.H. Schutte se vader was Casper Jan Hendrik Schutte en sy moeder Helena Petronella van Wijk. Op die stadium wat H.Ph.J. Pasch met Johanna sou trou, was sy ’n weduwee wat reeds twee kinders gehad het. Haar eerste man was Andreas Johannes Snyman (Snijman). Andreas is oorlede op 13 Augustus 1899. Hulle jongste dogtertjie, Andrea Johanna Snijman is op 26 Augustus 1899 gebore, dertien dae na haar pa se dood. Johanna sou op 15 Oktober 1899 alleen die kindjie in Burgersdorp moes doop.[20] Van der Westhuizen (1994:49) vermeld die naam van die twee kinders, Casper en ’n dogter Andrea wat uit die Snyman huwelik gebore is, saam met hulle ouers in Angola.

Johanna Pasch is aan die begin van 1929 in Lindley oorlede (*Die Kerkblad*, 16 April 1929:583).[21] H.Ph.J. Pasch is vir ’n tweede keer in 1930 met mej. A.J. Ross getroud. Sy was die dogter van kommandant Ross van Frankfort (*Die Kerkblad*, 7 Oktober 1936:13). ’n Kommandant wat vir H.Ph.J. Pasch lank reeds bekend was, aangesien hulle albei in die Tweede Vryheidsoorlog geveg het, beide in dieselfde gebiede waar Ross dikwels die bevel moes voer. Sy het die biologiese kinders van H.Ph.J. Pasch as haar eie aanvaar waar later aangetoon sal word (hoofstuk 5) dat sy in 1933, saam met haar bejaarde eggenoot ds. H.Ph.J. Pasch, buitengewone druk op die seun G. Pasch uitgeoefen het dat hy predikant moet word. Die brief wat sy in Oktober 1933 aan G. Pasch rondom roeping geskryf het, lui soos volg:

> *“Ons verstaan alles en ons bid gedurig voor jou dat die liewe Heer jou die krag en genade mag gee om een dienskneg van Hem te wordt. Vader het tog zo veel aan die liewe Heer gevraagd om jou*

[19] Die plek van hulle huwelik word in die Eeufees gedenkalbum van klassis Waterberg op p. 119 foutiewelik as Steynsburg aangedui. Die huweliksregister van Burgersdorp bevat hierdie huweliksinskrywing wat op 11 Julie 1904 deur ds. L.P. Vorster voltrek is. As getuies vir die egpaar het saam met J.A. Coetsee ook Jan Lion Cachet, Pasch se teologiese leermeester, die huweliksregister onderteken. J.A Coetsee is moontlik Jan Adriaan Coetsee, seun van Francois Philippus Coetsee en Brechtje Venter.
[20] Die dogtertjie is na haar oorlede pa vernoem
[21] Die sterfdatum van Johanna Pasch word in die Eeufees gedenkalbum van klassis Waterberg foutiewelik as middel 1928 aangegee (vgl. Eeufees-gedenkalbum, 1959:121).

die genade te gee om zij plek eendag in te neem als hy nie meer daar is nie. Ach Gerrit, moeder wil nie hê dat jy zo moedeloos moes wees nie, my seun. Vertrouw op God, Hij zal jou steun en versterk bly aan die voete van Hem Hij zal jou nie verlaat nie."

Dit is duidelik dat die huwelike en gesin van H.Ph.J. Pasch op gesonde gereformeerde beginsels en waardes gebou was. Vanuit die huwelike is al hulle kinders, al was hulle van vorige vader, as hulle eie kinders grootgemaak. H.Ph.J. Pasch het in sy huwelik met Johanna Pasch, haar vorige twee kinders (Casper en Andrea) ontvang en daar is nog vyf kinders gebore (Anna,[22] Lena,[23] Gerrit-GBS Pasch,[24] Schutte[25] en Babie[26]).

3.8 EERSTE BEROEP

H.Ph.J. Pasch sou sy is drie laaste jare van studie in Potchefstroom voltooi. Hy is op 4 Desember 1907 beroepbaar gestel. Die roeping en die beroeping van Pasch bly 'n saak van verwondering. Waar hy as proponent op sy eerste beroep wag, het Pasch se eerste beroep op geen "normale" manier plaasgevind nie. In die meeste gevalle word proponente eers beroep nadat hulle beroepbaar gestel was. Dit is in alle geval die mees ordelike weg dat 'n proponent sy eerste beroep(e) ontvang, nadat hy beroepbaar gestel is (Art 4 KO). Art 4 Kerkorde lui soos volg:

"Die wettige beroeping en toelating van iemand wat nie tevore in die diens van die Woord gestaan het nie en wat deur die klassis waarin hy woonagtig is, voorbereidend (preparatoir) geëksamineer is, bestaan uit:ten eerste, die verkiesing na voorafgaande gebede, deur die kerkraad en die diakens volgens die reëling wat daarvoor plaaslik in gebruik of soos deur die kerkraad vasgestel is en verder in kerke met slegs een bedienaar van die Woord, ook met advies van die klassis of van die konsulent wat hiervoor deur die klassis aangewys is; ten tweede, die ondersoek na die leer en lewe (peremptoir) van die beroepene deur die klassis (waar die beroeping ter goedkeuring voorgelê moet word) wat met advies van die deputate van die partikuliere sinode moet plaasvind; ten derde, die approbasie en goedkeuring deur die lidmate van die betrokke Kerk wat daarin bestaan dat daar, nadat die naam vir minstens drie Sondae in die Kerk afgekondig is, geen wettige

[22] Ongetroud en op jong leeftyd oorlede.
[23] Sy is later met 'n br. Du Plessis getroud.
[24] Hy word die bekende ds. Rabbo Pasch waaroor hfst. 5-6 handel.
[25] Sy is later met 'n br. Malan getroud.
[26] Sy is die eerste eggenoot van ds. P.J. Venter (sr.) wat die gemeentes Matlabas, Potgietersrus, Koedoesrand/ Magol, Enkeldoorns/Salisbury (Zimbabwe), Alberton, Groblersdal en Rustenburg bedien het, 'n seënryke roepingsgetroue bediening van 37 jaar (1942-1979). Babie is op 9 Maart 1952 skielik oorlede, 33 jaar oud, toe hulle in Zimbabwe gearbei het (*Die Gereformeerde Vroueblad*, Mei 1952).

beswaar ingedien is nie;ten laaste, die openlike bevestiging voor die gemeente in teenwoordigheid van die klassikale deputate, volgens die formulier wat daarvoor vasgestel is."

Met H.Ph.J. Pasch se beroeping was daar reeds 'n sesmaande oue beroepsbrief, moontlik vooruitgedateer, wat op die dag van sy beroepbaarstelling deur ds. P.C. Snyman aan hom oorhandig is. Dit was 'n beroep van die Gereformeerde Kerk Humpata, in Angola. Hierdie ongewone werkswyse waarop 'n baie belangrike kerklike saak nl. beroeping van 'n predikant hanteer moet word, was reeds op 17 Junie 1907 in Humpata Angola gereël.

Die wyse waarop H Pasch sy eerste beroep ontvang het, bring vrae na vore omdat daar eintlik net aan die eerste vereiste van die Kerkorde behoorlik voldoen kan word as iemand 'n beroep ontvang, maar sy studies is nog nie voltooi nie. Die Kerkorde veronderstel dat vóór beroeping die peremptoir-eksamen afgehandel moet wees, die approbasie kan alleen van toepassing wees op iemand wat reeds beroepbaar gestel is. Die goedkeuring kan alleen van toepassing wees as die student reeds as proponent mag proponeer, of in die geval van 'n predikant, as sy akte van losmaking reeds in werking gestel is. Nie een van hierdie vereistes het in die geval van Pasch se beroeping na Angola na behore geskied nie.

Ds. P.C. Snyman, predikant van die Gereformeerde Kerk Steynsburg (1903-1915), het in die paar weke wat hy in die middel van 1907 konsulentswerk in Humpata en omstreke moes doen, met 'n gespanne en 'n verdeelde groep mense moes werk. Die ernstige beroeringe in die gemeente was volgens Jooste (1974:119), soos deur Snyman in sy verslag gerapporteer, hoofsaaklik te wyte aan hulle *"eienaardige opvatting oor die sending".* Dit was hier vooraf goed bekend dat 'n beduidende groep van hierdie gemeente daar geen vrede mee kon maak dat 'n predikant van die blanke gemeente tegelyk predikant van 'n anderskleurige gemeente mag wees nie. Die tegelyk Woord- en sakramentbediening aan die anderskleuriges, deur so 'n blanke predikant aan hulle verbonde, sou die aanstoot net vererger.

Die gemeente in Humpata was wel daarvan bewus dat hulle eie siening rondom sendingwerk en die van die kerke in die GKSA, grondig met mekaar verskil. In die GKSA was daar sedert 1897 sprake van 'n sendingorde (in oorleg met die vroeëre Art 52 KO). Die Sinode van 1904 het baie duidelik die verlange uitgespreek, dat daar waar geen aparte leraar vir die sending bestaan nie, die leraars van die blanke gemeentes die sending na hulle vermoë behoort te verrig (Van Tonder, 1998:132). Talle predikante wat vóór ds. P.C. Snyman in Angola gearbei het, wou die roeping tot sending aan die kleurlinge en swartes uitvoer. Daar is deur elke besoekende

predikant eintlik ’n punt daarvan gemaak, dat die stand en vordering met die sendingwerk in Angola, met hulle terugkoms gerapporteer word. Al die predikante wat sedert die gemeente se ontstaan, vanaf 1882, daarheen sou gaan, het besondere aandag aan die gemeente onder die *“mak volk”* gegee. Dit was vir die predikante ’n normale deel van hulle roeping en sending. Dit was ook heeltemal in lyn met talle sinodebesluite wat reeds vanaf 1869 die roeping en belange van sending behartig het (Spoelstra, 1999:18-19).

In Angola was daar vóór Pasch se koms reeds heelwat verwikkelinge wat die roeping van die predikant en sy sending onder die kleurlinge en swartes, op verskillende punte sou raak. Dit het die ongelukkigheid en verdeeldheid in Humpata (Katunda) om verskeie redes laat verdiep. Die een was dat ds. Pieter Biewenga vanaf Mei 1906, noord van die Humpata-mense, die gemeente Que, kon bedien. De Jong (1994:41) wys daarop dat Biewenga in September 1902 meegedeel is dat hy mag proponeer. In 1903 is Biewenga as sendingleraar van die gemeente Katunda bevestig (De Jong, 1994:41). Dit alles het Biewenga se roeping bevestig toe hy as nuwe predikant die nuwe gemeente Que kon begin bedien. Hierdie bediening sou voortaan baie seënryk in Biewenga se roeping verloop. Vir ander gelowiges in Humpata met wie die latere ds. H.Ph.J. Pasch direk sou bots, was Biewenga se roeping vir hulle alreeds ’n probleem. Ds. H Pasch sou later met hierdie gelowiges bots. Que was ’n nuwe gemeente wat op 26 Mei 1906 gestig is en op 28 Mei 1906 het hulle ds. Biewenga beroep. Que was reeds ’n gemeente van 200 lidmate, wat die trekkers was wat hoofsaaklik om boerderyredes, genoodsaak was om nog dieper Angola in te trek. Hierdie gemeente het wye gebiede van Angola beslaan, wat die gebiede Que, Hanja, Bihe en Catambella ingesluit het. Volgens Van Tonder (1998:129) is Biewenga op 21 Oktober 1906 in Que bevestig, amper twee jaar voordat H.Ph.J. Pasch daar sou arriveer.

Biewenga was wel voor sy beroeping as predikant in Angola, reeds as onderwyser onder die wit en die swart bevolking goed bekend. Sy opvatting tot sendingwerk onder die kleurlinge, was in ooreenstemming met hoe daar in die GKSA daarna gekyk was. Hy sou oor sy opvatting en roeping tot die sending onder die gekleurdes, in wye kringe vir die blanke mense in en rondom Humpata geen aanvaarde predikant wees nie. Dit sou later duidelik blyk in die weiering dat hy nie die 41-jarige proponent Pasch in Humpata mag bevestig nie. Pasch se bevestiging as hulle predikant, ver van hulle, sou vir die gemeente in Humpata meer aanvaarbaar wees, as wat Biewenga met die sterk roepingsbewuste sending agtergrond dit mag doen. Humpata was tydens die beroeping van H.Ph.J. Pasch ’n gemeente rondom 530 lidmate waarvan 260 belydende lidmate was en die res dooplidmate (Almanak GKSA, 1908:52). In die 24 jaar wat H

Pasch reeds in Suid-Afrika was (1884-1908), het die kerkverband met bykans 10 000 lidmate gegroei. Dit was in 1908 naby 30 000 lidmate (Almanak, 1908:52). In 1908 was daar 53 gemeentes in die verband van die GKSA (Almanak, 1908:51-52). Dit is ’n merkwaardige toename van 23 gemeentes in die kerkverband vanaf 1884-1908 toe ds. H.Ph.J. Pasch met sy bediening kon begin.

3.9 PIETER BIEWENGA (1865-1955)

Ds. Pieter Biewenga was vir H.Ph.J. Pasch in alle opsigte ’n voorbeeld en aansporing tot ware uitlewing van roeping. Nog vóór H.Ph.J. Pasch in Angola gekom het, was ds. Pieter Biewenga in verskeie opsigte ’n unieke voorbeeld van dryfkrag om sy amp so getrou moontlik uit te voer. Ds. Pieter Biewenga was in Angola vanaf 1894, veertien jaar vóór H.Ph.J. Pasch as geroepe dienaar daarheen gekom het (De Jong,1994:41). In hierdie veertien jaar het P. Biewenga as geroepene en gestuurde volgens die wil van God, maar teen die wil van mense, volhard. Daar is geen aspek waarmee roeping beklemtoon kon word waaraan P. Biewenga nie op een of ander wyse aan voldoen het nie. ’n Mens met menslike swakhede, baie gebreke, in baie opsigte ’n verslae mens wat sy roeping nêrens anders kon uitvoer as net in Angola nie. Hier het H.Ph.J. Pasch hom in sy roeping aangetref. In Angola het ds. H.Ph.J. Pasch vir Pieter Biewenga verlaat, steeds besig om sy roeping uit te voer.

Pieter Biewenga is as enigste seun van sy ouers op 28 Junie 1865 in Zyldyk Nederland gebore, wat die Friese deel van Nederland uitmaak. Sy vader was Tjasse Biewenga en sy moeder Anna Bos (Alberts, 1998:2). Die roeping om predikant te word, was van jongs af Pieter se lewensideaal. Teen sy vader se wense het Pieter in Kampen sy teologiese studie begin. Sy vader het die begeerte gehad dat sy seun as enigste erfgenaam van hulle grond die boerdery moes oorneem. Daarvoor het die kind homself glad nie geroepe gevoel nie. Toe P. Biewenga die eerste jaar van sy studie heelwat vakke nie geslaag het nie, was hy van mening dat sy vader agteraf met van die professore hierdie onreg laat plaasvind het, om hom dan eintlik na die plaas terug te dwing (Alberts, 1998:4). Dit het hom na Leipzig in Duitsland laat uitwyk waar hy verder studeer het. Daar het hy heelwat van sy vakke met lof geslaag, maar wéér nie sy studie heeltemal voltooi nie (Van Tonder, 1998:103). Terug in Kampen het hy gehoop om gou beroepbaar gestel te word, maar het die volgende teleurstelling op hom gewag. Met teleurstelling verneem hy dat hy sy jaar wat hy van sy vakke nie geslaag het nie moes herhaal. Hy het geweier om dit te doen. Die volgende jaar, 1890, het hy homself in Nederland

beskikbaar gestel om leesdienste waar te neem in die gemeentes wat hom uitgenooi het. Die honorarium wat hy uit hierdie dienste ontvang het, het sy lewensonderhoud moes voorsien.

As 25-jarige jongman ontvang hy in hierdie tyd 'n aanbod om in Amerika sendingwerk te doen. Hy gaan daarheen maar het na 'n tyd weer na Nederland teruggekeer. Van Tonder is van mening (1998:103) dat die Engels-Amerikaanse taal en styl hom nie aangestaan het nie. Sy roeping tot die sending bly aangewakker. Hy word in hierdie tyd geloot om as sendeling na Suid-Afrika te kom (Alberts, 1998:3). Sy attestaat het in April 1893 van 't Zandt, Groningen Nederland by die Gereformeerde Kerk Pretoria aangekom. Die kerkraad het nog geen getuienis oor hom kon lewer oor wie hy is en waar hy hom bevind nie. Dit wil voorkom of hy kort na sy koms in Pretoria met mense kontak kon maak wat hom op hoogte gebring het van die trekkers na Angola. Volgens familie-getuies het hy wel in die kort rukkie wat hy in Suid-Afrika was onderwys begin gee, maar sy planne het gou verander. Hy het in Augustus 1894 van Elandsfontein 'n brief aan van sy familie geskryf dat hy op 7 Augustus 1894 met die trein na Kaapstad vertrek om vandaar per skip na Angola te reis.

Dit is so beskik dat Pieter Biewenga en ds. C.J.H. Vorster,[27] wat ook op pad na Angola was, hulle op dieselfde skip Nautilus, op pad na Mossamedes, Angola bevind (Alberts, 1998:3). Hulle het op 4 September 1894 uit die Kaap vertrek. Op 11 September 1894 het hulle in Mossamedes aan land gekom. Daar is hulle deur twee ouderlinge ingewag wat hulle per ossewa na Humpata vervoer het. Hulle het op 22 September 1894 in Humpata aangekom. Met die eerste kerkraadsvergadering op 12 Oktober 1894 waar ds. Vorster as voorsitter opgetree het, was die behoefte aan onderwys duidelik gestel. Hierin het P Biewenga kon voorsien, asof hy geroep en gestuur is. So word hy onmiddellik as onderwyser by die gemeenteskool Humpata aangestel. In dieselfde tyd word daar op 17 Oktober 1894 'n skoolkomitee, op aanbeveling van ds. Vorster, saamgestel om Biewenga by te staan (Van Tonder, 1998:103). Biewenga was gou in aanraking met meer as net die blanke bevolking in Angola. Die bestaan van 'n Gereformeerde kleurling-gemeenskap het sy roeping verder aangespreek.

Hierdie kleurlinge in Angola het ds. D. Postma (jr.), wat in 1888 in Burgersdorp as predikant vir Humpata bevestig was, se besondere aandag gevra. Postma het volgens Jooste (1974:88) op 1 Februarie 1890 die eerste keer breedvoerig uitgewei oor die sendingaksie wat in Humpata aan

[27] C.J.H. Vorster was op daardie stadium predikant van die Gereformeerde Kerk Bethulie.

die gang gesit is. Postma het gemeld dat hulle *"Afrikaans praat en nog so iets van die Bybel en die Christendom af weet".* Dit was Postma wat die aanbod tot verkondiging van die evangelie op besondere wyse aan hulle gemaak het, wat hulle, al was hulle toe nog klein in getal, met vreugde aanvaar het (Jooste, 1974:33). In die tyd wat Postma hierdie sending begin het, het die kerkraad van Humpata, deur 'n kommissie, vir Postma in sy roeping getrou ondersteun. Postma het terselfdertyd sy plan en voorwaardes tot hierdie sending uiteengesit. So skryf Postma in 1890 (Jooste, 1974:89; De Jong, C, 1994:41):

> *"Ons is volstrek nie van plan om van hulle here en juffrouwens te maak nie, want ons is van gevoele dat God aan elke mens sy plek in die maatskappy en Kerk aanwys en eweso ook aan elke volk en aan elke ras op maatskaplike gebied en so lank as dit die Here nie behaag om hulle 'n ander plek aan te wys nie, behoort hulle op hulle plek, in hulle stand en rang hulle plig te ken en te betrag. Daarom dink ons dan ook nie om van hulle skoolgeleerdes te maak nie. Ook het ons dit so aangepak, so aangebied en so gereël en hoop om dit so te bestuur dat daar volstrek nie die minste aan gelykstelling met die lidmate van die Gereformeerde gemeente van Humpata gedink word nie, maar dit verhinder ons nie in die allerminste nie om hulle al die heerlike weldade van die dierbare evangelie en van Gods vrye genade van harte te gun nie; ja ons begeer om vir hulle te wees 'Verkondigers van grote blydskap; ook vir hulle om voete geskoei met die bereidheid vir die evangelie wat lieflik op die berge is, te besorg."*

Hierdie skrywe van ds. Postma het spoedig deur *De Maandbode,* tot die harte van baie gelowiges in Suid-Afrika gespreek. Op 1 Augustus 1890 is daar gerapporteer dat daar reeds £30 ontvang is "vir die bevordering van die godsdiens onder die gekleurdes van Angola" (Jooste, 1974:89). Postma het kort na hierdie skrywe ernstig siek geword en is deur terugslae sodanig getref dat hy in September 1890 spoedig na Suid-Afrika teruggebring moes word. Dit was in die nood van die tyd deur moeilike omstandighede die laaste deurlopende aandag wat aan hierdie kleurlinge gegee kon word. Daar was wel sporadiese besoeke van predikante, wat die blankes besoek het, maar wat nie altyd na behore by hulle kon uitkom nie. Ds. L.P Vorster het in 1892 met sy besoek aan die blanke gemeente wel die kleurlinge toegespreek en hulle "opgewek om hulle kerkgeboutjie klaar te maak" (Jooste, 1974:96). Meer kon hy nie doen nie. Daar kon nie weer deurlopende toegewyde aandag aan hulle gegee word nie, tot die tyd wat Pieter Biewenga in 1895 vir hulle sy roeping en kragte beskikbaar gestel het.

Al het Biewenga meer kere as onderwyser gedien, was sy roeping die hele tyd 'n verlange om die Woord van die Here te bedien. Veral het die kleurling-bevolking in Angola in hom 'n dienskneg van die Here gevind. Hierdie kleurlinge in Angola, wat in die latere roeping en

bediening van H.Ph.J. Pasch 'n uiters sensitiewe rol sou speel, was saam met die Dorslandtrekkers uit Suid-Afrika afkomstig. Die meeste van hulle het as bediendes van die Dorslandtrekkers saam met hulle werkgewers uit die vroeëre Transvaal getrek. In 1890 is daar vir die eerste keer melding gemaak (vgl. brief van Dirk Postma) dat hierdie kleurlinge al hoe meer selfstandig begin raak, waar hulle begin om op hulle eie stukkies grond te boer en hulle eie huise te bou of ouer huise, wat onbewoon gelaat was, te betrek. Terselfdertyd het hulle as moedertaal nog Afrikaans gepraat en wat Biewenga veral aangespreek het, was hierdie mense se liefde vir die Here en sy Kerk, al was dit hoe gebrekkig (Alberts, 1998:4). Hiermee sáám gesien die gebrekkige bediening wat hulle tot nou toe ontvang het.

Dit het die vuur in Biewenga om predikant te word, weer van vooraf aangesteek, veral om onder hierdie mense te arbei. Biewenga besluit in 1895, op grond van sy roeping, om na Nederland terug te keer om sy studie te voltooi. Hy wou baie graag as 'n amptelik geroepene van die Here, voltyds as geroepe en gestuurde predikant dien. Weereens is hy in sy roeping en ywer teleurgestel. Sy beminde, Johanna Bos kom te sterwe, wat hom moontlik in sy tyd in Nederland met soveel rou gelaat het, dat hy weer nie sy studie kon voltooi nie. In 1897 besluit hy om weer na Angola terug te keer (Alberts, 1998:4). In Mossamedes aangekom is hy gestrand, want daar was niemand wat gestuur was om hom te kom haal nie. In die binneland het daar pes onder die boere se vee uitgebreek. Op daardie stadium was daar nie trekosse beskikbaar om na die hawe te gaan nie. Biewenga vind toe 'n Engelse weldoener in Mossamedes, wat vir hom draers te huur aanbied. So is hulle te voet na Humpata. Hy kom in Humpata aan met nog verdere teleurstellings. In die tyd wat hy weg was, het die kommissie wat in sy afwesigheid aan die onderwys aandag moes gee, dit nie gedoen nie. Skoolsake het in hierdie tyd tot stilstand gekom en verder agteruit gegaan (Van Tonder, 1998:105). Hiermee saam het die geestelike versorging van alle mense daar ernstig gebrek gely. Daar het wel tussen al die terugslae, vanuit Suid-Afrika vir Biewenga goeie nuus gekom. Die Sendingkommissie wat as deputate opgetree het, het in die tyd wat Biewenga in Nederland was, hom as "voorganger" of "oefenaar" vir die Humpata gemeente aangestel, met altesaam £100 vergoeding per jaar, bestaande uit £50 vir sy dienste en 'n verdere £50 vir reiskoste (Van Tonder, 1998:105).

Biewenga het met toestemming van die blanke gemeente se kerkraad sy dienste as onderwyser vir die kleurlinge, bekend as die *"makvolk"* aangebied. Die blankes het geweet dat hy verkies om vir die kleurlinge, bo die blanke kinders, skool te hou, want hy het die blankes kon oortuig, dat by die skool vir die kleurlinge hy hom nader aan sy roeping voel. Hy kon terselfdertyd sending onder die ouers en kinders doen. Biewenga het dadelik die onderwys

hervat, met goeie gevolge. In Desember 1898 rapporteer hy dat daar 34 leerlinge by die skool is, 18 manlik, 16 vroulik, waarvan die ouderdomme wissel van party 6 jaar oud tot ander wat 30 jaar oud was (Van Tonder, 1998:105). Sy teleurstelling met samewerking met die blanke gemeenskap het al meer verdiep. Waar daar vergoeding aan hom belowe was, het die kommissie hulle belofte nie nagekom nie. Dit het Biewenga verplig om in die tyd ’n stuk grond te bewerk om sodoende ’n vorm van inkomste te verkry.

Buiten die onderwys het Biewenga in die jare as voorganger vir die “makvolk” gedien. Hy het geen sakramente mag bedien nie en was die reëling met die sendingkommissie dat in geval van eventuele tug hy die hulp van die blanke kerkraad moes verkry. Selfs by die toelating tot belydenisaflegging, was die besluit dat Biewenga met die blanke kerkraad dit moes hanteer (Alberts, 1998:5). Dit het Biewenga tot groot mate moes frustreer omdat die samewerking en hulp wat so nodig was, heeltyd ontbreek het. Biewenga het wel in privaat korrespondensie getuienis gegee van pragtige groei. In ’n brief aan ds. P.C. Snyman van Steynsburg praat hy *“van kragtige bekerings onder die gekleurdes”.* Hy het nie dieselfde getuienis aan die redaksie van *Die Kerkblad* met vrymoedigheid gegee nie, want soos hy dit ervaar het, sou die blankes in Angola, wat daarop gesteld was om hierdie kerklike blad te lees, sy getuienis onder oë kry, en net nog meer negatief op sy werk reageer. Biewenga het eintlik ’n voorsmaak gekry van wat later by H.Ph.J. Pasch in sy volle bittere smaak sou losbreek, as ’n dienaar van God dit waag om vir hierdie *“makvolk”* die Woord na behore te bedien.

In hierdie tweede fase van Biewenga se verblyf in Angola kan kortliks gewys word op die tye wat ds. C.J.H. Vorster daar was, hy wel in die persoon van Vorster ’n meestander gevind het, wat hom goed bygestaan het. Dit was nie toevallig dat hulle pad saam op daardie skip in 1894 begin het nie. Meer as almal sou Biewenga in 1899 hard getref word deur die skielike dood van C.J.H. Vorster, juis op die stadium toe Vorster weer in Angola was. Vorster het op 20 April 1899 in Humpata aangekom en op 20 Mei 1899 is hy in Angola oorlede en begrawe (Jooste, 1974:103). Merkwaardig dat die blanke kerkraad van Humpata, vier dae na Vorster se dood, in ’n notule aangeteken het dat daar besonder positiewe getuienis van hulle kant na die kuratore in Suid-Afrika kan uitgaan, betreffende Biewenga se buitengewone *“eksaminering”* (Van Tonder, 1998:109). Die getuienis lui soos volg:

> *“De kerkraad der gemeente van Jezus Christus te Humpata verklaard by deze dat Pieter Biewenga voor zoover ons bekend is gezond in het geloof en onbesproken in den wandel en dat wij hem met alle vrymoedigheid tot het proponents examen aan bevelen.”*

Ses maande later breek die Tweede Vryheidsoorlog in die Republieke uit, wat verdere ondersteuning en hulp aan Biewenga in die verre Angola vir eers onmoontlik gemaak het. Biewenga is veral hard getref deurdat ds. C.J.H. Vorster se sending in 1899 na Angola 'n opdrag van die sendingkommissie en kuratore ingesluit het dat, vanweë die gesukkel om predikante uit Suid-Afrika te verkry om bediening in Angola te verrig, daar op 16 April 1899 deur die kuratore besluit is om *"eksamenpapiere"* met ds. Vorster saam te stuur (Alberts, 1998:5, Van Tonder, 1998:109). Die bedoeling hiermee was dat as Biewenga bereid was tot eksaminering en hy wel met goeie gevolg hierdie *"eksamen"* aflê, hy dan tot die bediening toegelaat sal word. Hiervoor was die getuienis soos hierbo aangehaal 'n vereiste wat die aansoek moes vergesel. Daar kan aanvaar word dat ds. C.J.H. Vorster se voorspraak by die kuratore, ook wéér by die kerkraad in 1899, grootliks aanleiding tot hierdie positiewe besluit en aanbeveling was. In die lig van Vorster se eerste ontmoeting met Biewenga op die skip in 1894, was hy van die begin af, duidelik en heeltyd oortuig van Biewenga se roeping, ywer en gawes. Nou was Vorster oorlede, sonder om weer met die eksamen-resultate en positiewe getuienis terug te keer. Tesame met die oorlog wat in Suid-Afrika uitgebreek het, het daar 'n lang wagtyd vir Biewenga voorgelê.

Die eksamen-uitslae is sodoende baie later, langs omweë, via Vorster se weduwee aan die kuratore besorg en hanteer (Spoelstra, 1999:45). Weereens verloop twee lange jare vir Biewenga in sy roeping, omdat die manne wat aan sy eksamen verder aandag moes gee, 'n oorlog en verskroeiing van hulle eie moes deurgaan. Dit het dit onmoontlik gemaak vir die kuratore om in die oorlogtyd bymekaar te kom. Dit is in dieselfde tyd wat H.Ph.J. Pasch, sy aan sy met van sy studentemaats, na die front moes gaan om oorlog te maak. Oorlog laat mense in hulle roeping wag, maak nie saak hoe dringend dit is of waar jy jou bevind nie.

Vir Biewenga het die tyd van oorlog in Suid-Afrika nie net sware wagtyd ingesluit nie, maar was sy lewe wel deur ander geroepenes verryk. Die koms van 'n jonge Jan Lion Cachet (Junie 1901) na Humpata, 'n seun van C. Cachet, neef van prof. Jan Lion Cachet, was onverwags, maar was kerklik vir die blankes, die onderwys, maar ook vir Biewenga, 'n groot aanwins (Van Tonder, 1998:108). Ongelukkig was hy nie lank deel van hulle gemeenskap nie. Hierdie "neefkind" het nie in gebreke gebly om in 'n skrywe aan sy oom, prof. Jan Lion Cachet in duidelike terme die agteruitgang van kerklike sake op Humpata mee te deel en hoe dringend daar hulp verlang word nie. Hy skryf ook dat onverskilligheid onder die mense erg begin toeneem het. In September 1901 kom daar nog 'n onderwys-toevoeging, in die persoon van Pieter van der Smit, in Humpata aan. Hy het as onderwyser uit Nederland gekom.

Intussen was die jonge Lion Cachet vir ’n tyd terug na Nederland maar het weer in Maart 1902 in Humpata aangekom. Hy is verblyf in van die leë vertrekke van die pastorie op Humpata gegee en sou met Van der Smit in die onderwys moes saamwerk. Van Tonder (1998:108) is verbaas dat die twee “menere” in verskeie korrespondensie na buite nie van mekaar se bestaan en samewerking melding maak nie. Van der Smit gee in sy roeping meer as net aan die onderwys aandag. Hy het in Angola ’n merkwaardige geldinsameling laat plaasvind, waar hy hom geroepe voel om geld vir die oorloggeteisterde Transvaal in te samel. Die Afrikaners en Portugese het in Angola hiervoor bygedra. Gewoonlik waar die gelowiges in Angola geld nodig gehad het en dit moes vra, het die omgekeerde plaasgevind, hulle kon nou geld gee.

Vir Biewenga het intussen ’n groot gebeurtenis in sy wagtyd op uitslae, plaasgevind. Hy is op 2 Junie 1902 met een van die Dorslandtrekkers se dogter, Johanna Catharina Swart getroud. Selfs net voor die huwelik het die blankes steeds slegte gerugte oor hom rondom sy sendingwerk versprei. Die huwelik kon nie plaasvind voor hy die skinderpraatjies as laster bewys het nie. Die huwelik het wel die goeie gevolg gehad dat Biewenga hierdeur dieper in die Afrikaners in Angola se gemeenskapslewe ingetrek is, alhoewel hy as Nederlander sekere gebruike nie wou laat vaar nie (Van Tonder, 1998:109). Hy het deur hierdie huwelik nie net ’n lewensmaat ontvang nie, maar die huwelik het op die lange duur teenoor hom by meer Afrikaners ’n positiewe verandering van gesindheid laat bemerk.

Roeping en die uitslag op roeping is nie altyd aan die menslike horlosie gehoorsaam nie. Amper 4 jaar later, in September 1902, het Biewenga die uitslag van sy aansoek en “eksamen” kon hoor. Daar gaan nog maande verby, in Mei 1903 het Biewenga die eerste woord kon hoor, dat hy nou bevestig sal kan word. Die goeie nuus is by monde van ds. T. Hamersma aan hom oorgedra, waar Hamersma die eerste geroepene was om ná die bittere oorlog sy tyd en weg te vind om hierdie afgeleë kudde ver van hulle oorsprong weer te besoek. Intussen is hulle ’n kudde wat in Angola al hoe wyer verspreid geraak het en aan wie die behoefte aan bediening voortdurend al hoe moeiliker eise gestel het.

Nou het die groot dag op 31 Mei 1903 vir Pieter Biewenga aangebreek dat hy as bedienaar van die Goddelike Woord (VDM) bevestig kon word.[28] Ds. Hamersma het die bevestiging dáárdie

[28] Alberts (1998:6) stel die dag van bevestiging as 30 Mei 1903.

Sondagmiddag uit Openbaring 5:9 waargeneem (Van Tonder, 1998:110). Vir hierdie gemeente was dit in die roeping van ’n predikant ’n besonder historiese geleentheid. Dit is die eerste keer dat ’n predikant van die kerkverband van die GKSA, buite Suid-Afrika, iewers elders in Afrika, bevestig word, wat dan beteken dat Humpata die eerste gemeente was waar so iéts kon gebeur. Spoelstra (1999:46) stel dat Biewenga dan die eerste opgeleide predikant-sendeling was wat binne die kerkverband van die GKSA gedien het.

Die inrigting van die Sendinggemeente kon met alle erns begin. Biewenga gaan, wat sy roeping in Angola betref, eintlik ’n derde fase binne. Nou is hy predikant van ’n gemeente wat reeds uit 130 gelowiges bestaan. Terselfdertyd ontvang die gemeente nie net vir Biewenga as hulle predikant nie, maar met afgevaardigde hulp van die blanke Humpata-kerkraad word kerkraadslede uit die kleurlinge verkies. Biewenga ontvang opdrag van die Humpata-kerkraad dat hy steeds in sensuursake die hulp van die blanke kerkraad in Humpata moet inroep. Vir ds. Pieter Biewenga was hierdie ’n blye dag, soos hy in sy dagboek aangeteken het. As woning ontvang ds. en mev. Biewenga ’n gebou van pale, latte en klei, waar die vensterrame geen ruite bevat nie, maar is daar wel linne in die oop rame was om die vensters toe te maak. Die binnemure is ook van latte en klei wat met doek oorspan is.

Die derde fase van ds. Pieter Biewenga se roeping en bediening dra vir die latere roeping van H.Ph.J. Pasch waarde in die sin dat in die 9 jaar wat Biewenga reeds in die land gedien het, het, hy die sinjaal moes word wat kon aandui dat sending en die roeping tot sending “gevaarlik” is. As predikant het H.Ph.J. Pasch vir Pieter Biewenga die hoogste respek en waardering gehad. In die brandpunt van bediening het H.Ph.J. Pasch van Pieter Biewenga geskryf: “Ds. Biewenga heeft een heerlijk werk verricht” (*Die Kerkblad,* 1 Jun. 1908- Bijvoegsel).

Hierdie werk van Biewenga het spoedig uitgebrei, met baie seën, maar soos dit met roeping gaan, ook met baie probleme. Die volgende hoofstuk bevat verdere opmerkings in hoeverre Biewenga se roeping en amp as predikant vir H.Ph.J. Pasch geraak het. Biewenga kan as die eerste klein vlammetjie gesien word wat vir H.Ph.J. Pasch in sy volle vuur sou tref. Spoelstra (1999:48) beskryf die roeping tot sending as ’n tydbom wat in Angola met Biewenga begin afloop het en gereed was om te ontplof net wanneer H.Ph.J. Pasch vyf jaar later met sy roeping in Angola kon begin. In die volgende vyf jaar (1903-1908) het in die roeping van Pieter Biewenga die bevestiging voortgeduur dat hy as geroepene Angola al meer noordwaarts moes intrek. Dit het die gebiede van Que, Hanha en Catambella ingesluit. Hy het ’n uitgebreide

blanke gemeente, vanaf 1906 kon bedien, wat hom in sy sending meer ruimte gegee het, as wat die Afrikaners nog in die suide van Angola bereid was om te doen.

3.10 DIE ANGOLATREKKER M.B.T. ROEPING EN SENDING

Om hierdie gesindheid rondom die sending van Biewenga en die teenstand wat hy ervaar het en wat later tot breekpunt gelei het, beter te verstaan, is daar verskeie faktore wat ter afsluiting by Biewenga se roeping, maar by die begin van Pasch se roeping in die gedagtes gehou moet word. Die verskil in die Drentse en Gelderse benadering tot sending is in die hoofstuk (pt 3.3) aangetoon. Dit is duidelik dat Biewenga en al die ander besoekende predikante in Angola, hulle roeping teenoor die swartes en kleurlinge laat beïnvloed het deur die Gelderse benadering. Met die blanke gelowiges in Angola was dit oor al die jare wat hulle daar gewoon het, anders gesteld.

Die Angolatrekkers, waar die eerstes so vroeg as in 1874 uit Rustenburg- en Pretoria-distrikte begin wegtrek het, het wel trekke getoon van die Drentse rigting. Daar is rondom hierdie gelowiges ander faktore wat ook ’n rol sou speel. Spoelstra (1999:47) stel hoe hulle vanaf 1875 in die grootste isolasie begin leef het en met min nuwe ontwikkeling kennis gemaak het. Die meeste van die Afrikaners in Angola se standpunt was nie dat hulle téén sendingwerk as sodanig gekant was nie. Hulle het wel geglo dat daar sendingwerk moet wees, maar hulle het dit wel baie daarteen gehad dat ’n predikant van ’n blanke gemeente tegelyk hom met sendingwerk in ’n gekleurde gemeente inlaat. Dit was in hoofsaak die rede waarom Biewenga heeltyd weggewys was, want hulle het hom as sendeling beskou. Dit het vir hulle op *“gelykstelling”* neergekom as die sendeling ook vir blankes preek.

Trouens, die meeste van die Angola-boere sou self die teenkanting teen gelykstelling as één van die vernaamste redes opnoem waarom hierdie vreeslike trek in Mei 1874 begin is. Dit sou aangetoon kon word, hoe daar verskeie kere as gevolg van politieke reaksie teen ’n bepaalde leier ’n reaksionêre gevolg op kerklike gebied gevolg het. Gesien in die feite dat die belange in politiek en godsdiens vir hierdie trekkende boere in die grootste mate gedeelde belange was. ’n Skeiding tussen Kerk en politiek is daar nie gemaak nie.

In die destydse konteks was pres. T.F. Burgers, toe die president van die Transvaalse Republiek (ZAR), gesien as die gevaarlike persoon en leier van wie hulle wou wegkom. Burgers het vanaf 1871 onder baie kritiek deurgeloop. Veral oor van sy *“vrysinnige”* godsdienstige

leerstellinge en oortuigings, maar veral ook oor sy bereidheid om ’n vorm van gelykstelling tussen die Boere in Transvaal en dan die Engelse in die ander dele (Kaap en Natal) toe te laat en almal onder die Britse vlag te verenig. Dit was een van die redes waarom daar met hierdie Dorslandtrek(ke) begin is (Buter-Pretorius, 2005:214).

In sy politieke konteks is *“gelykstelling”* vir hierdie mense net tussen Brit en Boer reeds onaanvaarbaar gewees. Soveel te meer het hulle gevoel dat op godsdienstige gebied moet ’n blanke predikant, wat hom aan ’n bepaalde blanke gemeente wou verbind, nie ook met swartes of watter ander bevolkingsgroepe daar mag wees, gebonde wees nie. Dit is wat hulle as “gelykstelling” sou afwys in sy sosio-politiese konteks en ook op godsdienstig-kerklike konteks. Die opvatting waarmee hulle uit Suid-Afrika getrek het tot ’n predikant se roeping, is dat as hy predikant vir ’n blanke gemeente beroep is dan moet hy net blankes wil bedien.

Dit was die oortuiging waarmee die meeste blankes in Angola in die ZAR-staat mee opgegroei het. Oudl. T.F. Dreyer, wat in Rustenburg ouderling was maar ook op staatkundige en militêre gebied diep spore sou trap, het in die Sinode in 1876 ’n aanvaarde voorstel ingedien dat blanke predikante belet moet word om in gekleurde gemeenskappe te preek. Spoelstra (1999:47) stel dit dat hierdie mense meedoënloos ’n streep getrek het tussen wie aan swart mense en wie aan blanke mense die evangelie bedien. Dit was vir hulle twee wêrelde en is op velkleur af so behou. Soos die studie verder aantoon was dit duidelik nie die rigting van opleiding wat H.Ph.J. Pasch in Burgersdorp en later in Potchefstroom ontvang het nie. Hy is opgelei en het geglo dat roeping nie tot velkleur beperk kan word en klomp ander mense uitsluit net omdat hulle velkleur en kultuur anders as die van die geroepe predikant is nie.

3.11 SLOT

Wanneer die jeug- en studiejare van H.Ph.J. Pasch saamgevoeg word, staan dit vas dat waar die Here werk kan niemand keer nie. H.Ph.J. Pasch se koms na Suid-Afrika as Rooms-Katolieke lidmaat, waar hy as vakman ’n besondere ambag kon vervul, het die Here die vakman Sy vakman gemaak. Iets van die profesie van Sagaria 1:20-21 kan in die lewe van H.Ph.J. Pasch toegepas word, waar die profesie die gesig bevat van ambagsmanne wat hulle vak in diens van die Woord en die Kerk moes omskep. Getuienis van watter gehalte werk Pasch op siviele ingenieursterrein in die land sou lewer, staan vandag nog in gebruik.

Benewens die brug naby Ficksburg, wat as sy handewerk gemerk staan, het die Here ’n ander *“brug”* geskep. Die brug in Christus, waar Christus mense in sy Kerk roep, maar éérs moet hulle deel van Sy liggaam (Kerk) wees, voor Christus deur sy Gees in hulle die roeping tot bedienaar van sy Woord wek. Dit het Christus alles in die lewe van H.Ph.J. Pasch gedoen.

H.Ph.J. Pasch het ’n besondere brug, die brug van roeping, moes oorsteek. Hy het daar anderkant uitgekom, vermink, sonder arm en been deur ’n oorlog verloor, maar die roeping sou bly. Hy het die verskuiwing van die Teologiese Skool van Burgersdorp na Potchefstroom in 1905 as seker van die oudste studente uit sy groep moes oorbrug. Sy huwelik met ’n weduwee en haar 2 kinders, wat nou sy kinders geword het, maak in alle geval so ’n verskuiwing moeiliker.

Deurgaans het H.Ph.J. Pasch in sy studentejare getoon dat hy hom sal inwerp vir wat sy roeping van hom eis. Daarvoor het hy hom saam met sy leermeester, prof. Jan Lion Cachet, beywer vir Kerk- en kultuursake. Prof. Lion Cachet se roeping en bydrae tot die totstandkoming van die Genootskap vir Regte Afrikaners (GRA), wat hierdeur die Afrikaanse taal in alle uithoeke wou bevorder, was net soveel H.Ph.J. Pasch se roeping en ywer. Die liefde vir Afrikaans en dit wat die taal sou ontsluit, het H.Ph.J. Pasch en J.D. du Toit saam ontdek en as studentemaats naby mekaar gebring. J.D. du Toit (Totius) se liefde vir die Afrikaanse taal is alom bekend. Sy enorme bydraes daartoe staan hoog. H.Ph.J. Pasch, met sy sterk “Hollandse” herkoms, het eintlik gevorderd in lewensjare die eerste maal met hierdie nuwe taal in sy ontwikkeling sou kennis maak, maar die band van die mens met sy taal het Totius en H.Ph.J. Pasch gewys is ’n saak van roeping, om jou taal te ontwikkel en te bewaar.

Hierdie hoofstuk bevat die realisering van roeping wat ’n beroep geword het. Dit word ’n roepstem verby die Dorsland (Namibië). Dit was Dorslandtrekkers en hulle nasate wat ’n predikant wou hê. Aanvanklik klink dit goed en ’n saak van baie vreugde as H.Ph.J. Pasch na sy roeping na Angola in die Gereformeerde Kerk Humpata kan uitsien. Daarna het hierdie hoofstuk ’n voëlvlug oor die lewe van ds. Pieter Biewenga, verál rondom sy roeping waar hy as uitstaande voorganger van H.Ph.J. Pasch in Angola gesien moet word. Biewenga was die eerste predikant-sendeling wat uit die GKSA opgelei was, spesifiek rondom sy roeping, maar terselfdertyd was sy enigste bedieningsveld as predikant, net Angola. Daar het Biewenga begin en daar het hy sy roeping afgesluit, presies daar waar H.Ph.J. Pasch moes begin. Die volgende hoofstuk sal aantoon watter hartseer ontnugtering daar vir H Pasch in die begin van sy eerste “beroep” gewag het toe hy eintlik net sy roeping wou vervul.

Hoofstuk 4

OORGAWE EN UITLEWING VAN ROEPING: H.Ph.J. PASCH

Oorsig:

4.1 Inleiding
4.2 Roeping in Angola
4.3 Volgehoue roeping in Ladybrand
4.4 Roeping in Pietersburg
4.5 Roeping in Lindley
4.6 Laaste lewensjare
4.7 Wyer perspektiewe op ds. H Pasch se roeping
4.8 Beoordeling binne ds. H Pasch se roeping
4.9 Gevolgtrekking en slot

4.1 INLEIDING

Die feit dat H.Ph.J. Pasch na Humpata in Angola beroep was, die beroep aanvaar het, maar nie in sy nuwe land en nuwe gemeente as predikant bevestig was nie, kom vreemd voor. Hy is in Steynsburg bevestig, terwyl ds. Biewenga reeds die naburige predikant van die naburige Kerk in Angola was. Biewenga se roeping om swartes en kleurlinge met die Woord te bedien, het vir die kerkraad in Humpata soveel aanstoot gegee, dat hulle vir Biewenga nie deel van die bevestiging wou maak nie. Dit sou die inleiding wees op ds. H.Ph.J. Pasch se bediening en roeping nog vóór hy bevestig was.

'n Roeping om die evangelie aan alle mense te verkondig, maar 'n roeping waarin hy so sterk teëgestaan is, dat daar binne drie maande na sy aankoms in Humpata, reeds groot spanning en dreigende skeuring rondom H.Ph.J. Pasch se roeping was. In hierdie hoofstuk kom die spanning, stryd en uiteindelike skeuring van hierdie Kerk, rondom H.Ph.J. Pasch se roeping in Humpata aan die orde.

Die onhoudbare situasie in Angola loop uit op Pasch wat in 1910 ingevolge Art 11 KO[29] beroepbaar gestel is. Dit bring weer nuwe spanning na vore, wanneer 'n predikant, ingevolge hierdie beroepbaarstelling, moet wag vir 'n beroep. Sou hy nie beroep word nie, sou hy van sy roeping as predikant afstand moet doen.

Hy word wel na Ladybrand, sy ou tuiste, beroep. Watter implikasies dit vir sy roeping sou teweegbring, sal nagegaan word. Die volgende jare van bediening sou H.Ph.J. Pasch in besonder met die rebellie en die gevolge daarvan, in sy bediening in verskeie streke van die Vrystaat, moes handel. Watter moeilikhede dit veroorsaak het, word aangetoon. In 1920 ontvang hy 'n beroep na Pietersburg. Die moeilikheid met van die distrikte, wat sou insluit groot gebiede van die vroeëre Zoutpansberg gemeente en distrikte, sou Pasch se roeping aantoon. Pasch keer in 1927 weer terug na die Vrystaat, spesifiek na die Kerk in Lindley. Dit is waar die vroeëre Kruiskerke en lidmate met chiliastiese oortuigings, steeds besondere eise aan die roeping van die bedienaar en sy bediening in hierdie omgewing gestel het.

In 1928 verloor ds .H.Ph.J. Pasch sy vrou aan die dood. Sy was 'n besonderse vrou wat haar man dwarsdeur haar lewe bygestaan het. Sy het haar daarin onderskei dat sy haar "roeping" nooit van die van haar man wou skei nie. Die hoofstuk sal aantoon dat 'n predikant in sy roeping baie moeilikhede kan ondervind, as sy vrou hom nie in sy roeping en in haar eie roeping as predikantsvrou kan ondersteun nie.

Die hoofstuk wat oor die oorgawe en uitlewing van die roeping van hierdie bedienaar van die Woord, H.Ph.J. Pasch handel, trek sy laaste skaduwees, waar Pasch, tot op die einde van sy lewe, vir gereformeerdes se bestaan en hulle belydenis, alles opgeoffer het, terwyl hy as Rooms-Katolieke kind en lidmaat die eerste lewenslig aanskou het.

Met onvermoeide ywer sou H.Ph.J. Pasch aantoon waarom hy glo dat die Gereformeerde kerke net die Psalms moet sing *"en niks anders nie".* Hy sou 'n brosjure publiseer waarom die Nagmaal nie met kelkies gevier mag word nie. Sake waarin sy roeping weereens uitstaan,

[29] **Artikel 11** van die Kerkorde lui soos volg: "Die Kerkraad wat die Kerk verteenwoordig, is verplig om sy bedienaars van die Woord met behoorlike onderhoud te versorg en mag hulle nie die onderhoud weerhou of hulle uit hulle diens ontslaan sonder kennis en goedkeuring van die klassis met advies van die deputate van die streeksinode nie."

terwyl dieselfde sake die roeping van soveel predikante tot op hede, direk raak. Dit is dieselfde sake waarmee sinodes in die GKSA, amper 80 jaar na Pasch se dood, steeds mee besig is. In die lewe van vandag se predikante en in hulle roeping bring kelkies en die Kerklied, steeds baie spanning. Dreigende skeuring in talle kerke oor hierdie sake, raak alle predikante se roeping.

4.2 ROEPING IN ANGOLA

4.2.1. Humpata vanaf 1903-1907

Die gemeente wat volgens Stassen (2011:246) op 19 Desember 1881[30] gestig is, het in die 26 jaar van sy ontstaan die meeste van die tyd sonder predikante moes klaarkom. Die kort tye wat daar wel predikante was, was die predikante die meeste kere afgevaardig om konsulent bediening daar te verrig. Die enigste predikante wat op meer voltydse basis daar kon begin werk, was ds. Dirk Postma (sn. M. Postma) wat in 1888 na Angola beroep was. Ná net twee jaar moes hy die land vanweë ernstige gesondheidsprobleme verlaat. Ds. C.J.H. Vorster was van 1894 tot 1897 voltyds predikant daar gewees. In die tyd wat Pasch daar sou aankom, was die gemeente langer as 10 jaar in die grootste mate vakant gelaat. Deur hulle eie toedrag het hulle die geleentheid om van ds. P. Biewenga se dienste gebruik te maak, hulleself ontneem. Biewenga was volgens getuienis onder die lidmate waar hy wel kon werk, baie geliefd. Volgens Viljoen (2001:25) het sy nederige geaardheid en besondere aanvoeling vir die estetiese baie daartoe bygedra.

Die Humpata-gemeente het vanaf 1903 al slegter omstandighede moes hanteer (Van Tonder, 1998:119). Die voortdurende tekort aan bedienaars, kortstondige bediening van afwisselende besoekende predikante uit die GKSA, die stryd wat Humpata met Pieter Biewenga, sedert sy beroepbaarstelling en bevestiging in 1903 bly voer het, het geen heilsame uitwerking kon hê nie. Biewenga het kort na sy beroepbaarstelling, vanuit sy sendingskool, ’n bloeiende sendingaksie aan die gang gesit. Wanneer Biewenga in 1904 oor hierdie werk rapporteer, dan word daar met besondere dank oor sy roeping en sendingwerk gerapporteer (Van Tonder 1998:119). Intussen het Biewenga al wyer begin werk. Hy was vir lang tye nie meer by die skool

[30] Volgens Van der Merwe *(Ons halfeeu in Angola)* is die gemeente op 21 Desember 1881 deur ds. Jan Lion Cachet met 108 lidmate gestig. Om die stigting as 19 Desember 1881 te beskou is meer korrek want die eerste Kerkraad was op daardie dag reeds verkies. Die Kerkregtelike beginsel dat die ampte die Kerk voorafgaan stel dit korrek om die stigting as 19 Desember.1881 te beskou.

in Humpata nie, want het hy Katunda en omgewing begin bedien. Baie van die vroeëre lidmate in Humpata het na hierdie omgewing uitgewyk om daar te boer en ander werke te begin.

In 1905, toe dit bekend word dat ds. Biewenga vir die blankes in die noorde begin Kerk hou, het die kerkraad van die Gereformeerde Kerk Humpata vir Herman Smit na Que gestuur om hulle ontevredenheid oor te dra (Van Tonder, 1998:122). Smit sou in die teenwoordigheid van Biewenga en twee ander ouderlinge dit stel dat hy (Smit) deur die Here gestuur was en dat die Here hom in sy werk voorspoedig sal maak om Biewenga se werk in die gemeente tot niet te maak (Van Tonder, 1998:123).

Intussen was die lidmate in die noorde op ’n besondere wyse deur Biewenga se herderlike werk versorg. Hulle het hom op 28 Mei 1906 as hulle predikant beroep. Die beroep kom twee dae na die Gereformeerde Kerk Que se stigting. Die gemeente is op 26 Mei 1906 gestig. Dit het die argwaan en ontevredenheid in Humpata net vererger. Dit is sekerlik een van die redes waarom Biewenga eers op 21 Oktober 1906 deur oudl. J.H. van der Merwe as die nuwe predikant in Que bevestig is (Van Tonder 1998:124). Biewenga het tussen sy beroep en bevestiging vyf maande bly hoop dat die gemeente in Humpata se gesindheid teenoor sy persoon en roeping sal verander.

In Humpata het hulle volgehou om Biewenga nie in sy roeping as predikant vir ’n blanke gemeente te erken nie. ’n Groot deel van die gemeente, ingesluit Herman Smit, het geweier om Biewenga ook as hulle konsulent te erken. Hierdie optrede staan direk in stryd met die aanbeveling van die Algemene Vergadering dat Biewenga as konsulent in die Gereformeerde Kerk Humpata moes dien.

4.2.2. Herman Smit se rol in die gemeente voor die aankoms van H.Ph.J Pasch

H.Ph.J Pasch se roeping en koms na Angola, spesifiek na die gemeente, Humpata, is lank reeds voorafgegaan deur ’n ander broeder in Humpata wat sy *“roeping”* sterk wou uitvoer. Herman Veeneboer Smit, het as onderwyser vir die blanke-kinders by ’n sg. Boere skool, vanaf Mei 1905[31] skoolgehou (Stassen, 2011:231, Van Tonder, 1998:121). Tussen al die Angolese

[31] PJ vander Merwe *(Ons halfeeu in Angola)* is van mening dat Smit al vanaf 1904 onderwyser in Angola was. Andries Alberts (1990:92) *(In Vreemdelingskap)* stel Smit se jare as onderwyser 1907-1910. Dit kan nie korrek wees nie. Stassen se datum lyk die beste nagevors te wees.

boere-onderwysers, waarbinne daar gedurige vinnige wisseling was, het Smit uitgestaan as een wat die langste as onderwyser kon dien. Herman Smit was ouderling in die Gereformeerde Kerk Humpata. Van der Merwe (1951:23) wys op die agting en respek wat Smit in die kerklike gemeenskap van Angola geniet het. Volgens Van der Merwe het Smit tot in 1928 in Angola gebly waar hy in baie opsigte, insluitende kerklike sake as sekretaris gedien het.

Smit het kort na sy aankoms uit Amsterdam hom aanvanklik vir een jaar in Burgersdorp gevestig. Dit wil voorkom of Smit in daardie tyd 'n jaar aan die Teologiese Skool gestudeer het (Van Tonder, 1998:121). Dit sou in 1903/1904 moes wees; kort ná die Tweede Vryheidsoorlog beëindig was en voor die studente na Potchefstroom sou oorgaan. Die naam van Smit kom nie onder die studente voor wat kort voor die uitbreek van die Vryheidsoorlog deur Laufs (1982) gedokumenteer is nie. Dit wil voorkom of Herman Smit en H.Ph.J. Pasch mekaar al in Burgersdorp leer ken het.

Die kerkraad in Humpata het in 1906 besluit om Herman Smit, op 'n proeftyd van drie maande as hulle "predikant"aan te stel. In die tyd moes hy voltyds die werk van 'n herder en leraar verrig (Alberts 1998:7). Die kerkraad in Humpata was tot hierdie optrede gedwing vanweë die aanhoudende stryd om predikante uit Suid-Afrika te verkry. Aan die ander kant wou hulle nie vir ds. Biewenga, wat in dieselfde land as hulle geroep was, in sy roeping erken nie. Die besluit van die kerkraad het reeds ingehou dat Smit kragtens Artikel 8 (KO) aansoek tot die bediening as VDM[32] sal doen[33].

Hierdie aansoek van Smit het op die Algemene Vergadering gehou te Elliot op 7 Februarie 1907 gedien. Na daar volledig op die aansoek ingegaan is en die nodige preek gawes bewys moes word, was die eenparige besluit van die vergadering anders as wat Smit en 'n groot deel van die gemeente in Humpata dit verlang. Die vergadering het besluit dat by Smit is wel die aanleg tot studie teenwoordig, maar "geen singuliere gawes volgens sy opvatting van Artikel 8 K.O. nie" (Alberts, 1998:8). Dit het impliseer dat as Smit sy roeping as predikant wil beoefen hy die nodige teologiese studies en opleiding, soos normaalweg met predikante in die GKSA die geval is, suksesvol moet afhandel. Dit waarmee H.Ph.J. Pasch tot aan die einde van 1907 nog mee

[32] Die afkorting VDM staan vir *Verbi Divini (Dei) Minister*- Bedienaar van die Goddelike Woord

[33] **Artikel 8 van die Kerkorde lui soos volg: "**Dat persone sonder voorafgaande studie, onder buitengewone omstandighede, wel tot die bediening toegelaat mag word, sou dit duidelik wees dat hierdie persone wel besondere buitengewone gawes *(singuliere gawes)* van die Here ontvang het om die roeping as herder en leraar uit te voer."

besig was. Uit die aard van die besluit was Smit teleurgesteld. Veral ná hy nog weer toestemming wou vra om die vergadering toe te spreek en dit hom geweier is en sy aansoek onsuksesvol was (Jooste, 1974:116).

Smit het kort hierna ’n brief aan die vergadering gestuur waarin hy sy roeping as VDM herbeklemtoon. In die brief het hy dit duidelik wou maak dat hy in *“in geen ander kerkgenootskap wou optree nie, aangesien hy van gereformeerde oortuiging was”* (Jooste,1974:117). Smit het terselfdertyd te kenne gegee dat hy die besluit van die vergadering respekteer. Hy sou graag hulle aanbeveling om as predikant te studeer wou uitvoer.

Intussen het die gemeente in Humpata van hierdie besluit kennis geneem, waarby ’n groot deel van die gemeente as ondersteuners van Smit se aansoek hulle eie teleurstelling sou voeg. In die lig van die spanninge en teleurstellings wat hulle op drie kante omring, het die omstandighede in Humpata hierdeur nog meer versleg. Die kwessie oor hulle opvatting oor sendingwerk, Biewenga wat sy roeping in hulle buurgemeente Que geseënd uitoefen, maar Smit wat nie toegelaat is nie, sou die driehoek van spanning en stryd rondom die gemeente net nouer trek.

Herman Smit se roeping as onderwyser is telkens deur ander beroepe afgewissel, maar hy het na teleurstellings elke keer weer die onderwys hervat (Alberts, 1990:92-93). In 1912 was hy ’n tyd lank transportryer oos van Luanda in Malange. In 1915 het hy weer begin skoolhou. Sy vrou het hom gedwing om op familiegrond te gaan boer, maar “hy was nie vir boerdery in die wieg gelê nie” (Alberts, 1998:93). As onderwyser het hy sukses bepaal. Hy word deur Alberts (1990:93) beskou as die onderwyser wat die grootste getal Afrikaanssprekende kinders wat daar in Angola was beïnvloed het. Hy het gesorg dat die kinders ook Portugees moet kan praat. Aan die einde van sy loopbaan het hy ’n rekenmeester by ’n Portugese firma in Angola geword. In 1928 was hy die sekretaris van die trekkommissie toe die grootste deel van die Dorslandtrekkers en hulle nasate na Namibië teruggekeer het.

4.2.3. Aanloop tot en beroeping van ds. H.Ph.J. Pasch

Wanneer ds. PC Snyman, in opdrag van die Algemene Vergadering die gemeente in Junie 1907 besoek, is daar reeds na die verdeelde en ontroerde gemeente verwys wat hy daar aangetref het (kyk hoofstuk 3). Nadat daar verskeie vergaderings gehou is, waarbinne gemoedere onstuimig was, het Snyman daarin geslaag om soos dit gestel word, die

"persoonlike twiste wat tot beroering van die gemeente gelei het, binne die eerste 14 dae by te lê" (Jooste, 1974:119).

Op die oog af het dit voorgekom of daar wel op die pad van vrede en versoening, deur bemiddeling van ds. Snyman, goeie vordering gemaak was. Die gemeente het in hierdie proses die hand van vrede al verder uitgesteek. Om hulle tevredenheid met die proses te bewys het hulle, in die afhandeling van die vredesvoorstel opgestaan en 'n Psalm saamgesing. So het dit gekom dat die gemeente met Snyman daar teenwoordig, weer voltyds 'n predikant wou beroep. Dit het almal welgeval. Die proses is met ywer in ooreenstemming met die bepalinge van die Kerkorde afgehandel. Ds. Snyman het by hierdie vergadering uit 1 Korintiërs 12 voorgelees wat handel oor die eenheid wat daar in die Kerk moet wees (Van Tonder, 1998:131). Dit nadat die die beroepsbrief reeds opgestel en die traktement reeds vasgestel was.

Op 17 Junie 1907 is tot beroeping oorgegaan en teologiese student H.Ph.J. Pasch is beroep. Hy word met 73 stemme teenoor dié 2 vir ds. Snyman verkies (Van Tonder, 1998:131; Jooste, 1958:337). Die kerkraad was daarvan bewus dat Pasch eers aan die einde van die jaar beroepbaar kon wees as hy sy studies suksesvol afgehandel het en hy dan beroepbaar gestel sou word. Hierdie vooruit handelinge toon die ywer en verlange van die gemeente om weer hulle eie predikant te kon hê. Dit het meegebring dat hulle kragtens bepaalde voorwaardes moes handel. Die afspraak met ds. Snyman was om hierdie beroepsbrief terug te hou en sodra Pasch kon begin proponeer, die beroepsbrief dadelik aan hom te oorhandig[34].

In dieselfde tyd wat Pasch se beroep afgehandel is, het Snyman versoek dat hy die sendinggemeente in Humpata wil besoek om aan hulle die Woord en sakramente te bedien. Dit was vir ds. Biewenga onmoontlik om aan hierdie sendinggemeente enige verdere hulp te verleen. Die lidmate in Humpata het ds. Snyman se versoek om in die sending te help, nie

[34] Die gebruik om studente *"vooruit"* te beroep nog voor hulle beroepbaarstelling bring kerkregtelike vrae. Dit blyk dat hulle dit as die kondisionele weg wou regverdig, wat dan 'n beroep "by kondisie" sou wees. Later het ds. H.Ph.J. Pasch by sy vertrek uit Pietersburg aan die einde van 1927 die Kerkraad in Pietersburg so gelei om student J van Rooy ook vooruit te beroep (Die Kerkblad, 1927; 6 Des:355). Dit is dieselfde wyse waarop hy, ds. Pasch in 1907 beroep was. Hierdie wyse van beroeping het toe heelwat teenkanting vanuit die kerkverband teweeggebring. Op die vergadering van die kuratore is daar spesifiek aan prof. J. du Plessis opdrag gegee dat waar studente voor hulle beroepbaarstelling beroep word daar in *Die Kerkblad* gewaarsku moet word "teen dergelike ongereeldhede", ook sal Kerkrade daarop gewys word dat studente geen amptelike werk mag doen nie. Studente mag ook alleen binne die kerkverband optree (Die Kerkblad, 1927; 20 Des:367). Ds. Pasch het in daaropvolgende korrespondensie die saak van Pietersburg wou verdedig (vgl. Die Kerkblad, 21 Feb. 1928:445).

toegestaan nie. Dit moes Snyman in groot mate verontrus dat hy ná alles, in die twee maande lange intensiewe bediening in die gemeente, nie kon slaag om die lidmate tot hulle roeping en verantwoordelikheid in die sending te oortuig nie. Hy het toe wel, soos hy dit gestel het, op eie verantwoordelikheid die gemeente besoek (Van Tonder, 1998:132). Snyman het dit duidelik gemaak dat hy ’n mate van onrus met hom teruggeneem het, toe hy weer na Suid-Afrika kon terugkeer. Hy het hierdie waarskuwing dat die sendingsituasies in Humpata plofbaar was, duidelik oorgedra (Van Tonder,1998:133).

Intussen het H.Ph.J Pasch sy studies suksesvol afgehandel (Van Tonder, 1998:135; Jooste,1974:125). Daar was later deur W. Venter die gerug in Humpata versprei dat Pasch nie behoorlik opgelei was nie (Van Tonder, 1998:202). Die feite van sy studies en beroepbaarstelling bewys die teendeel. Op 4 Desember 1907 is hy beroepbaar gestel. Direk hierna het ds. P.C. Snyman gehandel soos dit ses maande tevore op Humpata gereël is. Proponent Pasch het dadelik sy beroepsbrief ontvang, waarvan hy seker vantevore ingelig was. Hy het nie geaarsel om die roeping op te volg nie.

Hierna het daar rondom Pasch se bevestiging vir die Kerk in Angola wat die inwendige roeping nou deur die uitwendige roeping bevestig kon word, ’n verandering van sake plaasgevind. Watter vreugde sou dit vir Pasch en sy gesin beteken, dat hy wat as Rooms-Katolieke lidmaat in Suid-Afrika begin het, 24 jaar later, op die punt staan om nou sy roeping as VDM met al die struikelblokke wat dit voorafgegaan het, te begin.

4.2.4 Buite Angola bevestig (3 Januarie 1908)

In die geval van Pasch sou dit gou duidelik word dat roeping nie maar sommer net ’n replika aangeleentheid is van die een se roeping is maar dieselfde as dié van die ander nie. Gewoonlik word so ’n beroepe predikant in die gemeente waar hy nou gaan dien, in die amp bevestig. In die geval van ds. H.Ph.J. Pasch het dit anders gewerk. Ds. P.C. Snyman wat ses maande gelede hierdie beroeping in Angola moes behartig, sou nou vir Pasch in sy amp bevestig maar nie waar H.Ph.J. Pasch sou arbei nie, maar die bevestiging het op 3 Januarie 1908 in Steynsburg, Snyman se tuisgemeente plaasgevind.[35]

[35] Ds. H Pasch se bevestiging ver van die gemeente waarheen hy beroep was, was ongewoon, maar nie uniek nie. Nog weer jare later, in 1933, toe ds. A.L. Aucamp na Eldoret Kenia beroep is en hy die beroep aanvaar het, is hy as jong proponent in Suid-Afrika deur ds.H.J.R. du Plessis van Bronkhorstspruit in die Gereformeerde Kerk Bethal bevestig (Die Gereformeerde Kerk Burgersdorp, 1960:116).

Dit sou later duidelik word dat die lidmate in Humpata tog hierdie orde van bevestiging verwelkom het. Dit het Biewenga wat op die stadium die enigste predikant in Angola was en wat wel die bevestiging in Angola sou kon doen, doeltreffend uitgeskakel.

4.2.5. Dadelike spanning en stryd by sy aankoms in Humpata

Ds. H.Ph.J. Pasch het op 15 Februarie 1908 in Humpata aangekom (Van Tonder, 1998:135). Die gemeente het hulle eerste eie predikant kon ontvang wat deur die gemeente beroep is.

Die lidmate wat ds. H.Ph.J. Pasch sou ontvang, was so anti-Biewenga ingestel dat daar aanvaar kan word dat enige predikant wat met dieselfde erns en toegewydheid as ds. Biewenga sendingwerk wou doen, ’n resep vir groot spanning en verdeeldheid sou skep.

Ds. H.Ph.J. Pasch het baie kort na sy aankoms sy werk met groot erns aangepak en die gemeente deurgegaan. Dit sou vir Pasch baie duidelik wees dat die grootste deel van die gemeente ernstige verskille met die sinodebesluite van die GKSA rondom sendingwerk toon. Pasch het sy roeping tot die sending as volg bewoord:

> *“... mijn kruis. Want de Satan heeft dadelijk by mijn aankomst laten weten "Als ik my met de zending inlaat zal de gemeente kwaad zijn."* (Pasch 27 Feb 1908).

Pasch was baie duidelik daarop ingestel, soos wat sy lewe tot dusver sou toon, dat om roepingsbewus en roepingsgetrou te wees, hy nie die standpunte van die gemeente kan kondoneer nie. Dit alles het veroorsaak dat Pasch baie simpatiek gestaan het teenoor die sendinggemeente wat reeds in Humpata was.

In die middel van Maart 1908 het Pasch, saam met ’n helper daar, nl. ’n br. Nannings[36], die sendingstasie die eerste keer besoek. Die bepaalde Sondag 15 Maart 1908 het Pasch na afloop van die bediening van die Nagmaal in sy tuisgemeente Humpata, die volgende dae na

[36] Pasch verwys na Nannings as “Mannings” (Het Kerkblad, 1 Jun. 1908: Bijvoegsel). Nannings is deur ds. Biewenga op 7 Maart 1908 aanbeveel dat hy as jong Hollandse onderwyser en oefenaar vir die sendingstasie Katunda by Humpata diens sal doen. Dit is met algemene stemme goedgekeur. Nannings en sy gesin het op 23 April 1908 by Katunda naby Humpata op die sendingstasie aangekom. Hy was hartlik daar verwelkom deur die sing van Psalms en christelike liedere (Van Tonder, 1998:214)

die Kleurling-gemeente vertrek. Daar was 31 Kleurlinge wat op sy koms gewag het. Hy sou die grootste deel van die week by hierdie hierdie mense, hulle geloof, nood en omstandighede aanhoor. Hulle Kerkgebou was netjies en in orde. Hulle het Pasch met sang wat vol blydskap was, ontvang (Van Tonder 1998:137). Hy was in besonder deur hulle honger na die Woord en hulle bedieningsnood geraak. Volgens Jooste (1974:126) was daar vier babas wat gedoop moes word. Daar was selfs volwassenes wat gewag het om belydenis van hulle geloof af te lê. Van hierdie volwassenes was nog ongedoop en wou graag na hulle belydenis die doop ontvang. Pasch het later sy eerste indrukke van wat hy daar onder die die Kleurlinge bevind het as volg in die Kerkblad opgesom dat "Ds. Biewenga heeft een heerlijk werk verricht" (Die Kerkblad, 1 Jun. 1908:Bijvoegsel).[37] Een van die kleurlinglidmate, Ragel van der Merwe se getuienis oor Biewenga was treffend: *"Die Hollander het ons geleer. Geleer!"* (Van Tonder 1998:132).

Pasch het in hierdie tyd geen gras onder sy voete laat groei nie en het in die week huisbesoeke met die oog op Nagmaal gedoen. Hy het saam met hulle wat graag belydenis van hulle geloof wou doen en hulle kinders wou doop, die nodige afgehandel. Pasch het dit duidelik gemaak dat hy eers met die blanke kerkraad die nodige reëlings sou tref (Van Tonder 1998:137). Vir ds. H.Ph.J. se tuisgemeente was hierdie optrede en roeping van Pasch heeltemal onaanvaarbaar (Jooste 1974:127).

4.2.5.1. Breekpunt oor sending

Reeds Vrydag 20 Maart 1908 is die eerste lidmate wat hulleself bekendmaak as *"krachtige tegenstanders van de zending"* (Van Tonder, 1998:138) in Pasch se voordeur. Hierdie lidmate het hulleself as verteenwoordigend van die gemeente se standpunt wou handhaaf. Net die volgende dag is 'n kommissie van die kerkraad daar, vier ouderlinge, wat wil weet wat hy by die sendingstasie gedoen het. Hierdie ouderlinge het dit onaanvaarbaar gevind dat Pasch daar gepreek het. Sondag 22 Maart 1908 is die erediensbywoning baie swakker, want die sending teenstanders het besluit om die erediens te "boikot".

Dit was die begin van 'n klein vuurtjie, waar die kole van verset teen die sendingwerk, vorige kere onder ligte lagies as kon lê. Duidelik was Pasch nie van plan om met die as, die kole van

[37] Hierdie aparte byvoegsel by Die Kerkblad van 1 Jun. 1908 bevat belangrike inligting soos o.a. die brief van ds. H.Ph.J. Pasch wat hy reeds op 13 April 1908 aan prof. J.Lion Cachet geskryf het.

hierdie sonde, liggies toe te krap nie. Hy het geglo hy moet doen wat sy roeping van hom eis en wat hy glo reg is. Al het ds. Snyman minder as ’n jaar tevore gehoop dat hy *“die weg vir die sending aldaar volgens die insigte van die Sinode oophou en vir die komende leraar die posisie eenvoudig maak”*, was dit duidelik dat die gemeente dit nie aanvaar het nie (Jooste, 1958:338).

By die gemeentevergadering gehou op Maandag-oggend 6 April 1908, het die spanning baie hoog geloop. Ds. H.Ph.J. Pasch het die vergadering geopen deur ’n gedeelte uit Hand.4 te lees waarin hy dit duidelik maak dat die gemeente sal moet oordeel of dit reg is voor God om die gemeente meer gehoorsaam te wees as vir God. Dadelik het verskeie broeders hulle besware teen ds. Pasch se opening en roeping teenoor die sending, op duidelike wyse die een na die ander openbaar gemaak (GKSAA: Humpata, Notuleboek 1903/05/23 – 1908/04/16. 1.1.3, 6 Apr. 1908; Artikel5).

Br. Andries Alberts was die eerste wat wou weet waarom Pasch na die sendingstasie gegaan het. Soos Alberts dit stel: *“hy verzet sich met macht tegen iedere voet die onze leeraar naar de kafferstatie doet”*.

Dit is duidelik dat die grootste deel van die gemeente nie ds. H.Ph.J. Pasch se roeping teenoor die *“stasie”* as uitgangspunt wou neem nie. Hulle het hom as *hulle* leraar beskou: *“en niet die den kaffers en volgens Psalm 62, Job 15, Mat.28:8, Mat. 10 en Rom. 15 en Heb. 7:6 heeft de predikant geen recht om kaffers te bedienen.”*

Dit kom baie duidelik daarop neer dat meeste van die sprekers van mening is dat ds. Pasch net ’n roeping teenoor hulle as gemeente mag hê en nie tegelyk geroepe kan wees om die Kleurlinge direk in hulle eie omgewing te bedien nie.

Paul Venter wil sy beswaar reeds met die opening in verband bring deur te stel dat die hoofstuk uit die Woord van die Here wat ds. Pasch as opening gelees het, ewe veel betrekking het op die predikant “als op de gemeente”. Duidelik wys die die notule dat in hierdie vergadering dit soos slagordes was wat teen ds. Pasch se roeping opgestel was. Spreker na spreker wil hom in sy roeping teëgaan. Koos Botha wil wel sy bereidheid om geld vir die sending te gee duidelik maak “maar myn predikant niet naar de statie”. So sluit Willem en Koos Opperman hulle hierby aan: *“...wij moeten een leeraar voor de statie krygen maar niet onze predikant naar de statie.”* Baie duidelik het van die sprekers in die vergadering roeping wou bepaal as ’n kwessie van dit kan

teenoor die wittes wees maar dan nie tegelyk vir die swartes nie. So het Willem Venter en Flip van der Walt hom gevra:*"…zegt wie heeft geroepen? Wit of swart".*

Br. Jan Labuschagne stel dat hy:

> *"niet tegen de bediening van de kaffers maar als het moogelyk is, moet ieder zyn predikant hebben. En als wij moeten onzen leeraar met voorwaarde (om optioneel) beroepen hebben dan was, het recht, hij vraagt of de praeses genegen is, het Evangelie voor de kaffers te verkondigen ja of neën."*

Verskillende male is daar aan ds. Pasch gevra of hy bereid sou wees om ook die sakramente aan hierdie gemeente te bedien. Ds. Pasch het dit duidelik gemaak dat dit gedoen moet word. Toe Andries Alberts weer die vraag vra was Pasch se antwoord: "Ja, van ganschen harte". Na hierdie openhartige antwoord waarin Pasch sy roeping duidelik wou maak het ds. Pasch as volg gereageer in 'n antwoord wat hom baie verkwalik was:

> *"De voorsitter vraagt aan de vergadering of sommige hier denken dat ik als een hond of slaaf ben, of ik ook geen vrye tyd het om in den week die sacramenten den kaffers te bedienen, of ik een huurling ben."*

Hierna het daar 'n swaar stilte gevolg waarna Gert Alberts (jr.) sê: *"dan is de predikant niet voor my."*

Gert Alberts (sr.) volg direk hierna met die vraag of br. Pasch *"zich onderwerpt aan de Dordtsche Kerkorde".* Hierop het Pasch geantwoord: *"Die heb ik ondertekend en wyk daarvan niet af".*

Die spanning rondom ds. Pasch se roeping om wel sendingwerk te doen het eenvoudig swaarder en swaarder opgelaai. Van die broeders het Pasch se woorde wou verdraai deur te beweer dat hy die gemeente as *"hond"* voorgehou het. Hierop het Pasch dit duidelik gemaak:

> *"het-woord hond heb ik niet van de gemeente gebesigd maar van my omdat ik in die gedachten van velen geen voetstap op de statie mag doen, nergens gaan sonder toelating dan kerkeraad, myne predikant, wij betalen hom niet de kaffers als dat so is dan ben ik een hond, slaaf en huurling en geen herder en leeraar en bedienaar des Woords."*

Die beskuldigings word toe al erger. Gert Alberts maak toe die volgende bewering: *"Br. Pasch is hier om de menschen te bedriegen; om de blanken en swarten samen te brengen en dat hy de menschen maar ophoudt om salaris te trekken".*

Op hierdie wilde aantyging het ds. Pasch as volg gereageer: *"Dan zou ik weder een hond zyn; hy die werkt als bedienaar des Heilige Woord om geld, te bedriegen en gelykstelling te bewerken".*

Die feit dat die hond-metafoor weereens die dag na vore kom, het meer broeders beswaar. Herman Smit het rondom die metafoor van die hond uitspraak as volg gereageer: *"der heelen dag spreekt Eerw van hond".*

Hierna word die gemeente Que by die spanning betrek deur te wil vra of ds. Pasch sommer daar ook sou gaan preek. Heel tereg het ds. Pach geantwoord dat hy nie daarheen, sonder toestemming, sou gaan nie, want wat die stasie aanbetref staan dit onder toesig van hierdie gemeente waarvan hy die predikant is.

Daarna word daar vir die eerste keer van skeuring gepraat. Paul Venter het aan ds Pasch gevra: *"of hy een scheuring wil maken in de gemeente ja of nee".*

Ds. Pasch het as volg geantwoord: *"De grootste scheuring in het ryk van Satan heeft Jesus Christus te weeg gebracht, maar ik wil en mag geen scheuring maken. Maar mens moet God meer gehoorsamen dan menschen."*

Weer word die vraag gevra of ds. Pasch na die sendingstasie wil gaan. Ja, of nee. Ds. Pasch bevestig dat hy daarheen moet gaan om die sakramente te bedien. Die eerste openlike dreigement rondom 'n skeuring wat gaan plaasvind was die van W. Opperman. Hy het opgestaan: *"en vraagt zyn naam uit het boek te schrappen".*

In die notule staan dan geskrywe: *"Velen roepen met kracht uit myn ook, ik ook –ik ook".*

Hierop het ds. Pasch gereageer: "*Broeders u weet niet wat u doet*".

Herman Smit het in hierdie stadium navraag gedoen na die status van hierdie vergadering. Sy vraag was of hierdie vergadering as 'n gemeentevergadering erken word. Ds. Pasch het

geantwoord *"Ja,".* Daarna wou br. Willie Venter die vergadering ten einde probeer bring deur as volg te stel*: "Wat is er nog meer van noode de predikant heeft gezegd naar de stasie te zullen gaan."*

Ds. Pasch wend nog weer 'n poging aan om versoening te bereik deur as volg die sake op te som:

> *"Dat hy alles wat br. G. Alberts (sen) overeenkomt behalve met een punt. De punten van overeenkomst zyn 1.Dat God scheiding gemaakt heeft en dat die stuk gehouden moet worden. 2. Dat het Evangelie aan allen gepredikt moet worden. 3. Dat ieder gemeente zyn eigen leraar moet hebben; en nu waarover wij niet eens zyn, is dat de stasie geen leeraar nu heeft en zy roept om te doopen en avondmaal te helpen tot tyd en wyl er een leeraar is. En tegen het bedienen den heilige sacramente in nood zyn de broeders tegen. Daarom zegt de voorsitter wil ik geen consulent der gemeente zyn en geen vergoeding trekken voor den arbeid maar eens, nu wij een oefenaar hebben en de drie maanden de sacramenten bedienen maar altyd als noodhulp. De voorsitter heeft nu de iederen waarom hy de roepstem van de statie niet kan weigeren en doen moet, doen wil en daartoe de macht heeft."*

Direk hierop volg Pasch met sy verklaring hoe hy die sinodebesluit verstaan:

> *"De praeses geeft nu verklaring van de synode artikelen nl. het recht van consulent der vacante gemeente en de zendings artikelen. Hy vraagt aan de gemeente of er iemand hier is, die staande in myns plaats als herder en leeraar en een opening siet tot ontkoming."*

Daar was geen antwoord nie maar het Andries Alberts die vraag gevra: *"Wie zyn de heidenen?"* Ds. Pasch het as volg geantwoord*: "Allen die niet door den doop ingelyfd zyn in de gemeente Christi"*. Uit die antwoord konkludeer Alberts: *"Dan zyn de kaffers aan de statie geen heidenen".* Die notule stel ds. Pasch se antwoord soos volg*: "Juist zegt de voorsitter dan is, het een gemeente en broeders in Christus en moeten gehelpen worden".*

Die vergadering het hulle nie laat oortuig nie. Eerste reageer br. Willie Venter: *"en zegt die antwoord der zending stryden met Gods Woord".* Br. Gert Alberts volg hierby*: "zegt dat hy die Bybel ken van voor tot achteren en dat de predikant hem niets kan leeren en hy wil die art. niet erkennen en zich er niet aan onderwerpen".*

Weereens word die saak van die kant van gelykstelling beredeneer. Koos Opperman begin daarmee en verklaar*: "het gelykstelling te zyn een leraar voor beide gemeente". Weereens het ds. Pasch dit ontken: "De voorsitter zegt: Broeders het, is niet een leeraar voor twee gemeenten. Ik help als noodhulp net de sacramenten een in de drie maanden".*

Van die lede van die vergadering het duidelik die besluite van die sinode rondom die roeping tot sendingwerk of verkeerd verstaan of met opset anders wou vertolk. So het Andries Alberts dit gestel dat: *"de synode spreekt alleen over witte gemeenten en heeft geen rekening gehouden met kaffers, die bedienaars moeten worden daar aparte leeraars".*

Ds Pasch het hierop sy roeping vanuit die bevestigingsformuliere wou aandui en weereens vra hy die gemeente*: "indien zy zich verplaatsen in myne positie zou ereen opening gevonden worden om het bedienen de heilige sacramenten na te laten als ze roepen".* Nog weer word die bevestigingsformulier aangehaal waar ds. Pasch tegelyk sy beroepsbrief na vore bring. Hy stel dit dan ook*: "indien die gemeente my zou geroepen hebben conditioneel zooals Jan Labuschagne gezegd heeft dan zou de gemeente recht hebben om my te verdinken maar nu niet".* Ds. Pasch gee dan self 'n verklaring van sy beroepsbrief waar hy dit duidelik stel: *"De gemeente heeft my tusschen twee vuren geplaats, hoe ik ga ik brand.*

Hierdie moeilike vergadering het in die middag ure voortgegaan waar ds. Pasch na homself verwys as 'n "*ambsman*" wat as geroepene sy plig moet uitvoer. Geroepe volgens hoe God in sy voorsienigheid dit bepaal het waar die bediening van die Evangelie moet plaasvind. Dan verwys hy na die sendingstasie as 'n deur wat God geopen het wat niemand kan sluit nie.

> *"Als ambsman moet ik het doen. En wat zegt Gods Woord er van? Is dat vyandsliefde die ik moet prediken en betrachten als de statie roept: doop onze kinderenen en geeft ons heilige Avondmaal. Is dat liefde het te weigeren. Zelfs geliefden als mensch is men verplicht onze vyanden hulpt te verlenen hoeveel te meer de kaffers die onze vrienden wasen in de trek door de woestyn. Is dat weldadigheid bewyzen aan hun zaad? Wy schoten de Engelsche en als den slag over was worden de gewonden liefderyk verplegen. Dat is menschelyk."*

Die notule stel dat die gemeente op al hierdie vrae geen antwoorde kon gee nie. Dan word die beskuldiging na die sendingstasie deur 'n br. Andries (Alberts?) die grofste van die hele dag

gestel. Hy stel dit: *"dat de heilige sacramenten die kleurlingen bediend wordt juist de paarlen zyn voor de zwynen*[38]."

Daar vind hierdie middag die tragiese plaas dat Pasch dan uitgejou word. Nadat ds. Pasch hulle aangespreek het as: *"Geliefde gemeente u kan doen wat ge wil my moeite de statie te bedienen en ik hoop ook het volgende week te doen"*. Al wyse waarop die notule hierdie uitjouery bewoord is as: *"boe – baie den vrouwen*".

Daarna het die broeders Alberts die kleurlinge se roepe na bediening bevraagteken deur te stel: *"de kleurlingen roepen niet uit behoefte, om de wijse van roepen, zy moeten roepen als wy".* Hierop het G. Alberts as volg bygevoeg en gesê. *"De synode moet die kaffers helpen en niet wy".*

Dan gebeur die interessante dat 'n br. Chapman[39] aan die woord kom. Al was hy nie lidmaat van die gemeente nie, het hy elkeen op hulle plig wou wys*: "De predikant heeft een plicht, evenals wy, de synode te gehoorsamen anders is Eerwaarde schuldig voor God en de Gemeente. Hij kan niet anders"*. Wanneer H Pasch in Junie 1908 aan prof. Jan Lion Cachet die gebeure in besonderhede beskryf het Pasch nog weer sy waardering vir Chapman betuig. Hy

[38] Ds. SD Venter van Bethulie het dieselfde standpunt op grond van Matt.7:6 wou handhaaf. Venter het daaruit wou aflei dat sendingwerk kan daarop neerkom dat die mens dit wat heilig is voor die varke gooi. Ds. Venter se broer, JJ Venter het in 1875 dieselfde woorde geuiter (Venter, 1875:5). Wat is waarheid? Bloemfontein: Oranjevrystaatsche Niewsblad). Vgl. ook Fick, (2009:522) se artikel rondom korrespondensie tussen J.J. Venter en H.A.L. Hamelberg wat duidelik aantoon dat Venter se sendingbeskouing en die beskouing van die lidmate van Humpata presies met mekaar ooreenstem

[39] William Chapman, 'n Portugese Ier, is in 1884 met 'n Afrikanermeisie, Hester Opperman vir 18 jaar getroud gewees (Meyer, 2008:10) Hy het aanvanklik hulle kinders in die Rooms-Katolieke Kerk laat doop. Toe Chapman in 1889 aan die gemeente te kenne gee dat hy hom by die Gereformeerde Kerk Humpata wil voeg aangesien sy vrou ook dooplidmaat van die Kerk was, het 'n kommissie hom besoek en is hy en sy gesin as lidmate opgeneem. In 1890 het hy om redes wat nie bekend is nie weer versoek dat sy naam van die kerkregister verwyder moet word (Van Tonder, 1998:130). Hy was aanvanklik ook korrespondent in Angola met 'n Anglikaanse biskop wat 'n keer Angola besoek het. Chapman was egter nie lidmaat van die Anglikaanse Kerk nie maar het deurentyd nie-amptelik by die Gereformeerde Kerk ingeskakel. Chapman het die sinkplate vir die dak van die pastorie wat aanvanklik in Angola opgerig was, ingevoer. Toe ds. Hamersma 'n keer die gelowiges in Angola besoek het, het dieselfde Chapman hom orals heen weggebring. Chapman het Hamersma op die einde ook weer weggebring na Outjo. Hy kon ook Portugees praat en het as tolk vir die boere diens kon doen. In 1905 is Chapman met 'n weduwee Maria Peters getroud. Ds. Ernst Walter Meyer (1920-1998), vroeëre predikant van die GKSA se vader, Ernst Meyer,'n opgeleide landmeter, oorspronklik van Switserland is in 1914 eers met Annie Chapman, vierde oudste dogter van William Chapman getroud en na Annie se oorlye is hy in 1918 met haar jonger suster, Ada Chapman getroud. Ds. Meyer, kleinseun van William Chapman, is uit die tweede huwelik met Ada Chapman gebore (Meyer, 2008:49).

skryf: *"Br Chapman was ook op de vergadering en sprak met verstand, hij bepleiten mijne roeping en plicht".*

Nadat daar weer nie voldoende op Pasch se vrae geantwoord kon word nie het die gespanne vergadering oorgegaan rondom die vraag na finansies. Br. G. Alberts wou weet wie betaal vir Nannings? Hierop het Pasch geantwoord*: "dat hy het beloofd heeft saam dat persoonlyk die jaar te doen nl. £50 per jaar maar verwacht vergoeding van de sendingscommissie".*

In die laatmiddag het ds. Pasch hom as volg oor sy roeping uitgelaat:

> *"Wel, broeders indien ik gesondigd heb en nog wil sondige om naar de statie te gaan om daar te doopen waarom klacht de kerkraad my niet aan Kerkrechtelyk volgens art 79 dan is de saak opgelost".*

Daarop was daar geen antwoord nie. Br. Chapman het voorgestel dat Flip Venter die sinode moet versoek om die predikant van sy diens "*de bediening te ontslaan".* Die voorstel is verwerp. Weereens het G. Alberts gedreig dat as hy die deur van die Kerk uitgaan dan *"is ik klaar met deze Kerk als ds. H.Ph.J. Pasch naar de kaffers gaat".* Alberts stel toe voor dat daar gestem moet word om dan só te beslis of ds. Pasch die stasie verder mag besoek. Ds. Pasch het dit nie wou toelaat nie en het hy sy redes as volg weergegee waarom daar geen stemming mag wees om in die saak te beslis nie:

> *"1. omdat myn persoon er in betrokken is. 2. omdat het ambt willekeurig behandeld word.*
> *3. omdat men juist al wel stemmen kan zullen wy Gods Woord verwerpen of aannemen. Het, is dus onnodig."*

Pasch bevestig weer hoe hy in sy roeping tussen twee vure geplaas is. Weer word daar gevoel dat die sendinggemeente moet oorgaan na die Kaap. Ds. Pasch stel dat dit sal nie help nie, want die verpligting om hierdie mense in hulle nood by te staan, sal steeds op hulle bly rus.

In die laatmiddag-ure het br. Robberts aan die hand van vrae die vergadering se voorligting en leiding gevra. Hierop wou dit aanvanklik klink of daar iets van 'n oplossing kan kom soos wat Pasch sy versoek duidelik wou maak. Hy vra eintlik toestemming om een maal in drie maande die stasie te besoek wat hy dan in alle geval in die week sal doen. Dan sal die gemeente nie skade ly nie. In dieselfde voorstel het ds. Pasch aangevoer dat br. Nannings as oefenaar by die

stasie sal bly en dat die raad van die sinode by wyse van ’n beskrywingspunt gevra moet word met ’n duidelike “aantekening om een zendeling te krygen”.

Daar was ’n hele paar keer pogings aangewend dat die vergadering eerder moes verdaag, wat elke keer nie toegestaan is nie.

Kort voor hierdie uiters moeilike vergadering die laat-middag (5nm) kon verdaag, het Pasch sake soos volg opgesom:

> *“hy heeft alle schikkinge gemaakt met betrekking deze saak om een keer in de drie maanden toegelaten te worden om de heilige Sacramenten te bedienen des Woensdage en ik heb myn roeping en plicht bygelegd en niemand was er die voor my opening zag om my te bywonen zoo ligt dan weren de zaak voor de gemeente.”*

Hierop kom toe nog weer ’n dreigement waar br. Willem *“gevoeld zich geroepen het goewerment in te roepen en de Kerk te sluiten”*. Intussen het aan die lig gekom dat daar wel enkele lede in die gemeente was wat ds. Pasch in sy roeping wou ondersteun. Volgens Van der Merwe (1951:29) was hulle maar ’n handjie vol. Hy noem die name van ouderlinge Johannes Alberts, (Rooi) Koos Opperman en (Klein) Jan du Plessis. Volgens Van der Merwe het hulle egter geen daadwerklike ondersteuning aan Pasch kon bied nie.

Die teenstanders van Pasch het egter op Dinsdag 7 April 1908 ’n vergadering belê waar Pasch nie teenwoordig was nie. Die vergadering was in verskeie opsigte deurslaggewend. Op hierdie vergadering was selfs die enkele aanhangers van ds. Pasch se roeping, nou ook onderwerp van verguising. So erg dat daar teen oudl. Hans (Johannes) Alberts ’n brief van verguising opgestel is. Oudl. Hans Alberts word in hierdie brief die vloek van Psalm 109 toegewens (Van Tonder, 1998:146). Daar was heelwat van Alberts se familielede wat hierdie brief teen hom onderteken het. Sy broer, Andries Alberts, by wie se huis die vergadering plaasgevind het, ook. Dit was vir die familie later skokkend om te moes beleef dat die *“vloek”* wat hulle teen hulle eie broer wou opstel inderwaarheid vir hom op groot rampe uitgeloop het. In die daaropvolgende jaar is twee van sy kinders oorlede. Van die familielede beweer dat die ondertekening van die brief nie aanvanklik die vloek van Psalm 109 ingesluit het nie en dat dit later bygevoeg sou gewees het. Later het hulle dan ook gevra dat hulle name van die brief verwyder moes word.

Hierdie *"buite-vergadering"* aan huis van oudl. Andries Alberts, waarvan die predikant nie deel kon wees nie en wat agter sy rug plaasgevind het, het egter nie alleen die bogenoemde growwe onreg teen br. Hans Alberts bevat nie. Teen die persoon en roeping van ds. Pasch was die aantasting en vergrype teen sy roeping baie grof. Hierdie vergadering eien hulleself die verdere reg toe om 'n "afdankingsbrief" teen ds. Pasch op te stel (Van der Merwe, 1951:30).

Volgens getuienis van Van der Merwe (1951:30) het Herman Smit tydens hierdie vergadering as sekretaris gedien en was hy ook die opsteller van hierdie *"afdankingsbrief".* Die onreg is vinnig uitgebrei deur hierdie *"afdankingsbrief"* as tipe van petisie teen ds. Pasch in die gemeente te versprei vir ondertekening. Van der Merwe (1951:30) stel dat dit spoedig deur 118 lidmate onderteken is. Opmerklik dat Herman Smit die opsteller van die brief nie ook 'n ondertekenaar daarvan was nie.

4.2.5.2 Pasch wil versoening bedien

In die tydperk 7-11 April 1908 het ds. Pasch en die ondersteunende ouderling Hans Alberts nie stilgesit nie, maar die weg van versoening probeer loop. Hulle het by van die ontevredenes huisbesoeke gedoen in 'n poging om weer die vrede te probeer herstel (Van der Merwe, 1951:30). Van der Merwe (1951:30) stel dat ds. Pasch met hierdie huisbesoeke, in die verduideliking van sy roeping, dit reeds duidelik kon maak dat hy wat sy bediening van die Kleurlinge betref, hy ten volle op die steun van die kerkverband kon reken. Pasch sou tydens hierdie huisbesoeke melding kon maak van die £75 wat reeds uit die sinodale kas aan hom toegeken was om met sy sendingwerk te mag voortgaan. Volgens Van der Merwe (1951:30) het die bewuswording van hierdie steun wat reeds aan ds. Pasch toegesê was, hulle vroegtydig in hulle besluit oorreed "om maar van die Sinode af te skei en die kerkverband met Suid-Afrika te verbreek".

Vyf dae later, op 11 April 1908, het dinge rondom ds. Pasch se roeping inderdaad by 'n volgende amptelike vergadering, verder versleg (GKSAA: Humpata, Notuleboek 1903/05/23 – 1908/04/16. 1.1.3, 11 Apr. 1908; Artikel1). Weer is die kerkraad in 'n vergadering byeen.

By hierdie vergadering het ds. Pasch gelees uit Johannes 17 wat ook bekend staan as die Hoëpriesterlike gebed. Dit is 'n gedeelte in God se Woord waar Jesus in besonder vir sy dissipels bid dat daar in die Kerk van die Here eenheid moet wees. Op daardie stadium het ds. Pasch niks van hierdie eenheid in die gemeente met sy medegelowiges kon aantoon nie.

Hierdie eenheid waar hy in die verre vreemde vanuit sy roeping as groot gemis sou beleef. Almal is teenwoordig en die notule van die vorige vergadering (6 April) waar sake rondom ds. Pasch se roeping op 'n spits gedryf was, word goedgekeur. Hierdie Saterdag word daar 'n klag teen ds. Pasch ter tafel geneem. 'n Klag met 118 handtekeninge het ingekom. Die klag lees in die notule soos volg:

> *"De klachten waren tegen des voorsitter nl. hy is een beroerder der gemeente; een scheurmaker; heeft zich onbetamelijk gedragen; het onbehoorlyk optreden in de gemeente; overtreding der synodale besluiten."*

Daar het lang bespreking gevolg, waar dit wel duidelik was dat diak. J de Jager die klagtes onderteken het. Oudle. J Venter, B Alberts en Koos van der Merwe het hulleself ook gewillig verklaar om hierdie klagtes te onderteken. Dit wil voorkom of daar in hierdie vyf dae nie alleen hierdie klomp handtekeninge teen ds. Pasch se roeping versamel is nie maar daar namens hom 'n bedanking opgestel is dat hy uit die gemeente sal bedank. Hierop het ds. Pasch as volg gereageer: *"de klachten zyn Kerkrechtelyk de bedanking niet, daarom kan over de bedanking niet gesproken worden maar wel de klachte"*.

Die kerkraad het hierdie vergadering weer die vraag wou vra of daar dan geen middel is "tot versoening om de scheuring te voorkomen". Op hierdie vraag het ds. Pasch as volg geantwoord:

> *"...de scheuring is niet Kerkrechtelyk en kan dus niet van scheuring sprake zyn maar verzoening kan misschien langs twee of meer wegenen geshieden. 1. Om prof. J Lion Cachet te schryven het gaan naar de statie uit te stellen totdat het antwoord komt, de gemeente en leeraar onderworpen zich aan die uitspraak.2. De Gemeente roepe een tweede leeraar, dan zal de plaatslyke leeraar naar de statie gaan en de kleurlingen bearbeiden zonder eenige salaris van de gemeente zoodat de tweede leraar de salaris die de tegenwoordige krygt op hem komt."*

Hierdie vergadering het die verskillende weë wat ds. Pasch rakende sy roeping wou voorstel nie verder behandel nie. Hulle het eerder besluit dat daar weer so spoedig moontlik 'n gemeentevergadering gehou moet word. Dit vind dan ook vyf dae later, op 16 Apr. 1908 plaas. Intussen het die erediens op 12 April 1908 voortgegaan, waar daar melding gemaak word dat by die erediens 'n goeie opkoms was. Selfs 'n deel van die ondertekenaars van die klagskrif was by die erediens teenwoordig. Van die lidmate het hulle standpunt duidelik gestel dat

alhoewel hulle sterk teen die sending gekant was, hulle nie terselfdertyd aandadig wou wees aan die beskuldigings en verwyte teen ds. Pasch, wat so vrylik uitgespreek is nie.

4.2.5.3. Beproewing van sy roeping

Ds. Pasch se roeping op die sendingstasie het duidelik 'n finansiële wending begin kry. Dit het in die tyd al wyer bekend geword dat die Sinode 'n bydrae van £75 aan ds. Pasch oorbetaal het as traktement vir sy werk onder die kleurlinge. Hierdie toedrag was vet op die vuur vir ds. Pasch se teenstanders, dat hy beskuldig kon word dat hy hierdie werk aan die sendingstasie om finansiële gewin sou doen (Van Tonder 1998:146). Gert Alberts het volhard in sy beskuldiging dat ds. Pasch die gemeente bedrieg. Nou het Gert Alberts bygevoeg dat Pasch en die Sinode kop in een mus was om die gemeente te bedrieg (Van Tonder 1998:146) Die finansiële bydrae vanuit die Sinodale kas, reeds aan ds. Pasch oorbetaal, het sy teenstanders finaal laat besluit dat hulle vir hul standpunt nie uit die kerkverband steun kan verwag nie.

Intussen het ds. Pasch diegene wat die gemeente wou verlaat, nie in hulle gang probeer stuit nie. Hierdie ontevredenes het onder mekaar ooreengekom watter bedrag voldoende sou wees as deel van die uitstaande bedrag op ds. Pasch se traktement, om hom dan hiermee eintlik af te betaal as die finale stuiting in sy roeping. Ds. Pasch het hierdie bedrag geld wel in ontvangs wou neem, wat daarop dui dat hy die breuk wat *de facto* nou reeds ontstaan het, aanvaar het, al was die skeuring *de iure* nog ver van afgehandel gewees. Die ontevredenes het intussen geen gras onder hulle voete laat groei nie. Hulle het 'n kabelgram geskryf wat ds. Snyman in Steynsburg so spoedig moontlik moes bereik met die skokkende kennisname wat insluit die woorde, "*Scheuring kerkraad en gemeente"*. Hierdie was die eerste berig rondom die tragiese gebeure van ds. Pasch se roeping, wat na buite, in die kerkverband sy loop begin neem het (Van Tonder, 1998:146).

Van der Westhuizen (1994:50) wil beweer dat Pasch om geldelike gewin hom aan die sending sou wy. In die getuienis wat Van der Westhuizen lewer wil dit voorkom dat Herman Smit en Pasch se verhouding teen 'n vinnige pas erg gespanne geraak het. Hulle het *"so ernstig en aanhoudend van mekaar verskil dat hulle middernag, weerskante van die tafel staan en mekaar met woorde soos met swaarde bevlieg"* (Van der Westhuizen, 1994:50).

Die nadraai van hierdie middernagtelike gevegte stel Van der Westhuizen vir Pasch in slegte lig, deur te beweer dat Smit vir Pasch sou konfronteer oor hy geldelik gewin sou maak deur die

sendingwerk by te neem. Pasch sou dit kategories ontken, maar dan sou Smit diesélfde nag nog vir Pasch op sy leuen uitvang want die geld wat Pasch per jaar ekstra vir sy werk by die sendingstasie ontvang het, het *"soos 'n muisie uit Pasch se mou uitgekruip, en die muisie het 'n stertjie – van R150"* (Van der Westhuizen, 1994:50).

Dit wat Van der Westhuizen vir ds. H.Ph.J. Pasch in sy roeping van finansiële oneerlikheid beskuldig, kan sterk betwyfel word. Die teendeel lyk eerder die waarheid te wees dat Pasch homself finansieel benadeel het deur sy roeping by die sendingstasie na te kom. Pasch het in sy pogings dat die Sendinggemeente 'n eie voorganger moes hê, uit sy eie sak vir die Hollander Nannings £50 per jaar betaal, nog voordat hy goedkeuring van die meerdere vergadering kon verkry (Van Tonder, 1998:137). Dit was Pasch se manier om sy roeping en die saak van die sending te ondersteun en was alles behalwe dat hy daardeur homself geldelik kon verryk. Pasch het geredeneer dat sou die geld nie aan hom terugbetaal word nie hy wel die saak van die Here hierdeur wou dien.

4.2.5.4 Laaste pogings tot versoening

Intussen het ds. Pasch op Maandag 13 April 1908 'n baie lang brief aan prof. J Lion Cachet geskryf en die saak in sy aanloop as volg gestel (Die Kerkblad, 1908 (1 Jun.): Bijvoegsel):

> *"Met diep leedwezen heb ik U en de Kerk niet veel goeds te melden maar moeilijkheden, die jarenlang gesmeuld hebben en nu openbaar zijn geworden. Toen ik mijn voet in Angola zette, bemerkte ik dat er moeilijkheid zou zijn. De levenskwestie in aller mond was: zal Ds. Pasch de zending bedienen of niet. Dit ziende, was ik getrouw aan mijne roeping, om den weg der zaligheid te verkondigen, vertrouwende dat God den weg der zending zou openen. De br. H. Smit fluisterende mij in: 'gij zult een lekker leven hebben als gij de bediening der Kaffers nalaat".*

In die begin van hierdie skrywe maak Pasch melding dat hy meen dat daar deur Smit nou agteraf georganiseer word. Smit wat graag predikant wou word, maar nie kragtens Art. 8 KO toegelaat is nie, is nou besig om die saak van sending te gebruik om verdeeldheid in die gemeente te veroorsaak, met die argument dat Pasch die euwel bekend as *"gelykstelling"* wou invoer.

Die gemeentevergadering, op die Donderdag van 16 April 1908, het ds. Pasch hom geroepe gevoel om die vergadering te open deur te laat sing uit Psalm 103 en het gelees uit Jesaja 53. In beide hierdie Skrifgedeeltes (Psalm 103 en Jesaja 53) word gewys op hoe die Here die mens

se oortredinge kan vergewe, hoe die Here die oortredinge kan verwyder so ver soos die ooste van die weste verwyder is. Jesaja 53 wys op hoe die mens kan verdwaald raak, maar die loot, soos uit ’n wortel uit droë grond, het uitgespruit. Die gedeelte sou vir ds. Pasch in sy roeping dui op die besondere troos en nabyheid wat die Here hom in hierdie gedeeltes beloof het. Die lyding wat daar oor Christus gekom het, sou ds. Pasch in sy lyding t.o.v. sy roeping troos.

By hierdie belangrike vergadering was almal teenwoordig behalwe die eerste ondertekenaar van die klag (op 11 Apr.1908 ingedien), nl. diak J de Jager. Die eerste punt op die agenda is ’n brief gedateer 15 Apr. 1908. Nog voor die brief behandel is, het ds. Pasch hom geroepe gevoel om die vergadering te vra of daar nie vir hierdie moeilike saak ’n biduur gehou kan word nie. Hierop het diak Ph. Venter as volg gereageer: *“het, is recht om te bidden maar het, is nu te laat”.*

Verskeie ander ouderlinge het dit duidelik wou maak dat hulle nie met vrymoedigheid deel van so ’n biduur kon wees nie. Br. D. Robberts het as ouderling toegevoeg dat die gemeente nie daar was nie, daarom moet hulle hierdie biduur nalaat. Ds. Pasch het hom geroepe gevoel, dat daar dan oor die hou al dan nie van ’n biduur, gestem moet word. Die uitslag van die stemming was toe ’n staking van stemme. Ds. Pasch het hiervolgens bepaal dat hy dan die beslissende stem kan uitbring. Hy was ten gunste dat daar gebid moet word. ’n Aantal broeders het hulle name laat aanteken dat hulle wel daarteen gekant bly staan.

In die notules is die verrigtinge rondom die biduur apart aangeteken. Ds. Pasch het eerste die woord geneem waar hy weereens uit Johannes 17 gelees het. Die notule stel dit as volg hoe Pasch sy roeping en die eenheid van die Here se Kerk wou dien: Hy lees Joh. 17 en spreek oor vers 11 *“dat onze Here gestorven is voor de eenheid der gemeente en gaat voor in de gebede”.*

Na ds. Pasch se gebed het oudl. Du Plessis voorgegaan. In besonder het hy die Koning van die Kerk gevra *“om te bid voor die breuk in die gemeente en om die Here se vrede”.*

Vervolgens het ter tafel gekom die woorde van ds. Pasch waar die notule hom soos volg aanhaal: *“hy heeft gehoord dat br. H Smit dienst houdt voor de genen die ontevrede zijn met den plaatslyke leeraar. Oudl. J Venter zegt hy deed het ten huize van br. W Venter.* Br. K van der Merwe het die volgende voorstel ingedien*: “H.Ph.J. Pasch om br. H Smit te waarschuwen het niet te doen en het H Woord niet te bedienin”.* Hierdie voorstel is toe algemeen aanvaar.

Hierop het diak. Ph Venter as volg gereageer: *"wij moeten niet spreken over deze dingen maar keeren anders zal er bloed vallen en de Kerk gesloten worden…"* Daarna rig br. J Venter hom weer tot ds. Pasch wat as direkte vraag tot sy roeping gestel word: *wat zal u zeggen als jy predikt en de Kerk wordt gestormd en zegt verder wij zyn op no 99"*. Daarna antwoord diak Ph. Venter weer met die verdere dreigemente*: "die 118 die getekend heeft is de gemeente en die heeft het recht op de Kerk. Hij zegt er zal bloed vallen of de Kerk moet gesloten worden".*

Na hierdie dreigement het die kerkraad by monde van br. K van der Merwe 'n voorstel aanvaar dat die Kerk onaangeraak gelaat moet word. Die dreigement dat daar bloed sal vloei as die Kerkgebou nie gesluit sal word nie, is weer herhaal. Ds. Pasch het dit duidelik gemaak dat die beskuldiginge teen hom nou ter tafel gebring moet word, *"want die zyn kerkrechtelik gekomen"*. Toe ds. Pasch hierdie beskuldiginge aan die orde wou stel was die teëvoorstel dat die beskuldiginge nie nou behandel moet word nie*: "voordat sommige van die ouderlinge of diakens bedankt hebben en die kerkeraad weder met nieuwe leden aangevuld is".* Hierdie voorstel is toe aanvaar.

Midde-in hierdie ernstige en hartseer omstandighede is die besluit bekragtig dat daar nie 'n gemeentevergadering gehou sal word nie *"omdat er geen genoegsame lidmate opgekomen waren"*. Ds. Pasch het weereens 'n uitnodiging gerig aan diegene wat beswaar voel omdat hulle die klagskrif onderteken het dat hulle wel hulle name kan laat skraap. Hierop het br. Janse van Vuuren gesê: *"ik en myn familie wil hun naam schrappen".* Op die wyse het die vergaring verdaag sonder dat die klagte teen ds. Pasch behandel is.

4.2.5.5. Skeuring 'n voldonge feit

Kort na die gebeure van 16 April 1908 was daar op Saterdag 18 April 1908 aan huis van Willem Venter 'n saamtrekpunt van almal wat teen ds. H.Ph.J. Pasch se roeping tot sending gekant was. Beskuldigings, verwyte en agterdog rondom ds. Pasch se roeping is wyd rondgeslinger. Daar was twee oud-ouderlinge, vier huidige ouderlinge en twee diakens en vier gemeentelede bymekaar. Tydens hierdie vergadering word die kennisgewing aan die Gereformeerde Kerk opgetrek dat hulle gemeenskap met die Gereformeerde Kerk verbreek. Die skrywe lui as volg*: "dat onze gevoelens omtrent de zaak der Zending geheel afwyken van de inzichten der Synode. Daarom besloten wij… ons te ontrekken aan het Synodaal verband"* (Van Tonder, 1998:147).

Hiermee is bevestig dat ds. Pasch se roeping om sendingwerk te bly doen as grootste rede tot hierdie skeuring genoem word. Die hartseer gebeure wat aan die einde van 1877 aanleiding gegee het tot ’n Kerkskeuring in Bethulie, met ds. S.D. Venter aan die voorpunt daarvan, het in 1908 sy herhaling in Angola gevind, wel in ’n omgekeerde orde. In Bethulie was die predikant, ds. S.D. Venter teen die wyse van sending gekant, soos deur sinodale vergaderings goedgekeur was. Dit was die oorsaak tot skeuring. In Angola is die predikant, ds. H.Ph.J. Pasch se roeping heeltemal in lyn met hoe meerdere vergaderings sendingwerk wou laat geskied, maar hier was wéér ’n gedeelte van die gemeente se standpunt in baie opsigte in lyn met wat die vroeëre standpunt van ds. S.D. Venter was.

Fick (2009:522) het aangetoon dat wat in Bethulie gebeur het, is ’n sendingbeskouing gegrond op ’n eienaardige siening van die uitverkiesing. Die lede in Angola wat teen ds. H Pasch se roeping gehandel het, het dieselfde sendingprobleem as die Venters in die Vrystaat gehad wat ’n spesifieke sendingbeskouing openbaar. Ten grondslag is hulle vertrekpunt wat uit ’n verkeerde leer rondom die predestinasie spruit dat voorwerpe van die sending eers vrugte van die uitverkiesing moet kan vertoon voordat daar met die Evangelie na hulle gekom mag word. Volgens Venter (1875:9,15) is hy teen die verkondiging van die Evangelie aan heidene behalwe *“wanneer er eene ware werking in die schepsels komt”* of “*wanneer vruchten worden by hen openbaar”* -anders is dit niks anders as om pêrels voor die varke te gooi nie (Venter, 1875:5) . In Bethulie het hierdie standpunt tot ’n skeuring gelei. Weer gebeur die tragiese, dat ’n Kerkskeuring op hierdie verskilpunte tot die roeping van sending, sy tragiese loop neem.

Met die vergadering van 18 April 1908 is die net van beskuldigings teen ds. Pasch wyd getrek. Die verdere optrede van ds. H.Ph.J. Pasch wys daarop dat hy erken het die skeuring ’n voldonge feit was en dat versoening nie meer moontlik is nie. So het ds. Pasch op 6 Junie 1908 aan ds. D. Postma aangaande sy roeping geskrywe:

> *“Mijn ambtelijk leven is niet goed begonne, maar toch vertrouw ik in den Heere dat Hij het wel sal maken boven verwachten. De Heere heeft mij hier geplaats. Het vuur der omrede en verdeeldheid smeuld jaren lang en nu is het uitgebroken.”*

Die ontevredenes teen ds. H Pasch se roeping het dit duidelik gemaak dat hulle geen predikant van die GKSA weer wil ontvang nie. Hulle versoek dat ’n predikant uit die NG- of Nederduitsch-Hervormde Kerk hulle moet besoek, is deur 122 handtekeninge vergesel (Van Tonder, 1998:147). Stawende getuienis is saamgestuur wat insluit die brief met 118 handtekening waar

ds. H Pasch se “afdanking” geëis word. Terselfdertyd het daar 18 oud-lidmate na vore gekom wat verkies om hulle name van die gewraakte 18 April 1908-brief te skraap. Alhoewel hierdie klein groepie mense beswaar was dat ds. H Pasch die saak van die noodsaak tot sending nie reg hanteer het nie, wou hulle wel hulle gebondenheid aan die Gereformeerde Kerk behou. Mense wat hieronder hulle roeping teenoor hulle Kerk wou bevestig was Koos Botha, die ou Trekker kommandant, Izak Grobler, Louwrens du Plessis, Michiel van der Merwe, Christoffel van Vuuren en andere (Van der Merwe, 1951:34). Hierdie mense het hulle voorneme om by die Gereformeerde Kerk te bly kort voor die sinodesitting van Feb.1909 bevestig. Volgens Van der Merwe (1951:34) het hulle weer op hulle eie aansoek gedoen om as lidmate opgeneem te word. Van Tonder (1998:147) stel dat hulle bloot hulle name van die 18 Apr.1908 brief laat skraap het, wat in alle geval dan niks daarmee te doen het om hulle weer as lidmate op te neem nie. Na regte was hulle nog heeltyd lidmate.

Intussen het die besware teen ds. H.Ph.J. Pasch nie net teen sy roeping uitgekring nie, maar is daar bewerings deur W. Venter gemaak dat ds. P.C. Snyman wat die beroeping van ds. Pasch aanvanklik gelei het, hulle eintlik hierin bedrieg het. Volgens die brief is Pasch spesiaal opgelei vir Humpata *“om die sending op hulle af te dwing”* (Van Tonder 1998:147).

Dit lyk nodig te wees om die saak van die kant van die gemeente in Humpata in hulle benadering tot ds. Pasch se roeping tot die sending net weer duidelik te maak. Die gemeente in Humpata het benadruk dat hulle standpunt nie beteken dat hulle téén sendingwerk as sodanig gekant was nie. Hulle het wel geglo dat daar sendingwerk moet wees, maar hulle het dit wel baie daarteen gehad dat ’n predikant van ’n blanke gemeente tegelyk hom met sendingwerk in ’n gekleurde gemeente inlaat. Dit was in hoofsaak die rede waarom Biewenga heeltyd weggewys was, want het hulle hom as sendeling beskou. Dit het vir hulle op “gelykstelling” neergekom as die sendeling ook vir blankes preek.

Die meeste van die Angola-boere sou self die teenkanting teen gelykstelling as één van die vernaamste redes opnoem waarom hierdie veeleisende trek in Mei 1874 onderneem is. Dit sou aangetoon kon word hoe daar verskeie kere weens politieke reaksie teen ’n bepaalde leier, ook reaksie op kerklike gebied sou volg. Gesien in die lig daarvan dat die belange in politiek en godsdiens vir hierdie trekkende boere in die grootste mate gedeelde belange was, is daar nie ’n skeiding tussen Kerk en politiek gemaak nie.

In die destydse konteks was pres T.F. Burgers, toe die president van die Transvaalse Republiek (ZAR), gesien as die gevaarlike persoon en leier van wie hulle wou wegkom. Burgers het vanaf 1871 onder baie kritiek deurgeloop. Veral oor van sy "vrysinnige" godsdienstige leerstellinge en oortuigings, maar veral ook oor sy bereidheid om 'n vorm van gelykstelling tussen die Boere in Transvaal en die Engelse in die ander dele (Kaap en Natal) toe te laat en almal onder die Britse vlag te verenig, was as rede gegee hoekom daar heeltemal weggetrek is en daar met hierdie Dorslandtrek(ke) begin is (Buter-Pretorius, 2005:214).

In sy politieke konteks is *"gelykstelling"* vir hierdie mense net tussen Brit en Boer onaanvaarbaar gewees. Soveel te meer het hulle gevoel dat op godsdienstige gebied moet 'n blanke predikant, wat hom aan 'n bepaalde blanke gemeente wou verbind, nie ook met swartes of watter ander bevolkingsgroepe daar mag wees, gebonde wees nie. Dit is wat hulle as "gelykstelling" sou afwys in sy sosio-politiese konteks en eweneens in sy godsdienstig-Kerklike konteks. Hulle het in wat hulle genoem het *"gelykstelling*" 'n weersin gehad. Daarvan het hulle baie gou vir H.Ph.J. Pasch verdink en hom blatant van gelykstelling beskuldig.

Pasch sou vir hulle word iets soos 'n pres. Burgers van destyds, wat hulle nie in Angola sal duld nie. Die bedienaar (VDM) wat die swartes en kleurlinge bedien moes na hulle siening heeltemal net daarmee besig wees en sou hy nie in die normale gang van bediening ook die kleurlinge of swartes mag bedien nie.

Hierdie standpunt van die gemeente sou die vorige jaar deur ds. P.C. Snyman en nou wéér deur ds. Pasch bewys word as synde in stryd te wees met besluite wat die sinode as *"gelykstelling"* beskou het. Die Sinode van die GKSA het in 1873 die volgende duidelike besluite rondom gelykstelling geneem:

> *"Verkondiging van die Evangelie en onderwysing daarin aan heidense nasies is geen gelykstelling nie.*
> *Volgens Gods Woord is die verkondiging van die genademiddels aan alle volke en nasies dieselfde.*
> *Daaruit vloei nie voort dat hulle wat glo, daardeur van dieselfde stand geag en gereken word nie; inteendeel: in hierdie wêreld is en bly daar veelal 'n groot onderskeid.*
> *Sover as wat van die nasies bekend is, sou gelykstelling van hulle met die blanke bevoking onvanpas wees"* (Acta GKSA, 1873. Artikel120)**.**

Die Sinode het gelykstelling as volg gedefinieer:

> *"Onder gelykstelling verstaan die Sinode gelyke bediening van Gods Woord en die Heilige Bondseëls in **een** Kerkgebou aan blankes en gekleurdes"* (Acta GKSA,1873 artt.128, 146).

Verder kan duidelik aangetoon word dat die Humpata gemeente teen ds. Pasch strydig met sy eie vorige besluite opgetree het. Hulle het byvoorbeeld die vorige jaar met ds. Snyman se besoek aldaar op 26 Julie 1907 as volg besluit:

> *"... hierdie gemeente geeft zijn kerkraad die vrijheid om zijn leraar, indien die Algemene Vergadering sulks van hem verlang, op te draagen om de Bondzeëls in die Zendinggemeente te bedien totdat daar weer een leraar voor die zending gevind zal worden"* (GKSAA: Humpata, Notuleboek 1903-1908, 1,1.3, Artikel 3).

Noudat dit ds. Pasch se roeping was om, gegewe die omstandighede, die gemeente se eie kerkraadsbesluit uit te voer in lyn met die sinodebesluite, was dit Pasch erg verkwalik.

4.2.5.6 Pasch se roeping herbevestig

Teen die helfte van 1908 het die besef al dieper by ds. H Pasch deurgedring dat wat sy roeping in hierdie Angola-gemeente/s aanbetref, hy voor 'n duidelike kruispad te staan gekom het. Hy het geen geheim daarvan gemaak dat hy in sy roeping die erns van hierdie dreiging nie onderskat het nie. Ds. H.Ph.J. Pasch skryf verskeie briewe en verslae wat hierdie krisis in sy roeping bewoord. Aan ds. D. Postma (jr.) het hy, soos reeds vermeld geskryf:

> *"Mijn ambtelijk leven is niet goed begonne, maar toch vertrouw ik in den Heere dat Hij het wel sal maken boven verwachten. De Heere heeft mij hier geplaats. Het vuur der omrede en verdeeldheid smeuld jaren lang en nu is, het uitgebroken."*

In die reeds genoemde Junie 1908 bylae by *Die Kerkblad* het ds. H Pasch met die redakteur van die blad sake openhartig gestel met die oog op publikasie. Prof. Jan Lion Cachet as redakteur van *Die Kerkblad* het dit sy roeping gemaak om soveel as moontlik inligting wat van Angola ingekom het, so wyd as moontlik beskikbaar te stel. Die uitgawe van 1 Junie 1908 bevat 'n volledige bylae om net aan hierdie gebeure in Angola aandag te skenk.

In hierdie bylaag gee ds. H.Ph.J. Pasch sy gevoelens en roeping duidelik te kenne. Soos reeds vermeld begin hy sy brief met dit wat hy direk na sy bevestiging al agtergekom het:

> *"Toen ik mijn voet in Angola zette, bemerkte ik dat er moeilijkheid zou zijn. De levenskwestie in aller mond was: zal Ds. Pasch de zending bedienen of niet. Dit siende was ik getrouw aan mijne roeping, om den weg der zaligheid te verkondigen, vertrouwende dat God den weg der zending zou openen. De br. Smit fluisterde mij in 'gij zult een lekker leven hebben als gij de bediening der Kaffers nalaat".*

In hierdie skrywe van Pasch aan *Het Kerkblad* is hy van oortuiging dat die rol van Herman Smit wat as predikant wou dien en nie onder Art 8 KO toegelaat is nie, die begin van baie moeilikheid vir H Pasch in sy roeping was. Toe reeds was daar dreigemente van lidmate om hulle bande met die GKSA te breek. Andries Alberts het hiermee gedreig en voorgeneem om Smit na Nederland te laat gaan. Volgens Pasch het hulle eintlik met 'n plan te werk gegaan deur hom dan na Angola te laat kom en wou hom in sy posisie gebruik om Smit te bevoordeel. As Pasch dan nie hulle planne dien nie dan sal hulle die Kerk verlaat. Later in die brief stel Pasch dit weer dat hy seker is Herman Smit geen geringe rol gespeel het in hierdie skeuring nie. Hy skryf:

> *"Br Smit is tot ergernis. Hij houdt nu dienst voor de meeste ondertekenaars. Ik zal hem waarschuwen het niet te doen. Hij zelf staat niet op de lijst. Hij was een harde tegenstander en hij was de eerste die de gemeente geraden had uit een te gaan en ieder zijn geweten te volgen."* (Het Kerkblad, 1908 (1 Jun.): Bijvoegsel).

In die volledige skrywe van ds. H Pasch gee hy 'n breedvoerige opsomming hoe sake in April 1908 verloop het toe sy roeping voor die ergste uitdagings gestel was. In die eerste gedeelte het hy die kleurlinge se Kerk-wees in Angola in baie goeie orde bevind. Hy was beïndruk met die netheid van hulle geboue, pastorie, skool en Kerk. Waar hy gedink het daar net so 2 of 3 op sy eerste koms sou wees, was daar toe *"in stede van 2 of 3 Kaffers vond ik 31 Kleurlingen, de begeerig waren het Woord te hooren. Ik sprak over Matt.11:28. Het zingen ging vrij goed en ordelijk...".*

In dieselfde verduidelikings gee ds. H Pasch verslag van hoe elke vergadering plaasgevind het, waar hy nog moedig meld van selfs die baie moeilike vergadering van 6 Apr. 1908: *"Maandag van 7 uur vm. hadden wij kerkeraads vergadering doch hoewel verschillend in gevoelen toch broederlijk". Hy wys dan weer op al die toegewings wat hy bereid was om te maak om die eenheid in Humpata te herstel, maar het hy ook gestel "dat de gemeente mij tusschen twee*

vuren plaatste. Ga ik links, dan krijg ik ongenoegen in de gemeente; ga ik rechts dan zondig ik tegen God. Dus moet ik ook de kleurlingen bedienen".

In hierdie verweer stel ds. H Pasch dat hy van die begin af dit duidelik gemaak het dat hy die Kleurlinge nie op Sondae sal bedien nie en dat die gemeente Humpata geen skade sal ly nie. Hy sal ook nie as konsulent vir die Kleurlinge dien nie, dat hulle hom nie naderhand as hulle predikant kan toeëien en die gemeente wat hom beroep het, daardeur benadeel word nie. Hiermee saam stel Pasch dit in die Junie 1908 skrywe dat hy van die begin af dit aan sy gemeente duidelik wou maak dat hy geen vergoeding vir sy dienste by die Kleurlinge sou neem nie, dat hulle nie naderhand vir die blanke gemeente kan sê ons help julle predikant in betaling nie. Pasch stel sy roeping dat hy vir hulle gesê het: *"Ik zal maar noodhulp zijn en bij de e.k. Sijnode aandringen dat de gekleurden weer eigen predikant krijgen".*

Pasch het aan prof. J Lion Cachet die vier punte van sy verweer duidelik opgesom wat in alle geval 'n duidelik weerspieëling is van wat Pasch as sy roeping beskou. Hy sien hierdie roeping as 'n gewetensaak. Aan Lion Cachet het hy sy verweer soos volg opgesom:

1. *Het gemeentebesluit waarin ik beroepen werd;*
2. *dat de gekleurde gemeente onder versorging is van de blanke;*
3. *dat hoewel ik toegif, dat iedere gemeente haar eigen leraar behoorde te hebben, dit nu niet kon en dat ik dus als noodhulp moest werkzaam zijn;*
4. *dat ik verplicht was te helpen volgens Gods Woord, volgens mijn lastbrief, het ondertekeningsformulier, door het bevestigingsformulier en dat het ook niet in strijd was met den beroepsbrief; ook niet met het gezegde van Ds. Snijman, dat de gemeente een andere leeraar zou krijgen die de zending waarneemt.*

Uit die bg. punt 4 is dit duidelik dat sy roeping vir Pasch op alle punte vasgestaan het. Die Woord van God, die ondertekeningsformulier, die bevestigingsformulier, die beroepsbrief, selfs historiese getuienis van ds. Snyman dat daar 'n geroepene na die kleurlinge moet gaan, is van alle kante gesien die sterkste saak wat Pasch vir sy roeping kon uitmaak. Wanneer Venter (1986:8) stel dat die doel van roeping vir 'n bedienaar net één saak kan wees nl. diens aan die Woord, dan is dit duidelik dit al is wat Pasch wou doen nl. diens aan die Woord.

Aan die einde van Des 1908 het Nannings al die werk wat daar ten spyte van die baie spanning gedoen is bevestig. Nannigs bevestig dat daar gereeld tweemaal per Sondag dienste gehou is,

wat kategismusprediking ingesluit het. Daar was by die sendingstasie gereelde skool- en katkisasieklasse. Die sakrament- en belydenisaflegging is gereeld deur ds. Pasch waargeneem.

4.2.5.7 Pasch volhard in sy roeping

Hieruit is dit duidelik die roepingsgetroue ywer en volharding waarmee hy bedeel was om ondanks erge teenslae te kon volhard. Hy het in die volgende paar maande eenvoudig sy roeping voortgesit. Met ’n baie kleiner gemeente het hy met die gewone Sondag eredienste voortgegaan. Sy teenstanders het hom dit bly verkwalik en het geen vrede kon maak dat hy gewoon met sy roeping kan voortgaan en hulle moet *“nou onder seile op buiteplase eredienste hou”*. Eredienste wat deur Herman Smit waargeneem was.

So is Pasch in sy roeping deur die nadraai van hierdie bittere verdeeldheid al hoe meer verguis en verneder. Die groot teëstanders van Pasch W. Venter en Andries Alberts het selfs die owerheid in Pasch se roeping betrek (Van Tonder, 1998:148). Hulle het die *Chefe* wat in diens van die Portugese owerheid op Humpata geplaas was, agter Pasch se rug besoek en ’n versoek gerig dat die Kerkgebou op Humpata gesluit moet word. Die *Chefe* het aan die versoek voldoen en was dit nóg weer ’n verdere vernedering wat Pasch hier moes trotseer.

Pasch het van sy kant probeer om die sluiting van die kerkgebou ongedaan te maak. Hy het ’n afspraak met die goewerneur gemaak en het Chapman met hom saamgeneem wat as tolk kon dien. Dit alles het op niks uitgeloop nie en is Pasch sonder toestemming Kerklik “op straat” geplaas. Om met sy roeping voort te gaan het vir Pasch daarop neergekom dat hy van die staat toestemming sal moet vra. Met die Kerkgebou gesluit tot verdere kennisgewing was die Gereformeerde Kerk Humpata gedwing om ook onder seile hulle eredienste te hou. Van die eredienste is ook in die pastorie gehou, maar dikwels was hierdie geboutjie heeltemal te klein, soos wanneer hulle Nagmaal wou vier. Nannings het daarop gewys dat hulle dan *“onder die schaduw van boomen en wagenzeillen” die Nagmaal wat Pasch bedien het, gevier het.* (Van Tonder, 1998:148; Van der Merwe, 1951:31).

Al hierdie struikelblokke het Pasch nie van sy primêre roeping laat afsien nie, nl. diens aan die Woord van die Here. Hy het die kleurlinge wat die spil was wáár rondom alles gebeur het, nie in die steek gelaat nie. Elke vier maande het ds. H Pasch na die sendingKerk gegaan om die sakramente te bedien. Hierin het die mense wat hom teëstaan weereens maatreëls getref om Pasch te keer om nie na die kleurlinge te gaan nie. Al was die meeste van die ontevredenes *de*

facto reeds afgeskei maar wel *de jure* nog deel van ’n proses wat nie afgehandel was nie. So ontvang Pasch na hy die kleurlinge weer die eerste keer na die skeuring besoek het, ’n waarskuwing dat hy Kerkordelik oortree, omdat hy sonder toestemming van sy kerkraad elders gaan preek het (Van Tonder,1998:149). Die feite is deur Nannings aan die lig gebring deur aan te toon presies waar ds. H Pasch hulle elke keer besoek het en wie van die kerkraad hom elke keer vergesel het. Ds. Pasch het heeltemal reg opgetree en sou in sy roeping nog weereens valse beskuldigings en aantygings moes deurleef.

4.2.5.8 Die afgeskeidenes beoordeel

Stassen (2011:248) het aangetoon hoe die afgeskeidenes hulle eie stryd moes voer om ná hulle ontevredenheid en skeuring kerklik voort te gaan. Hulle het aanvaar dat die sinodes van die GKSA geen steun en simpatie vir hulle standpunt sou hê nie. Hulle eerste aansoek tot kerklike hulp en bediening was ’n besluit om hulp in Nederland te soek. Groot was hulle ontnugtering toe prof. H Kuyper en ds. B van Schelven hulle antwoord met getuienis vanuit die Here se Woord, dat ds. H Pasch in sy roeping en bediening heeltemal reg opgetree het met die uitdra van die Woord aan die sendingkerk. Hierdie antwoord uit Nederland het die afgeskeidenes tegelyk vermaan om hulle te bekeer en met ds. H Pasch te versoen in wat sy roeping moet wees. (Stassen, 2011:248). Die bedienaars uit Nederland het terselfdertyd hierdie afgeskeidenes aanbeveel dat Kerkherstel moet plaasvind en hulle na die Gereformeerde Kerk Humpata moet terugkeer. Daar is uit Nederland kennis gedra van die baie moeite en kostes wat vanuit die kerkverband van die GKSA oor baie jare aangegaan is om hierdie mense in Angola te bedien. Hierdie antwoord uit Nederland is deur die afgeskeidenes met verdere ontevredenheid ontvang (Spoelstra, 1999:49). Van der Merwe (1951:33) beoordeel die brief uit Nederland as ’n wrede ontnugtering en bittere teleurstelling met ’n nasionalistiese naklank dat *“geen ware Afrikaner hom daarmee kon vereenselwig het nie”.*

In alle geval het die ontevredenes, nog voor hulle die twee predikante uit Nederland se antwoord ontvang het, ’n antwoord wat hulle eers op 9 Junie 1909 bereik het, besluit om bande met die Nederduitsch Hervormde Kerk in Suid-Afrika (NHK) aan te gaan. Hulle versoek was om dan onder *“hulle vleuels*” opgeneem te word (De Jong,1998:42). Die skriba van die NHK, ds. Van Belkum verleen ’n heel gunstige oor en onderwyl neem hy vrymoedigheid om ds. Pieter van Drimmelen, wat predikant van die NHK in Zeerust was, voor te stel om in Angola hulp te

verskaf (De Jong,1998:43). Dit was vir die NHK met ds. Pieter van Drimmelen as die eerste predikant van die afgeskeidenes, 'n nuwe groeipunt[40].

4.2.5.9 Bedienaar van die versoening na die afskeiding

Ds. H Pasch se volharding met sy besoeke aan die sendingkerk duur voort met volgehoue ywer en waardering, ook van die gemeente se kant. Al het hierdie kleurlinge ten volle op hoogte gebly van onder watter ontsettend moeilike omstandighede ds. Pasch hierdie diens verrig, was daar waardering van hulle kant. Een van die kleurling-lidmate wat bewus was van ds. Pasch se stryd, het later dit gestel dat "*die boere van mening was dat die Kaffers nou te geleerd geraak het"* (Van Tonder,1998:149).

'n Geroepe predikant moet bedienaar van die versoening wees. Dit het ds. H Pasch wou doen, selfs ná die afloop van die skeuring met al die nadelige gevolge daarvan. Ds. Pasch het in die verloop van die res van die jaar 1908 nl. in September nog weer probeer om die breuk te heel. Hy het die vroeëre gemeente tot besinning wou roep deur twee voorstelle bekend te maak.

> *"1 Die gemeente moet erken en aanvaar wat hulle voorheen besluit het insake die sending (saam met vorige predikante).*
> *2 Die gemeente herroep hierdie besluite en neem 'n besluit dat die leraar nie mag gaan nie, en versoek die Sinode om terug te gaan op hulle besluite, sodat Humpata los is van so 'n binding. En dan verbied die kerkraad sy predikant om na die stasie te gaan."*

Dit wys hoe die saak van skeuring en die verbreking van die eenheid van die Kerk vir ds. Pasch in sy roeping diep geraak het. Heel vroeg, enkele weke na die groot skeuring daar was, op 28 April 1908 het Pasch aan die voorsitter van die Algemene Vergadering in Suid-Afrika geskryf dat die omstandighede in Humpata haglik is. Selfs diegene wat nie afgeskei het nie, het hulle ook *"sacht en broederlijk"* teen hierdie kleurlingbediening uitgespreek. Die vure wat van twee kante gebrand het, soos Pasch dit van die begin af beleef het, het nie heeltemal opgehou nie. Ds. H Pasch het op daardie stadium 'n tweede skeuring gevrees. Om dit te voorkom was hierdie

[40] 31 Mei 1910 staan dan bekend as die stigtingsdatum van die eerste gemeente vanuit die NHK in Angola, 'n tyd wat ds. Pasch nie meer daar was nie. Hulle het begin met 79 belydende lidmate. In dieselfde besoek van Van Drimmelen het hulle ander plekke eredienste gehou en spoedig het die lidmatetal aangegroei tot 174 lidmate.

April-skrywe van ds. Pasch ’n dringende oproep aan die Algemene Vergadering om ’n predikant na die sendinggemeente te stuur (Van Tonder, 1998:210).

In hierdie maande van spanning en stryd rondom hierdie skeuring het Pasch sy roeping wyd gepubliseer. Versoening kan alleen plaasvind as die ware feite na vore kom. Buiten die skrywes aan ds. Snyman en prof. Jan Lion Cachet, wat ’n hele bylaag in Junie 1908 in *Het Kerkblad* was, het Pasch ook die volle inligting Nederland toe gestuur en wat in die Nederlandse kerklike blad *De Heraut* verskyn het (Van Tonder, 1998:211).

4.2.5.10 Pasch na Suid-Afrika

Ds. H Pasch het gedurende Januarie 1909 na Suid-Afrika vertrek. Vanaf 1 Februarie 1909 het die Algemene Vergadering in die Kaapkolonie plaasgevind. Pasch het met dieselfde reis onderneem om ook op 10-11 Februarie 1909 die half-eeufeesviering van die ontstaan van die GKSA in Rustenburg by te woon Oudl. Snyman was saam met hom afgevaardig.

Die agenda van hierdie vergadering het as belangrike saak die gebeure in Humpata gehad. Die briewe van die ontevredenes is eerste voorgelees. Met ds. Pasch self daar teenwoordig moet hy die gebeure van omtrent ’n jaar gelede weer alles aanhoor, homself verweer, verduidelik wat gebeur het en noukeurig alles weer nagaan om die drade bymekaar te kry. Vir ds. Pasch was sy roeping om die kleurlinge te bedien steeds ’n saak van roeping. Tydens die vergadering is die “smeekbrief” van ds. Pasch voorgelees wat soos volg lui: *“biddend om een geordend zendeling voor de stasie, opdat verdere onbroederlikhede vermeden word”.*

Daarvoor het ’n kommissie die opdrag ontvang om ’n aanbeveling te maak omtrent hierdie tragiese gebeure en om Pasch se versoek te hanteer.

Op Woensdag 3 Februarie 1909 rapporteer die kommissie en vereenselwig hom met Pasch dat daar versoening moet wees. So stel die kommissie dit dat hulle dankbaar sal wees as die ontevredenes terugkeer tot die gemeente. In alle geval is die kommissie van oordeel dat ds. Pasch nie met die kerkraad verkeerd gehandel het nie. Dieselfde kommissie se aanbeveling gaan nog verder dat ’n brief aan die kerkraad en gemeente gerig moet word om op hulle ingeslane weg te volhard want dit is die Bybelse weg. Die gebeure waarbinne die gemeente verkeer omdat hulle Kerkgebou gesluit en hulle ontneem is, word deur die afgevaardigdes besluit dat staande hierdie vergadering daar ’n kollekte opgeneem sal word om weer ’n ander

gebou op te rig. Die afgeskeidenes moet weer uitgenooi word om terug te keer waar daar met hulle in sagmoedigheid gehandel moet word. Die Algemene vergadering het sy hartseer betuig dat geen van die ontevredenes op hierdie vergadering teenwoordig was, om hulle kant van die saak te stel nie. Omdat hulle so haastig was om die band met die GKSA op te sê het die vergadering in alle geval in die verdere hantering tot dieselfde slotsom as ds. Pasch gekom nl. dat Kerkherstel menslik gesproke onmoontlik was.

Al hierdie aanbevelings en besluite gee in alle geval duidelike bewyse dat hierdie vergadering het ds. H Pasch in sy roeping en bediening tot hulp en steun was. Met sy vertrek het hy geweet dat wat hy in sy roeping voor die Here gedoen het, reg is en volgens wat die vergadering hom verseker het, hy in gehoorsaamheid aan die Here sy roeping uitgevoer het. Hy het hom ooreenkomstig sy roeping waardig gedra.

Van hier het Pasch na Rustenburg vertrek om op 10-11 Februarie 1909 by die 50 jarige bestaan van die GKSA se feesvieringe teenwoordig te wees. Watter gedagtes daar alles deur die gemoed van ds. Pasch sou gaan in die luister na sy ou leermeester, prof. Jan Lion Cachet se feesrede, wat spesifiek tydens hierdie fees gehandel het oor roeping en die roeping van die Kerk, sou vir H Pasch baie beteken. Cachet het in sy feesrede duidelik gesê:

> *"De roeping der Kerk in het O Testament was die waarheid te bewaren en de roeping van de Kerk in het N Testament is niet anders. Als Jezus de aarde verlaat, zegt Hij tot de Zijnen" 'Onderwijst al de volken.' Meer nog dan in het O Verbond treed de Kerk op als onderwijzeres. Zij bewaart nu niet alleen de waarheid, maar zij moet die ook overal verspreiden. Als onderwijzers gaan de Apostelen uit en voor het eerst hooren vele volken de waarheid Gods. De leugen is echter niet overwonnen. In hun leven hadden de Apostelen reeds te strijden met allerlei ketterijen; valsche leer dringt de Kerk binnen, de strijd tegen de leugen wordt steeds gevoerd, de Kerk kan geen oogenblik rusten, het zwaard moet steeds in de hand zijn. De oude geloofsbelijdenissen en oude formulieren zijn hiervan getuiegen..."* (Feestrede ter gedachtenis van het 50-jarig bestaan der Geref. Kerk in Zuid-Afrika)

Hy het geweet dat hy moet terugkeer na Angola met sy gemeente en mense wat hom sy roeping erg verkwalik het. Prof. Lion Cachet wys op roeping wat net bediening van die waarheid moet wees en niks anders nie. Aan die hand van 1 Timotheus 3:15 het Lion Cachet die dienaars van God opgeroep om te weet dat die Kerk nie aan die waarheid geboorte gegee het nie, die Kerk nie die moeder van die leer is nie, maar die Kerk die pilaar is wat hierdie leer moet dra. Dieselfde Skrifgedeelte het die oproep aan die dienaars benadruk dat elkeen moet weet

hoe hy hom moet gedra in die huis van God, wat die gemeente is van die lewende God, 'n pilaar en grondslag van die waarheid (Lion Cachet, 1909:9)

4.2.5.11 Pasch word Angola geweier

Terwyl in Suid-Afrika oor die Kerk en haar roeping gehandel is en hoe die dienaars hulle moet gedra, het daar in Angola hierdie weke van Februarie 1909 terwyl Pasch afwesig was 'n heel ander soort gedrag afgespeel. In sy afwesigheid is Pasch beskinder en daar het baie stories oor hom die rondte gedoen. Die goewerneur in Angola is gekonfronteer met die voorstel van hierdie ontevredenes, dat as Pasch na die land terugkeer, hy nie toegelaat mag word nie. Ds. H Pasch se teenparty het hom in sy roeping niks wou gun nie. Pasch het die tragiese moes hoor, waar hy sy vrou en kinders weke gelede laaste gesien het en hy na hulle verlang het. By Lobitobaai aangeland wou hy na sy huisgesin en familie in Humpata gaan, maar is daar deur die beampte van die regering aan hom meegedeel dat hy nie van die boot mag afklim nie op las van die regering weens sy *"onbevoegd optrede"* (Van Tonder, 1998:150). Al die pogings wat Chapman in die vorige weke aangewend het om die distriksgoewerneur van hierdie *"weierings"* besluit te laat afsien is in die wind geslaan, want het die goewerneur dit gestel dat hy die gesag dra en moet sorg dat orde en vrede in sy gebied gehandhaaf word.

Dit het vir ds. H Pasch as 'n groot skok gekom. Hy wou in hierdie tyd sy roeping opnuut uitvoer, nou mag hy nie na sy gemeente en geliefdes gaan nie. Pasch het dadelik probeer om agter die verloop van die besluit te kom deur met die Britse konsul te kontak. Daar het die eerste klerk, 'n ene Jones, vir Pasch sommer al in die aanloop meegedeel dat *"mnr. Pasch heeft niets tegen het Portugeesche gouverment gedaan maar zijn tegenwoordigheid word niet goedgedacht wegens de opstand van boeren onderling"* (Van Tonder, 1998:150). In verdere navrae wat Pasch in Luanda gedoen het, het hy verneem dat 'n ene mnr. MacKay en die goewerneur, Humpata in hierdie tyd besoek het. Tydens hulle besoek is daar deur die ontevredenes versoekskrifte aan hulle as politieke verteenwoordigers oorhandig waarin onder andere staan: *"u moetst kaffers gedoopt hebben waaruit de twist ontstaan is*" (Van Tonder, 1998:150).

Al het die goewerneur hom nie oor die daad van die doop ingemeng nie, het hy wel met hierdie teenstanders van Pasch saamgestem dat ds. H Pasch 'n staats bedreiging geword het. Ds. H Pasch het eers in Oktober 1909 agter die kap van sommige van die byle gekom. Die vorige jaar tydens die jagseisoen het daar 'n skokkende insident tussen die mense in Angola plaasgevind. Ds. H Pasch skryf in *Die Kerkblad* (1909:7) dat in die wintertyd gaan die meeste van die boere

na die jagvelde en word die meeste se vroue in die tyd alleen gelaat waar hulle dan baie keer in die tyd in hulle families saambly vir hulle veiligheid. Daar het dan veral in die tyd van die mans se afwesigheid onrus onder van die vroue geheers omdat daar in van hulle huise ingebreek was. Dit het almal net nog meer onrustig gemaak. Die huis van een van die diakens het ernstig deurgeloop in die tyd wat die diaken weg was. Die vrou van die diaken het toe ’n weduwee in die omgewing genader met die versoek dat haar seun die nag in haar huis in een van die kamers moes slaap, omdat die vrou bang was. Die nag het die groot moeilikheid begin want het die seun toe die nag skelm na die kamer van die diaken se vrou gegaan en gepoog om met haar seksueel gemeenskap te hê. Dit het die vrou baie ontstel en sy het die nag van hom weggevlug, tot baie groot ontsteltenis van die res van die vroue in die Humpata-omgewing waar hulle nie die minste verwag het dat een van hulle eie mense ’n bedreiging sou wees nie. So was daar ’n al groter onrustigheid aan die broei.

In September 1908 het die meeste van die boere weer van die jagveld teruggekeer o.a. ook die diaken wat in alle geval ’n kwaai man was met ’n opvlieende geaardheid. Toe die man hoor van wat die seun met sy vrou wou doen het die res van die gemeente besef dat hulle die seun teen die man sal moet beskerm. Ds. H Pasch het die saak met die weduwee, die seun se ma opgeneem wat van die begin af ten alle koste wou voorkom dat daar strafregtelik teen haar seun ’n saak gemaak word. Die weduwee het toe ’n voorstel gedoen dat haar seun in hulle eie geledere behoorlike lyfstraf moet kry om dan die saak so af te handel. Soos sy dit aan ds. H Pasch gestel het: *“De weduwee zeide: geef hem niet aan’t gerecht over maar kastij hem zelf”*. Die diaken was teenwoordig en het hy toe aan ds. H Pasch gevra om verder saam te gaan waar hulle na die seun sou gaan, omdat hy bang was dat hy in sy woede nie gewoon lyfstraf sal toedien nie, maar dit verder sal gaan en hy hom op die kind sal wreek. Ds. H.Ph.J. Pasch het besef dat hy nie die diaken alleen by die seun kan toelaat nie. Op pad na die seun was daar egter meer kerkraadslede wat hulle op pad van die voorneme kon inlig wat ook toe saam na die seun gegaan het. Selfs ’n swaer van die seun sou getuie wees van wat die res van die dag gebeur het. So was daar dan ten minste 3 kerkraadslede, die swaer van die seun en ds. H Pasch wat by die seun saamgekom het en hom oor die voorval gekonfronteer het. Ná hy aanvanklik dit wou ontken het hy later erken die getuienis teen hom is oorweldigend en het hy toe skuld erken. Toe daar weer aan hom die keuse gegee was dat daar geregtelik ’n saak teen hom gemaak kan word, was die seun se eie smeking- *“Als u blief oompjes laat ik hier een pak krijgen”.* Die saak is weer met die weduwee bespreek en sy het bevestig dat dit beter is as hulle hom slaan inplaas van om hom aan die gereg oor te lewer. Daar is toe besluit om hom 25 houe met ’n strop te slaan. Ds. H Pasch het weer tussenbeide getree toe sommige van die

verteenwoordigers die diaken die strop wou oorhandig. Ds. Pasch het toe een van die ander broeders aangewys om die pak toe te dien. Soos wat ds. H Pasch skrywe sê hy: *"Daarop wees ik een ander man aan, die het ook deed doch met die grootste broederlikheid"*. Na afloop van alles was ds. Pasch tevrede dat hierdie ernstige saak met broederlike en vermanende woorde kon afloop. *"Ik was verwonderd en dankte den Heer over dien geest die er heerste"*. Almal het daarna openlik met mekaar kon praat want almal het mekaar die hand gegee en daar was vrede. Al was daar daarna nog twis onder die vroue oor hierdie saak het ds. Pasch daarin kon slaag dat daar ook tussen hulle en veral met die weduwee met wie die twis ontaard het versoening kon kom.

Intussen het die stryd rondom ds. H Pasch se besoeke aan die sendingstasie steeds die gemoedere hoog laat loop. Toe dit ter sprake kom dat ds. Pasch na Suid-Afrika wil gaan vir die sinode ophande en die 50-jarige fees in die kerkverband in vooruitsig gestel, was heelwat van die Angola-boere in verset om hom die besoek aan SA nie toe te staan nie. 'n Gemeentevergadering het egter toe besluit dat ds. Pasch met een van die ouderlinge moet gaan, met steeds die hoop dat daar dan iemand gevind sal word om die werk by die sendingstasie op te neem. Die teenstanders van ds. H Pasch het egter nou die geslane seun begin gebruik om 'n saak teen ds. H Pasch te begin.

Die gebeure met die seun het die lelike nadraai gehad dat die seun deur ds. H Pasch se groot teenstander, br W Venter, na die "chefe" geneem was, waarop dié sy rug ondersoek het en kon hy nog die hale sien van die straf die kind toegedien. So is ds. H Pasch onder die regering verdag gemaak nog voor sy vertrek en na sy vertrek het hierdie kind 'n belangrike rol gespeel om die regering van Angola te oortuig watter gevaarlike en ongewenste elemente die geroepe en gestuurde dienaar van die Here in hulle land is.

Met die teleurstelling wat ds. Pasch toe nog weer in Suid-Afrika gehad het dat daar werklik niemand die sending kon oorneem nie het dit gemoedere in Angola nog vêrder teen ds. H Pasch opgemaak toe die aanbeveling van die sinode hulle bereik dat *"ik moest in liefde voortwerken totdat eer een man gevonden zou worden en deze uitkomst Humpata bereikte werd de zaak van dat zoontje bij de hand genomen. Hun vroegere dreigementen moeten bewaarheid word. Ik moet niet wederkeeren naar Humpata..."* (*Die Kerkblad*, 1 Okt. 1909:8). Dit kan eintlik as niks anders gesien word as 'n komplot teen die geroepe dienaar van die Here gesmee om hom die land van sy roeping te weier. Die teenstanders van ds. H Pasch het al in

Maart 1909 hulle planne begin maak om te doen wat vir ds. H Pasch as 'n verskriklike skok en die hoogtepunt van die samesweringe teen hom te laat saamloop.

Nou moet ds. H Pasch as gedeporteerde, feitlik as gevangene die tweede tipe ballingskap sy lewe ingaan, waar hy hom op 'n skip op pad na Portugal bevind, in die duister gelaat oor hoe dit met Johanna, sy vrou, hoe dit met hulle kinders gaan. Die onrus sou groter word: word hulle versorg, word hulle geïntimideer, waar is hulle nou, want gerugte het dit dat die pastorie ook verkoop gaan word.

Op 1 Julie 1909 is daar 'n brief in *Die Kerkblad* (1 Julie 1909:14) geskryf deur ds. H.Ph.J. Pasch met die aangrypende opskrif- *Aardbewing in Lissabon.* H.Ph.J. Pasch beskryf iets van wat hy meegemaak het in die verre Portugal toe hy landingsreg geweier was en gedwing was om eers in Lissabon aan land te gaan. Ds. Pasch wat in sy onstuimige roeping al so baie dinge beleef het, is dit onvergeetlik wat hy in Portugal beleef het - dat 'n "gedeporteerde" predikant getuie word van nog 'n magtige daad van die Here. So het hy dit dan beskryf:

> *"Het, was een aardbeving, die zich met een zacht gedruisch al golvend, om dan ten einde van 15 seconden met een korte, doch vinnige terugstoot openbaarde. Het, was alsof de aarde uit haar stel al golvend gedrongen werd om dan weer terug te vallen. Allen verwachten grotere heviger schokken doch het bleef er bij..."* (Die Kerkblad, 1 Julie 1909:14).

Met ds. H.Ph.J. Pasch, nou al so ver soos in Lissabon weggevoer, tref 'n ander soort "bewing" sy gesin en gemeente. Dit was asof die leiers onder die ontevredenes, Andries Alberts en Willie Venter daarop ingestel was om enigiets wat Pasch en die gemeente mee kon voortgaan van hulle weg te neem. Hierdie twee here het intussen hulle onderhandelinge met die goewerneur so ver gevoer dat hulle hom kon oorreed om al die kerkeiendom per publieke veiling te verkoop (Van Tonder 1998:152). Mev. Johanna Pasch moes die pastorie onmiddellik ontruim. Sy en die kinders het toe vir 'n tyd lank by die gesin Chapman onderdak gevind. Daarna is hulle na die huis van Koos Opperman en later nog weer na die huis van Christoffel Labuschagne. Daar het hulle gebly tot sy geleentheid kon vind om in April 1909 die land te verlaat (Van Tonder, 1998:152).

Presies wanneer en hoe ds. H Pasch weer na Suid-Afrika terugkeer het kon nie vasgestel word nie, heel waarskynlik kort na die aardbewing-ervaring in Portugal. Hy sou in die Kaap eers weer met sy gesin herenig word. Dit is duidelik dat ds. H Pasch wel in Augustus 1909 terug in Suid-

Afrika was, want het hy uit Burgersdorp op 12 Aug. 1909 ’n brief geskryf om aan sy gemeente in Humpta wat sy gesin in hierdie beproewinge bygestaan het, sy besondere dank oor te dra. Sy dankwoord begin soos volg:

> *“Naaste God onze Vader uit ik mijn innige diepgevoelde dank aan de zwaar bezochte gemeente van Humpata. Niet alleen dat gij tijdens mijn afwezigheid naar de Alg. Vergadring mijn famile hebt gekleed en gevoed, maar bovenal hebt ge uw liefde betoond aan mijn vrouw en kinderen, nietegenstaande de harde tegenstand toen de pastorie, tafels, stoelen en keukengerei onder haar werd uitverkocht. Uw handen hebben de overige goederen ingepakt, uw wagens weren gereed om mijn familie op te laden en liefelijk in uw huizen te verzorgen, uw geld en waren het, die mijn vrouw uit het gedrang bracht zoodat ik haar in welstand in de Kaap kolonie mocht ontmoeten”* (Die Kerkblad, 1 Sept. 1909:9).

Dan het Pasch hom in dieselfde brief geroepe gevoel om die name van al sy en sy gesin se weldoeners in hierdie onverkwiklike tyd deur te gee:

> *“De kerkeraad en familie - Joh. Alberts, M.Snijman, DJ Opperman, ouderlingen; H Erasmus, D Robbertse, PJ Ch Labuscagne, diakenen; verder nog de Br en familie P Nannings, Stoffel van Vuren, W Chapman, van den Houwen en Vorcheque de Portugeesche broeder en velen meer, die met mij hoofd gebogen hebben voor Gods Woord* “ (Die Kerkblad, 1 Sept. 1909:9).

4.2.5.12 *De facto* ontslag deur Humpata

Al hierdie gebeure het teweeggebring dat ds. Pasch voor ’n volgende voldonge feit in sy roeping te staan gekom het. Hy is deur die onteiening en vervreemding van al die kerklike eiendom wat daar in Angola was en deur die feit dat hy as “ongewenste persoon” (*persona non grata)* in Angola beskou is, in werklikheid as predikant sonder ’n gemeente gelaat. Die Gereformeerde Kerk Humpata het intussen geen ander keuse gehad as om vir ds. Pasch in sy afwesigheid losmaking te verleen nie. Dit impliseer ’n de facto ontslag sonder dat ’n akte van losmaking aan hom verleen is. Die volgende probleem is dat daar geen ander gemeente is waaraan hy gebind kon word nie. In die Gereformeerde kerkregering kan daar nie so iets wees soos ’n geroepe predikant wat nie aan ’n gemeente as VDM gebind is nie. Art 7 KO bepaal dat:

> *“As iemand tot die diens van die Woord in 'n bepaalde Kerk beroep word, moet hy op die bepaalde plek gevestig wees, tensy hy gestuur word om elders kerke te vergader”.*

Die tweede reëling rondom hierdie bepaalde kerkorde artikel was nie op ds. H Pasch van toepassing nie. 'n Predikant los van 'n bepaalde kerk of plek, bestaan nie in die Gereformeerde kerkregering nie. Vir ds. Pasch het dit eintlik daarop neergekom dat daar een van twee dinge in sy roeping met hom kan gebeur. Hy sou of sy amp moet neerlê en moet oorgaan tot 'n ander staat van die lewe (Art 12 KO[41]) of in omstandighede wat duidelik aantoon dat die bedienaar nie meer met vrug in 'n bepaalde gemeente kan arbei nie, maar die moontlikheid wel bestaan dat hy met vrug elders kan arbei. Artikel 11 KO[42] bevat die verpligting dat 'n gemeente die geroepe bedienaar eervol moet versorg. As daar enige omstandighede na vore tree, (wat in ds. H Pasch se geval nou baie duidelik uitstaan) waar die gemeente nie meer in staat is om die geroepe predikant met behoorlike onderhoud eervol te versorg nie, dan mag hulle hom nie onderhoud weerhou of uit hulle diens ontslaan sonder kennis en goedkeuring van 'n bepaalde meerdere kerklike vergadering nie.

Vir ds. H Pasch het verdere onsekere tye in sy roeping aangebreek. Hy moes dae en maande met die grootste spanning aftel vóór daar wéér 'n kerklike vergadering was wat oor sy roeping kon beslis. Die Algemene Vergadering het eers weer op 1 Maart 1910 in Steynsburg vergader. Dieselfde Steynsburg waar ds. H Pasch bietjie meer as 2 jaar gelede deur ds. PC Snyman bevestig was vir sy roeping in Angola, nou staan hy weer hier om te moet hoor of daar na alles wat met hom gebeur het nog enige roeping vir hom kan wees. Op hierdie Algemene vergadering word die stukke uit Angola een vir een aan die orde gestel. Op die vergadering word die brief van 18 April 1908 behandel waarop die 122 lidmate se handtekeninge verskyn wat alle bande met die GKSA verbreek het omdat hulle sienswyse afwyk van wat die GKSA met sendingwerk beoog. Daarna kom die volgende brief van 7 April 1908 met die 118 handtekening wat agter ds. H Pasch se rug in die huis van Andries Alberts opgestel was, wat 'n tipe van petisie bevat het dat hulle nie meer vir ds. H Pasch as hulle predikant wil hê nie. Dit was dieselfde brief wat ds. Pasch se afdanking geëis het, opgestel deur Herman Smit en deur die 118 onderteken is. Hierdie kerklike vergadering hanteer dan die verdere stukke waar 17 van die lidmate herbesin het en versoek het dat hulle name van die *"afdankingsbrief"* geskrap moes

---

[41] **Artikel 12** van die Kerkorde lui soos volg: "Omdat 'n bedienaar van die Woord wat eenmaal wettig beroep is, lewenslank aan die Kerkdiens verbonde is, mag hy nie tot 'n ander staat van die lewe oorgaan nie, behalwe om gewigtige redes waaroor die Kerkraad en die klassis moet oordeel met advies van die deputate van die partikuliere sinode."

[42] **Artikel 11** van die Kerkorde lui soos volg: "Die Kerkraad wat die Kerk verteenwoordig, is verplig om sy bedienaars van die Woord met behoorlike onderhoud te versorg en mag hulle nie die onderhoud weerhou ot hulle uit hulle diens ontslaan sonder kennis en goedkeuring van die klassis met advies van die deputate van die partikuliere sinode nie."

word. Die eerste aanbeveling van die kommissie wat op die vergadering goedgekeur is, is die feit van so baie lidmate se beëindiging van hulle lidmaatskap. Die vergadering stel dat hulle betreur dat so baie lidmate van die gemeente *"zo haastig en, om voor ons onvoldoende reden*" die gemeenskap met die Kerk opgesê het.

Die Algemene Vergadering benoem 'n kommissie wat op al hierdié skrywes die vergadering verder moet adviseer. Maar in besonder het die vergadering hierdie kommissie gelas om ondersoek na ds. H Pasch se roeping in te stel, en hom deeglik oor sy roeping te ondervra. Voordat daar met ds. H Pasch gehandel kon word, was sy "akte van losmaking" eintlik maar net 'n brief wat dit bevestig dat hy nie langer in Humpata kon dien nie, die kommissie het dit egter bekragtig met "*hoewel wegens buitengewone omstandigheden niet geheel in orde*". Daar sou orde op hierdie roeping moes kom, dit het ds. H Pasch geweet. Dit het ds. Pasch, nou 45 jaar oud, eintlik weer in die posisie van 'n student en proponent geplaas. Hy mag die Woord oral bedien, maar het ds. Pasch wel anders as met 'n proponent toestemming ontvang om waar hy versoek word om die Woord te bedien hy ook die sakramente mag bedien.

Op 7 Maart 1910 kom die volgende wending in die roeping van ds. H Pasch, as die sinode op Reddersburg vergader, en daar verder oor die roeping van ds H Pasch besin moet word. Die sinode is weer deur 'n kommissie van advies bedien wat met die volgende aanbeveling vorendag gekom het. Hier begin die volle konsekwensies rondom die toepassing van Art 11 KO na vore te tree. Dit gebeur wel met die getuienis wat kerkregtelik vreemd voorkom en wat iets van 'n kollegiale denke weerspieël. Die Sinode het die kommissie rapport aanvaar wat daarop neerkom sy losmaking net plaaslik geskied het, daarom is hy geregtig om onder toesig en uitnodiging van die kerkrade nog die Woord en sakramente te bedien. Hierdie kommissie het aanbeveel wat met algemene stemme so goedgekeur was dat ds. H Pasch in al die gemeentes van die GKSA beroepbaar gestel word. Nou het sy roeping op 'n beroep moes wag.

4.3 VOLGEHOUE ROEPING IN LADYBRAND

Ds. H.Ph.J. Pasch het in 1884 toe hy in Suid-Afrika gekom het as lidmaat van die Rooms-Katolieke Kerk hom in die distrik van Ladybrand gevestig. Hy sou die pad wat die Here met hom en sy roeping volg, nie kon vooruitbepaal nie. In die wêreld waar hy die gereformeerde godsdiens leer ken en liefkry het, hier waar hy die eerste keer hom geroepe voel om hom as bedienaar van die Woord te bekwaam, volg sy roeping die pad terug hierheen. Die Here het dit so bepaal dat hierdie profeet in sy eie land geëerd sal wees. Watter besondere gebeurtenis as

Pasch op 14 Januarie 1911 deur die Gereformeerde Kerk Ladybrand as hulle predikant beroep word (GKSAA: Ladybrand, Notuleboek 1905-1937. 1.1.2, 14 Jan 1911, Art 12).
Ladybrand se vorige predikant, ds. J.C. Kruger, was vanaf 1898 die eerste voltydse predikant van die gemeente. Volgens Bosch (1967:139) was hy deur almal hoog geag en bemin, *"niet slechts door de leden van zyne gemeente, maar door allen in onze stad*". In Junie 1905 het Kruger skielik ernstig siek geword, waar hy aanvanklik 'n verkoue opgedoen het wat nie ernstig gelyk het nie. Gou hierna het sy toestand so verswak dat hy op 26 Junie 1905 beswyk het en is die gemeente vakant gelaat. Ds. J.C. Kruger was by sy dood 34 jaar oud. Die gemeente het na sy skielike dood hulle verlies soos volg bewoord: "*valt het te twyfelen of zyns gelyken gevonden zal kunne worden om de vakature weer op te vullen*" (Bosch,1967:140. Vir die volgende vyf jaar was die gemeente vakant. Die gelyke van Kruger waarna gesoek was, het hulle in H.Ph.J. Pasch gevind. Vroeg reeds staan Pasch in die eeufeesbundel van die dorp Ladybrand gehuldig as iemand wat "*ongetwyfeld die kleurrykste en vurigste maar mees geliefde herder en leraar wat hierdie gemeente ooit gehad het*" (Bosch,1967:141). Inleidend het die mense van Ladybrand oor ds. Pasch en hulle huldiging van hulle dorp, kerke, gemeenskap en predikante die volgende geuiter:

> *"Ds. Pasch sr., was 'n Hollander van geboorte en sy preke was deurgaans in Hooghollands. Vir die kinders was dit altyd 'n groot aardigheid om te hoor hoe die leraar die ee ge-y het, soos bv. ' ... yn ywig lyven". Hy was verder 'n bossiedokter sonder weerga en goed belese in die regte – inderdaad 'n vader van sy gemeente. Tydens die Rebellie van 1914 toe gevoelens hoog geloop het, moes hy R80 boete betaal omdat hy sy mond verby gepraat het en dit nogal voor 'n getuie"* (Bosch,1967:141).

Hierdie kort getuigskrif het H Pasch se roeping in Ladybrand ingelei. Sy beroep het gekom nadat daar in die gemeente vanaf April 1910 sware worsteling was of hulle in staat is om selfstandig 'n bedienaar van die Woord te beroep. Aan die einde van Maart 1911 het die kerkraad kennis ontvang dat ds. H.Ph.J. Pasch hierdie beroep opgevolg het. Hy het in hulle geskiedenis die tweede vaste predikant geword. Ds. Pasch is gedurende April 1911 in die gemeente bevestig nadat daar geen beswaar teen sy bevestiging voorgelê was nie (GKSAA: Ladybrand, Notuleboek 1905-1937. 1.1.2, 31 Maart 1911, Art 23) .

So het Pasch spoedig met sy roeping en werk in die gemeente kon begin. Daar was heelwat sake wat die kerkraad nou met hulle eie predikant onmiddellike aandag aan wou gee. Die gebeure in Angola is verby, alles kan as afgehandel beskou word. Pasch kan opnuut met sy roeping begin.

Op daardie stadium het Ladybrand 250 belydende lidmate gehad en 263 dooplidmate (GKSAA: Ladybrand, Notuleboek 1905-1937. 1.1.2, 14 Julie 1911, Art 13). ’n Hele aantal broeders, veral vanuit die Myburgh familie, was in die tyd in spanning met van hulle familie en ook met die kerkraad. ’n Brief met 9 handtekeninge dui aan hoe ernstig die spanning was waarin die versoek tot versoening as dringend beskou is (GKSAA: Ladybrand, Notuleboek 1905-1937. 1.1.2, 14 Jul 1911, Art 9). In die volgende vergadering is met groot dankbaarheid kennis geneem van die versoening wat plaasgevind. Hierin het ds. Pasch op die wyse hoe dit alles tot eer van God was, sy dankbaarheid duidelik gemaak (GKSAA: Ladybrand, Notuleboek 1905-1937. 1.1.2, 19 Aug. 1911, Art 5). As ds. Pasch sou twyfel dat geregtigheid en die bediening van versoening nog kan geskied het hy dit hier aanskou. In Angola was dit net nie moontlik nie.

In 1914, net voor die uitbreek van die rebellie het die gemeente in getalle verklein. Die opname van getalle toon dat daar in Julie 1914 212 belydende lidmate en 284 dooplidmate was. In ieder geval kan die daling in getalle vanweë verskeie faktore plaasvind wat nie direk met ds. H Pasch se beoefening van sy roeping verband hou nie (GKSAA: Ladybrand, Notuleboek 1905-1937. 1.1.2, 17 Julie 1914, Art 3). Kort hierna het die gemeentegetalle tydens die rebellie weer gestyg. Dit kan aanvaar word dat ds. H Pasch se getroue bediening en eerlike hantering van groot verdeeldheid oor Kerkgrense heen tydens die rebellie tot die groei in die gemeente bygedra het. 17 Jul 1915 was die belydende lidmate 220 en 294 dooplidmate (GKSAA: Ladybrand, Notuleboek 1905-1937. 1.1.2, 17 Jul 1915, Art 10). In Julie 1917 bly die getal lidmate bestendig. Toe was daar 222 belydende lidmate en die dooplidmate 304 (GKSAA: Ladybrand, Notuleboek 1905-1937. 1.1.2, 17 Jul. 1917, Art 13). In 1919 het daar ’n afstigting plaasgevind en het baie vroeëre lidmate van Ladybrand deel geword van die nuut gestigte Gerf Kerk Ficksburg. Ds. H Pasch het wel Ficksburg se predikant gebly. In 1919 was die belydende lidmate in Ladybrand baie minder. Daar was toe 145 belydende lidmate en 148 dooplidmate in Ladybrand.

Om tot die amp geroep te wees het ds. H Pasch gesien as voorreg maar ook ’n sware taak. Nadat hy vanaf 1911 reeds enkele jare in Ladybrand gedien het, het hy 7 jaar later op 18 Jan 1918 in ’n gemeentevergadering met die opening uit 2 Thessalonisense 2 op die sware lyding in die gemeente gewys, te meer “*om’t ambt te bedienen*” (GKSAA: Ladybrand, Notuleboek 1905-1937. 1.1.2, 18 Jan 1918, Art 12).

4.3.1. Pasch se houding teenoor die rebellie

4.3.1.1 Oorlog, droogte en uitbreek van rebellie (1914)

Wanneer WP du Plessis (1988:159) ds. H Pasch se roeping en bediening tydens die 1914-rebellie in die OVS navors wys hy hoe die knellende droogte en die verdeeldheid op staatkundige gebied besondere eise aan ds. H Pasch se roeping gestel het. Die oorlog en die droogte het Ladybrand ernstig geknou. Die droogte het lank aangehou. Aan die einde van Okt. 1916 was daar nog weer verootmoedigingsdienste rondom die ernstige droogte (GKSAA: Ladybrand, Notuleboek 1905-1937. 1.1.2, 14 Okt. 1916, Art 13)

Op die vergadering van 29 Aug. 1914 is daar die eerste keer sprake van landsgebeure wat die kerklike sake in Ladybrand direk raak. Daar word besluit om die gemeentevergadering wat moes plaasvind uit te stel *"weens de Europesche oorlog*" (GKSAA: Ladybrand, Notuleboek 1905-1937. 1.1.2, 29 Aug 1914, Art 6). Kort na die uitbreek van die oorlog het die kerkraad gerapporteer dat die finansiële toestand van die gemeente baie agteruitgegaan het vanweë wat in die land gebeur (GKSAA: Ladybrand, Notuleboek 1905-1937. 1.1.2, 16 Okt, Art 13).

Op 29 November 1914 is die kerkraad nie as kworum teenwoordig nie *"vanwege de burgeroorlog of onderlingen verwikkelingen des lands en volks"* (GKSAA: Ladybrand, Notuleboek 1905-1937. 1.1.2, 29 Nov. . 1914, Art 1) . Sonder om presies te bewoord wat in die land aan die gang is, is dit duidelik dit die rebellie was, die vlam in die gras, het vuur gevat. Gesinne deur die rebellie uitmekaargeruk begin hulle nood al duideliker te bekla. Nov. 1914 vra sr N.G.S. van der Walt dat daar deur die kerkraad 'n kollektelys opgestel moet word wat in die gemeente moet rondgaan ten einde *"haar echtgenoot uit de gevangenis te bevryden der borgtocht betalende"* (GKSAA: Ladybrand, Notuleboek 1905-1937. 1.1.2, 29 Nov.1914,Art 9). Die kerkraad het geoordeel dat daar geen lyste van die aard gegee kan word wat *"deur Raads bemiddeling"* goedgekeur word nie.

4.3.1.2 Voel geroepe tot "kapelaansbediening"

Tydens die vergadering van 29 Nov. 1914 het ds. H Pasch met 'n konsepvoorstel gekom wat sy roeping a.g.v. die uitbreek van die rebellie op 'n besondere wyse bewoord. Dit staan soos volg genotuleer:

> *"De voorsitter komt nu met met een concept-voorstel ter tafel omhelzelde vryheid te mogen hebben om geestelike arbeid te doen in en op de commando zyn de mannen waar de gelegenheid zich voordoet, ja desnoods zyn dienst voor een tyd te onderlaten om daarin besig te zyn. Concept luidt:*

> *'Aangesien de dringende omstandigheid en verwikkelinge van ons volk het nodig achten dat er geestelike advies leiding en Evangelie-prediking zal gegeven worden aan de burgers op kommando, afgesien het wettig of onwettig optreden dies commandos, afgesien de uitslag de kommandoes, afgesien hoe de Regeering deze verwikkelingen of partyen ook moge noemen, zoo besluit de kerkraad haar leeraar daartoe af te zendene als hy het nodig acht en geeft zyn Eerw. vryheid en volmag zyn gewoon herderlik werk in de gemeente op te schorten om onze burgers op't veld te dienen in voorzeide dienst onafgezien welke party of gevoelen tot eene Gods tot opbouing der gemeente tot heil van ons volk*" (GKSAA: Ladybrand, Notuleboek 1905-1937. 1.1.2, 29 Nov. 1914, Art 11) .

Die kerkraad het besluit om hierdie versoek eers nie te behandel nie en uit te stel tot die volgende vergadering op grond van die volgende motivering*: "aangesien de zaak van zeer ongewone aard is en er geen quorum dese kerkraad s tegenwoordig is de saak uit te stellen tot ek. kerkeraads vergd."* (GKSAA: Ladybrand, Notuleboek 1905-1937. 1.1.2, 29 Nov. 1914, Art 11).

By die volgende vergadering wat op 15 Januarie 1915 weer kon plaasvind kom die gevolge van die rebellie nog duideliker na vore. Die kerkraadslede wat by die vorige vergadering afwesig was en sodoende 'n kworum verhoed het wys daarop *dat "de volle verwikkelingen was en geen punt en verkeer er nou onmogelik"* (GKSAA: Ladybrand, Notuleboek 1905-1937. 1.1.2, 15 Jan.1915, Art 3).

Rondom lidmate wat gevange geneem is gee die kerkraad van Ladybrand aan ds. Pasch die volgende besluit:

> *"de bediening van het Woord Gods aan de gevangenen te Kimberley krygt de pl. (lees plaaslike) leraar verlof om den admissie te verkrygen by het Verdedigings dept. en het Woord aldaar te bedienen* (GKSAA: Ladybrand, Notuleboek 1905-1937. 1.1.2, 15 Jan. 1915, Art 7).

Op 17 Apr. 1915 ontvang die kerkraad antwoord van die ministerie van verdediging en die direkteur van gevangenisse in besonder bemoei met die bediening van die krygsgevangenes. Hierdie brief het vir ds. H Pasch en die kerkraad laat weet dat hulle die dienste van die plaaslike leraar nie wil aanvaar nie *"wegens er een kapelaan is aangesteld"* (GKSAA: Ladybrand, Notuleboek 1905-1937. 1.1.2, 17 Apr. 1915, Art 5).

4.3.1.3 Eerste spanning tydens die rebellie

Vanaf Kimberley ontvang die kerkraad van Ladybrand ’n skrywe van ds. D Rossouw wat versoek dat lidmate van die Gerf Kerk Ladybrand in die *“krygsgevangen kampen te Kimberley”* toegelaat wil word om belydenis van hulle geloof in Kimberley af te lê. Hierdie aangeleentheid gee duidelike bewys van hoe moeilik die rebellie sake vir ds. H Pasch in sy roeping en bediening gemaak het. Eenkant word sy dienste wat hy aangebied het, geweier, aan die ander kant word lidmate wat eintlik aan sy sorg toevertrou moes wees deur ’n ander leraar sonder toestemming van die kerkraad van Ladybrand bearbei en moet die kerkraad bloot ’n stempel op hulle werk plaas. Die kerkraad van Ladybrand het oor die toelating tot belydenisaflegging van hierdie gevangenes gestem en met die uitslag was daar ’n staking van stemme wat veroorsaak het dat die saak doodeenvoudig van die agenda verwyder is (GKSAA: Ladybrand, Notuleboek 1905-1937. 1.1.2, 17 Apr. 1915, Art 10). Ds. Rossouw is dienooreenkomstig van die gebeure ingelig.

In die rebellie-tyd kom daar vanaf Harrismith ’n noodroep tot ds. H Pasch en die kerkraad van Ladybrand. Br Le Roux versoek dat daar in Harrismith ’n Gereformeerde gemeente gestig moet word *“vanwege de vele beswaren en grieven die er zyn in de NG Kerk”*. Die brief waarvan die kerkraad onder voorsitterskap van ds. Pasch leiding moes gee dra bewyse van Pasch se roeping tot die regte Kerkordelike hantering van sake. Dit was vir die kerkraad in Ladybrand duidelik dat in Harrismith *“een doleantie geldt”.* Die beswaardes in Harrismith word geadviseer dat as daar persoonlike moeilikhede tussen die gemeente en die leraar ontstaan het, kan die kerkraad van Ladybrand hulle versoek tot gemeente stigting nie toestaan nie. Sulke verskille moet langs ander weë besleg word. Terselfdertyd besluit die kerkraad van Ladybrand...

> *“... tenzy de moeilikheden rusten op beswaren en grieven opgekomen uit het niet handhaven van de zuiwere leer en kerkregering naar Gods Woord en veral in die drie Formuliere van eenigheid en DKO van 1618-19. Daar het skynt het wel beswaren en grieven zyn van den aard en dat er reeds vóór de landsverwikkelingen een voorneme bestond in deze kerkraad om de leden der Geref. Kerk in Harrismith te omstreken te vergaderen en organiseren sou dunkt de kerkraad dat nu den tyd gekomen is zulks te doen, te meer daar er langs een andere weg ook die behoefte gevoeldt wordt”* (GKSAA: Ladybrand, Notuleboek 1905-1937. 1.1.2, 29 Mei 1915, Art 5).

Ds. H Pasch is hierna deur die kerkraad van Ladybrand as deel van ’n kommissie benoem wat volmag ontvang om namens die kerkraad na bevind van sake te handel...

> "*volgens Gods Woord en belydenissskriften. Dat den ook gelegenheid bestaat om een com. (lees kommissie) uit uw midden verkozen den beswaarhebbende broeders te ontmoeten ten einde onderling te bepalen de wense en de griewe deur broeders om zodoende te komen tot de eenigheid des geloofs en DV tot formatie van een Geref. Gemeente te Harrismith"* (GKSAA: Ladybrand, Notuleboek 1905-1937. 1.1.2, 29 Mei 1915, Art 5).

Die gebeure in Harrismith, in besonder in die NG Kerk het duidelik verband gehou met verdeeldheid in die gemeente wat met die rebellie op die spits gedryf was. Die gebeure in Harrismith wys ook op hoe nie net die NG Kerk geraak nie maar ook hoe ds. H Pasch in sy roeping deur al meer kerke in die tyd genader is om bedieningswerk in die moeilike tyd te verrig. In Julie 1918 was die hantering van die probleme in Harrismith nog nie afgehandel nie. Weer sal ds. H.Ph.J. Pasch en die afgevaardigde ouderling daar na bevind van sake moet handel (GKSAA: Ladybrand, Notuleboek 1905-1937. 1.1.2, 19 Jul 1918, Art 13). In Sept. 1918 word gerapporteer dat daar ampte in Harrismith ingestel is. Op die stadium sal dit nog aparte wyke van Ladybrand vorm. Met die stigting was daar 'n goeie opkoms, daar was jongmense wat belydenis van hulle geloof afgelê het. Daar is by dieselfde vergadering toestemming verleen dat die sakrament van die heilige Nagmaal by 'n volgende geleentheid daar gevier mag word (GKSAA: Ladybrand, Notuleboek 1905-1937. 1.1.2,7 Sept. 1918, Art 5). Intussen het daar 'n epidemie ("pestilensie") in die land uitgebreek. Dit was van so 'n groot omvang dat die Nagmaal wat in Harrismith beplan was, nie kon plaasvind nie (GKSAA: Ladybrand, Notuleboek 1905-1937. 1.1.2, 30 Nov. 1918, Art 4).

4.3.1.4 Ladybrand se siening oor Pasch se bediening tydens die rebellie

In die tyd word in die kerkraad 'n beskrywingspunt hanteer wat beweer dat die Gereformeerde Kerk Ladybrand geestelik en finansieel agteruitgaan weens die leraar se talle verpligtinge in ander gemeentes wat ook sy afwesigheid in Ladybrand teweegbring. Die kerkraad het gevoel dat daar 'n wysiging sal moet kom. Dit word duidelik gemaak dat die gemeentes in Lindley, Boshoff en Frankfort besondere aandag verg. In dieselfde verweer gee ds. H Pasch uitspraak rondom sy roeping, dat daar in die hele provinsie van die Vrystaat 'n brandpunt ontstaan het vanweë die jongste verwikkelinge van die "*protesterendes tegen het onrecht van het overheid en regering zoo is al dan groote verdeeldheid gekomen die zich in de gemeenteleven deed gelden. Vandaar dat er geen beroep kon gedaan worde om eigen leeraar te verkiezen"* (GKSAA: Ladybrand, Notuleboek 1905-1937. 1.1.2, 28 Aug. 1915, Art 7).

Ds. H Pasch het in sy verweer daarop gewys dat hy met al hoe meer gemeentes te make het wat vanweë die rebellie sy aandag verg. Hy wys ook daarop dat die verdeeldheid wat in die gemeentes ontstaan diep sny. Ds. H Pasch wys die kerkraad daarop dat in die NG Kerk is daar ⅞ lidmate aan die protesterende kant terwyl in *"onze gemeenten ¾ regeeringsgezinde".*

Daar was volgens ds. H Pasch 'n poging van die...

> *"...regeeringsgezinde de protesterende onder kerklike behandeling of cencuur wilden nemen en dan nu daar een algemeene nationale geest die gedachten getemperd, zoo wil nu eigelik de protesterende party zulks doen. Vandaar de beroering. Ook is er een neiging dat de regeeringsgezinde den NG Kerk willen overkomen naar de Geref. gemeente maar dat wordt zedelik verhinderd dat de consulent meer zich voegt aan de protesterende party, wat het politieke leven betreft en de protesterende deel in onze gemeente neigt over te gaan naar de NG Kerk maar worden eenigsins verhinderd door de kennis dat de consulent aan hun zyde staat*" (GKSAA: Ladybrand, Notuleboek 1905-1937. 1.1.2, 28 Aug. 1915, Art 7).

Ds. H Pasch wys verder op die onenigheid in hierdie tyd. Hy spreek die bede uit dat daar 'n verandering ten goede mag kom. In die lig hiervan vra hy die kerkraad se toestemming om die ander gemeentes nog vir 'n tyd lank te bly bedien. Op die einde was die besluit dat hy toestemming ontvang om die ander gemeentes tot einde Januarie 1916 te bedien terwyl daar in sy afwesigheid 'n proponent uitgenooi moes word (GKSAA: Ladybrand, Notuleboek 1905-1937. 1.1.2, 28 Aug. 1915, Art 7).

Uit ds. H Pasch se hele betoog van watter verdeeldhede, spanninge en onenigheid daar in kerke vanweë die rebellie ontstaan het, is hy wat sy eie roeping aanbetref baie eerlik dat hy hom meer tot die protesterendes aangetrokke voel. Volgens Du Plessis (1988:160) kan hierdie openlike verklaring van ds. H Pasch gesien word as bewys dat in die kerkraad van die Gerf Kerk Ladybrand daar nie sulke groot onenigheid oor die rebellie was in vergeleke met die meeste ander gemeentes in ander dorpe rondom Ladybrand nie. As daar in Ladybrand ook groot verdeeldheid was, sou ds. H Pasch homself baie versigtiger in sy roeping moes uitspreek.

Ds. H Pasch het albei die konsulentsgemeentes, Frankfort en Lindley, kort hierna besoek. As konsulent wou hy by albei gemeentes die plig as konsulent neerlê. Albei die gemeentes wou hom nie hiervan onthef nie. Hy het ingestem om dan nog 'n tyd lank aan te bly. Aan die einde van Nov. 1915 het hy die kerkraad van sy voorgenome bedanking as konsulent vir die die gemeentes ingelig, maar dat die kerke hom versoek het om nog ten minste tot einde Maart aan

te bly. Ladybrand het hierdie versoek toegestaan (GKSAA: Ladybrand, Notuleboek 1905-1937. 1.1.2, 27 Nov. 1915, Art 7). By die volgende vergadering in Jan 1916 wou die twee konsulentgemeentes die tydperk verleng vir ten minste nog vir een jaar. Ds. H Pasch het met sy kerkraad die roeping as konsulent weer opgeneem. Alhoewel daar verskeie voorstelle was en die gedagte bly bestaan dat hierdie werk in ander gemeentes vir ds. Pasch lang tye sy roeping in Ladybrand sou bemoeilik, het die kerkraad tog ingewillig tot nog ’n termyn van een jaar vir Lindley en Frankfort (GKSAA: Ladybrand, Notuleboek 1905-1937. 1.1.2, 15 Jan 1916, Art 3).

Hierdie roeping tot konsulentskap word vir ds. Pasch al hoe moeiliker om te hanteer. In April 1916 het die kerkraad die volgende besluit geneem:

> *“de leraar kan niet langer consulent zyn van de gemeenten Lindley en Frankfort na hy met de com (lees kommissie) van visitatoren in Junie die gemeenten bezoekt heeft”* (GKSAA: Ladybrand, Notuleboek 1905-1937. 1.1.2, 15 April 1916, Art 2).

In Mei 1916 het ds. Pasch die kerkraad van Ladybrand versoek dat hy as konsulent van Frankfort en Lindley aanbly tot die volgende Algemene Vergadering wat in Frankfort moet plaasvind. Met dieselfde versoek het ds. Pasch kennis gegee dat daar wel verligting gekom het aan die verpligtinge wat hierdie gemeentes aan hom gestel het (GKSAA: Ladybrand, Notuleboek 1905-1937. 1.1.2, 21 Mei 1916, Art 4). In September 1916 het ds. Pasch met toestemming van die kerkraad nog weer Sondag dienste in Frankfort waargeneem (GKSAA: Ladybrand, Notuleboek 1905-1937. 1.1.2, 15 Jul 1916, Art 10). In Des 1916 ontvang ds. Pasch nog weer toestemming vir bedieningswerk in Frankfort (GKSAA: Ladybrand, Notuleboek 1905-1937. 1.1.2, 9 Des. 1916, Art 9). In Maart 1917 berig ds. H Pasch aan die kerkraad dat die beroep wat Frankfort uitgebring het, nie opgevolg is nie. Daarom versoek ds. Pasch weereens die kerkraad dat hy na Frankfort gaan om die beroep van ’n konsulent te hanteer. Die versoek word toegestaan met die voorwaarde aan die kant van Ladybrand “*dat zyn Eerw niet langer consulent kan zyn van die gemeente* (GKSAA: Ladybrand, Notuleboek 1905-1937. 1.1.2, 14 Maart 1917, Art 15). In Okt. 1917 kom daar iets van ’n afsluiting van ds. H Pasch se roeping teenoor Frankfort. Tydens die vergadering word genotuleer dat ds. H Pasch die nuwe bedienaar, ds. JH Boneschans[43], daar kan bevestig. Terselfdertyd word broeders afgevaardig om die classis contracta vergadering in Frankfort by te woon as deel van die bevestiging vir

[43] Ds. Jan-Hendrik Boneschans se eerste gemeente wat hy bedien het, was Petrusburg (1915-1917). Hy het die bediening in die Frankfort-kombinasie tot 1919 behartig.

Frankfort se nuwe predikant (GKSAA: Ladybrand, Notuleboek 1905-1937. 1.1.2, 19 Okt. 1917, Art 3).

Intussen het dit al duideliker na vore gekom dat ds. H Pasch se roeping en arbeid as konsulent in die Gereformeerde kerke Lindley en Frankfort besondere eise aan hom gestel het. Du Plessis (1988:169-174) wys in besonder hoe die gemeentes Lindley en Frankfort beide bestaan het uit ’n groot aantal lidmate van die vroeëre Kruiskerke wat uit die roeping en bediening van ds. S.J. du Toit ontstaan het. Ná Du Toit se dood het hierdie kerke aansluiting by die GKSA gevind. Ds. H Pasch was in sy roeping as herder oor baie van hierdie lidmate uit die vroeëre “Kruiskerke” ’n vertroueling wat met vrug onder hulle kon arbei. In ag genome dat tydens die rebellie jare hierdie lidmate uit die vroeëre Kruiskerke, regeringsgesind was en dat daar heelwat pro-Britse lidmate was, wat polities in hulle siening rondom die rebellie lynreg met ds. H Pasch verskil het. Pasch het wel in die bediening van sy roeping teenoor hulle met vrug kon arbei wat ingesluit het die hantering van baie verhale van broedertwis, smart en ontbering (Du Plessis, 1988:174). In die annale van die herdenking van die honderd-jarige herdenking van die geskiedenis van Ladybrand as dorp het Bosch (1967:141) die insident aangeteken dat ds. H Pasch hom ’n keer in die hoogloop van gevoelens ’n stewige boete op die hals gehaal het omdat hy *“sy mond verby gepraat het en dit nogal voor ’n getuie”*. Dit het uitgeloop op ’n boete van R80 wat ds. Pasch opgelê was, wat in vandag se terme gelyk sou wees aan ‘n paar duisend rand.

4.3.1.4.1 Pasch en diaken V.E. d’Assonville as rebel

In Frankfort het die rebellie rondom een persoon, ’n diaken, V.E. d’Assonville[44] (1875-1953) ’n mikro-Kerkstryd op sy eie ontketen. Victor Edouard d’Assonville het vanweë die gereformeerde belydenisskrifte, en saam met sy Grove skoonouers Kerklik die stryd gestry. Hulle was lesers van die werke van Abraham Kuyper. Hulle het later daarvan oortuig geraak om die verbintenis met die NG Kerk Heilbron te verbreek, omdat die Remonstrantse dwalinge, hierdie NG gemeente ingesluip het. Die NG-predikant op Heilbron is as ’n *“geesdrywer”* beskou wat allerhande opwekkingsdienste gehou het. Terselfdertyd het hy die gereformeerde belydenis op belangrike punte verwerp, o.a. die predestinasieleer en die soewereine genade van Christus. Dit het D’Assonville en sy skoonfamilie genoop om kort na die stigting van die Gereformeerde

[44] Vader van prof. V.E. d’Assonville II wat vanaf 1954 tot 1992 dienswerk in die verband van GKSA sou verrig. Sy laaste groot bydraes direk tot die kerklike ampte was as professor veral in Kerkgeskiedenis vanaf 1978 – 1992.

Kerk onder die kruis Frankfort in 1911[45], by die "Kruiskerk", nog in die tyd van ds. SJ du Toit, aansluiting te vind (D'Assonville II, 2002:143) .

Dieselfde V.E. d'Assonville was van die min lede in daardie gemeente wat in Sept.1914 baie aktief tot die rebellie toegetree het. Hy was ook van die laastes wat gevang is en vir ses maande in die mees haglike omstandighede in die "De Beers Compounds" in Kimberley aangehou is. Hy was onder die "gevaarlike rebelle" gereken, en is saam met ander "gevaarlikes" soos genl. Manie Maritz en genl. Adriaan de la Rey[46]aangehou. Hy het onder hulle getel wat ds. H.Ph. J. Pasch geroepe gevoel het om in die tronk te besoek. Die owerheid het ds. Pasch hierdie besoek/e geweier soos reeds aangetoon.

Kerklik in Frankfort gebeur die onverwagse. Op die plaaslike kerkfront is D'Assonville onder voorsitterskap van ds. H.Ph.J. Pasch as diaken oneervol losgemaak en onder tug geplaas. Hier het ds. H.Ph.J Pasch wel die tug sy gang moes laat gaan, soos daar gestel is dat *"hy as konsulent nie 'n onbuigsame pad met die rebel D'Assonville gevolg het nie"* (Du Plessis, 1988:177). Hierdie persoonlike stukkie familie- en kerkgeskiedenis het tragiese gevolge gehad, soveel so dat V.E. d'Assonville nooit weer in enige amp tot aan die einde van sy lewe in 1953 gedien het nie.

4.3.1.5 Die uitdagende taak van die Kerk om standpunt in te neem oor die rebellie

Ds. H Pasch het ten nouste rondom die 1916- Sinodebesluite saamgewerk, wat die kerkverband se siening oor die rebellie moes ondersoek. Die beswaarde lidmate uit Lindley en Frankfort het ernstige bedenkinge teen die rebelle na vore gebring wat wou toesien dat hulle as lidmate kerklik getug behoort te word oor hierdie daad van ongehoorsaamheid teenoor die owerheid.

In 'n beskrywingspunt van Lindley is die Sinode versoek om hom uit te spreek *"of die rebellie volgens Gods Woord en die belydenisskrifte is*" (Jooste, 1958:247). Die skrywe van Lindley was

[45] Die Kruiskerk Frankfort is op 23 Feb. 1911 gestig. Ds. SJ du Toit is kort hierna, in Mei 1911, oorlede.
[46] Broer van die bekende Genl. Koos de la Rey wat aan die begin van die rebellie 15 Sept.1914 onder eienaardige omstandighede geskiet is.

maar een van talle gemeentes[47] se worsteling oor hierdie politieke daad waarbinne die rebellie predikante in hulle roeping en bediening geplaas het. Dit was ’n uiters sensitiewe saak met soveel potensiaal vir grootskaalse spanning en verdeeldheid wat ’n predikant in sy roeping en bediening baie versigtig moes hanteer. Hy kon hom nie openlik aan een van die twee kante skaar en openlik verset teen die ander kant opwek nie.

Hierin het ds. H Pasch met onderskeiding geslaag. Hy het wel nie soos van sy kollegas L.P Vorster, W.J. de de Klerk en N.H. van der Walt in hierdie tyd, aktiewe party-politieke toesprake en dade verrig nie, maar was deur sy eie politieke sieninge eerlik genoeg om aan te toon aan watter kant hy staan, sonder dat hy sy roeping as predikant in die gedrang bring. Selfs sou hy die politieke teëstanders sonder groot spanning Kerklik kon bly bedien.

Dit het vir ds. H Pasch in ’n sekere sin van hierdie genoemde kollegas onderskei. Van hulle het in hierdie tyd baie groter onmin en teëstand in hulle gemeentes veroorsaak, deur nie die fyn balans tussen die roeping en bediening as predikant en die gevaarlike rol wat party-politiek in die Kerk meebring, kon afweer nie. In sekere gevalle het predikante die verdeling wat die party-politiek kan veroorsaak aangehelp. Hulle het so by die party-politiek betrokke geraak dat hulle as politieke kandidate en voornemende parlementslede die kant van die politiek bo die belang van die eenheid in ’n gemeente verkies het (Jooste, 1958:258,261).

Die sinode van 1916 het baie versigtig met die versoek tot beoordeling van die rebellie as sodanig gehandel. Dit kom daarop neer dat alhoewel die vergadering bewus is van die toedrag van sake wat in heelwat gemeentes groot beroering en ontwrigting veroorsaak, het die sinode wyslik besluit om al die *“besware”* so te groepeer dat daar ’n antwoord in een breedvoerige rapport gelewer word. Die rapport het uit drie afdelings bestaan. Die eerste is ’n beoordeling van wat die gemeentes aan die sinode gevra het. Die tweede deel handel oor waarom die sinode besluit het om geen uitspraak as sodanig oor die opstand van 1914 te gee nie. In die laaste deel word daar gehandel oor wat die gedrag van lidmate in hierdie omstandighede behoort te wees.

In die beoordeling van wat die gemeentes gevra het, is die sentrale vertrekpunt Art 36 NGB oor die noodsaak, gesag en plek van die owerheid in die menslike samelewing. Skrifuitsprake soos

[47] Gereformeerde kerke Clanwilliam, Bethal, Ceres het tydens dieselfde vergadering beskrywingspunte rakende die rebellie aan die orde gestel (Jooste, 1958:247).

Mattheus 22:17, Romeine 13:6-7 en 1 Petrus 2:13 gee uitsprake oor die verpligting aan onderwerping aan die owerheid. Hiervolgens moet ’n owerheid as instelling van God bely word. Die owerheid moet as dienaar van God sodanige gehoorsaamheid eis, maar terselfdertyd moet die owerheid oor die onderdane regeer in *“alle getrouheid, versigtigheid, ja vaderlike goedwilligheid”* (Jooste, 1958:248). Die feit dat die sinode nie spesifiek oor die rebellie van 1914 uitspraak lewer nie, was geneem in die lig van verskeie faktore. Veral die onmiddellike oorsake wat die rebellie sou voorafgaan, die besluit om aan die eerste wêreldoorlog deel te neem, die inval in Namibië, word in alle gevalle verskillend beoordeel wat dit vir die sinode onmoontlik maak om in hierdie voorafgaande gevalle enige kant te kies. In die laaste oorleg wat die kerklike vergadering in 1916 rakende die rebellie geneem het, was wat kan van lidmate verwag word. Hierin het die sinode daarop gedui dat hulle geen *“hoogste mag in die Kerk kan wees nie”.* Die vergadering moet besluite neem wat dienend van aard is. Die koninkryk van God moet gedien word en sal die sinode nie as gewete van lidmate kan optree nie. Elkeen sal in sy eie gewete moet uitmaak wat sy rol en aandeel in die rebellie op die einde was waarvoor daar onvoorwaardelik voor die gesag van God se Woord gebuig moet word (Jooste, 1958:252).

Dit sou nog jare neem dat baie van die lidmate wat onder die herderlike roeping en bediening van ds. H Pasch gestaan het, met die antwoorde van die sinode nie mee tevrede was nie. Selfs tot in 1919 was daar in die kerkraad van Ladybrand ’n ongelukkige gevoel dat daar waar protes bestaan het, soos met 1914 se rebellie, die kerklike vergadering volgens van die ouderlinge nie die regte besluit geneem het nie. Van hierdie ouderlinge het selfs gevoel dat die Ring van die NG Kerk van die Noordelike Vrystaat waar dit gaan om die hantering van protes, die NG Kerk hierin meer reg het as hulle eie Algemene vergadering (GKSAA: Ladybrand, Notuleboek 1905-1937. 1.1.2, 19 Apr. 1919, Art 14). So het die saak van die rebellie en die nagevolge daarvan tot langer as 6 jaar na die tyd steeds voortgeduur.

Dit kan verstaan word dat ds. H Pasch, veral in sy roeping teenoor lidmate wat vroeër deel was van die *“Kerke onder die Kruis”* ’n mate van spanning beleef het. Diesulke lidmate het met die sieninge en standpunte van ds. SJ du Toit tydens die Tweede Vryheidsoorlog saamgestem. Du Toit het in 1899 die optrede van die Kaapse rebelle nie wou kondoneer nie (Jooste, 1958:254). Na Du Toit se dood het lidmate, wat wel nou intussen in die verband van die GKSA opgeneem was, met die rebellie van 1914 ’n parallel wou handhaaf dat so min soos 1899 se Kaapse rebelle geregverdig kon word, so min het hulle hierdie rebelle van 1914 Kerklik wou duld.
Ds. H Pasch het ondanks die grondige verskil met hierdie lidmate oor die rebellie, steeds getrou aan sy roeping hul herder en leraar gebly. Die feit dat ds. H Pasch in 1927, ná sy tyd in

Pietersburg weer na die deel van die Vrystaat en in besonder na die sterk vroeëre Kruiskerk Lindley beroep was, gee bewys van die besondere gawe van ds. Pasch om te midde van sterk verskille, die verskille só te hanteer dat dit nie ’n belemmering en struikelblok in sy roeping en verdere bediening aan lidmate, wat wel van hom verskil het, behoort te wees nie.

4.3.2 Roeping deur die lot te werp

Tydens ’n vergadering wat op 30 Aug. 1919 in Ladybrand gehou was, het ds. H Pasch aan die kerkraad meegedeel dat hy ’n beroep na Pietersburg ontvang het, maar *“na lange stryd en gebeden kon zyn Eerwaarde geen beslistheid in zyn ziel bekomen om het aan te nemen of niet*”. Die volgende het toe met ds. H Pasch in sy roeping gebeur: “*Na verootmoediging voor de Heere word, het lot geworpen en besluite ten aanname van het beroep*”. Die vergadering het dit hierna duidelik gemaak dat hulle hierdie as die werk van die Here beskou en dat almal in God se wil moet berus. Dit het ds. H Pasch oor homself, sy familie en hierdie gemeente moes aanvaar. Die notule bevestig dat die kerkraad “*zyn smart maar ook stille berusting in de Heere te kennen had gegeven*” (GKSAA: Ladybrand, Notuleboek 1905-1937. 1.1.2, 30 Aug. 1919, Art 8). Op dieselfde vergadering is besluit om aan ds. H Pasch eervolle losmaking te verleen en wel op 4 Jan 1920. Daar is dadelik in die bediening van die ander wyke reëlings getref. Die wyke Harrismith en Bethlehem sal ’n keuse kon uitoefen of hulle by ’n ander gemeente wou inskakel. Die wyk Fouriesburg het intussen deel geword van die Gereformeerde Kerk Ficksburg.

As bewys dat ds. H Pasch se bediening in Ladybrand en die latere bediening met die kombinasie van die Gereformeerde Kerk Ficksburg geseënd was, het die kerkraad besluit dat ds. H Pasch se afskeidspreek en sy intreepreek in druk uitgegee moes word. Die kerkrade het besluit om die koste vir hierdie *“preekbundel”* te dra (GKSAA: Ladybrand, Notuleboek 1905-1937. 1.1.2, 30 Aug 1919, Art 13). Op 22 Nov. 1919 is ds. H Pasch eervol van sy roeping in Ladybrand losgemaak (GKSAA: Ladybrand, Notuleboek 1905-1937. 1.1.2, 22 Nov. 1919, Art 14). Afgevaardigdes van die Gereformeerde kerke Frankfort en Ficksburg, waar ds. H Pasch ’n groot deel van sy bediening en roeping uitgeoefen het, was deel van hierdie vergadering om ds. H Pasch eervol los te maak. Daar is ook aan ds. H Pasch £50-00 gegee *“as tastbaar bewys van de waardering van de diensten van ds. Pasch”* (GKSAA: Ladybrand, Notuleboek 1905-1937. 1.1.2, 2 Jan 1920, Art 15).

In ds. H Pasch se afskeidswoord aan die Kerk spreek hy sy besondere waardering uit vir die kerkraad se houding teenoor sy amp en roeping en dat hy nie weet of hy “*weer zulken kerkeraad zal ontmoeten. Hy heeft nooit zyn persoon op de voorgrond gesteld. De kerkeraad*

kon zide altoos my uitspreken. Hy heeft niet geheerst maar geleid. Hy hoopt dat de Almachtige God weer julle aan de gemeente zal geven. Hy dankt om geduld en vertrouwen in hem gesteld en wenst kerkeraad en gemeente verder de Zegen des Heeren toe (GKSAA: Ladybrand, Notuleboek 1905-1937. 1.1.2, 2 Jan 1920, Art 27).

4.4 ROEPING IN PIETERSBURG

Op 11 Julie 1919 het die Gereformeerde Kerk Pietersburg na ’n lang tyd van vakantskap besluit om weer te beroep (GKSAA, Pietersburg, Notuleboek 1909-1922. 1.1.3. 11 Jul 1919, Art 6).

’n Groslys van 10 predikante het gedien waaruit gestem moes word. Tydens die verkiesing is daar drie rondtes van stemming gehou waarby dit heel duidelik was dat ds. H.Ph.J. Pasch van *“Ladybrandt door de gemeente is beroepen”.* Ds. H Pasch is met volstrekte meerderheid as herder van die gemeente beroep. Die predikant in die gemeente het in sy roeping weereens ’n wye bedieningsveld moes dek. Buiten Pietersburg was Schoemansdal en Skunespoort (Chuniespoort) deel van die gemeentegrense.

Rondom die beroeping het ds. H Pasch baie geworstel. Uit die notules van Ladybrand is dit duidelik dat ds. Pasch by wyse van die werp van die lot die besluit moes neem om wel die beroep te aanvaar (vgl. pt.4.3.3). Op 10 Oktober 1919 het ds. Pasch die kerkraad van Pietersburg meegedeel dat hy die beroep sal opvolg, maar dat hy eers aan die einde van Januarie 1920 in Pietersburg sal begin. Daarteen het die kerkraad van Pietersburg beswaar gehad wat hulle deur ’n telegram aan ds. Pasch laat weet het dat hulle hom graag vroeër wil ontvang (GKSAA, Pietersburg, Notuleboek 1909-1922. 1.1.3. 10 Okt. 1919, Art 3). Ds. Pasch was op daardie stadium in Boshoff en die telegram het hom nie bereik nie.

Die laaste Sondag van Januarie 1920 is toe goedgekeur as datum van bevestiging. Op 23 Januarie 1920 is ds. H Pasch teenwoordig by die kerkraadsvergadering en het ds. J.P. van der Walt as konsulent ds. H Pasch die voorsitterstoel aangebied . (GKSAA, Pietersburg, Notuleboek 1909-1922. 1.1.3. 23 Jan 1920, Art 3).
Soos daar geen volmaakte gemeente van die Here op aarde bestaan nie, so was ook Pietersburg ’n gemeente waar daar in die roeping van die predikant met baie sake geworstel is. Hierdié bediening en roeping het groot dele van die Bosveld en Laeveld ingesluit.

4.4.1 PASCH SE ROEPING IN DIE BOSVELD EN LAEVELD (1920-1927)

Daar was spanning tydens die eerste vergadering waar ds. H Pasch in Pietersburg die leiding moes neem. Br B.J. Venter het ontslag uit die amp gevra vanweë die spanning wat hy met ’n ander br. Jan Venter gehad het. Ds. H Pasch het daarin geslaag om daar vrede te maak tussen die broeders. Ook br. B. Jacobs het in die tyd nie in vrede kon leef nie. Hy het gevoel dat daar aan hom onreg aangedoen was. Hierin het ds. H Pasch hom sy volle kant van die saak laat stel, ook die ontevredenheid wat hy met die konsulent, ds. J.P. van der Walt gehad het. In al die sake het ds. Pasch aangetoon dat vir die bedienaar van die Woord om bedienaar van die versoening te wees ’n primêre roeping moet wees (GKSAA, Pietersburg, Notuleboek 1909-1922. 1.1.3. 23 Jan 1920, Art 8). Nadat br Jacobs sy volle kant van die onreg hom aangedoen kon stel het die kerkraad besluit om al die *“ou vetes maar opzy te zetten.”.* Almal word gevra om met ’n nuwe en skoon blaadjie te begin (GKSAA, Pietersburg, Notuleboek 1909-1922. 1.1.3. 20 Jan 1920, Art 8).

In Pietersburg het die kwessie van sitplekke in die Kerk en skeiding tussen mans en vrouens die eerste jaar van ds. H Pasch se bediening sy aandag gevra. Hierin het ds. H Pasch gewys dat daar geen duidelikheid vanuit die Woord van die Here oor hierdie aangeleentheid bestaan nie. Op die einde het die kerkraad besluit dat hulle nie mans kan dwing om apart van hulle vrouens te sit nie. Ds. H Pasch het wel die moeders aangemoedig om hulle ongetroude dogters so ver as moontlik bymekaar te laat sit aan die een kant van die Kerk en die vaders is weer versoek om hulle seuns in die Kerk eenkant weg van die dogters te laat sit. So het ds. H Pasch dit gestel sal daar *“dan vanself een scheiding plaats hebben*” (GKSAA, Pietersburg, Notuleboek 1909-1922. 1.1.3. 10 Apr. 1920, Art 6).

In Julie 1920 is daar versoek dat die dorp Louis Trichardt as aparte wyk in die gemeente erken sal word. Hulle sal dan aparte eredienste en sakrament bediening ontvang, hulle hanteer self die belydenis van dooplidmate. Die versoek word toegestaan met die voorwaarde dat die finansiële belange in Pietersburg hanteer word en dat hulle na elke Nagmaal aan die kerkraad van Pietersburg verslag sal lewer (GKSAA, Pietersburg, Notuleboek 1909-1922. 1.1.3. 9 Jul 1920, Art 10). Die verdere voorwaarde aan die versoek uit Louis Trichardt is dat in die hantering van moeilike sake dit na die kerkraad van Pietersburg verwys moet word. Later het dit duidelik geword dat die wyk *“Lageveld” ook op meer selfstandige bediening kon begin reken*” (GKSAA, Pietersburg, Notuleboek 1909-1922. 1.1.3. 16 Okt. 1920 Art 8). Die kerkraadslede van hierdie buitewyke *“zullen dus niet in het kworum op het dorp behoorene”.*

In 1922 het ds. H Pasch in die Laeveld besondere evangelisasiewerk gedoen. Hy het bewus geword van *"daar is een kolonie padwerkers en daar heeft de leraar al eens geweest en die menschen zijn verwilderd zoo vraagt de leeraar de kerkeraad om daar nogmaals een bezoekt te brengen"*. Die versoek is aan ds. Pasch toegestaan om met hierdie sending- en evangelisasiewerk voort te gaan (GKSAA, Pietersburg, Notuleboek 1909-1922. 1.1.3. 7 Jul 1922, Art 7). By die volgende vergadering het ds. H Pasch oor hierdie sending met vreugde verslag gedoen. Hy het dit duidelik gemaak hoe diegene in die kamp die evangelie met vreugde ontvang het. Daar was 7 gedoop en 6 het belydenis van hulle geloof gedoen. Daar was selfs 'n kerkraad verkies. Nagmaal is gevier en Bybels en ander lektuur is na hulle uitgestuur (GKSAA, Pietersburg, Notuleboek 1922-1943. 1.1.4. 7 Okt. 1922, Art 4). In dieselfde tyd het die teleurstelling nie uitgebly nie. Ds. H Pasch het berig ontvang dat hierdie kamp van padwerkers weer sal moet skuif en opgebreek gaan word.

In 1924 neem die kerkraad met dank kennis van die werk wat ds. H Pasch in *"Masinne"* (Messina) gedoen het. Die vertroue word uitgespreek dat hierdie werk opgevolg sal word en daar spoedig kerkraad slede in daardie gebied verkies sal word. Hulle sal dan deel kan vorm van die wyk van Louis Trichardt (GKSAA, Pietersburg, Notuleboek 1922-1943. 1.1.4. 10 Jul.1924, Art 4).

Die kerkraad ontvang in 1924 'n brief van "een jonge seun Venter "*om aanzoek te doen voor opleiding tot zendeling".* Die kerkraad het die broeder wou aanmoedig en onderneem om sy aansoek voor die Algemene vergadering te laat dien (GKSAA, Pietersburg, Notuleboek 1922-1943. 1.1.4. 10 Jan.1924, Art 4).

In April 1926 is daar weer sprake van 'n wyk wat 'n selfstandige gemeente wil word. Die keer is dit die wyk Louis Trichardt wat besluit het om af te stig. Die kerkraad van Pietersburg het met die aansoek moes handel (GKSAA, Pietersburg, Notuleboek 1922-1943. 1.1.4. 9 Apr. 1926, Art 3). Later word berig dat in die wyk van Louis Trichardt daar in die tyd van ds. Pasch se bediening al 110 lidmate was (GKSAA, Pietersburg, Notuleboek 1922-1943. 1.1.4. 9 Jan 1925, Art 12). So word die besluit dan goedgekeur dat hulle van Pietersburg mag afstig. In die hantering van skulde en ander uitgawes het Pietersburg aan Louis Trichardt bepaalde vereistes gestel. Daar kon aanvanklik nie tot 'n vergelyk gekom word nie en berig die notule *"daar word onbetamelijke woorden gesproken tot eindelijk de kerkeraad en de deputaat besluit om deze saak bij een volgende vergadering weer ter tafel te brengen"*. Met vreugde het die volgende vergadering die stigting van die gemeente Louis Trichardt goedgekeur. Almal op die kerkraad

was met hierdie vergadering en sy bepalinge tevrede (GKSAA, Pietersburg, Notuleboek 1922-1943. 1.1.4. 10 Jul.1926 1925, Art 6). Op 8 Oktober 1926 word gerapporteer dat die klassikale vergadering die stigting goedgekeur het. Op hierdie vergadering is daar besluit dat van Louis Trichardt sal nie gepraat word dat hulle konsulent-gemeente van Pietersburg is nie, maar *"gecombineerde gemeente.."* Daar is besluit die afstigting aan die begin van Januarie 1927 sal plaasvind.

Hierin is weer 'n bepaalde hoogtepunt in die roeping en dienswerk van ds. Pasch wat nog 'n gemeente onder sy sorg tot afstigting kon lei, al het hy die gemeente na afstigting as predikant bly bedien (GKSAA, Pietersburg, Notuleboek 1922-1943. 1.1.4. 8 Okt. 1926, Art 2). In Januarie 1927 het die afstigting ordelik verloop. In verband met die geldelike skulde waarmee Louis Trichardt Pietersburg agtergelaat het, het albei kerke besluit om die skuld om die helfte te verdeel. Louis Trichardt was te vinde om die bedrag van £100 as skuld van Pietersburg oor te neem (GKSAA, Pietersburg, Notuleboek 1922-1943. 1.1.4. 27 Jan 1927, Art 11). In April 1927 het Louis Trichardt die bedrag soos deur hulle verskuldig ten volle aan Pietersburg kerkraad oorbetaal (GKSAA, Pietersburg, Notuleboek 1922-1943. 1.1.4. 8 Apr. 1927, Art 2).

Dit is duidelik dat ds. H Pasch in sy hele bedieningstyd in Pietersburg met gemeentes en wyke te doen gehad het wat in getalle bly groei het. By sy vertrek in die tweede helfte van 1927 was Pietersburg 'n gemeente van 280 belydende lidmate en 334 kinders. Die gemeente in Louis Trichardt se getalle was omtrent dieselfde (GKSAA, Pietersburg, Notuleboek 1922-1943. 1.1.4. 8 Jul. 1927, Art 14). Hierdie groei het plaasgevind ten spye van baie swaar jare in die gemeente.

4.5 ROEPING IN LINDLEY (EN STEYNSRUS) (1927- 1936)

Die predikant wat net voor ds. H Pasch sy roeping in Lindley vervul het, was ds. WJ Snyman. Op die kerkraadsvergadering van 8 Julie 1927 in Pietersburg het ds. H Pasch aan die kerkraad Pietersburg bekend gemaak dat die Gereformeerde Kerk Lindley hom beroep het (GKSAA, Pietersburg, Notuleboek 1922-1943. 1.1.4. 8 Jul. 1926, Art 4). Hy het by dieselfde vergadering aan die kerkraad meegedeel dat *"na ernstig en biddende overleg heeft zijn Eerw besloten dit beroep aan te nemen"*. In Oktober 1927 is ds. H Pasch in Pietersburg losgemaak om na Lindley te vertrek. Die roeping in Pietersburg is deur teologiese student Jac van Rooy oorgeneem (GKSAA, Pietersburg, Notuleboek 1922-1943. 1.1.4. 7 Okt. 1927, Art 12).

Met die vertrek uit Pietersburg het die gemeente toe met oorweldigende meerderheid vir student Van Rooy beroep, waar hy eintlik nog nie beroepbaar was nie. Met Van Rooy gebeur dieselfde as met ds. H Pasch se eerste beroep toe hy na Angola 'n beroep ontvang het maar eers die einde van die jaar die finale eksamens moes afhandel.[48] In die geval van Van Rooy is daar besluit *"daar deze broeder aan het einde des jaars klaar is met zyn studie is de gemeente wachtende op zijn antwoord..."* (GKSAA, Pietersburg, Notuleboek 1922-1943. 1.1.4. 7 Okt. 1927, Art 13).

Opmerklik dat ds. H.Ph.J. Pasch in Lindley as voorsitter by 'n kerkraadsvergadering gedien het, kort na sy beroeping, voordat hy nog van Pietersburg losmaking ontvang het (GKSAA, Lindley, Notuleboek 1926-1942. 1.1.3. 16 Jul 1927. 1927, Art 1). Hy was op die vergadering teenwoordig waar hy hulle meegedeel het dat hy hierdie beroep na Lindley aanvaar (GKSAA, Lindley, Notuleboek 1926-1942. 1.1.3. 16 Jul 1927. 1927, Art 7). In ag genome dat daar teen ds. H Pasch se losmaking in Pietersburg wel enige beswaar kon wees moet hierdie optrede rondom ds. H Pasch se teenwoordigheid op die vergadering in Lindley, waar hy persoonlik die beroep aanvaar het, as onkerkregtelik beskou word. Dit wil voorkom of al die reëlings vir sy vertrek na Lindley en sy ontvangs reeds getref was voordat die kerkraad van Pietersburg na behore oor die aanvaarding van die beroep ingelig was.

Ds. H Pasch het voor sy intrek in Lindley 'n pastorie ontvang wat heeltemal herstel en waaraan groot aanbouings gedoen was (GKSAA, Lindley, Notuleboek 1926-1942. 1.1.3. 16 Jul 1927. 1927, Art 17).

Op die vergadering van 27 November 1927 is al die nodige stukke vir die bevestiging van ds. H Pasch nagegaan en kon hy in die Gereformeerde Kerk Lindley bevestig word. Daar was afgevaardigdes van Frankfort (ds. JV Coetzee en oudl. Linde) en Bethlehem (oudl. AC Kruger en oudl. FC Bisschoff) teenwoordig om as *classis contracta* saam met die kerkraad van Lindley die nodige stukke na te gaan. Ds. H Pasch het sy roeping voor die kerkraad opnuut bevestig waarin hy hulle gevra het vir "*hartelik samwerking to opbouwing na die lichaam van Christus en meerder bewust geloofsleving der gemeente*" (GKSAA, Lindley, Notuleboek 1926-1942. 1.1.3. 27 Nov. 1927. 1927, Art 19).

[48] Vgl. voetnoot 4 rondom die teenkanting wat hierdie "vooruit" beroeping vanuit die kerkverband ontlok het.

4.5.1 Kerke worstel saam

Die bediening van ds. H Pasch het nie net Lindley ingesluit nie, maar Steynsrus en omstreke het by sy roeping en bediening gelyke baat gevind. Daar is heel aan die begin van die bediening selfs met Steynsrus ooreengekom dat die kerkraadsvergaderings om die beurt tussen Lindley en Steynsburg sal geskied (GKSAA, Lindley, Notuleboek 1926-1942. 1.1.3. 6-8 Jan 1928. 1927, Art 10). Bethlehem is ook weer deur ds. H Pasch bedien. So het Bethlehem 'n £30 bydrae gelewer vir *"reis en vervoerkosten van den leraar en familie"* (GKSAA, Lindley, Notuleboek 1926-1942. 1.1.3. 30 Maart 1928, Art 6). Daar was ook wykskerkraadslede tot so ver as Reitz verspreidwonend (GKSAA, Lindley, Notuleboek 1926-1942. 1.1.3. 29 Jun 1928, Art 6). Later het die dorp Petrus Steyn ook aparte eredienste gekry, al was dit dan ook in die week (GKSAA, Lindley, Notuleboek 1926-1942. 1.1.3. 5 Okt. 1928, Art 18). Sesmaandeliks ontvang hulle een Sondag en dan driemaandeliks 'n weekdiens as daar nie meer 'n Sondag beskikbaar was nie.

In 1928 was daar in Lindley 204 belydende lidmate en 216 dooplidmate (GKSAA, Lindley, Notuleboek 1926-1942. 1.1.3. 29 Jun 1928, Art 14).

Die depressie in die jare dertig het ook ds. H Pasch in sy roepingsuitlewing in Lindley swaar getref. In April 1930 word daar *"goedgedacht dat de leraar zoo min mogelik zyn motor mag gebruike voor vervoer, huisbesoek, begravenis of krankebesoek"* (GKSAA, Lindley, Notuleboek 1926-1942. 1.1.3. 4 Apr. 1930, Art 12). Die nood om mekaar in die tyd by te staan het al groter geword. Die kerkraad het besluit om na Bethlehem, met wie hulle in kombinasie was, te gaan om vir hulle meer dienste aan te bied om dan sodoende van hulle 'n groter bydrae te vra wat die traktement van ds. Pasch kan aanvul (GKSAA, Lindley, Notuleboek 1926-1942. 1.1.3. 4 Apr. 1929, Art 12). Die kerkraad van Bethlehem het die versoek bewillig. Hulle het 6 eredienste meer geneem met 'n vergrote bydrae van £50 per jaar (GKSAA, Lindley, Notuleboek 1926-1942. 1.1.3. 4 Jul 1930, Art 2).

Bethlehem het in middel-1930's gekom met 'n voorstel dat die pastorie vanaf Lindley na hulle moet oorskuif. Al was dit in die roeping van ds. H Pasch 'n ingrypende besluit, het die voorstel by die volle kerkraad groot byval gevind. So is daar dan aan die begin van Oktober 1930 goedgekeur dat ds. H Pasch se woning na Bethlehem verskuif (GKSAA, Lindley, Notuleboek 1926-1942. 1.1.3. 3 Okt. 1930, Art 7). Hierin het die hoofsentra waar ds. Pasch se bediening was, Steynsrus, Lindley en Bethlehem mekaar in die afhandeling van hierdie verskuiwing

bygestaan. In Lindley is die besluit geneem om hulle pastorie te verkoop of te verhuur nadat die pastorie verskuif het. Op die manier sou hulle van hulle skulde minder kon maak (GKSAA, Lindley, Notuleboek 1926-1942. 1.1.3. 30 Sept. 1931, Art 5).

Intussen het die verskuiwing van die pastorie nie gerealiseer nie (GKSAA, Lindley, Notuleboek 1926-1942. 1.1.3. 1 Jan 1932, Art 1). Later het Bethlehem nog twee Sondae gevra sodat ds. H Pasch 18 Sondae per jaar in Bethlehem dienste waargeneem het (GKSAA, Lindley, Notuleboek 1926-1942. 1.1.3. 30 Sept. 1931, Art 6)

Julie 1932 het die kerkraad van Bethlehem ingestem dat ds. H Pasch nog ’n verdere 4 Sondae per jaar daar die Woord moet bedien. Op die wyse sal hulle elke jaar ’n ekstra £30 bydra. Die ooreenkoms is dat die gelde nie direk oorbetaal sal word nie maar in die lig van die feit dat Lindley in die tyd van groot finansiële nood van Bethlehem £200 geleen het, sal die jaarlikse £30 van die £200 afgetrek word. Die kerkraad van Lindley was baie dankbaar vir die besluit van Bethlehem (GKSAA, Lindley, Notuleboek 1926-1942. 1.1.3. 1 Jul 1932, Art 1).

In dieselfde verband het die kerkraad van Bethlehem die kerkraad van Lindley versoek om Bethlehem se kombinasie met Lindley op te sê. Die voorstel tot die verskuiwing van die pastorie was nie meer geldig nie. Die vernaamste rede vir die broeders van Bethlehem was die feit dat hulle ’n snelgroeiende gemeente is wat oorweeg om ’n jong predikant te beroep wat geen gesin en ander afhanklikes het nie. Hy sal ook nie in die pastorie inwoon nie. Na die beredenering van Bethlehem word Lindley dan konsulentsgemeente en sal Bethlehem op sy eie kan voortgaan. Na baie geworstel was die besluit vir Lindley nie aanvaarbaar nie. Dit was vir die kerkraad van Lindley duidelik dat hulle op hulle eie nie alleen vir ds. H Pasch in sy roeping sal kan dra nie (GKSAA, Lindley, Notuleboek 1926-1942. 1.1.3. 1 Jul 1932, Art 1).

4.5.1.1 Ds. Pasch maak voortdurend finansiële toegewings

Om mekaar in die depressietyd te kon bystaan was vir ’n predikant in sy roeping ’n groot uitdaging. So staan in die notule van Lindley vermeld *“lange klaagtonen re depressie*”. Na bespreking staat ds. Pasch vrywillig £10 per jaar af van zyn traktement” (GKSAA, Lindley, Notuleboek 1926-1942. 1.1.3. 4 Jul 1930, Art 8). Aan die einde van Jan 1931 word daar duidelik aangetoon wat die ingryping van die depressie in die roeping van ds. H Pasch was. Hier het die kerkraad om besnoeiing moontlik te maak die volgende ingrypende voorstel van ds. H Pasch self ontvang. Dit staan soos volg genotuleer *“...deeld de Vootzitter mede dat hij £50 per annum*

sal afdragen alles ingesloten zoolang de depressie duurdt. De £50 zal afgetekend worde voor de gemeente Lindley" (GKSAA, Lindley, Notuleboek 1926-1942. 1.1.3. 30 Jan 1931, Art 7).

Hierdie gesindheid van ds. H Pasch om met 'n groot bedrag sy eie kerklike bydrae meer te maak dui op hoe ernstig hy die instandhouding van die gemeente as deel van sy roeping beskou het. Dit alles in ag genome bewys dat ds. H Pasch in krisistye steeds die gawe en vermoë gehad het om met geld reg te werk om die Kerk van die Here uit sy eie fondse daadwerklik by te staan (GKSAA, Lindley, Notuleboek 1926-1942. 1.1.3. 30 Jan 1931, Art 7). Die besluit het wel wyer implikasies gehad want die kerkraad het saam met die aanbod van ds. H Pasch die volgende beskrywingspunt na die Algemene vergadering gestuur. *"Daar de Algemene vergadering het trachtement eene leraar heeft vastgesteld in minimum en de gemeente niet in staat is er aan te voldoen zal de Algemene vergadering het ontbrekende aanvullen om zoodoende haar eigen besluit te handhaven"* (GKSAA, Lindley, Notuleboek 1926-1942. 1.1.3. 30 Jan. 1931, Art 7).

Op die 3de Julie 1931 het ds. H Pasch *"belooft om 'n verdere £25 van zyn traktement af te dragen zoo lang de depressie duurt*" (GKSAA, Lindley, Notuleboek 1926-1942. 1.1.3. 3 Jul. 1931, Art 2). Die kerkraad het ds. H Pasch versoek dat hy in sy preke ook moet aandag gee in verband met finansiële bydraes en nood (GKSAA, Lindley, Notuleboek 1926-1942. 1.1.3. 3 Jul. 1931, Art 2). Met die afvaardiging na die meerdere vergadering in 1932 in Philippolis is besluit dat vanweë die finansiële nood net ds. H Pasch afgevaardig sal word. As 'n ouderling ook wil gaan, sal hy op eie koste moet gaan of met ds. H Pasch moet saamry (GKSAA, Lindley, Notuleboek 1926-1942. 1.1.3. 1 Jan 1932, Art 7).

4.5.1.2 Die depressie tref al die geroepenes

By die hantering van die finansiële verslae het alles daarop gedui dat heelwat van die ouderlinge nie hulle huisbesoeke na behore kon afhandel nie vanweë hulle eie finansiële posisie. Die finansiële verslag van die kassier, oudl. J Klopper het gewys op 'n groot oortrokke bedrag waarop die gemeente reeds by verskeie skuldeisers te staan gekom het. Die voorstel dat alle skulde gekonsolideer moet word en vandaar weer nuut begroot sal moet word, het in die gemeente byval gevind (GKSAA, Lindley, Notuleboek 1926-1942. 1.1.3. 30 Jan. 1931, Art 10).

Daar word besluit dat baie strenger kontrole sal moet bestaan om elke iedere lidmaat se bydrae te monitor en by wyse van spesiaal gedrukte kaartjies (met passende Bybeltekste) sal daar 'n volledige verslag verskyn van wat elke lidmaat se kerklike bydrae oor die loop van die hele jaar was (GKSAA, Lindley, Notuleboek 1926-1942. 1.1.3. 1 Jul 1932, Art 4).

4.5.2 Frankfort en die Kruiskerke (1933-1935)

Die laaste jare van ds. H Pasch se roeping en bediening (1933-1935) herinner baie sterk aan wat sy eerste jare (1908-1911) van sy predikant roeping op aarde was. Die begin van sy roeping was uiters stormagtig soos wat in Angola in Humpata gebeur het, waar hy Woord en sakramente aan die swartes in hulle eie gemeente en gemeenskap in Angola bedien het en wat nie deur die kerkraad van Humpata gesteun was nie. Dit het ds. Pasch aan baie ellende blootgestel soos die begin van die hoofstuk dit duidelik maak (vgl. pt.4.2 veral vanaf pt. 4.2.5 en wat daarop volg). Die laaste jare van ds. H Pasch se roeping (1935-1937) is ironies genoeg weer uiters stormagtig oor basies dieselfde rede as wat in Angola vir baie mense en vir homself 'n groot krisis was. Die bediening van Woord en sakramente aan 'n groep mense, waaroor ander baie sterk die mening handhaaf dat hulle dit nie mag ontvang het nie. In die geval het ds. H Pasch Woord en sakramente bedien aan 'n groot groep gelowiges wat hulle hoofsaaklik uit die geledere van die Gereformeerde Kerk in Frankfort afgeskei het, wat daar bekendgestaan het as die "Gemeente onder die kruis"[49].

Die groot verskil met wat in Angola gebeur het en nou hier in Lindley-Frankfort is wat die onderskeie kerkrade aanbetref. In Angola-Humpata het ds. H Pasch geen behoorlike ondersteuning vir sy roeping tot bediening van die Woord aan die swart gemeente uit sy eie kerkraad ontvang nie. Dit het hom eintlik in sy roeping uitgelewer. Die grootste deel van die kerkraad in Humpata was die aanklaers en ds. H Pasch het as aangeklaagde grootliks alleen gestaan. In Lindley het die kerkraad in sy volle getal soos een man agter ds. H Pasch in sy roeping gestaan toe daar 'n baie ernstige klag teen ds. H Pasch ingedien was vanaf die kant van die Gereformeerde Kerk Frankfort. Hierin was ds. H Pasch en die kerkraad tegelyk aangeklaagdes en die kerkraad van die Gereformeerde Kerk Frankfort was die aanklaers. Ds.

[49] Dit is belangrik om te onthou dat ds. H Pasch in sy roeping al baie vroeër met van die eerste en oudste lidmate uit die "Kruiskerke" bande gehad het. In die verband is pt. 4.3.1.5 baie belangrik.

H.Ph.J. Pasch het besef dat hy geroep is om die Woord te bedien waar ander dit nie wou doen nie.

4.5.2.1 Die eerste tekens van spanning

Die begin in Lindley lê vroeg in Januarie 1935. Die groot spanninge in Frankfort het egter al baie vroeër, in 1933 begin. Vroeëre lidmate van die Gereformeerde Kerk Frankfort het vir ds. H Pasch en die kerkraad van Lindley in Januarie 1935 in ’n vergadering ontmoet (GKSAA, Lindley, Notuleboek 1926-1942. 1.1.3. 5 Jan 1934, Art 1). Hulle was die afgevaardigdes van ’n nuutgestigte “gemeente” wat bekend staan as *“Gereformeerde gemeente onder die Kruis”.* Die afgevaardigdes (RJ van Rensburg, JH van Vollenhoven, MA van Rensburg) was baie ontevrede oor die wyse waarop hulle deur die kerkraad van Frankfort behandel was (GKSAA, Lindley, Notuleboek 1926-1942. 1.1.3. 5 Jan 1934, Art 1).

Die spanning het gehandel oor ’n leergeding en kerklike praktyk. Die praktyk handel oor wat die betrokke deel van beswaardes gevoel het “’n onbybelse bylae wat by die Dordtse Kerkorde toegevoeg is”. As leergeding het die beswaardes hulle verder beswaar, volgens hulle, gegrond op die woorde in Mattheus.15:8-9. Volgens die betrokke broeders het die kern van hulle besware daarop neergekom dat daar aan die Kerk reg verleen is om by die verkondiging van die Woord die onvervulde profesieë weg te laat en die verloëning van die Duisendjarige Ryk (GKSAA, Lindley, Notuleboek 1926-1942. 1.1.3. 5 Jan 1934, Art 1) . Later het dit na vore gekom dat hierdie groep ’n ander punt van groot beswaar waarop hulle baie sterk op teengesit het, bepaalde besluite en die funksionering van sake rondom die vroeëre emerituspredikante weduwee en wese-fonds (EPPW en W fonds) was. Klaarblyklik is dit die EPPW en W bepalinge, wat as bylae by die kerkorde aangeheg, wat die beswaardes in die groep beskou het as onbybelse bylae by die Dordtse Kerkorde gevoeg.

Die afgevaardigde broeders se beswaar het opgeloop vanweë die feit dat die Gereformeerde kerkraad van Frankfort dit nie toegelaat het dat daar ’n gemeentevergadering in Frankfort gehou mag word om die sake in geding in so ’n vergadering aan die orde te stel nie . Op hulle beurt het hierdie gesinne, wat ’n totaal van 96 lidmate in Frankfort uitgemaak het, die kerkraad versoek om in die lig van die moeilikhede wat aan die gang was, die viering van die heilige Nagmaal uit te stel dat daar eers versoening moet plaasvind. Laasgenoemde versoek is deur Frankfort afgewys wat deur die lidmate beskou was as *“ipso facto”* bewys dat Frankfort hulle uit die Kerk “gewerp het”. Nadat daar met die viering van die Nagmaal in Frankfort voortgegaan is sonder inagneming van wat hierdie lidmate ongelukkig maak het hulle as groep tot Kerk stigting

oorgegaan, met reeds ’n opgestelde eie *“kerk ordeningen”* (GKSAA, Lindley, Notuleboek 1926-1942. 1.1.3. 5 Jan 1934, Art 1 bylaag).

4.5.2.2 Agtergrond van die situasie van die Gereformeerde Kerk Frankfort

Dit het later geblyk dat die verloop van sake en die bediening van die lidmate in Frankfort meer broederlik was, as wat die groep aanvanklik voorgehou het. Hier moet die sake baie verder teruggelees word, selfs na gebeure vóór 1933. Vanuit kommissie-verslae en feite soos deur ’n kommissie van ’n Algemene vergadering (klassis-vergadering) vasgestel, het die spanning begin by ’n aantal lidmate wat beswaar gehad het teen die Gereformeerde kerke “*insake die Millennium of Duisendjarige Ryk”.* Daar was toe ’n nuwe predikant in Frankfort, ds. JJH Booysen. Hy het Frankfort vanaf 1931 – 1950 bedien. Hy het gekom in die plek van ds. JV Coetzee wat in Frankfort vanaf 1925-1930 was en het ook die *“chiliaste”* (vgl. Voetnoot 1), in vrede en met vrug bedien. Ds. Booysen het eerlik teenoor hierdie groep erken dat hy geen studie van die Duisendjarige ryk, ’n belangrike beskouing in chiliastiese kringe, gemaak het nie. Hy het nooit daaroor kon preek nie. Op aandrang van die lidmate het die kerkraad van Frankfort wel ingewillig dat of prof. JD Du Toit (Totius) of prof. CJH de Wet by die Kerk in Frankfort ’n rede oor die duisendjarige ryk moet kom hou. Die versoek is toegestaan en het prof. CJH de Wet van Potchefstroom (’n oud-bekende en goeie vriend van ds. H Pasch, reeds uit Ladybrand se dae) die rede gehou.

Kort na hierdie eerste gebeure het die volgende beswaar van die lidmate wat handel oor die bylaag tot die Kerkorde wat hulle as onbybels beskryf aan die orde gekom. Hier het dit ’n breekpunt bereik, want in die hantering van hierdie sg. “onbybelse bylaag” was van die lidmate so ontevrede dat hulle versoek *“om hulle name te skrap as lede van die Gereformeerde gemeente”.* Daar was aanvanklik heelwat oor die 100 lidmate beswaar, maar 11 het later weer hulle “bedanking” teruggetrek. Met hierdie tweede lopie van groot spanninge het die beswaardes op ’n gemeentevergadering begin aandring. Die kerkraad van Frankfort het aanvanklik so ’n vergadering nie toegelaat nie, omrede *“hulle besware nie duidelik was nie”* (Kommissierapport; 5 Apr. 1934:5).

In Junie 1933 het dit al duidelik geword dat ’n groot deel van die groep se beswaar sentreer rondom die sake wat met die EPPW en W fonds verband hou. Hierin het die Frankfort kerkraad die groep geadviseur dat hulle, hulle besware by ’n Algemene kerkevergadering (klassis) as beswaarskrif moet inhandig. Dit is duidelik dat die groep nie meer vertroue in hierdie

vergadering en hulle handelinge gehad het nie en het hierdie advies nie opgevolg nie. Die kerkraad van Frankfort het selfs toe wéér ingewillig dat die vroeëre predikant, ds. JV Coetzee of prof. Du Toit moet kom en die sake rondom fondse toe te lig. Die voorstel het ook nie byval gevind nie.

Die kerkraad van Frankfort het van hulle kant besluit dat die meerdere vergadering, in die geval Algemene vergadering (klassis) in die gebeure sal moet help. Die beswaardes het hierin geen samewerking verleen nie.

Intussen het ds. Booysen in Augustus 1933 begin vermoed dat ds. H Pasch hierdie groep beswaardes meer ter wille is, as wat die kerkraad van Frankfort vir ds. H Pasch in sy roeping wou toelaat. Ds. Booysen beweer dat ds. H Pasch sy skoonvader (die vroeëre kmdt. Ross- vgl. pt 3.7) in Augustus 1933 onder ’n voorwendsel besoek het, deur voor te gee dat dit ’n familie kuier was, maar toe reeds noue betrekkinge met die groep beswaardes gehad het (Kommissierapport; 5 Apr. 1934: 7). Volgens ds. Booysen se getuienis:

> *“Dit het suspisieus gelyk en hy het ds. Pasch gewaarsku om nie sy kop in die byenes te steek nie. Uit getuienis van ander het hy later verneem dat ds. Pasch ’n afvaardiging van hulle ontvang het en ook vir hulle gesê het. ‘Die Kerk kan dit regmaak en die Kerk moet dit regmaak”* (Kommissierapport; 5 Apr. 1934).

Die beswaardes in Frankfort het hulle beswaar teen die EPPW- en W fonds teen die kerkraad van Frankfort voortgesit. Ds. Booysen het in persoon aan hulle toegegee dat as hulle hom en die kerkraad sou dwing om aan die fonds te onttrek, hy nie op die punt in die bepalinge van sy beroepsbrief sal vasklou nie. Nadat die kerkraad weer hiermee gehandel het, het die kerkraad tog besluit, hulle onttrek hulle nie, want dan gaan ander kerke hulle voorbeeld voorhou om ook te onttrek en sal die fonds noodwendig baie skade ly.

Op daardie stadium het die kerkraad van Frankfort wel vir die beswaardes ’n gemeentevergadering in vooruitsig gestel op voorwaarde dat uit die beswaardes se geledere dit ordelik moet verloop deurdat net twee van hulle afgevaardigdes toegelaat sal word om hulle saak op die gemeentevergadering te verdedig. Toe het dit geblyk soos ds. Booysen dit stel: *“Daarop het hulle geantwoord dat hulle besware het teen al die fondse in die Kerk”* (Kommissierapport; 5 Apr. 1934).

Die kerkraad van Frankfort het nog ’n verdere toegewing gemaak en voorgestel dat twee professore en ds. H Pasch hulle gemeentevergadering in Frankfort moet bywoon en help ter wille van die bediening van die versoening. Daarvoor het die groep ingestem (Kommissierapport; 5 Apr. 1934:6). Op 8 Oktober 1933 het oudl. JJ Malan, skriba van Frankfort aan ds. H Pasch deur ’n brief kennis gegee dat daar ’n gemeentevergadering belê is. Aan ds. H Pasch is berig dat hy hom moet gereedmaak soos die skriba br Malan dit stel: *“Die kerkraad gee my opdrag om U eerwaarde ernstig te versoek om die vergadering by te woon, ons en die gemeente en die broeders met advies te dien. Geliewe so goed te wees dadelik berig te stuur of u kom, ja dan nee”*. .

Ds. Booysen het toe na Potchefstroom vertrek om die professore in die saak te oorreed om na Frankfort te kom. Op voorstel van prof. JD du Toit (Totius) het hy ’n gemeentevergadering *“onder die omstandighede onwenslik geag”* (Kommissierapport, 5 Apr. 1934:8). Op advies van Totius het Frankfort die gemeentevergadering gekanselleer. Op 21 Oktober 1933 het ds. JJH Booysen ’n poskaart na ds. H Pasch gestuur wat hom meedeel:

> *“Ek het self nog nie u brief gesien wat u geskryf het nie. Die voorwaarde vir die gemeentevergadering was dat daar twee of meer van ons professore of predikante teenwoordig sal wees. Persoonlik was ek na Potchefstroom om die professore oor te na. Laaste Dinsdag het hulle bymekaargekom om te raadpleeg. Hulle konklusie is dat ’n gemeentevergadering nie moet gehou word nie. Dit betref sake waaraan die kerkraad nie kan verandering aanbring nie. Ons wil u baie hartelik bedank vir u bereidwilligheid, maar met hierdie uitslag verval dan die gemeentevergadering en dus ook u koms hierheen vir daardie doel”*

Na die kansellasie van die “beloofde” gemeentevergadering was dit kole op die vuur vir die beswaarde groep. Op die stadium het die groep met die dreigement gekom dat daar in die huidige omstandighede geen Nagmaalviering in Frankfort kan plaasvind nie, want as die kerkraad met Nagmaal sal voortgaan, is dit vir hulle die bewys *“dat die kerkraad hulle uitgewerp het uit die Kerk”* (Kommissierapport; 5 Apr. 1934:9).

Die Nagmaal het plaasgevind, gepaardgaande met ’n skrywe van die kerkraad dat die beswaarde groep verplig is om hieraan deel te hê. Hulle het nie opgedaag nie en het die kerkraad hiérna met ’n ouderling wat uit die beswaardes kom, kragtens Artikels 79/80 KO begin handel. Volgens getuienis van ds. Booysen was dit die finale strooi en het die beswaardes toe oorgegaan tot die stigting van die *“gemeente onder die kruis en in Januarie 1934 is hulle as sulks deur ds. Pasch bedien”* (Kommissierapport; 5 Apr. 1934:9).

4.5.2.3 Ds. H Pasch se roeping onder spanning

Dit is baie duidelik dat ds. H Pasch en die kerkraad van Lindley die saak met reg en versigtigheid hanteer het. In 'n breedvoerige bespreking van die kerkraad van Lindley onder voorsitterskap van ds. H Pasch is dit duidelik dat die kerkraad van Lindley nie bereid was om in die sake van 'n ander Kerk in te meng en kant te kies nie, maar dat daar bediening na die "beswaardes" moet uitgaan was vir die kerkraad van Lindley eweneens duidelik.

Die besluite soos deur Lindley geneem en deur die broeders van die nuwe "Kruisgemeente" aanvaar, selfs sekere vermanende dele spreek van ds. H Pasch se vermoëns om in sulke verskeurde omstandighede met liefde en reg te handel. Die punte waarop die kerkraad van Lindley hulleself beroep het staan soos volg.

1. Die uitgaan vanuit Frankfort is 'n voldonge feit.
2. Dat hulle reeds as 'n gemeente onder die kruis gekonstitueer het.
3. Dat hulle Kerk wil wees op Gereformeerde grondslag.
4. Hulle maak alleen beswaar teen die by bepalinge wat by die Kerkorde bygevoeg is.
5. Dat hulle steeds bediening verlang van predikante uit die GKSA "as blyke as gehegtheid aan die leer van Woord en Sacrament".
6. Die kerkraad van Lindley oordeel verder dat hulle meen hierdie lidmate oorhaastig opgetree het. Dit staan soos volg genotuleer: "dat ons van opinie is na onze bescheie mening dat hulle te haastig is gewees om uit te gaan en dat die oorzake nie genoegsaam is die dierbare Kerk te verlaat volgens art 29 Nederlandse Geloofsbelydenis".
7. Daar moet versoening bedien word (GKSAA, Lindley, Notuleboek 1926-1942. 1.1.3. 5 Jan 1934, Art 1).

Intussen het ds. H Pasch en die kerkraad van Lindley besluit:

> *"...om die mense bediening te gee met Woord en sakramente met het oog op versoening en skikking met die eerste kerkeraad en terugkeer tot de Geref. Gemeente. Die bediening sal wees tot tyd en wyl die ek. Algemene vergadering van die saak aanhangig gemaak sal word deur deze kerkeraad. Verder dat die ek. vergadering gevraagd word hulp en raad in deze saak. Verder dat die mense geen lede van die NG Kerk of Geref. Kerk sal opneem tot die saak deur die aanstaande. Algemene vergadering behandel is"*

Die punte soos uiteengesit het die vergadering op die dag aanvaar. Daar is besluit wat weereens vir ds. H.Ph.J. Pasch in sy roeping direk geraak het: *"Die bediening sal oorgelaat word aan die plaaslike leraar".* Br Van Vollenhoven sê *"dank vir die goed en bereidwilligheid van ons in ons nood te bedien en dat u die broederhand het uitgesteek"* (GKSAA, Lindley, Notuleboek 1926-1942. 1.1.3. 5 Jan 1934, Art 2) .

Later het die vergadering sonder die teenwoordigheid van die beswaardes besluit om by 'n volgende vergadering van die Klassis advies te vra hoe daar gehandel moet word met die bylae tot die Kerkorde wat 'n aantal lidmate beswaar het; besware wat so ernstig is dat lidmate kerklike gemeenskap met die Gereformeerde Kerk opgesê het. Ds. H.Ph.J. Pasch en die kerkraad van Lindley het in hulle beskrywingspunt dit duidelik gemaak dat hulle graag die lidmate wou tegemoetkom. Hulle wil graag dat hulle weer na die kerkverband mag terugkeer (GKSAA, Lindley, Notuleboek 1926-1942. 1.1.3. 5 Jan 1934, Art 11).

Kort na die vergadering in Lindley het ds. J.J.H. Booysen deur die kerkraad van Frankfort 'n brief (gedateer 20 Janarie 1934) aan die kerkraad van die Gereformeerde Kerk Lindley aan ds. H Pasch en in besonder aan die kerkraad gerig. In die skrywe gee hulle kennis dat lidmate in Frankfort:

> *"hulleself afgeskeie het van die gemeente en 'n selfstandige gemeente gestig het. Die rede van hulle afstigting is, dat hulle nie kan meegaan met die onbybelse en dus goddelose bylae (soos hulle dit noem) in verband met ons Kerkfondse nie. Die toeligting en tegemoetkomings van die kant van die kerkraad wou hulle nie bemoedig nie en die aangewese weg na die Algemene vergadering wou hulle nie volg nie."*

Ds. JJH Booysen stel dan sy klag teen ds. H Pasch dat "die predikant van Lindley, Ds. H Pasch die afgeskeie lidmate met Woord en sakramente kom bedien het, sonder hierdie kerkraad die minste in die saak te ken en sonder verlof van die Algemene vergadering" (Brief Gereformeerde Kerk Frankfort, 20 Jan 1934). Die brief sluit af deur te stel *"dat die Frankfort kerkraad hierdie handelinge as onkerkregtelik beskou en die predikant van Lindley deur sy kerkraad aanklaag".*

Intussen het ds. H Pasch hierdie skrywe in Januarie-Februarie 1934 aan die kerkrade van Lindley en Steynsrus met normale besoeke in Steynsburg en Frankfort tydens konsistorie vergaderings voorgelê. Die feit dat ds. H Pasch en die kerkraad van Lindley nie dadelik op die geskrif van Frankfort gereageer het nie, het die voorsitter van die kerkraad op 6 Maart 1934

weer ’n brief geskryf. Hulle het dit as argeloos in ds. H Pasch se roeping en bediening beskou dat hy nie met spoedeisendheid op hulle Januarie-skrywe reageer nie. In die notule van Lindley en deur ander skrywes bevestig staan dit wel dat

> *“die voorsitter het kennis gegee aan ds. Booysen van dat besluit per poskaart en geduld dat 30 Maart die saak sal behandel word. Verder dat u klagskrif skyn het dat die woord selfstandige gemeente ’n tweede gemeente moet wees.. Dat is nie denkbaar. Daar was geen afstigting maar wel ’n geweldige losbreking van die Geref. Kerk. Die kerkraad van Frankfort het nie gehandel na die gees van Gods Woord Matt. 18:15 art 72 KO om die leeraar persoonlik te wil moet nooi dat ’n offisiële klag teen hom leg sy kerkraad in te dien”* (GKSAA, Lindley, Notuleboek 1926-1942. 1.1.3. 30 Maart 1934 1934, Art 1).

Bogenoemde staan wel lomp geformuleer maar dit is duidelik dat die kerkraad van Lindley in alle geval meen dat die weg van Matt.18 met ds. H Pasch in sy roeping in alle geval behandel moet word alvorens die klag as sodanig ontvanklik deur die kerkraad van Lindley beskou kan word. Tydens die vergadering van 30 Maart 1934 het die klag na sy inhoudelike bepaalde vrae rondom ontvanklikheid laat ontstaan waar die kerkraad van Lindley die klag soos volg beoordeel:

> *“Die kerkeraad keur ten sterkste af zoo ’n ongemotiveerde aanklag zonder één art DKO of Gods Woord te noem, sodat die beskuldigde niks weet wat hy gedoen wat strydig is met Gods Woord of KO” (GKSAA, Lindley, Notuleboek 1926-1942. 1.1.3. 30 Maart 1934 1934, Art 1).*

Die feit dat die kerkraad van Frankfort in alle geval aanvaar het dat hulle klag ontvanklik is en behandel moet word spruit uit ’n skrywe wat ds. JJH Booysen op 6 Maart 1934 weer aan ds. H Pasch gerig het. Hierin word die beskuldigings al ernstiger. Ds. H Pasch word daarvan beskuldig dat vanweë die feit dat Lindley besluit het om die klaggeskrif eers einde Maart 1934 te hanteer dit vir Frankfort voorkom asof ds. H Pasch skuldig is deur glad nie die saak ernstig op te neem nie of andersyds dat daar moedswillige vertraging in die saak is om dit na die agenda van die Algemene vergadering af te dwing. Die skrywe lei verder:

> *“Dit spyt ons baie dat u as ’n ouere broeder ons soveel moeilikheid veroorsaak het. Ons het gedag dat ons dinge nog voor die tyd in der minne kan skik. U skrywe het vir ons egter die weg afgesny. Daar bly dus vir die kerkraad geen ander weg oop as om u handelinge teenoor ons en die afgeskeie broeders by die Algemene vergadering aan te kla nie. Neem dus hiervan offisieel kennis. Die klag is alreeds ingedien by die korresponderende kerkraad . Ons het gemeen as dit met ons*

> *regkom ons dan weer die klag kan terugtrek" (Brief van 6 Maart 1934, geskryf deur ds. JJH Booysen en kerkraad Frankfort).*

Die kerkraad van Lindley het met skok en leed van die bogenoemde brief kennis geneem en hulle misnoeë soos volg verwoord: *"Dit is baie diep te betreur en sterk afkeurenswaardig dat die onbroederlike inisiasies gemaak word teen die leraar".*

Wat as onwaar deur Lindley beskou word, is die volgende afleiding van die kerkraad van Frankfort:

> *"a. dat die leraar die aanklag nie ernstig opneem nie.*
> *b.dat met opset die saak wil vertraag tot ná die ek. Algemene vergadering.*
> *c. dat ons antwoord op de aanklag die weg van skikking en versoening het afgesny*
> *d. dat die handelinge maak die deurstuur van die aanklag gebiedend na die ek. Algemene veradering* (GKSAA, Lindley, Notuleboek 1926-1942. 1.1.3. 30 Maart 1934, Art 1).

Om ds. H Pasch met 'n dubbele klag van die begin af te dreig, staan kerkregtelik nie ten gunste van die kerkraad van Frankfort nie. Die regte prosedure sou wees dat as die kerkraad van Lindley hulle klag onontvanklik verklaar het, wat in alle geval die geval was, dan kon hulle die saak met appèl na die Algemene vergadering geneem het, om teen die nie-ontvanklik hantering van hulle klag te appelleer. Dit is nie gedoen nie en het Lindley in die geval gelyk gehad deur die dreigemente van Frankfort en dan veral teenoor ds. H Pasch se roeping en bediening van die "gemeente onder die kruis", sonder dat enige werklik substansiële gronde aangetoon en getoets is, as onontvanklik te beskou. Die skrywes van Frankfort teenoor ds. H Pasch geopper bevat merendeels dreigemente.

Dit is vanuit die notules duidelik dat die kerkraad van Lindley hulle leraar in sy roeping teenoor hierdie *"afgeskeie lidmate"* beskerm het. Lindley het hierdie groep beskryf as 'n *"geweldige losbreking van die Gereformeerde Kerk"* (GKSAA, Lindley, Notuleboek 1926-1942. 1.1.3. 30 Maart 1934, Art 1). In dieselfde verband het Lindley sterk die beginsel gehandhaaf dat daar volgens die weg van Mattheus 18 met ds. H Pasch gehandel moes word, voordat daar summier 'n klag teen hom ingedien kan word. Die kerkraad in Lindley het die optrede van Frankfort bestempel as 'n poging om heerskappy te voer oor 'n leraar van 'n ander gemeente, strydig met

art 84KO[50]. Dit terwyl hulle hom aankla *"daar hy en sy kerkraad gehandhaaf het, na Art 7 DKO[51]"* (GKSAA, Lindley, Notuleboek 1926-1942. 1.1.3. 30 Maart 1934, Art 1) .

Verder het Lindley met ds. H Pasch as voorsitter in hierdie antwoord aan Frankfort duidelike trekke gegee van watter kerkbegrip ds. H Pasch in sy bediening handhaaf nl. die selfstandigheid van die plaaslike gemeente. Hulle stel dit soos volg: *"Om de selfstandige gemeente onder die kruis te vergader in die eenheid van Geref. Kerk. Die regsbevoegdheid en outonomie van de plaaslike Kerk is deur die kerkeraad van Lindley welbewus gehandhaaf"* (GKSAA, Lindley, Notuleboek 1926-1942. 1.1.3. 30 Maart 1934, Art 1). Verder is die beswaarde kerkraad van Frankfort daarop gewys dat hulle *"het geen jurisdiksie oor die kerkeraad van die Gemeente onder die kruis en ook nie oor die kerkeraad van Lindley nie"* (GKSAA, Lindley, Notuleboek 1926-1942. 1.1.3. 30 Maart 1934, Art 1). Tegelyk het Lindley gewys dat *"de leraar wettig van sy kerkeraad gestuur om aan de bede van de Gemeente onder de kruis te voldoen"* (GKSAA, Lindley, Notuleboek 1926-1942. 1.1.3. 30 Maart 1934, Art 1). Lindley het die kerkraad van Frankfort verder vermaan deur die vraag:

> *"Waarom het die kerkraad van Frankfort toen daar moeilikheid in die gemeente gekom het, nie advies te gevra het en die twee of een noorde gemeente ingeroep, in stede professore te raadpleeg sonder dat ook die beswaarde broeders geken is geword"* (GKSAA, Lindley, Notuleboek 1926-1942. 1.1.3. 30 Maart 1934, Art 1).

Daaropvolgend het die kerkraad van Lindley geoordeel dat Frankfort aangekla behoort te word *"wegens onkerkrechtelike handelswijze teenoor die leraar van Lindley"* (GKSAA, Lindley, Notuleboek 1926-1942. 1.1.3. 30 Maart 1934, Art 1). Dit is duidelik dat die kerkraad van Lindley die jurisdiksie van die gekose kerkraad van die *"gemeente onder die kruis"* op daardie stadium erken het deur te bepaal:

> *"En daar die bediening van ds. Pasch onder toesig was van die volle kerkraad onder die kruis, dis dieselfde belydenis het as die Gereformeerde Kerk was die sending van die leeraar deur sy kerkraad geheel na God se Woord en KO en die analogie van het verlede"* (GKSAA, Lindley, Notuleboek 1926-1942. 1.1.3. 30 Maart 1934, Art 1).

---

[50] **Artikel 84** Kerkorde lui soos volg: "Geen kerk mag oor ander kerke, geen bedienaar van die Woord oor ander bedienaars van die Woord, geen ouderling oor ander ouderlinge en geen diaken oor ander diakens enige heerskappy voer nie".

[51] **Artikel 7** Kerkorde lui soos volg: "As iemand tot die diens van die Woord in 'n bepaalde Kerk beroep word, moet hy op die bepaalde plek gevestig wees, tensy hy gestuur word om elders kerke te vergader".

4.5.2.4 Die saak op meerdere vergaderings verder gevoer

Die notule soos hierbo uiteengesit het reeds die Algemene vergadering in ag geneem wat die eerste sitting rondom die saak op 15 Maart 1934 begin hanteer het. Sake op die vergadering het nie ten gunste van ds. H Pasch en sy kerkraad verloop nie. Wanneer die kommissie rapport van 15 Maart nagegaan word, is daar bepaalde afleidinge wat dit duidelik maak dat hulle ’n klag ontvang het kragtens Artikel 80 KO en dat hulle dit dienooreenkomstig Artikel 79KO moet behandel. Daar word beweer dat hulle die aanklagte behoorlik ondersoek het en dat die Algemene vergadering in staat sou wees *“om die saak af te handel as die kerkraad van Lindley teenwoordig sou wees volgens die kennisgewing aan hulle gegee deur die kerkeraad van Frankfort”.* Die wyse waarop hierdie kommissierapport oor ds. H Pasch se roeping handel, bring bepaald ernstige vrae na vore op die vergadering van Lindley wat baie ernstige bedenkinge teenoor die Algemene vergadering tot gevolg gehad het.

Bepaalde uitgangspunte en stellinge in die kommissierapport waarop Lindley op hulle vergadering die 30 ste Maart 1934 ernstige probleme ondervind het, is die volgende:

- Die veronderstelling dat Lindley kerkraad in sy geheel teenwoordig moet wees, asof die kerkraad reeds ten volle as aangeklaagdes hulleself moet verweer omdat ’n prima facie saak reeds bewys is.
- Die beskuldiging dat Lindley in sy optrede nalatig is.
- Dat ’n “sterk kommissie, met behulp van Bethlehem deur die Algemene vergadering benoem is met opdrag van volmag om te handel volgens Art 79 KO en selfs volmag om tot skorsing oor te gaan as dit nodig mag blyk, mag God dit verhoed”.
- Die feit dat van die beswaarde lidmate wat uit die kerkverband getree het nog as “lidmate” gepraat word en paar sinne later word hulle as *“afvalliges”* beskryf. Die term lidmaat kan tereg nie hier van toepassing wees in die geval waar hulle reeds uit die gemeente uitgetree het nie, tensy iemand ’n kollegialistiese kerkbegrip oorhou. Kollegialisties beskou besit die kerkverband oorhoofs seggenskap oor kerke, terwyl die gemeentes dan maar net gesien word as dele van die groter geheel wat dan nou die kerkverband vorm. In Gereformeerde kerkreg is dit onaanvaarbaar. Ds. H Pasch het hierdie verkeerde kerkbegrip sterk aangevoel waar hy in sy verweer telkens daarop wys dat daar meer institutêr met die Kerk omgegaan word as om dit organies te beskou.

Die eerste Algemene vergadering wat rondom die saak sitting geneem het, het ’n sterk saak uitgemaak dat ds. Pasch wel in die diens van ’n ander ingedring het en dat hy die gevaar loop om volgens Art 80 KO[52] aangekla te word (GKSAA, Lindley, Notuleboek 1926-1942. 1.1.3. 30 Maart 1934, Art 1). Die kerkraad van Lindley was ongelukkig oor die verloop waarmee die Algemene vergadering sake vanuit die staanspoor hanteer het. Vir ’n Algemene vergadering om as meerdere vergadering tugreg te wil uitoefen is deur die kerkraad van Lindley tereg as strydig met die Presbiteriale kerkregering aangetoon daar die tugreg by die kerkrade tuishoort om met die sake verder te handel. Die verste wat die Algemene vergadering kon gaan was om die sake na die onderskeie kerkrade terug te verwys. Om egter kragtens Artikel 80 KO vir ds. H Pasch te dreig is kerkregtelik onaanvaarbaar.

Ds. H Pasch en die kerkraad van Lindley was verder ongelukkig vanweë uitsprake op hierdie vergadering van kerke wat beweer dat die kerkraad nie sy plig gedoen het nie. Verder is daar in die uitsprake van die meerdere vergadering geen onderskeid getref ten opsigte van waaroor ds. H Pasch na bewering skuldig staan en dit wat die kerkraad na bewerings van die Algemene vergadering oortree het. Tegelyk het die Algemene vergadering na die oordeel van die kerkraad van Lindley fouteer deur te beweer dat Lindley nalatig was deur nie as volle kerkraad by die Algemene vergadering teenwoordig te wees nie. Lindley het wel gewoon kragtens Artikel 33 KO[53] afgevaardig na die vergadering.

Dit val op dat Lindley op verskeie aspekte van die hantering van die saak regskrenking op grond van Artikel 30 KO[54] beweer deurdat kerklike sake nie op kerklike wyse hanteer word nie. Hierop stel die kerkraad van Lindley dit:

> *“Deur die kerkreg in Art 30 nie te handhaaf nie is die saak meer moeiliker geword...Nie alleen weens die onkerkregtelike procedure van die geheel saak deur die Algemene vergadering, maar ook weens die onbroederlike behandeling van die beswaarde broeders wil die kerkeraad van*

[52] **Artikel 80** Kerkorde lui soos volg: “Onder die growwe sondes wat skorsing in of afsetting uit die diens verdien, is die volgende die vernaamste: valse leer of kettery, openbare skeurmakery, openbare godslastering, simonie, trouelose verlating van die diens of indringing in die diens van 'n ander, meineed, egbreuk, hoerery, diefstal, geweldpleging, gewoontedronkenskap, vegtery, onregverdige winsbejag - kortom al die sondes en misdade wat die bedrywer by die wêreld en die Kerk eerloos maak.”

[53] **Artikel 33** Kerkorde lui soos volg: “Die afgevaardigdes na die meerdere vergaderinge moet hulle geloofsbriewe en opdragte saambring, onderteken deur die wat hulle stuur; en elke afgevaardigde sal 'n keurstem hê, behalwe in sake wat sy eie persoon of Kerk in die besonder aangaan.”

[54] **Artikel 30** Kerkorde lui soos volg: “Kerklike vergaderings moet alleen kerklike sake en dit op kerklike wyse behandel. Op meerdere vergaderings moet alleen sake behandel word wat nie in mindere vergaderings afgehandel kan word nie of sake wat by die meerdere vergaderings tuishoort.”

> *Lindley een ernstige klag maak teen die Algemene vergadering". Die feit dat die afgevaardigde broeders van "die gemeente onder die kruis" aanvanklik nie toegelaat was om die Algemene vergadering by te woon nie stel Lindley verder as ""die minste broederlike toegeneentheid jegens die beswaarde broeders die al die tyd gewag het om hulle vir die Algemene vergadering verantwoording te doen. Die oorzaak van uitgaan en afscheiding is alleen deur die deputate van Frankfort uiteengeset vir die Algemene vergadering"* (GKSAA, Lindley, Notuleboek 1926-1942. 1.1.3. 30 Maart 1934, Art 1).

Lindley het aangetoon dat die *"vrede en welvaart"* in die gemeente sodanig deur die saak geraak was dat hulle hul viering van die heilige Nagmaal uitgestel het vanweë die onbroederlike behandeling wat hierdie kerkraad op die Algemene vergadering ontvang het (GKSAA, Lindley, Notuleboek 1926-1942. 1.1.3. 30 Maart 1934, Art 1). Lindley het gevoel dat die Algemene vergadering kerkrade wil verbied om kragtens Artikel 7 KO te handel nl. *"om kerke te vergader"* (GKSAA, Lindley, Notuleboek 1926-1942. 1.1.3. 30 Maart 1934, Art 1) .

Oor sekere terme wat die Algemene vergadering gebruik het, was ds. H Pasch en die kerkraad van Lindley oortuig dat die Algemene vergadering *"meer let op de kerke institutêre as op die Kerk organisme". "Dit is nie alleen 'n heilige plig vir die kerkeraad van Lindley maar self ook vir die van Frankfort om die broeders te bedien op hulle bede"* (GKSAA, Lindley, Notuleboek 1926-1942. 1.1.3. 30 Maart 1934, Art 1). Die feit dat daar na die *"gemeente onder die kruis"* as *"afvalliges"* verwys is, was na die mening van Lindley baie ernstig: *"Verder die term "afvalliges is 'n versmading van die kinders van God in Christus, die om die gewete ontwil kerkeverband het opgesê"* (GKSAA, Lindley, Notuleboek 1926-1942. 1.1.3. 30 Maart 1934, Art 1).

Aan die einde van die vergadering op 30 Maart 1934 het Lindley 'n baie sterke bewoorde besluit geneem: *"So sal die kerkeraad van Lindley geen ag gee op die waarskuwing van die Algemene vergadering, want het, is beide nie kerkregtelike jurisdiksie van Algemene vergadering; ook van eenig kerkeraad of synode. Dit is waarlik indring in die diens van 'n ander Art 80"* (GKSAA, Lindley, Notuleboek 1926-1942. 1.1.3. 30 Maart 1934, Art 1).

Ds. H Pasch en die kerkraad van Lindley het die kansellering van die beloofde gemeentevergadering beskryf as die kruispunt waar dinge heeltemal verkeerd geloop het. Soos hulle dit stel:

> *"...die beloofde gemeentevergadering aan die beswaarde broeders had toegestaan sou veel verdriet en verdere moeite voorkom het en sekerlik versoening bewerk-volgens die bede van*

Lindley. Nou is volgens die briefkaart na Potchefstroom geluister. Sou daar ergernis kom in 'n gemeente ter wille van bydrae. Die sterke sal die swakke dra. Geen kerkraad het reg om te heers oor die gewete van 'n ander broeder. Laat het nu veel beter gewees het dat die kerkeraad van Frankfort die beswaarde broers die seën toebid as hulle wil uitgaan om die consecentie (gewetens) ontwil. En aan die leraar opgedra om die gemeente onder die kruis te bedien. Dat sou verder uitgaan uit die Geref. Kerk teengaan en vir vervreemding van elkander bewaar het. En boal die wederkerige verbittering en kerkelike haat en familietwis in sy begin gestuit het. En sou die weg nie goed wees dan Gods seën hulle toe te bid en sterk aan te beveel dat hulle 'n proponent roepe as hy wil dien onder hulle voorwaardes. So ons verneem het die kerkeraad van Frankfort geen helpende hand toegereik in die opsig. En daar die leeraar daar wil Frankfort hom uit sy diens uitstoot. Waarlik broederlik in die Here. O die kerkeraad van Frankfort niet weet die gevolge is van hulle optree teen die broeders. Nog lang sal die familietwis voortlewe en die seën Gods wegneem. Dit is om die gewete ontwil dat die leeraar van Lindley die Gemeente onder die kruis bedien het. Dit is vir ons as kerkeraad dat die Algemene vergadering meer nadruk lê op die Kerk institutêr dan die Kerk as organisme in Christus. Ook dat u en ons die Goddelike leiding van sy Heilige Gees moge ondervind om reg te doen jegens ellendige arme naaste is..." (GKSAA, Lindley, Notuleboek 1926-1942. 1.1.3. 30 Maart 1934, Art 1).

4.5.2.5 Ds. H Pasch volhard met bediening in *"gemeente onder die kruis"*

Na die Algemene vergadering van 15 Maart 1934 in baie duidelike terme vir ds. H Pasch wou belet om op geen verdere wyse bediening aan die *"gemeente onder die kruis"* te verleen nie, was ds. H Pasch deur 'n afvaardiging van hierdie *"gemeente"* in persoon voor die kerkraad van Lindley versoek om hulle te bly bedien. Die kerkraad stel dan die besluit na die 4 broeders se versoek soos volg: *"Na lange bespreking word die vorige besluit weer bekragtig nl. dat die leeraar bly die Gemeente bedien met die oog op versoening tussen die Geref. gemeente te Frankfort en die Kerk onder die kruis. Algemeen aangeneem..."* (GKSAA, Lindley, Notuleboek 1926-1942. 1.1.3. 30 Maart 1934, Art 1).

Die kerkraad het hulle voor die tyd gereed gemaak wetende dat die daaropvolgende Algemene vergadering nie maklik sal wees nie. In die notule staan genotuleer dat *"vir die vergadering Donderdag 5 April 1934 wat die saak sal behandel èn die gemoedere baie onhuts is omdat die leraar sy roeping het vervul om 'n andere gemeente onder die kruis te bedien"* (GKSAA, Lindley, Notuleboek 1926-1942. 1.1.3. 30 Maart 1934, Art 3). Dit het alles tot gevolg dat die kerkraad besluit het om die Nagmaal in Lindley tot verdere kennisgewing uit te stel. Sover vasgestel kon word, is dit die enigste keer in ds. Pasch se bediening, selfs in die bitter moeilike tye wat daar in

Angola was dat daar pertinent sprake is dat ’n Nagmaal in die bediening van ds. H Pasch nie kon plaasvind nie.

Die vergadering op Donderdag 5 April 1934 is bygewoon deur ds. I.D. Kruger wat as voorsitter gedien het, ds. DP du Plessis was o/voorsitter, ds. Jooste was skriba. Ander lede van die kommissie van ondersoek na ds. H Pasch en die kerkraad van Lindley was ds. J van Rooy, ds. Yssel van Reddersburg, oudl. Fourie van Ventersburg, oudle Oosthuizen en Pretorius van Kroonstad, oudle Nienaber en Buys van Bethlehem. Ds. H Pasch en die 12 lede van die kerkraad van Lindley was die aangeklaagdes. Die klag vroeër die jaar ingedien was weer voorgehou. So was die klag van ds JJH Booysen ook weer voorgelees *“waarin die predikant aangekla word”* (Kommissierapport, 5 Apr. 1934:3). Ds. Booysen is versoek om hulle klag verder toe te lig waarin hy soos volg dit gestel het: *“Ds. Booysen neem die woord en sê dat hy hier, net voor die begin wil konstateer dat hy geen persoonlike gevoel teen ds. Pasch het nie, maar hom tot vandag toe nog lief het. Hy meen egter dat ds. Pasch hom verbygeloop het”* (Kommissierapport, 5 Apr. 1934:4).

Die 69-jarige ds. H Pasch het dit duidelik gestel dat *“hy vry is van die onbroederlike verdinking en beskuldiging van ds. Booysen”*. Verder het ds. Pasch in sy verweer gewys op die hoop wat hy gehad het dat die Algemene vergadering die verstandige wyse sou wees wat hierdie beswaardes se saak sou verstaan en beredder. Dit het hom en die beswaardes diep teleurgestel. Hy stel dit dat “*vir vier dae was hulle dan ook daar, maar die Algemene vergadering het nie die minste moeite gedoen nie en die skone kans laat verbyglip om die saak van al twee die kante te hoor”* (Kommissierapport; 5 Apr. 1934:12). Dan wys ds. Pasch dat hy betyds vir ds. Booysen gewaarsku het oor die moeilikhede in sy gemeente. Ds. Booysen het nie na hom wou luister nie.

Hierna was deel van ds. H Pasch se verweer die geskiedenis wat hy teenoor hierdie mense en hulle voorgeslag gehad het en spesifiek die roeping wat hy teenoor hulle gehad het. Hier staan genotuleer: *“In 1910 het die spreker vir die eerste maal die Kruisgemeente bedien en hy het dit nou weer gedoen na analogie van 30 jaar gelede”* (Kommissierapport; 5 Apr. 1934:13). Hierin is ds. H Pasch se getuienis bevestig deur rapporte van so vroeg as 1897 wat die kerkkwessie van die Kruiskerke steun. Badenhorst (s.a.:37) wys daarop hoe ds. M Postma en vier ouderlinge in 1897 by die stigting van die Kerk onder die kruis in Strydenburg betrokke was en die hartlike samewerking en die vriendskapsgebare van ander gereformeerde predikante word ook aangetoon. In Strydenburg het ander gereformeerde predikante wat met hulle saamgewerk het,

ds. PC Snyman van Steynsburg, ds. JGH van der Walt van Middelburg (KP) ingesluit. Weer word die naam van ds. M Postma genoem wat homself geen moeite ontsien het om later van Fordsburg (Johannesburg) honderde kilometers af te lê vir die bediening van die Kruisgemeente nie. Badenhorst (38) stel dit duidelik dat *"hierdie predikante het die volle funksie van Woord- en Sakramentbediening in die Kruiskerk behartig en kerkraadsvergadering gelei".* Dit wil voorkom dat ds. H Pasch hom met reg op sy eie vorige roeping-geskiedenis kon beroep, waar hy ook deur laasgenoemde predikante gesteun word.

Verder het ds. H Pasch dit baie duidelik gemaak dat die afvaardiging van Frankfort na sy kerkraad in Lindley gekom het en die bediening aangevra het. Volgens ds. H Pasch het die kerkraad die besware deeglik ondersoek en was die bediening aan die "*gemeente onder die kruis"* aan duidelike voorwaardes onderwerp. Die meeste van die voorwaardes het betrekking gehad op Artikel 41 KO en dat die Algemene vergadering (klassis) in die proses sal moet help oordeel. Die eerste voorwaarde was dat niemand uit Frankfort toegelaat mag word om by die *"gemeente onder die kruis"* aan te sluit voordat die Algemene vergadering nie vergader het nie. Die tweede voorwaarde was dat die bediening van Lindley tydelik sal wees en dat dit net geldig sal wees tot wanneer die Algemene vergadering sekere besluite oor die toekoms kon neem. Dit het wel volle bediening van Woord en sakramente ingesluit. Die derde voorwaarde was dat die *"gemeente onder die kruis"* opnuut aansoek sal moet doen as die Algemene vergadering klaar vergader het.

Daarna het ds. H Pasch die oordeel uitgespreek dat ds. JJH Booysen in sy roeping en bediening verkeerd te werk gegaan het. Volgens ds. H Pasch se oortuiging sou die saak anders verloop het as ds. Booysen, met Lindley as naburige kerkraad hulp gevra het om die spanninge te help uitklaar i.p.v. om met die Teologiese professore die sake op te neem. Die feit dat die gemeentevergadering op advies van die professore gekanselleer is, het alles net vererger. Toe word dit net erger want ds. H Pasch word toe die sondebok gemaak. Hy ontvang 'n dubbele klag, eers word hy by sy kerkraad aangekla en kort daarna, op dieselfde dag, waar geen kerklike vergadering nog enigiets kon hanteer, word hy by die Algemene vergadering aangekla. Ten opsigte van die beskuldiging van ds. Booysen dat ds. H Pasch aanvanklik nie erns gemaak het met die klag téén hom nie, het hy die teendeel bewys. Op grond van die beweerde vertraging van die klag het ds. Booysen sonder om ds. H Pasch of sy kerkraad van sy verdere klag in te lig die saak na die Algemene vergadering deurgestuur.

Ds. H Pasch het duidelike kerkregtelike beginsels in sy verweer kon stel deur daarop te wys hoe verkeerd die proses verloop het. Al stel ds. H Pasch nie die spesifieke Kerkorde-artikels aan die orde nie, is sy beredenering daaroor duidelik, dat 'n meerdere vergadering slegs sake behandel wat 'n mindere vergadering nie kan afhandel nie. Die opmerking van Bosch (1967:141) dat Pasch *"goed belese is in die regte"* word inderdaad uit baie van die opmerkinge in Pasch se verweer teen die kommissie van die Algemene vergadering as reg bewys.

Die blote feit dat die kerkraad van Lindley nie in die geleentheid gestel was om die saak op enige stadium na behore op hulle tafel te hanteer en besluite daaroor kon neem nie, is duidelik. Dit bring Art 30 KO[55] in gedrang. Al was Lindley net geleentheid gegun om 'n nadere verklaring van die kerkraad van Frankfort oor die klag aan te vra, dan was die saak anders. Ds. H Pasch stel wel dat in sy hantering van die klag wat hy by geen geskeduleerde kerkraadsvergadering formeel aan die orde kon stel nie, was wel voor eredienste in die konsistories aan al die kerkraadslede getoon. Die besluit was "*daar dit nie 'n gemotiveerde aanklag was nie, het hulle nie gemeen dat dit 'n spesiale kerkraadsvergadering regverdig nie*" (Kommissierapport; 5 Apr. 1934:15).

Die beginsel van mindere bevoegdheid van 'n meerdere vergadering is nie eerbiedig nie. Verder is dit duidelik dat die Algemene vergadering van 5 April 1934 nie gehou het by Art 46 KO[56] nie. Die feit dat die klag op die agenda van die Algemene vergadering opgeneem is is 'n verdere duidelike kerkregtelike mistasting.

Ds. H Pasch het in sy eie woorde die kerkbeskouing wat ten grondslag van al die spanning soos volg bewoord, wat sy optrede in 'n ander dorp regverdig. Die notule stel dit soos volg:

> *"Die Kerk is 'n instituut maar ook 'n organisme. Daar word volgens spreker teveel nadruk gelê op die institutêre en te min op die organiese sy van die Kerk, anders sou so iets nie so maklik kan gebeur nie. Hy beskou dus dat die plig van die kommissie is om uit te maak of (i) Of die Gereformeerde gemeente onder die kruis, 'n selfstandige gemeente is en (ii) of die kerkraad die*

[55] **Artikel 30** Kerkorde lui soos volg: "Kerklike vergaderings moet alleen kerklike sake en dit op kerklike wyse behandel. Op meerdere vergaderings moet alleen sake behandel word wat nie in mindere vergaderings afgehandel kan word nie of sake wat by die meerdere vergaderings tuishoort."

[56] **Artikel 46** Kerkorde lui soos volg: "Sake vir behandeling op meerdere vergaderings moet nie opgestel word voordat die besluite van die voorgaande sinodes oor die voorgestelde punte nagegaan is nie, sodat wat eenmaal afgehandel is, nie weer voorgestel word nie tensy dit noodsaaklik geag word om iets te verander."

reg het om sy predikant te stuur om 'n ander selfstandige gemeente te bedien" (Kommissierapport; 5 Apr. 1934:17).

Ten opsigte van die beswaar oor die *"predikante weduwees en wesefonds*" het ds. H Pasch dit gestel dat hy *"baie maal ondervind dat die beswaardes nie onwillig is om by te dra nie vir die fonds nie, daar hulle gewoonlik meer gesteun het as hulle skuldig was, maar dat hulle nie onder dwang wou afgee nie"* (Kommissierapport; 5 Apr. 1934:17). Die ander kerkraadslede van Lindley het hulle stemme volledig by die van ds. H Pasch gevoeg. Ouderling Du Plessis het dit duidelik gestel dat die kerkraad *"reg gehad het om sy leraar na Frankfort te stuur vir die bediening kragtens 'n artikel in die DKO"* (Dordtse Kerkorde)- bedoel word Art 7 KO[57]. Ouderling Haasbroek het saam met ds. H Pasch klem gelê op die gemeente wat reeds as selfstandig gesien moet word. Hy stel dit dat *"die kerkraad van Lindley het voor die feit gestaan dat die mense wat nou eenmaal uit is en dat daar versigtig moet gehandel word om hulle nie verder af te stoot nie".* Haasbroek voeg by dat die kerkraad het *"egter gewaarsku dat hulle te haastig was. Maar verder wou die kerkraad hulle nie vervreemd nie".*

In die verdere verloop van sake was dit duidelik dat die Kruisgemeente wel in die Gereformeerde kerkverband opgeneem was met hulle erkenning van die belydenisskrifte. Oor die kwessie rondom die 1000- jarige ryk was van die afgevaardigdes verbaas oor waar dit *"nou vandaan kom"*. Die feit is egter dat die chiliastiese oortuiging nie nuut na vore kom nie. Dit is 'n bekende feit dat die oortuiging van die eerste Kruisgemeentes wat onder die roeping van ds. SJ du Toit bedien was, bepaalde chiliastiese oortuigings gehad het.

Die *"gemeente onder die kruis"* wat in 1912 bestaan het, het destyds by die GKSA aansluiting gevind omdat daar geglo is dat die verskille wat daar wel bestaan het as onoorkomelike was nie. Die feit dat daar destyds ook gestel was *"dat elke kerkraad vry was om te handel soos hy meen dit reg is"* was volgens die kerkraad van Lindley voor die kommissie van die Algemene vergadering die gemene akkoord wat die "*Kerke onder die kruis"* deel van die GKSA laat word, het.

Die verdere getuienis rondom ds. H Pasch se roeping teenoor hierdie bediening in Frankfort en die voortspruitende klag wys dat daar wel sekere vrae as wesentlik in die verdere hantering van

[57] **Artikel 7** Kerkorde lui soos volg: "As iemand tot die diens van die Woord in 'n bepaalde Kerk beroep word, moet hy op die bepaalde plek gevestig wees, tensy hy gestuur word om elders kerke te vergader."

die saak na vore gekom het. Die feit dat daar deur ds. H Pasch ’n doop aan ’n kindjie in Frankfort bedien was, terwyl die ouers van die kindjie nog nie na behore hulle lidmaatskap met die Gereformeerde Kerk Frankfort beëindig het nie, was in ernstige lig gesien (Kommissierapport; 5 Apr. 1934:22). By nadere ondersoek wil dit voorkom of die ouers vir ds. H Pasch nie vooraf ten volle ingelig gehad het nie. ’n Verdere probleem wat in die rapport van die kommissie na vore kom is dat veral van die vrouens wat as deel van die gemeente onder die kruis gestel was in werklikheid nog deel van die Gereformeerde Kerk in Frankfort was. Soos daar gestel is *“dat die vrouens van die beswaardes nie bedank het nie”,* het ernstige kerkregtelike implikasies rondom die bediening van ds. H Pasch aan hierdie mense teweeggebring. Ds. H Pasch het erken dat hy in sy roeping net gehandel het op die getuienis van die deputate van die beswaardes, wat hom nie ingelig het dat ’n groot deel van die vrouens van die beswaardes formeel nog lidmate van die Gereformeerde Kerk Frankfort was nie.

Verder is daar teenoor die kerkraad van Lindley die feite rondom ds. H Pasch se roeping gestel dat as Lindley se advies aan die beswaardes wel was dat hulle te haastig is om gemeenskap met die Gereformeerde Kerk Frankfort te beëindig en dat die beswaardes moes wag op hantering van die saak deur die Algemene vergadering, is daar met reg aan Lindley gevra waarom hulle nie hulleself weerhou het aan die bediening van die lidmate tot dieselfde Algemene vergadering na behore met alle partye kon handel nie. Die verweer van ds H Pasch en die kerkraad van Lindley was weereens ’n beroep op die selfstandigheid van die plaaslike Kerk wat hulle, na hulle mening, in Frankfort aangetref het, daarom het hulle die gemeente bedien (Kommissierapport; 5 Apr. 1934:22).

Die kommissie het aangetoon dat die klag wat die Gereformeerde Kerk Frankfort teen ds. H Pasch ingedien het, twee adresse onder dieselfde datum dra. Die dag waarop Ds. Pasch by sy kerkraad aangekla is en die dag waarop dieselfde klag na die Algemene vergadering deurgestuur is, dieselfde datum het. Die kerkraad van Lindley was dus nie in posisie gestel om na behore die saak op sy eie te beoordeel en af te handel nie. Dit wil voorkom of die kerkraad van Frankfort van meet af vir die kerkraad van Lindley as ’n party in die geding beskou en hulle nie ten volle in die behandeling van die klag vertrou het nie. Die kerkraad van Frankfort se verweer was dat hulle van mening was dat as die kerkraad van Lindley wel die klag na behore kon afhandel hulle gewoonweg net dieselfde klag op die latere Algemene vergadering kon terugtrek. Met reg kan gestel word dat hierdie verweer van Frankfort nie kerkregtelik die toets van orde slaag nie. Die feit dat sake wat op ’n mindere vergadering afgehandel kan word en nie

deur ’n meerdere vergadering behandel mag word nie, is genegeer (vgl. weereens Artikel 30 KO).

Die kommissie het gewoon met behandeling van die saak voortgegaan asof dit ’n saak is wat nou op hulle tafel tuishoort en as sodanig deur hulle behandel mag word. Met reg sal gevra kan word as ’n soortgelyke klag vandag weer dien of daar wel op die wyse daarmee gehandel mag word? Dit wil voorkom of hier wel groot onreg teen die bejaarde ds. H Pasch in sy roeping begaan is. Die ironie is dat dieselfde tipe onreg wat hom aan die begin van sy bediening in Angola getref het, weer aan die einde van sy bediening in die Vrystaat hom verneder het. Die bediening van gelowiges wat ander meen daar nie bediening aan sulke mense mag wees nie, word as hoofklag gesien. In Angola was dit die bediening van swart- en bruinmense en in die Vrystaat die bediening aan mense met chiliastiese oortuigings.

4.5.2.6 Uitslag van die stryd

Die verdere historiese verloop van hierdie saak het téén ds. H Pasch en sy roeping te staan gekom. Hy en die kerkraad van Lindley is op talle punte skuldig bevind. Daar is op gewys dat van die lidmate nog “*offisiële lede van die Gemeente van Frankfort was*”. Die bediening van die doop aan ’n kindjie van die beswaardes is dus as ernstige klag teen ds. H Pasch voorgehou. Die feit dat ds. H Pasch hom in sy optrede verweer het dat hy wel vroeër aan die gemeentes onder die kruis direk deel in hulle bediening gehad het, in die tyd wat hy uit Ladybrand gearbei het, het die kommissie afgewys as dat daardie vroeëre lidmate nie met die huidige *“skeurgroep”* verbind kan word nie. Die vroeëre groep was aangetrokke tot die verband van die GKSA terwyl die groep soos nou deur ds. H Pasch bedien “*antipatiek”* teenoor die kerkverband staan. Die kommissie het selfs so ver gegaan in hulle rapport deur te stel *“’n blaam is gewerp op die geskiedenis van die Gereformeerde Kerk onder die kruis, wat nou by ons ingelyf is, deurdat die huidige Kerk onder die kruis nie gelyksoortig is met die vroeëre nie”.* Die verweer van ds. H Pasch dat hy eintlik die beswaardes deur sy roeping en bediening aan hulle, vir die Gereformeerde kerke en belydenis wou behou, het eenvoudig geen byval by die kommissie gevind nie en het hulle ds. H Pasch nie gelyk gegee nie.

Ds. H Pasch is deur die kommissie aan die oortreding van *“indringing in die diens van ’n ander”* in sy roeping ernstig gewaarsku. Daar is in die rapport gestel dat ds. H Pasch as bedienaar op....

"onkerkregtelike en bestraffende wyse gehandel het aangesien hy:

(a) 'n Groep lede wat hulle afgeskei het van ons kerkverband met Woord en sakrament bedien het;

(b) hom beroep vir sy optrede op Art 7[58] van die ou Dordtse Kerkorde, maar sy eerwaarde se beroep gaan nie op nie aangesien in gemelde Art 7 sprake is van Gemeentes wat vervolg was deur ander kerke en dus deur die kerkverband met wie hulle in simpatie was bedien moes word, terwyl in hierdie geval die Kerk onder die kruis juis antipatiek staan teenoor die Geref. Kerk soos blyk uit hulle manifes.

(c) verklaar dat die vroeëre Gemeentes onder die kruis deur predikante vd Geref. Kerk bedien was, maar ook dit gaan nie op nie, omdat genoemde gemeentes simpatiek teenoor ons gestaan het en die huidige Kruis gemeente 'n skeurgroep is uit ons eie Kerk;

(d) hom beroep op die autonomie v.d kerkraad wat dus mag het om sy predikant te stuur waarheen hy wil, maar die standpunt independentisties is en nie Gereformeerd, waar elke kerkraad moet rekening hou met die Kerkverband.

In geval van Evangelisasie en Sendingwerk die kerkverband geken en prosedure daar deeglik omskryf word. Hierdie handelswyse van sy Eerw. is bestraffelik en word ten strengste afgekeur en die kommissie is verplig om hom daaroor te vermaan met die waarskuwing om hom voortaan te hou aan die besluit van die jongste Alg vergd nl. om nie met die betrokke lidmate te handel nie, sonder erkenning en toestemming v.d. kerkraad van Frankfort. By herhaling van wat plaasgevind het, sal hy onderworpe wees aan die bepaling van Art 80 v.d Kerkorde, menende indringing in diens van 'n ander... ".

Die kommissierapport sluit af deur te stel dat ds. H Pasch en die afgevaardigde ouderling Klopper hulle neergelê het by die uitspraak van die kommissie.

Die feit is dat hierdie rapport vir ds. H Pasch en die kerkraad van Lindley by hulle kerkraadsvergadering in Junie 1934 ernstige vrae na vore bring. Weereens het hulle 6 punte aangehaal waarom hulle die kommissie se bevinding as regskrenkend ervaar. Die kerkraad het nie van sy oortuiging afgesien dat die Algemene vergadering kragtens Art 30 KO oortree het nie, deur klagtes teen hulle predikant te behandel wat op hulle eie tafel nie na behore gedien het nie. Hulle was ook van mening dat die Algemene vergadering sy eie agenda geskep het deur nog klagtes by te voeg waardeur hulle regter in hulle eie saak geword het. Nog 'n feit wat die kerkraad van Lindley as 'n groot onreg teenoor die beswaardes in die *"Kerk onder die kruis"* ervaar is die feit dat *"die Algemene vergadering geen kennis geneem het van die oorzaak waardeur die moeite ontstaan het, nl. dat die kerkeraad van Frankfort die heilige Nagmaal*

[58] **Artikel 7** Kerkorde lui soos volg: "As iemand tot die diens van die Woord in 'n bepaalde Kerk beroep word, moet hy op die bepaalde plek gevestig wees, tensy hy gestuur word om elders kerke te vergader."

bedien het dan dat broedertwis in gemeente was, waardeur baie lidmate kerkverband het opgesê".

4.5.2.7 Blywende onrus

In die volgende maande het dit al duideliker geword dat die kommissie-rapport van die Algemene vergadering vir die kerkraad van Lindley sake en ds. H Pasch in sy roeping bemoeilik het. Daar was vir die kerkraad van Lindley ernstige vrae en verdenking rondom hierdie rapport. Die kerkraad van Lindley beweer in Oktober 1934 dat daar ernstige ongerymdhede in die lewering van die rapport plaasgevind het. Hulle stel:

> *"Ons betuig voor die Here dat die comm-rapport aan ons toegestuur nie van dieselfde inhoud is as dat rapport op die dag van afsluiting aan ons is voorgelees, want in dat voorgelees rapport is de Kerkreaad van Lindley skuldig bevind wegens oortreding van art 15 KO waardeur die kerkeraad beslis weiger dat rapport te aksepteer... "*(GKSAA, Lindley, Notuleboek 1926-1942. 1.1.3. 5 Okt. 1934, Art 1).

In die verdere behandeling van die skriftelike rapport wat Lindley eers later ontvang het, word die onrus bevestig dat daar nie gehou was by die oorspronklike klag nie, maar dat die Algemene vergadering sy eie agenda staande die vergadering uitgebrei het. Om sake verder te vererger het ds. H Pasch en die kerkraad van Lindley ernstige vrae gehad oor die toepassing van die kerkregtelike beginsel wat as *audiem et alteram partem reël* bekendstaan, wat as basiese regsreël stel dat die ander kant van die saak ook gehoor moet word en dat niemand regter in sy eie saak mag wees nie (Spoelstra, 1989:206). Volgens die kerkraad van Lindley was die beskuldigdes en die Kruisgemeente *"nie gehoor nie"* (GKSAA, Lindley, Notuleboek 1926-1942. 1.1.3. 5 Okt. 1934, Art 1). In 'n volledige verslag van die kerkraad van Lindley wat op 6 punte berus word die kerkregtelike beskouinge van ds. H Pasch en die kerkraad van Lindley deurlopend met die uitgangspunte van die Algemene vergadering bevraagteken.

Die kerkraad van Lindley het by die oortuiging gebly dat hulle hul leraar nie toegelaat het om in die gebied van die Gereformeerde Kerk Frankfort in te dring nie, maar wel die selfstandige gemeente bekend as die *"gemeente onder die kruis"* te bedien. Volgens Lindley druis die

Algemene vergadering se besluite in teen Artikel 84 KO[59]. Die kerkraad van Lindley het gevra dat al die besluite rondom die saak soos op die Algemene vergadering geneem herroep moes word, en dat dit terugverwys word na die betrokke kerkrade *"om te handel volgens Art 30 KO. Want in het ondersoek van de zaak kan nie verder gegaan word dan die beskuldiging".*

Hierin kom dit weer duidelik na vore dat ds. H Pasch in sy roeping kerkregtelik sterk die siening van die vroeëre Doleansie-kerkreg gehandhaaf het waar die plaaslike kerk volkome kerk is. Dit wil voorkom of die besluite van die Algemene vergadering waarteen ds. H Pasch en die kerkraad van Lindley hulle vasgeloop het eienskappe vertoon van 'n genootskaplike Kerkbegrip. So is daar met 'n verkeerde kerkbegrip teen ds. H Pasch gehandel omdat daar nie na behore van die genootskaplike kerkbegrip losgekom was nie. Van der Linde (1978:63) toon aan hoe die spanning tussen kerkreg en kerkbegrip die beoefening van kerkreg bemoeilik. Die vroeëre Postma-kerkbegrip wat nog spore dra van 'n genootskaplike kerkbegrip, is nie heeltemal te versoen met die Doleansie-kerkreg onderliggend aan ds. H Pasch se standpunt nl. "*dat die plaaslike kerk volkome kerk is en daarom outonoom*". Soos aangetoon het diegene teen ds. H Pasch se verweer die spook van independentisme om die hoek laat loer as ds. Pasch dit waag om die selfstandigheid van die plaaslike gemeente sy vertrekpunt te maak. Latere studies soos die van Coetzee (2010:11,126, 130) het sterk aanduidinge by Postma gevind dat sy slordige kerkregtelike taalgebruik hom in baie opsigte kon blootstel aan die beskuldiging dat hy kerke in baie opsigte in 'n genootskaplike paradigma geplaas het. Coetzee wil Postma hierteen beskerm deur aan te dui dat Postma hom wel ook van die Doleansie kerkreg laat bedien het. Coetzee betwyfel die beskuldiging dat Postma duidelike ondertone van 'n kollegialistiese kerkbegrip in die GKSA gevestig het waardeur bepaalde skeefgroei in sekere van die meerdere vergaderings ingedra is.

Die geval van ds. H Pasch met sy bediening aan die gemeente *"onder die kruis"* en die behandeling van die saak op 5 April 1934 op 'n meerdere vergadering in Lindley, bevestig die skeefgroei. In weerwil van Coetzee se bevinding, is Van der Linde se vermoede bevestig, waar kerkreg die wese van die Kerk raak daar ook teen ds. H Pasch met 'n genootskaplike kerkbegrip opgetree is wat sodoende regskrenkend was. Die GKSA-kerkverband het in meer opsigte nie van die genootskaplike, Postma-kerkbegrip vrygeraak nie. Waar dit reeds teen ds. J

[59]**Artikel 84** Kerkorde lui soos volg: "Geen Kerk mag oor ander kerke, geen bedienaar van die Woord oor ander bedienaars van die Woord, geen ouderling oor ander ouderlinge en geen diaken oor ander diakens enige heerskappy voer nie."

Beijer van Reddersburg en ds. NJR Swart van Pretoria in die vroeëre geskiedenis van die GKSA uitgewys was, het die kerkverband weer in 1934 teen ds. H Pasch na die skrywer se mening dieselfde *"oortreding"* begaan nl. die grondfout om 'n meerdere vergadering te beskou as 'n *"hogere vergadering belas met kerkregering"* (Van der Linde, 1978:63).

Na die oortuiging van Lindley het die Lindley kerkraad toe voortgegaan om 'n klag teen Frankfort op te stel wat in baie opsigte hulle besware teen die kerkraad van Frankfort bevestig. Die kerkraad van Frankfort het op hierdie klag gereageer deur te bevestig dat hulle dit nie in behandeling gaan neem nie maar dat dit na die Algemene vergadering gaan deurstuur (GKSAA, Lindley, Notuleboek 1926-1942. 1.1.3. 5 Okt. 1934, Art 2). In afsonderlike briewe, gedateer 23 Julie 1934 en 12 November 1934 het die kerkraad van Frankfort bevestig dat hulle beroep nou uitsluitlik by die Algemene vergadering berus.

Ondertussen het die kerkraad van die *"gemeente onder die kruis"* by monde van oudl. Van Vollenhoven op 25 Sept. 1934 weereens om bediening van ds. H Pasch gesmeek. Soos in die skrywe gestel:

> *"Broeders is die Naam van ons Here Jesus Christus u moet ons nou hulp toe staan so spoedig moontlik want ons virkeer in virdrukking en sommige van ons wil nie meer wag om te laat doop nie en ons virkeer in bitter benaudheid aangaande die bediening en die voorreg van die avondmaal tafel". Namens kerkraad van van die Kruiskerk- get. JH van Vollenhoven* (Brief van 25 Sept. 1934 gestuur vanaf Tweeling).

Ds. H Pasch en die kerkraad van Lindley het aan die laaste versoek nie gehoor gegee nie, omdat hulle van mening was dat dit 'n onafgehandelde saak op die tafel van die Algemene vergadering is. Wyslik is daar gewag totdat daar met die kerkregtelike proses gehandel word voordat die pastorale pad met die Kruiskerk verder geneem kan word. Die kerkraad het aan die beswaardes in Frankfort toegevoeg dat hulle met hulle *"baie simpatiseer met hulle in hulle nood"* (GKSAA, Lindley, Notuleboek 1926-1942. 1.1.3. 5 Okt. 1934, Art 4).

In 1935 het die saak nog voortgeduur. Frankfort het weereens bevestig hulle beskou die kerkraad van Lindley se optrede as "*onkerkregtelike handelswyse".* Sodoende besluit die kerkraad van Lindley dat hulle hul verdere beroep op die Algemene vergadering gaan stel, wat soos in vooruitsig gestel op 21 Februarie 1935 in Parys (OVS) sal plaasvind.

4.5.2.8 Ds. H Pasch se roeping onder verdere spanning

Dit is duidelik dat ds. H Pasch, reeds as bejaarde bedienaar, met sy roeping wou voortgaan al was hy die middelpunt van baie spanning en kerkregtelike onenigheid tussen Lindley en Frankfort. Hy gaan so ver om ander sake aan die volgende Algemene Vergadering voor te lê. Dit bewys hoe hy in Kerk en kerkverband betrokke bly. Deur die kerkraad word die volgende beskrywingspunte voorgelê. Daar moet uitsluitsel kom of 'n Vrymesselaar lidmaat van die Kerk mag wees. 'n Verdere versoek van ds. Pasch en sy kerkraad was dat die vergadering moet 'n besluit rondom die roeping van ds. Du Toit van Bloemfontein herroep dat dit eerder by die volgende Algemene Sinode moet dien. Terselfdertyd het Lindley by die meerdere vergadering advies gevra *"of die invoer van gezange in die Geref. Kerk genoegsame grond is vir afskeiding en verder of het vrylaat aan ieder gemeente om gezange te gebruik nie alreeds 'n voldonge afskeiding is"* (GKSAA, Lindley, Notuleboek 1926-1942. 1.1.3. 4 Jan 1935, Art 8). 'n Latere toevoeging tot die notule het die vraag bygevoeg dat die Algemene vergadering advies moet verleen of 'n leraar hulpdiens by 'n Kerk mag doen wanneer die *"ander Kerk dieselfde belydenis"* het (GKSAA, Lindley, Notuleboek 1926-1942. 1.1.3. 4 Jan 1935, Art 8).

Die persoon van ds. CWM du Toit en die simpatie met hom uit Lindley is te verstane omdat hy as die broer van ds. JD du Toit (Totius), soos sy vader ds. SJ du Toit, 'n uitgesproke chilias was. CWM du Toit (geb. 30 September 1890) was nie net vroeër predikant van Bloemfontein (1925-1929) nie, maar het ook 'n politieke roeping gehad waar hy as parlementariër in die Unie-parlement vanaf 1929 met onderskeiding gedien het. Volgens D'Assonville (1999:221) is daar selfs uit Engelse kringe gemeen dat hy geskik kon wees om 'n toekomstige Eersteminister van Suid-Afrika te word. In 1948 waar hy nie meer as predikant in die verband van die GKSA gedien het nie, was hy wel nog met bediening besig. Sy bekende werk wat as verklaring oor die boek Openbaring in 1948 uitgegee is, bekend as *Toekomstige wêreldgebeure.* Hy het die voorwoord vanuit Louis Trichardt geskryf terwyl die boek uitgegee is deur die *Vrye Christelike Gereformeerde Kerk Frankfort.* Die werk is sterk gekleur in hoe CWM du Toit se vader, ds. SJ du Toit en die "Kruiskerke" die profesieë en in besonder Openbaring verklaar het.

Die *"gezange"* waarna die beskrywingspunt na verwys kan aanvaar word dat dit handel oor die invoer en sing van die latere Skrifberyminge wat vanaf 1939 amptelik goedgekeur is en waarvan 'n groot deel deur ds. JD du Toit (Totius) berym was. Dit is bekend dat ds. H Pasch sterk standpunt ingeneem het teen enige ander kerklike liedere, selfs ook teen die goedgekeurde Skrifberyminge, wat vir hom en die kerkraad van Lindley deurgegaan het as

"gezange". In die tyd wat ds. H Pasch as predikant van Lindley gedien het, het hy sy skryfwerk voortgesit en sterk polemiese standpunte bly stel. Van sy laaste amptelike stukke wat hy in 1931 uitgegee het gaan dan in besonder oor die Kerklied. Hy verantwoord hom oor talle liturgiese beginsels wat rondom *Die Erediens* handel. Hy gee dan ook vanuit Lindley 'n boek uit *Die Erediens- 'n Antwoord op die vraag:- "Waarom sing die Gereformeerde Kerk net Psalms by die Erediens en niks anders nie".* Vir ds. H Pasch het dit gehandel oor die wese van die erediens deur te vra of daar 'n verordineerde erediens van God kan wees; wat is 'n erediens; wie moet die erediens handhaaf en die laaste stel hy die vraag of die mens die reg het om die erediens na willekeur self in te rig en of te verander?

Ds. H Pasch het self nie die finale goedkeuring van die Skrifberyminge beleef nie, daar hy in 1936, drie jaar voor die amptelike goedkeuring oorlede is, maar hy het op sy oudag sy stryd teen die Skrifberyminge volgehou.

'n Jaar voor die uitgawe van die brosjure rondom die Kerklied het ds. H Pasch ook polemies standpunt teenoor die kelkie ingeneem. Hy het hierdie lesing in 1930 amptelik uitgegee as *Beker teenoor Kelkie.* As opskrif het hy dit gestel "*Die Algemene beker teenoor die Indiwiduele kelkie"..* As uitgangspunt het hy 1 Korintiërs .10 en 11 gestel met die aktuele vraag wat vandag nog net so aktueel gevra word- "*Is dit maar 'n kleinigheid of ons die Algemene beker of die Indiwiduele kelkie by die Heilige Awendmaal gebruik?"* Hierdie studie (lesing) hanteer die vraagstuk dan aan die hand van *"…op die algemene awendmaal…op die besondere awendmaal …en op die higiëniese besware by die gebruik van die besondere awendmaal".* Die gebruik van die beker word dan gesien as God se manier vir afwering van siektes. Pasch se hantering van die sg. higiëniese besware klink selfs wetenskaplik en medies nagevors te wees. Hy gebruik terme soos basille, mikrobe, bakterieë, infusorieë, miasmes ens. Hierin toon hy dat hy dwarsdeur sy lewe 'n besondere belangstelling in die mediese wetenskap behou het.

'n Verdere opvallende eienskap van ds. H Pasch se roeping is dat hy dwarsdeur sy lewe nie teruggedeins het vir leerstellige vraagstukke nie. Selfs op sy oudag het hy 'n werkstuk uitgegee rondom die saak wat in die NG kerke rondom prof. Johannes du Plessis 'n groot leergeding geword het, naamlik: *Die Kenosisleer*. 'n Saak wat vanaf 1927 tot 1931 op die spits gedryf is. Terwyl Pasch predikant van die Gereformeerde Kerk Lindley was bied hy dit aan onder die titel- *Die Kenosis- 'n Teologiese verhandelingetjie in populêre taal.* In die studie dien Filippense 2:5-9 as vertrekpunt en toon Pasch aan dat die verskillende verklaringe van Filippense 2:5-9 baie uiteenlopend is. In die voorrede skryf Pasch dat:

> *"die leerstuk van die Kenosis gee in beginsel die werk van God in Christus deur sy Gees weer, wat plaasgevind het voor die tye van die eeue. Die Heilige Skrif is die blom wat die wese van Die Kenosis ontluik. Die Kenosis is die Son van geregtigheid, wat sy strale oor die hele objektiewe skepping versprei. In hierdie werkie word die welwillende leser 'n bydrae aangebied, wat probeer om baie van die moeilike tekste van Gods Woord verder te verklaar..."*

Op 3 Mei 1935 het ds. H Pasch by die opening van die kerkraadsvergadering besondere klem op roeping geplaas. Aan die hand van Jeremia 1 staan genotuleer dat die leraar *"spreek oor ons ampsbediening dat ons daartoe geroep is nog vóór onze ontvangenis"* (GKSAA, Lindley, Notuleboek 1926-1942. 1.1.3. 3 Mei 1935, Art 1).

4.5.2.9 Pasch berus in die "onreg ons aangedaan"

Die Algemene vergadering wat in 1935 die beskrywingspunte en besware van die Gereformeerde Kerk Lindley moes hanteer, het na die oordeel van ds. H Pasch en die kerkraad van Lindley baie onbevredigend verloop. Weereens was ds. H Pasch en die kerkraad van Lindley oortuig dat die onreg hulle aangedoen meer en meer word. Met die terugvoer van sake op die kerkraadsvergadering van Lindley in Mei 1935 het die afgevaardigdes van Lindley aan die kerkraad kennis gegee dat hulle staande die Algemene vergadering kennis gegee het van appèl met wat op die Algemene vergadering teen hulle besware besluit is. Daar is vanuit die roeping van ds. H Pasch en die kerkraadslede sterk standpunt ingeneem deur te stel dat *"die Algemene vergadering en die gees wat daar heers en die onbroederlike procedure en handelinge niks getuig van broeders in Christus wie in doel het as reg en geregtigheid te handhaaf"* (GKSAA, Lindley, Notuleboek 1926-1942. 1.1.3. 3 Mei 1935, Art 2). In daaropvolgende beredeneringe het die kerkraad onder leiding van ds. Pasch dit gestel *"dat daar nie meer gehandel word na die Gees van God se Woord en betreur diep die houding teen Lindley"* (GKSAA, Lindley, Notuleboek 1926-1942. 1.1.3. 3 Mei 1935, Art 2). Hieruit word dit al duideliker dat dat ds. H Pasch in hierdie jare van sy bediening en roeping in die kerkverband en die meerdere vergaderings 'n sware stryd bly stry het. In baie opsigte het hy gevoel dat hy deur die kerkverband in die steek gelaat is.

Volgens die getuienis van die afgevaardigdes by monde van ouderling Klopper het hulle die beskrywingspunt wat advies vra *"of 'n leraar hulpdiens mag verleen in 'n ander gemeente wat wel dieselfde belydenis het, maar nie deel van die kerkverband is nie"*, glad nie behandel nie.

Die ander drie beskrywingspunte is volgens getuienis van ouderling. Klopper ook nie behoorlik behandel nie, *"maar uit allerlei oorzaak in die snippersmand gewerp"* (GKSAA, Lindley, Notuleboek 1926-1942. 1.1.3. 3 Mei 1935, Art 2). Die beswaarskrif wat spesifiek teen die kommissie van die vorige Algemene vergadering gerig was, is *"nie-ontvanklik verklaar".* Dit wil voorkom dat die regskommissie reg gehandel het deur te stel dat hulle as vergadering nie 'n rapport van 'n vorige kommissie kan behandel wat hulle reeds op 'n vorige vergadering goedgekeur het nie. Dit sal hulle regter in hulle eie saak maak. Die kerkraad se beswaarskrif teen die kerkraad van Frankfort was ook onontvanklik maar volgens getuienis het die meerdere vergadering nie duidelike gronde vir hierdie besluit aangewys nie (GKSAA, Lindley, Notuleboek 1926-1942. 1.1.3. 3 Mei 1935, Art 2).

Nadat die kerkraad op velerlei wyses sy misnoeë en teleurstelling met die besluite van die Algemene vergadering gestel het, het ouderling Klopper dit gestel dat hulle appèl aangeteken het téén die uitspraak van die Algemene vergadering. Dit het hulle besware ingesluit teen die Kommissierapport van 'n vorige Algemene vergadering en die besware teen die kerkraad van Frankfort. Volgens ouderling Klopper was die vergadering onkant gevang deur hulle aankondiging dat hulle gaan appelleer. Staande die Algemene vergadering is daar toe 'n skrywe opgestel teen die kerkraad van Lindley dat hulle kennis neem van die appèl en dat hulle deputate sal benoem om *"namens die Algemene vergadering te verdedig".* In 'n daaropvolgende punt het die Algemene vergadering in Parys soos volg besluit:

> *"Die Algemene vergadering spreek sy diepe leedwese uit dat so na die vriendskaplike en broederlike afhandeling van die saak te Lindley dit nou blyk dat die kommissie van die Algemene vergadering onder die misleidende indruk gebring was, dat daar volle berusting was in hulle uitspraak en werk. Die predikant en kerkraad van Lindley word dus weer ernstig nogmaals vermaan om hulle woord gestand te doen en die vrede in die Kerk na te jaag. Mog daar egter ernstige verwikkelinge plaasvind sal die korresponderende kerkraad die reg het om 'n spesiale sitting van die Algemene vergadering op te roep"* (Brief Algemene vergadering Parys).

Die kerkraad van Lindley het hierdie brief soos hierbo aangehaal as 'n *"skrikaanjagende besluit"*. Verder het die kerkraad van Lindley besluit dat *"er geen hope is dat reg op 'n meerdere vergadering sal gehandhaaf word, so besluit deze vergadering die appèl deur die deputate ingedien by die jl Algemene vergadering nie te ondersteun nie maar te berus in die onreg ons aangedaan"* (GKSAA, Lindley, Notuleboek 1926-1942. 1.1.3. 3 Mei 1935, Art 2).

Intussen het ’n brief gedateer 17 April 1935 van die kerkraad van die Kruiskerk die kerkraad van Lindley versoek om dit ernstig te heroorweeg dat ds. H Pasch bediening aan hulle moet verleen. Die kerkraad van Lindley besluit om die versoek nie toe te staan voordat hulle vraag by die vorige Algemene vergadering ingedien nie na behore beantwoord is nie. Weereens het die kerkraad van Lindley hulle vraag duidelik gemaak: *“Het ’n kerkraad reg sy leraar hulpdiens te laat doen in ’n gemeente nie in kerkverband met die Gereformeerde Kerk maar wel van diezelfde belydenis”* (GKSAA, Lindley, Notuleboek 1926-1942. 1.1.3. 3 Mei 1935, Art 3). In dieselfde verband het die kerkraad van Lindley die broeders van die Kruiskerk geantwoord dat *“die Kerk onder die kruis moet by die eerst komende Algemene vergadering en Synode aanvraag doen vir bediening”.*

In die roeping van ds. H Pasch het daar uit die kerkverband allerlei voorstelle rondom die chiliastiese vraagstuk gekom. Ds. Jac van Rooy het aan die kerkraad van Lindley ’n voorstel gedoen dat hulle ’n konferensie moet belê om *te “confereer oor die 1000 jaar ryk”* (GKSAA, Lindley, Notuleboek 1926-1942. 1.1.3. 3 Mei 1935, Art 4). Die kerkraad besluit dat enigeen op eie verantwoordelikheid die konferensie kan bywoon. Die konferensie het op Ventersburg plaasgevind. Terselfdertyd het hulle wel twee ouderlinge afgevaardig om die konferensie by te woon. In dieselfde asem het die kerkraad van Lindley onder voorsitterskap van ds. Pasch besluit dat *“daar in die oog gehou word dat die conferensie en al daar behandel word nie ’n offisiële karakter dra maar alleen persoonlike opinie is”* (GKSAA, Lindley, Notuleboek 1926-1942. 1.1.3. 3 Mei 1935, Art 4).

4.6 LAASTE LEWENSJARE

In Oktober 1935 is daar die eerste keer sprake dat ds. H Pasch vanweë siekte afwesig is by ’n kerkraad svergadering. Die siekte was van so ’n aard dat hy in die tyd na Durban gegaan het. Nogtans het ds. Pasch se teenwoordigheid in Durban weer ’n nadraai t.o.v. sy roeping getoon. In die tyd wat hy daar was, het hy by ’n ernstige saak betrokke geraak wat die toepassing van Art 79 KO ingesluit het. Dit het hom genoop om dringend by wyse van briewe en ’n telegram sy kerkraad in Lindley by die saak te betrek. Dit wil voorkom of daar in die tyd in die Gereformeerde Kerk Durban ’n ernstige geding ontstaan het. Die kerkraad besluit in die afwesigheid van ds. Pasch om aan sy versoek te voldoen. Die motivering vir ds. H Pasch om hierin betrokke te raak word gesien in die lig van *“die drie oudste in jare en in diens teenwoordig sal wees by so ’n ernstige saak”* (GKSAA, Lindley, Notuleboek 1926-1942. 1.1.3. 10 Okt. 1935, Art 1). By ’n volgende vergadering het almal met dank kennis geneem dat ds. H Pasch by die saak in Durban betrokke was soos daar genotuleer staan: “*Het, was ook goed dat die oudste*

drie in jare en in diens teenwoordig was- want het was 'n moeilik saak" (GKSAA, Lindley, Notuleboek 1926-1942. 1.1.3. 1 Nov. 1935, Art 1). Daar word nêrens oor die inhoud van die saak enige lig gewerp nie.

Op 30 November 1935 word die lys van beskrywingspunte wat op die eerskomende Sinode behandel moet word vasgestel. Daar is weereens verskeie sake wat daarop dui dat ds. H Pasch in sy lewenslange roeping op geen stadium homself van sensitiewe sake weerhou het nie. Sake wat in elke geval baie spanning in sy persoon en gesondheid kon veroorsaak. Die eerste saak wys op die roeping wat die kerkraad teenoor die Afrikaanse taal wou nakom deur te besluit dat die *"wenslikheid om die partikuliere synodale besluite in Afrikaans te vertaal en toe te voeg by die Afrikaanse Kerkorde en dat besluit deur te stuur na ek. Synode"* (GKSAA, Lindley, Notuleboek 1926-1942. 1.1.3. 30 Nov. 1935 1935, Art 1). Die versoek dat die besluit oor CWM du Toit herroep moet word, word weer gestel. Al kan daar nêrens bewyse gelewer word dat ds. H Pasch in sy Skrifuitleg chiliastiese oortuigings oor die Duisendjarige Ryk na vore gebring het nie, het die kerkraad wel onder sy voorsitterskap besluit dat die *"Algemene vergadering spreek hom uit of 'n leraar van die Gereformeerde Kerk gebind is aan gebruiklike verklaring van Openbaring 20 nl. dat het symbolies moet opgevat word"* (GKSAA, Lindley, Notuleboek 1926-1942. 1.1.3. 30 Nov. 1935, Art 2).

Hieruit wil dit voorkom of ds. H Pasch hom wel by die meerdere oortuiging van sy kerkraad gevoeg het om hierdie gedeelte met 'n letterlike verklaring te verkondig. Weereens het ds. H Pasch en die kerkraad van Lindley die vraag na die Kerklied na vore gebring. Hulle beskrywingspunt stel die vraag en versoek die vergadering om voorligting te gee *"in sake of die invoer van gezange in die Gereformeerde Kerk genoegsame grond is vir afskeiding en verder of die vrylaat aan iedere gemeente om die bundel te gebruik of nie, nie reeds 'n voldonge afskeiding is nie"* (GKSAA, Lindley, Notuleboek 1926-1942. 1.1.3. 30 Nov. 1935, Art 1). Laastens het die laaste stof oor die gebeure rondom ds. Pasch se betrokkenheid by die Kruiskerk in Frankfort nie gaan lê nie. Die vraag waarmee die kerkraad van Lindley na die Sinode kom of *"mag 'n Kerk sy leeraar hulpdienste laat doem in 'n andere Kerk met dieselfde belydenis"* (GKSAA, Lindley, Notuleboek 1926-1942. 1.1.3. 30 Nov. 1935, Art 2).

Die Algemene vergadering het die kwessie rondom die kerklied nie na wense opgeklaar nie, want het die kerkraad van Lindley by sy eerste vergadering in 1936 besluit dat die Algemene Sinode hieraan verdere aandag moet gee. Hulle het dieselfde gronde vir hulle beswaar, deurgegee deur aan die sinode te vra, *"of die invoer van gesange nie 'n degradasie is nie van*

die Gereformeerde bewussyn in die Kerk dat die vrylaat aan iedere gemeente gesange in te voer of nie, nie reeds 'n voldonge afskeiding is nie".

Op die vergadering van 11 April 1936 het daar 'n keerpunt in die roeping van ds. H Pasch gekom. Hy het dit aan die kerkraad gestel dat hy oorweeg het om net vir een maand verlof te vra, *"maar ongelukkig is sy siekte te ernstig daarvoor"* (GKSAA, Lindley, Notuleboek 1926-1942. 1.1.3. 11 Apr. 1936, Art 2). Die kerkraad het daarna by ds. Pasch aangedring dat hy rondom sy roeping en huidige toestand reguit met hulle moet praat. Hierin stel ds. H Pasch dit dat hy *"graag ses maande (verlof) sou wil hê ten einde alle moontlike pogings aan te wend om van sy swakheid en siekte te herstel. Hy het oud in die bediening gekom, het skaars ongeveer 30 jaar diens en sou graag nog 'n paar jaar wil dien, as die Here hom sy kragte teruggee"* (GKSAA, Lindley, Notuleboek 1926-1942. 1.1.3. 11 Apr. 1936, Art 2). In dieselfde versoek het ds. H Pasch gesê dat as dit duidelik word daar nie vir hom genesing is nie, hy onmiddellik sy emeritaat sal aanvra en die Kerk nie verder sal lastig val nie, al is dit net 'n maand na sy verlof begin het. Ds. H Pasch was oortuig dat hy na die kus moet gaan in die poging om van sy siekte te herstel. Die kerkraad het hierdie versoek ten volle toegestaan.

Hierna in dieselfde vergadering het ds. H Pasch in sy roeping 'n kommissie gevra wat tussen hom en ouderling De Wet moet optree, *"omdat hy graag in vrede wil sterf*". In Aug. 1936 het mev. A Pasch, die eggenote van ds H Pasch weereens oor die spanning tussen haar man en ouderling De Wet dit aan ouderling Klopper gestel *"dat sy sal vergewe, maar nooit vergeet nie"* (GKSAA, Lindley, Notuleboek 1926-1942. 1.1.3. 8 Aug.1936, Art 2).

Die volgende maand, op 15 September 1936 is ds. H Pasch in die ouderdom van 71 jaar oorlede. Op 17 September 1936 is hy in Lindley begrawe waar die erediens deur prof. CJH de Wet waargeneem is. Sy dood is wyd betreur waar o.a. prof. JD Kestell, 'n bekende in die NG Kerk, in 'n huldeblyk die volgende oor ds. H Pasch, sy roeping, sy bediening en sy mens-wees geopper het:

> *"Ons dink met aandoening aan die heengaan van ds H.Ph.J Pasch. Hy was 'n man van sterke oortuiginge, 'n man wat onbevrees voor die dag gekom het met wat daar in die diepte van sy wese geleef het. Manmoedig het hy ook verdedig wat vir hom waar was, al was dit ook dat hy by tye vir sy gevoelens alleen gestaan het. Nie altyd was dit dat hy ander kon oortuig nie. Hy het soms 'n weg ingeslaan waarop ander hom nie kon volg nie, maar was dit ook die geval, niemand was daar wat nie oortuig was van die opregtheid van sy bedoelinge en sy getrouheid aan die gereformeerde*

> *leer. Bo alles was dit die Woord van God wat vir hom dierbaar was. Onder sy gesag het hy onvoorwaardelik gebuig (Die Kerkblad, 7 Okt. 1936:12).*

Op die vergadering van 31 Oktober 1936 het ds. Jacs van Rooy die volgende mosie vir die kerkraad gestel. Hy voel hom "*baie onbekwaam om die regte hulde aan wyle ds. Pasch te bring, hy kon nooit met ds. Pasch in die openbaar verskil en waar hy nie kon saamstem, het hy verkies om stil te bly".* Daar staan genotuleer dat die *"mosie is stil en staande aangeneem"* (GKSAA, Lindley, Notuleboek 1926-1942. 1.1.3. 31 Okt. . 1936, Art 1). Om 'n geskikte grafsteen vir wyle ds. H Pasch op te rig het 'n verdere drie jaar geneem. Op die vergadering van 4 Feb. 1939 kan gerapporteer word *"dat die werk nou voltooi is tot bevrediging van al die belangstellendes"*. Al die kerke wat ds. H Pasch as bedienaar van die Woord bedien het, behalwe die gemeente in Angola, wat ook nie meer bestaan het nie, het 'n bydrae tot die oprigting van die grafsteen gemaak (GKSAA, Lindley, Notuleboek 1926-1942. 1.1.3. 4 Feb. 1939).

4.7 WYER PERSPEKTIEWE OP DS. H PASCH SE ROEPING

Daar is oorweldigende getuienis hoe ds. H. Ph.J. Pasch in al die gemeentes wat hy bedien het, sy roeping op talle terreine uitgeleef het. In die bykans 30 jaar van bediening kan daar sonder moeite talle terreine onderskei word. Al het ds. H Pasch hoofsaaklik net 4 gemeentes as hoofsentras bedien (Humpata Angola, Ladybrand, Pietersburg, Lindley) het hierdie sentras baie groot gebiede ingesluit wat met eiesoortige bedieningsvraagstukke geworstel het. Ds. H Pasch het op unieke manier sy roeping en gawes ten dienste van ál die gemeentes en die nog baie groter gemeenskappe rondom hierdie gemeentes beskikbaar gestel. Terreine waarbinne sy roeping in besonder onderskei kan word, is sy roeping teenoor die jeug, sy roeping teenoor onderwys, sy roeping teenoor Teologiese opleiding. In besonder ook sy roeping teen sendingwerk, sy roeping teenoor uitbou en opbou van eenheid in die gemeente. Hy het hom onderskei in sy roeping teenoor finansies. Sy roeping teenoor kultuur en politiek word hierby betrek.

4.7.1 Roeping teenoor die jeug

Ds. H Pasch het baie vroeg in sy bediening die belange en betrokkenheid van die jeug in die Kerk van die Here onderstreep. By sy aankoms in Ladybrand was die eerste prioriteit vir ds. H Pasch 'n beter organisasie van hulle wat graag belydenis van hulle geloof wil aflê (GKSAA:

Ladybrand, Notuleboek 1905-1937. 1.1.2, 27 Mei 1911. Art 8). Kinders wat swaarkry en aan verwaarlosing blootgestel was, het deurlopend sy aandag geverg (GKSAA: Ladybrand, Notuleboek 1905-1937. 1.1.2, 19 Aug. 1911, Art 11). Ds. Pasch het die jeug gedurig teen die sedelike gevare waaraan hulle blootgestel was, gewaarsku (GKSAA: Ladybrand, Notuleboek 1905-1937. 1.1.2, 19 Aug 1911, Art 14). Selfs beweerde mishandeling van kinders was sake wat ds. Pasch ernstig ondersoek het. Op 20 Januarie 1912 was daar sprake van moontlike mishandeling van ’n kindjie (GKSAA: Ladybrand, Notuleboek 1905-1937. 1.1.2, 20 Jan 1912, Art 4). In April 1912 was daar volledige rapport rondom ’n kindjie met liggaamlike geswel en letsels waarop noukeurig ondersoek gelas is (GKSAA: Ladybrand, Notuleboek 1905-1937. 1.1.2, 20 Apr. 1912, Art 15).

In enkele gevalle waar daar met die kerklike tug teen dooplidmate opgetree moes word, het ds. H Pasch dit streng toegepas. So getuig die geval in Ladybrand van ’n jonge suster aan wie al baie moeite bestee was. Sy het beledigend teenoor die kerkraad opgetree deur te praat van *“de verdomde DopperKerk ik zal mijn voet er nooit mee inzetten”.* (GKSAA: Ladybrand, Notuleboek 1905-1937. 1.1.2, 20 Apr. 1912, Artt 12,16). Sy word onder sensuur geplaas vanweë oortreding van die Vyfde Gebod. Ds. Pasch het hier in die roeping tot die toepassing van die tug volhard. In die vergadering van 19 April 1913 was daar by die dogter nog geen verbetering nie (GKSAA: Ladybrand, Notuleboek 1905-1937. 1.1.2, 19 Apr. 1913, Art 12). In April 1914 is daar steeds aan die jonge suster deur ds. Pasch gearbei (GKSAA: Ladybrand, Notuleboek 1905-1937. 1.1.2, 17 Apr. 1914, Art 16). Met dankbaarheid word daar in Julie 1914 van verbetering melding gemaak waar daar besluit is om die tug oor haar op te hef (GKSAA: Ladybrand, Notuleboek 1905-1937. 1.1.2, 17 Julie 1914, Art 6). Aan die einde van 1915 het dit alles weer versleg. Intussen was sy weer onder tug geplaas. Die vergadering van Oktober 1915 het die kerkraad haar versoek om die tug weer op te hef van die hand gewys. Daar is selfs oorweeg om die tweede trap van afsnyding (Art 77KO) te begin toepas. (GKSAA: Ladybrand, Notuleboek 1905-1937. 1.1.2, 16 Okt. 1915, Art 9). In Jan 1917 is die tug handelinge teenoor die suster nog aan die gang. Daar was wel ’n versoek om dit op te hef (GKSAA: Ladybrand, Notuleboek 1905-1937. 1.1.2, 20 Jan. 1917, Art 16). In Maart 1917 is daar weer van toenemende verharding by die sr. Rood sprake. Weer word oorweeg om die tweede trap van sensuur aan die Algemene vergadering ter oorweging voor te lê (GKSAA: Ladybrand, Notuleboek 1905-1937. 1.1.2, 19 Maart 1917, Art 10).

In September 1912 het ’n sr. Coetzee aan ds. Pasch haar lot bekla oor haar dogter wat skeltaal gebruik en wat onwillig is om die skool te besoek “*en in dien tyd swerft zij rond”* (GKSAA:

Ladybrand, Notuleboek 1905-1937. 1.1.2, 7 Sept. 1912, Art 8). Die suster het verder versoek om die kind na ’n inrigting te stuur *“om gehoorsaamheid en arbeid te leeren”.* Ds. H Pasch het kon reël dat sy gratis opgeneem kon word in die spin-en weefskool te Bethlehem. Op 19 April 1913 het hierdie skool wel om finansiële hulp vir die Coetzee-dogter aansoek gedoen. ’n Bedrag is aan hulle toegestaan (GKSAA: Ladybrand, Notuleboek 1905-1937. 1.1.2, 18 Jan. 1913, Art 7).

In Junie 1912 het ds. Pasch se roeping moes uitgaan na hulle wat liggaamsgebreke het. Hierdie is mense waarby ’n predikant in sy roeping nie uitgesluit kan staan nie, hoe moeilik dit ook mag wees om sulke mense te bereik. Daar was ’n skrywe van die owerheid om kerke behulpsaam te wees met blinde en doofstom mense. Die kerkraad het aan ds. Pasch opgedra om besondere aandag te gee aan ’n doofstom dogter in hulle gemeente (GKSAA: Ladybrand, Notuleboek 1905-1937. 1.1.2, 1 Jun. 1912, Art 8).

Op 7 September 1912 het ds. Pasch en die kerkraad ’n versoek van br Holtzhausen, ’n spoorwegwerker, ontvang om die doop te bedien aan ’n kindjie wat hulle aangeneem het. Die kerkraad het geoordeel dat hulle nie ’n besluit sal kan neem sonder noukeurige ondersoek nie. Aan ds. Pasch en een ouderling is opdrag gegee om na bevind van sake te handel (GKSAA: Ladybrand, Notuleboek 1905-1937. 1.1.2, 7 Sept. 1912, Art 14). By die volgende vergadering is gerapporteer dat die doop wel aan die kindjie bedien is (GKSAA: Ladybrand, Notuleboek 1905-1937. 1.1.2, 19 Okt. 1912, Art 7).

Waar dit in sommige gemeentes nog die gebruik was om ’n bedrag geld te vra by die aansoek van ’n dooplidmaat om belydenis van geloof af te lê, het ds. Pasch in November 1912 deur sy kerkraad ’n versoek gerig dat daar op die Algemene vergadering rondom hierdie praktyk uitspraak moet kom. Sy vraag aan die hand van die beskrywingspunt was *“of dese wijse van doen skriftuurlijk is”* (GKSAA: Ladybrand, Notuleboek 1905-1937. 1.1.2, 30 Nov. 1912, Art 20-Beskrywingspunten voor de Algemene vergadering). Ds. Pasch se oortuiging was dat hierdie praktyk nie mag voortduur nie.

In 1914 dra ds. H Pasch weer die belange van die jeug in sy bediening voorop. Hy laat dien ’n beskrywingspunt waaroor die Algemene vergadering uitspraak moet gee dat daar in die Almanak nie meer verwys word na “*aannemen”* wanneer die jongmense tot volwassenheid in hulle geloof gekom het nie, maar het ds. Pasch dit gestel dat dit gewysig moet word na *“belydenis des geloofs”.* In dieselfde verband kom dit na vore dat die gelde wat uit die

kerkverband ingesamel was deur die verpligte bydrae wat by belydenis van geloof geëis was, gewysig moet word. Ds. H Pasch het in sy roeping nog altyd beswaar gehad teen die gebruik van verpligte gelde by belydenisaflegging en stel hy in die beskrywingspunt dat daar ander maniere gevind moet word om die "*weduwee emeritus fonds" in stand te hou* (GKSAA: Ladybrand, Notuleboek 1905-1937. 1.1.2, 17 Jan 1914, Art 11).

Vroeg in 1929 het 'n skrywe van die Jongeliede vereniging (latere JV) nie steun van ds. H Pasch ontvang nie. Die besluit was: " *Circulatie na Jongelieden Vereeniging besluit de kerkeraad niet met het beginsel van aparte verenigings saam te gaan"* (GKSAA, Lindley, Notuleboek 1926-1942. 1.1.3. 4 Jan 1929, Art 15). Daar kan aanvaar word dat hierdie besluit van die kerkraad ten volle in ooreenstemming met ds. H Pasch se eie siening was wat die werk van kongresse en verenigings aanbetref. Dit was in die roeping van ds. H Pasch gesien as *"nie-kerklike"* sake wat daar gepoog word om dit op kerklike wyse ten uitvoer te bring. Hierby wou ds. H Pasch hom nie mee verenig nie.

4.7.2 Roeping teenoor onderwys

Vir ds. H Pasch was die beginsel van vrye christelike skole 'n beginselsaak, 'n saak van roeping. Op 20 Julie 1912 word in Ladybrand berig dat daar twee privaatskole op die plaas van br. A Van Jaarsveld aan die gang is (GKSAA: Ladybrand, Notuleboek 1905-1937. 1.1.2, 20 Jul 1912, Art 16). Twee jaar later, in 1914 het daar in die omgewing van Ladybrand nog 2 private skole bygekom wat die CNO onderwys gedien het (GKSAA: Ladybrand, Notuleboek 1905-1937. 1.1.2, 17 Julie 1914, Art 3).

Die roeping van 'n predikant teenoor die onderwys bly 'n lewenslange roeping in wanneer skole die leiding van die herder en leraar verlang. Ds. H Pasch het in die onderwys gedurig gehelp. In Pietersburg het hy die leiding geneem in die opstel van 'n beskrywingspunt wat van die Algemene vergadering advies gevra het dat daar in beginselstelling vasgestel moet word of onderwys van die Kerk of van die ouers moet uitgaan. Die beskrywingspunt vra dat hierdie regulering duidelik moet uitkom om die bestaande moeilikhede in die onderwys aan te spreek (GKSAA, Pietersburg, Notuleboek 1909-1922. 1.1.3. 9 Jul 1920, Art 11).

Ds. H Pasch se roeping teenoor die Universiteit in Potchefstroom het lewend gebly. Aan die begin van 1927 het die gewetensklousule ter sprake gekom. Ds. Pasch het besluit om die saak met die kerkraad van Pietersburg te hanteer. In die notule staan dat:

> *"zijn eerwaarde maakt bekend hoe er een opposietie is tegende regering om deeze gewraakte clousule met de grondwet weg te krygen of te shrappen en worden er voorstelle gevraagd. Nadat die Eerw voorsitter de zaak re gewetens clousule der Universiteit wet heeft toegeligt en het recht der Kerk op het terrein van christelyke wetenskap had verklaart is na eenige bespreking met algemeene stem aangenemen om u Ed heer parlementêre vertegenwoordiger daarvan distrikt beleefd te verzoeken een hartelyke medewerking om gemeld Artikel uit het wet te verwijderen of te amendeeren"* (GKSAA, Pietersburg, Notuleboek 1922-1943. 1.1.4. 8 Jan . 1927, Art 8).

Ds. H Pasch het die belange van die Universiteit en kerkverband met mekaar verbind. Hierin het hy duidelik gemaak dat hy sy roeping op geen van die terreine wou versaak nie. Hy het altyd 'n lewendige belangstelling in wetenskapsbeoefening getoon.

By die volgende vergadering het die politieke verteenwoordiger van Pietersburg mnr. Tom Naude vir ds. Pasch en die kerkraad geantwoord dat "*hij de bespreking van het gewraakte gewetens clousule in de Universiteit wet, zoo het in zijn macht is zal in het parlement ondersteunen"* (GKSAA, Pietersburg, Notuleboek 1922-1943. 1.1.4. 8 Apr. 1927, Art 1).

Die aandrang dat die gewetensklousule vir die Potchefstroomse Universiteit verwyder moet word, het Pasch in die loop van die jare al verder gevoer. By 'n klassikale vergadering in Ladybrand het al die kerke meegewerk tot die voorstel dat die gewetensklousule verwyder moet word. By die kerkraad in Lindley het op aandrang van ds. H Pasch die volgende beskrywingspunt na aanleding van die besluit in Ladybrand gedien: "*De Algemene vergadering geve een verduideliking van wat onder Christelike wetenskap te verstaan en volgens besluit van Algemene vergadering te Ladybrand"* (GKSAA, Lindley, Notuleboek 1926-1942. 1.1.3. 5 Okt. 1928, Art 5).

Aan die begin van 1929 het die kerkraad hierdie beskrywingspunt opgestel en deurgestuur waar dit dan soos volg die Algemene vergadering oproep om te "*geve een verduideliking van wat onder "Christelike wetenskap te verstaan is volgens jl. Algemeen vergd besluit ze medewerking en verwydering van de gewetensclausule"* (GKSAA, Lindley, Notuleboek 1926-1942. 1.1.3. 9 Feb 1929, Art 3). Prof Van Rooy het later in die dieselfde jaar die gemeente oor die aangeleentheid toegespreek (GKSAA, Lindley, Notuleboek 1926-1942. 1.1.3. 5 Apr. 1929, Art 4).

4.7.3 Roeping teenoor Teologiese opleiding

In die roeping wat die Kerk ontvang om te sorg dat daar genoeg studente in die teologie moet wees as toekomstige bedienaars van die Woord het ds. H Pasch ernstig aandag aan gegee. 'n Jongman, Ebersohn het hom in Februarie 1914 die roeping gevoel om predikant te word. Ds. H Pasch het saam met die kommissie wat hom moes bystaan die saak noukeurig ondersoek en het die kerkraad finansiële steun aan die broeder gegee (GKSAA: Ladybrand, Notuleboek 1905-1937. 1.1.2, 20 Feb. 1914, Art 4; (GKSAA: Ladybrand, Notuleboek 1905-1937. 1.1.2, 17 April 1914, Art 16-17). Aan die begin van 1916 het die kerkraad weer besluit om vir br. Ebersohn verder te help as hy sy eksamens deurkom (GKSAA: Ladybrand, Notuleboek 1905-1937. 1.1.2, 15 Jan 1916, Art 9). Met die volgende vergadering het die kerkraad hulle hulp aan Ebersohn weer bevestig, wel met die voorwaarde dat as hy nie later daarin sou slaag om predikant of sendeling te word nie, hy 75% van die gelde oor die jare aan hom geleen sal moet terugbetaal (GKSAA: Ladybrand, Notuleboek 1905-1937. 1.1.2, 26 Feb. 1916, Art 2).

Dikwels word 'n kerkraad en predikant in hulle steun en moeite aan die voornemende studente diep teleurgestel. In Oktober 1916 ontvang die kerkraad 'n skrywe van br Ebersohn *"waarin een zeer onbroederlike en beledigende geest en taal van de Eerwaarde kerkraad gevonden wordt".* Ds. H Pasch ontvang opdrag om die broeder te vermaan (GKSAA: Ladybrand, Notuleboek 1905-1937. 1.1.2, 14 Okt. 1916, Art 16). Kort hierna het Ebersohn sy berou oor die skrywe duidelik gemaak (GKSAA: Ladybrand, Notuleboek 1905-1937. 1.1.2, 9 Des. 1916, Art 7.) In Januarie 1918 het die kerkraad van Ladybrand weereens ruim bydraes tot die broeder se studies bewillig. Uit die gemeente is daar om vrywillige bydraes gevra waarin daar ook ruim bygedra is. Die leraar en gemeente het ten spyte van struikelblokke tot die jonge broeder Ebersohn se roeping wou bydra (GKSAA: Ladybrand, Notuleboek 1905-1937. 1.1.2, 18 Jan 1918, Art 14).

Tussen ds. H Pach en teologiese student C de Wet[60] was daar 'n besondere verhouding. In Julie 1914 het Pasch die kerkraad meegedeel dat hy student De Wet uitgenooi het om hom

[60] Teologiese student C de Wet waarvan hier sprake is, was die latere prof. C.J.H de Wet wat o.a. tot die leerstoel van Dogmatiek aan die Teologiese skool van die GKSA geroepe was. Ouderling J.J de Wet wat verskeie jare op die kerkraad van Ladybrand gedien het, word aanvaar was 'n broer van student De Wet se oorlede vader was, wat tydens die Tweede Vryheidsoorlog te Magersfontein gedood is. C.J.H. de Wet het in 1946 vanweë 'n leergeding teenoor hom aanhangig gemaak die kerkverband van die GKSA verlaat.

teen Januarie 1915 te help in sy roeping waar dit gaan om Woordbediening in Ladybrand en in Hobhouse (GKSAA: Ladybrand, Notuleboek 1905-1937. 1.1.2, 17 Julie 1914, Art 14). Die notule van 15 Januarie 1915 word De Wet op die vergadering verwelkom en die kerkraad word meegedeel dat hy *"behulpsaam zyn in de bediening des Woords"* (GKSAA: Ladybrand, Notuleboek 1905-1937. 1.1.2, 15 Jan 1915, Art 14, 17). In April 1916 ontvang ds. H Pasch en die kerkraad 'n telegram van die Gereformeerde Kerk Steynsburg, waar C.J.H. de Wet as geroepe bedienaar van die Woord kon begin arbei. Hierdie telegram bevat woorde van dank en seënwense vir die geleentheid wat hulle aan ds. C.J.H. de Wet kon verleen (GKSAA: Ladybrand, Notuleboek 1905-1937. 1.1.2, 15 April 1916, Art 6).

Na 'n kort tydjie kom daar weer 'n brief van ds. C de Wet vanuit Steynsburg met versoek om finansiële steun vir die bou en uitbreiding van geboue vir die CNO-skool. Dit wys op die goeie verhouding en vertroue wat De Wet deurgaans in sy bediening met die leraar en kerkraad van Ladybrand gehandhaaf het (GKSAA: Ladybrand, Notuleboek 1905-1937. 1.1.2, 21 Mei 1916, Art 8). In Januarie 1917 word nog weer dankbaar van ds. De Wet se roeping en ampswerk in Hobhouse van gebruik gemaak (GKSAA: Ladybrand, Notuleboek 1905-1937. 1.1.2, 20 Jan 1917, Art 12). Ds. De Wet gee in Maart verslag van sy bediening in Hobhouse wat ook ingesluit het sakramentsbediening (GKSAA: Ladybrand, Notuleboek 1905-1937. 1.1.2, 19 Maart 1917, Art 7). Ds. De Wet wat alreeds geruime tyd in Steynsburg kon arbei het wanneer die geleentheid bestaan en hy aan Ladybrand en omgewing besoek gedoen het gereeld vir ds. H Pasch in van die dienste bygestaan en gehelp. So het De Wet weer in April 1918 in die Woordbediening en sakramente gehelp (GKSAA: Ladybrand, Notuleboek 1905-1937. 1.1.2, 19 Apr. 1918, Art 11).

Aan die begin van 1919 is daar weer sprake van 'n seun uit die gemeente, J. Kotze wat predikant wil word. Die kerkraad het hom by die kuratorium aanbeveel en van die nodige finansiële ondersteuning voorsien (GKSAA: Ladybrand, Notuleboek 1905-1937. 1.1.2, 17 Jan 1919, Art 3). Student W de Wet het deur bemiddeling van ds. Los in April 1919 die kerkraad gevra vir fondse om verder te studeer (GKSAA: Ladybrand, Notuleboek 1905-1937. 1.1.2, 19 Apr. 1919, Art 9). Daar het nog onsekerheid bestaan of hy wel vir leraar wil studeer. Die broeder het later duidelik gemaak dat hyself nog oor sy roeping worstel (GKSAA: Ladybrand, Notuleboek 1905-1937. 1.1.2, 31 Mei 1919, Art 3). Die kerkraad het wel ten spyte van sy twyfel aangehou om hom finansieel te ondersteun, deur 'n ruime rentevrye lening aan hom te gee. In Nov. 1919 het W de Wet die kerkraad kon meedeel dat hy na sy roeping stryd antwoord gekry

het dat hy wel leraar wil word. Die kerkraad het met blydskap hom verder finansieel wou ondersteun GKSAA: Ladybrand, Notuleboek 1905-1937. 1.1.2, 22 Nov. 1919, Art 12).

Ds. H Pasch het in Pietersburg die belange van die Teologiese skool in besonder opgeneem toe dit al duideliker geword het dat die Literariese afdeling al meer as selfstandige inrigting apart van die Teologiese skool in bedryf gestel word. Ds. H Pasch en kerkraad van Pietersburg het by die Algemene vergadering, in 1920 in Colesberg gehou, 'n beskrywingspunt ingedien wat pleit dat die kerke se finansiële steun en bydrae alleen net die teologiese afdeling kan ondersteun. Dit wat die kerke meer sou bydra moet eerder dien as steun vir arm mense en "*verwyderde gemeentes"* (GKSAA, Pietersburg, Notuleboek 1909-1922. 1.1.3. 9 Jul 1919, Art 11).

In dieselfde beskrywingspunt het die kerkraad van Pietersburg onder leiding van ds. H Pasch versoek dat die verkiesing en *"in functie blyven, der leden van het Curatorium*" verander moet word. So was die oortuiging van Pietersburg dat die meerdere algemene bekendheid bevorder sal word "*met de zaken, bestuur en zware verantwoording der theologische school"* (GKSAA, Pietersburg, Notuleboek 1909-1922. 1.1.3. 9 Jul 1919, Art 11). Die beskrywingspunt het van die meerdere vergadering advies gevra oor wat die regsbevoegdheid van die kuratorium sal wees *"met betrekking tot die literariese departement der school".*

In Pietersburg het ds. H Pasch volgehou om jongmense in hulle roeping tot predikante en sendelinge te steun. Hier was die geval van "een jonge seun Venter om "*aanzoek te doen voor opleiding tot zendeling"*. Die kerkraad het die broeder wou aanmoedig en onderneem om sy aansoek voor die Algemene vergadering te laat dien (GKSAA, Pietersburg, Notuleboek 1922-1943. 1.1.4. 10 Jan.1924, Art 4).

4.7.4 Roeping teenoor sending en evangelisasie

Al was ds. H Pasch se roeping tot sendingwerk die grootste faktor wat aanleiding gegee het tot die spanning en skeuring in Angola, het Pasch volgehou om met die werk van sending te volhard, waar hy hom ook al mag bevind (GKSAA: Ladybrand, Notuleboek 1905-1937. 1.1.2, 14 Okt. 1911, Art 6). In Ladybrand tydens 'n gemeente-vergadering het ds. Pasch dit duidelik gemaak dat sendingwerk in die gemeente ernstig aandag sal moet ontvang. Daar is 'n kommissie daarvoor aangewys. Dit is duidelik dat al was die bespreking op die vergadering van die gemeente lank gewees daar min vordering was. Die besluit was om dit voorlopig by die bespreking te laat. Die roeping tot sending was in die gemeente in Ladybrand deur ds. Pasch al

meer aan die orde gestel. Ds. H Pasch het vanaf Angola en nou ook in Ladybrand getoon dat ’n predikant wat nie ook sendeling is nie, kan eintlik nie predikant wees nie.

Selfs in die moeilike Rebellietyd (1914-1915) waar Ladybrand finansieel baie swaar gekry het, het hulle steeds op versoek van br H Boneschans ’n kollekte vir sending laat opneem (GKSAA: Ladybrand, Notuleboek 1905-1937. 1.1.2, 17 Julie 1915, Art 6). Ds. Pasch het vir Boneschans ten volle hierin ondersteun.

4.7.5 Roeping tot uitbou en opbou van die eenheid in die gemeente

Ds. H Pasch was ernstig oor die opbou en uitbou van die eenheid in die gemeentes. Roeping tot uitbreiding van die Kerk kan alleen plaasvind as daar in die plaaslike gemeente ware opbou van die gemeente plaasvind. Hierin het Pasch baie gou in Ladybrand die ouderlinge gewys op hulle primêre roeping nl. nougesette ampsbediening Ds. H.Ph.J. Pasch het aan kerkraadslede in Oktober. 1911 ’n ernstige vermaning gerig dat hulle meer aandag moet gee aan hulle amp. Dit gebeur nadat dit geblyk het daar heelwat ouderlinge was wat nie hulle wyke deurgegaan het nie. Dit wys die erns waarmee Pasch sy amp en roeping wou vervul (GKSAA: Ladybrand, Notuleboek 1905-1937. 1.1.2, 13 Okt. 1911, Art 16). Hy het dit sterk benadruk dat ’n gemeente alleen opgebou kan word as hulle in die waarheid onderrig word. In 1911 het ds. H Pasch die Gereformeerde Kerk Ladybrand herinner aan die basis waarbinne opbou moet plaasvind. Daar is aan ds. Pasch die versoek gerig dat daar by elke Nagmaal ’n onderlinge samekoms gereël sal word om “*ten opbouwing van onze kennis in’t geloof” te laat plaasvind*” (GKSAA: Ladybrand, Notuleboek 1905-1937. 1.1.2, 14 Okt. 1911, Art 4). Hierin het ds. Pasch gewys hoe ernstig hy is in die handhawing van die gesonde leer.

4.7.6 Roeping teenoor finansies

Vir die geroepe bedienaar van die Woord geld in besonder die Woord van die Here wat in Hebreërs 10:24 staan: “*Laat ons ook na mekaar omsien deur mekaar aan te spoor tot liefde en goeie dade”..* Dit geld vir die predikant in die hantering van versorging en finansies op ’n besondere manier. Die oproep in Galasiërs 6:2 was deel van ds. H Pasch se roeping teenoor finansies waar daar geskryf staan: “*Dra mekaar se laste en gee op die manier uitvoering aan die wet van Christus”.* Hierin het ds. H Pasch voor verskillende uitdagings wat sy roeping tot finansies moet wees te staan gekom.

As was ds. Pasch in Angola van winsbejag beskuldig en hy homself net wou verryk, het hy deurgaans getoon die beskuldiging staan van alle waarheid ontbloot. In 1914 het dit duidelik geword dat ds. H Pasch by meer gevalle uit sy eie fondse gelde oorbetaal het aan die weduwee- en wesefonds. Op die manier het hy die geld aan die gemeente rentevry geleen. Die kerkraad het in April 1914 die besluit kon neem om voortaan self die verantwoordelikheid vir die oorbetaling van hierdie verpligte koste te dra. Hiermee het hulle, hul skulde teenoor ds. H Pasch kon delg (GKSAA: Ladybrand, Notuleboek 1905-1937. 1.1.2, 30 Mei 1914, Art 2). In die midde van die Rebellie-tyd word daar genotuleer sonder om die presiese bedrag neer te skryf dat volgens *"verschillende leeningen door ds. H Pasch is de Gemeente nu aan hom verschuldigd £..*" (bedrag onbekend)(GKSAA: Ladybrand, Notuleboek 1905-1937. 1.1.2, 29 Nov. 1914, Art 14). In Oktober 1916 het die kerkraad weer £100 by ds. Pasch geleen. Hierdie keer wel teen bankrente (GKSAA: Ladybrand, Notuleboek 1905-1937. 1.1.2, 14 Okt. 1916, Art 14.)

Dikwels verkeer emeritus-predikante in finansiële nood. So was dit in die geval van ds. L.J. du Plessis wat in 'n openhartige skrywe na Ladybrand finansiële ondersteuning gevra het op sy voortdurende *"krankheid".* Ds. H Pasch en kerkraad het hierdie nood aangehoor en het hulp gebied (GKSAA: Ladybrand, Notuleboek 1905-1937. 1.1.2, 14 Okt. 1916, Art 9). In Julie 1918 word die hulp weer herhaal (GKSAA: Ladybrand, Notuleboek 1905-1937. 1.1.2, 19 Jul 1918, Art 9).

Die roeping wat die gelowige teenoor sy dankbaarheidslewe verskuldig is, in besonder sy dankoffer (kjerklike bydrae) aan die Kerk, het vir ds. H Pasch in sy bediening in Pietersburg besondere besinning vereis. Op 8 Januarie 1921 het ds. Pasch voorgestel dat daar in die begroting daar nie meer gewerk moet word om 'n vaste beraming vir elke besoekpunt vas te stel nie, maar om "*'n stelsel in te voeren van een twintigste van ieders inkomen af te staan aan de Kerk- dit is volgens Gods Woord en zal veel beter in komen dan een vastgestelde bedrag*". Ds. H Pasch het met hierdie voorstel baie teenstand ervaar.

Pietersburg-gemeente het finansieel baie swaar gekry. Augustus 1921 was daar nie meer fondse beskikbaar om ds. Pasch sy traktement te betaal nie. Hierin het ds. Pasch weereens sy gesindheid en roeping teenoor die stoflike dinge bewys deur uit sy eie aan die kerkraad 'n bedrag van *"50 ponden sterling te leenen tegen een rente van 6 percent om de leeraar zijn traktement uit te betalene"* (GKSAA, Pietersburg, Notuleboek 1909-1922. 1.1.3. 7 Okt. 1921, Art 5). Aan die begin van 1925 is die gemeente se finansiële posisie steeds uiters benard. Die Teologiese Skoolfonds, die weduweefonds en ander uitstaande verpligtinge bring die skuldlas

tot by £122-12ds. Ds. H. Pasch het aangebied om die gelde weer aan die kerkraad te leen, *"die zich daarvoor aanbiedt voor de tyd van 5 jaren tegen een rente bedrag van 6 percent per 100 pond te betalen om de 6 maanden den later in te vullen hoe groot het bedrag zal zijn*" (GKSAA, Pietersburg, Notuleboek 1922-1943. 1.1.4. 9 Jan 1925, Art 3). By die volgende vergadering word gemeld dat daar £125 van ds. Pasch geleen is (GKSAA, Pietersburg, Notuleboek 1922-1943. 1.1.4. 10 Apr 1925, Art 3).

4.7.7 Roeping teenoor kultuur en politiek

Op kultuurgebied was dit duidelik dat ds. H Pasch hom voortdurend met die viering van Geloftedag vereenselwig het. Dit het altyd die nodig aandag geniet. In Ladybrand was die versoek dat daar samewerking moet wees met die NG Kerk "*indien mogelijk"* (GKSAA: Ladybrand, Notuleboek 1905-1937. 1.1.2, 13 Okt 1911, Art 13). In 'n daaropvolgende kerkraadsvergadering gehou op 16 Desember 1911 is die kommissie se verslag dat "*zij geslaagd zijn met een com. der NG Kerk Dingaansdag gezamentlijk als een Christelijk Nationale dag te vieren. De kerkeraad verblijd hul vanwege de samenwerking in deze en kent 't werk der- en bedankt de com voor het verricht werk"* (GKSAA: Ladybrand, Notuleboek 1905-1937. 1.1.2, 16 Des 1911, Art 6) In die tyd word daar deur die diakens gekollekteer vir die oprigting van die Vrouemonument (GKSAA: Ladybrand, Notuleboek 1905-1937. 1.1.2, 13 Okt. 1911, Art 14).

Ds. H Pasch het in die eerste jaar van sy bediening in Pietersburg by die "*Dingaansfeest"* op Schoemansdal opgetree (GKSAA, Pietersburg, Notuleboek 1909-1922. 1.1.3. 9 Jul 1920, Art 5). Opmerklik dat die oproep aan predikante om by hierdie feeste die Woord te verkondig lank voor die tyd gereël was. In die geval was die reëling byna ses maande voor die tyd met ds. H Pasch getref. In 1921 het ds. H Pasch die geleentheid ontvang om by Messina die "*Dingaansfeest"* by te woon . (GKSAA, Pietersburg, Notuleboek 1909-1922. 1.1.3. 9 Jun. 1921, Art 5). In 1924 word ds. H Pasch versoek om as spreker *"met die Dingaansfeest in die kolonie as spreker zal optree".* Die versoek is deur die kerkraad goedgekeur (GKSAA, Pietersburg, Notuleboek 1922-1943. 1.1.4. 10 Jul.1924, Art 2).

Op politieke terrein het ds. H Pasch hom vroeg reeds van sy kollegas onderskei. Hy het nie soos van sy kollegas dominees L.P Vorster, W.J. de de Klerk en N.H. van der Walt in aktiewe party-politieke handelinge verval nie, maar was deur sy eie politieke sieninge eerlik genoeg om

aan te toon aan watter kant hy staan, sonder dat hy sy roeping as predikant in die gedrang bring. Selfs sou hy die politieke teenstanders sonder groot spanning kerklik kon bly bedien.

Die fyn balans tussen die roeping en bediening as predikant en die gevaarlike rol wat party-politiek in die Kerk meebring, het hy kon afweer. Tog was ds. H Pasch met tye van politiekery beskuldig, wat baie maklik in daardie tyd kon gebeur het. Die gemeente van Lindley het in 1926 teen ds. H Pasch beswaar gemaak oor 'n pamflet wat hy geskryf het. Hierin het die voorsitter van die kerkraad van Lindley vir ds. Pasch daarvan beskuldig dat hy die Woord van die Here verdraai omdat hy in die pamflet dinge geskryf het wat "*een politieke geur bestaat..."* (GKSAA, Pietersburg, Notuleboek 1922-1943. 1.1.4. 8 Jan 192, Art 5). Pietersburg kerkraad het geen oordeel oor die pamflet uitgespreek nie en het besluit om die saak maar aan Lindley oor te laat. Twee jaar later toe ds. H Pasch as predikant na Lindley beroep is en hy reeds daar bevestig was, het die kerkraad van Lindley op die saak rondom Romeine 13 teruggekom en is daar toe besluit *"de zaak te laten"* (GKSAA, Lindley, Notuleboek 1926-1942. 1.1.3. 6-8 Jan 1928, Art 8).

Ds. H Pasch het tot op sy oudag by politieke sake en wetgewing hom nie onbetuig gelaat nie. Sy roeping op die breëre terreine van die lewe het aangehou. So het daar in 1933 sprake gekom van nuwe wetgewing teen "*uitbreiding dorpstelsel".* Dit is op 'n kongres in Bloemfontein hanteer. Op die vergadering van die kerkraad word besluit om vir ds. H Pasch na Bloemfontein te stuur *"om tegen die wetgeving te stemmen. De onkosten sal door de kerkeraad en leeraar gedragen worden"* (GKSAA, Lindley, Notuleboek 1926-1942. 1.1.3. 30 Des 1932, Art 4) .

4.8 BEOORDELING BINNE DS. H.Ph.J. PASCH SE ROEPING

In die beoordeling van ds. H Pasch se optrede binne sy roeping is daar historici soos De Jong (1998:42) en Van der Merwe (1951:28) wat van mening is dat as ds. Pasch met meer "takt" die gespanne sake in sy roeping en bediening hanteer het, dit ander gevolge kon hê. Die gevaar van mondelingse oorlewering rondom die karakter van 'n geroepene is br. Van der Merwe in sy boek *Ons halfeeu in Angola (1880-1928)* 'n goeie voorbeeld. Van der Merwe (1951:29) maak mildelik gebruik van wat aan hom oorvertel is wat summier as die waarheid aangebied word. In geen van die primêre bronne staan dit geskryf nie, maar Van der Merwe (1951:29) beeld Pasch se karakter uit as sou hy op daardie dag 6 April 1908 aan die einde van daardie vergadering *"opgespring en met wyduitgestrekte arms uitgeroep het: ' Al kruisig julle my ook, tog sal ek gaan!".* Hoe Van der Merwe hierdie moeilike vergadering laat eindig en hoe Pasch in sy roeping 'n uiters sensitiewe bewoording aan die einde van daardie vergadering laat plaasvind, moet

Pasch se woord aanvaar word, as hy stel: *"Die vergadering was zeer verward en onstuimig, dit zullen de notulen aanwijzen"*. Aan die einde van daardie vergadering stel die notule dat daar afgesluit was deur Psalm 105:3 te sing en 'n gebed is gedoen. Niks wat Van der Merwe sê is bewys nie.

Verder maak Van der Merwe (1951:28) 'n groot saak daarvoor uit dat Pasch op 6 April 1908, tydens die eerste onstuimige vergadering 'n uitdrukking by herhaling sou gebruik van "*'n vark is 'n pragtige dier, maar dan moet hy geslag wees".* Dit dien vir Van der Merwe as voorbeeld hoe onsensitief en uiters ontaktvol Pasch se optrede dan was, want sê Van der Merwe "*nogtans het die dominee hierdie vergelyking so telkens herhaal en hard uitgeskree, dat baie mense hom versoek het om tog daarmee op te hou en sake af te handel"*. Van der Merwe gee sy eie interpretasie wat Pasch met hierdie uitdrukking sou bedoel deur te stel dat Pasch eintlik hiermee bedoel het dat as die swart mense eers net bearbei en onderrig is, hulle net so skoon soos 'n geslagte vark sou wees. Uit primêre bronne kon geen voorbeeld gevind word dat Pasch op enige stadium so 'n uitdrukking gebruik het nie. Metafore wat wel uit die mond van Pasch sterk na vore gekom het, is dat hulle wat hom teëstaan nie kan verwag dat hy hulle "*hond*" is nie. Dit staan soos volg genotuleer:

> *"De voorsitter vraagt aan de vergadering of sommige hier denken dat ik als een hond of slaaf ben, of ik ook geen vrye tyd het om in den week die sacramenten den kaffers te bedienen, of ik een huurling ben."*

Daar het wel beswaar gekom teen die metafoor, maar het Pasch in die onmiddellike toepassing hiervan hom verantwoord wat hy hiermee bedoel:

> *"het-woord hond heb ik niet van de gemeente gebesigd maar van my omdat ik in die gedachten van velen geen voetstap op de statie mag doen, nergens gaan sonder toelating dan kerkeraad, myne predikant, wij betalen hom niet de kaffers als dat so is dan ben ik een hond, slaaf en huurling en geen herder en leeraar en bedienaar des Woords".*

Daar is geen bewyse gevind dat Pasch die "vark"-metafoor gebruik het nie, trouens diegene wat hulle teen sy roeping opgestel het, is die enigste wat van varke gepraat het, soos die voorbeeld van Andries Alberts wat gesê het: *"dat de heilige sacramenten die kleurlingen bediend wordt juist de paarlen zyn voor de zwynen"*

Dit sluit aan by wat reeds vasgestel is dat baie van die mense in Angola 'n sterke gevoel teen sending gehad het, met die gedagte dat as mens 'n standpunt van onvoorwaardelike sending onder alle mense ongeag, hulle volk, ras, stand of geslag aanvaar, dan is jy besig om jou pêrels voor die varke te gooi. Historici soos Van der Merwe (1951:25,27,28) wat Pasch uitmaak as dat hy in sy eerste gemeente sy roeping met "*gebrek aan insig"* bedien het, dat hy "*hardnekkig*" was, dat sy optrede die gemeente nog meer *"verbitterd*" gemaak het, dat hy "*koppig*" sou wees, dat hy daarop uit was om hierdie gemeente te beledig, kan nie as histories betroubaar beskou word nie. Aansluitend staan De Jong (1998:42) se opmerking sonder historiese grond as hy stel: "*Slegs die uiterste takt van die leraar sou 'n botsing kon vermy en die jong ds. Pasch het die takt ontbeer".* De Jong se veronderstelling van Pasch as jongman op daardie stadium reken nie met die feit dat hy reeds as 42-jarige daar gedien het, wat nie meer heeltemal as jonk gesien kan word nie.

Die teendeel wil al duideliker na vore tree dat ds. H Pasch, al was hy onder die uiterste provokasie gestel, het hy, met alle menslike swakhede wat daar kan wees, in alle geval voldoen aan die vereistes van 'n geroepene van die Here, om in sy pastoraat, gedrag, sy karakter en optrede na buite aan die vereistes wat God aan die geroepene stel te voldoen (vgl. 1 Tim.3:2-7; Titus 1:7-9). In alle gevalle het hy as bedienaar van die versoening in Christus na vore getree in die rol van vredemaker, selfs ten koste van homself. Dit geld vir al die gemeentes en binne die gemeenskappe waar ds. H Pasch bedienaar van God se vrede was (GKSAA, Pietersburg, Notuleboek 1909-1922. 1.1.3. 23 an 1920, Art 8). Selfs naby sy dood was sy pleidooi aan die kerkraad dat 'n kommissie tussen hom en ouderling De Wet moet optree, *"omdat hy graag in vrede wil sterf"* (GKSAA, Lindley, Notuleboek 1926-1942. 1.1.3. 8 Aug.1936, Art 2).

In die ander gemeentes deur ds. H Pasch bedien, word dit bevestig dat roeping en stryd mekaar insluit. Dit in ag genome moet die stryd so gevoer word dat die onderskeid tussen middelmatige kwessies en gewigtige vraagstukke duidelik blyk. Ds. H Pasch het nie altyd daartussen duidelik kon onderskei nie. Om vandag lang redenasies te voer oor die hou van basaars al dan nie, skeel die gelowige in die moderne eeu min. Tog het ds. H Pasch baie aandag en stryd hieraan gewy. Daar word vandag geglo dat daar is ernstiger sake as dié om in die geloof staande te bly en om oor stryd te voer.

Aan die ander kant het ds. H Pasch nie gehuiwer om tradisies wat gewoon op gebruike berus uit te daag nie. Hier kan verwys word na die rol wat hy gespeel het in die plek waar manne en vroue apart in die eredienste moes sit. Hy het gehelp dat gesinne bymekaarsit en nie onnodig

van mekaar geskei word nie. Ds. H Pasch het nie geglo dat daar gelde betaalbaar moet wees by die aflegging van die belydenis van geloof nie. Hy het ’n rol gespeel in die beëindiging van die gebruik dat kerksitplekke gekoop moes word.

Ds. H Pasch was baie streng in die toepassing van die kerklike tug, tog het hy altyd geglo dat al moet met die sonde streng gehandel word, die sondaar moet steeds in liefde bedien kan word. Talle voorbeelde rondom ernstige oortredings, veral rondom die Sewende Gebod het in ds. H Pasch se bedieningsjare voorgekom. In die meeste van die gevalle het ds. H Pasch vanuit die voorsitterstoel ferme tog liefdevolle handelinge teenoor die oortreders bepleit (GKSAA: Ladybrand, Notuleboek 1905-1937. 1.1.2, 15 April 1916, Art 10; GKSAA, Pietersburg, Notuleboek 1922-1943. 1.1.4. 9 Apr. 1926, Art 10). ’n Duidelike voorbeeld, soos in die handskrif van ds. H Pasch geskryf staan, *dat “de treurige omstandigheid waarin dit meisje is gevallen, haar een zacht vermanende brief te zenden* (GKSAA, Pietersburg, Notuleboek 1922-1943. 1.1.4. 6 Jul 1923, Art 5).

Die roeping wat ’n antwoord moet wees wat galm moet met tye harder weergalm as ander tye. Hierin het ds. H Pasch met baie gebreke en tekortkominge waar daar vandag oor heelwat van die sake anders geoordeel sal word, altyd weer na die Woord van God wou terugkeer. Sake soos die kerklied, wyse van nagmaalviering, die sg. *“Kerksaak”* wat tussen prof. J du Plessis en die NG Kerk in Suid-Afrika gevoer was, is enkele voorbeelde waarin ds. H.Ph.J. Pasch insiggewend na vore tree.

Die kwesbare situasie in Suid-Afrika vandag rondom volkereverhoudinge, was ds. H Pasch ’n kind van sy tyd. Die gevare van gelykstelling en die regverdiging van apartheid het hy hand aan hand sou verdedig. Tog in die beoordeling van sy roeping rondom sending en die volkere vraagstukke kan aangetoon word, hy was sy tyd vooruit. Hy het nie geskroom om aan ander, ongeag van watter ras, stand en volk hulle was die Woord te bedien soos aan sy eie mense nie. Al het hy gepleit om dit apart te doen het hy daarop aangedring dat dit gelykwaardig en regverdig gedoen moet word.

Die verhouding tussen kerke en dit wat die kerkverband raak is altyd van so ’n aard dat kerke bymekaar moet kan leer. Hierin het ds. H Pasch en die kerkraad van Lindley ook hulle roeping gevoel deur in Okt. 1929 ’n beskrywingspunt na die Algemene vergadering deur te stuur rondom die vraag: *“De Algemene vergadering bespreke en geve den grens aan tussen de autonomie de plaaslike Kerk en het recht den kerken in provinciaal en Synodaal verband”*

(GKSAA, Lindley, Notuleboek 1926-1942. 1.1.3. 4 Okt. 1929, Art 8). In dieselfde verband het die kerkraad in besonder oor die roeping van predikante wou handel. Ds. H Pasch het deur die kerkraad ’n beskrywingspunt laat dien *“over het verlaten van den staat de ambsbediening des Woords en het overgaan in een anderen staat”* (GKSAA, Lindley, Notuleboek 1926-1942. 1.1.3. 4 Okt. 1929, Art 8).

’n Primêre roeping vir ’n predikant is en bly om te preek. Baie duidelik het ds. H Pasch oor hierdie gawe beskik. In ’n verslag is ds. H Pasch se prediking soos volg weergegee: *“De prediking is naar Gods Woord. het Woord Gods word verklaard en ook toegepast naar de geest dese eeuw en naar de behoefte des tyds”* (GKSAA, Lindley, Notuleboek 1926-1942. 1.1.3. 9 Feb. 1929, Art 1).

4.9 GEVOLGTREKKING EN SLOT

Hierdie hoofstuk het in die hele lewe van ds. H Ph. J Pasch die bevestiging gevind dat Hy wat roep is getrou (vgl. 1 Thess.5:24). Soos wat ds. Kestell in sy huldeblyk rondom ds. H Pasch dit gestel het dat hy net aan die Woord diensbaar was. Die Woord van die Here het sy roeping in alles getipeer. In baie opsigte het die bewyse uitgestaan dat die roeping van ds. Pasch hom as unieke dienaar van God laat uitstaan het. Die roeping om te glo, om te dien en om op God se beloftes te wag was deurlopend by ds. Pasch teenwoordig. In al die gemeentes wat hy gedien het, was dit ’n geval van hy wil nader aan die Here kom, want om geroep te wees is om “komende na die Here” te wees. So word die geroepene ’n gestuurde van die Here.

In die uitwerking van ds. Pasch se roeping het hy in elke opsig as bedienaar van die versoening kon dien, al was daar in sy eie standpunte en persoonlikheid ook die eienskappe teenwoordig wat hom ’n alleen-mens gemaak het. Daar kan aan die einde van sy roeping en lewe geskryf staan “*die alleenpad om te bly wat jy geword het”.* Al het ds. H Pasch nie van kleins af die voorreg kon hê om in ’n gereformeerd calvinistiese ouerhuis op te groei nie, is sy latere lewe deur en deur gekenmerk in wat hy oortuig was hy moes bly by wat hy geglo het daar in die Woord van God staan (vgl. 1 Tim 3:13-15). Daarin het hy homself en andere in geleer. Die algehele verdorwenheid van die mens, die onvoorwaardelike uitverkiesing, die beperkte versoening, God se onweerstaanbare roeping en genade en die volharding van die heiliges wat as basiese uitgangspunte die breë raamwerk van Calvinisme vorm, was in die bediening van ds. H Pasch in elke opsig die raamwerk van sy bediening.

In Angola was hy uit die verband van die GKSA seker die eerste bedienaar van God se Woord wat met sy bediening moes "*betaal"* vir wat hy geglo het dat die Woord aan swart mense net soos aan blanke mense verkondig moet word. Aan die einde van sy bediening het hy weer moes ly omdat hy geglo het hy die Woord van die Here onvoorwaardelik aan gelowiges wat as die Kruiskerk in Frankfort bekend was, kon bedien. Die grootste moeilikhede in ds. H Pasch se roeping het nie gekom oor "*wat"* hy bedien het en oor "*hoe"* hy die Woord bedien het nie, maar oor *"waar"* en aan *"wie"* hy die Woord bedien het. In sy roeping het ds. H Pasch kon aantoon hierdie beperking dat mense wil bepaal *waar* die Woord bedien mag word, is van die moeilikste en gevaarlikste struikelblokke wat hy in sy bediening mee te doen gekry het.

Die stryd om die Kerk het vir ds. H Pasch op geen wyse in sy roeping met rus gelaat nie. Ds. H Pasch se erkenning van die Bybel as die volkome genoegsame Woord van God het in elke opsig van sy Kerk-wees meegespreek. Daarin het sy stryd nooit opgehou wat hy lewenslank bly stry het nie. Waar dit gaan om die Kerk en belydenis, die Kerk en prediking, die Kerk en sending, die Kerk en evangelisasie, die Kerk en vervreemding het ds. Pasch op al die genoemde terreine 'n besondere bydrae gelewer. Die stryd om die Kerk het hy gestry maar het nooit vergeet dat die geheim van die Kerk lê in die werk van die Heilige Gees. Hy was volgens Sondag 20 Kategismus oortuig dat waar dit oor sy roeping en die Kerk handel dat die geheim van roeping en die geheim van die Kerk is dieselfde geheim. Hierdie geheim word bepaal deur die werking van die Heilige Gees, want die geheim van roeping en Kerk-wees is geleë in die werking van die Heilige Gees. In Handelinge 1:8 staan die roeping tot die amp en roeping tot die Kerk in wisselwerking as 'n teologiese geheim dat die Kerk 'n uitsonderlike eiesoortige gemeenskap is wat deur God Self in die lewe geroep en in stand gehou word en is kragtens sy skepping die werk van die Heilige Gees.

Ná hierdie Kerk was ds. H Pasch geroep en was lewenslank aan hierdie Kerk gebonde. Hy het in sy roeping geglo en het dit wou uitvoer deur 'n moeilike maar geduldige uitleef van wat as die "*mekaar opdragte*" gesien kan word. Om mekaar te aanvaar (Rom 15:7), om mekaar te bemoedig (1 Thess.4:18), om mekaar te dien (Gal 5:13), om mekaar se laste te dra (Gal 6:2), om eensgesind onder mekaar te wees (Rom 12:16), om mekaar eerbied en respek te betoon (Rom 12:10), om met mekaar geduldig te wees (Kol 3:13a), om mekaar te leer en te onderrig (Kol 3:16), om aan mekaar onderdanig te wees (Ef. 5:21), om aan mekaar toegewyd te wees (1 Kor. 12:25), mekaar te vergewe (Kol 3:13b), mekaar te vermaan (Rom 5:14) en vir mekaar te wag (1 Kor. 11:33). Al het ds. H Pasch met baie gebreke sou worstel het hierdie hoofstuk aangetoon dat hy wel aan die meeste van hierdie *"mekaar"* dele in sy roeping geantwoord het.

Dit wat hy die graagste wou doen was die oordrag van hierdie roeping om vir mekaar daar te wees. Die volgende deel van die studie toon aan dat die oordrag van roeping van pa *ná* seun nie maklik met mekaar gebeur nie

.

Hoofstuk 5

ROEPING EN STRYD: G.B.S. PASCH (RABBO PASCH)

Oorsig:

5.1 Inleiding
5.2 In die wêreld gekom
5.3 Skoling
5.4 Die verhaal van vader na kind
5.5 Die onderwyser
5.6 My liefste dogtertjie
5.7 Die eintlike stryd
5.8 Wyer perspektief in die stryd om roeping
5.9 Slot

5.1 INLEIDING

Hierdie hoofstuk maak ’n oorgang van vader na kind. Soos die vorige hoofstukke aandui, was die roeping van ds. H.Ph.J. Pasch ’n lewenslange roeping. Hy sterf as 71-jarige terwyl hy nog voltyds in die bediening as predikant was. Hy as vader van G.B.S. Pasch het in elke opsig sy enigste seun onder geweldige druk geplaas om predikant te word. Die fokus van hierdie hoofstuk is om hierdie druk wat op G Pasch uitgeoefen was na vore te bring.

Die vader van G Pasch het dit baie duidelik as geloofsaak en roeping gestel dat sy kind predikant moet word. Die vraag is watter belange word dan werklik gedien, wanneer die vader sy oortuiging in wat sy kind moet doen as deel van sy geloof, aan sy kind kommunikeer en oordra. Is só ’n geloof en sulke druk geregverdig?

Hiermee saam word aan die hand van die lewe van G Pasch aandag geskenk aan wat die uitwerking op die persoon van G Pasch was toe hy as kind en jongman hierdie druk moet hanteer. Wanneer G Pasch onder die aanvanklike druk swig, bring die stryd van buite ’n stryd ná binne.

Die mens as verbandswese (vgl. pt.2.2.3) word in talle verhoudinge geplaas. Die verhouding tussen vader en kind is in elke opsig uniek. Die Vyfde Gebod stel bepaalde vereistes van die kind teenoor sy ouers. Sondag 35 van die Heidelbergse Kategismus stel duidelik die vereiste van *"verskuldigde gehoorsaamheid*" van die kind teenoor sy vader en moeder as basiese norm in die nakoming van hierdie gebod. Dit gaan oor eer, liefde en trou wat aan die ouers bewys moet word. Die kind is hiervolgens aan die ouers se goeie leer en tug onderwerp.

Die hoofstuk sal bepaal in hoeverre geld die Vyfde Gebod, wanneer die kind se keuse rondom sy roeping in spanning raak met wat die ouers se oortuiging in die verband is. Efesiërs 6:1-4 dien as duidelike begronding van hierdie gebod nl. dat die kind aan die hand van die gebod 'n lang en seënryke lewe beloof word. Die gebeure in hierdie hoofstuk wil op dieselfde beginsel begrond wees terwyl die vraag bly staan: Is hierdie eis rondom die ouers se roepingskeuse reg en billik, veral wanneer die druk neerkom op 'n ouer wat in werklikheid die kind "vertoorn" en opstandig kan maak? (vgl. Ef.6:4)

Wanneer die vader aanvaar dat sy kind geen keuse kan uitoefen in wat sy roeping is nie, kan aanvaar word hierdie druk in die jongmens se lewe sy uitlewing van wat ware vryheid is negatief sal beïnvloed. Wanneer die mens se vryheid bedreig word, kom baie ander aspekte rondom die hele mens-wees in sy sosio-historiese, sosio-kulturele, sosio-politiese en sosio-ekonomiese konteks na vore.

In die lewe van G Pasch het hy sy stryd rondom roeping in die sosio-politiese en sosio-kulturele konteks geïntensiveer. Dit het naderhand uitgeloop op gevangeneming, internering en ontsnapping. Daarom sal hierdie hoofstuk G Pasch se begrip van vryheid navors want hierdie begrip oor vryheid het deurslaggewende betekenis in sy verstaan van wat sy roeping moet wees, verkry. Hy is deur sommige beskryf as 'n vreeslose en joviale reus (Van der Schyff, 2003:195).

Die keuse rondom 'n huweliksmaat word vir die predikant 'n keuse tot 'n lewensmaat en *"roepingsmaat".* In die lewe van G Pasch het die uitlewing van sy "*ander roeping",* onderwys, aanleiding gegee tot 'n verhouding met haar toe sy nog op skool was. Wat is die plek van liefde wat tyd gegee moet word in die bepaling van my roeping wat ook nog tyd gegee moet word? Die moeiliker deel in hierdie vraagstuk wat die hoofstuk ook moet hanteer is wat is hierdie stryd rondom geslagtelike liefde en die stryd rondom roeping se verband en uitwerking met mekaar

as dit te vroeg op mekaar aangewese begin raak? Hoe kan hierdie verhouding tussen liefde en roeping mekaar positief en negatief raak en beïnvloed?

Die hoofstuk sluit af met die besef van die mens is geroep as verbandwese maar ook as antwoordwese. Die mens se vryheid kan sy verantwoordelikheid nie ophef nie. Hierdie feit het deurslaggewende roepings implikasies. In die geval van G Pasch het die woorde van Smit (2002:15) die volle betekenis gekry dat ’n geroepene se lewe word ’n antwoord wat galm. Van alle kante het dit vir G Pasch al hoe duideliker weergalm, ook vanuit sy binnekant, dat hy predikant moet word. Roeping het in G Pasch ’n antwoord soos uit ’n hart van klip geslaan. Daarna het hy as geroepene van die Here met ’n dryfkrag hierdie roeping aangepak soos nog nooit tevore nie.

5.2 EERSTE LEWENSLIG

Gerhardus Barthlomeus Schutteus Pasch is op 14 Februarie 1916 in Ladybrand gebore, toe sy vader daar predikant was. Die Rebellie is so pas ’n jaar gelede, Februarie. 1915, beëindig, alhoewel die nawerking van die Rebellie nog vir baie jare sou voortduur. G Pasch was die enigste seun van sy 50-jarige predikant-vader en sy moeder, Johanna Maria Magdalena (Snijman gebore Kruger), wat tydens sy geboorte 39 jaar oud was. In hierdie huwelik was voor G Pasch reeds twee dogters gebore en na hom sou die huwelik van sy ouers met nog twee dogters geseën word.

Wanneer G Pasch die eerste lewenslig aanskou was sy moeder se oudste twee kinders uit ’n vorige huwelik (vgl. pt.3.7) op die punt om die huis te verlaat. Die jongste van sy moeder se eerste kinders het met G Pasch se geboorte reeds haar agtiende lewensjaar ingegaan. Dit kan aanvaar word dat hierdie saamgestelde gesin van kinders uit ’n vorige huwelik nie groot invloed op G Pasch se kinderjare uitgeoefen het nie.

G Pasch beskryf hierdie eerste aantal lewensjare as sorgvrye jare. G Pasch se vader was tot 1920 predikant in Ladybrand gewees. As jong seun het Pasch se liefde vir die natuur en boerdery baie duidelik geblyk. Toe die jong seun G Pasch, 5 jaar oud was, het sy vader ’n beroep na Pietersburg aanvaar.

5.3 SKOOLOPLEIDING

In 1922 het G Pasch die eerste keer in Pietersburg (Polokwane) met die skoolbanke kennis gemaak. Hier het sy liefde vir boerdery duidelik gewys in die beskrywing wat hyself bied hoe die agterplaas van die groot pastorie-erf in Pietersburg met duiwe, hase en marmotte gevul was. Verder beskryf hy hierdie sorgvrye jare as tye waarin hy as jong kind na vakansies uitgesien het om by 'n *"oom Kas*"[61] op die plaas te gaan kuier (Klassis Waterberg, 1959:125).

Pasch beskryf sy skoolloopbaan met groot humor soos die keer toe sy susters hom onder hande geneem het en hy hard moes werk en die sekere aand hy moeg van al die skoolwerk 'n buitengewone groot gaap gegee het, wat sy kakebeen *"uit lit uitgestoot het"* (Klassis Waterberg, 1959:125). As skrander skolier het G Pasch se skooljare vinnig gevorder. Hy het sekere grade in 'n halfjaar voltooi soos bv. in 1926 in sy gr.5 jaar het die skool hom in Junie 1926 na gr 6 bevorder. So het hy twee skooljare in een jaar kon voltooi.

Toe G Pasch elf jaar oud was, het sy vader weer in 1927 'n beroep na die Vrystaat, hierdie keer na die Gereformeerde Kerk Lindley, aanvaar. Aan die begin van 1929, tref groot hartseer hierdie gesin met die afsterwe van hulle moeder, Johanna, 52 jaar oud. G Pasch was toe maar 13 jaar oud, waar hy so pas met sy Hoërskool-loopbaan in Lindley kon begin. In 1930 is ds. H.Ph.J Pasch met mej. A Ross getroud. Sy het die kinders van die gesin soos haar eie aanvaar. Op besondere wyse het sy haar man in die laaste jare van sy roeping as predikant bygestaan. In die 7 jaar wat hulle in hierdie huwelik bymekaar kon wees het sy, soos haar man, daarby gestaan dat die seun G Pasch net een roeping kan hê en dit is dié van predikant. In Lindley het G Pasch in 1932, op 16 jarige leeftyd sy skoolloopbaan suksesvol voltooi.

In 1933, wat algemeen bekend staan as *"Depressiejare"* het G Pasch na die Potchefstroomse Universiteit (toe bekend as PUK) gegaan om verder te studeer. In sy studentejare word hy as kragfiguur op die Universiteit uitgesonder. Niemand het voorsien dat sy verbintenis aan die PUK, met twee onderbrekings, op die einde 'n tydperk van 17 jaar in G Pasch se lewe in beslag sou neem nie. Wanneer G Pasch die eerste keer na Potchefstroom gaan het die eerste volledige Afrikaanse Bybelvertaling so pas verskyn en in gebruik geneem. 'n Bybelvertaling waarvan die belangstelling in Afrikaner-huise, ook in die Pasch huisgesin eenvoudig net toegeneem het. DF Malan het die verskyning van die Bybel as die grootste gebeurtenis in die

[61] Dit is waarskynlik sy "half-broer" Casper Jan-Hendrik Snijman na wie G Pasch hier verwys. "Kas" was dan die oudste seun uit die huwelik van G Pasch se moeder met Andreas Johannes Snijman wat op 13 Augustus. 1899 oorlede is (vgl. pt.3.7)

lewe van die Afrikaanse volk op die gebied van kultuur en godsdiens beskryf (Giliomee,2012:263). Soos Giliomee (2012:263) dit stel het *"gemeentes in die tyd 'n kopie vir elke kind bestel en skares het na die stasies gestroom toe die trein met die bestellings opdaag".* G Pasch vertrek na Potchefstroom met 'n nuwe eietydse Bybelvertaling wat vir die gelowige die mees waardevolle toevoeging in sy geloof was. Hierdie nuwe Bybelvertaling het vir die Afrikaanse taal en letterkunde waarvoor G Pasch hartstogtelik lief was ongekende opbloei beteken. Afrikaans as taal het vir die Afrikaners die simbool van hulle kollektiewe identiteit geword (Giliomee,2012:263). Uitmuntende digters en letterkundiges[62] het uit die Afrikaner se geledere begin opstaan, mense soos N.P. van Wyk Louw, Dirk Opperman, Elisabeth Eybers en J.D. du Toit (Totius), by wie G Pasch die verhaal en stryd rondom roeping moet opneem. Opsommend word van G Pasch se studentejare die volgende opgemerk:

> *"As student was Pasch veelsydig en intens betrokke by studente-aktiwiteite. Vanaf 1935-1937 dien hy in die bestuur van die Afrikaanse Nasionale Studentebond (ANS), twee jaar as voorsitter, en hy is ook vir twee termyne voorsitter van die ANS-debatsvereniging. In 1936 is hy lid van die Sport- en Administratiewe Bestuur (SAB) en tree hy op as sekretaris van die Studenteraad waarvan hy in 1937 'n gewone bestuurslid is"* (Van der Schyff, 2003:195).

Op sportgebied was hy net so 'n uitblinker. Van der Schyff (2003:195) beskryf sy prestasies:

> *"Pasch was 'n uitstaande rugbyspeler. In sy tweede jaar (1934) speel hy as 18-jarige reeds vir hom 'n plek oop in die eerste span en is hy, saam met die ewe legendariese Dollie Delaport (later bestempel as een van die ongelukkigstes ooit om nie vir Suid-Afrika te speel nie) die twee "reuse" in die Theos-span. Hy verwerf verskeie kere erekleure en word in 1935 bekroon met die Goossens-Du Toit medalje vir die uitstaande speler – volgens kaptein JH Steenkamp, te danke aan sy pligsgetroue oefening. In 1936 en 1937 is hy onderkaptein vir boesemvriend-kaptein Hertzog Venter, en in dié jare draf hy ook vir die Mielieboere (Wes-Transvaal) uit. Van hom word gesê dat hy een van Wes-Transvaal se beste spelers is, onoortreflik in die lynstane en "steunpilaar" van die span, 'n man bestem vir hoër louere."*

Al word daar in hierdie eerste studentejare van G Pasch wonderlike dinge oor hom gesê, was min mense bewus van die roepingstryd waarin die man vasgekeer was. Hierin het hy met baie

[62] G Pasch se letterkundige werke (Erfplaas, Swart Skape) is later met dié van DF Malherbe vergelyk. Kenners was van mening dat hulle styl en geneigdheid tot te veel beeldspraak grootliks ooreenstem (Koers, Desember 1948).

worsteling, baie druk en baie onsekerheid homself in die grootste noutes bevind- roeping wat ’n mens in baie opsigte in die noutes kan plaas.

5.4 DIE VERHAAL VAN VADER EN KIND

5.4.1 Roepingsdruk

Tydens G Pasch se skooljare is dit aan hom duidelik gemaak dat daar net een keuse vir hom kan wees en dit is dat hy predikant moet word. In G Pasch se eerste jaar op universiteit het hy in homself al hoe meer oortuig geraak dat sy roeping nie dit is wat almal van hom verwag nie. G Pasch se eerste studiejaar dra duidelike elemente van twyfel dat hy nie gereed en bereid is om met hierdie studie tot predikant voort te gaan nie. Daaroor het hy sy worsteling en twyfel openhartig en duidelik met sy ouers en gesin gedeel.

Dit wat G Pasch op die stadium as roeping in sy lewe ervaar het, was net een ding en dit is om te gaan boer, al was dit in die landbou die mees ongunstige omstandighede wat daar vir boere kon wees. G Pasch het hom uitsluitlik aan die boerdery wou toewy, ten spyte van die ergste droogtes wat daardie jare aaneenlopend voortgeduur het, ten spyte van die depressie wat vir die boere geen goeie toekoms voorspel het nie.

Waar roeping nie maar net iets bykomstig tot mens-wees is nie, maar roeping bepaal eintlik die mens-wees, was dit vir G Pasch die begin van ’n roepingsstryd wat baie jare geduur het. Hierdie eerste jaar op universiteit was G Pasch direk gekonfronteer met die briewe wat hom geen ruimte laat om rondom sy roeping anders te besluit nie. So skryf sy vader op 13 Oktober 1933 aan sy seun in Heimat-koshuis ’n brief wat gedeeltes soos volg lui:

> *“Ik dank God in alles in senderheid dat u openhartigs uw ziel uitstoot vir God en uwe vader. Niemand is sonder genade voor genade.*
> *Dierbare seun! Het is die stryd waartoe uder ernstige jongeling in die aankomende ampsbediening geroepe word. Het is uw God en Christus die u aangryp.. O uw vader dank God dat die stryd in die begin van u studie gekomen is...”*
>
> *“Die stryd gaan tussen u ek en die Ek van uw God deur sy HG Geeste. Het sal wees, nie meer ek nie leef maar Christus en sy Ek leef in my. Rom.14:7 Want niemand leef sielsalleen en die waarheid moet en sal in uw siel doorbreek. Kyk Gen.32:9,10,11. 24-31. Een Man worstelde met hem. Hy moet word die Patriarch van het geheele volk Israels op dat Israel sal weet waartoe hy*

geroep is 'n om te worstelen en te oorwin. Kyk Jesaja 1:5 as hy geroepen word tot ambsbediening. Niemand kan God dien naar sy welbehae die sy eie ek nog het. Kyk Jeremia 1:5-8 die stryd. Kyk Paulus Gal.1:15 – sy roeping, sy stryd 16 met vlees en bloed sy gaan naar Arabie en ten laaste sy oorwinning 18. Kyk Hand. 26:16 dat is ook vir my tot sterkte gewees word die H Geest ook u die beker/teken tot u myn worstelende seun".

In hierdie eerste gedeelte van 'n moeilik bewoorde brief is daar geen twyfel dat ds. H.Ph.J. Pasch uit sy hart tot sy seun spreek wat sy eie roeping aangaan wat in die lewe van sy kind hom as voorbeeld moet dien. Die brief van ds. H Pasch bewys duidelik dat hy uit eie ervaring sy seun kan oproep met talle Skrifbewyse dat die stryd wat hy tans ervaar met Jakob, Jesaja, Jeremia en Paulus ook die geval was. Hierin kyk die vader verby die hart van sy kind deur nie werklik te let en te antwoord op die stryd wat in die hart van sy kind aan die gang is nie, maar word die Bybel so gebruik en toegepas in die veronderstelling dat die kind se stryd sal oorgaan as hy hom werklik met húlle (die Bybelfigure en sy pa) vereenselwig.

Dit is duidelik dat die vader besef dat roeping tot die amp en spesifiek die roeping om predikant te wees in Christus deur die Heilige Gees geskied. Hierin glo die vader dat hy wel reg het om sy kind in gebed aan die Heilige Gees op te dra wat hy glo hierdie stryd in sy kind namens hom sal opneem. Die brief van H Pasch (13/10/1933) gaan nog verder deur die volgende appèl op die gewete van die kind te lê:

"Ek verseker u dat u van weege God is afgebede en u van moeder skoot is afgesonderde vir die Evangelie diens. Gal.1:15. Deur die genade Gods is/as die skape/stryd gekom waar u weer God en haal die /uwe weiveld …….en die diepste van uw siel. Die stryd is van uw God verordineerd. Het gaat om die volle oorgawe aan u God- Nie ek nie maar word u alleen die Ek van mijn God alleen. ?U/ek het u nie altyd gebid "waar wil" ek meet/weet die meenigs van uw siel was so – nie meyne wil nie, o God. Jy weet het. Geef uzelven nie die skuld nie".

In die moeilik ineengevlegde gedagtes is dit duidelik dat ds. H Pasch sy seun vergelyk met wat met Hanna in 1 Samuel 1 die geval was. Samuel was vir Hanna deel van 'n gelofte wat sy van die Here afgesmeek het waar sy soos volg gebid het:

"Here, Almagtige, as U tog op my ellende wou let en aan my, u dienares, wou dink en my nie vergeet nie en aan my 'n seun gee, sal ek hom sy lewe lank aan U gee, en as teken daarvan sal sy hare nie afgesny word nie" (1 Sam.1:11)

Wanneer H Pasch sy seun met talle oproepe aanspreek dan noem hy hom onder andere: *"U is mijn Samuel afgebeden van den Heere voor sy diens"*. Dit is baie duidelik dat H Pasch sy seun in die duidelikste terme moontlik wou oortuig dat G Pasch se roeping nie 'n geval van 'n keuse is nie, maar in alle opsigte dit 'n gewetensaak tussen die Here en die pa is waarin die seun eintlik geen reg tot keuse het nie. Alle keuses is volgens ds. H Pasch reeds gemaak.

Talle voorbeelde word in die brief by herhaling opgediep dat G Pasch in sy stryd nie net aan die Bybelse voorbeelde moes dink nie, maar moes oplet na sy vader se stryd hoe hy self getwyfel en rondom sy roeping geworstel het. Hy stel dit soos volg:

> *"Die worsteling wat u nou moes deurmaak is deur my ten bloede toe gestry. Hy gaf ons die oorwinning. Hy alleen het beloof. O waar heb ek met my God deurworstel. Ek heb nie opgehoude tot dat Hy my hart/hand oorwonnen. Ek sal U nie laat gaan tenzy Gy my seen. U het niks nie verkwist ..... Des ek u maar sê wat ek in my leeslessing tot die amp geworstel het, 'n boek so vol wees. Sie Job 19.20.23.24.25, dat is ook vir u myn seun. Vers 24 dat is die stryd en vreeselike worsteling van Job voor God. Het is 'n oorwinning die vir ewig is opgetekend vir Job, vir my en u en vir alle kinderen Gods. Nie veel vriende nie kenne u stryd. Vele vrienden ontmoedig u en zeg waar is daar plek vir u, u is meer geroep voor dit of dat. ? Veral veran….u is as 'n doowe die nie hoor nie Jes.38. Lees tog die stryd van Christus Jesus in Getsemane . Hy stryd vir u, met u en deur u. Heb.5:7-8. En die stryd van Christus is uw stryd getekend en gegewe. O dar seur so lang dae en dae voor dat die ek van die mens, die deur Hom geroepe word gebreek is. Ook moet waar word Rom 14:7. "Maar niemand van ons leef sielselve" Maar u mankheid is reeds bewus in u maar sal met krag deurbreke. En as u zeg- ek wil nie meer lewe vir myself nie is reeds in uw woorde die waarheid van krag. Kyk Rom.6:8-11. En in en na u stryd kand ge sê : en wat ek leef dat leef ek Gode. 10. Kyk ook Rom. 8.18-23. Lees 1 Petr 1:3-8 na stryd die oorwinning. Ook u nou reeds die stryd deurmaak is voor ons 'n vertroosting. Want Hy roepe u met 'n ewige roeping tot die Heilig Ambt. Maar dan bedien u nie sy ambt nie, maar Hy bedien sy amb deur u begenadigde seun. Al die skatte van die wêreld is nie te kosbaar om u te laat oplei tot die ambt."*

Ds. H Pasch se beskouing oor die ewigheid, heiligheid en die kosbaarheid van die amp word hier duidelik herbevestig. Hy wys op die onmisbare verband tussen roeping en amp. *"Want Hy roepe u met 'n ewige roeping tot die Heilige Ambt"*. Aangrypend hoe ds. H Pasch die amp dan nog sterker fundeer. Dit is vir die geroepene nie 'n geval van ek bedien die amp van die Here nie, maar die Here bedien Self die amp deur die geroepene. Soos ds. H Pasch dit stel*: "...maar Hy bedien sy amb deur u begenadigde seun".*

Uit die worsteling van G Pasch het die feit van die studies wat geld kos hom verder in sy worsteling gekwel. Sy pa wil hom laat verstaan dat die gelde aan hom bestee nie as vermors beskou kan word nie:

> *"U het niks nie verkwist. Allen gelden is wel aan u besteed en sal nog besteed word. Dat die ernst van uw lewe voor God u soo jong bewus word is Gods genade".*

So sterk stel ds. H Pasch die waarde van roeping en amp dat hy sê : *"Al die skatte van die wêreld is nie te kosbaar om u te laat oplei tot die ambt.".*

Wanneer ds. H Pasch dan verder uitbrei, oor hoe ander se ampsbeskouing lyk, dan sê hy:

> *"Baie medestudente mag sê er is geen beroep. Sê het betaal nie. Het amb is so swaar en moeilik. O die u roep is getrouw. Hy is die Weg. Hy sal u amb heerlik maak. Niemand en niks mag u afkeuren van u roeping. God is getrouw. Nie meer ek maar Christus leef in my en sy Ek. Hy u God is die Almagtige. Gen.17:1. Hy die u roep is getrrouw 1 Thes.5:24. 2 Tim 14.7-9.12.."*

Wanneer die gryse vader reageer op wat sy seun as sy roeping ervaar nl. om te gaan boer is die vader se reaksie soos volg:

> *"U sluit die stryd nie af nie om boer te word maar om u oor te gee in die amb waarvoor u afgeboden is. Ja ook u verlange van u kinderjare af. Wil u die stryd beëindig deur te vlug. O neën my dierbare seun . Die stryd is nie uw stryd, maar die Heere Hy sal u sterke in uw en sy stryd in met en deur u. O God ons dank U met die dank die U o God self deur die H Gees ons gegee het. O God ons dank U uit die diepe grond van ons hart dat U ons die stryd gegee het, dat U self die stryde stry in met ons, opdat ook ons die stryd voor U mag stry."*

Wanneer Pasch hierdie brief afsluit oor wat hy as roeping beskou en die seun geen keuse hierin gee nie, sluit hy sy skrywe af dat die seun se worsteling hulle verhouding net versterk het.

> *"Ek ben nie kwaad maar Gode werkswyse. Myn soon u het my nie verdriet aangedaan.. U was en is nog myn gehoorsame seun en sal het wees. Laat u stryd nie verlig word nie maar blyf in den Heere langs die weg van uw geboorte af. Van stryd tot oorwinning. As u boer moes word sal er geen stryde wees. Nou wil u dat u goed en en een geseene teken dat God u roep vir die bediening. Vat u studie op in sy naam. Laat alle gedagte van die mens en die gebring word in Christus. 2 Cor.10.4.5. [Die Heer bewandel met u die weg van alles heiliges van den beginne tot die einde. U*

kan God nie dien nie as Hy self u nie roep nie en u bekwaam maak tot sy diens. Hy het u ingebind in uwe stryd met Hom. Hy sal u deur leide en wil leide ten eere van sy Naam.
Uw biddende en dankbare ouders. Ons groet u in den Heere met 'n heilige kus."

Wanneer die vader van G Pasch se beskouing oor roeping vergelyk word met dié van J.D du Toit (Totius) dan is daar verskillende punte van ooreenkoms. Die spanning en teëstellinge waarbinne roeping 'n mens kan plaas het H Pasch duidelik aan sy seun beklemtoon. Totius het in sy siening oor roeping hierdie spanning beskryf as teken dat die mens wat waarlik geroepe is, sy eie vryheid sal moet prysgee. Iemand wat waarlik geroep is, "is geen vrij man meer. Hij moet gaan, al is het dwars door de kogels heen". Totius stel dat waar die mens se vrye wil die septer swaai daar word die krag van die roeping nie meer so gevoel nie (Du Toit, 1909:198).

Hierdie brief van H Pasch aan sy seun het sy seun se wilskeuse om te gaan boer "afgeskiet". Hy word deur hierdie skrywe/s soos deur 'n koeëlreën gestuur dat hy goed sal besef dat hy eenvoudig met sy studie sal moet voortgaan.

5.4.2 Roepingsdruk deur die hele familie

Ds. H Pasch se eggenote, wat op daardie stadium drie jaar met ds. H Pasch getroud was, skryf in dieselfde tyd aan G Pasch 'n brief wat soos volg lui:

"Ons verstaan alles en ons bid geduurig voor jou dat die liewe Heer jou die krag en genade mag gee om een dienskneg van Hem te wordt. Vader het tog tog zo veel aan die liewe Heer gevraagd om jou die genade te gee om zij plek eendag in te neem als hy nie meer daar is nie. Hou vas en volhard in u studie…"(A Pasch: 1933).

Die skrywe van mev. Pasch, G Pasch se "*stiefmoeder",* bevestig die vader se hartstogtelike begeerte dat sy seun hom moet opvolg. As ds. H Pasch dit nie so reguit wou sê nie, is dit duidelik dat sy vrou wel sê wat sy begeerte was. Daar word geen geheim daarvan gemaak dat sy pa hom as sy "plaasvervanger" in wat sy roeping was, beskou het nie.

So het G Pasch se jongste suster, Babie Pasch[63] (13 Okt. 1933) haar kant gestel:

[63] Sy was later die eggenote van ds. PJ Venter.

"Hou goeie moed, Boet. Leer Boet, want sonder geleerdheid kan 'n mens ook nie baie doen nie. Jy het die kans, maak daarvan gebruik. Later miskien as jy jou graad of so het, kan jy boer. Dit was Vader se grootste begeerte dat jy predikant word. Sy enigste seun wil hy werklik in sy voetstappe sién volg. Ek sal altyd vir jou bid, Boet. Dit is die beste, want daarvandaan kan mens alleen krag verwag. Hou koers, Boet!"

In al hierdie skrywes wat die student G Pasch moes trotseer is die oortuiging duidelik dat daar enorme druk op hom geplaas word om met sy studie voort te gaan, ten koste van homself en ten spyte van wat sy eie oortuigings was. Dit kan aanvaar word dat hierdie druk vir G Pasch laat aanhou het, al het hy met sy hele wese daarteen gestry. Hy het besef dat hy nie kan of mag ophou nie.

In 1935 het sy twyfel nog weer in hom gebrand. Dan ontvang hy die skrywe van sy oudste suster, mej. An Pasch, waar sy in 'n brief van 8 Mei 1935 hulle oorlede moeder Johanna, aan Pasch voorhou, as voorbeeld van dryfkrag en volharding. Sy skryf dat hy besiel moet word *"met nuwe moed en lus".* Hulle moeder word as voorbeeld van volharding voorgehou:

"Nou ja, ouboet- hou tog maar moed- leer maar hard- dis tog vir jou eie beswil en moenie dat die ou duiwel die oorhand oor jou kry nie- jy het jou hele toekoms voor jou – volhard net- jy gaan nog onmisbaar wees vir jou land en vir ons en nog so baie beteken vir jou medemens- dit is seker vir jou 'n stryd om te stry- hou net moed en moenie vir een oomblik dink jy staan alleen nie – en mag dit alleen jou besiel met nuwe moed en lus. Ons moeder was vir ons altyd so 'n voorbeeld van moed en volharding in haar swaar ou lewe – en kyk net wat sy alles uitgerig het!"

5.5 G. PASCH DIE ONDERWYSER (1937-1940)

Op 15 September 1936 het ds. H Pasch na 'n jaar lange siekbed in Lindley gesterf (Die Kerkblad, 7 Okt. 1936:12). Aan die einde van die jaar het G Pasch sy BA-graad voltooi, maar hy was steeds nie oortuig om predikant te word nie. Die begin van 1937 wanneer G Pasch na die Universiteit terugkeer, is sy roeping anders. Hy het besluit om in die jaar sy onderwysdiploma (U.O.D.) te voltooi. Dit wil voorkom dat waar sy pa nie meer daar is om die volgehoue druk tot die roeping as predikant toe te pas nie en met sy graad afgehandel, hy nie kans gesien het om met die roeping tot predikant voort te gaan nie.

Ondertussen het G Pasch hom op talle terreine aan die Universiteit bewys as iemand met besondere gawes en vermoëns wat hy in die studentelewe uitgeleef het. As uitstaande rugbyspeler het sommige hom beskryf as *"een van Wes-Transvaal se beste spelers, onoortreflik*

in die lynstane en 'n steunpilaar van die span, 'n man bestem vir hoëre louere (Van der Schyff, 2003:195-196) In 1935, sy tweede jaar van studie, verskyn hy reeds op 'n foto as lid van die ANS (Studenteraad)- bestuur (Die Besembos,1935:41). Hy het op die debatsvereniging van die Studenteraad 'n leidende rol gespeel waar daar in 1937 gedebatteer was rondom die onderwerp "*Waar kan die vrou die meeste vir haar volk doen, in die huis of daarbuite"* (Die Besembos:1937). Hierdie onderwerp het op 'n besondere manier die rol en betekenis van die roeping van die vrou aangedui. Ander onderwerp wat G Pasch in daardie jaar as deel van die ANS mee gehandel het, was om sprekers te reël o.a. prof. LJ du Plessis om met hulle te praat oor "*die huidige Naturelleprobleem".* Die Nasionale kongres het aan die einde van die jaar onder Pasch se voorsitterskap plaasgevind met o.a. die onderwerp "*Die bestryding van die kommunisme".* Pasch wou in sy verslag die feit van roeping tydens die kongres onderstreep. Sy slotsom was *"ons volk is hier geplant op 'n eie bodem met 'n eie roeping. Mag ons getrou wees aan daardie roeping en nooit die tou opgooi nie. Laat ons die volk en min. Pirow wys dat ons wel daadkrag en durf besit"* (Die Besembos,1935:24)

Aan die einde van 1937 met sy onderwysdiploma in sy sak het hy as onderwyser die lewe buite die Universiteit begin. Die afgelope vier jaar het vir hom uitgestaan as jare waarbinne hy geweldige stryd en druk rondom sy roeping ervaar het, maar in dieselfde tyd het hy hom op sport, kulturele en akademiese terrein bewys as iemand met besondere gawes. Hy het met groot sukses die uitbou van die studentelewe van daardie jare die Universiteit verlaat om in Nylstroom (Modimolle) sy eerste pos as onderwyser te vul.

By die Hoërskool in Nylstroom het hy vanaf 1938 die roeping as geskiedenis- onderwyser begin. Dit was dieselfde jaar wat die honderd-jarige herdenking van die Groot Trek plaasgevind het. Die Groot Trek was 'n gebeurtenis wat in die lewe van G Pasch van besondere groot historiese belang was en waaraan hy met hart en siel meegewerk het om die nasionale waarde en die herdenking daarvan met volgehoue ywer uit te bou. Dit was vir hom 'n roeping om die nasionaal-kulturele en politieke belange rondom hierdie feesvieringe so groot as moontlik uit te bou en daarvan 'n sukses te maak. Die oorgrote meerderheid van Afrikaners in daardie jaar was hierby betrek. G Pasch het baie gou hierin weer 'n leiersrol ingeneem. Op 7 Oktober 1938 skryf hy 'n brief waarin hy as begeesterde Afrikaner in besonder melding maak van die vorige eeu as die eeu van onreg. In besonder die roeping tot vryheid kom weer aan die orde. Hy skryf aan een van sy susters:

"Ons volk het 'n wonderlike honderd jaar agter die rug – 'n eeu wat met reg genoem kan word 'die eeu van onreg' – want ten midde van die grootste vernedering en heerssugtigheid van oorheersers het die klompie grensbewoners, ons voorvaders gevoel dat nie alleen hulle liggame verkneg en verslaaf word, maar dat ook die vryheid van hulle geesteslewe die demper opgelê is, wat as dit nie dadelik afgeruk word, sal lei hiertoe, dat die nakomelinge van Geus en Hugenoot 'n slaafse nasie sal word- of liewer tot niks sou vergaan nie, want 'n slaafse nasie is geen nasie nie. Gelukkig was daar manne en vroue wat besef het dat ' as jy 'n trotse volk verkneg, - word opstand teen die reg, sý reg' (NP van Wyk Louw). Mag die trek ons so besiel en innerlik versterk in ons nasiestryd, dat ons elkeen met diepe en heilige oortuiging kan uitroep 'Ek glo aan (in) die toekoms van die Afrikanernasie! Laat ons handhaaf, suster, en trots wees daarop dat ons polsslag 'n iets is in die hartslag van ons Nasie. Baie liefde en beste groete van jou broer, wat ook opnuut besiel is deur hierdie nuwe Trek"

G Pasch het in hierdie tyd die oortuiging en roeping teenoor wat vryheid vir die individu en sy volk beteken, homself al hoe sterker aangetrek. Dit het hom noodwendig al hoe sterker in 'n sosio-politiese konteks geplaas. As onderwyser was hy besiel met die unieke van die Afrikaner se bestaan en roeping. In 'n toespraak wat behoue gebly het, het hy die Afrikaner se roeping met 'n retoriese vraag soos volg bewoord:

"Het ons dus nog werk, arbeid, taak, 'n roeping om na te kom wat geen ander land het, wat geen groep van lande het, maar wat net Suid-Afrika het en wat <u>net</u> Suid-Afrika ten uitvoer kan bring?"

Wanneer G Pasch hom verder in hierdie toespraak wat getiteld staan as *"Ons soek 'n president"* uitlaat is dit baie duidelik dat hy die politiek en politieke benaderinge van genl. J.C. Smuts krities bejeën. Op daardie stadium kon dit vir baie lyk asof G Pasch sy roeping in die politiek wil vind, spesifiek die opposisie-politiek. Smuts se holistiese benadering in die politiek waar die "geheel belangriker moet wees as die dele" was vir G Pasch in sy benadering totaal onaanvaarbaar. Op 7 Oktober 1938 het hy sy teëstand teen die holisme van Smuts soos volg bewoord: *"Ons Nasie lewe alleen in die daadkrag van elke indiwidu wat homself lid voel van 'n groter gemeenskap"*. Hy het uiteindelik in Smuts se benadering die dood vir die Afrikanernasie gesien. Soos hy dit dan stel, sonder roeping of die gebrek daarvan sal as eindresultaat net die dood staan:

"En die grafskrif van ons dooie volk sal wees: Hier rus 'n roepinglose nasie!"

G. Pasch se eie roepingstryd het begin lyk of hy in die onderwys rigting kon vind, veral toe hy die volgende twee jaar hom as onderwyser onderskei het. In so 'n mate dat hy aan die einde van 1939 besluit het om terug te keer na Potchefstroom van voorneme om met 'n M-graad in geskiedenis te begin.

5.6 "MY LIEFSTE DOGTERTJIE"

As jong onderwyser in 1938/1939 het daar in die lewe van G Pasch 'n volgende moeilike verwikkeling plaasgevind. Daar het 'n liefdesverhouding tussen hom en 'n dogter op skool, mej. Leenster van der Walt, ontstaan. Die Spreukedigter (Spreuke 30:19) noem dit *"een van drie, née een van vier dinge wat hy nie kan begryp nie en dit is hoe die liefde tussen 'n man en 'n meisie werk"*. Die liefde waarmee Pasch begin worstel, is hoe dit tussen hom en mej. Leenster van der Walt ontstaan het, terwyl sy nog op skool was. Hy verlief op 'n leerling en sy verlief op haar *"meneer".*

Vir hulle om dit te erken was wonderlik maar om dit vir die wêreld weg te steek, want die skoolbanke tel nog teen haar, was die moeiliker deel. Korrespondensie tussen hierdie twee getuig wel hoe eerlik, openhartig, kinderlik opreg die meneer en sy "dogtertjie", soos wat hy haar dan ook noem, die verhouding hanteer het. Pasch het aan 'n mnr. Heystek op een Donderdag-aand hierdie verhouding verduidelik. Dit was vir hom 'n groot verligting dat Heystek hom nie hieroor veroordeel het nie, maar inteendeel hom oor sy eerlikheid en dan veral sy keuse geprys het. Sy kollega het trouens haar eienskappe in kombinasie met dié wat van Pasch duidelik was, so aangeprys dat die brief wat Pasch in die verband dan ook aan Leenster geskryf het so afsluit: *"Mnr. Heystek het gesê dat ons albei jong Afrikaners is in wie hy sy volle vertroue stel. Ons gaan die vertroue werd wees, nè my skat?"*

5.7 G PASCH EN DIE POLITIEKE STRYD (1940-1944)

5.7.1 Die tyd van opkomende "radikale" nasionalisme

Die rol van Afrikanerorganisasies het prominent in die tyd van G Pasch se studiejare en eerste jare as onderwyser na vore getree. Soos Giliomee (2012:264) dit stel het die Afrikaners in hierdie tyd *"organisasiemense"* geword. Van die belangrikste Afrikaner-organisasies word in die tyd gestig en uitgebou. G Pasch wonder en worstel wat sy roeping in die verband moet wees. Die Afrikaner-Broederbond (AB) is in 1918 al gestig. In 1929 word dit 'n geheime organisasie. In dieselfde jaar, 1929, word die Federasie van Afrikaner Kultuurverenigings (FAK) wat as die openbare vleuel van die AB na vore tree, gestig. In 1930 het Afrikanernasionalisme 'n verdere

stimulus gekry met stigting van die ATKV in Kaapstad, waar dit veral Afrikaner spoorwegwerkers was wat die behoefte aan so 'n organisasie bepleit het (Giliomee,2012:265).

G Pasch het met sy eerste jare op Universiteit geen van hierdie politieke en kulturele woelinge vrygespring nie, inteendeel sy roeping was om aktief daaraan mee te doen, of om dit wat hom nie aanstaan nie, aktief en doelgerig te bestry. In sy oortuiginge en roeping was daar nie plek vir neutraliteit of *"laat ons maar sien wat gebeur"* houding nie. Hy het of doelgerig aktief meegewerk of duidelik aktief bestry.

Kulturele nasionalisme word uitgebrei met die stigting van die ATKV, ekonomiese nasionalisme skiet wortel met die stigting van Volkskas (1927), Sanlam vennootskap en die stigting van YSKOR (1929). Die armblanke probleem, die steeds nagevolg van die Tweede Vryheidsoorlog (1899-1902), die Groot Depressie (1929-1933) en verstedeliking stel uitsonderlike eise. G Pasch se eerste jaar op Universiteit was dieselfde jaar van die stigting van die Gesuiwerde Nasionale Party in 1934.

Vir G Pasch en sy roeping en toekoms, was die uitbreek van die die Tweede Wêreldoorlog in Europa dit wat van die grootste wendings teweeggebring het. In Suid-Afrika het die geesdrif van die vorige jaar rondom die eeufeesviering van die Groot Trek nog luid weerklink. Daar was die opkoms van 'n radikale nasionalisme waarin G Pasch met oorgawe aan deelgeneem het. Die krisisse die wêreld oor, o.a. die ekonomiese krisis wat as die Groot Depressie tot in 1933 geduur het, Suid-Afrika wat deur een van sy grootste droogtes ooit getref was, het vir lank nog deurgewerk.

Op die politieke front waar G Pasch sy stem en roeping laat hoor het, het groot verwikkelinge plaasgevind. Genl. J.B.M Hertzog as leier van die Nasionale Party wen die verkiesing in 1929 en kon sonder alliansie vorming regeer. Vyf jaar later kom Hertzog in die spervuur met die krisisse die een na die ander wat ingesluit het sy weiering om van die goudstandaard af te stap. Die krisis rondom die goudstandaard word so erg dat Hertzog en genl. J.C. Smuts in 1933 besluit het om hulle onderskeie politieke partye te laat saamsmelt. Voortaan het hierdie smelting partye as die Verenigde Party (VP) bekend gestaan. Dit alles vorm deel van 'n politieke landskap waarin G Pasch en 'n groot deel van die Afrikaners van daardie tyd geen vrede mee gehad het nie. Die rigting waarin G Pasch sy politieke wortels laat groei, het verder regs gewend. D.F. Malan het in 1934 die Gesuiwerde Nasionale Party gestig. Hulle was almal nasionaliste wat gekant was teen die vereniging met Smuts en sy volgelinge.

Dit alles het bygedra dat die opkomende nasionalisme na verdere hoogtes gevoer is. Die Groot Trek feesvieringe bring ’n patriotisme gemeng met nasionalisme wat in die Afrikaner se geskiedenis ongekend was. Dan breek die Tweede Wêreldoorlog uit. Die oorlog was ’n waterskeiding. Kort ná die uitbreek van die oorlog het ’n kwasi- paramilitêre beweging ontstaan, bekend as die Ossewabrandwag (OB). Die OB was oortuig dat hulle veldtog gemik moet wees op *“die vestiging van ’n vrye Afrikaner republiek en op Nasionale Sosialistiese fondamente”* (Giliomee,2012:275). Hulle wou die *“ossewagees”* van 1938-viering voortsit. Die OB was vurige ondersteuners van Nazi-Duitsland. Die OB het ’n parlementêre vorm van demokrasie in Suid-Afrika verwerp. Verder het hulle daarop aangedring dat hulle as massabeweging alle Afrikaners verteenwoordig het.

Hier het G Pasch al hoe meer betrokke geraak en was min mense bewus van wat sy betrokkenheid alles ingesluit het. Die OB was drasties gekant teen deelname aan die Tweede Wêreldoorlog, waar Smuts besluit het om aan die kant van Brittanje in die oorlog te veg. Dit het die spoedige verbreking van die bande tussen Hertzog en Smuts teweeggebring en het DF Malan in sy politieke rigting versterk, alhoewel DF Malan al hoe meer teen die OB en sy bedrywighede gekant geraak het.

In die Pasch-familie het hierdie krisis eintlik ’n tweede keer afgespeel, want met die uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog en die daaropvolgende Rebellie is ds. H Pasch in sy roeping deur hierdie krisis voor ’n soortgelyke situasie gestel as sy seun 40 jaar later. Tydens die Tweede Wêreldoorlog het G Pasch saam met die ander OB-lede hulle hoop gevestig op ’n oorwinning vir Duitsland en was hulle van mening dat Duitsland dan vir Suid-Afrika sal help in die vestiging van ’n republiek. G Pasch het in sy roeping ’n rebellie na binne ingegaan.

5.7.2 Gevange geneem

In die begin van 1940, met die oorlogswolke dik saamgepak, is G Pasch terug in Potchefstroom, en sy *“dogtertjie*” in Nylstroom van voorneme om haar skoolloopbaan te voltooi en hy sy M-graad. Die verhouding tussen roeping en liefde raak verwikkeld. Die vraag na wat die plek van liefde is wat tyd gegee moet word in die bepaling van Pasch se roeping wat ook nog tyd gegee moet word. Die moeiliker vraagstuk vir Pasch; wat is hierdie stryd rondom geslagtelike liefde en die stryd rondom roeping se verband en uitwerking op mekaar, as dit te vroeg op mekaar aangewese begin raak? Die vraag na hoe die verhouding tussen liefde en

roeping mekaar positief en negatief raak en beïnvloed sal by Pasch ’n onderdeel van ’n dieper stryd word, want hy kon nie voorsien wat binnekort met hom sou gebeur nie.

In Maart 1940 was hy voltyds terug in Potchefstroom om met sy studie voort te gaan. As student in die geskiedenis word daar oor Pasch geskryf:

> *“In 1940 keer hy terug Puk toe en skryf in vir die meestersgraad in Geskiedenis. Die bekende prof AJH van der Walt het hom bestempel as een van die belowendste studente wat die departement nog gehad het”* (Van der Schyff,2003:196).

Hy was drie maande terug toe gebeur daar in G Pasch se lewe dit wat sy lewe en gang van roeping onherroeplik verander het. Vir die volgende vyf jaar het dit voortgeduur. Op 7 Junie 1940 word hy deur die Smuts-regering se veiligheidsmagte gearresteer en geïnterneer. Hy word as gevangene by Leeukop aangehou. Tot vandag toe is die redes vir sy gevangeneming vaag en onseker. Dit kan met sekerheid aanvaar word dat dit verband hou met sy uitgesproke politieke karakter. Hy het geen oomblik geaarsel om vanweë sy oortuigings kritiek uit te spreek oor wat in die land en politiek in die tyd aan die gang was nie. In 2003 het L. Pasch, sy eggenote, weereens hierdie vaagheid bevestig. Sy het bespiegel dat sy gevangeneming verband hou met onder andere dat *“hy die magistraat (wat ’n uiterste jingo was) nie op straat gegroet het nie, dat hy hom sterk teen die Smuts-regering uitgespreek het in ’n haarkappersalon en sy was van mening die feit dat hy die jeug van die skool so positief vir die Afrikanersaak beïnvloed het, was ’n groot rede”.*

Piet Meyer het in 1978 vanuit Namibië in ’n onderhoud met LM Fourie as deel van die Ossewa-brandwag argiefstukke die redes soos volg weergegee:

- Pasch was volgens hom ’n kommandant van die Ossewabrandwag.
- Hy het die landdros van die dorp (Nylstroom/Potchefstroom?) nie gegroet nie.
- Hy het nie opgestaan as *God save the queen* gespeel word nie.

G Pasch was vanaf 8 Junie 1940 op van die bekendste koerantopskrifte (Die Môrester, Noordelike Nuus, Sunday Times) bekendgestel as “*Student van P.U.K. gister Geinterneer”.* Selfs in die Engelse pers is dit wyd verkondig as “*Student leader interned (Vierkleur flown Half-Mast at Protest Meeting)”.*

Pasch se internering het op die Potchefstroom-kampus waar hy goed bekend was, as een van hulle gerespekteerde leiers, groot opslae gemaak. Ander studente-leiers van daardie tyd, o.a. latere professore in die Teologie as deel van die GKSA, proff. Peet Coetzee en D.C.S. van der Merwe het kort na Pasch se internering 'n protes-vergadering byeengeroep waarop besluit is om die vierkleur halfstok te hys. Vanaf die leiers in die studente-geledere het hulle die volgende persverklaring oor Pasch en sy internering uitgereik:

> *"Ons protesteer op grond van die feit dat mnr. Pasch, hoewel 'n vurige Nasionalis en getroue republikein hom geensins skuldig gemaak het aan enige staatsgevaarlike bedrywigheid nie en alleen vir sy ideale opgetree het op wettige en konstitusionele weg."*

Hierdie studente het verder gegaan en geëis dat as Pasch nie vrygelaat word nie hulle "versoek om ons almal saam te interneer, aangesien ons almal net so skuldig of onskuldig is as mnr. Pasch".

Die Engelse pers het hierdie opstand in studente-geledere rondom G Pasch se internering wye dekking verleen deur die volgende berig/te te plaas:

> *"In a resolution passed at the meeting the students declared that they would not fight for the British Empire, inside or outside the Union, but were prepared to fight anywhere in the world if convinced that it was in the interests of South Africa to do so. The resolution demanded that the Government release Pasch, or intern all the students."*

Hiermee saam het die studente geëis *"that the Government make peace with Germany immediately."* Dit wil lyk of die drastiese regeringsoptrede teen G Pasch in hierdie tyd veral gemik was op grond van wat hulle gemeen het, *"subversive propaganda",* wat dan ook deur informante aan hulle oorgedra is. So word daar gemeld dat *"some of the information volunteered is valueless, but on a great deal of it the authorities have been able to act"*. Wanneer die koerante vir G Pasch nader aan die leserspubliek voorstel word sy leiersrol onderstreep: *"chairman of the Students-Representative council and Afrikanerbond at Potchefstroom"*. Sy besondere vaardigheid as rugbyspeler word hierby gemeld.

Wanneer die vernaamste redes vir Pasch se internering nagevors word wil dit voorkom of die vlag-insident by die Heimat-koshuis, waar hy hom in 1940 weer in Potchefstroom gevestig het, 'n groot rede kon wees. Die Engelse pers het die gebeure in verband gebring deur te berig - *"Later in the day students of both the Normal College and. The University College held a protest*

meeting and decided to hoist the Vierkleur at half-mast at a private hostel, which was recently the scène of the flag incident between troops and students". Dit wil voorkom of G Pasch by 'n vroeëre botsing met van die soldate as leier onder die studente betrokke was en daar 'n insident plaasgevind het, waarby Pasch leiding geneem het. As deel van hierdie vlag-episode was daar 'n tyd lank geen vlag gehys nie. Die dag van Pasch se gevangeneming toe hang die vierkleur halfmas. Die aand toe die trein waarop hy as geïnterneerde weggevoer was die stasie uittrek het die studente G Pasch begroet waar sommige uitgeroep het *"Heil Hitler".* Daar word uit studente geledere op die stasie verdere weersin te kenne gegee. 'n Engelse koerant meld dat "*a few men on the station retaliated by calling out curse".*

Die Universiteit het dadelik wou ingryp op die internering van G Pasch. Daar word deur Van der Schyff (2003:505) die volgende inligting deurgegee.

> *"Pas die vorige dag het Postma naamlik die saak skriftelik met dr Colin Steyn, minister van Justisie, opgeneem. Uit hierdie brief blyk dit dat hy reeds op 4 of 5 Julie Pretoria besoek en sowel vir Steyn as ou onderwysvriend JH Hofmeyr, minister van Finansies, oor Pasch se internering gaan spreek het. Op 30 Julie het Postma spesifiek hieroor weer besoek gebring aan Pretoria, maar sowel Steyn as kolonel Truter, wat in beheer van die internerings was, was nie beskikbaar nie en die saak is met 'n ander amptenaar bespreek. In die tussentyd het professor AJH van der Walt in 'n brief aan Postma aangedui dat die MA-studie van Pasch, 'een van die mees belowende studente van die laaste paar jaar in die Departement Geskiedenis', ernstig aan bande gelê word deur sy internering. Postma versoek Steyn weer 'baie ernstig en dringend', as dit hom dalk ontgaan het, om sy welwillende aandag aan Pasch se saak te gee: 'My is te verstaan gegee dat hy geïnterneer is oor gebeurtenisse in Nylstroom waar hy onderwyser was en nie oor iets wat hy hier as student gedoen of gesê het nie'... Ek kan natuurlik nie beoordeel of hy skuldig of onskuldig is nie. Gestel dat hy hom skuldig gemaak het dan sou in hierdie geval die internering van hom vir amper twee maande m.i. straf genoeg wees.*
>
> *Postma pleit voort, met die nodige diplomasie: sedert inskrywing vir die MA-studie aan die begin van die tweede kwartaal het Pasch hom 'in alles behoorlik en rustig" gedra, 'en ek hou my daarvan oortuig dat u verkies om genade te betoon teenoor jeug-onbesonnenheid, indien daar bewyse vir so 'n optrede is, liewer as om die strengste vorm van straf toe te pas.'*
>
> *Postma het, met 'n kopie van sy brief aan Steyn aangeheg, ook 'n beroep op minister JH Hofmeyr gedoen om te help 'om Pasch weer aan my sorg toe te vertrou'. Hy kan nie verantwoordelikheid vir alle moontlike dade aanvaar nie, maar "is oortuig dat aan die jonge man so 'n gevoelige slag*

toegedien is, dat hy in die toekoms dubbel versigtig sal wees, as hy hom inderdaad te buite gegaan het".

Hofmeyr het beleefd laat weet dat hy die saak na minister Harry Lawrence (Binnelandse Sake) verwys, onder wie internerings voortaan sou ressorteer, maar klinies korrek bygevoeg: 'Ek kan hom natuurlik alleen vra om persoonlik sy aandag aan die saak te gee en dit op sy meriete te behandel'. Maar dit was alles tevergeefs. Minister Lawrence se kantoor het met spyt meegedeel dat Pasch se vrylating nie op die tydstip oorweeg kon word nie en Lawrence se advies was dat hy van sy reg gebruik maak om te appelleer" (Van der Schyff,2003:506-507).

Vanuit ander oorde het Van der Schyff (2003:507) 'n ander rede tot hierdie internering aangetref. Wanneer daar in roeping en in jou beroep jaloesie ontstaan, het dit wye implikasies. So word 'n ander moontlike rede tot Pasch se internering deur Van der Schyff (2003:507) soos volg gestel:

"'n Destydse speurder in die Politieke Afdeling, wat gelyktydig lojaliteite jeens die OB en die Stormjaers gehad het, vertel hoedat hy opdrag gekry het 'om die gedrag van 'n sekere onderwyser Pasch', 'n oud-student van Potchefstroom, op Nylstroom te gaan ondersoek. Onder meer het hy daar 'n onderhoud gevoer met 'n oud-Sap-onderwyser, wat baie griewe gehad het en uiters gefrustreerd was omdat hy nie 'n prinsipaalspos gekry het nie, 'maar hy het dit vreeslik teen hierdie Pasch gehad' en 'n verklaring teen hom gemaak".

5.7.3 Geïnterneer in Leeukop

G. Pasch was na Leeukop-interneringskamp weggevoer. Hier het hy sy lewe, sy roeping, sy eensaamheid, sy vryheid, sy toekoms in oënskou geneem. In van sy briewe uit die gevangenis meld hy hoe hy na vryheid en geroepenheid kyk:

"Hoe langer mens daar was, hoe nader aan die draad en hoe meer loop jy die paadjies – soggens as die buitekamp oopgaan, op die hitte van die middag en smiddae weer voor die aantreeklok lui. Die paadjies langs die draad is die naaste aan die vryheid, dis die naaste aan die bulte van ons land wat jy kan sien en nie by kan kom nie….Jou gees verplaas jy na baie plekke op die rante en klippe buitekant die draad: Jy wil die uitsig omruil, jy wil van buite in die kamp inkyk – al wat hierdie begeerde ruilhandeling verbied, is die doringdraadruite en die lustelose wagte wat buite heen en weer stap!...Later wens jy nie meer nie, jy hoop nie meer nie, maar om uit te kom, om te loop na die plekke wat jy met jou oë sien, word begeerte, onbedwingbare begeerte, wat alle vrees op die agtergrond skuiwe. Jy dink net een ding, en as die pos die tweemaal in die week gekom het met briewe van susters en broers en familie en van 'n witkrulkopdogter, briewe waarvan die helfte

> *weggesny is, dan word die paadjies langs die draad die veiligheidsklep wat jou bewaar van onbesonne dade…"*

In dieselfde tyd wat G Pasch hom teen die drade vasgedruk voel, het sy gevoelens rondom die onreg hom aangedoen talle harde wraakgedagtes bevat. In die skrywes aan Leenster en van sy familie gebruik hy uitdrukkinge soos *"Merk die verraaiers van ons volk*". Hy roep sy geliefde op met die woorde:

> *"Haat ons vyande, my skatjie- haat hulle baie, soos ek hulle elke oomblik meer en meer haat- maar jy moet ons land en volk ook liefhê en God elke minuut vuriglik bid vir ons vrywording. Ons dag van wraak is naby. Ook die dag wanneer ek en jy baie gelukkig sal wees…".*

Enkele dae later dan word sy gevoel van haat al sterker, dit word 'n geroep om wraak te neem. Hy herinner sy geliefdes aan die gedig: *"En as my hande wurge, o God"* . Weer is hy oortuig dat die dag sal kom om wraak te neem. Hy skryf: *"Ons dag sal ook kom. Ons sal die slegte plek uit ons volk uitsny en vinnig werk, sodat ons kwynende liggaam sterk sal word".*

Die geroepe wees om te haat het in die tyd vir G Pasch sterk na vore getree. In hierdie eerste weke van sy gevangenskap was dit die gevoelens van haat en verlange na vryheid en die eentonige reëlmaat van roetine en die sieldodende eensaamheid waarin hy hom opgesluit voel wat sy totale mens-wees beheers. Hy skryf:

> *"... die dae word so eentonig en lank- smôrens opstaan en inval om getel te word, oggendete met pap, brood, botter, konfyt en koffie, daarna 'n entjie langs die doringdraad gaan stap en terugkom- miskien lees en in die son lê en bak of kennetjie speel en dan weer ete, smiddae slaap en gesels of niks doen en saans weer eet en daarna lees of miskien 'n bietjie sing en dan maar gaan slaap. Eentonige verloop elke dag, elke dag al die dinge wat dieselfde is. Vandag het ons salaris gekry 7/- vir die week wat verby is".*

G Pasch het in hierdie tyd die eentonigheid onderbreek deur klein items uit hout te maak. Hy het as haarkapper vir sy medegevangenes gedien. Waar baie van die gevangenes geroep was tot die bewerking van grond het hulle gevangenskap hulle nie gekeer om die grond waarop hulle gevange gehou was, te bewerk nie. G Pasch (1953:360) onthou jare later die blom en groentetuine, die rotstuine, die uitgelegde kronkelpaaie wat hulle gemaak het. Verder het hulle hul tyd verwyl soos hy dit self stel *"met allerhande dinge soos skryf, handwerkies en gesels".*

Die omstandighede in die Leeukop-kamp was kosmopolities. Volgens Pasch het hy in die tyd baie met van die Italianers en Duitsers wat saam met hom aangehou was noue kontak gemaak.

Hulle was beperk tot net twee briewe wat hulle in ’n week aan geliefdes mag stuur. In die briewe vol van sy eie worsteling en onreg wat hy weet hy aangedoen word en sy eie wraak en haat gevoelens, het dit hom tog nie verhinder om wel moed te hou nie. Opmerklik dat in talle van hierdie briewe in die tyd geskryf, hy die gevangene en sy geliefdes wat nie opgesluit was nie, wou moed inpraat. Die uitdrukking van *“julle moet moed hou”* en ook *“alles sal regkom”* is gedagtes waarvan hy oortuig was. Dit het nie weggeneem dat al voel hy geroepe en is hy oortuig dat alles sal regkom dat hy weet dieselfde mens se gevoelens baie gou weer ’n ander rigting kan inneem. G Pasch skryf in *Agter tralies en doringdraad* (1953:360-361):

> *“En tog hou jy maar uit! Soos bedeesde en oorblufte trekosse tree jy maar smôrens en saans aan vir telling en staan daar soos willoses in wie se harte daar geen greintjie van verset roer nie!...Maar elke oggend se opstaan is vir jou ’n ontnugtering: dit is maar nog die hoë betonmure en venstertjies wat om jou hang. Snags was jy op baie plekke waar die vryheid was – bedags een onbedwingbare begeerte na die plekke waar die vryheid is!...En so gaan die dae om. Die eerste dae van die kamplewe staan by jou in die lig van opgewonde avontuur en in die opspraak wat by die gevangeneming deur Afrikaanse koerante en deur naasbestaandes en vriende gemaak is! Jy voel soos ’n besonderse held wat uit hierdie gevangenis sal uitkom as ’n gemaakte Boereleier”*

Die gevoel van om held te wees het Pasch vinnig verloor want skryf hy later (1953:361):

> *“Jou selfgegewe heldestatus begin so stadigaan afskawe by die wete dat jy maar nog so ’n mens is soos almal hier saam en almal daarbuite- met uitsondering van die drade – ’n gewone boer wat ’n gewone man is en sal bly ook in die maatskappy wat voorlê…”*

Die briewe wat hy in die tyd ontvang het, veral die van sy susters wys op ’n trots en eerbied vir dié saak wat hulle saam met G Pasch wou dien. Soos sy oudste suster dit stel: *“dat jy so in die kamp moet sit, omdat jy vir ’n volksaak moet boet”*. Dit is duidelik dat hulle saam met hulle broer oortuig was dat hy deur hierdie gevangenskap uiteindelik die vryheid van ’n volk bedien. Ironies is die gedagte dat vryheid deur gevangenskap gedien kan word. Sommige briefskrywers het hierdie gevangeniskamp as *“slawerny”* beskryf.
Opmerklik dat die inligting wat G Pasch in die tyd van buite ontvang het grotendeels die internasionale politieke gebeure bevat. Daarin het sy susters hulle hoop gestel op sekere lande en verwikkeling in die oorlog wat sal meebring dat Pasch eersdaags weer tuis is.

Die aanhitsing tot haat kom vir G Pasch ook van buite. Sy oudste suster verwys in die tyd na haarself as 'n *"vuurspuwende berg"* en dan sluit sy haar brief af deur alles weer terug te voer na hulle vader, ds. H.Ph.J. Pasch*: "Ek dink so aan vader, hy was ook krygsgevangene en het ook opgeoffer vir sy volk…"*

5.7.4 Ontsnappingspoging

Dit moes Augustus dalk vroeg September 1940 gewees het- Hy skryf self van die eerste byna naïewe poging:

> *" …een Sondagmiddag- net een van jou familie mag jou op dié dag besoek- …Na die halfuurbesoek van een suster het sy die groot swaaihek uitgestap, en ek het gewag vir lemoene wat van onder moes opkom. Daar 90, 100 tree vêr het my ander oudste suster gewag! Ons kon nie groet nie, nie mekaar hoor nie, net waai! En op daardie oomblik het dit die ontsettende drang in my geword om die pad buite die kamp na haar toe af te hardloop! My hele liggaam het gebeef van spanning! Ek wil 100 tree vêr in die vryheid in hardloop – al skiet hulle, al vloek hulle- ek wil vryheid toe en na my suster toe! Ek dink nie meer nie- terwyl ek wag word ek enkel daad! Die sakkie lemoene wat die bandiet bring, moet deur die hek kom. Ek wag by die hek! Die hek gaan oop, en ek vat na die lemoene deur die opening en my vat, stamp en hardloop word een beweging- die pad af in die vryheid en na my suster toe! Agter my vloek en skreeu dit, en een majoor praat selfs van skiet! By my suster en in haar arms met 'n paar haastige groetsoene en –woorde, toe 'n majoor my aan die skouer ruk. Wat my vuis met die omdraaislag teruggehou het, weet ek nie! Ek dink dit was An. Hy't van my oë af weggekyk grond toe soos 'n bang hond! Ek het An gegroet en saam met hom teruggestap kamp toe! Ek was in die vryheid! Ek het gedag ek sou beter voel- ek het nie. Nou vir niks anders plek as net vir die vryheid nie…"*

Na hierdie dag het Pasch geglo dat *"vryheid is my verantwoordelikheid*". Enkele medegevangenes het in hulle ontsnappings geslaag. G Pasch het geglo hy moet hier kan uit. Dit het sy volgende poging tot gevolg gehad. Hy gee noukeurig verslag:

> *" 'n Bewaarder- hy was goed vir ons- het die voorradevragmotor bestuur, die groot oop hekke van die kamp deurgery, sy goed afgelaai en weer weggery deur die oop hekke! Maar die middag het hy laat ingekom, en terwyl hulle aflaai, is hy weg in die sterk skemerte! Die plan het soos blits gekom. Nic en Muller en ek het dit inderhaas bespreek, en toe die wag 'n oomblik agter 'n gebou instap, is ek met lang kakiejas en flits en knuppel tussen die droë bokbalke in, agter die noodwiel! Dit was 7-uur en winter! Ek het gewag dat die bewaarder moet kom en my uitkarwei buitentoe! Hy het nie*

gekom nie! Die ure was lank en die lêplek baie moeilik! Muller het so elke halfuur verbygeloop en die tyd vir my uitgesing.

Halfnege tienuur, halfelf! Toe is hy weg! Die ligte is dood! Die bewaarder kom nie! My bene tot by my heupe verkluim en aan die slaap! Ek het probeer lewe invrywe in my bene en in my hoop dat hy nog sou kom! Elfuur se kant het dit stil geword in die kamp! Daarmee het my hoog gevlamde hoop van die vroeë aand verdwyn! En toe die wag se treë vêr klink, is ek styf en mank uit en terug kamer toe. Rosslee het my verwyt dat ek so lank gewag het! Hulle sal die vragmotor nie meer wegneem nie. En terwyl ons praat dreun die vragmotor verby hekke toe! Muller by die deur uit en skelm agterna! Ek het stom gaan sit. Toe het Muller gesien hoe hulle die hele vragmotor met bajonette deursoek en waar ek gelê het, baie steke ingesteek! Ek was gelukkig nie daar nie!"

Na hierdie mislukte poging het G Pasch geweet daar is verraaiers onder hulle. Hy word fyn dopgehou.

In die dae wat daarop gevolg het, skryf Pasch dat hy gevoel het dat *"die vrees wat hom met rukke van my meester gemaak het, het nou begin maats maak met 'n roekeloosheid wat ek nie kon afskud nie"*. Daar het by G Pasch 'n al hoe erger verbittering ingetree. So stel G Pasch dit dat op Sondag 22 September 1940 hy deur 'n besoek van een van sy susters met verbittering agtergekom dat van die vier briewe wat hy aan Leenster gestuur het, sy nog nie een ontvang het vandat sy hom laaste besoek het nie. Alles was daarop ingestel dat hy hier moet uit.

Kort hierna ontvang hy die kennisgewing dat sy appèl wat hy teen sy inhegtenisneming ingedien het, nie geslaag het nie. Pasch se appèl het die volgende gronde bevat:

"Na aanleiding van die verskillende aanklagte wat deur u teen my ingebring is as rede vir my internering, wil ek aan u net die volgende verduidelik. A) Dat die meeste aanklagte wat teen my ingebring is ontbloot is van alle waarheid. B)Dat die ander , waar daar wel 'n maat van waarheid aanwesig is, geen oortreding is wat myns insiens genoeg rede gee om my hier aan te hou nie. Elke vrye burger van die staat het die volle reg om as sulks op te tree. Op hierdie bg. Gronde teken ek appèl aan teen my internering en vra dat ek onmiddellik losgelaat moet word. Ek is 'n gebore Unieburger. Die uwe GBS Pasch"

5.7.5 Pasch se ontsnapping op 24 September 1940

Op daardie Dinsdag in September beskryf Pasch self die gebeure:

"Van vroeg af het ons die wagte se geneentheid getoets. Nêrens was daar kans nie. Dit het middag geword, en die reëns het vaal uitgesak! Waar die bome die naaste aan die wandelkamp was, het ek soos 'n buffelsbul op- en afgestap. Hier moes ek êrens deur! Anderkant was die vryheid en twee wagte…" Vir Briedenhann het ek gesê ek gaan hier deurkruip! Die reën het vaal geval! Die wagte het van mekaar af weggestap! Sou hulle moed of myne ons begewe! Ek het skielik gesak- die draad met my elmboog gelig en my lyf deurgeskuur. Die twee Boerseuns het nie omgekyk of geskiet nie! Nogmaals bravo vir hierdie manne en ons ander vriende. Ek was binne 'n oomblik weg in die ruie bos! My groen Voortrekkerhoed aan die linkerkant opgeslaan en my militêre jas (dit was diefstal of liewer buitery) hoog teen die ore opgeslaan het ek gestap tot teen die onderkant van die bloekomplantasie! Honderd tree die vryheid in! Toe skielik voor my 'n kafferbandiet- reg op my af! Vandag glo ek en weet ek- die Here het hom met blindheid geslaan. Hy het my nie gesien nie!".

In dieselfde nag van baie reën het G Pasch gewag dat hy verder deur lede van die Ossewabrandwag in sy vlugtog opgelaai word. Saam met hom het 'n ene Kruger ontsnap, wat vanweë 'n bomaanslag in Bloemfontein geïnterneer was. Die twee het dadelik na hulle ontsnapping verskillende rigtings ingeslaan. Pasch beskryf dat dieselfde nag waar dit hom voorgekom het die mense van die Ossewabrandwag hom nie kon opspoor nie, het hy "by 'n vriend se huis" aangeklop. G Pasch het hierdie gebeure in die fynste besonderhede kon beskryf:

"Versigtig, sluipend nader en aangeklop! Hy het my dadelik herken in die agterdeur en my binne gewink! Dit was die heerlikste koppie koffie wat ek nog in my lewe gedrink het. Vir hierdie vriendskap haal ek my hoed af! 'n Ander vriend was ook in die huis! Ook hy herken my! Hulle wou eers droë klere gee, maar ek wou nie. Garage toe onder dekking van die reën! In die hoë bagasiebak van die motorkar toegemaak…"

Hierdie nag van 24 September 1940 was die inleiding wat vir G Pasch bykans die volgende vyf jaar sy lewe in beslag geneem het. Inderwaarheid 'n sware tyd met baie beproewinge wat hy in alle geval hom nooit ten volle kon op voorberei nie. Sy naam was op 25 September 1940 reeds in die Afrikaanse en Engelse koerante. Daar was selfs 'n beskrywing vir hulle wat hom bemerk:

"Gerhardus Barthlomeus Pasch 24 years, 6ft.2in., well built blue eyes, Roman nose, fair hair, sunburned complexion, medium moustache, had beard when escaped."

5.7.6 Vlugtelingsjare

Die feit dat G Pasch ontsnap het, getuig van sy ontembare gees. In sy geval het sy politieke oortuigings hom 'n vlugteling gemaak. Hy het in alle geval geglo dat hy 'n onskuldige is wat skuldig verklaar is. Dieselfde dinge het met hom gebeur soos in wanneer daar in die lewe van God se kinders godsdiensvervolging plaasvind.

Dit wat die kamplewe aan die persoon van G Pasch veroorsaak het, sou hom aan verskillende persone en vreemde omstandighede blootstel. Nou as vlugteling het hy mense op 'n unieke manier moes leer ken. In die uitleef van 'n mens se roeping is ander mense en ander mense se omstandighede altyd direkte faktore. G Pasch het dit onder geen normale omstandighede kon leer nie. In baie se oë was hy aan 'n misdaad skuldig.

Dit het 'n impak gemaak op sy hele mens-wees wat ingesluit het sy ideale, sy identiteit, sy geloof, ja dit wat op die einde sy hele roeping moes bepaal. Hy wat geroep was as leier, hy het hom in die studentelewe reeds bewys, hy wat as onderwyser wou deel in die dinamiek van sy nasionale bewussyn met 'n gedrewe patriotisme, was nou gemerk as vyand van die regering. Die dinamiek van die 1938 Ossewatrekke het hom meegevoer (vgl. pt 5.7.1) Na hierdie politieke opwellinge het hy in baie opsigte probleme gehad wat soos 'n spinneweb nouer en nouer om hom gespan het.

G Pasch besef hoe belangrik dit is om ander mense te vertrou en op ander mense se eerlikheid staat te maak. Daarin is hy gelouter. Dit wat hom in die volgende jare in homself kon laat twyfel het intens na vore kon tree. As jongman was sy liefde vir Leenster en wat hierdie ontsnapping vir hom en haar ingehou het, deel van 'n geweldige stryd.

Die eerste keer wat hy sy hand as vlugteling op papier gesit het, was op 27 September 1940 'n skrywe aan sy geliefde Leenster. In die ruimte waar die adres op die koevert geplaas moet word, het hy net ingeskryf *"Êrens".* Al wat hy aan haar sê is dat hy ontsnap het. Sy moet nie oor hom bekommerd wees nie en sy moet vir hom bid. Die eerste skakel tussen hom en haar was haar broer Johan wat sy briewe aan haar en haar skrywes aan hom oorgebring het. Hierdie eerste weke het hy naby Warmbad by Buyskop (Buys-se-kop) weggekruip. In die tyd het die familie Potgieter hom daar laat wegkruip. Later het G Pasch self vertel hoe hy in die veld geleer het om heuning en ander veldkosse te eet om te oorleef.
Ander families en plekke waar hy hom skuilgehou het, was in die Springbokvlakte by 'n Van Aswegenfamilie, waar hy daarna by Steynbergs naby Nylstroom weggekruip het. Hy kon gewoonlik nie lank naby een plek bly nie. Hy het gou die ou Transvaal moes verlaat en na die

provinsie uitgewyk waar sy pa in sy roeping die langste tye van sy bediening deurgebring het nl. in die Vrystaat. Eers was hy daar op die plaas Mosbank by br Frikkie Potgieter 'n buitengewone *"gas"* en later het die Papenfus familie wat naby Bethlehem gewoon het, hom skuiling gebied. 'n Ruk later is hy weer na die Rand waar hy by of deur sy jongste suster se skoonfamilie in Melville, ds. Peet Venter se familie onder 'n sementbrug weggesteek is. Weer het hy die Bosveld ingegaan waar hy in die distrik Waterberg by die Van der Walts, in die klowe op sy aanstaande skoonpa se plaas Kameeldraai en Geelhoutbos aan die Matlabasrivier gebly het. Na hy vandaar moes uitwyk het hy na Primrose gegaan waar die familie Crooneveld hom 'n wegkruipplek gebied het. Hierna het hy by Chrissiesmeer in die Lothar distrik by twee Cilliersbroers kon wegkruip. In hierdie jare het G Pasch dit telkens bevestig dat hy hom nie weer lewendig sal laat vang nie.

5.7.6.1 Gerhardus Pasch word Hannes (Johan) Cilliers

G Pasch se ouers het hom gedoop in name wat duidelik familiename was. Agter 'n naam gaan dit om oorsprong, identiteit, karakter, dié verbond wat God met die mens het. Die heilige doop geskied in die mens se naam maar terselfdertyd is die Here in sy Drie-Enige Naam, Vader, Seun en Heilige Gees, dadelik ter sprake. God se Naam, wat die mens se naam moet volmaak. God se verbond maak name vol, dit vervul wat die mens in sy naam vir God moet wees. Op die stadium van G Pasch se lewe was dit deel van 'n roeping waaraan hy moeilik voldoen het.

Vroeg in 1942 het Gerhardus Barthlomeus Schutteus Pasch sy naam verander na Johannes Petrus Cilliers. So het hy sy tjeks begin teken met die handtekening van J.P. Cilliers. Selfs by familie en mense naby hom het hy begin bekend staan as "*Hannes"* Op die wyse het hy die naam waarna die "*vyand*" opsoek was uitgewis. In die omgangstaal het selfs sy geliefde Leenster in korrespondensie hom in die tyd as "*Hannes"* begin aanspreek. Daar kan met reg afgelei word dat G Pasch op hierdie nuwe naam besluit het toe hy by die Cilliers-broers by Chrissiesmeer in die Lothar-distrik weggekruip het. So het hy gehoop dat hy sy vervolgers kon mislei deur homself as Cilliers familiegenoot voor te doen. Hy het hierdie nuwe naam die volgende drie jaar saamgedra.

G Pasch kruip nie net op vreemde plekke weg nie, maar dit word 'n geval van hy kruip ook agter 'n ander naam weg. Pasch se naamsverandering is slegs funksioneel gewees. Dit is te betwyfel of hy die nuwe naam lewenslank wou dra, tog moet daar in die uitdra van name iets waardevol

en betekenisvol nagehou word. Waar die mens van ander mense, moontlik selfs van sy roeping wil wegvlug, kan dit selfs naamsverandering tot gevolg het.

Name en naamgewing is ’n ryk saak. Naamgewing was in die tuin van Eden nie maar net ’n interessante tydverdryf nie. Naamgewing is in wese Godsdiens (vgl. Gen. 2:19). Naamgewing was die mens se reaksie op al die dinge wat God gemaak het. Die goedheid van God is in naamgewing besing. Direk na die sondeval waar die eerste mensepaar ook probeer wegkruip het, het hulle hul name wel behou. Die vrou waarop die eerste donker bladsye van die sondeval begin het, staan nog voor Adam, nog is daar hul huwelik, dit staan in die sonde, maar is nie deur die sonde vernietig nie. Genade op genade. En die laaste keer wat ons Adam direk vanuit sy eie mond iets hoor sê is net ’n naam. Hy noem sy vrou *Eva*; Lewe; Moeder van alles wat lewe. Vir oulaas sien hy sy vrou nie in wat hy en sy geword het, sonde gevalle, vol haat gevulde, kermende en swetende mense nie, maar Eva noem hy haar, want hy besigtig haar vanuit die heerlikheid en goedheid van God. Deur die saad wat in haar is, al word die mens deur die dood omring, kan die mens van die lewe getuig. Hy raak hierdie saad aan, as hy haar Eva noem, want uit haar sou kom, die Een wat eendag verskillende name sal heet, Jesus, die Christus, die Saligmaker, die Verlosser, Hy wat Here is.

5.7.6.2 Vlug na die Boland

In 1942 het G Pasch in sy vlugtogte op ’n Bolandse plaas begin werk. Hy het op ’n advertensie in sy “nuwe naam” gereageer waar hy vir hierdie betrekking aansoek gedoen en dit gekry het. Dit was vir hom ’n ontnugtering. Hy het ’n swaar tyd deurgegaan waar hy as kneg by ’n Bolandse boer gewerk en soos ’n gewone arbeider behandel is. Hy mag nie saam met die familie aan tafel gesit het nie en het sy kos in die kombuis moes afhaal. Hy was op geen manier toegelaat om met lede van die gesin te assosieer nie. Hy het met die arbeiders moes saamleef in die verbouing van koring en Pasch was vir ’n groot deel vir die verbouing en verkoop van waatlemoene verantwoordelik.

Die kontak met sy susters en Leenster se broer, Johan, het hom met die buitewêreld in kontak gehou. Sy susters het voortdurend aan hom briewe geskrywe waarin hulle baie uitgesproke die verloop van die oorlog en hulle anti-regering sentiment heeltyd beskryf. In die tyd skryf hulle hoe die oorlog nog toeneem. Deurlopend word in die briewe aan Pasch die versekering gegee dat sy hulp en krag van die Here sal kom. Daardie intimiteit tussen hom en sy susters bly behoue. Sy suster An skryf hoe Totius by geleentheid ’n diens by Paardekraal waargeneem het, waar sy

preek baie versterkend was maar ’n groot hindernis was die twee vliegtuie wat voortdurend bo hulle bly sirkel het en dit baie moeilik gemaak het om te hoor wat Totius in sy preek gesê het.

Die kontak wat G Pasch met Leenster se broer, wat intussen ook in die Kaap begin werk het, het hom in hierdie swaar tyd gesterk. Die polisie op die spoor van G Pasch het volgens getuienis van die broer hom ’n paar keer besoek en ondervra oor waar G Pasch hom bevind. Hierin het hy hom moes dom hou. Watter vreugde was dit toe hulle ’n keer mekaar bo in Adderleystraat *“toevallig”* raakgeloop het. Na hierdie kontak het hulle met groot versigtigheid mekaar ’n paar kere opgesoek.

Die feit dat G Pasch as kranige rugbyspeler uitgeblink het, het hom in die Kaap weer op die rugbyvelde gebring. In van die wedstryde het Pasch ’n ernstige besering opgedoen wat hom in Kaapstad in die hospitaal laat beland het, waar hy geopereer moes word. Sy eggenote stel dit later*: “Vir ’n volle tien dae was hy ’n pasiënt en gas van Smutsregering as nie-betalende pasiënt onder die skuilnaam, waaronder hy nou bekend was”.* In ’n brief van sy suster Babie word die hele familie se gevoelens treffend beskryf:

> *“Dis met ’n baie hartseer hart dat ek hier sit en skrywe. Ek sit hier op Johannesburgstasie waar ek gereël het vir An om vanaand na jou te vertrek. Ek wens dit was ek, ek wens ons kon almal gaan. Nou is An ons almal se mond en oë en ons sal met die grootste verlange wag om haar terug te sien, sodat sy al die nuus aan ons kom vertel. Boet, wat is die woorde tog skaars om al ons verlange en wense en hoop uit te spreek- ook ons vervloekinge... Hou moed, Boet, en pas jou op. Ons was so jammer om van die operasie te hoor. Gelukkig dat dit ’n sukses was...”*

G Pasch se susters stel baie duidelik dat hulle polities sy vlugtogte verstaan en dat hulle vir genl. Jan Smuts en die regering van daardie dag met sterk bewoorde uitdrukkinge hierdie toestand waarin hulle familie verkeer baie verkwalik.

In watter omstandighede hy ook weer die Boland moes verlaat is die berigte teenstrydig. Volgens mondelinge oorlewering van VE d’Assonville (sr.) was G Pasch weer op die rugbyveld. Pasch se direkte slot-teenstander, het hom die hele wedstryd met agterdog bejeën maar niks tydens die wedstryd gesê nie. Pasch was gerus dat niemand hom in die rugbywêreld regtig ken nie, en dié wat hom ken, ken hom op grond van sy nuwe identiteit as Hannes of dan selfs Johannes Cilliers. Toe die eindfluitjie blaas kom hierdie direkte teëstander wat slot teen hom gespeel het, reguit na Pasch gestap, trek hom aan sy skouer nader en sou hom in die oor

fluister: "*Pasch, ek wil jou nie weer hier sien nie"...* Volgens hierdie getuienis het dit G Pasch gedwing om die Boland so vinnig as moontlik weer te verlaat en het hy na Namibië uitgewyk.

B Spoelstra sê weer dat hy as mede-student en latere 'n nabye kollega van G Pasch hom herinner dat die verhaal ietwat anders verloop het. Daar was volgens Spoelstra 'n speurder op die pawiljoen wat vir Pasch herken het. 'n Vriend van G Pasch het agtergekom dat die speurder vir Pasch wil arresteer en het hom gewaarsku. Met die eindfluitjie het Pasch nie saam met die res van sy span na die kant van die paviljoen beweeg waar die speurder hom ingewag het nie, maar aan die ander kant van die veld is hy stil-stil af en deur vriende opgelaai.

'n Ander beskrywing van hierdie tyd kom van Piet Meyer in Namibië wat gesagvol oor hulle verhouding met G Pasch in 'n onderhoud dit gestel het, dat Meyer, sy vrou en skoonsuster met hulle dogtertjie in die Kaap was. Meyer se vrou en haar suster het vir G Pasch van hulle studentedae in Potchefstroom goed geken. Pasch het selfs 'n tyd by die susters se ma 'n ruk geloseer. Pasch het met 'n lorrie waatlemoene naby Suikerbossiekafee stilgehou waar die Meyers geëet het en Pasch die waatlemoene afgelaai het. Kort daarna het die susters direk hom kon voorkeer wat 'n heerlike weerontmoeting vir hulle drie was. In dieselfde gesprek het Pasch aan Meyer sy onaangename plaaswerk en omstandighede beskryf met die versoek of Meyer nie weet van werk wat hy in Namibië as voorman op 'n plaas kan kry nie. Die name wat Meyer aan Pasch gegee het, het nie een vir Pasch gehelp nie. Piet Meyer se eie omstandighede het egter 'n jaar later sodanig verander dat waar hy aanvanklik vir sy ma op hulle plaas kon help, het Meyer vanweë droogte met die vee ver moes wegtrek. Die naam van Pasch het weer by hom opgekom en het hy vir Pasch per telegram laat weet dat daar nou geleentheid is om by sy ma op die plaas te kom help. Volgens Meyer het Pasch dadelik laat weet dat hy kom (OB argief Bandopname 173, 28 Nov. 1978: Piet Meyer: 3).

Die insident/e op die rugbyveld het moontlik kort voor die koms van die telegram plaasgevind wat in alle geval vir G Pasch die gulde geleentheid gegee het om onmiddellik na Namibië uit te wyk.

5.7.6.3 Spanning op persoonlike verhoudings

In die tyd wat G Pasch in die Boland was, was sy verhouding met sy geliefde Leenster in die gedrang. Die ontreddering en onsekerheid wat G Pasch se vlugtogte en voortdurende voortvlugtigheid meebring, het in hulle verhouding die intiemste sekerheid in sy fondamente

geskud. Sy het intussen haar skoolloopbaan voltooi, in Heidelberg by die Carl Klinterhuis gevestig en by die Normaalkollege in Heidelberg onderwys begin studeer. Sy stel dit openlik watter *"wroeging"* daar in haar oor hulle verhouding gekom het. Pasch se nuwe naam het vir haar 'n nuwe karakter, 'n nuwe identiteit saamgedra wat vervreemding teweegbring. Sy stel dit dat sy in hierdie tyd met iemand anders 'n verhouding begin het. In die stryd wat Pasch bly voer om nie gevang te word nie, het hierdie gebeure met sy geliefde hom diep geraak. Die gevaar om verbitterd in die stryd om lewe jouself al meer te bejammer was wesentlik. Nóg vir G Pasch, nóg vir Leenster van der Walt, sy geliefde, was hulle uiteindelike roeping, ook as latere huweliksmaats, lewensmaats, roepingmaats, alles behalwe 'n uitgemaakte saak. Elkeen het eiesoortig met mekaar en oor mekaar 'n stryd van 'n ander soort moes stry. Leenster beleef die stryd baie persoonlik.

G Pasch se susters het sy vlugtogte as noodsaaklik beleef, hulle het dit gesien as onafwendbaar die omstandighede waarin hy verkeer, terwyl dit met Leenster anders was. Sy het van hom vervreemd geraak. Dit het haar gevoel hulle het te ver van mekaar verwyderd geraak en nou het hy nog verder weggegaan. Die druk wat ver afstande uitmekaar, op intieme verhoudinge kan plaas, bly onberekenbaar groot.

5.7.6.4 Kalkfeld (Namibië)

Wanneer Pasch direk na hy die eerste keer gevlug het op die gefrommelde koevert van sy briewe skryf daar waar die adres moes staan, dan skryf hy die enkele woord – *"Êrens"* Daarin sit reeds vervat die gedagte van hoe tydelik hy maar kan wees waar hy nou is. Ek is maar êrens, wat vir baie (die aardse owerheid ingesluit) moet wees nêrens. Sy plek moet nie bekend wees nie, maar ook sy plek kan hom nie bevat nie.

Vanaf 1940-1945 sou elke beweging, elke wegkruipplek, staan in die teken van hy is vreemd, hy is hier waar hy nou is net 'n vreemdeling (inwonende vreemdeling) en bywoner. In die vroeëre Transvaal (Buyskop naby Warmbad, die Springbokvlakte, naby Nylstroom (Modimolle)- selfs in 'n Kerktoring- Matlabas), in die Vrystaat (Bethlehem), in die Kaapse Boland, oral, platteland of stad (Melville-Johannesburg, Heidelberg, Primrose, Chrissiesmeer, Lother) oral het Pasch weggekruip, nou in die verre Namibië- naby Kalkfeld-distrik Otjiwarongo). Dieselfde waarheid het hom keer op keer teenoor Pasch bevestig dat hy in werklikheid 'n uitlander is, 'n vreemdeling, 'n bywoner. Die vraag wat al hoe harder teen hom stamp, hoe lank en hoe ver gaan hy nog gaan om van sy roeping weg te vlug.

In die verre Namibië bring die lewe van G Pasch met sy pa ds. H.Ph.J Pasch 'n ironiese saamknooppunt. Die vroeëre Angola-trekkers wat ds. H PH.Ph.J. Pasch in sy roeping in 1908-1909 in Angola bedien het, het die handjievol oorlewendes en hulle nasate die meeste in 1928 na Namibië teruggekeer. Baie van die geslag Namibiërs waarmee G Pasch (nóú bekend as Hannes Cilliers) te doen sou kry, was nakomelinge van die vorige geslag wat vir ds. H Ph.J Pasch op grond van sy roeping in die gemeente Humpata in Angola geen ruimte wou gee om die Woord van die Here aan die kleurlinge in Angola te verkondig nie (vgl. pt 4.2.5). Vir G Pasch moes die nakomelinge van die Angola-Gereformeerdes ruimte maak, alhoewel hulle nie weet wat hulle doen nie...

Die eerste vaste datum wat Pasch se verblyf in Namibië bevestig is 'n tjek wat hy op 7 Junie 1943 uitgeskryf het. Volgens Meyer (1978:4) het Pasch die eerste jare by hulle op die plaas gewerk (OB argief Bandopname 173, 28 Nov. 1978: Piet Meyer: 4). Selfs in die verre Namibië was daar 'n hele paar insidente wat Pasch amper gevang is. Meyer (1978:4) herinner hom aan van die insidente deur o.a. te verwys na die foto's van die geïnterneerde ontsnaptes wat in Outjo in die polisiekantoor teen die muur aangebring was, wat hulle in dieselfde kategorie geplaas het as gesoekte misdadigers. 'n Keer toe Meyer na Outjo gegaan het, het Pasch daarop aangedring dat hy saam na die dorp wil gaan. Volgens Meyer het Pasch van die standpunt uitgegaan dat hy homself nie moet probeer wegsteek nie maar hom openlik aan die mense moet voorstel en met hulle assosieer dat daar geen suspisie kan wees nie. So het Pasch met Meyer die polisieman in bevel gaan ontmoet, wel wetende dat sy foto teen die muur op was. So naby dat waar Pasch met die bevelvoerder gesels het, hy eintlik net sy arm kon uitsteek om aan sy foto te raak. Die polisieman het hom nie herken nie. Soos Meyer dit stel*: "Nou ja, toe is ons daar uit en hy was toe 'n hele tyd by ons gewees"* (OB argief Bandopname 173, 28 Nov. 1978: Piet Meyer: 4). Hierin kan die beskermende hand van die Here weer duidelik in die lewe van G Pasch raakgesien word.

Opmerklik dat die kerklike lewe by Pasch vroeg reeds in Namibië aandag kry- alhoewel sy kerklike meelewing in die Kaap nie nagegaan kon word nie. Hy het op 17 Junie 1943 'n tjek aan die NG Kerk Kalkfeld uitgeskryf, wat aanvaar kan word as kerklike bydrae en begin van meelewing in daardie gemeente. 'n Gereformeerde Kerk naby Kalkfeld was daar nie. Die naaste Gereformeerde Kerk is op Outjo in 1930 gestig. Al het Pasch met geleenthede in Outjo gekom was dit vir hom nie moontlik om Kerklik daar in te skakel nie. Sy enigste kerklike skakeling was die met die NG Kerk Kalkfeld. Hy doen alles nog onder sy *"skuilnaam".*

5.7.6.4.1 Kolonel Hamman (oorlede 1948)

Volgens Meyer het hyself op die idee gekom dat G Pasch by kolonel Hamman moet gaan werk (OB argief Bandopname 173, 28 Nov. 1978: Piet Meyer: 5). Meyer het self met die grootste lof en waardering oor Pasch se werk die tyd by hulle op die plaas aan Hamman getuienis gegee, wat dringend 'n nuwe voorman moes aanstel. Die kolonel het wel vantevore al vir Pasch moes ontmoet want is daar 'n tjek deur *"JP Cilliers"* op 20 Augustus 1943 aan die kolonel uitgeskryf.

Die aanstelling by kol. Hamman is besonder want het G Pasch beslis geweet by watter *"gevaarlike"* man hy nou begin werk. Die kolonel was die leier van die toe bekende SAP-party in Namibië (vanaf 1934 genoem die VP- Verenigde Party), wat aan genl. Jan Smuts en sy kabinet direkte verslag kan doen van hulle party-politieke sake in Namibië. G Pasch se uitgangspunt wat hy by die polisiekantoor in Outjo gestel het, kom so naby as moontlik aan hulle wat jou vervolg, dan het hy die minste kans om gevang te word, word hierdeur eintlik 'n rare stap verder gevoer.

Kolonel Hamman het reeds 'n besonder aktiewe politieke roeping vervul. Hy het vanaf 26 Oktober 1915 tot 6 Februarie 1920 die kiesafdeling Middelburg (KP), as deel van Jan-Smuts se gevolg, in die parlement verteenwoordig. Later het Hamman na Namibië verhuis waar hy weer direk in die politiek van die VP-party betrokke was. In 1940 in hy in sy kiesafdeling, Windhoek-distrik, deur 'n onafhanklike kandidaat met 29 stemme verslaan maar het hy sy aanstelling in die Uitvoerende komitee van die party behou. Dit wys watter vertroue die politieke party-strukture in kol Hamman gestel het. In 1945 is hy weer as LV vir Otjiwarongo verkies (Van der Merwe, 1981:154).

Volgens Meyer het Pasch kort na sy aanstelling sy verhaal van vlug en wegkruip aan Ella Hamman, die eggenote van die kolonel vertroulik meegedeel (OB argief Bandopname 173, 28 Nov. 1978: Piet Meyer: 6). Sy het dit nie gewaag om dit aan die kolonel te vertel nie. Volgens alle getuies het daar 'n baie goeie verhouding tussen Pasch en die Hamman-gesin ontstaan. B Spoelstra kan hom herinner dat G Pasch aan hom vertel het dat mev. Hamman 'n keer gesê het dat aan Pasch se taal kon sy hoor dat hy 'n *"ontwikkelde man was. Hulle het hom waardeer en van hom gehou"*. G Pasch het volgens Spoelstra altyd met groot lof na mev. Hamman verwys.

Daarin het Pasch sy roeping heeltyd beskryf as een wat in oortuiging voor die Here glo dat hy met reg kan opstaan vir die vryheid en verantwoordelikheid wat die Engelse in 1902 geroof het. Hy het reeds getoon dat hy nie verder in politieke geweld betrokke is of wil wees om homself te beskerm nie, of enige gevoel dra om hom op sy vervolgers te wreek nie. As Pasch in 'n gewelddadige oplossing vir die land en die politiek geglo het, sou hy direk na sy ontsnapping verder in van die gewelddadige aktiwiteite van die Ossewa-brandwag (die Stormjaers of Skilde) betrokke kon raak, maar hy het hom aan niks hiervan skuldig gemaak nie.

'n Belangrike deel van roeping, ook op politieke terrein, het CFC Coetzee (seun van PJ Coetzee) hom herinner wat sy pa hom meegedeel het. Pasch het met politieke vergaderings tydens moeilike vraetye en tydens mosietyd sy teenstem teen die leier van die party (Hamman) en die party-rigting laat hoor, maar as die vergadering verby is, ry hierdie twee weer in dieselfde voertuig huiswaarts, want Pasch was ook Hamman se motorbestuurder. Dit bevestig die merkwaardige verhouding tussen G Pasch en kol. JL Hamman. Selfs het G Pasch vir kol. Hamman gehelp om die VP se politiek te help bestuur en het vir twee jaar ten nouste te doen gehad met die party se private korrespondensie oor die hele land heen. Dit bevestig Hamman se besondere vertroue in G Pasch. Op die plaas saam met kol Hamman was G Pasch in die boerdery baie geseënd. 'n Uittreksel uit 'n brief aan sy suster An, bevestig Pasch hierdie seëninge:

> *"Verder gaan dit met my goed, An. Die mense by wie ek is, is vir my ook baie goed en wil my graag vorentoe help. Hulle beskou my, veral die vrou, as 'n kind in die huis en daar is niks wat te veel is om vir my te doen nie. Met my boerdery gaan dit ook nog goed. Ek het nou 46 groot beeste en 18 kallers en ek stuur taamlik room weg sodat my inkomste nou ongeveer £20 per maand is, met vry losies en dan nog ses verse per jaar".*

Die gesin Hamman het geen kinders gehad nie. Volgens Meyer het die verhouding tussen G Pasch en die Hammans so naby geraak dat die kolonel vir G Pasch die erfgenaam van sy plaas wou maak. Hamman sal dan in Windhoek gaan bly, nader aan sy kiesers en dan moet Pasch die eerste paar jare die grond by die kolonel huur. Volgens Meyer was dit selfs ooreengekom dat as die kolonel sou sterf dat G Pasch alleen as erfgenaam benoem is (OB argief Bandopname 173, 28 Nov. 1978: Piet Meyer: 9).

Hierin sou die roeping van G Pasch heeltemal in die rigting gestuur kon word, wat hy as kind homself al voorgetel het, dat hy eintlik graag wil boer. So het hy dit deurlopend aan sy pa en sy

susters meermale bevestig. Nou wat die geleentheid daar was, is dit duidelik hoe die Here dit dadelik weer in die rigting gestuur het, wat die mens hom nie op kon voorberei nie.

5.7.6.4.2 Godsdiens en nasionalisme

Om te verstaan in watter fase G Pasch in sy ryper lewe inbeweeg het, kom daar baie belangrike getuienis in van sy briewe aan sy susters vanuit Namibië na vore. Op Vrydag 27 Augustus 1943 skrywe GBS Pasch aan sy suster Lena en sy swaer Daan Malan. Wat in die brief (GBS Pasch, 27 Aug. 1943) opval is iets van 'n politieke belydenis:

> *"En Daan, ou swaer, ek hoop nie dat al die teenslae, of skynbaar teenslae jou enigsins ontmoedig het nie. Ons koers en gang hang nie af van wat hulle doen nie, of van wat hulle skynbaar wou nie- ons koers word in onsselwers bepaal, menslikerwys gesproke- as ons die wil tot vrywording suiwer hou en positief ons taak aanvaar en uitleef dan behaal ons die paal van ons vryheid en oorwinning. Laat ons in ons heilige strewe die losse en onbesielde praatjies van ons vyande ignoreer, praatjies wat baseer is op 'n negatiewe strewe, ideale wat nagestreef word van dinge wat nie meer bestaan nie. Sulke dinge sterf self, ons hoef hulle nie dood te maak nie, laat ons, ons kragte alles versamel in een positiewe strewe- hulle bou op sand en hulle huise moet val- ons bou op Rots, op die Roepingsplan wat God vir ons geskep het, en ons sal wen. Maar dit moet ons bely- dat ons, ons oë op Duitsland gehou het en nie op die Here onse God nie – Egipteland kan nie red nie – God wel…"*

Hierin sien G Pasch die *"roepingsplan"* van God raak. Die verband tussen godsdiens en nasionalisme lê hy suiwer. Dit word al duideliker Pasch se politieke filosofie is dat die Here die gang van die politiek beheer en dat die Here vryheid bepaal. Hy wil homself al hoe meer positief op sy roeping en taak begin instel. Terselfdertyd erken het dat daar 'n tyd in sy lewe was, wat hy toegelaat het dat sy *"vyand"* eintlik sy agenda beheers en selfs bepaal het. Dit moet verander. Dit kan alleen net verander as daar na die Here gegaan en op die Here vertrou word.

Aan die einde is dit duidelik dat Pasch met die gebeure rondom de geïnterneerdes tred hou. Hy het gehoor dat die wat vanweë woorde geïnterneer is, vrygelaat word. Hierin kom na vore dit wat die klag teen hom ook was en hoe hy sy eie aanklag sien. Dit neem nie weg dat hy deurentyd nog onseker was oor die spesifieke rede oor sy eie gevangeneming nie. Hy skryf aan sy swaer en suster Lena (27 Augustus 1943):

> *"Ek sien juis die geïnterneerdes wat weens woorde in die kampe is word losgelaat- of ek ook nou nog onder daardie kategorie val weet ek nie- miskien kan julle uitvind- maar moet vir geen genade of gunsies vra nie- liewers sterwe as dit..."*

Op 18 Februarie. 1944 skryf Pasch aan sy suster An 'n 9 bladsye brief. Hierin stel Pasch hoe hy sy kinderjare onthou wat in baie gevalle jare van swaarkry was. Nieteenstaande was sy vader en moeder vir hulle goed gewees. Hy betoon sy dank aan sy oudste suster wat vir hulle soos 'n moeder versorg het toe hulle ma dood is. Dit vul hom met nog groter begrip en verlange na mekaar vir die omstandighede waarin hulle verkeer. Dit is baie duidelik dat Pasch die verband tussen persoonlike vryheid en gemeenskaplike vryheid nie losmaak nie. Die ideaal van *"algehele vryheid"* wat as polities staatkundige begrip vooropgestel word laat hom nie los nie. As daar vryheid is, dan sal blydskap en dankbaarheid die botoon voer. Die blydskap en dankbaarheid wat vir die *"Majuba-oorwinnaars"* en die *"Bloedrivier handjievol"* bestem was.

In die nostalgie wat Pasch met tye in verval, erken hy dat dit baie keer vir hom voel daar twee wêrelde is waarin hy leef. Die een wêreld beskryf hy as die "ballingskap waarin hy is en hy met die sweet van sy aanskyn sy brood moet verdien". Die ander wêreld is die wat "my gees in my opbou" Dan noem hy dit 'n *"wêreld van persoonlike vryheid onder die wet van 'n staat wat algehele staatkundig en kulturele vryheid geniet"*. G Pasch het baie duidelik 'n verlange na vryheid wat in sy leeftyd sterk gekoppel was aan wat genoem was die Republikeinse ideaal. Die verkryging van die vryheid word direk verbind aan wat in die tye genoem is 'n ideaal, 'n vraagstuk, 'n strewe. Wanneer latere skrywers rondom die Republikeinse ideaal nagegaan word, soos NGS van der Walt in 1961 nog hieroor geskrywe het, dan wemel hulle werke rondom die woord *"vryheid"*. Baie duidelik het G Pasch dieselfde tipe politiese vryheid as 'n geskenk van die Here bely. Dit bly in hom 'n brandende ideaal om te verkry.

In dieselfde tyd het Pasch die nogtans van sy geloof bely, wat aansluit by hoe Habakuk dit stel (vgl. Habakuk 3:17-18). Hy skryf in die brief (18 Februarie. 1944):

> *"Maar by alles, liefste suster, het ek nog geensins moed verloor nie- want om moed te verloor en die geloof nie meer te hê nie- Dan het jy jou saak alreeds gewonne gegee. Moedhou en die oog gerig hou op die Almagtige God wat die pad van ons nasie bepaal het tot in die oneindige en omdat die dag van ons vryheid nog 'n rukkie uitgestel is- die rede daarvoor- moet ons nie by Hom soek nie, maar by onsself. God sal ons nie vrymaak as ons nie eers die dag rein is nie- want wie is rein en watter volk kan hom daarop beroem dat hy blank voor God kan staan- Maar God wil die begeerte in die hart van die Boer sien om hom te beheer- hy wil die terugkeer van ons volk na die*

pad van ons Vader sien- die Woord hulle rigsnoer, hulle lewe gefondeer op sy instellings en die geloof en vertroue op hulle algehele uitredding alleen op Hom. Laat ons dus nog altyd moedhou en mekaar inspireer totdat die vryheid daar is en dan- dan werk met alles wat binne-in ons is, om met sy seën en guns ons vryheid te bevestig..."

Dit wat die geloof vir G Pasch beteken, het in die jare wat hy in Namibië was duidelik in waarde toegeneem. Hy koppel sy nasionale bewussyn en sy knegskap aan wat die gelowige moet deurgaan. Duidelik sluit dit aan by wat Kuyper gesien het as die *"kollektiewe roepingsbewussyn"*. Wanneer Pasch in geen geheime taal sy toekomsideaal sien as *"blydskap wat daar sal wees in die hart van elke boer en die siel van die hele Boerenasie*" (G. Pasch,1944). Kuyper het in (1884:22) die boere genoem *"pioniers van die Christelike beskawing in Suidelike en Sentraal-Afrika"*. So het Kuyper die Transvaalse Boere stam- en geesgenote gesien as gereformeerdes met 'n *"hooge taak en heilige roeping in Afrika".* (Kuyper,1884,22).

Opsommend het Pasch die verhouding tussen Kerk en volk of dan die verband tussen godsdiens en nasionalisme idealisties ingekleur. In baie opsigte sal van die teologiese insigte wat G Pasch in sy skrywes toon toegeskryf kan word aan wat die Neo-Calvinisme beteken, vertaal tot 'n eiesoortige *"Boere-Calvinisme".* Hierin het Pasch deel gevorm wat latere teoloë, soos Nico Vorster (2003:415) beskryf as deel van *"Suid-Afrika se tragiese verlede as bewys van die gevare van 'n stom Kerk".*

5.7.6.4.3 PJ Coetzee se rol by 'n groter roeping

Ds. PJ Coetzee (later professor in Dogmatiek aan die Teologiese Skool op Potchefstroom), op daardie stadium predikant van die Gereformeerde Kerk Benoni, het 'n aktiewe roepingsrol vervul. Coetzee was aan G Pasch goed bekend, waar hulle twee vroeëre aktiewe studenteleiers was en in die jaar van G Pasch se internering was Coetzee studenteraadsvoorsitter van die Pukke.

Meyer vertel dat sy ma op besoek in Suid-Afrika was en hom uit Wes-Transvaal geskakel het, met die boodskap dat 'n koper van haar grond in Namibië op pad is en dat hy (Meyer) die voornemende koper op die stasie moet gaan afhaal en na die plaas in die mark vergesel. Toe Meyer die *"plaaskoper*" na 'n groot gesukkel op die stasie in die hande kon kry, het dié hom

dadelik ingelig dat sy koms as koper is net ’n dekmantel, maar dat hy eintlik gekom het om G Pasch te kom haal.

Hierin ontvou die verdere gebeure dat Pasch se suster An baie siek is en dat sy dit as laaste wens aan haar dominee meegedeel het dat sy graag haar enigste broer weer sal wil sien voor sy sterf. So het Coetzee dit as sy roeping beskou om vir Pasch en sy suster bymekaar uit te bring. Hiervoor het Coetzee gemeen hy alle voorbereidings kon tref deur selfs die min. van justisie Colin Steyn oor Pasch te gaan sien en vir sir Theodore Truter, hoof van die interneringskampe in die Unie, dat as Pasch hom sal oorgee en hy hom net by die interneringskamp in Koffiefontein moet aanmeld en dan sal Truter sorg dat hy binne 14 dae na sy aanmelding op parool vrygelaat word. Coetzee was van mening dat hy die nodige ooreenkoms met die hooggeplaastes bereik het en het na Namibië gereis.

Coetzee nou in die geselskap van Meyer het gereël dat hulle laat die nag vir Pasch gaan sien. G Pasch het in ’n buitekamer by die Hammans gebly en het Meyer en Coetzee die nag tot naby Hamman se huis gekom. Meyer het stil van die stadig bewegende voertuig afgespring en vir Pasch in sy slaap gaan opklop met die boodskap dat ds. Peet Coetzee by hom is. Pasch het vinnig die nodigste aangetrek en hulle is stil-stil weer na die pad waar ds. Peet Coetzee met die voertuig hulle ingewag het. So het die proses begin om Pasch te oortuig dat hy saam met Coetzee moet teruggaan en hom moet oorgee. Dit was geen maklike proses nie, wat net weereens bewys hoe min vertroue G Pasch in die owerhede se beloftes oorgehou het. Toe Pasch verneem dat hierdie besoek op die laaste wense van sy oudste suster berus, het hy wel ingestem.

Sy suster An is per telegram laat weet haar broer is op pad en terselfdertyd is ds. Schalk Duvenage, op daardie stadium predikant van De Aar, ingelig van Pasch se koms. Hulle het aan Duvenage per telegram versoek dat hy vir Pasch op De Aar op die stasie moet kry en hom na Koffiefontein moet vervoer vir sy oorgawe daar. Intussen het daar ’n telegram vanaf Pasch se suster gekom wat aan die kolonel haar siekte verduidelik met die versoek dat hy dadelik na haar moet kom. Die kolonel was inskiklik, wat op sy beurt nog weer aan Pasch geld gegee het, om sy kostes te help betaal as hy by die interneringskamp gaan aanmeld.

Die proses soos beplan het hom afgeloop met die groot verskil Steyn en Truter, die mense met gesag, het hulle woord aan ds. (prof.) Coetzee verbreek. Die twee weke is verby en van vrylating was daar nie sprake nie. Nog weer verloop ’n tyd tot die dag wat dit uitkom dat Pasch

se suster An oorlede is, dat sy reeds begrawe is en Pasch is nog al die tyd gevangene in Koffiefontein. Die amptenaar wat Pasch sy suster se oorlye en begrafnis moes oorvertel, het hom in ‘n baie ontstelde Rabbo Pasch vasgeloop (OB argief Bandopname 173, 28 Nov. 1978: Piet Meyer: 7) .

Meyer vertel dat Pasch die amptenaar te lyf gegaan het wat tot gevolg gehad het dat Pasch hierna in die hof moes verskyn en in eensame opsluiting in die tronk gegooi is. Meyer se verslag lui dat die klein sel waarin Pasch toe aangehou was, het *“absoluut geen lig ingelaat het nie, was piknag donker, dag in en dag uit”*... Hy vertel verder hoe Pasch daar *“naderhand amper rasend geword het en gesing het om die tyd om te kry: hallelujaliedere, psalms- alles wat voorkom, sing uit volle bors om net sy gevoelens dood te druk wat hom tussen die vier muurtjies laat voel het of hy vasgedruk word”* (OB argief Bandopname 173, 28 Nov. 1978: Piet Meyer: 9). Volgens Meyer was hy tot 2 maande op die wyse aangehou.

Verder stel Meyer dat kol Hamman sy eie pogings aangewend het om die rede van Pasch se internering vas te stel. Hy het vir Colin Steyn besoek om uit te vind wat die presiese redes was en om Pasch uit die kamp te kry. Dit wat die minister aan Hamman gestel, het Hamman afgemaak as geen rede om Pasch langer aan te hou nie (OB argief Bandopname 173, 28 Nov. 1978: Piet Meyer: 9). Volgens dieselfde getuienis het Hamman vir Pasch weer teruggebring plaas-toe.

Ander getuienis uit hierdie tyd, wat lyk meer korrek te wees, stel dat G Pasch nog in aanhouding was toe sy suster oorlede is. Na haar dood het sy swaer Daan Malan en vriend Flip Venter hom kom haal om die begrafnis by te woon. Dit bevestig wel dat senior regeringslui hulle woord gebreek het en nooit die parool aan Pasch toegestaan was wat daar belowe was nie (Klassis Waterberg, 1959:127). Alle getuies wys op die eensame opsluiting en die langer tyd wat hy in Koffiefontein in aanhouding was. Dit wil voorkom of G Pasch direk na afloop van die begrafnis weer sy vlugteling tog hervat het en is hy weer terug na Namibië. In hierdie terugtog na Namibië het G Pasch waarskynlik by sy swaer ds. P Venter, toe predikant van Matlabas, ’n kort tydjie in die kerktoring van Matlabas weggekruip. Daar bestaan heelwat mondelinge getuienis oor hoe die polisie en die amptenary van die staat weer gepoog het om hom te probeer vang.

In alle geval was G Pasch in Aug. 1944 weer as vlugteling terug in Namibië op die plaas Okarumue wat aan kol JL Hamman behoort het, die plaas waar hy die grootste deel van sy tyd

in Namibië gewoon en gewerk het. Die naam Hannes Cilliers was nou iets van die verlede en het die mense hom op sy regte naam begin noem. Die Hamman-egpaar het steeds baie simpatiek teen hom bly staan. Volgens Meyer was Hamman nog al die tyd bereid om Pasch sy erfgenaam te maak met al die voorwaardes en ooreenkoms wat gesluit was voor die koms van ds. Peet Coetzee (OB argief Bandopname 173, 28 Nov. 1978: Piet Meyer: 9).

Die eggenote van kolonel Hamman, Ella Hamman het so ver gegaan om vir Leenster van der Walt, die meisie vir wie Pasch nie wou los nie, plaas-toe te nooi (E Hamman- brief aan L van der Walt, persoonlike versameling, Aug. 1944). In die uitnodiging het G Pasch in Oktober 1944 vir Leenster ’n tjek gestuur van sestien pond een sjieling om dit vir haar moontlik te maak om na hom te kom (persoonlike versameling). Die tjek is ongewissel teruggestuur met ’n brief dat sy nie die uitnodiging gaan aanvaar nie.

In die lewe van G Pasch as geïnterneerde, het hy baie sake in sy lewe en roeping kon uitsorteer, maar sy verhouding met Leenster het vir drie jaar vanaf Maart 1942 tot aan die einde van 1944, onder druk verkeer, waar Leenster dit baie moeilik gevind het om haar roeping en haar hartsake uit te sorteer. Sy het wel intussen as onderwyseres aan die Rand begin skool-hou maar soos G Pasch met sy roeping reeds langer as tien jaar worstel het sy ook ’n roepingsworsteling gehad. Haar loopbaan as onderwyseres was van korte duur voordat sy heeltemal ’n ander roeping begin het in gesondheidsorg, spesifiek as verpleegster. Hierin het sy wel haar roeping gevind en haar hierin onderskei.

5.7.6.4.4 Roeping bevestig

Al was G Pasch terug op die plaas en het hy steeds die geleentheid kon aangryp wat kol Hamman hom in sy roeping wou bied, om voltyds in Namibië te bly boer, was dit duidelik dat die Here het met G Pasch die pad begin loop wat sy vader ds. H.Ph.J Pasch en sy susters en familie se gebede en wense deurentyd was. Eintlik al in Februarie 1944 het G Pasch aan sy suster An, seker kort voor haar siek- en sterfbed geskrywe:

> *“Moenie skrik nie- dit is iets wat gekom het na amper jarelange worsteling met geen uitslag of einde in wat moes gebeur nie met net hier en daar van aanduidings dat dit die weg is. Maar die laaste maande het die besluit gekom, eers los en onseker, en toe vaster en duideliker, totdat dit vandag finaal is- en as God my daartoe help, soos ek verwag dat Hy sal- dan sal die aanhoudende gebede van vader verhoor wees. Ek gaan, sodra as die dinge verby is, Universiteit toe om*

> *predikant te word. Nou het ek die begeerte daartoe, die lus daarvoor en ek voel dat dit die roeping is wat God vir my, die onwaardige in Sy Raadsplan beplan het. Ek sidder alleen vir een ding- my eie kleinlikheid, en ek die nietige en onreine en swakke in diens van die ewige Almagtige God- die God wat ons vader langs wonderlike weë gelei het en uiteindelik gebring het tot sy diens. En nou kan ek miskien die waaroms verstaan van als wat met my die afgelope vier jaar gebeur het."* (G.B.S. Pasch, 1944)

Hierdie brief was alreeds weer ouer as 8 maande gewees, maar aan die einde van 1944, is dit duidelik die Here het met al die gebeure 'n roepingsdoel gehad. In die onverwagse koms van ds. (prof.) Peet Coetzee (Julie 1944), in die onaangenaamste omstandighede rondom sy oorgawe en gevangeneming (Julie/Augustus 1944), selfs in die verbreking van ander mense se beloftes, in daardie donker sel, langs die oop graf van sy suster (Augustus 1944), in die kerktoring van Matlabas, weer terug in Namibië, in die uiterste teleurstellinge rondom Leenster, was dit alles die bevestiging van die woorde in Romeine 8:28: "*En ons weet dat vir hulle wat God liefhet, alles ten goede meewerk, vir hulle wat na sy voorneme geroep is".* Die Here is die Een wat met 'n krom hout reguit houe kan slaan.

Wanneer G Pasch terug op die plaas eintlik 'n roepingskeuse moet maak, sy geleentheid om te boer het nou duidelik geword, hy kan as *"seun*" van kol Hamman die politikus se plaas op die lange duur syne maak, maar dinge werk anders. In Namibië het kol Hamman 'n politieke loopbaan wat hy na moes omsien. Dit word vir Hamman al duideliker al wil hy en sy eggenote vir Pasch soos voorheen help en dra, maak die politieke kiesers die verkeerde geluide. Die ondersteuners van die "Verenigde Nasionale Suidwes-party" het op Hamman *"begin druk uitoefen om van Pasch ontslae te raak"* (OB argief Bandopname 173, 28 Nov. 1978: Piet Meyer: 9). Hamman is volgens Meyer deur die organiserende sekretaris van die party, 'n ene Taljaard, selfs voor 'n keuse gestel *"dat hy sal moet kies tussen sy leierskap en Pasch"* (OB argief Bandopname 173, 28 Nov. 1978: Piet Meyer: 10). Dan stel Meyer dat Hamman was bereid om vir Pasch te kies en dat Hamman nie op sy woord sou teruggaan om vir G Pasch te benadeel nie (OB argief Bandopname 173, 28 Nov. 1978: Piet Meyer: 10). Wanneer G Pasch later hierdie tyd in sy lewe beskryf dan stel hy dit dat hy *"verban is uit Suidwes..."* (Klassis Waterberg, 1959:127).

Dit bring in alle geval teweeg dat Pasch gehou het by wat sy brief, wel 10 maande vroeër aan sy suster gesê het: *"Ek gaan, sodra as die dinge verby is, Universiteit toe om predikant te word. Nou het ek die begeerte daartoe, die lus daarvoor en ek voel dat dit die roeping is wat God vir*

my, die onwaardige in Sy Raadsplan beplan het..."(G Pasch, 1944). Die Here het nie toegelaat dat Pasch weer op ander paaie, wat sy roeping as predikant betref, kan afdraai nie.

Vir kolonel JL Hamman het die begin van 1945 'n verkiesing ingehou. Na al die gebeure die vorige drie jaar, was die vraag wat het Pasch vir Hamman se politieke loopbaan en roeping beteken. In die vorige verkiesing het hy sy kiesafdeling nie kon wen nie. In 1945 wen Hamman die kiesafdeling Otjiwarongo met 13 stemme teen Burton Weakley (Van der Merwe, 1981:154). Die vraag wat onbeantwoord bly was die oorwinning deur Pasch se harde werk saam met Hamman die vorige jare toe te skryf, of anders gesien, sou Hamman se oorwinning dalk groter gewees het sonder die "Pasch-klad" op sy naam?

5.7.6.4.5 G Pasch geroep as skrywer

In die tyd wat G Pasch in Namibië was, was dit duidelik die Here roep hom maar die Here rus hom ook toe. Sy gawe om te skryf het hier duideliker na vore gekom. L van der Walt (1944) skryf:

> *"Gister het ek met jou boek klaargekry- jy behoort baie trots te wees. Weet jy, as iemand jou goed ken en die boek lees is dit gedurig of mens met jouself te doen het. Tussen hakies, ek voel baie geërd oor die eksemplaar uit die hand van die skrywer! So baie keer in die verlede het ek gewonder hoe ek sou voel as ek eendag skielik vir Erfplaas in 'n boekwinkel raakloop- daardie sensasie het jy my van beroof Meneer!...."*

As roman-skrywer het G Pasch twee werke gepubliseer. *"Erfplaas"* in 1944 deur Tafelberg uitgewers uitgegee, opgedra aan sy suster Annie *"omdat sy vir ons 'n moeder was".*

Vyf jaar later verskyn sy tweede letterkundige werk getiteld *"Swart skape".* Die resensente in van die koerante wat hierdie boek hanteer het, stel dat dit 'n *"oorspronklike styl, 'n individuele seggingskrag en 'n treffende uitbeeldingsvermoë"* bevat. Op 8 November 1949 het die Afrikaanse radiodiens ook 'n resensie oor die boek uitgesaai. G Pasch se styl as skrywer is deur die resensent MSB Kritzinger aangetoon. Hy het die mening uitgespreek dat G Pasch se skryfwerk herinner sterk aan die werke van DF Malherbe. In dieselfde gesprek stel Kritzinger dat:

"In ons letterkundige wêreld is die skrywer nie onbekend nie, want met sy eersteling, Erfplaas, het hy die aandag op hom gevestig. Wat daarin veral bekoor het, is die liefde vir die grond en die aansteeklike arbeidslus.

Swart skape is 'n plaas novelle wat ons na Suidwes voer. Voor ons daar aangeland het, het ons Theunis, die hoofpersoon, op 'n interessante wyse leer ken. Hy is in die trein op pad na die onbekende streek waar hy plaasvoorman gaan word. Vlugtig dink hy aan sy verlede. Hy kom oorspronklik van 'n plaas in die panwêreld van die Hoëveld van Transvaal. Daar was hy skaapboer op sy vader se plaas. Die depressie het hulle egter gevang; met die lae vee- en wolpryse was daar vir hom geen vooruitsigte nie. Hy moes uitspring, al het hy die boerdery ook hoe liefgehad. In die harde padwerk teen 'n karige loon het hy geen behae geskep nie. Sy volgende vastrapplek was in die Boland as kneg. In enkele trekke laat hy hierdie boerdery vir ons leef, veral in die wingerd met die Kleurlinge. Die natuur van die streek het hom gedurig bekoor. Hy het as plaaswerker egter iets gemis: In die arbeid kon hy wegsak, alles om hom vergeet, maar die grond kon nie in sy bloed kom nie. Op die Hoëveld het hy hom in die arbeid verlustig, omdat hy hom deel gevoel het van die grond, omdat hy die grond liefgehad het…

As kultuurmens wou hy (Theunis) iets vir sy mede-knegte doen, hulle organiseer en bymekaar kry, maar hulle was te bang dat hulle hul base aanstoot sou gee.

In Suidwes is hy haastig om op die plaas te kom. Op die dorpie ontmoet hy Herklaas. Hy is 'n gegoede 'boer', eintlik spekulant, wat nie sy hande nie, maar sy kop gebruik om vooruit te kom. Hy word in die boek voorgestel as 'n man wat op die arbeid van ander teer. Oom Hannes, die veeboer wat Theunis gaan help is iemand na die jong man se hart. Hy het onder begin en ons verneem hoe hy stap vir stap gevorder het...

Ook aan die plaasuitleg en die daaglikse boerderyroetine word aandag gewy. Vreemd is dit daarom nie dat ons met alles saamleef nie.

Nooit word die agtergrond vergeet nie, want Theunis hou van die natuur, die groot bome met hulle geurige blomme en die welige gras van die plaas. In verband met dit alles kry ons voorbeelde van die kunstenaar se fors, beeldryke taal. Hoe laat hy ons nie die spokende jong perd sien nie. Die vergelykings is altyd uit die plaaslewe gegryp. Telkens word dit met sy vroeër boerdery vergelyk en dwarsdeur word 'n handige gebruik van die panmotief gemaak.

Gloedvol is die eerste bladsye wat aan Theunis se eie boerdery gewy word: hoe hy 'n klompie verse koop, hoe hy veral met Witlies saamleef. Sy word vir hom simbool van sy oorspronklike strewe om deur noeste arbeid 'n boerdery op te bou. Aan dié ideaal het hy egter ontrou geword,

want soms het hy van Herklaas se dienste gebruik gemaak om 'n slag te slaan en vinniger te vorder. So kon hy Arbeidslus, sy okkupasieplaas, gou afbetaal en kort daarna teen 'n aansienlike profyt verkoop om die panwêreld waar Alie nog altyd is, die ou plaas los te werk.

Die romantiese element word om Alie, die geïdealiseerde plaasnooi, en Drienie, oom Hannes se dogter wat aantreklik is en modern, en baie aandag aan haarself wy, opgebou, maar bly bysaak. Dis maar net die kruie in die boek. In die plaasuitbeelding soos dit deur die oë van die geesdriftige boer gesien is, lê die waarde van hierdie aantreklike boek..."

Uit die resensies soos hierbo aangehaal kan duidelike biografiese elemente van die lewe van Pasch opgemerk word. Daar word gepraat van sy kunstenaars persoonlikheid. Hierin het die Here hom op 'n besondere wyse as skrywer ingelei in wat 'n belangrike stap in sy verdere roeping was. Soos die boek dit gehad het, so het Pasch na roeping gekyk. Hy plaas die hoofkarakter van sy roman Teunis in 'n roepings situasie:

"Hy het mooi drome van 'n eie toekoms as selfstandige boer op 'n plaas wat deur sy arbeid uitgespook het... In elke dag se harde werk moet sy bevrediging lê, nie in die loon wat in sy arbeid skuil nie; en sy loon moet middel wees tot groot roepingsdinge in die lewe... In werklikheid is sy instinktiewe afkeer van die man vrees vir eie drang om toe te gee aan die begeerte om onafhanklik boer te word lange ander weë as die van roepingsvolle arbeid."

G Pasch se skrywerstalent en roeping wat hy hiertoe gehad het, was getuienis dat die vorige paar jare as vlugteling, hoofsaaklik op plase tussen hardwerkende boere vrug gedra het wat by sy latere roeping en bediening pas. Talle aspekte van boerdery soos in sy romans die hooftemas was, bring 'n aspek van kerklike roeping en amp en bediening na vore wat in Bybelse terme baie keer boerderyterme is. Om as predikant, herder te wees, is in alle geval 'n boerdery-metafoor. 'n Herder is 'n boer en om geroep te wees as God se herder is om met God se kinders te boer, deur hulle te *"vang"* waar dit om die Here se visse gaan (vgl. Luk. 5:10), of om die kudde te versorg waar mense die Here se *"skap*e" is (Joh. 10). Hierin is die noue band tussen om te boer en om vir die Here sy skape en lammers op te pas en te laat wei deur God Self tot roeping van sy apostel gemaak (vgl. Joh. 21:15-17). In die koninkryk stel die Here sy Kerk as sy kudde voor.

Dit is besonder in die roeping van G Pasch dat hy sy liefde vir die boerdery eintlik kon inleef in sy liefde vir wat die Here se Kerk vir hom geword het. Die roeping om te boer en om hard te werk en om nie met winsbejag besig te wees nie, het in G Pasch se lewe in sy skryfwerk

sentrale temas gebly. Selfs ook in van die kortverhale wat hy geskryf het. So het daar in die verband ook in 1948 ’n werk uit sy hand verskyn getiteld *“Blouperd”* wat die tema van roeping en boerdery weer bymekaarbring (Die Besembos, 1948:19).

Selfs het Pasch wetenskaplik hom oor boerdery en boerdery-praktyke uitgelaat deur in 1948 ’n artikel te plaas, wat landboukennis vereis en selfs vir landbou-ekonome inligting bevat (Die Veteraan, 1948:7-9). Die werk is getiteld *“Boerdery in Suidwes-Afrika”.* Dit is duidelik dat waar Pasch besondere kennis en liefde op die boerdery-terrein kon weergee dat so ’n liefde vir wat boerdery is, sterk aansluit om as geroepe bedienaar jou te verantwoord oor wat doen ek met God se “*boerdery”,* sy Kerk.

Pasch het in sy roeping bewys dat sy liefde vir boerdery in die roeping en bediening van ’n predikant inderdaad ’n groot pluspunt kan wees. Die liefde vir die grond is egter iets wat die predikant van sy roeping en kerk-wees nie mag skei nie. In die geval van G Pasch het sy liefde vir die Namibiese grond en boerdery in Namibië sentraal gebly, al het hy in 1944 teleurgesteld daardie land en sy mense moes verlaat, omdat soos hy dit stel, hy daar “verban” was, het hy vir die boerdery in daardie land in sy verdere lewe sy agting en liefde behou, soos sy wetenskaplike werk oor die Boerdery in Suidwes-Afrika aantoon.

Hy wat G Pasch was, het inderdaad in sy roeping op die harde manier moes leer, nie om net met beeste, skape perde en honde sy lewe te vul nie, dit waarmee sy jare as banneling grootliks gevul was, maar nou het die Here hom geroep dat sy lewe sal al meer gevul word met die Here se mense, sy Kerk waartoe die Here hom roep.

5.8 GEVOLGTREKKINGS EN BEOORDELING OOR G. PASCH SE ROEPINGSTRYD

Baie briewe uit die Pasch-gesin gee duidelik ’n weerspieëling wat in G Pasch se lewe homself laat twyfel het of hy met sy roeping as VDM kan voortgaan. Dit het in die eerste vier jaar in Potchefstroom dikwels na vore gekom dat hy as student soms oortuig was dat hy nie waarlik geroepe is nie.

G Pasch sou as kind en enigste seun van sy vader op grond van die Vyfde Gebod hom aan sy ouers se gesag onderwerp. Wanneer ’n kind se worsteling oor sy toekoms en roeping in stryd raak met wat sy ouers en gesin se verwagtinge oor hom is, kan aanvaar word die gelowige kind hom/haar teen sy eie wil aan die wil en wense van sy ouers sou onderwerp. Dit was in G Pasch

se beginjare van sy studie duidelik dat hy nie teen die wil van sy vader wou handel nie. Hy dra die belange van sy geliefdes op die hart al het hy nie hulle roeping vir hom ter harte geneem nie. Hierdie konflik en botsing van belange stel die jongmens aan baie worsteling bloot. Worsteling waaraan moeilik ontkom word as die ouers/gesinslede glo hulle eise onverbiddelik kan bly geld.

In die beoordeling van hierdie druk moet daarop gewys word dat die toepassing van die Vyfde Gebod om gehoorsaamheid aan sy ouers te betoon betreffende sy roepingskeuse nie geregverdig is nie. Al bestaan daar geen bewyse dat G Pasch opstandig/vertoorn geraak het oor sy gesin se deurlopend en ernstige aandrang dat hy predikant moet word nie, kan aanvaar word dat kinders naderhand wel daartoe geneig kan raak. Dit word vanuit die Woord van die Here bevestig dat ouers hulle kinders nie deur hulle optrede mag vertoorn nie (Ef. 6:4). Die reg en billikheid van ’n ouer wat sy roepingskeuse op sy kind wil afdwing kom ernstig in gedrag. Dit kan kinders vertoorn en opstandig maak al kon daar geen bewyse gevind word dat dit by G Pasch die geval was nie.

Hy het egter kort ná sy pa se sterwe wel sy roepingskeuse verander. Dit dien as bewys dat die eer, liefde en trou wat ’n kind aan sy ouers moet bewys, deur G Pasch nagekom is. Hy het in navolging van die Vyfde Gebod aan die hand van Sondag 35 Kategismus hom aan sy ouers se goeie leer en tug ten koste van homself onderwerp. Hierdie “verskuldigde gehoorsaamheid” wat ’n kind teenoor sy ouers moet betoon in die nakoming van die Vyfde Gebod kan duidelik vir die kind met sy stryd van binne, ’n stryd na buite word. Die omgekeerde by roeping kan ook gebeur. Dit wil lyk of dit by G. Pasch die geval was .Hy het nooit openlik opstandig geraak met wat sy vader en familie van hom verwag het nie, maar tog het hulle stryd van buite vir hom al meer ’n stryd na binne geword.

Dit wat verder by G Pasch positief uitstaan is sy eerlikheid oor sy worsteling. Hy het nooit openlik in opstand gekom nie, maar het sy worsteling, eerlik en opreg meegedeel. Wanneer iemand voorgee dat hy geroepe is en vir ander sy nie-geroepenheid verberg is dit tragies wat later kan gebeur as dit te laat uitkom dat roeping vir baie lank met skyn voorgehou is maar dit eintlik ontbreek het. G Pasch was eerlik oor sy worsteling en sy vader en die res van sy gesin het hom daadwerklik in sy worsteling bygestaan. Ander positiewe aspekte wat uit hierdie hoofstuk na vore kom is in besonder die vader se oortuiging, dat roeping tot die amp, heilig is. Roeping is ’n saak van groot erns. Ds. H Pasch se skrywes staan Bybels gefundeer in ooreenstemming met Paulus se brief aan Timotheus *“as iemand na die opsienersamp verlang,*

begeer hy 'n voortreflike werk" (1 Tim 3:1). Later skryf Paulus weer aan Timotheus dat 'n geroepene 'n getroue man moet wees, bekwaam om ook ander te leer (2 Tim 2:2).

In al die aspekte wat die Pasch-gesin se skrywes duidelik Bybels oortuigde beginsels en menings bevat is daar die ander kant van die saak wat krities in oënskou geneem moet word.

Martin[64] (1971) wys op die groot gevaar wanneer roeping direk verbind word met die ambisie van 'n ouer wat dit op sy kind wil afdwing. Die onsekerheid en trauma waarbinne die kind geplaas word, is van groot omvang. Die moeilike vraag wat hier na vore kom is in watter mate moet iemand wat so oor sy roeping twyfel nog aangemoedig word en onder so baie druk geplaas word om met sy studie voort te gaan. Veral as hy waarlik oortuig is dat hy nie langer daarvoor kans sien nie. Dit wil voorkom of die meeste druk juis uit G Pasch se gesinskring op hom geplaas was.

Wanneer ds. H Pasch en N Martin met mekaar rondom hierdie vraagstuk vergelyk word is dit duidelik dat hulle op kardinale punte oor roeping direk van mekaar verskil. Volgens Martin (1971) se bespreking rondom *"a call to ministry"* moet die persoon wat in soveel twyfel verkeer eerder die roeping ontmoedig word inplaas daarvan om hulle aan te moedig. Martin beroep hom in besonder op Jakobus 3:1 waar daar staan:

> *"My broers, julle moenie almal leermeesters wil wees nie, want julle moet weet dat ons wat leermeesters is, strenger as ander beoordeel sal word."*

'n Bedienaar van die amp is in sy volle betekenis *"leermeester*". Nie almal kan dit wees nie, al wil hulle dit word. Martin se oortuiging is dat as 'n geroepene enigsins hieroor twyfel dat hy dit nie kan wees nie dan moet hy ontmoedig word om dit te word. Verder is Martin oortuig dat as iemand hom as geroepene voordoen, maar hy is nie deur die Here gestuur nie, daar na die profeet Jeremia geluister moet word (vgl. o.a. Jer. 14:14-15; Jer. 23:21,32, 38). Die veronderstelling dat die roeping tot predikant in alle gevalle altyd as gunstig oorweeg word kan volgens Martin 'n grondfout wees.

---

[64] Albert N Martin was 'n predikant van die Gereformeerde Baptiste Kerk in Montville New Jersey (Trinity Baptist church). Hy het daar as predikant tot Junie 2008 gedien. Hy was langer as 40 jaar predikant. Hy het in besonder die betekenis van roeping (1971-1972) nagevors. Die klankopnames is beskikbaar by http://www.sermonaudio.com/search.asp?seriesOnly=true&currSection=sermonstopic&SourceID=tbcnj&keyworddesc=A+Call+To+The+Ministry&keyword=A+Call+To+The+Ministry

Martins (1971) lys ’n sestal redes wat hy as gevaarlike beskouinge sien wanneer mense tot die amp wil toetree.

- *’n Verkeerde aanvaarding en opvatting van jou eie gawes en vermoëns.*
- *’n Ongekontroleerde begeerte tot aandag en uitoefening van gesag.*
- *’n Ongebalanseerde idee van spiritualiteit (werk van die Heilige Gees). Gawes kan nie as vanselfsprekende bewys van spiritualiteit dien nie. Hoogste gawes dui nie noodwendig op die hoogste mate van genade nie. Volgens hom is daar nie noodwendig ’n verband daartussen (tussen gawes en roeping) geplaas word nie.*
- *’n Onakkurate beskouing van my aanleg en vermoëns. Liefde vir die waarheid waarborg nie noodwendig die verstaan van die waarheid nie. Soos liefde vir God en liefde vir mense onderskei moet word.*
- *’n Ongekontroleerde psigologiese behoefte vir persoonlike erkenning en identiteit. Dan word die preekstoel die uitlaatklep van persoonlike frustrasie wat dit nooit mag wees nie.*
- *Die ambisies van ander mense, soos ouers wat hulle kinders tot predikant-wees wil dwing kan kinders in ’n verskriklike onsekerheid en trauma plaas.*

Die verkeerde redes in die toetrede tot die amp as predikant is volgens Martin ’n langer lys as dié eienskappe wat hy positief as roeping vir ’n voornemende predikant waardeer. Volgens hom is die volgende vier redes deurslaggewend in die benadering tot die roeping as predikant:

- *Daar moet waarlik ’n diepe begeerte wees gebore uit die regte motiewe (vgl. 1 Tim 3:1).*
- *Spiritualiteit wat dui op egte volwasse (mondige) Christelike ervaring.*
- *Gawes wat dui op heilige voorsienigheid en geestelike volwassenheid. .*
- *Geleenthede wat daarop dui dat die Here voorsien ’n opening. So sal die gesonde roeping heenwys dat daar werklik ’n ruimte (opening) deur die Here geskep word waar die mens sy roeping sal kan uitleef.*

Ds. H Pasch se benadering om sy seun op verskeie maniere aan sy gewete te bind en hom by wyse van talle Skrifgedeeltes te forseer om sy verlange na wat hy eintlik wil doen nl. om te boer as iets ondergeskik en minderwaardig af te maak kan nie aanvaar word nie en kan potensieel baie skadelike gevolge hê.

Trawick (1997:7) het aangedui dat die reformatore Martin Luther, sowel as Johannes Calvyn gewaarsku het om roeping te reduseer tot net in kerklik-religieuse konteks. Ds. H Pasch (13 Oktober 1933) het die saak van boerdery op die kantlyn geskuif deur hom soos volg oor die roeping van ’n boer uit te laat

> *"U sluit die stryd nie af nie om boer te word maar om u oor te gee in die amb waarvoor u afgeboden is. Ja ook u verlange van u kinderjare af.*
>
> *As u boer moes word sal er geen stryde wees. Nou wil u dat u goed en en een geseene teken dat God u roep vir die bediening. Vat u studie op in sy naam. Laat alle gedagte van die mens en die gebring word in Christus. 2 Cor.10.4.5. Die Heer bewandel met u die weg van alles heiliges van den beginne tot die einde. U kan God nie dien nie as Hy self u nie roep nie en u bekwaam maak tot sy diens. Hy het u ingebind in uwe stryd met Hom. Hy sal u deur leide en wil leide ten eere van sy Naam".*

Wanneer die reformatore hulle oor roeping verantwoord dan stel Trawick (1997:7) die vroeëre reformatore se standpunt soos volg:

> *"Vocation is not exhausted by occupation. Reformers were adamant in their insistence that the work of vocation was not exhausted by the religious duties of monastic life, that vocation necessarily existed in the everyday occupations of ordinary Christians. However, it was never the intent of Reformation theology to replace the narrow definition of vocation as consisting solely in professional religious orders with an equally narrow definition confining the work of vocation to that of economic occupation"*

Die gewoon alledaagse werk van gelowige kinders van God moet as hulle roeping waardeer word. Hierin het ds. H Pasch en die reformatore wel gelyk dat die nadere onderskeid van iemand wat in God se diens geroep is nie maar net gesien word as werk waarmee in lewensonderhoud voorsien word nie. Roeping tot die amp is afgesonder en moet onderskei word van ander beroepe wat wel ook as roeping aangedui word. Die Kategismus (Sondag 49) werp hierop verder lig as daar in die derde bede van die *Onse Vader-gebed* onderskei word tussen die mens se amp en beroep. Elkeen moet sy amp en beroep gewillig en getrou kan beoefen en uitvoer. Die amp is hiervolgens 'n besondere roeping wat beoefen moet word terwyl 'n beroep dui op die algemene roeping om die uitvoering van 'n taak (vgl. Kategismus V/A 124).

5.9 SLOT

'n Mens kan nie van jou roeping wegvlug nie. Dit het Jona ook nie kon doen nie. Al het G Pasch hom op baie ander terreine onderskei, as belowende student, as besonder goeie sportman, as uitmuntende boer, as harde nasionalis, het hierdie vermoëns in die lewe van G Pasch hom oor

die wydtes van Suid-Afrika tot sovêr as in Namibië gebring, nie omdat hy goed was nie, maar omdat hy moes vlug. Al mag dit in baie opsigte en vir baie lank as politieke vlugtog/te gelyk het, het die Here dit nie toegelaat dat G Pasch van sy roeping bly vlug nie. G Pasch se lewe bevestig die feit dat wanneer die mense swak is dan is die Here sterk (vgl. 2 Kor. 12:9-10).

G Pasch se pad as gevangene en as vlugteling, tot waar hy sy naam verander, kan vreemde situasies ontlok wat daar inderdaad was. Selfs vir sy geliefde Leenster het dit alles te veel begin word. Maar waar dit gaan oor roeping moet die geroepene erken, God verlaat hom nie, selfs in van die vreemdste plekke en tussen die vreemdste mense is God besig om die roeping wat die mens moet uitvoer te volvoer.

Die geroepene kan (mag) nie praat van die vreemde God en sy mense nie. Dit het G Pasch baie jare geneem om dit uit te vind, totdat hy moes erken God wil nie dat Sy roeping meer vir hom vreemd en swaar moet wees nie. In die heerlike roeping van predikant-wees moet God se heerlikheid gesien kan word. In die volgende hoofstuk moet God se heerlikheid, die roeping, die liefde en die seën om predikant te wees bymekaarbring word.

Hoofstuk 6
OORGAWE EN UITLEWING VAN ROEPING: G.B.S. (RABBO) PASCH

Oorsig

6.1 Inleiding
6.2 Plotseling koers in sy lewe
6.3 Koers in sy studie
6.4 Koers met Leenster
6.5 Roeping in Potgietersrus
6.6 Skielike heengaan
6.7 Roeping uitgeleef
6.8 Slot

6.1 INLEIDING

Roeping sal op alle vlakke teen die gebrokenheid van menswees inworstel. In die lewe van G Pasch het die vorige hoofstuk talle vlakke van gebrokenheid in die menswees van G Pasch aangedui. Hy wat as geïnterneerde en voortvlugtige homself in baie dele van suidelike Afrika bevind, het nie kon wegvlug van wat sy roeping moet wees nie. Sy roeping het hom in die buiteland, in Namibië gevind. Soos sy vader ds. H Pasch sy eerste roeping in die buiteland, in Angola begin, gebeur iets soortgelyk met die seun. Hy word nooit predikant in die buiteland nie, maar hy word in die buiteland oortuig dat hy predikant moet word.

Vir die mens mag dit lyk na ’n plotselinge gebeurtenis om skielik met oorgawe en sonder reserwe hom aan die roeping oor te gee. Hierin moet ons hierdie oorgawe aan sy roeping sien in wat die vorige 13 jare van sy lewe ’n “roepingskool” was waarvan baie gebeure ’n voorbereiding was wat die uiteindelike roeping van hom sou verg.

Die realisering van G Pasch se roeping om klaar te studeer bring terselfdertyd rus en orde in sy lewe. Roepingsaanvaarding as daad van gehoorsaamheid laat die mens in die ingange en uitgange van sy lewe die hand van God aanskou. Hierin het G Pasch hom op besondere wyse verantwoord dat om deur God gestuur te word beteken om eers na die Here te kom voor die Here hom kan stuur. In G Pasch was 13 jaar van sy lewe ’n proses van kom tot die Here en

vanaf 1946 het die besef dat nou sal die Here hom stuur 'n werklikheid kon word. So bevestig G Pasch se lewe dat roeping eerste met 'n kom tot die Here te make het, voordat dit kan word 'n stuur (uitsending) van die Here.

In die oorgawe aan sy roeping wat 17 jaar geneem het, het die uitleef van G Pasch se roeping net 10 jaar geduur. Vroeg in 1960 is hy skielik oorlede. Waar sy vader die begeerte gehad het om lank in die bediening te wees, omdat hy laat in die bediening gekom het, het dit by die seun anders verloop. Hy het ook laat in die bediening gekom, amper 34 jaar oud, wel jonger as sy vader wat oor die 40 jaar was voor hy predikant geword het. Roeping word egter nie in jare gemeet nie maar in diepte en oorgawe. G Pasch het net 10 jaar aktiewe bedienaar van die Woord (VDM) kon wees. Hy was as predikant net aan een gemeente, die Gereformeerde Kerk Potgietersrus verbonde. Dit was 'n geval van 'n roeping in tien jaar ('n dekade) uitgeleef.

Die hoofstuk moet daardie dekade in delf, want het G Pasch op talle vlakke van Kerk-wees bewys hoe wyd, hoe vêr en hoe diep nie net die liefde van die Here strek nie, maar waar die liefde van die Here bedien word, daar is roeping ter sprake. G Pasch was in sy gemeente, in sy kerkverband en in sy dorp bekend, bemind en berug. Dit by oud en jonk. Vir die jongspan was hy "oom Gert" van die Slingervel. Watter belangrike bydrae om vir die jeug in die kerkverband sy roeping te gee. Daarmee saam het hy hom vir die Gereformeerde onderwys beywer.

'n Lys van artikels wat hy in die tien jaar in *Die Kerkblad* gepubliseer het, wys sy gawes, sy insette en sy bekommernisse. Dit wissel van opskrifte soos "*Gereformeerde onderwys"* tot wat gaan aan met "*ons begrafnisse*". Hy skryf vir die jeug oor die Here se beloftes, veral waar dit gaan oor hulle belofte by belydenisaflegging. In 1954 is die preek in die jaar almanak dié van GBS Pasch met as titel *"Hy verdelg en red".* Die preekbundel na sy sterwe uitgegee getiteld *"En uit sy volheid"* bewys sy gawe tot bediening van die Woord waarin Rabbo Pasch baie bekend was. Niemand sou kon dink dat die reuse-bydraes wat hy in 1959 by die GKSA se 100-jarige fees in Rustenburg gelewer het, in sy laaste lewensjaar sou wees nie. Die laaste preek by hierdie besondere geleentheid was sy preek "*Gesien, gedank en moed gevat.".* Hy was maar sopas 44 jaar *"jonk*", vir die Here genoeg om hom na Hom te neem. Die mens se gebrokenheid is 'n werklikheid waarteen die roeping moet inworstel.

6.2 PLOTSELING KOERS IN SY LEWE

Dit wat hy op 18 Februarie 1944 aan sy suster An geskryf het, 'n brief wat haar kort voor haar dood daardie jaar moes bereik bly merkwaardig in wat roeping is en wat roeping doen:

> *"Ek gaan, sodra as die dinge verby is, Universiteit toe om predikant te word. Nou het ek die begeerte daartoe, die lus daarvoor en ek voel dat dit die roeping is wat God vir my, die onwaardige in Sy Raadsplan beplan het "*(G Pasch, 1944).

Na die gebeure in Namibië met kol J.L. Hamman en prof. P.J. Coetzee was dit alles middele in die hand van die Here om aan die roeping koers te gee. In Augustus 1944 het Leenster van der Walt sy voorneme om sy studie te hervat nie ernstig opgeneem nie. Sy skryf dat sy *"bly is om te sien dat alles jou weer daar geval. Ek hoop dat jy meer en meer sal lief word vir daardie wêreld van julle..."* Twee maande later skryf sy:

> *"Ek is jammer om te sien dat jy effens, of moet ek sê baie boos is vir sommige mense daar. Wat is dan die moeilikheid? Ek is darem bly om jou ontwil dat Kolonel en tant E dieselfde bly"* (L van der Walt, 1944)

Hieruit kom dit na vore dat Leenster verwag het hy daar sal wil bly. In G Pasch se pogings dat sy by hom moet kom kuier en sy teleurstelling met haar dat sy nie wil kom nie, is die bevestiging vervat dat hy terugkom na Suid-Afrika. Aan die begin van 1945 het hy sy studie hervat. Hy was nou 29 jaar oud. Van der Schyff (2003: 196-197) maak die afleiding dat dit wel 'n geroepe, gelouterde en sterke Pasch is wat teruggekeer het:

> *"Ná die oorlog en diep onder die indruk van sy oorlogstydse ervaringe, besluit Pasch om aan sy vader se wens te voldoen en studeer gevolglik verder in teologie. Veel ryper nou as die deursnee-student, sê Hertzog Venter, het hy sy studies met groot vrug geniet en 'n leiersrol, die rol van "vaderlike raadgewer", in die studentelewe gespeel. In 1946 is hy lid van die ANS-bestuur en ook voorsitter van die Studenteraad, terwyl hy in 1947 ook 'n tyd lank as ondervoorsitter dien. Victor d'Assonville, 'n eerstejaar in 1947 en latere SR-voorsitter, getuig later van sy plotselinge kennismaking met "die forse gestalte van wyle 'oom Rabbo' Pasch, toe alreeds 'n veteraan, nie alleen van die P.U.K. nie, maar van die interneringskamp en vier dapper jare daarbuite. Toe sy naam in 1947 op die Heimat-bord [bevattende die naamlys van SR-voorsitters] geverf word, het die standaard van dié erelys ook dadelik gestyg.*

In 1945 speel Rabbo ook weer vir Theos, saam met kaptein en latere Springbokflank Basie van Wyk en voorspeler "ysters" soos Fer de Bruyn en Alwyn Malan. In 1946 en 1947 sit hy steeds op die foto, maar nou as breier van die span" .

6.3 KOERS IN SY STUDIE

Dié tyd van doelgerigte studie, sonder om weer te aarsel, weer gedwonge te moet voel, weer te wil terugval het nou begin. Daar was vir Pasch nou net één roeping en dit is om voluit in diens van God te wil staan. Hoeveel gebede en gesprekke aanleiding kon gee tot wat nou 'n werklikheid geword het, sal niemand ooit kan meet nie. Hulle wat vroeër hom so aangemoedig het, sy vader, en veral dan ook sy oudste suster se plek op aarde was nou leeg, maar hy sou nooit vergeet hoe hulle daarna verlang het na dit wat hy nou met ware erns en toegewydheid begin het nie.

6.3.1 Weereens studenteleier

In die volgende vyf jaar wat G Pasch nog in Potchefstroom was, spreek sy leierskap boekdele. In die jaarverslag van die Studenteraad van 1946 gee G Pasch as voorsitter rekenskap van 'n wye spektrum van die studentelewe. Dit is opvallende dat *Korps Veritas Vincet* die eerste aandag ontvang. Hierdie vereniging wat sedert 1894 bestaan, het al die jare die uitvoering van studente se latere roeping bedien. Die uitgangspunt was *"die aankweking en bevordering van die gereformeerde beginsels op godsdienstige en staatkundige gebied"* (Van der Schyff, 2003:52). Die doel was om die studentelewe "in gereformeerde bane te lei". Hierdie aktiewe studenteliggaam het in die leiers tyd van G Pasch steeds aan sy doel beantwoord. In die jaar het hulle onderwerpe hanteer wat gestrek het rondom gesag en gesagsuitoefening volgens die 5de gebod, daar is gekyk na die Skotse predikante, die huisgesin in die lig van God se Woord, die Bybel as lewensreël (Die Besembos, 1946:75). Uitreik na ander organisasies soos die FAK het deurlopend plaasgevind.

Die ANS (Afrikaner Nasionale Studentebond) was in die jaar van Pasch se voorsitterskap onder groot druk vanweë geskille wat hy nie die aard daarvan beskryf nie. Dat daar 'n besondere uitdaging hierin vir Pasch geleë was om weer eenheid in die geledere te bewerk is duidelik (Die Besembos, 1946:75). Weereens het G Pasch en sy groot politieke "teëstander" J.C. Smuts ter sprake gekom in die sin dat in die jaar van Pasch se voorsitterskap het prof. D.W. Krüger oor Smuts as Boere-generaal gehandel. G Pasch gee as naskrif by sy verslag die volgende kort

opmerking: “Maar daardie Smuts is dood”. Dit bewys weereens die onreg wat G Pasch die vorige jare vanweë Smuts moes ly sal nie maklik vergeet word nie, al het G Pasch hom kon vergewe.

In G Pasch se jaarverslag as Studenteraadsvoorsitter kom verder ter sprake die opneem van dames as deel van hulle hoofbestuur. In die takvergaderings het Pasch gerapporteer hoe daar gekyk is na die Afrikanerstudent en sy taak en het Pasch self gepraat oor die Kamplewe. Daar is aandag gegee aan erosie, grond en veldbewaring, terwyl die beginsel van CNO toegepas op die universiteit ook behandel is. Die volksgevaar in die metodisme was een ander groot tema wat die ANS in die jaar na gekyk het.

Baie ander terreine van die studentelewe het hierdie ouer student aktief aan meegewerk. Op kuns en kultuurterrein was die Alabama Boereorkes, redenaars-vereniging, Skaakklub maatskaplike studentevereniging meer en minder in van hulle aktiwiteite geslaagd. Interessante vraagstukke en debatte wat hanteer was, was o.a. watter aspekte van die volk vereis die meeste aandag- die godsdienstige of ekonomiese. Nog ’n belangrike tema waarna gekyk was of *“is samewerking tussen die Afrikaanse en Engelssprekende groepe in SA wenslik?”* Dit blyk deurlopend dat G Pasch nie vir omstrede politieke kwessies teruggedeins het nie, al het hy al so baie daaronder gely.

Op die gebied van sport het G Pasch hom altyd sterk gebonde geag, veral wat sy betrokkenheid by rugby betref. G Pasch het 1946 as ’n teleurstellende rugbyjaar beskryf, maar was sy voortgesette deelname en vooruitsigte op beter prestasie duidelik ter sprake (Die Besembos, 1946:78). Hy sê self dat *“die eerste span het miskien baie teleurgestel”.* Verder het tennis, hokkie, atletiek, korfbal en jukskei nie in die verslag agterweë gebly nie. G Pasch kondig ook aan dat *“Die Wapad”* in 1946 sy eerste verskyning gemaak het (Die Besembos, 1946:81). Chris Hattingh, latere predikant, het hierin as redakteur hom onderskei. Dit was van die begin ’n koerant wat met sy vinger op die pols met die studente wou saamleef.

Die verhoudinge met ander studenteliggame in besonder die Onderwyskollege was vir G Pasch prioriteit. Hulle het goeie basisse van samewerking kon oprig. Die waarde maar ook misbruik van ontgroening het in die jaar van G Pasch se voorsitterskap besondere uitdagings geverg wat uit “onplesierige voorvalle” gespruit het (Die Besembos, 1946:83). Hierin stel G Pasch voor *“Graag wil ons aan die SR van 1947 aanbeveel: Laat daar geen ontgroening wees nie, selfs nie in die geringste mate nie en laat dit ’n praktiese toetssteen wees hoe die saak die algemene*

studentelewe sal beïnvloed en hoedanige P.U.kaners sulke nuwelinge sal word" (Die Besembos, 1946:83). Ander kostelikhede wat in die jaar aandag ontvang het, is dat mans vir die eerste keer toegelaat was om met kortbroeke tennis te speel.

6.3.1 Sy studie

Kuratore-rapporte en uitslae van eksamens dui daarop dat G Pasch met sy studies erns gemaak het. Soos teologiese studente wel in sekere vakke heelwat hoër punte verkry as in van die ander vakke was dit duidelik met G Pasch as student ook die geval. Hy het in 1947 in dogmatiek met 'n punt van 72% geslaag, maar in van die ander vakke was sy gemiddeld weer laer. In hierdie 2de jaar van voltydse studie aan die Teologiese Skool het hy vir Eksegese Nuwe Testament 51% behaal wat daarop dui dat hy aan die vak besondere aandag moes skenk. Tog was sy punte wat Kanoniek Nuwe Testament betref wel oor die 60%. Dit is duidelik dat Kerkgeskiedenis vir G Pasch na aan die hart gelê het. In die tyd het hy vir sy Kerkgeskiedenisvraestel 74% in die eksamen behaal. In vergelyking met ander studente kan afgelei word dat hy wel goed presteer het.

Wanneer hy in 1949 sy studie voltooi was hy die "top-presteerder" van al die studente op die Teologiese Skool. Hy was mede-student van ses ander finalejaars (Senaatrapport Teologiese skool Potchefstroom, 1949:4). Aan die einde van 1949 het G Pasch in sy jaargroep die hoogste gemiddele behaal van 69%. Sy klasmaats se gemiddeld was: B Duvenage 68%, HS Pelser 68,5%, PC Rule 63%, Ph Snyman 67%, JJ van der Walt 64% en MW van der Walt 61%. Op 'n jaarstaat van al die studente wat in 1949 op Teologiese Skool was ('n totaal van 29 studente) was G Pasch se 69% uit al vier die jaargroepe in 1949, ook die hoogste ((Bylae 16, Eksamen-uitslae Nov. 1949). Sy punte was soos volg: Pastoraal 70%, Liturgiek 68%, Kategetiek 70%, Dogmatiek 68%, Kerkreg 70%, Kerkgeskiedenis 70%, Eksegese Ou Testament 65%, Eksegese Nuwe Testament 64%, Etiek 68%, Kanoniek OT 70%, Kanoniek NT 76%, Openbaringsgeskiedenis OT 70%, Openbaringsgeskiedenis NT 66%, Selfstandige eksegese OT 70%, Selfstandige eksegese NT 70%.

Dit val op dat Pasch in sy laaste studiejaar 'n groot verbetering in sy akademiese prestasies aantoon. Aan die einde van 1948 was hy nie die "*toppresteerder"* soos sy laaste jaar nie. In sy klasgroep was sy gemiddeld vanuit die groep 'n gemiddeld van 57%, wat die tweede swakste uit die groep was. Dit was ook onder die gemiddelde van al die studente uit al die jaargroepe van 1948 (Bylae Senaatsrapport. Eksamenuitslae Nov. 1948). Die drastiese verbetering wat G

Pasch in sy laaste jaar behaal het, dui op die besef dat hy sy studies wat hom tot sy roeping moet bekwaam baie ernstiger en met harder werk opgeneem het

G Pasch het as leier tussen die Teologiese studente opgetree. So blyk dit duidelik uit ’n brief wat hy op 25 Oktober 1949 namens al die teologiese studente aan die Rektor van die Teologiese Skool gerig het. Die brief volg na aanleiding van ’n teologiese student PG Geertsema wat as student uit die kerkverband van die GKSA oorgegaan het tot die Nederduitsch Hervormde Kerk. Daar was in die tyd aan die professore die ongelukkige berig dat die ander teologiese studente Geertsema se daad goedkeur en met hom simpatie betoon. G Pasch se skrywe volg aan die Rektor dat hy met al die studente geraadpleeg het en wat die simpatie en goedkeuring van Geertsema se optrede aanbetref skyf G Pasch:

> *“daarvolgens verklaar ondergetekende namens alle teologiese studente dat sodanige woorde nie gebesig is van die kant van die studente nie en dat hiermee positief verklaar word dat die studente met sy daad van uittrede geen simpatie het of daaraan goedkeuring verleen nie”* (G.B.S Pasch, 1949, Bylae 17 Kuratorerapport, Nov. 1949).

’n Verdere unieke optrede van G Pasch in sy finale jaar is ’n uitgebreide artikel oor *Gereformeerde onderwys* wat hy in *Die Kerkblad* laat publiseer het (Die Kerkblad,9 Sept.1940:13-15). Hy skryf op 30 Augustus. 1949 ’n artikel waarin hy die besondere waarde van Gereformeerde onderwys direk teenoor die onderwys in die *“neutrale afgewaterde staatskool*” stel. Al is hy nog ’n student, alhoewel self eers ’n onderwyser, beskryf hy van sy eie ervaringe in die *“siellose staatskole”* soos volg:

> *“Ek het tien jaar op die skoolbanke gesit en ek het net ’n kort gebed en miskien ’n bekende psalm op ’n dag gehoor en een-maal in die week ’n Bybelvertaling (gelukkige kind!) soos mens van Napoleon, Disraeli, of Hiawatha in die ander periodes vertel word.”* (Die Kerkblad, 9 Sept. 1949:13).

Hy beskryf ook die situasie van ’n plattelandse koshuiskind waar hulle saamgehok aan die invloed van *“soutlose bidstonde”* of *“onverskillige onderrig”* blootgestel is. Die banier wat ds. G Pasch in die tyd vir die CNO – Christelike nasionale onderwys- wou opsteek, word baie hoog gehou. Die roeping en erns in die onderwys het dwarsdeur ds. G Pasch se kort lewe ’n deurslaggewende rol gespeel, waar hyself eers onderwyser was. Op die terrein van die onderwys kan van die laaste openlike konfronterende aspekte aangedui word wat G Pasch ’n groot deel van sy lewe teen die beleid en rigting van generaal J Smuts gevoer het. Al was

Smuts verantwoordelik vir baie swaar en ongelukkige dae in G Pasch se lewe, het Pasch altyddeur die beginsels waarin hy direk met die Smuts-regering verskil, soos hier ook nou weer op die terrein van die onderwys, onverskrokke bly handhaaf, alhoewel hy later al meer teties en wel minder konfronterend gestaan het.

Letterlik het ds. G Pasch tot aan die einde van sy lewe hom in sy roeping ook aan die onderwys gewy. Baie kort voor sy dood is daar nog weer ’n artikel van hom en ds. H. F .V. Kruger met die opskrif “*Oproep C.N.O. – fonds”.* In die kerkverband het ds. G Pasch as deputaat vir onderwys en vir die CNO-fonds om die *“CNO-ideaal”* te verwesenlik nooit verslap nie Die fonds waartoe ds. Pasch hom deur die deputate aan verbind, waarvan net die rente gebruik mag word, was *“om Gereformeerde seuns en dogters as onderwysers op te lei*”. Die bestaande staatskole moes hierdeur verwerp word (Die Kerkblad*,* 16 Sept. 1959:11).

6.3.2 Eerste preke

G Pasch het in sy roeping om die Woord van die Here te verkondig in sy eerste preke as student alreeds blyke gegee van die besondere gawe wat hy hiertoe ontvang het. Die eerste eksamen preek wat G Pasch in Januarie 1949 ingedien het, was gemaak uit Johannes 19 met as teksverse verse 2-3. As indeling het hy die teks met die hoofpunte verkondig: “1. Die soldate voer ’n komediespel op, 2. Die Almagtige maak die spel waarheid”. Die kurator wat die preek moes nasien, het gestel dat die *“preek is goed”* (Handgeskrewe opmerking kurator Venter by preek van GBS Pasch: Feb. 1949). Hy was wel ook deur die kuratore gewaarsku dat hy versigtig moet wees met die gebruik van beelde. Hierdie kritiek het by die resensies van die eerste boeke wat hy geskryf het, ook na vore gekom.

6.4 KOERS MET LEENSTER

In die jare van vlugtelingskap het die verhouding tussen Rabbo Pasch en Leenster van der Walt op ’n laagtepunt verkeer. Daar was eenvoudig te veel faktore wat hierdie sensitiewe saak tussen hulle beïnvloed het. Die grootste faktor was sekerlik die ver afstande wat hulle uitmekaar verwyder geraak het en wat kontak tussen hulle al moeiliker gemaak het. Wanneer G Pasch in 1945 na die Universiteit terugkeer, is sy voorneme van die vorige jaar nie net om sy studies te hervat nie, maar sy woorde aan sy suster An, sekerlik kort voor haar dood haar meegedee**l**, staan geskryf: (G Pasch, 1944):

> *"Hoe gaan dit met Leenster? Met die beste wil van die wêreld kan ek haar maar nie vergeet nie. Ek ontmoet hier (Kalkfeld-omgewing- Namibië) baie ander dames…maar kan maar niemand kry wat haar plek kan inneem nie…"*

Een van G Pasch se studentemaats, prof. B Spoelstra, bevestig dat al was hulle saam met G Pasch op universiteit het hy hulle oor Leenster in die duister gehou. Hierin was hy maar altyd *"die volkome onafhanklike"*. In elke opsig was hy 'n normale student en het tussen die studente met van die ander dames *"gesleep",* maar het sy verhouding met Leenster van sy kant lewendig gebly.

In 1945 wanneer G Pasch terug is in Potchefstroom, het die *"skoolmeisie"* intussen 'n jongedame geword en die huiwering en onsekerheid wat sy die vorige vier jare aanmekaar teen hom gehou het, het soos mis voor die son verdwyn. Die briewe tussen hulle twee bevestig die erns waarmee hierdie verhouding kort na sy terugkeer hervat was. Hulle raak in Augustus 1946 verloof en op 14 Desember 1946 is hulle in die Gereformeerde Kerk Pretoria ("Paul Kruger-kerk") in die huwelik bevestig. Vir 'n teologiese student om in die huwelik te tree terwyl sy studies nog nie voltooi was nie, het in daardie tyd verdere finansiële implikasies meegebring. So 'n student kon nie op verdere beurse aanspraak maak nie en wanneer hy dan wel in die huwelik tree, verbeur hy die beurs aan hom toegeken.

Sy het die vorige jare saam met G Pasch oor haar roeping geworstel. Die worsteling wat G Pasch met sy roeping en toekoms gehad het, het met hom in haar lewe terselfdertyd 'n wending geneem. Sy maak as pas-getroude in 1947 'n totale ommekeer in haar roeping waar sy vanuit die onderwys haar in die mediese rigting bekwaam ten einde haar as "kraamsuster" te bekwaam. In hierdie tyd waarin sy ook weer moet studeer, was sy by die "Moederbond" (Beatrix-straat Pretoria) ingeskryf, terwyl hy in Potchefstroom aan die studeer was. Sy besef egter dat haar verdere roeping sal wees om haar man in sy roeping te moet ondersteun. So stel sy in 'n skrywe aan G Pasch die nuwe roeping waarvoor sy te staan kom:

> *"Dit gaan goed. Daan en Lena het my vanmiddag omtrent 4-uur gebring…My kamermaat is 'n mev. Joubert; vroutjie van 'n prokureur of advokaat van Tzaneen wat my baie bejammer oor ek predikant vrou word, maar origens lyk sy gaaf. Sy het 'n seun van 13 maar lyk jonk en is opgewek en naief van geaardheid. Sy sal my seker baie laat lag met haar dom astrantheid teenoor die gesaghebbendes…"* (L van der Walt, 1947).

Vanaf G Pasch se jongste suster, Babie Venter, ook ’n predikantsvrou, is daar gelukwense en seënwense wat vir die Pasch egpaar baie beteken het. Haar man was op daardie stadium predikant in Potgietersrus, min wetende dat dit die plek sou wees waar G Pasch sy roeping sou uitleef. Babie skryf namens haar en haar man, kort nadat haar broer verjaar het:

> *“Boet-… Dis ons opregte en innige wens dat julle saam nog baie geluk, liefde, arbeid en voorspoed mag geniet in die jaar wat voorlê. Julle twee het soveel groots aangepak en tot dusver met soveel moed deurgedruk dat ek glo dat in die toekoms julle nog sal volhard en julle werk met sukses sal bekroon word…”* (B. Venter, 1948).

Sy skryf dan verder spesifiek aan haar skoonsuster:

> *“Leenster ons sal duim vashou vir jou naderende eksamen. Dit gee mens moed om te weet dis die finale een. Mag dit sommer baie puik gaan! Wil jy nie hier kom werk nie? Hier word ’n nuwe kraaminrigting gebou en hulle soek staf. Dit sal tog alte gaaf wees…”*

Verdere korrespondensie tussen die familie in hierdie tyd van G Pasch se laaste studiejaar dui op die roeping wat nou opgeneem moet word. Dit kan nie gebeur sonder om ernstig in oorgawe die uitlewing van die bedienaar se roeping aan die Here op te dra nie. G Pasch het van sy suster B. Venter hierdie versekering ontvang dat hulle vir hom bid. Sy skryf:

> *“Graag wil ek ook hê dat julle moet weet dat julle gedurig in ons gebede is om julle op te dra, om julle te versorg en te lei met Sy Heilige Gees, veral met die oog op die beroepe wat ontvang sal word. Dit sal ’n moeilike tydjie wees en in die gees maak ons dit met julle mee. Onthou net , Boet soos ek al so dikwels van te vore gesê het, moenie dat ’n té groot gees van offervaardigheid julle lei om die beroep met die kleinste traktement te aanvaar nie. Jou pligte teenoor jou huisgesin weeg swaar en ’n mens kan nie onverdeelde aandag gee as daar bekommernis is nie. Ten laaste, ons liefste wense en geluk met die beroepbaarstelling en daarmee saam die verwesenliking van vader se ideale. Ons is dankbaar vir soveel genade. Aan Leenster, ons opregte bewondering vir soveel opoffering, bereidwilligheid en deursettingsvermoë met jou werk en julle huwelikslewe. Met soveel grootste voorbereiding wag ’n lieflike toekoms vir julle! Ons bid vir julle Liefde groete. Peet en Babie”.*

Hierin staan die bevestiging dat na jare se voorbidding, worsteling en stryd die uiteindelike vrug van die geroepene wag om gepluk te word. Opmerklik dat daar steeds met die voltooiing van G Pasch se studies weer melding gemaak word van die verwesenliking van vader se ideale. Hierin word selfs met dankbaarheid in terme van baie genade melding gemaak, as ’n seun so sy pa se

ideal kan vervul. Dit dui daarop dat hierdie familie in hulle verstaan van roeping nie opgehou het om dit as oordragtelike verpligting van vader na kind te hanteer nie. Om met roeping so om te gaan het hierdie studie dikwels reeds afgewys.

Watter voorreg dat sy eggenote wat deur ’n stryd van haar eie gedra moes word hierdie wag op ’n beroep saam met hom kon inwag. Sy het hierdie laaste jaar as kraamsuster op Groenvley gedien. Sy was nog lidmaat van die Gereformeerde Kerk Matlabas terwyl G Pasch lidmaat in Potchefstroom-Noord was. Hulle het as jonggetroudes steeds in die onderskeie gemeentes gebly tot waar hulle saam in hulle eerste gemeente kon begin dien.

6.5 ROEPING IN POTGIETERSRUS (1950-1960)

Die eerste gemeente waar ’n bedienaar van die Woord sy eerste predikant spore moet trap, verg in baie opsigte besondere onderskeidingsvermoë en kragte. In die geval van G Pasch was dit van die begin af duidelik die besondere impak en styl wat hy reeds as gelouterde student met die laaste studiejare in Potchefstroom gemaak het, het hy dadelik in sy bediening oorgedra. Die eerste gemeente wat ’n beroep op G Pasch uitgebring het, was die Gereformeerde Kerk Potgietersrus. G Pasch se swaer ds. PJ (Peet) Venter was die vorige predikant in die gemeente. G Pasch het wel die vorige jaar in Augustus 1949 ook as student in die gemeente opgetree (GKSAA: Potgietersrus, Notuleboek 1949-1958. 1.1.5, 8 Mei 1949, Art 24).

Gedurig het ds. G Pasch met die openinge van vergaderings en selfs voor die aanvang van gemeentevergadering die saak van roeping baie sterk na vore gebring. So was sy tien jaar van bediening waarlik deurlopend deur die besef van roeping gebrandmerk. Selfs in die laaste jare daarvan, sonder dat hy ooit bewus sou wees dat sy einde op aarde so vinnig en skielik sou aanbreek het hy met die openinge in die vergaderings spesifiek oor roeping gehandel. Net ’n jaar voor sy dood wys hy op die dure roeping van die amp. Hy stel terselfdertyd hoe belangrik dit is dat elkeen hom in sy roeping moet ondersoek voordat hy hom voor God stel. *“As ons in eie krag arbei is die werk tevergeefs maar in die Naam van God kan ons seën verwag op die arbeid”* (GKSAA: Potgietersrus, Notuleboek 1958-1968. 1.1.6, 13 Feb. 1959, Art 1). By ’n volgende vergadering was die tema vir sy opening weer die saak van roeping, wat hy gewys het dat elk van die kerkraadslede moet let op die roeping wat hulle in hulle wyke het (GKSAA: Potgietersrus, Notuleboek 1958-1968. 1.1.6, 15 Mei 1959, Art 1). So kan ds. G Pasch se beroep en bediening gebrandmerk word as hy het geroepe hier gekom en hier geëindig. ’n Roeping in tien jaar uitgeleef.

6.5.1 Beroep

Ds. G Pasch is op 4 Desember 1949 as herder en leraar van die Gereformeerde Kerk Potgietersrus verkies en beroep (GKSAA: Potgietersrus, Notuleboek 1949-1958. 1.1.5, 4 Des 1949, Art 4 en 10). Die gemeente was reeds etlike maande vakant. Hulle het wel vir ds. BR Kruger (op daardie stadium predikant van die Gereformeerde Kerk Springs) voor G Pasch beroep, waar Kruger nie die roeping opgevolg het nie (GKSAA: Potgietersrus, Notuleboek 1949-1958. 1.1.5, 4 Nov. 1949, Art 8). G Pasch het op 20 Des 1949 die gemeente laat weet dat hy hierdie beroep sal opvolg (GKSAA: Potgietersrus, Notuleboek 1949-1958. 1.1.5, 20 Des 1949, Art 3).

Ds. G Pasch is op 4 Maart 1950, deur sy swaer, ds. PJ (Peet) Venter, toe ’n bedienaar in Zimbabwe (destyds die Gerf Kerk Enkeldoorn, Suid-Rhodesië) bevestig (GKSAA: Potgietersrus, Notuleboek 1949-1958. 1.1.5, 20 Des 1949, Art 4). Die teksverse waarmee ds. Venter sy swaer bevestig het, het gekom uit Eksodus 4:12[65] (Die Kerkblad*,* 5 Mei 1950:10). Die volgende dag, op Sondag 5 Maart 1950, het ds. G Pasch sy intreepreek gelewer. Die Skrifgedeelte waarmee hy sy bediening in hierdie gemeente begin het, was vanuit Handelinge 28:15 [66] (Die Kerkblad, 5 Mei 1950:10). Om nou as bedienaar van hierdie gemeente te begin, het G Pasch duidelik sy roeping ingesien dat hy hiermee die Here kon dank, dit alles oor wat hy in sy lewe gesien het. Die sentrale gedagte waarmee die Godsman Paulus hier besig is, ook ná baie terugslae, teleurstellings, ontberinge is toe hy weer God se genade met ’n veilige aankoms en vestiging kon sien, het hy God gedank en moed gevat. Dit is waarmee G Pasch sy bediening mee begin het, om God se roeping te sien, die Here daarvoor te dank en dadelike hierin moed te skep.

Merkwaardig dat tien jaar later, in 1959, met die viering van die 100 jarige bestaan van die GKSA, waar ds. G Pasch ’n groot aandeel in hierdie besondere vieringe kon hê, was sy prediking by hierdie vieringe uit presies dieselfde Skrifgedeelte. Dit kan gesien word as ’n gedeelte wat in die roeping van ds. G Pasch ’n besondere betekenis moes dra. Hy het hierdie

---

[65] **Eks 4:12** (Bybel 1933) staan soos volg: *“Gaan dan nou heen, en Ek sal met jou mond wees en jou leer wat jy moet sê.”*

[66] **Hand 28:15** (Bybel 1933) staan soos volg**:** *“En die broeders wat van ons lotgevalle gehoor het, het ons daarvandaan tegemoetgekom tot by die Appius-mark en die Drie Herberge; en toe Paulus hulle sien, het hy God gedank en moed gevat.”*

gedeelte letterlik tot die einde van sy lewe uitgeleef, want na die prediking by die feesgeleentheid is G Pasch baie kort hierna, heel onverwags, oorlede. Hy het vir die bestaan van meer as net sy roeping, maar ook vir die bestaan van die Kerk, en in besonder die bestaan van ’n kerkverband soos die GKSA baie dinge gesien, waarvoor G Pasch die Here wou dank en wou moed skep (Pasch, 1959:223). ’n Kenmerk wat sy kort lewe en kragtige roeping sou saambring. Baie kort na die 100-jarige bestaan van die GKSA was G Pasch se lewe op aarde afgesluit.

6.5.2 Ampswerk

6.5.2.1 Volhardende ondersteuning vir sy alma mater

Op 12 Mei 1950 het ds. G Pasch sy eerste kerkraadsvergadering as voorsitter van die kerkraad gelei. Op die eerste vergadering is dit al duidelik dat die belange van die PU vir CHO (Noordwes-Universiteit Potchefstroom kampus) vir G Pasch naby die hart bly lê het. Dit was die jaar van die PUK se onafhanklikwording. Die kerkraad het besluit om ’n telegram van gelukwensing aan die Universiteit te stuur (GKSAA: Potgietersrus, Notuleboek 1949-1958. 1.1.5, 12 Mei 1950, Art 4).

Net 6 maande later het ds. G Pasch en die kerkraad met hartseer ’n “mosie van roubeklag” hanteer met die afsterwe van die eerste rektor prof. Ferdinand Postma (GKSAA: Potgietersrus, Notuleboek 1949-1958. 1.1.5, 12 Nov. 1950, Art 4). Prof. Postma het ’n groot bydrae in die lewe en roeping van ds. G Pasch gelewer, veral in die tyd van sy studente-gevangeneming en die pogings wat daar was om vir G Pasch vry te laat (vgl. pt 5.7.2). Daar was baie teleurstellings vir G Pasch en prof. Postma in hierdie verband (Van der Schyff, 2003:505).

Ds. Pasch het voortdurend in sy bediening die belange van die PU vir CHO as prioriteit gestel. Aan die einde van 1951 het hy tydens ’n kerkraadsvergadering dit duidelik gemaak dat *“lidmate moet propaganda maak by jongmense om studies aan die PUK voort te sit”*. Daar is onderneem om die name van al die matrikulante aan die PUK deur te stuur. Tydens dieselfde vergadering is daar ’n beursfonds in die lewe geroep om dit vir ouers moontlik te maak om studente wat behoeftig is te help om na die PUK te gaan. As die geld nie opgeëis word nie, kon teologiese student Minnaar van Naboomspruit uit die fondse gehelp word. Ds. Pasch was afgevaardig na die PUK fees wat op 17 Maart 1951 gehou was (GKSAA: Potgietersrus, Notuleboek 1949-1958. 1.1.5, 10 Nov 1950, Art 13).

In 1954 vra hy toestemming om die katkisasie kinders en kinders in Hoërskool na Potchefstroom te neem om, soos hy dit stel *"belangstelling by die kinders op te wek vir ons inrigting".* Die kerkraad het dit eenparig goedgekeur waaruit 'n baie positiewe gesindheid teenoor die PU vir CHO duidelik gemaak word (GKSAA: Potgietersrus, Notuleboek 1949-1958. 1.1.5, 13 Aug. 1954, Art 4).

Die kerkraad het gereeld in die bedieningstyd van ds. G Pasch uitnodigings na die teologiese professore gerig om die band tussen Kerk en *"skool"* vas te maak. Hierdie gebruik was deurlopend in die tyd van ds. G Pasch in plek. So het prof. W Snyman 'n besondere rol gespeel. Toe Potgietersrus hulle nuwe Kerkgebou aangepak het, was prof. W Snyman in besonder by die hoeksteenlegging betrek. In dieselfde tyd was die bewoording op die hoeksteen vir ds. G Pasch 'n punt van beswaar want het ds. G Pasch nie wou hê dat sy naam, G.B.S. Pasch op die hoeksteen moet verskyn nie. Die kerkraad het nie hierdie "nederigheid" in die roeping en bediening van ds. G. Pasch hom wou toegee nie. Hulle het daarop aangedring dat sy naam op die hoeksteen moet verskyn. Die kerkraad het wel toestemming verleen dat in die lig van ds. G Pasch se volgehoue beswaar dat hulle dan maar die advies van die teologiese professore in die verband sal vra. Prof. W Snyman was weer die geroepene om die vraag te beantwoord (GKSAA: Potgietersrus, Notuleboek 1949-1958. 1.1.5, 23 Feb. 1952, Art 9). Sy antwoord word nie in die notules meegedeel nie, maar dit kom voor hy het wel die kerkraad geadviseer dat daar geen beswaar kan wees teen die naam op die hoeksteen nie. Die naam van ds. G.B.S. Pasch is op die hoeksteen aangebring.

Aan die einde 1954 het die mantel op prof. S.P van der Walt geval om weereens die belange van die Teologiese Skool en die Universiteit met die gemeente te bespreek en die oproep tot ondersteuning bly gehandhaaf, veral het prof. Van der Walt gewys op die noodsaak van die uitbreiding van geboue. Met dieselfde besoek word die roeping tot sending deur prof. Van der Walt ewe sterk beklemtoon. Dit gee 'n aanduiding hoe daar al meer in die GKSA die besef gekom het dat sending landwyd uitgebrei sal moet word, soos ook deur die teologiese professore in hulle besoeke voortgedra (GKSAA: Potgietersrus, Notuleboek 1949-1958. 1.1.5, 10 13 Aug. 1954, Art 16).

6.5.2.2 Pastor en herder

Ds. G Pasch het sy roeping as pastor (herder) in die gemeente met doelgerigtheid en erns vervul. Al by die eerste vergadering dui die wyksverslae daarop dat ds. G Pasch reeds die grootste deel van die gemeente saam met die onderskeie ouderlinge besoek het (GKSAA: Potgietersrus, Notuleboek 1949-1958. 1.1.5, 12 Mei 1950, Art 18). Hierdie eerste vergadering het in alle opsigte met die wese van Kerk-wees moes handel, ook in die toepassing van die tug. Daar was ’n diaken in die gemeente teen wie daar tughandelinge moes plaasvind. Baie duidelik het ds. G Pasch die kerkraad hier met die toepassing van die liefde by die beoefening van die tug voorgegaan. Daar staan genotuleer:

> *“Hy praat vermanend met hom oor die saak maar is terselfdertyd baie toegeeflik. Hierin het die Eerw. Voorsitter hom meegedeel dat hy maar kan gaan..”* (GKSAA: Potgietersrus, Notuleboek 1949-1958. 1.1.5, 12 Mei 1950, Art 11).

Tegelyk was die onderlinge meelewing vir ds. G Pasch ’n saak van erns. Hy het in sy roeping dadelik daaraan aandag wou skenk. Ds. G Pasch het dit gestel dat hy voel “daar nie behoorlike kennismaking onder lidmate is nie”. Sy motivering was so sprekend in die lewe van die mens as hy dit stel:

> *“Die lewe is vandag gejaagd en daar word nie meer op die kerkplein oor en weer onder mekaar gekuier en gesels nie. As die lidmate uit die Kerk kom jaag almal huis toe. Gods Woord gebied gemeenskap van Heilige”* ..” (GKSAA: Potgietersrus, Notuleboek 1949-1958. 1.1.5, 13 Aug 1950, Art 13).

Aan die einde van 1950 het ds. G Pasch in sy pastorale bediening duidelik uitgewys hoe belangrik dit vir gelowiges is om die Woord van God te ken. Hy begin dan ’n studiekring bekend as *Keos*. Daar moes twee maal ’n maand bymekaargekom word vir *“lesings en ondervragings”* (GKSAA: Potgietersrus, Notuleboek 1949-1958. 1.1.5, 10 Nov. 1950, Art 32). Dit wil voorkom of die studiekring moeilik op die been gekom het. In 1954 het ds. G Pasch weer die kerkraad se ondersteuning gevra om ’n studiekring op die been te bring. Dit beklemtoon die feit dat ds. G Pasch besef het hoe belangrik voortdurende studie van God se Woord vir die geroepe bedienaar is maar ook vir die gemeente wat hy bedien (GKSAA: Potgietersrus, Notuleboek 1949-1958. 1.1.5, 13 Aug. 1954, Art 14).

’n Herder van ’n gemeente en die skriba van ’n kerkraad moet in baie opsigte vertrouelinge vir mekaar wees en baie nou met mekaar kan saamwerk. In 1951 is ds. G Pasch se gawe tot herderlike leiding onder groot beproewinge gestel. Die ouderling wat toe as skriba gedien het, is

deur van die ander kerkraad slede op ernstige oortredinge van die 8ste en 9 de gebod aangekla. Dit is baie duidelik dat vir ds. G Pasch en die kerkraad was dit ’n beproewende en bedroewende ervaring, maar die wyse waarop die saak hanteer was, wys verder op besonder herderlike gawes wat aan die werk was om hierdie persoon en die klagtes teen hom te hanteer. Die optrede van ds G Pasch wys daarop hoe hy selfs die aangeklaagde in sy naam en eer wou beskerm. Aan die einde van die vergadering was daar ’n mosie met dank ingestel *“vir die bekwame leiding wat die voorsitter hier gegee het in die behandeling van so ’n moeilike saak”* (GKSAA: Potgietersrus, Notuleboek 1949-1958. 1.1.5, 22 Jun. 1951, Art 9).

Die stryd wat voorgelê het om hierdie onverkwiklikheid by te lê het heelwat langer voortgeduur. Verskeie notules en korrespondensiestukke dra die getuienis waarin ds. G Pasch die hele tyd baie versigtig die sake van alle kante bly hanteer het, alhoewel die stadium gekom het waarin hyself al hoe strenger optrede teen die eertydse skriba moes hanteer.

’n Ander aspek wat ds. G Pasch in sy roeping tot pastoraat baie aandag aan bestee het, was die aspek van erediensbywoning. Soos sy bedienings jare aangegroei het, is dit duidelik dat die swak erediensbywoning, veral waar daar leesdienste gehou moes word, ernstige aandag moes kry. Die bywoning was wel goed as ds. G Pasch self voorgegaan het. Aan die begin van 1952 het ds. G Pasch aan die kerkraad gestel dat hulle *“in die toekoms meer beslis moet optree i.v.m. die kerkbesoek* “ (GKSAA: Potgietersrus, Notuleboek 1949-1958. 1.1.5, 23 Feb. 1952, Art 9).

Ds. G Pasch het in sy roeping meermale te doen gekry met lidmate wat vanuit die pentekostalisties kerke beïnvloed was en wat selfs na van die kerke oorgegaan het. Dit het gebeur dat van hulle dan later weer na die Gereformeerde Kerk wil terugkeer. Dit is weer toegelaat maar moes hierdie mense weer opnuut belydenis van hulle geloof voor die kerkraad aflê voordat hulle weer opgeneem kon word (GKSAA: Potgietersrus, Notuleboek 1949-1958. 1.1.5, 13 Feb. 1953, Art 4). Insiggewend is wel die feit dat daar in ds. G Pasch se bediening die navraag aan ds. G Pasch was om ’n voornemende huwelikspaar wat in die Apostoliese Sendingkerk was in die huwelik te bevestig. Hy het hom daartoe verbind. Ná die bevestiging was daar wel kommer of dit wel toelaatbaar kan wees. In die verband het die kerkraad hulle tot prof. J.A. Jooste vir sy advies gevra en was die advies van die professor *“sy eerw.heeltemal reg gehandel het deur die egband te lê en so die Woord van God suiwer laat klink het”* (GKSAA: Potgietersrus, Notuleboek 1949-1958. 1.1.5, 12 Aug. 1955, Art 5).

As geroepe herder het ds. G Pasch die belangrikheid en noodsaak van huisbesoek getrou uitgevoer. Hy het homself voortdurend daartoe verbind om amptelik al die besoekpunte in die gemeente een maal per jaar te besoek. Selfs in die tye wat die gemeente baie uitgebrei het, het hy nie aan hierdie ideaal wou verander nie. Die kerkraad het aan die einde van 1955 besluit dat hy die gemeente net in ’n siklus van 18 maande moet kan deurgaan, maar het ds. G Pasch die besluit wat hulle in sy tydelike afwesigheid geneem het, nie wou aanvaar nie. In die opsig het hy gevoel hy ook in die saak geken moet word. Ds. G Pasch het hom op die Kerkorde beroep dat huisbesoek eenmaal in die jaar moet geskied (GKSAA: Potgietersrus, Notuleboek 1949-1958. 1.1.5, 11 Nov. 1955, Art 7).

Die selfstandigwording van ‘n gemeente moet altyd as positief deur ’n predikant in sy bediening beskou word. Hierdie vreugde het ds. G Pasch in Mei 1956 te beurt geval waar die hele aantal wyke wat hy in sy bediening in Potgietersrus baie getrou bedien het, so kon uitbrei dat daar besluit is om ’n gemeente in Naboomspruit te stig. Hulle het aan Naboomspruit ’n bruidskat van £2000 in die vooruitsig gestel (GKSAA: Potgietersrus, Notuleboek 1949-1958. 1.1.5, 18 Mei 1956, Art 4). Die vereistes om tot ware selfstandigwording te vorder het wel nog vir maande van ds. G Pasch se gawes en aandag vereis. Dit is in alle geval vir ’n geroepe bedienaar ’n gewigtige taak om ’n gemeente tot volle selfstandigheid te lei. Die afstigting het op die einde op 17 November 1957 plaasgevind (GKSAA: Potgietersrus, Notuleboek 1949-1958. 1.1.5, 1 Nov. 1957, Art 2).

Een aspek van Kerk-wees wat deur al die jare van ds. G Pasch se bediening baie ernstige aandag geniet het, was die kwessie rondom erediensbywoning. Daarvan getuig talle verslae wat aan die klassis voorberei was om die vrae in terme van Art 41 KO te beantwoord. Elke keer het die beantwoording van die vrae noukeurig die presiese persentasies van erediensbywoning uitgespel wat ’n weerspieëling is van hoe ernstig ds. G Pasch die roeping tot bywoning van eredienste opgeneem het. Dit was ook deur die visitatore opgemerk dat in die gemeente dit duidelik na vore kom dat die kwessie rondom die bywoning van eredienste voortdurend ernstige aandag geniet en dat die gemeente in die kerkverband ’n voorbeeld is tot die wonderlike verbetering wat in die gemeente besig was om plaas te vind. (GKSAA: Potgietersrus, Notuleboek 1949-1958. 1.1.5, 10 Mei 1957, Art 14 en bylae tot beantwoording van art 41 vrae en antwoorde tesame met die visitasieverslag as bylaag bygevoeg).

Aan die einde van 1957 het ds. G Pasch in ’n opening op sy en die kerkraad se hoë roeping gewys. Hy verklaar aan die hand van 1 Pet.2:1-10 die roeping wat hulle nog moet vervul wat in

alle geval van elke geroepene voortdurende selfondersoek vereis (GKSAA: Potgietersrus, Notuleboek 1949-1958. 1.1.5, 1 Nov. 1957, Art 1).

'n Ander moeilike aspek vir 'n predikant in sy roeping is om die gegewe verantwoordelikhede in 'n gemeente wat hom as pastor en herder voltyds benodig te kombineer met die ideaal en roeping wat 'n predikant ook mag hê om verder te studeer. Hierdie aspek van roeping was vir ds. G Pasch 'n uitdaging. Die kerkraad het wel so ver gegaan om in 1958 vir hom drie maande studieverlof toe te staan, maar word dit baie duidelik dat hy dit moeilik gevind het om hierdie tyd vir verder studie in te klee. Sy verantwoordelikhede in die gemeente, veral ook so kort voor die besluit tot afstigting van Naboomspruit om 'n selfstandige gemeente te word, was vir ds. G Pasch groter prioriteit as verdere studies (GKSAA: Potgietersrus, Notuleboek 1958-1968. 1.1.6, 2 Mei. 1958, Art 10).

6.5.2.3 Roeping teenoor die prediking in die handhawing van die suiwere leer

In ds. G Pasch se roeping as predikant was die gawe tot prediking 'n kenmerk wat hom vir baie lank in die kerkverband onderskei het. Selfs lank na sy dood wanneer daar oor ds. G Pasch gepraat word, dan is die eerste waaroor mense praat hóé hy kon preek. Dit wil voorkom of hy nog altyd hiervoor lank onthou sal word.

In van ds G Pasch se gepubliseerde preke waarvan heelwat in die 10 jaar van sy bediening in *Die Kerkblad* verskyn het, is sy erns tot 'n lewe van bekering en heiligmaking duidelik aan die orde. Die eerste preek van hom wat in *Die Kerkblad* gepubliseer was, is hy besig met die erns waarmee Johannes die Doper die volk tot bekering geroep het, met die duidelike waarskuwing- *"Die byl lê aan die wortel"*[67] (Die Kerkblad*,* 18 Julie 1952:3). Twee jaar later wys hy op wat met die vrou van Lot gebeur het. Die feit dat sy omgekyk het laat hy die klem val op die twee dinge wat sy nie wou agterlaat nie, nl. *"die huisraad en wat agter is".* Hierteenoor wys ds. G Pasch op die dinge wat die gelowige se lewe moet vul nl*. "die vryheid wat voorlê en die vryheid waarmee Christus ons vrygemaak het"* (Die Kerkblad*,* 7 Jul 1954:3-4). In dieselfde jaar het *Die Almanak*[68] 'n Skrifoordenking bevat waarin ds. G Pasch weereens die tema van God se oordeel maar God se redding vanuit Esegiël 8 en 9 verkondig, met die opskrif *Hy verdelg en red!* (Almanak van die Gereformeerde Gemeentes in SA, 1954:119). Ds. G Pasch wys hierin hoe God 'n mens

[67] Vgl. Mat.3:10a
[68] Jaarboek van die GKSA

stelselmatig, stap vir stap, tot besinning roep. *"So kom God altyd met sy Christus: verdelgend én reddend".* Hy stel dat dit op baie maniere kan gebeur. Sonder dat G Pasch hoegenaamd na homself verwys, sal sy lewe hierin as bewys van God se roepe tot besinning kan dien.

'n Ander besondere tema wat in sy preke na vore kom gaan rondom die opbou in die geloof. Daar kan aanvaar word dat in die lig van die feit dat die aanpak van die oprigting van 'n nuwe kerkgebou in Potgietersrus van die grootste bouwerke in die geskiedenis van die bestaan van die gemeente was. Dit het 'n groot rol in ds. G Pasch se roeping en bediening kon speel. Die indrukwekkende kerkgebou van die Gereformeerde Kerk Potgietersrus, wat tans nog in gebruik is, is in die bedieningstyd van ds. G Pasch gebou. Die notules gee 'n duidelike weerspieëling van die deeglike beplanning en erns waarmee die kerkraad vanaf Februarie 1951 hierdie bouery aangepak het waarin ds. G Pasch in die afhandeling hiervan ook 'n groot rol gespeel het (GKSAA: Potgietersrus, Notuleboek 1949-1958. 1.1.5, 18 Feb. 1951, Art 17). Dit kom na vore dat ds. G Pasch die harde werk op die bouterrein op verskillende maniere aan die bouwerk in die lewe van die gelowige verbind, soos van sy latere gepubliseerde preke die tema dra van *Tempelmateriaal* (Die Kerkblad, 28 Sept. 1960:3) en 'n ander preek is die opskrif weer *Slegte herbouwerk* (Die Kerkblad, 13 Jan 1960:2). In die aanvang van die bouwerk aan die nuwe kerkgebou is dit duidelik dat die talle bouwerke wat daar uit die boek Nehemia na vore kom, is by verskillende geleenthede in die toepassing van ds. Pasch in sy verkondiging uitgelig[69] (GKSAA: Potgietersrus, Notuleboek 1949-1958. 1.1.5, 16 Mei 1952, Art 1).

Na die skielike heengaan van ds. G Pasch is die preekbundel wat kort na sy dood uitgegee is, getiteld *"En uit sy volheid..."* (Nov. 1960) van die mees tasbare bewyse om aan te toon die besondere gawe wat ds. Pasch in die uitdra en verkondiging van die Woord getoon het. In die keur van preke word die balans tussen preke uit die Ou- en preke uit die Nuwe Testament aangetoon. Dit wys hoe belangrik dit is dat 'n geroepe dienaar van die Here nie daaraan skuld dra dat daar al minder uit die Ou Testament gepreek word nie. Ds. G Pasch het hom beslis nie hieraan skuldig gemaak nie. Die resensent van hierdie preekbundel, ds. L.J. van der Merwe (1961:19) het die gawe van ds. G Pasch tot die verkondiging van die Woord raak opgesom as hy skrywe:

> *"Maar die persoon van die skrywer vervaag agter die grootheid van die heerlikheid van die boodskap wat hy bring. Die preke is suiwer Woordverkondiging! Ons beluister daarin steeds die*

[69] Die Kerkgebou is in Nov. 1952 voltooi en in gebruik geneem.

> *'So sê die Here!' Uit die preke kom duidelik na vore dat die leser- en die skrywer- voortdurend moet buig voor die ontsagwekkende majesteit van Gods Woord, maar ook innerlik verheug word deur die heerlike beloftes in die Woord vervat. Ons word opgeroep tot bekering, maar ook getroos deur die blye klank van die ewige evangelie."* (Gereformeerde Vroueblad, September 1961:19).

Opvallend dat ds. G. Pasch in sy gebruikmaking van bronne vir die maak van sy preke baie sterk op die Nederlandse teoloog H Veldkamp geleun het. Dit sal as punt van kritiek in van die preke kan dien dat hy met tye so sterk op die Nederlandse teoloog gesteun het dat daar in gevalle net 'n oorvertaling vanuit die Nederlandse teks na Afrikaans was. 'n Duidelike voorbeeld hiervan is 'n preek van ds. Veldkamp (1956:161) vanuit Esegiël 16 waar ds. G Pasch (1962:155) se preek uit dieselfde teks woordelikse ooreenkomste toon. Die predikant sal in sy roeping hierteen moet waak om te poog om bronne so aan te wend dat sy eie werk wel selfstandig verantwoord kan word. Al gebeur dit dikwels dat daar onder groot druk preke gemaak word moet dit wel op selfstandige eksegese kan dui, wat in van die preke van ds. G Pasch nie die geval was nie.

Ter versagting moet gestel word dat in die tyd van ds. G Pasch se bediening dit gebruik was om dikwels drie eredienste op 'n Sondag te hou. Daar was 'n oggenddiens, later die middagdiens en ook nog weer 'n aanddiens. Om dan genoeg preke te kon voorberei was geen geringe taak nie. So het die kerkraad van Potgietersrus besluit om vanaf 1953 hulle middagdiens se tyd na 14:00 te verskuif en hulle aanddiens is dan weer om 17:00. Soos die kerkraad dit gemotiveer het: *"dit gee aan die buite-lidmate vroeër tyd om na hulle huise terug te keer"* (GKSAA: Potgietersrus, Notuleboek 1949-1958. 1.1.5, 7 Aug. 1953, Art 16). Aan die einde van 1954 word daar besluit om die aanddiens met Nagmale nie langer te hou nie, maar was daar oor Nagmaal naweke dan steeds 3 eredienste, Saterdagmiddag die voorbereiding en dan Sondag-oggend die Nagmaal en die middag die nabetragting. Vroeër was daar by Nagmaal naweke 4 eredienste net oor die naweek gehou wat ingehou het 4 verskillende preke (GKSAA: Potgietersrus, Notuleboek 1949-1958. 1.1.5, 13 Nov. 1954, Art 9).

In die roeping tot prediking is die vereiste vir die uitdra van die suiwere leer 'n onlosmaaklike elemente aan die prediking en bediening verbonde. Die gevaar dat dwaalleer kan plaasvind, selfs in die geledere van die kerkraad kan nooit uitgesluit word nie. Hieraan is ds. G. Pasch in sy roeping pynlik herinner deurdat een van die ouderlinge die standpunt wou handhaaf dat swart mense van diere afstam. Dieselfde ouderling het valslik die leer voorgehou dat reën wel deur die Here geskenk word maar *"dit word deur die natuur gedistribueer".* Bearbeiding aan die

ouderling het voortgeduur, nadat hy self ontslag gevra het en dit hom toegestaan was. Die broeder wat gedwaal het, het wel soveel aanstoot in die geledere van die kerkraad veroorsaak dat ander kerkraad slede hulleself van die Nagmaal weerhou het (GKSAA: Potgietersrus, Notuleboek 1949-1958. 1.1.5, 7 Feb. 1956, Art 14; GKSAA: Potgietersrus, Notuleboek 1949-1958. 1.1.5, 718 Mei . 1956, Art 10). In Aug. 1956 is daar gemeld die saak is opgelos GKSAA: Potgietersrus, Notuleboek 1949-1958. 1.1.5, 17 Aug. 1956, Art 4).

Aan die einde van 1956 het ds. G Pasch sy besorgdheid uitgespreek dat in die gemeente die toe afgelope drie jaar dit dikwels voorgekom het dat kerkraadslede by elke Nagmaal klagtes teen mekaar voorgehou het. Hierin het hy die kerkraad ernstig vermaan om op grond van 1 Timotheus 3 ernstig ondersoek by hulleself in te stel (GKSAA: Potgietersrus, Notuleboek 1949-1958. 1.1.5, 9 Nov. 1956, Art 1). Die toepassing van die kerklike tug het ds. G Pasch by verskillende geleenthede die noodsaak daarvan aangedui en ook die wyse waarop dit toegepas moet word (GKSAA: Potgietersrus, Notuleboek 1949-1958. 1.1.5, 8 Feb. 1957, Art 1). Dit is baie duidelik dat hy hierdie kenmerk van die ware Kerk net so belangrik beskou het as die bediening van die Woord en die gebruik van die sakramente. Die roeping om teen dwaalleer en allerhande sondige praktyke te moet bly stry was in ds. G Pasch se tyd van bediening nie anders nie. In die laaste jaar van ds G Pasch se roeping op aarde was hy ’n medewerker tot die besluit van die kerkraad dat hulle parlementêre verteenwoordiger gevra word om *“teen perdewedrenne, Sondaghandel, pornografiese leesstof te agiteer”* (GKSAA: Potgietersrus, Notuleboek 1958-1968. 1.1.6, 13 Feb. 1959, Art 5).

Die gevaar dat ’n geroepene van die Here op stadiums mag voel dat hy nie vrug op sy arbeid sien nie, is altyd wesentlik. Dit was met ds. G. Pasch die geval gewees waar hy aan die begin van 1957 dit gestel het:

> *“... daar is by hom ’n gevoel of sy preke, styl en inhoud nie meer ingang vind by die gemeente. Hy vra advies. Die eerwaarde sê hy het homself al begin afvra of hy nie ’n beroep moet aanvaar nie”* (GKSAA: Potgietersrus, Notuleboek 1949-1958. 1.1.5, 8 Feb. 1957, Art 13)

In die roeping van ’n predikant is die aanbieding van ’n preek en die rol wat die preekstoel in die Kerk moet speel, tydens ds. G Pasch se bediening na vore gebring. In 1955 het ’n ouderling ’n beskrywingspunt ingedien wat daarvoor gepleit het dat wanneer ouderlinge leesdienste moet hou dat hulle dit ook vanaf die preekstoel mag doen (GKSAA: Potgietersrus, Notuleboek 1949-1958. 1.1.5, 12 Aug. 1955, Art 3). Dit was op daardie stadium ’n baie sensitiewe versoek en ds.

G Pasch het duidelik die versigtigheid waarmee die aangeleentheid hanteer moes word besef. Predikante kry in hulle roeping te doen met die vraag na verandering- sommige sien dit as vernuwing- wat die moontlikheid tot ernstige verskille daarstel. In dieselfde tyd het 'n ander beskrywingspunt die aanbied van die seënbede as ouderlinge dienste hou beredeneer. Die versoek was dat hulle die seënbede moet kan afbid. In die versoek was die besluit ook eers dat hulle daarmee moes wag (GKSAA: Potgietersrus, Notuleboek 1949-1958. 1.1.5, 12 Aug. 1955, Art 3). Die toelating tot die afbid van die seën het egter nie soveel spanning gebring as wat die ouderlinge op die preekstoel die geval was nie.

Die toelating tot ouderlinge op die preekstoel het wel later begin plaasvind wat in die gemeente 'n aantal lidmate ongelukkig gemaak het, in die mate dat 'n lidmaat uit die diens gestap het toe die ouderling die kansel bestyg het (GKSAA: Potgietersrus, Notuleboek 1958-1968. 1.1.6, 7 Nov. 1958, Art 8). Van die lidmate in die gemeente was terselfdertyd oor hierdie toelating ongelukkig omdat die kerkraad die besluit eenvoudig geneem het sonder dat die gemeente daarby inspraak kon verkry in die finale goedkeuring daarvan. Hierdie spanning het 'n hele aantal jare voortgeduur aangesien daar vir geruime tyd ernstige besware hierteen was. Teen hierdie beswaardes het ds. G Pasch baie ernstig standpunt begin inneem. Aan die einde van 1958 het ds. G Pasch wel toegegee dat dit beter sou wees as hulle voor hulle finale besluitneming die saak voor die gemeente gebring het, wat nie gebeur het nie (GKSAA: Potgietersrus, Notuleboek 1958-1968. 1.1.6, 7 Nov. 1958, Art 10). Dit het egter vir ds. G Pasch in sy roeping nie verhinder dat hy baie ernstig in die gemeente die waarskuwing duidelik gemaak het dat 'n ouderling op 'n preekstoel 'n leesdiens moet kan hou, is reg. Hy stel dat *"die kansel is net 'n verhoog. In die Roomse Kerk is die kansel heilig en dit is om hierdie gedagte uit die weg te ruim dat die eerwaarde kerkraad die besluit geneem het"* (GKSAA: Potgietersrus, Notuleboek 1958-1968. 1.1.6, 7 Nov. 1958, Art 10). In dieselfde beredenering het ds. G Pasch sy ampsbeskouing duidelik gemaak as hy stel dat "*die amp van leraar, ouderling en diaken is gelyk, een is nie meer as die ander nie. As die leraar nie daar is nie en die ouderling neem die diens waar dan is hy die lerende ouderling. Dit gaan nie oor die kansel maar oor die Woord van God".* (GKSAA: Potgietersrus, Notuleboek 1958-1968. 1.1.6, 7 Nov. 1958, Art 10).

Steeds het beswaardes in die gemeente hulle oor die aangeleentheid wou uitlaat deur selfs formalistiese argumente na vore te bring. Op die vergadering was die voorstel na vore gebring dat hulle liewer by die tradisie moet bly. Hierop het ds. G Pasch dit baie duidelik gemaak dat ons *"mag nie die Woord van God ter wille van die tradisie prysgee nie"* nie (GKSAA: Potgietersrus, Notuleboek 1958-1968. 1.1.6, 7 Nov. 1958, Art 10). Enige ander beswaardes is

toe uitgenooi om die sake verder met die kerkraad op te neem. Daar was nog so paar maande na die gemeentevergadering teenkanting teen die besluit maar dit wil voorkom in die deurdagte en eerlike wyse waarop ds. G Pasch hierdie beswaardes verder hanteer het, het alle verdere teenkanting soos mis voor die son begin verdwyn. Hierin het ds. G Pasch ’n baie sensitiewe en ernstige saak in sy tyd wel met ’n sensitiewe oor en fyngevoelige instelling teenoor die gemeente tot rustigheid kon bring nie (GKSAA: Potgietersrus, Notuleboek 1958-1968. 1.1.6, 13 Feb. , Art 32). Om ’n gemeente rustig vanuit God se Woord tot insig te bring waar veranderinge werklik op die Woord van God gegrond is, sal altyd van die groot uitdagings vir ’n predikant in sy roeping bly.

Ds. G Pasch se leer en opvoeding van sy ouers ontvang was selfs op die laat stadium van sy eie bediening merkbaar. Sy vader ds. H.Ph.J. Pasch, wat in die dertigerjare van die vorige eeu ’n boek uitgegee het as ’n antwoord op ’n vraag “*Waarom sing die Gereformeerde Kerk net Psalms by die erediens en niks anders nie”*, wat as besondere werkstuk in sy vader se roeping tot die verstaan van die erediens gedien het, was by die enigste seun van die oue predikant gehandhaaf. In Mei 1959 was daar aan ds. G Pasch die vraag gestel *“of dit verkeerd is om gesange te sing by ’n gesamentlike diens of ander geleentheid”.* Ds. G Pasch se antwoord op die vraag is *“die beste is maar om nie gesange te sing nie en jou standpunt suiwer te stel”.* (GKSAA: Potgietersrus, Notuleboek 1958-1968. 1.1.6, 15 Mei 1959, Art 13).

Ander etiese probleme wat in die moderne tyd al meer aan die orde kom, was in die roeping van ds. G Pasch reeds moeilike vraagstukke. So bv. is die praktyk van lykverbranding ’n saak wat ds. G Pasch met die kerkraad moes bestry. Onder sy voorsitterskap het hulle gesorg dat almal in die gemeente ’n pamflet ontvang wat hierdie praktyk vanuit die Skrif veroordeel het (GKSAA: Potgietersrus, Notuleboek 1958-1968. 1.1.6, 22 Jan. 1960, Art 11).

6.5.2.4 Roeping teenoor sending en evangelisasie

Ds. G Pasch het in sy roeping as predikant baie vroeg in die gemeente die saak van evangelisasie aangeroer. In Augustus 1950 vra hyself die kerkraad *“verlof om gedurende kwartaal afgedwaalde lidmate te besoek en hulle te oorreed om getrou kerkgangers te word”* (GKSAA: Potgietersrus, Notuleboek 1949-1958. 1.1.5, 13 Aug 1950, Art 17). Die versoek is dadelike toegestaan.

Ds. G Pasch het van die begin van sy bediening op heelwat ander plekke dienswerk moes doen. Sy roeping teenoor die gelowiges in Naboomspruit sou benewens sy normale dienswerk in Potgietersrus besondere aandag verg waar Naboomspruit in daardie tyd as wyk van Potgietersrus bedien was. Aan die einde van 1951 was daar al 27 huisgesinne in Naboomspruit wat bedien moes word (GKSAA: Potgietersrus, Notuleboek 1949-1958. 1.1.5, 9 Nov. 1951, Art 13). In hierdie tyd was Zebediela, Roedtan en Pandrift van die ander buitewyke van Potgietersrus. Pandrift het met tye bediening in hulle gebied aangevra (GKSAA: Potgietersrus, Notuleboek 1949-1958. 1.1.5, 11 Mei 1951, Art 18).

Aan die begin van 1956 het die noodsaak dat die Kerk van die Here sendingwerk moet doen al sterker in ds. G Pasch se roeping na vore gekom. Hy stel dat *"hy die sending op sy hart voel en dat ons vroeër of later 'n sendingpos moet behartig"*. Met dieselfde ywer het ds. G Pasch onderneem om die stadsraad vir 'n perseel te nader dat daar plaaslik sending gedoen kan word en eredienste kan plaasvind (GKSAA: Potgietersrus, Notuleboek 1949-1958. 1.1.5, 17 Feb. 1956, Art 12). In 'n volgende vergadering het die kerkraad met dank kennis geneem van 'n erf in die swart woongebied wat deur die stadsraad gratis aan die gemeente geskenk is *"vir die doel van sending onder die bantoe"* (GKSAA: Potgietersrus, Notuleboek 1949-1958. 1.1.5, 18 Mei 1956, Art 6).

In die volgende jaar het die roeping tot sending al meer momentum gekry. In 1958 kan ds. G Pasch rapporteer dat hy eenmaal per maand by Mokopane Kollege die eredienste waarneem. In dieselfde vergadering stel ds. G Pasch dit weer hoe belangrik hierdie roeping tot sending moet wees. Hy het daarop gewys dat by Malala groot veld lê en wag op bearbeiding (GKSAA: Potgietersrus, Notuleboek 1958-1968. 1.1.6, 2 Mei 1958, Art 6).

Aan die einde van 1958 het die kerkraad onder die voorsitterskap van ds. G Pasch vir ds. J.A. van Rooy genooi wat die gemeente breedvoerig kon toespreek oor sy sendingwerk in Siloam. Met die bedanking van die besonder insiggewende lesing *("toeligting")* het Pasch die gemeente opgeroep om in hulle gebede aan die sendingwerkers in die sendingveld te dink (GKSAA: Potgietersrus, Notuleboek 1958-1968. 1.1.6, 8 Aug. 1958, Art 11-12). Ds. Van Rooy het in hierdie aanbieding die roeping van die predikant tot die swart mense in Suid-Afrika breedvoerig hanteer. Die geweldige uitdagings wat daar vir die predikant op die sendingveld lê is duidelik na vore gebring, veral die werk onder die Bavendas wat ds. Van Rooy gesê het *"dit is die moeilikste stam om te bearbei"* (GKSAA: Potgietersrus, Notuleboek 1958-1968. 1.1.6, 8 Aug. 1958, Art 11-12). In dieselfde redevoering het Van Rooy daarop gewys hoe moeilik dit vir die

sendeling is om aan die mense onder wie die sendeling werk die verskil tussen reg en verkeerd sodanig te bewys dat dit vir hulle beginsel moet wees. Hy stel dit dat *"slegs die ware christene 'n onderskeidingsvermoë het".* In hulle regstelsel het hy gewys op die groot rol wat jaloesie en bedrog speel. Dan het hy spesifiek die kapteins uitgesonder *"wie se lewe 'n slegte invloed op die christene uitoefen".* Ds. J.A. Van Rooy stel dit daardie tyd kategories dat *"'n kaptein kan nie 'n christen word en ook kaptein bly nie. Hy moet die een of die ander nalaat"* (GKSAA: Potgietersrus, Notuleboek 1958-1968. 1.1.6, 8 Aug. 1958, Art 11-12). In die tyd het ds. Van Rooy gewys hoe belangrik dit is dat daar onder die swart mense in hulle kerkwees 'n al hoe groter begrip tot selfstandigheid moet kan ontwikkel (GKSAA: Potgietersrus, Notuleboek 1958-1968. 1.1.6, 8 Aug. 1958, Art 11-12).

Ander bydraes wat ds. G Pasch in sy roeping tot die bediening van die sendingveld kon aantoon, was hoe hy voortdurend uitgebreid gewerk het tot verdere sendingvelde. Aan die begin van 1959 maak hy melding van die geopende deur wat daar vir hulle in die Bend-store area oopgegaan het. Die feit dat Potgietersrus by die vervanging van hulle Kerkorrel besluit het om die oue aan die Kerk in Siloam te skenk, gee maar net nog 'n kykie van hoe positief ds. G Pasch teen diegene was wat hy met die Woord van God ook in hulle Kerksang wou tegemoetkom (GKSAA: Potgietersrus, Notuleboek 1958-1968. 1.1.6, 7 Nov. 1958, Art 3).

Ds. G.Pasch het die lidmate wat hy bedien het, ernstig aangemoedig om die Sendingtydskrifte wat in daardie jare uitgegee is, genaamd *Die oes* en *Rugama*, te lees. Sodoende sou hulle op hoogte kon wees van wat in die land se sendingvelde plaasvind. Ds. G. Pasch het ook die boere sterk aanbeveel om 'n Sotho-preekbundel onder hulle werkers te versprei.(GKSAA: Potgietersrus, Notuleboek 1958-1968. 1.1.6, 14 Aug. 1959 , Art 10).

Sekerlik van die grootse hoogtepunte in die tyd van ds. G Pasch se uitoefening van sy roeping in die sending was die verwerkliking dat daar in kombinasie met die Gereformeerde Kerk Laeveld 'n beroep na 'n ander predikant kon uitgaan om voltyds in die sending in te gaan. Ds. G Pasch het geruime tyd tot hierdie ideaal in sy roeping hom beywer. Eers was die gedagte dat daar met die Gereformeerde Kerk Pietersburg tot hierdie gesamentlike beroeping vir 'n sendeling oorgegaan moes word (GKSAA: Potgietersrus, Notuleboek 1958-1968. 1.1.6, 13 Feb. 1959, Art 12. Dit het nie gerealiseer nie, maar was die Gereformeerde Kerk Laeveld wel 'n hoorder van 'n roepstem wat al lankal vanaf die kant van ds G Pasch tot die uitgebreide sendingvelde geroep het. Dit is vanuit die notules baie duidelik dat hier gepoog was om volhoubare sendingwerk van stapel te stuur. Die uitwerk van die beroepsbrief tot die

sendingleraar en en die langtermyn ideale en die oprigting van bedieningsooreenkomste tussen die twee gemeentes, getuig alles van ds G Pasch se roeping tot die sending wat daadwerklik gestalte kon kry in n ander bedienaar van die Woord wat voltyds hierdie sendingwerk kon opneem" (GKSAA: Potgietersrus, Notuleboek 1958-1968. 1.1.6, 13 Nov. 1959, Art 9).

6.5.2.5 Roeping teenoor kerkverband en stamverwante in Nederland

Ds. G Pasch het reeds in die eerste jaar van sy amptelike bediening baie wyer as net die grense van die plaaslike gemeente gedink en gewerk. In Nov. 1950 word hy opgeroep om in Kenia by die gemeentes Eldoret en Skeurvallei betrokke te raak (GKSAA: Potgietersrus, Notuleboek 1949-1958. 1.1.5, 12 Nov. 1950, Art 8). Vroeg in 1955 het ds. G Pasch en sy eggenote 'n amptelike besoek by die lidmate in Kenia gebring (GKSAA: Potgietersrus, Notuleboek 1949-1958. 1.1.5, 25 Feb. 1955, Art 11).

Gebeure in die stamland Nederland het baie vroeg ds. G Pasch se aandag getrek. Die kerkregtelike handelinge wat rondom prof. K Schilder in Nederland besig was om te ontvou, word deur die kerkraad ter tafel geneem. Hulle het 'n skrywe van ds. Den Boef onderhoudende art 31 ontvang (GKSAA: Potgietersrus, Notuleboek 1949-1958. 1.1.5, 12 Nov. 1950, Art 14).

Onder die leiding van ds. G Pasch is daar aan die Kerk in Argentinië spesiale bydraes gemaak. Die motivering was om aan prop J.M. Opperman dit moontlik te maak om na Argentinië as predikant te gaan en te help met *"onvoorsiene uitgawes vir die toekoms"* (GKSAA: Potgietersrus, Notuleboek 1949-1958. 1.1.5, 15 Feb. 1951, Art 15).

In 1954 word ds. G Pasch saam met ds. H.F.V. Kruger benoem as organiseerders vir die Eeufeesbedieningsfonds. Dit het 'n bykomstige las op ds. Pasch geplaas want was die opdrag deur die benoeming dat hy in die volgende 2 jaar by 47 gemeentes besoek sal moet aflê ter ondersteuning en uitbou van hierdie fonds. Ds. G Pasch het dit duidelik gemaak dat hy hiertoe geroepe voel in die besef van watter besondere verantwoordelikheid dit op hom en die gemeente plaas wat sal moet toesien dat die bediening in ds. Pasch se tye van afwesigheid sal moet voortgaan (GKSAA: Potgietersrus, Notuleboek 1949-1958. 1.1.5, 19 Feb. 1954, Art 6).

Met bykomende opdrag in die kerkverband het ds. G Pasch 'n deurslaggewende rol gespeel in klassis Waterberg waar hy gedien het om 'n eie Eeufeesgedenkalbum uit te gee. Hierdie pragwerk wat 'n kostelike bydrae tot die erfenis en bewaring van gereformeerde

Kerkgeskiedenis lewer wat breedvoerig uitgewerk was en wat in die helfte van Junie 1959 voltooi was, staan tot vandag nog in die huise van baie gereformeerdes (GKSAA: Potgietersrus, Notuleboek 1958-1968. 1.1.6, 15 Mei 1959, Art 5) . Ds. G Pasch se bydraes en finale afronding as skriba tot hierdie pragbundel sal nooit oorskat kan word nie, wat al die Gereformeerde Kerke in die Waterbergestreek en nog verder noord insluit, met hulle geboue, predikante en bouers wat in die 100 jaar van die GKSA se bestaan tot in 1959 na vore gekom het (Eeufeesgedenkalbum, 1959:179).

Aan die begin van 1955 word goedgekeur dat ds. G Pasch Kenia sal besoek vir die bediening van die gemeentes Eldoret en Skeurvallei (GKSAA: Potgietersrus, Notuleboek 1949-1958. 1.1.5, 25 Feb. 1955, Art 9,14). Die kerkraad het ’n verdere £50 bewillig as geskenk aan hulle predikant vir hierdie verre reis (GKSAA: Potgietersrus, Notuleboek 1949-1958. 1.1.5, 20 Mei 1955, Art 3). Dit was die eerste keer dat ds. G Pasch in sy veelbewoë lewe met sy vlugte en reise in ag geneem, so vêr sou reis, want hy en sy eggenote het met hierdie besoek die ewenaar oorgesteek. Die Gereformeerde Kerk Eldoret lê net anderkant die middellyn, ook bekend as die ewenaar. In hierdie verre land was daar in Maart 1955 die grootste waardering vir die werk wat ds. G Pasch daar gedoen het . D’Assonville (1984:84) wys daarop hoe die *“forse figuur uit Potgietersrus intensief huisbesoek gedoen het, katkisasie gehou het en met kragtige prediking ’n wonderlike aansteeklike gemoed vir die mense daar in die verte gegee het”*. Die gemeente het met die vertrek van ds. G Pasch en sy eggenote hulle begroet met die woord: “*Ons sal altyd aan hulle dink”* (D’Assonville, 1984:84).

Aan die einde van 1955 is daar aan die Gereformeerde kerke in Hongarye ’n ruim bydrae bewillig omdat gelowiges daar moes *“uitvlug”* (GKSAA: Potgietersrus, Notuleboek 1949-1958. 1.1.5, 11 Nov. 1955, Art 12).

Die Kerk in Angola wat in die lewe van die vader van ds. G Pasch hartseer en baie stryd teweeggebring het, soos in hierdie eerste gedeelte van die studie aangetoon (vgl. hfst. 4:pt 4.2), het ds. G Pasch nie enige verbittering van sy kant teen daardie gelowiges se nageslagte oorgehou nie. Toe daar in 1958 finansiële ondersteuning vir die Angolaboere gevra was, is dit na die diakonie verwys om te moet help (GKSAA: Potgietersrus, Notuleboek 1958-1968. 1.1.6, 2 Mei 1958, Art 4.) Die volgende jaar het ’n gemeente in Namibië, wat baie nasate van die Angolaboere as lidmate bedien, die Gereformeerde Kerk Biermanskool (op daardie stadium bekend as die *“Van Jaarsveld gemeente”)* ’n besondere meevaller met die invloed van ds. G Pasch ontvang. In die besondere geval is die Gereformeerde Kerk Potgietersrus deur

bemiddeling van ’n lidmaat ’n hele aantal aandele in ’n Bosveldse Koöperasie aangebied. Die kerkraad het besluit om die aandele te aanvaar maar dat dit dadelik moes uitbetaal. Die volle bedrag wat die aandele opgelewer het, is aan die Gereformeerde Kerk Biermanskool gestuur (GKSAA: Potgietersrus, Notuleboek 1958-1968. 1.1.6, 13 Nov. 1959, Art 11). Dit wil voorkom of ds. G Pasch se jare van internering, wegkruip en plaaswerk as voorman in Namibië hom eintlik lewenslank aan hulle belange laat dink het. Die land en sy mense was vir hom goed alhoewel dit so ironies is dat baie van die mense se voorgeslagte nie vir sy vader goed was nie.

In 1959 het ds. G Pasch ’n oproep ontvang om kerke in Zimbabwe (destydse Rhodesië) te besoek. Hy het vir die helfte van September 1959 in die kerke van die buurstaat sy roeping kon uitvoer (GKSAA: Potgietersrus, Notuleboek 1958-1968. 1.1.6, 14 Aug. 1959, Art 5).

Ds. G Pasch het deurlopend in sy bediening kontak met kerke in Nederland vasgehou. Toe ’n ds. Kruiswijk in 1958 vanuit Nederland na Suid-Afrika gekom het om ’n ekumeniese sinode hier by te woon, was ds. G Pasch geruime tyd die gasheer van die buitelandse besoeker. Om met gasvryheid teenoor ander jou diensbaar te stel is beslis ook deel van wat ds. G Pasch as roeping wou uitleef. Hierin het die kerkraad hom ten volle ondersteun deur selfs dit moontlik te maak dat ds. G Pasch en ds. Kruiswijk met hulle gesinne die Krugerwildtuin kon besoek. Die kerkraad het dit selfs bewillig dat die grootste deel van die kostes deur die kerk gedra moes word (GKSAA: Potgietersrus, Notuleboek 1958-1968. 1.1.6, 8 Aug. 1958, Art 11,17).

6.5.2.6 Roeping teenoor toekomstige bedienaars van die Woord

Ds. G Pasch was oor die opleiding van teologiese studente en die groot tekort aan predikante wat daar in die kerkverband was baie besorg. Hy het in Februarie 1951 die kerkraad daarop gewys dat daar vroeg reeds na die opleiding van kinders gekyk moet word wat die roeping tot die bediening van die Woord ontvang. Met groot kommer het hy aangedui dat *“daar is 50 gemeentes in die vooruitsig wat leraars moet kry”* (GKSAA: Potgietersrus, Notuleboek 1949-1958. 1.1.5, 18 Feb. 1951, Art 16).

Die finansiële ondersteuning van studente wat reeds op die Teologiese skool was, was vir ds. G Pasch ’n prioriteit. Hy het die kerkraad daartoe gelei om talle studente uit Potgietersrus en van Naboomspruit finansieel te ondersteun. Ds. I.C.J Minnaar is by name hierin gehelp (GKSAA: Potgietersrus, Notuleboek 1949-1958. 1.1.5, 11 Mei 1951, Art 22). Ds. C Lessing het die kerkraad bedank vir die seënwense wat hy van hulle ontvang het toe hy die bediening kon

ingaan (GKSAA: Potgietersrus, Notuleboek 1949-1958. 1.1.5, 11 Mei 1951, Art 24). Aan student Minnaar is daar ’n hele aantal jare hulp verleen (GKSAA: Potgietersrus, Notuleboek 1949-1958. 1.1.5, 9 Nov. 1951, Art 7).

Ds. G Pasch het aan die begin van 1957 ’n teologiese student Snyman in die gemeente met sy praktiese werk ontvang om ’n deel van die vereiste vir hulle toelating tot die bediening na te kom (GKSAA: Potgietersrus, Notuleboek 1949-1958. 1.1.5, 9 Nov. 1956. 1956, Art 3). Aan die lewensend van ds. G Pasch was student A Myburgh bevoorreg om sy prakties aan die voete van die geroepe ds. G Pasch te kon deurgaan (GKSAA: Potgietersrus, Notuleboek 1958-1968. 1.1.6, 13 Nov. 1959, Art 11).

6.5.2.7 Roeping teenoor die jeug

Sekerlik van die mooiste bewyse wat in die verband aan ds. G Pasch gegee kan word wat sy roeping teenoor die jeug insluit, is die feit dat hy as redakteur van *Die Slingervel* ’n besondere bydrae en rigting aan die tydskrif verleen het. Die tydskrif is in die hande en harte van kinders geplaas en was ds. G Pasch besonder bemind onder die kinders, bekend as “oom Gert”. Hierin het hy veral in die briefies wat hy van kinders ontvang het en die wyse waarop hy hierdie briewe geantwoord het, kon aantoon hoe hy in sy roeping tot op die vlak van die Laerskool-kind kon kom. Hy het hulle op ’n besondere wyse aangeraak. In talle van die briewe het hy mooi herinnering kon deurgee, selfs van die “jeugtyd” in sy eie lewe, wat vir hom baie swaar jare was, soos met die geval wat hy vir Johan Opperman in 1958 geantwoord het, toe Johan uit die noorde van “Suid-Wes” (Namibië) aan oom Gert geskryf het. Dan antwoord ds. G Pasch die jong seun vanuit Omaruru soos volg:

> *“My hart het sommer lekker geklop want dit is ook ’n wêreld wat oom Gert goed ken”* (Die Slingervel, Des. 1958:5).

Toe *Die Slingervel* in 1997 sy 40 jarige bestaan kon vier, met prof. P.W. Buys toe die redakteur, word daar in hierdie jaar besondere aandag gegee aan die tyd toe ds. G Pasch hierdie tydskrif aan die jongmense behartig het. Prof. Buys gee duidelike blyke van waardering op die wyse wat hy aandui ds. G Pasch tot die kinders deurgedring het (Die Slingervel, Des 1997:5). In die volgende uitgawe van *Die Slingervel* het prof. Buys nog weer teruggekeer na die briewe

geskrywe in die tyd van ds. G Pasch met die besondere wyse waarop ds. G Pasch die briewe geantwoord het (Die Slingervel*,* Jan 1998:18-19).
Daar is vir die geroepe bedienaar in sy roeping teenoor die jeug voortdurende teleurstellings en uitdagings. Aan die begin van 1954 rapporteer ds. G Pasch aan die kerkraad dat hy en sy eggenote sowat 65 jongmense na ’n geselligheid uitgenooi het maar daar het net 20 opgedaag. Hy versoek dan die kerkraad dat hulle die jongmense tot hierdie samekomste moet aanmoedig (GKSAA: Potgietersrus, Notuleboek 1949-1958. 1.1.5, 19 Feb. 1954, Art 7).

’n Predikant se roeping teenoor die jeug en terselfdertyd sy roeping teenoor onderwys sal nie vanmekaar geskei kan word nie. Hierin het ds. G Pasch hom in sy roeping onderskei. Die feit ds. ds. G Pasch eers onderwyser was en hy daarin groot ideale kon verwesenlik, het hierdie studie reeds aangetoon. Hy het selfs dit nodig geag om in die tyd wat hy hom nog nie as geroepe bedienaar van die Woord beskou het nie, wel as geroepe onderwyser verder te studeer, wat reeds in hierdie studie aangetoon ’n smartlike inleiding op ’n wesentlike deel van sy lewe was.

Sy besondere en voortdurende opoffering en erns vir die bestaan en voorbestaan van gereformeerde onderwys kan nie genoeg beklemtoon word nie. Selfs in sy laaste jaar van student-wees in sy predikant-studies, waar studente baie min groot bydraes tot die kerklike tydskrifte kon lewer, was G Pasch hierin ’n uitsondering. In 1949 verskyn ’n drie-bladsye artikel, baie langer as wat enige redaksielid tot die tipe tydskrifte vandag sal toelaat en die opskrif van hierdie lange artikel is *“Gereformeerde onderwys”* (*Die Kerkblad,* 9 Sept. 1949:13-15).

In die laaste lewensjaar van ds. G Pasch, waar hy nog in sy vroeë veertigs was, het die onderwys steeds ernstige aandag geniet, omdat die roeping teenoor die jeug altyd vir ds. G Pasch baie duidelik was. Hy is na Kaapstad uitgenooi om ’n CNO-vergadering in die stad toe te spreek. Terselfdertyd sou hy met sy teenwoordigheid in die Kaap die Sondag in Kaapstad se Gereformeerde gemeente die eredienste waarneem. Dit gee eintlik die laaste treffende samevatting van die bedienaar se lewe hoe ds. G Pasch die roeping tot onderwys en die roeping tot bediening van die Woord met een besoek oor een naweek kon kombineer (GKSAA: Potgietersrus, Notuleboek 1949-1958. 1.1.5, 13 Feb. 1959, Art 12). In November 1959 maak ds. G Pasch sy roeping tot die onderwys tot in die wydste kringe bekend. Sy aandeel om die gemeente op te roep om kollektes aan te stuur vir ’n skool in Kenia het opgeval (GKSAA: Potgietersrus, Notuleboek 1958-1968. 1.1.6, 13 Nov. 1959, Art 11).

Dit is baie duidelik dat ds. G Pasch in die dekade wat hy in Potgietersrus gedien het, die verbondsonderrig van die dooplidmate met groot erns en toewyding uitgevoer het. Aan die begin van 1960, ’n paar weke voor ds. Pasch se oorlye het die kerkraad in besonder van hierdie goeie onderrig melding gemaak. Daar was 29 jongmense wat die voorneme tot belydenisaflegging aan die begin van 1960 uitgespreek het. Na die kerkraad die kinders ondervra het, was almal goedgekeur. Ds. G Pasch word dan namens die kerkraad bedank *“vir die deeglike en uitstekende manier waarop die onderrig gegee is”* (GKSAA: Potgietersrus, Notuleboek 1958-1968. 1.1.6, 22 Jan. 1960, Art 8). Op die einde van hierdie geroepene se lewe was daar melding van sy besondere ywer in wat sy roeping was om katkisasie te gee. Hyself het Woensdae vir al die klasse wat in 5 groepe ingedeel was, almal katkisasie gegee, van 14:15-17:15 en daarna nog weer op Sondae vir die belydenisgroep (Die Kerkblad*,* 24 Feb. 1960:9). Sy roeping teenoor die jeug het altyd wyd gestrek. Op sy sterfdag was ds. G Pasch steeds die dienende voorsitter van die beheerliggaam van die Hoërskool op Potgietersrus. (Die Kerkblad*,* 24 Feb. 1960:9).

6.5.2.8 Roeping teenoor beroepe na ander gemeentes

Ds. G Pasch het in die tyd wat hy in Potgietersrus was, talle beroepe na ander Gereformeerde kerke in die kerkverband ontvang. Dit bly vir ’n predikant altyd ’n gewigtige saak om te besin en te besluit wat sy roeping moet wees waar hy sy roeping teenoor die gemeente waarin hy tans is, moet opweeg teen die ander gemeente wat ’n beroep op die bedienaar maak om na hulle oor te kom. Ds. G Pasch was net bietjie langer as ’n jaar in die gemeente, toe is hy in Junie na die Gereformeerde Kerk Matlabas beroep was (GKSAA: Potgietersrus, Notuleboek 1949-1958. 1.1.5, 22 Jun. 1951, Art 5). Die kerkraad het besluit dat die beroep nie opgevolg kan word nie. Vier maande later is hy na die Gereformeerde Kerk Krokodilrivier beroep. Die kerkraad het ds. G Pasch duidelik daarop gewys dat hulle oortuig was sy werk in die gemeente nog nie afgehandel was nie (GKSAA: Potgietersrus, Notuleboek 1949-1958. 1.1.5, 9 Nov. 1951, Art 9). Middel 1952 is ds. G Pasch na die Gereformeerde Kerk Kaapstad beroep. Dit kan aanvaar word dat die verantwoordelikheid wat ds. G Pasch in hierdie tyd op hom geneem het in die oprigting van ’n nuwe Kerkgebou in sy besluitneming ’n sterk rol gespeel het. Weereens was daar deeglike besinning van die kant van die predikant en die kerkraad oor hierdie beroep. Almal was oortuig dat ds. Pasch se roeping steeds groot is waar hy tans is (GKSAA: Potgietersrus, Notuleboek 1949-1958. 1.1.5, 1 Jun. 1952, Art 1).

Aan die begin van 1953 het ds. G Pasch weer ’n spesiale kerkraadsvergadering rondom sy roeping moes oproep waar hy daardie tyd drie beroepe ontvang het. Die Gereformeerde Kerke Zeerust-Mafeking, Vanderbijlpark en Pretoria-Wes het hom in dieselfde tyd beroep. Steeds het ds. G Pasch sy roeping in die huidige gemeente swaarder laat weeg as die ander beroepe en het besluit om nog langer in die gemeente te bly (GKSAA: Potgietersrus, Notuleboek 1949-1958. 1.1.5, 15 Maart 1953, Art 1). In die geval het tot die burgemeester ’n brief aan die kerkraad geskryf om sy dankbaarheid te betuig dat ds. G Pasch nie een van die beroepe aanvaar het nie. Dit gee duidelik ’n bewys watter duidelike stempel ds. G Pasch se roeping in die dorpsgemeenskap afgedruk het (GKSAA: Potgietersrus, Notuleboek 1949-1958. 1.1.5, 8 Mei 1953, Art 6).

In Augustus 1953 het die kerkraad onder die voorsitterskap van ds. G Pasch ’n beskrywingspunt laat dien wat ernstige besware rondom die beroepstelsel geopper het. Dit was vir ds. G Pasch ’n saak van ernstige kommer dat predikante baie kort in gemeentes gearbei het, hulle selfs in minder as 2 jaar in een gemeente weer na die volgende beweeg. Die beskrywingspunt het ’n saak daarvoor wou uitmaak dat in die lig van die groot predikante tekort dat kerke ooreenkom om nie in die volgende paar jaar predikante te beroep nie maar net te wag op proponente wat wel beroepbaar raak. Volgens die beskrywingspunt is daar geen van die gemeentes wie se predikant langer as 3 jaar daar gearbei het nie, daarom moet hulle as onderlinge reëling eers vir die volgende paar jaar nie beroepbaar wees nie, totdat die nood weer opgeklaar het (GKSAA: Potgietersrus, Notuleboek 1949-1958. 1.1.5, 7 Aug. 1953, Art 7 met beskrywingspunt as bylae).

Die beskrywingspunt van die kerkraad om predikante eers nie te beroep nie het in alle geval op dowe ore geval. Ds. G Pasch het daarna nog weer heelwat beroepe gekry. Party sommer kort na mekaar. In Augustus 1955 betuig die kerkraad weereens hulle dankbaarheid dat hulle predikant twee beroepe nl. dié na Viljoenskroon en Bethlehem nie opgevolg het nie (GKSAA: Potgietersrus, Notuleboek 1949-1958. 1.1.5, 12 Aug. 1955, Art 5). Ds. G Pasch het by dieselfde geleentheid voor die kerkraad verklaar dat hy nog met vreugde hier wil arbei. In 1957 het ds. G Pasch ’n beroep na Rustenburg ontvang, waar daar weereens ’n beroep op hom in sy huidige gemeente gedoen is dat hy nog met seën in die gemeente kan arbei en die roeping nie kan opvolg nie. Die feit dat Naboomspruit op die punt was om as selfstandige gemeente af te stig het die kerkraad swaar op ds. G Pasch se gewete laat rus dat hy nie in die omstandighede kan weggaan nie (GKSAA: Potgietersrus, Notuleboek 1949-1958. 1.1.5, 10 Mei 1957, Art 18). Weereens het die burgemeester, raadslid M.J. du Plessis deur ’n brief sy waardering betuig dat

ds. G Pasch steeds in Potgietersrus sal arbei. Dit onderstreep net weereens watter besondere bydrae en waardering daar teenoor ds. G Pasch was in die werk wat hy gedoen het, wat wyer gestrek het as net die werk in die gemeente (GKSAA: Potgietersrus, Notuleboek 1949-1958. 1.1.5, 9 Aug. 1957, Art 4). H Venter (Die Kerkblad*,* 24 Feb. 1960) meld dat ds. G Pasch in die tien jaar wat hy in die gemeente gearbei het "op die minste 40 beroepe ontvang het, elke keer was die besluit dat sy werk daar nie afgehandel is nie".

6.5.3 Roeping teenoor gesinslewe

6.5.3.1 My kind is dood

'n Geroepe bedienaar van die Woord sal hom altyd daarop moet voorberei dat hy dikwels die troos van die Here langs oop grafte sal moet bedien. Dit was in die eerste jaar van ds. G Pasch nog moeiliker as dit. Hy en sy eggenote se eerste kindjie het nie lank gelewe nie. Hy skryf aan haar:

> *"En dit is vir my of ons eie kindjie met sy klein armpies ons vaster teen mekaar hou en gebring het as ooit tevore. En alleen vir hierdie enkele feit, hoe sal ek jou ooit, ooit genoeg kan dank vir ons kindjie wat ons albei gesien en betas het. My skat moet nie by die lees hiervan hartseer word nie- ek skryf dit ook nie om jou hartseer te maak nie, maar dit is vir my swaar om stil te bly oor die kindjie en oor jou wat maar altyd in my gedagtes is en bly. Ek sou nie sê dat ek so baie spesifieke dinge het wat ek sou wou sê oor ons kindjie nie, maar al sou ek ook net aanhoudend verwarde en onlogiese dinge kon sê oor hom sou dit ook al baie help. Ek voel eerlik om net maar aan te hou sê. Ons kindjie, ons kindjie, ons kindjie! En dan sien ek weer die ou gekoekte krulhaartjies en die mooi gesiggie- ons het 'n kindjie, my skat! ... -…"En miskien kan hierdie gedagte jou troos soos dit ook my getroos: Die diepste betekenis van moeder te wees kom tot sy suiwerste en rykste openbaring as jy die kindjie in jou voel beweeg en skop en baljaar. Maar ek weet ook hoe graag jy en ook ek die kindjie in ons arms wou hou met bewegende handjies en voetjies- 'n lewende seuntjie. Maar die Here het sy lewe by Hom nodig en ons sal net altyd die mooi herinnering behou van die stil rustigheid toe ons hom gesien het "* (G.B.S. Pasch, 1950).

In hierdie verskriklike hartseer is daar vir die geroepe bedienaar net die een troos soos dit vir alle gelowiges moet troos. Om in die Woord van die Here getroos te word in die belofte dat die Here die gelowiges na Hom neem.

Ds. G Pasch het vyf jaar later in *Die Kerkblad* rondom die feit van die dood en die begrafnisse wat dan gehou moet word, 'n artikel laat verskyn waar hy die vertroosting en versterking op 'n besondere wyse benader (Die Kerkblad*,* 26 Jan 1955:11). Hierin het ds. G Pasch gemaan tot stigtelike Woordbediening by 'n begrafnis deur daarop te wys *"'n begrafnis is nooit 'n erediens nie, dit is 'n trooswoord uit God se Woord gespreek tot die bedroefdes".* Verder waarsku ds. G Pasch dat die prediker nie mense treurig moet maak nie, *"so treurig dat almal begin huil nie".* Die beskouing dat op 'n treffende begrafnis *"almal moes huil",* is vir hom heeltemal onaanvaarbaar. Ds. G Pasch sien sy roeping by 'n begrafnis veel eerder om almal so te vertroos dat hulle *"nie huilende die lokaal uitgaan",* nie (Die Kerkblad*,* 26 Jan 1955:11).

Uit die besondere korrespondensie en nagelate geskenke in die gesin Pasch is dit duidelik dat ds. G Pasch sy roeping teenoor die Kerk en sy huisgesin ewe swaar laat weeg het. Selfs sy roeping teenoor sy skoonouers is daar duidelike getuienisse hoeveel liefde en waardering daar ook teenoor mekaar was. Hiervan is die volledige teks van die preek wat ds. G Pasch met sy skoonvader se begrafnis gelewer het 'n stille getuienis (Persoonlike versameling).

6.5.3.2 Gesin brei wel spoedig uit

Op 23 Februarie. 1952 is daar vreugde in die Pasch gesin waar die kerkraad hulle gelukwens met die geboorte van hulle eersteling, 'n dogter (GKSAA: Potgietersrus, Notuleboek 1949-1958. 1.1.5, 23 Feb. 1952, Art 2). In Augustus. 1953 word ds. en mev. Pasch gelukgewens met die geboorte van 'n seun (GKSAA: Potgietersrus, Notuleboek 1949-1958. 1.1.5, 7 Aug. 1953, Art 2). Die huwelik was daarna verder geseën met nog 3 kindertjies: Hanlie, Leenster en Johan. Die jongste is 6 weke voor ds. G Pasch skielik uit hierdie lewe weggeneem is, gebore.

6.6 SKIELIKE HEENGAAN

Wie sou kon verwag dat die kerkraadsvergadering van 22 Januarie 1960 die laaste sou wees waar ds G Pasch as geroepe bedienaar en voorsitter die vergadering sou lei? Die volgende aangrypende bewoording staan nog in die monde van ds G Pasch opgeteken:

> *"Die eerw. voorsitter bedank die vergadering vir gedane arbeid en bid die brs die seën toe vir die jaar wat voorlê en doen ook 'n beroep op die brs om hom ook in hulle bede te gedenk omdat hy behoefte daaraan het"* (GKSAA: Potgietersrus, Notuleboek 1958-1968. 1.1.6, 22 Jan. 1960, Art 21).

Die geroepe bedienaar is 18 dae later, op die ouderdom van 43 jaar, vyf dae voor sy 44ste verjaarsdag, tot hoër diens opgeroep. Niemand het enigiets in sy gesondheid en werkkragte kon aflei dat sy einde naby is nie. Ds. Pasch het wel in 1958 'n aanmaning van hartmoeilikheid gehad, maar dit het hom glad nie in sy ywer laat verslap nie. Die volgende jaar in die uitvoering van sy roeping was hy in 'n motorongeluk wat wel bloeding in sy niere te volg gehad het (Die Kerkblad*,* 24 Feb.,1960:7). Die vergadering van 22 Januarie 1960 was nog heeltemal op ds. Pasch se geroepe dienswerk gerig omdat daar met die vergadering met groot ywer en deeglike beplanning uitgesien was om sy 10-jarige ampsjubileum in die gemeente te vier. Die reëlings en beplanning was reeds gefinaliseer dat hierdie feesvieringe op 19 Maart 1960 sou plaasvind (GKSAA: Potgietersrus, Notuleboek 1958-1968. 1.1.6, 22 Jan. 1960, Art 20).

Op 7 Feb. 1960 was ds. G Pasch nog deel van wat sy primêre roeping was, nl. om God se Woord te verkondig. Hy was op daardie Sondag weer op die kansel waar hy as geroepene hoort. Tog het die redakteur van *Die Kerkblad* (2 Maart 1960:3) opgemerk dat hierdie laaste preek van hom uit 2 Timotheus 1, met as teksverse vv. 3,5 en 6, was 'n preek wat hy gelewer het, maar by nabetragting *"sou dit blyk dat dit sy afskeidsrede was".* Die preek se eerste sinne lei soos volg:

> *"Soos die see is, so is die lewe: daar is altyd beweging! Die een geslag kom- die ander geslag gaan heen. En in die beweging en in die kringloop van die lewe is daar iets smartliks. Ons kan ons werk nooit volkome afhandel nie!...Hy (Paulus) weet sy sterwe is promosie, bevordering!"* (Die Kerkblad, 2 Maart 1960:3-7).

Die kerkraad het op 'n middernagtelike spoedvergadering besluit, te midde van die moeilike begrafnisreëlings wat nou voorlê, dat die ampsjubileum wat op 19 Maart 1960 sou plaasvind gaan voort, maar dit wat ds. G Pasch se roeping was, kry net 'n nog dieper dimensie. Hulle het besluit om daardie dag te hou as dankdag vir wat ds. G Pasch se roeping was (GKSAA: Potgietersrus, Notuleboek 1958-1968. 1.1.6, 10 Feb. 1960, Art 2).

Die sterwe van ds. G Pasch op Dinsdag 10 Februarie 1960, het letterlik in die uitvoering van ds. G Pasch van syroeping plaasgevind. 'n Jarelange vriend van ds. G Pasch, br F.W. Neethling is net 'n paar dae tevore oorlede en ds. G Pasch het tydens die vriend se begrafnis nog van die verrigtinge waargeneem. Koerante o.a. *Die Môrester* (12 Feb. 1960) het die volgende berig geplaas:

> *"Ds. G.B.S. Pasch een van die bekendste Gereformeerde predikante in Suid-Afrika, het Dinsdag-middag 'n aanval van beroerte gekry, by die graf van een van sy boesemvriende mnr. F.W. Neethling, wat hy ter ruste gelë het. Dieselfde aand nog is hy (Pasch) oorlede…Ds. Pasch sou Sondag sy 44e verjaarsdag gevier het. Hy laat sy eggenoot en vyf kindertjies na, waarvan die jongste sowat ses weke oud is"*

H Venter (Die Kerkblad, 24 Feb. 1960:9) meld dat ds. G Pasch se kragte hom reeds langs die graf van sy vriend begin begewe het, maar skryf hy: *"hy het nog met sy mooi stem Psalm 23:3 enduit gesing".* Die Psalm wat getuig van "*U bring vir my die tafel in gereedheid*..." en die Psalm eindig berym *"en in U huis, daar bly ek al my dae"*. Ds. G Pasch het langs die graf ineengestort en is om 21:30 oorlede om na die huis van die Here te gaan.

In 'n ander berig uit dieselfde koerant, wat as huldeblyk by br F.W. Neethling staan word daar nog weer van die uitvoering van ds. Pasch se laaste dienswerk melding gemaak:

> *"By die graf het Ds. G.B.S. Pasch die woord gevoer. Hy het 'n roerende rede gevoer en ook die bedankings namens die familie gedoen. Sowat 'n minuut later het ds. Pasch 'n toeval gekry. Hy is Dinsdag-aand op Swerwerskraal oorlede…"*

Die Noordelike nuus (17 Feb. 1960) berig soos volg:

> *"Potgieterus- 11 Februarie 1960- op Potgietersrus het Donderdag-middag*[70] *11 Februarie 1960, die grootste begrafnis van alle tye plaasgevind... 'n Man vir wie jy agting en respek gehad het en sal behou. 'n Man wie nie eer en selfverheerliking gesoek het nie, maar wat nogtans geëer was omrede sy edele inbors en sy agting wat hy afgedwing het. Hy was nie slegs groot in gestalte nie maar ook groot in die Geloof, groot in Gees en groot in sy prediking van Godswoord…"*

Veral die beriggewing tydens sy begrafnis gee 'n besondere beskrywing van hoe hierdie kind van die Here in die Kerk, op die strate en in die huise van Gereformeerde lidmate maar selfs hulle buite die Kerkverband, oral waar hy kon, was hy deel van die sout en die lig waarmee die Here sy koninkryk sigbaar maak. 'n Gedig van G.J. Krüger na sy sterwe geskryf sien hom as "*'n gestalte bonkig breed/ in die boswêreld ingemeet // U stem dra nog met dreunklank voort/ die suiwer lig van God se Woord // Ons sien u nog met dryfkrag gaan/waar akkers wit van wasdom*

[70] Dit moet eerder wees Woensdag-middag. Koerant bevat 'n drukfout.

staan // ons sien nog hoe u moed vertolk/ stryd vir u God, u Kerk en volk // O stryder Gods, in ons klein kring het u die mannawoord gebring". (Die Kerkblad, 16 Maart 1960:7).

Roeping was vir hom nie maar net 'n mooi woord nie, maar so hard soos wat hy teen die roeping as predikant bly stry het, so oorgegee was hy aan die roeping tot hy letterlik in die tuig, net soos sy geroepe vader, sy laaste asem sou uitblaas. Hy was net nog baie jonger as sy vader. Die laaste week van sy lewe op aarde was 'n getuienis van 'n besondere roeping, in tien jaar uitgeleef:

> *"Hierna het die lykstoet na die Kerkhof beweeg, die langste stoet wat seker nog ooit op Potgieterrus was. Toe die lykswa reeds by die Kerkhof gestaan het, 'n distansie van twee myl, het die laaste motors nog nie by die Kerk weggetrek nie. Orals langs die strate het die verkeer tot stilstand gekom en met 'n blik van verslaenheid die kop geskud. En so het die motors in die stoet verby beweeg, een na die ander, 455 in getal. By die Kerkhof het die lykswa aangekom. Dit was kwart-voor-vyf, dit het 5-uur geword, kwart oor vyf, en nog steeds het die steeds groeiende skare gewag vir die aankomelinge, tot twintig-minute oor vyf, toe was die laaste van die ongeveer twee duisende mense daar."*

Van ds. G Pasch se heengaan in die uitvoering van sy roeping kan gemeld word hoe wyd en ingrypend sy heengaan, sy gesin, sy gemeente en die gemeenskap van Potgietersrus op daardie stadium geraak het.

Van sy gesin en kinders langs die graf word berig:

> *"By die graf het mev. Ds. Pasch stelling ingeneem met 'n veraf blik in haar oë wat soms gesoek het in die diepte van die graf. Voor haar het gestaan aan weerskante van haar, haar seuntjie en haar twee dogtertjies. Met haar arms gekruis oor die skouertjies van haar seuntjie het sy hulle vasgehou. Toe die kis na benede sak het hulle na vore getree en gestaar na die vader en eggenoot wie so skielik uit hulle lewe van sonskyn en geluk verdwyn het en sonder 'n traan met slegs die vraende blik het in die oë het hulle van die graf teruggekeer".*

In die Kerk en kerkverband waar hy sy roeping die naaste aan hom kon uitvoer word berig dat die troosdiens is deur prof. W Snyman waargeneem. Die Skrifgedeelte wat in die bittere hartseer tyd God se kinders kon troos was uit Jesaja 51. met as teksverse vv.3,12. Ds. P.J. Venter, die swaer van ds. G Pasch, het die verrigtinge by die graf waargeneem. Ds. H.J. Venter wat op daardie stadium die oudste predikant in klassis Waterberg was waar ds. G Pasch die

volle tyd van sy bediening ook deel van was, het hom soos volg oor die werk en roeping van ds. G Pasch uitgespreek:

> *"Op hierdie jeugdige ouderdom van 43 jaar het sy naam al voorgekom bo-aan die lys van die hoogste instansies van die Kerk, Deputaatskappe waarin normaalweg altyd van die oudste predikante gedien het, daarin het hy alreeds leiding gehad. Ds. Venter het gesê wyle Ds. Pasch was hoog geag selfs onder die bejaardes van die gemeente."* (Noordelike Nuus,1960:17/02)

Namens die gemeente het oudl. J.F. Lessing in besonder gemeld die getrouheid en ywer waarmee die dienaar ds. G Pasch sy roeping uitgevoer het. Die ouderling het onder ds. G Pasch se roeping die gedagte van groei as sentrale gedagte gestel. Die getalle in die gemeente het in die 10 jaar baie gegroei, maar die groei in die geloof, het ook plaasgevind. Namens die ander kerke in Potgietersrus waar ds. Pasch altyd met die NG- en Nederduitsch Hervormde Kerkverbande noue samewerking kon uitleef was een van die predikante, ds. Prinsloo se besondere waardering waar hy *"die oorledene geloof vir sy hartlike samewerking wat hy aan die susterskerke gegee het"* (Noordelike Nuus,1960:17/02). Namens die Teologiese Skool het die rektor, prof. S du Toit die woord gevoer. Hy was die geroepene wat die verrigtinge met 'n gebed kon afsluit. So is die Here in die geroepe dienaar se lewe geloof met 'n kragtige gebed. Daarna word vermeld:

> *"Toe het die skare uiteengegaan, stom verslae om te dink dat daardie bekende, fiere, regop gestalte van Gerhardus, Barthlomeus Schutteus Pasch het skielik sonder waarskuwing vanaf die strate van Potgietersrus verdwyn"* (Noordelike Nuus,1960:17/02)

6.7 ROEPING UITGELEEF

H Venter (Die Kerkblad, 24 Feb. 1960:7) gee 'n duidelike omskrywing wat onder die roeping wat ds. G Pasch uitgeleef het, verstaan kan word. Hy skryf oor ds. G Pasch soos volg:

> *"Hy self wou niks anders as dienskneg wees nie; en ons wat hom deur die jare van naby geken het, het algaande gesien en ervaar hoe hy homself al meer en meer op die agtergrond geskuif het, terwyl God al groter moes word in sy eie lewe en die van die mense wat hy gedien en gelei het. Sy lewe was 'n getuienis soos die van die Doper: Hy moet meer word, ek minder; of in die woorde van Paulus: 'Wat vir my wins was, het ek om Christus wil skade geag".*

Ds. G Pasch het in die Kerk en gemeenskap van Potgietersrus met duidelike leiding en voorbeeld sy dienswerk aangepak. Die verskillende terreine waarbinne hy sy roeping uitgeleef het sluit verskeie groepe van mense in waar hy of iemand nog jonk of oud was, het hy sy kragte aan sy bediening in belang van die gelowiges gewy. Sy roeping teenoor die jeug, sy roeping teenoor sendingwerk, sy roeping teenoor die opbou van die gemeente is terreine wat uitgesonder kan word.

Sy gawe om te preek word dikwels in herinnering geroep. Die roeping wat hy hierin kon uitvoer sluit in die buitengewone gawes waaroor hy beskik het van "oorspronklikheid, eksegetiese diepte, haas ongelooflike intuïtiewe aanvoeling van die rykdom en draagwydte van die Skrif. Daar word ook melding gemaak van die "kunstenaarsaanvoeling wat hy gehad het vir die wonder van die woord". Daarvan getuig sy twee romans (*Erfplaas* en *Swart skape*) wat hy in die jare voor sy roeping as predikant die lig laat sien het. Hiermee saam het *"hy het beskik oor 'n stem en 'n brandende erns wat die toehoorder tot luister gedwing het".* (Die Kerkblad*,* 24 Feb. 1960:7).

Dit wat in die roeping van ds. G Pasch mag opval is sy besondere bydraes wat hy in die kerkverband gelewer het by die 100-jarige viering van die bestaan van die verband van die GKSA. Hierin was waarlik 'n samevatting en uitleef van sy roeping, want toe hierdie vieringe afgehandel is, toe is dit soos die Here besluit het, sy roeping op aarde, sover dit vir hom as mens moontlik was, is afgehandel.

Nog vóór die groot fees wat die hele kerkverband in Rustenburg kon saamtrek, was daar 'n kleiner fees in klassis Waterberg gevier, die klassis waarbinne ds. G Pasch sy bediening begin het en sou eindig. Dit het plaasgevind 27-28 Junie 1959. Hier het ds. G Pasch die inleidende feesrede gelewer met die baie belangrike roepingsvraag: "*Waarom is ons hier?"* (Die Kerkblad, 12 Aug. 1959:6*).* In die feesrede maak ds. G Pasch dit baie duidelik dat alles wat met roeping saamgaan moet aan Christus die eer gee. Daar is slegs 'n oop boek in die geskiedenis moontlik omdat Christus vir ons die boek moet open. Die seëls wat gebreek moes word, kon alleen Christus die seëls breek. Soos ds. G Pasch dit dan ook stel: *"Die Evangelie van Jesus Christus hou die wêreld aan die lewe! Die wêreldgeskiedenis skuiwe voor ons verbaasde oë verby ter wille van die Kerkgeskiedenis. Deur Christus is ons hier, om Christus is ons hier."* (Die Kerkblad, 12 Aug. 1959:6*).*

Ons hier-wees op aarde is vir ds. G Pasch gelyk aan ons roeping op aarde. *"Deur Christus wat ons geroep het...daarom is ons hier".* Dit sou die uiteinde van 'n belangrike vraag wees dat ons is hier omdat daar 'n getuienis is wat die Gereformeerde kerke moet kan bly uitdra, wat gelyk aan ons roeping moet wees. Ds. G Pasch bind hierdie roeping op plaaslike bodem vas deur 'n voëlvlug van die Kerkgeskiedenis te lewer, met spesifieke uitwysing hoe ds. Dirk Postma as swakke mens 'n roeping moes vervul, wat op daardie stadium 100 jaar gelede plaasgevind het. Oor die roeping van ds. Postma gee ds. G Pasch (1959:6-7):die beeldryke herinnering:

> *"En toe God die akker van ons breë land met hierdie saad gesaai het, het Hy ook die man beskik wat die akker moes instap om saam te snoer en saam te bind tot 'n sigbare Kerk, om 'n Kerk tot stand te bring uit die gevoele wat by sy aankoms reeds vlees en bloed was in die Gereformeerde manne en vroue van SA. Dirk Postma- saliger gedagtenis- Kerkherstigter by die grasie van God! Ook daarom is ons hier."*

Die finale uitlewing van ds. G Pasch se roeping is dit waarlik 'n geval van hy het geëindig waar hy begin het. So is roeping werkbaar sonder dat dit ooit afgehandel kan word. In die begin van ds. Pasch se bediening (4 Maart 1950)) was sy intreepreek die woorde in Hand 28:15, waar Paulus na baie ontberinge kon getuig van hoe hulle God se genade kon sien, daarvoor het hulle God gedank en moed geskep.

Dit wat vóór die begin van ds. G Pasch se bediening was, het hierdie studie aangetoon die baie ontberinge wat daar ook vir die geroepe ds. G Pasch was, vóór hy predikant kon word. Ná die byna tien jaar van bediening was dit ds. Pasch se keuse om by die afsluiting van die 100 jarige fees van die GKSA wat in Rustenburg plaasgevind het, weereens die klem te laat val op die teksverse waarmee hy amptelik tot die bediening getree het. Ds. Pasch het op die groot fees van 100 jaar se GKSA geskiedenis die laaste rede kon lewer. Nog altyd was daar vir hom in sy roeping die geleentheid om te sien, God te dank en moed te skep. Met presies dieselfde tekswoorde waarmee hy sy bediening begin het, het hy letterlik van die begin tot einde met hierdie sien-woorde, dank-woorde en moed-woorde, sy roeping uitgeleef.

6.8 SLOT

Ds. G Pasch se tydsduur van bediening was in vergelyking met dié van sy vader baie korter. Nogtans het hierdie hoofstuk aangetoon dat die "hoe lank" vraag in roeping nie die belangrikste vraag kan wees nie, maar veel eerder "hoe diep" die roeping was.

Al was ds. G Pasch op aarde net 10 jaar amptelik bedienaar van God se Woord, al was hy die hele tyd van die bediening net tot een gemeente gebind, is dit baie duidelik watter terrein van kerklike bediening, watter aspek van roeping daar ter sprake mag kom, vir ds. G Pasch was dit ’n geval van ek is hier, omdat Christus my geroep het. Dan gaan hierdie roeping plek en tye vooraf, maar ook spesifiek in sy tyd, in sy plek, in die Kerk en kerkverband waar hy moes arbei was dit ’n beantwoording van ’n roepingsvraag wat hyself deur hierdie 10 jaar geantwoord het-daarom is ek hier. Partykeer harder, partykeer sagter, soos een van sy vriende dit opgemerk het dat hy was nie “’n soetsappie en vriendelike mens nie, inteendeel, hierdie dienskneg van die Here het niemand ontsien as dit die eer van God geld nie”. Hy het konsekwent en reglynig die beginsel van die Woord vooropgestel en met brandende erns in sy roeping dit nie alleen verkondig nie, maar ook met sy wandel uitgeleef.

Hoofstuk 7
SAMEVATTING EN FINALE GEVOLGTREKKINGS

Oorsig

7.1 Inleiding
7.2 Essensie van hoofstuk 2-6
7.3 Finale samevatting en gevolgtrekkings

7.1 INLEIDING

In hierdie laaste hoofstuk word die essensie van elke voorafgaande hoofstuk saamgevat. Hierdie studie wou ’n pastorale bydrae lewer wat die effek van roepingsdruk van ’n vader wat sy kind in alle opsigte wil dwing om predikant te word, soos met hierdie vader (ds. H.Ph.J. Pasch) en sy kind (ds. G.B.S. Pasch) gebeur het, opsommend nagaan. Die persoon en roeping van die. H.Ph.J Pasch en sy seun G.B.S. Pasch toon baie duidelike raakvlakke wat aangetoon is. By elkeen van die roeping is daar onderskeibare verskille wat beskryf moes word. In die laaste plek word finale gevolgtrekkings gemaak wat in die lewe van elke geroepe predikant vandag praktiese toepassing (neerslag) behoort te vind.

7.2 ESSENSIE VAN HOOFSTUK 2-6

In **hoofstuk 2** is ’n gereformeerde perspektief op roeping gebied. Om geroepe predikant te wees is dit van die uiterste belang dat jy reeds waarlik gelowige kind van God moet wees. In hierdie studie word roeping in alle opsigte as ’n basiese vereiste vir enige predikant beskou voordat daar enige ander vereistes gestel kan word as ’n persoon predikant wil word. Alleen God kan roep terwyl die mens se eiewilligheid en ongehoorsaamheid groot struikelblokke vorm wat dikwels in die pad van God se roeping kom staan. Roeping begin inwendig in die hart waar daar dikwels uit die hart van klip ’n antwoord moet kom. Dit neem nie weg dat roeping as ’n heel persoonlike saak uitgemaak moet word nie. Die Heilige Gees sal die begin en die einde van die ware roeping van ’n predikant moet wees. Dit moet ’n persoonlike oorgawe wees wat deur die Heilige Gees al verder en verder gevoer word.

Dit uitwerking van roeping is nie noodwendig in alle mense ’n identiese patroon wat volgens vasgestelde stappe plaasvind nie. Vir baie vroeëre en huidige predikante was die keuse om predikant te word ’n baie makliker besluit as vir ander wat met dieselfde roeping gekonfronteer staan. Vir sommige word hulle stryd om finaal tot oorgawe aan hulle roeping te kom op geen manier maklik gemaak nie.

Roeping vir ’n predikant kan slegs diens aan die Woord van God wees. Die Woord van God en die Woord alleen is waarmee ’n predikant sy roeping moet vol maak. Dit impliseer dat iemand wat geroepe predikant is, sal moet insien dat daar baie opoffering, verantwoordelikhede en teenstand is wat die predikant in sy persoon, maar tegelyk in sy verhouding tot die gemeente en tot die gemeenskap waarbinne hy geplaas is, sal ervaar. Hierdie vervolging en lyding ter wille van die roeping moet gemaak word waar daar dikwels in van die swaarste en armste omstandighede met God se Woord en God se kinders gewerk moet word.

In alle geval is die Kerk van God die ruimte en middel wat God bied om predikant te wees. Buite die ware Kerk kan daar nie van geroepe predikante sprake wees nie. Hierbinne bly die veronderstelling dat Christus die Hoof van die Kerk is wat nooit sonder enige onderdane sal wees nie. Die predikant is deel van dié wat onderdane van Christus moet wees. Die predikant mag hom nooit in sy roeping as verhewe bó ander gelowiges beskou nie. In die ware Kerk is almal gelyk en die geroepe predikant se amp is geen status-aanduiding nie, maar gewoon karakter-aanduiding dat die predikant geen ander karakter as gewoon dienskneg/slaaf van Christus mag aanneem nie. Sy “status” is dan niks anders as die van ’n slaaf nie, wat die hoogste Koning, Jesus Christus, moet bedien. Dit sluit in dat die wyse en die orde waarop Christus gedien wil word deur die predikant nagegaan, toegepas en bedien moet word. Hy moet die Woord van God, die belydenisskrifte (Drie Formuliere van eenheid) en die Kerkorde soos deur die geskiedenis en sinode-besluite van die GKSA ooreengekom, in die geheel van sy roeping kan aanwend en toepas.

Dit bring die volgende wesentlike aspek van die roeping as predikant na vore dat hy ’n gestuurde van God moet wees. Hy wat na God moes kom, word deur God die wêreld ingestuur om God se heerskappy (almag) en God se heerlikheid (liefde) en God se reg (geregtigheid) saam te voeg dat God se koninkryk (regering) in Christus gesien en uitgeleef kan word. Roeping wat nie koninkryk-gerig is nie en nie na buite beweeg om soos sout en lig na vore te kom nie, kan geen goddelike roeping meer wees nie. Hiervoor skenk God bepaalde Geestesgawes (charismata) wat die roeping sigbaar en werkbaar moet maak.

’n Predikant wat aktief in God se koninkryk, God se lig voorop dra sal, ongeag in watter deel van die wêreld hy hom mag bevind, altyd bereid moet wees om met hierdie lig verder te beweeg want daarvoor is hy geroep, daarvoor is hy gestuur. In die krag en die gawes wat God in sy koninkryk laat deurwerk waarbinne die predikant bloot ’n draer moet wees, word God se Kerk gestig. So word daar begin om weer stigtelik met dieselfde krag en gawes te werk dat elkeen Kerk moet wees waar hy reeds kind van God is. So organies en dinamies as wat die ware Kerk moet wees, so moet die geroepe predikant sy gawes en kragte dinamies en aktief laat meewerk. Dan word die koninkryk van God vir die ware Kerkganger geen vreemde, statiese, koue, vae, realiteit nie. As dit gaan om die bediening van die versoening, as dit gaan om die uitbou van die eenheid van die ware Kerk. As dit gaan om die uitbreiding van die Kerk en die praktiese uitlewing van beginsels in allerlei lewens vraagstukke, dan moet die gereformeerde geroepene nie verleë staan om die antwoorde wat God vanuit sy Woord hierop bied konkreet aan te bied nie.

Op hierdie wyse word die gesag van Christus bedien want geroepe ampsdraers het hulle roeping en aanstelling alleen aan Christus te danke. Die persoon van die geroepene mag nie op die voorgrond wees nie, wel die diens wat hy in belang van God en sy koninkryk verrig. Uit sy persoon het die ampsdraer geen gesag en bevoegdheid nie. Christus wat roep verleen die enigste gesag.

Die gesag wat die geroepene bedien en die gawes wat hy vir hierdie bediening nodig mag hê is soos die twee spore waarop die trein beweeg. Roeping sal altyd met besondere genadegawes in aanraking gebring word. Daar moet altyd nog weer gebid word dat die gawes wat die geroepene vir sy dienswerk nodig mag hê aan hom geskenk sal word. Al hierdie gawes moet kan dien tot opbou van die gemeente. Die persoon wat die amp bedien benodig hierdie gawes en wanneer hy dit dan bedien is hyself in sy bediening ’n gawe van God aan die gemeente. Wanneer Christus mense roep moet daar nie eerstens op die gawes gelet word nie maar op die kwaliteit van diens wat gelewer word.

Die kwaliteite van diens wat na vore moet kom is wanneer die bedienaar geroep word om die geregtigheid van God te bedien. Hier gaan dit om die bediening van die versoening wat op alle terreine van die lewe inslag vind deur wat reg is en deur wat verkeerd is duidelik van mekaar te onderskei. In die persoon van die bedienaar moet dit duidelik wees dat hy met God versoen is om hierdie versoening uit te leef en uit te dra. So dien hy as bedienaar in die gemeente nie om die gemeente af te breek nie, maar op te bou. Opbou wat insluit ’n opbou na binne deur te

bewaar en innerlik te versterk dit wat reeds bestaan en van God geskenk is, maar opbou sluit werk na buite in deur by die getalle van die gemeente te voeg hulle wat nog nie deur die Woord van God bereik is nie. Hoofstuk 2 wys daarop dat die onsigbare eienskappe van die Kerk nl. die eenheid en heiligheid en katolisiteit en apostolisiteit moet deur die plaaslike Kerk sigbaar gemaak word. Om hierdie gegewe eienskappe te erken is ’n gawe van God maar terselfdertyd word hierdie gawe ’n opgawe (’n roeping) om al méér hiervan sigbaar te maak.

Hierin sluit hoofstuk 2 af deur kortliks na die roeping van prof. Jan Lion Cachet en prof. J.D. du Toit (Totius) te verwys wat op hulle beurt in die roeping en bediening van H.Ph.J. Pasch en G.B.S. Pasch ’n deurslaggewende rol as leermeesters sou speel. Prof. Lion Cachet het elke predikant se roeping primêr gestel as ’n roeping om die waarheid te bewaar. Prof. Du Toit het roeping beskryf as eie aan die identiteit van om gereformeerd te wees. Roeping is om aan God en sy sending gebind te wees. Terselfdertyd, waar die mens homself wil laat geld deur sy eie insigte en sy wil as vrye keuse voorop te stel, word die krag van roeping afgebreek.

Hoofstuk 3 het in besonder die roeping en stryd van ds. H.Ph.J. Pasch na vore gebring. Hy het in 1884 in Suid-Afrika aangekom. Sy Nederlandse herkoms bevat ook sy Rooms-Katolieke opvoeding waarmee hy na Suid-Afrika, spesifiek na die Vrystaat gekom het. Hy vestig hom in die distrik van Ladybrand. Hier word hy spoedig ’n gerespekteerde ambagsman wat terselfdertyd besondere ingenieursvernuf kon aanwend. Polities en staatkundig is die leiers in die tyd van H. Pasch se koms reeds ’n wye verskeidenheid met spanninge en konflikte wat sterk na vore gekom het. Die persone van pres. J. H. Brand (1823-1889) en pres. F. W. Reitz (1844-1934) word die belangrikste opeenvolgende politieke leiers wat die Vrystaat as selfstandige Republiek moet regeer, terwyl H Pasch nog die stryd sou voer om hom hier te vestig. Dit word al duideliker dat pres. Paul Kruger wat in 1883 die eerste keer in die Transvaalse Republiek (ZAR) tot president verkies was, die man was wie se invloed vir H Pasch op staatkundige vlak die meeste geraak het. In baie opsigte was pres. Kruger die beeld van die “Dopper” wat in die geheel van Suid-Afrika of mense baie afgestoot het, terwyl ander weer deur hierdie “Dopper” aangetrek is. H Pasch kan in die laaste groep geplaas word.

Kerklik kom in 1895 die eerste deurbraak wanneer ’n ouderling van Ladybrand meer as tien jaar na Pasch se koms in daardie gebied melding maak van *“een Roomsche man”* wat gereformeerd wil word. Deur moeilike terugslae word sy opname in die gemeente eers die volgende jaar ’n werklikheid. In 1898 gebeur die groot wending dat H Pasch hom in Burgersdorp aanmeld om as predikant opgelei te word.

In die verband van die GKSA was daar reeds vir 30 jaar voltydse opleiding van predikante, waar die eerste opleiding aan Burgersdorp sedert 1869 kon plaasvind. Nietemin was die getal studente in die tyd wat H Pasch hom in Burgersdorp aangemeld het, nog maar 30 studente in totaal. In die geledere van die GKSA was daar reeds in die voorafgaande 40 jaar wat die GKSA bestaan het (sedert 1859) groot strydpunte soos dié tussen ds. SD Venter en ds. Dirk Postma wat rondom die uitvoering van die sendingroeping die vure hoog laat brand het. Dieselfde tipe vure het H Pasch hom nie op kon voorberei wat hom in sy eerste gemeente baie spanninge en gramskap op die hals gehaal het nie.

H Pasch se teologiese opleiding is die grootste deel deur prof. Jan Lion Cachet waargeneem. Hy was op verskeie terreine aktief betrokke, o.a. in die *"Studentenen Letterkundigen Vereeninging",* hy was ook deel van *"Korps Veritas Vincet",* in besonder het sy skryftalent en digterstalent baie vroeg uitgestaan. Saam met studentemaats soos die latere bekende Totius (JD du Toit) het daar uit Pasch se pen ook gedigte verskyn, alhoewel dit sekerlik nooit van dieselfde gehalte was as die waarvoor Totius alombekend was nie. H Pasch was vroeg reeds bekend as taalstryder vir die regte van Afrikaans. Hy het onder die lede van "Genootskap-manne" geressorteer toe die stryd vir die erkenning van Afrikaans nog 'n baie sware stryd was.

Met die uitbreek van die Tweede Vryheidsoorlog (1899) was H Pasch in die mediese geledere waar hy onskatbare dienste aan gewondes onder die Boeremagte bewys het. Hy is mettertyd aktief in die gevegslinies ingetrek waar hyself die prys moes betaal toe hy ernstige arm- en beenbeserings opgedoen het. Saam met sovele lede van die gemeenskap wat met alles wat hulle kon opoffer om hierdie stryd om vryheid en reg te veg, is hy gevange geneem en as oorlogs gevangene in Bermuda weggevoer. H Pasch wat hom op sy roeping as predikant wou voorberei, was in baie opsigte ontnugter oor die felle hardheid van 'n krygsgevangene se lewe. Op die Darrel-eiland is H Pasch deel van die Gereformeerdes wat aparte Kerkdienste gehou het. Na hy die eed van getrouheid in Julie 1902 onderteken het, is hy toegelaat om na Suid-Afrika terug te keer.

So gou dit moontlik was, het H Pasch dan ook weer sy teologiese studies hervat. H Pasch vorm deel van die groep studente wat die verskuiwing in 1905 vanaf Burgersdorp na Potchefstroom moes maak toe die Teologiese Skool na Potchefstroom verskuif het. Hierdie verskuiwing is in Pasch se persoonlike lewe voorafgegaan deur sy eerste huwelik in Julie 1904 met 'n weduwee Johanna Snyman (gebore Schutte). Na die dood van sy eerste eggenoot in 1929 is H Pasch in

1930 weer getroud met mej. A.J.Ross. Deurlopend kon aangedui word dat H Pasch voortdurend in sy huwelike en gesinslewe besondere steun ontvang het in wat sy roeping van hom vereis het. Veral het sy eerste eggenote in die tyd wat haar man in Angola moes dien deur baie swaar tye hom getrou bygestaan.

Hierdie hoofstuk sluit af deur H Pasch se eerste beroep as proponent in 1907 te behandel. Die roeping en beroeping vind op buitengewone wyse plaas deurdat ’n sesmaande oue beroepsbrief deur ds. P.C. Snyman aan H Pasch oorhandig is, afkomstig van die Gereformeerde Kerk Humpata in Angola. Die beroep word ’n realiteit die oomblik toe H Pasch beroepbaar gestel was. Daar was geen wagtyd vir H Pasch om op ’n beroep/e te wag soos gewoonlik by proponente die geval is nie.

In die laaste dele van hoofstuk 3 word in besonder aandag verleen aan toestande in Angola waarheen H Pasch beroep was. Die persoon van Pieter Biewenga wat in baie opsigte dié voorbeeld van roepingsgetroue volharding in Angola kon lewer word breedvoerig aangetoon. Daar word reeds kennis geneem van die weerstandigheid wat die Angolatrekkers getoon het teen sending en die wyse waarop bedienaars van die Woord hulle roeping op die sendingvelde uitgeleef het. Die weerstandigheid het baie duidelike politieke ondertone wat in die lewe van Biewenga dit vir hom baie moeilik gemaak het, maar soos in die volgende hoofstuk aangetoon is het die roeping tot sending dit vir H Pasch ’n saak van onmoontlikheid gemaak om end-uit getrou sy roeping in Angola uit te voer.

Hoofstuk 4 het in besonder aandag gegee aan die oorgawe en uitlewing van ds. H.Ph.J. Pasch se roeping wat in die verre Angola begin het. Oor ’n tydperk van net 2 jaar (1908-1909) het ds. H Pasch die Gereformeerde Kerk Humpata as predikant bedien. As deel van hierdie gemeente was die sendingveld vir ds. H Pasch niks anders as ’n “slagveld” op die wyse waarop hierdie gemeente dit vir hulle bedienaar onmoontlik wou maak dat sy roeping nie mag wees om as hulle predikant wel ook die Woord aan mense te bedien wie se velkleur en kultuur van hulle eie verskil het nie. Al het die hoofsaaklik kleurlinggelowiges dieselfde taal as die blanke gemeente gepraat, het hierdie Angolaboere ’n sterk ingeboude weerstand teen sending wou handhaaf. Vir ds. H Pasch het hierdie volkere en kultuurrealiteite die mees spanningsvolle jare in sy bediening ingelei, wat geen van die vorige predikante wat wel ook met sending in Angola gekonfronteer was, dit so intens sou moes deurleef en verwerk as wat met ds. H Pasch die geval was nie.

Van die pastoraal-geestelike ondersteuning wat predikant en gemeente wederkerig in hulle kerk-wees van mekaar verwag, het hier baie weinig van tereggekom. Daar was teen die persoon van ds. H Pasch soveel verguising oor sy roeping tot die sending wat alles op van die mees dramatiese Kerkskeuringe uitgeloop het wat nog in die geskiedenis van die GKSA plaasgevind het. Persone soos Herman Smit en ander aktiewe rolspelers teen die roeping en sending van ds. H Pasch word aangedui.

Die proses wat gevolg is om ds. H Pasch in sy roeping as predikant in Angola te ondermyn het dit naderhand onmoontlik gemaak om die teenstanders van die sending op enige ander wyse tot versoening met ds. H Pasch te bring. Die kwaad teen ds. H Pasch bedink om hom in sy bediening en roeping te stuit neem op verskillende maniere die vorm van ’n komplot aan in die tyd wat ds. H Pasch in 1909 in Suid-Afrika was. Agter sy rug is deur ’n groot deel van die gemeente georganiseer en gekonkel, selfs met verteenwoordigers van die Portugese regering, dat dit vir ds. H Pasch vanaf owerheidsweë onmoontlik gemaak is om weer na daardie land en na hierdie gemeente en in besonder na sy gesin terug te keer. Hy het in die tyd tot so vêr as Portugal moes reis omdat daar vir hom geen nadere heenkome was om na die gemeente terug te keer waar hy geroepe was nie. Met ander omweë sou daarin geslaag kon word dat hy eers weer in Augustus 1909 in Kaapstad met sy gesin herenig kon word. Hierdie werkwyse van die Kerk in Angola wat so teen die persoon en roeping van ds. H Pasch gekant was omdat hy ’n wesentlike deel van sy roeping en van sy Kerk-wees wou nakom, deur God se Woord aan almal te verkondig, werp seker van die donkerste kolle op ’n Kerk. Op geen wyse kan daar enige begrip en agting verwag word in wat hierdie gemeente se skandelike optrede in daardie tyd teen die roeping van ds. H Pasch was nie.

Ds. H Pasch is ná hierdie donker tyd in sy eerste gemeente wel deur meerdere vergaderings van die GKSA in sy roeping gehandhaaf. Die kerklike vergaderings se besluite het daarop neergekom dat waar hy op geen manier met enige vrug langer in Angola sou kon arbei nie, hy beroepbaar gestel word. Dit het net nog verdere toetse aan sy roeping gestel.

Hierin het daar uitkoms gekom deurdat die Gereformeerde Kerk Ladybrand, waar ds. H Pasch vroeër as die “Roomse man” bekend was, hom nou beroep het om as Gereformeerde predikant in hierdie Vrystaatse gemeente te arbei. Hy het vanaf 1911-1920 in die gemeente met vrug kon dien. Die intense stryd wat die bediening van die geroepene geverg het, het nie opgehou nie.

In hierdie tyd was die moeilikste uitdagings wat ds. H Pasch in sy bediening in Ladybrand en veral as konsulent van Frankfort moes hanteer, die pastorale versorging van mense wat tydens die Rebellie van 1914 verdeeld en met politieke venyn en haat teenoor mekaar standpunt ingeneem het. Die Rebellie het in baie opsigte gedreig om op die kerklike terrein groot skade aan te rig. Hierin het ds. H Pasch in sy roeping kon bewys waartoe hy in staat was om hierdie strydende partye, so sterk teen mekaar opgestel, in die eenheid wat God van sy kinders verwag vas te hou en almal met dieselfde swaard van die Gees in eenheid te bedien. Hy het sy eie standpunte duidelik gemaak maar op so ’n wyse dat selfs diegene wat met hom oor die rebellie en dit wat daaruit voortspruit verskil het, wel nog sinvol deur sy bediening saamgeneem is. Dit het groot gebiede van die Vrystaat, selfs tot so ver as Harrismith ingesluit waar hy deurlopend in sy roeping bedienaar van die versoening kon wees. Die rebellie het in elke geval en plek wat ds. H Pasch hiermee moes handel baie stryd en spanninge in ds. H Pasch se bediening teweeggebring wat hy met vrug en waardigheid hanteer het. Selfs al het dit persone ingesluit wat ds. H Pasch baie simpatiek teenoor van die rebelle gestaan het, soos met die diaken V. E. d’Assonville die geval was, maar dit het ds. H Pasch nie weerhou dat daar wel met die kerklike tug teen die diaken opgetree moes word, toe dit blyk nodig was nie.

Die volgende belangrike deel van ds. H Pasch se roeping het in 1919 begin met ’n beroep na die Gereformeerde Kerk Pietersburg waarin ds. H Pasch nie tot ’n besluit kon kom in wat hy met hierdie beroep moes doen nie. Hierin is toe die lot gewerp wat die uitslag bepaal het hy wel na Pietersburg moet gaan. Hier het hy in sy roeping groot dele van die Bosveld en die Laeveld as predikant moes bedien. Ds. H Pasch se bediening hier is gekenmerk deur besondere groei in getalle uitbreidings, tot so ver as Messina. Dit het teweeggebring dat van hierdie gebiede tot selfstandige gemeentes kon vorder soos met die Gereformeerde Kerk Louis Trichardt in hierdie tyd die geval was.

Die laaste wat ds. H Pasch voltyds bedienaar van die Woord kon wees is in die Gereformeerde kerke Lindley en Steynsrus (1927-1936). Soos met die vorige gemeentes was die stryd in die gebiede vir ds. H Pasch in sy roeping besonder fel. Die grootste uitdagings wat hierdie tyd na vore gekom het, was om die depressiejare wat ingetree het die hoof te bied.

Van die moeilike keerpunte wat ds. H Pasch die laaste 9 jare van sy bediening getref het, was die betrokkenheid van ds. H Pasch by die “Gereformeerde gemeente onder die Kruis” in Frankfort. Hierdie laaste jare herinner baie sterk aan wat aan die begin van ds. H Pasch se

bediening in Angola gebeur het. Dit het te doen met waar hy mense bedien waar andere wil hê dat sodanige bediening nie mag plaasvind nie.

In die geval van die laaste groot stryd wat ds. H Pasch in sy roeping moes stry is waar hy deur die Gereformeerde Kerk Frankfort op verskeie maniere gewaarsku en vermaan is om nie in hulle grense ’n afgeskeie groep mense, meestal met chiliastiese oortuigings, te bedien nie. Ander besware by hierdie groep was wat hulle genoem het “’n onbybelse bylae by die Dordtse Kerkorde gevoeg” (rakende art 69 KO om die eerste Skrifberyminge later goed te keur). Nog ’n beswaar was ’n besluit rondom die versorging van emeriti en ’n verdere knooppunt van hulle stryd met die Gereformeerde Kerk Frankfort het gewentel rondom die verkondiging van die onvervulde profesieë. Oor die chiliastiese tendens en die verkondiging van die onvervulde profesieë het hierdie groep sterk aansluiting vir van hulle sieninge by ds. S.J. du Toit kon vind.

Die Gereformeerde Kerk Frankfort het in die tyd voor ds. H Pasch se betrokkenheid aldaar ’n moeilike tyd met van dié mense deurgegaan wat die kerkraad en die predikant van Frankfort nie die klagtes en vrae van die betrokkenes bevredigend kon oplos nie. Hierdie groep het toe van die gemeente *“afgeskei”* om dan as *“Gereformeerde Kerk onder die Kruis”* voort te gaan.

In ds. H Pasch het hulle ’n simpatieke benadering tot hulle stryd gevind. Ds. H Pasch is ingetrek in hulle stryd met wat hulle tot op daardie stadium teen die kerkraad van die Gereformeerde Kerk Frankfort bly stry het. Die beswaar teen ds. H Pasch se bediening van hierdie vroeëre lidmate het uitgeloop op ’n klag teen hom waarin hy en die kerkrade van Lindley en Steynsrus van hoofsaaklik indringing in die diens van ’n ander, deur Frankfort aangekla was. Die kernelement van ds. H Pasch en sy kerkrade se verweer teen hierdie klagte was dat die “Kruiskerk” reeds as selfstandige gemeente bestaan en daar nie meer sprake kan wees dat die Gereformeerde Kerk Frankfort enige seggenskap oor hierdie groep kan uitoefen nie. Ds. H Pasch en die betrokke kerkrade is deur ’n uitgerekte kerkregtelike stryd op die meeste van die besware deur die betrokke kerklike vergaderings skuldig bevind. Dit het verdere onrus gebring wat ds. H Pasch se roeping onder meer spanning geplaas het. Ten einde laaste het ds. H Pasch en die kerkrade van Lindley en Steynsrus berus “in die onreg ons aangedaan”. Hierdie was deel van die laaste groot stryd wat ds. H Pasch in sy roeping en bediening moes voer. Daar is aangetoon dat as daar kerkregtelik op sekere gronde in die betrokke saak feite heroorweeg kon word, daar regskrenking teen die roeping en persoon van ds. H Pasch ingebring sal kan word. Hierdie weg het hyself nooit verder gevoer nie.

Hoofstuk 4 eindig met die omstandighede rondom die siekte en afsterwe van ds. H Pasch waar hy op 15 September 1936 oorlede is. As laaste afdeling bied die hoofstuk wyer perspektiewe op die roeping van ds. H Pasch. Sy roeping teenoor die jeug, teenoor onderwys, teenoor teologiese opleiding, teenoor sending en evangelisasie, teenoor die uitbou en opbou van die eenheid in ’n gemeente, teenoor finansies en teenoor kultuur en politiek geniet besondere aandag.

Hoofstuk 5 het die stryd rondom roeping in ds. H Pasch se enigste seun, nl. G.B.S. Pasch, later bekend as ds. Rabbo Pasch nagegaan. In ’n kernelement van die hoofstuk word gewys op die buitengewone druk wat ds. H.Ph.J. Pasch op sy seun gelê het dat hy in sy roeping geen ander keuse kon hê as om predikant te moet word nie. Die negatiewe gevolge van sodanige druk kom in die lewe van G Pasch in besonder na vore. Talle van die persoonlike korrespondensie tussen hom en sy gesinslede, soos in verskeie briewe aangedui gee bewyse van die worsteling en stryd wat dit op daardie stadium in die jongmens lewe van G Pasch teweeggebring het.

Midde-in hierdie roepingsdruk het G Pasch duidelike kenmerke getoon van die besondere leierseienskappe wat hom as student op talle terreine gekenmerk het. Al het G Pasch in 1933, deel van die sg. Depressiejare, as eerste jaar in Potchefstroom begin studeer, het sy vader alles sou opoffer om hierdie seun van hom predikant te laat word. Dit gebeur in dieselfde jaar waar die depressie nie die vreugdes kon demp wat in die ontwikkeling van die Afrikaanse taal as van die grootste hoogtepunte in die jong taal se geskiedenis beskou word nie, nl. die verskyning van die eerste volledige Afrikaanse vertaling van die Bybel. Die waarde wat sodanige Bybelvertaling in die huishoudings van gelowige Afrikaner teweeggebring het, word allerweë beskou as die grootste gebeurtenis wat die lewe van die Afrikaanse volk op die gebied van kultuur en godsdiens tot op daardie stadium kon beleef.

Hierdie deel van G Pasch se lewe as jongman dra met hom saam die dinamika en groot invloede wat die opkomende nasionalisme in die uitleef hiervan op die verstaan en uitleef van Afrikaanse jongmense se toekomsplanne uitgeoefen het. In die geval van G Pasch het sy liefde vir sy volk en sy verstaan van roeping hand aan hand begin loop.

Dit was direk na sy vader se dood wat hy besluit het om die jare lange worstelinge tot ’n einde te bring deur nie voort te gaan met sy teologiese studies nie. Hy het in 1937, die jaar na sy vader se dood, besluit om as geskiedenis-onderwyser sy roeping in die onderwys voort te sit.

Hiermee het hy sy liefde vir die Afrikaanse taal, vir die Afrikanervolk en vir die besondere inkleding van wat die geskiedenis vir die Voortrekker van die Groot Trek in 1938 by die 100-jarige herdenking van die Trek kon oplewer, gekombineer. Op al hierdie terreine het hy al hoe meer ten nouste betrokke begin raak. Dit het ook al hoe meer ’n groot ywer in die opkoms van Nasionalisme in sy eie persoon teweeggebring. Talle geskrifte van hom en aan hom gerig gee bewyse van ’n nuwe soort nasionalisme wat nie meer as gematig beskou kon word nie. Die besondere invloede van die Duitse nasionalisme in daardie tyd het stil-stil sy weg in suidelike Afrika in Afrikaner harte gebaan waarin die roeping tot Kerk-wees en die verstaan van mens-wees nie net ’n Calvinistiese inkleding ontvang het nie, maar Afrikaanse blanke kinders in die meeste huishoudings is geleer om nasionalisties te wees en te dink.

In 1938, steeds deel van ’n oordrewe nasionalistiese tydsgees, het G Pasch as jong onderwyser in Nylstroom begin skoolhou. In die tyd gebeur dat hy as jong onderwyser met ’n jongmeisie, toe nog op skool, in ’n liefdesverhouding begin staan. Hierin het hy homself voorgeneem om dit verantwoordelik te hanteer met die uiteindelike besluit onder aanmoediging van die skool se hoofde dat hy sy studies in Potchefstroom moet voortsit deur ’n Meestersgraad-kwalifikasie in geskiedenis te verwerf.

In 1940 is hy terug na Potchefstroom wat in daardie tyd reeds gebrandmerk was as ’n pro-Nazi universiteit. Rabbo Pasch is baie gou in die studente-geledere terugverwelkom waar hy steeds goed bekend en gerespekteerd was as leier onder die jongmense. Op kultuur en sportgebied was hy in alle geval nog altyd ’n leidende figuur gewees. Vanweë die algehele spanning-situasie rondom die Tweede Wêreldoorlog en die Potchefstroom-studente wat in weerwil van die regeringsbeleid nie anti-Hitler gesind was nie, het gemaak dat G Pasch deur die regeringsmagte met arendsoë dopgehou is. Hy was maar drie maande terug op Potchefstroom toe word hy gevange geneem en geïnterneer word oor redes waaroor daar tot vandag geen duidelikheid bestaan nie.

Bespiegelinge koppel hom aan deelname aan die Ossewabrandwag-bedrywighede, ’n ander gerug stel dat hy ’n landdros op straat nie behoorlik gegroet het nie en dat hy nie meegedoen het as *God save the queen* gesing word nie. In alle geval was Potchefstroom se studente reeds bekend as mense wat nie gehuiwer het om met die soldate in konfrontasie te gaan nie. Daar was talle voorbeelde van geweld en aanhitsing tussen mekaar waar die meeste van die studente geen agting vir hierdie soldate as regeringsmagte betoon het nie. Een so ’n onaangename konfrontasie in Potchefstroom by die Heimat-koshuis waar G Pasch ook gewoon

het, het gegaan oor ’n vlag-insident waar soldate die studente wat die landsvlag geminag het, voor stok wou kry. In die algemeen kan aanvaar word omdat G Pasch as gerekende en welsprekende studenteleier sterk in van die insidente na vore kon tree, hy eenvoudig gevange geneem is om hom op die wyse te neutraliseer.

Hy is as geïnterneerde na die Leeukop gevangenisterrein weggeneem waar haat en frustrasie teenoor diegene wat hom dit aangedoen het, geen perke geken het nie. Hier moes met die uiterste selfbeheersing opgetree word. G Pasch, die jongman met die sterk vryheidsin en deurleefde politieke oortuiginge, het besluit dat hy daar nie langer kan bly nie. Hy het ná meer as een poging tot ontsnapping wel op 24 September 1940 kon slaag om te ontsnap wat hom die volgende 5 jaar in sy lewe in ’n totale nuwe rigting t.o.v. van homself maar ook teenoor die lewe daarbuite geplaas het. Hy het dit baie duidelik laat blyk dat hy hom nie weer lewend sal laat vang nie.

Sy vlugtelingsjare word deur hierdie studie in besonderhede nagevors want hierin het G Pasch oor sy eie identiteit, oor sy liefdesverhouding, oor sy mens-wees en Kerk-wees, oor sy nasionaliteit, oor sy afhanklikheid van ander mense, oor sy liefde vir grond en in alles sy verhouding tot God, het hy in alles ’n ander mens daar uitgestap as die mens wat nie wou glo dat God hom in besonder in sy diens geroep het nie.

Veral het hierdie 5 jare in die lewe van G Pasch die mees sentrale punt van behandeling in sy roeping daargestel, dat ’n mens wel vir lank van jou uiteindelike roeping kan terugdeins maar ’n volgehoue lewenslange weg deinsing vir wat jou roeping moet wees, voor God nie moontlik is nie. Hier staan talle verdere voorbeelde van hoe G Pasch van sy roeping wou terugdeins maar in Februarie 1944 het alles verander. Hier het G Pasch vir die eerste keer openlik na vore gekom dat wat sy vader wou hê hy moet doen, wat elke suster van hom wou hê hy moet doen, hy nou oortuig is dat dit is wat God wil hê hy moet doen. Hy moet predikant word: ná al die jare, deur al die gebeure, met al die twyfel en worstelinge was hy vir die eerste maal volkome oortuig van wat sy roeping werklik is. Nietemin kan die jare wat verby was nie as gemorste jare beskou word nie, want het G Pasch se lewe en werk altyd in diens van ander, maar ook in diens van God wou staan. Hy het selfs as erkende skrywer van twee romans hom in die vlugtelingtyd onderskei. Hierdie werke wat sterk outobiografies vertoon word die selfidentifikasie in wat hy nou moet gaan doen al duideliker uitgelig.

Hoofstuk 6 gee verdere uiting aan die oorgawe en uitleef van G Pasch se voltooiing van sy teologiese studies. Hoe roeping teen alle vlakke van die gebrokenheid van menswees inworstel. Hierin word die skoolmeisie van Nylstroom sy eggenoot. Hierin word aangedui sy besondere rol as studenteleier wat deur al die jare wat hy op Potchefstroom was nooit misgekyk kon word nie. Sy akademiese prestasies is nagegaan, want wie waarlik as bedienaar van die Woord geroepe wil wees moet 'n toegeruste geskoolde bedienaar van die Woord kan wees. Hierin het G Pasch besondere groei getoon. Daar word ook van sy eerste studentepreek rekenskap gegee.

Die studie neem dan in die laaste plek die laaste 10 jaar (1950-1960) van ds. Rabbo Pasch se lewe en roeping in oënskou. Sy voorbereiding en studies tot wat sy roeping moet wees en die werklike uitleef van sy roeping kom in verband deurdat hy maar net 10 jaar predikant kon wees. Dit in net een gemeente al was hy in daardie 10 jaar gepeper met beroepe na ander gemeentes. In hierdie laaste afdeling word in besonder ds. Pasch se ampswerk nagevors want hierin is die enigste blywende waarmerk van wat hy in sy roeping na vore laat kom het. Hier word in besonder 8 terreine aangedui waarin die roeping van ds. G. B.S. Pasch deurleefde en strydende krag bly toon het. Dit begin deur sy liefde vir die Universiteit van Potchefstroom aan te dui dat hy as predikant nooit sy roeping teenoor die Universiteit laat verflou het nie. Die feit dat die Potchefstroomse Universiteit die wetenskap van sy tyd in die lig van God se Woord plaas is 'n saak wat ds. Rabbo Pasch by alle mense wou tuisbring. Daar is dikwels genooide professore vanaf Potchefstroom na Potgietersrus oorgebring om dit in die gemeente oor te dra en duidelik te maak.

'n Besondere kenmerk van ds. Rabbo Pasch se roeping was dat hy ná alles wat hy kon wees in die Kerk van sy roeping net pastor en herder wou wees. Die besondere wyse waarop hy baie streng en toornig in sy bearbeiding kon handel en tog in liefde en getrouheid die kind van God nader aan God wou bring, was opvallend. Die groei en uitbreiding en opbou van die gemeente in hierdie tyd was buitengewoon. Deel van dieselfde roeping word gewys op ds. G Pasch se besondere gawe tot prediking en die handhawing van die suiwere leer. Hierin sal daar sterk ooreenkomste met sy vader aangedui kon word. Die belang van die toepassing van die kerklike tug het hierin nie agterweë gebly nie. Brandpunte soos die toelating van ouderlinge op die kansel tydens leesdienste was van die groot uitdagings om van hierdie formalistiese gebruike nie langer toe te laat nie.

Terselfdertyd was ds. G Pasch as geroepene steeds 'n swakke mens met sy lewe vol barste geslaan. Dit kan tot op die einde bewys word. In baie opsigte het hy soms oor sy eie vermoëns

en kragte getwyfel, in baie opsigte het hy dikwels sy teleurstellings duidelik gemaak waarin dit vir hom gevoel het “sy preke, styl en inhoud nie meer ingang vind by die gemeente nie”. Dit wat so in kontras staan met wat baie mense se herinneringe oor hom is, wat hulle hieroor kon uitspreek.

Daar is bevind dat die roeping tot sending en evangelisasie by die seun net soos by sy vader altyd ’n saak van erns in hulle roeping was. In die tyd wat ds. G Pasch in Potgietersrus was, het die sendingywer al wyer uitgekring dat hulle selfs in sendingkombinasie ’n voltydse bedienaar tot sendingwerk kon beroep. In die omgewing van Potgietersrus was in die 10 jaar van ds. G Pasch se bediening voortdurend uitbreiding van die sendingvelde wat bereik is.

Om as geroepe bedienaar die Woord uit te dra en uit te leef kan nooit in isolasie plaasvind nie. Daarvoor het ds. G Pasch in baie opsigte kragte en gawes aangewend ook in die Kerkverband. Selfs kerke buite die grense van Suid-Afrika was vir hom deel van sy veld van bediening. Aan die kerke in Angola, in Argentinië, in Hongarye is mild bygedra. Hyself het in 1955 uitgebreide besoeke aan die Afrikaanssprekende gelowiges in Kenia gebring wat op daardie stadium as twee gemeentes Eldoret en Skeurvallei, Kerk van die Here was. In die laat 1959 het hy die kerke in Rhodesië (Zimbabwe) besoek. In die tyd van G Pasch se bediening was die saak van Nederlandse immigrante, waaruit ds. G Pasch oorspronklik vanuit afstam, goed ondersteun.

Verder dien hier te vermeld die jare wat ds. G Pasch as redakteur van die jeug se kerklike blad, *Die Slingervel* besondere bydraes tot die jeug van die Kerk kon lewer. Dan staan in dieselfde ry die talle deputaatskappe waarop hy moes dien. In besonder sy tyd en gawes wat aan die Eeufeesbedieningsfonds moes gaan het baie van hom gevra. Dan het ook die eeufeesjaar van die GKSA in 1959 om baie meer as die insameling van fondse gehandel. Ds. G Pasch se besondere liefde vir geskiedenis spreek in die tyd boekdele waar hy in die Bosveldstreek ’n leeue-aandeel gelewer het in die skryf en samestelling van die *Eeufeesgedenkalbum van Klassis Waterberg 1859-1959.* ’n Bundel wat in sy samestelling van besondere kundigheid getuig en word nie minder nie as 12 gemeentes in hierdie geskiedenis betrek en die kerklike bouers is in persoon aan die woord gestel. So het die geskiedenis van die eerste 100 jaar in GKSA verband lewend kon spreek.

In die bestaan van die Here se Kerk is die voorsiening van toekomstige bedienaars van die Woord altyd van die grootste belang. In hierdie verband het ds. G Pasch die groot tekort aan bedienaars van die Woord as van die dringendste belang beskou. In sy eie lewe waarbinne hy

die deurbraak in die besef van roeping tot bedienaar van die Woord op so ’n moeilike wyse moes behaal, kan aanvaar word dat hy met baie voornemende bedienaars van die Woord die erns van roeping en die nood daarrondom goed kon oordra. Daar is in sy kort bedieningstyd voortdurend teologiese studente deur ds. G Pasch bygestaan.

Daar is talle voorbeelde waarin hy gewys het die worsteling wat roeping teweegbring. So is daar die talle beroepe, op die minste 40 beroepe, wat ds. G Pasch in sy bediening ontvang het, waar elke beroep op ’n predikant uitgebring weereens worsteling rondom roeping bevat. ’n Beroep na ’n ander gemeente het in sy geval met groot worsteling gepaard gegaan waarin hy met die baie beroepe wat hy ontvang het elke keer oortuigend kon antwoord dat hy werklik nog geroepe in Potgietersrus is.

In hierdie laaste hoofstuk word die oorgawe waarmee ds. G Pasch die saak van onderwys in belang van die jeug gedien het, baie duidelik aangedui. Onderwys was vir hom baie meer as net gewoon om kinders te leer en op te voed. Waar hyself eers in die onderwys was kon die ywer waarmee hy christelike nasionale onderwys (CNO-onderwys) wou bevorder baie duidelik aangetoon word. Artikels en pleidooie deur hom in belang van onderwys gelewer, is daar talle voorbeelde aangebied. Hy het selfs so ver as Kaapstad kon reis om as spreker by ’n CNO-vergadering op te tree. Daar is die voorbeeld waarin hy leiding geneem het om fondse te bekom vir die onderwys van die Afrikaanse kinders in Kenia.

Roeping teenoor sy eie gesin was vir ds. G Pasch baie duidelik. In die beproewinge wat hulle as gesin moes deurmaak, soos o.a. hulle eerste kindjie wat nie lewendig die eerste lewenslig kon aanskou nie. Die besondere hartseer en worsteling wat die dood van die kind in die gemoed van die geroepene teweeggebring het, kan daar geen twyfel oor bestaan nie. Hierin het ds. G. Pasch aangrypend net die wil van die Here in hierdie groot beproewing gesoek. Hy was hierin voorberei om ander ouers rondom dieselfde grootste hartseer by te staan. Wanneer hy later in ’n artikel gebruike rondom die hou van begrafnisse neerpen, dan is dit duidelik dat die troos en die krag wat die geliefdes hier moet ontvang alleen van die Here kan kom.

Niemand het dit kon verwag dat ds. G Pasch se eie heengaan so skielik sou wees nie. Wanneer daar teruggekyk word wil dit voorkom, soos hy in sy laaste preek op 7 Februarie 1960 dit verkondig het, asof hy iets van die einde van sy eie lewensverwagting kon aankondig. Toe sy dood op 10 Februarie 1960 plaasgevind het, waar hulle jongste kind maar 6 weke oud was, was die kerkverband tot in die verste kringe diep bedroef gewees. In baie opsigte was hierdie

geroepe dienaar van die Here enig in sy soort. Hy wat langs die graf van vriend gestaan het, daar het hy nog gebid, nog ’n Psalm gesing, terwyl die Psalm klink het G.B.S. Pasch ’n aanval van beroerte gekry en is dieselfde dag dood as waarop sy vriend begrawe is. Dit was ’n roeping in 10 jaar uitgeleef. Daar was baie langer tyd bestee aan die voorbereiding tot die roeping (17 jaar) as wat daar tyd kon wees in die uitleef van die roeping as bedienaar van die Woord (10 jaar). Hierin sien ons die Here wat sê dat soos wat ons tye meet is nie noodwendig hoe God dit aftel nie. Roeping in een dag kan dalk vir 1 000 dae tel, terwyl 1 000 dae se roeping werklik net op een dag ’n groot verskil kan maak. So was die lewe en stryd van ds. G Pasch, so was die roeping van ds. G Pasch, dit het ’n verskil in die lewens van baie mense gemaak.

7.3 FINALE SAMEVATTING EN GEVOLGTREKKINGS

Die omvang, die diepte, die krag van roeping waar God roep kan geen mens deurdink nie. Hierin het die voorbeeld van ’n pa en sy seun uit twee direk opvolgende geslagte, as onderwerp van hierdie studie gedien. In die verstaan van roeping as ’n daad van God waarin God die mens na Hom roep (na Hom laat kom) om dan die geroepene gesagvol uit te stuur om as gevolmagtigde van God sy Woord met die gawes wat God skenk ordelik die wêreld uit te dra.

In hierdie definisie van roeping het die klem geval op die soewereine daad van God as daar geroep word. Die mens wat amptelik geroep is, het die opdrag om waar hy in sy roeping na God moes kom, die geroepene as gevolmagtigde draer van God se roeping ook andere na God moet roep. Die gesag van roeping lê in die feit dat dit van God afkom, terwyl die persoon wat die roeping amptelik bedien geen gesag in homself kan plaas nie. Hierin het die studie aangedui (hoofstuk 2) hoe uitermate bewus beide die Pasch-predikante hulle swakke mens-wees beskou het terwyl die geweldige roeping en verantwoordelikheid om die Woord van die Here aan die Kerk van die Here te bedien hulle voortdurend uit hulle swakheid tot nuwe krag aangespoor het. Verder het die studie deurlopend die besondere gawes en die geleenthede wat aan ds. H Pasch en sy seun ds. G Pasch geskenk is, na vore gebring. Roeping het altyd te doen met die bediening van mense om God se Woord en God se gawes en God se regering (geleenthede) in ’n geheel (as één roeping) tot opbou van die gemeentes saam te bring. Die studie het aangetoon hoe hierdie besondere roeping ’n uitdaging vir beide die Pasch-predikante was, maar terselfdertyd het hulle roeping ’n daadwerklike verskil kon maak in die lewens van die mense wat hulle bedien het.

Die voorkoms van die naam van H Pasch as ’n Rooms-Katolieke “ingenieur”, weggesteek in ’n kort inskrywing van die 1895- kerkraadsnotule van die Gereformeerde Kerk Ladybrand, is die begin van God se stem in sy lewe. H Pasch wat toe reeds meer as ’n dekade in die Vrystaat as hoefsmid, as messelaar, as “ingenieur” werksaam was, is spoedig deel van die Gereformeerde Kerk Ladybrand gemaak. Roeping kan nooit van Kerk-wees geskei word nie maar God se roeping in die lewe van H.Ph.J. Pasch, toe reeds 33 jaar oud, het hom verder gedring om voltyds as bedienaar van God se Woord na Burgersdorp te gaan om as predikant opgelei te word. Die stryd tot roepingsaanvaarding wat nie aan ouderdom gekoppel kan word nie, kom hierin duidelik na vore.

Die verdere stryd tot roepingsaanvaarding het in albei die Pasch-predikante gewentel rondom die uitbreek van oorloë. In H Pasch se geval was die uitbreek van die Tweede Vryheidsoorlog toe hy nog student was, geweldig ingrypend. Hierin kom na vore die teleurstelling om alle studies te staak, want geen klasse kon in die brandpunt van die oorlog langer in Burgersdorp aangebied word nie. Die trauma en hartseer van berigte van mede-studente wat hulle lewens verloor het, het ook ’n groot invloed op hom gehad. Vir H Pasch wat aktief tot die oorlog toegetree het, het die oorlog hom liggaamlik ernstige leed aangedoen deurdat sy regterarm baie ernstig beseer was dat hy nooit die volle gebruik weer kon herwin nie. Al die hartseer en verlies en spanning deur die oorlog teweeggebring was egter nie ’n demper op wat H Pasch geglo het sy roeping moet wees as die oorlog verby is nie. In die tyd waarin hy as krygsgevangene weggevoer was met die oorlog nog in die Boere-republieke aan die gang, het ’n verdieping in die vreemde ingetree waar H Pasch al hoe meer oortuig geraak het dat sy pad wat deur God vir hom gebaan is, steeds is om predikant te word. Hy het dadelik sy studies voortgesit toe daar weer na Burgersdorp teruggekeer kon word. Hierin het die studie kon aantoon dat oorlog kan op geen wyse roeping “vermoor” nie

Selfs in die bediening van ds. H Pasch was die Eerste Wêreldoorlog ’n geweldige punt van spanning in sy bediening in Ladybrand wat weereens sou herinner aan die drukte en stryd wat met die Vryheidsoorlog alreeds was. Die bediening tydens die rebellie van 1914 het H Pasch hom hom daarop moes toelê om die verdeeldheid wat daar in besonder in die gemeentes deur hom bedien tydens die oorlog en deur die rebellie teweeggebring, die hoof te bied. Sulke verdeeldheid verg bo-menslike insigte en kragte om te midde van die branding God se vrede en God se versoening aan die partye aan alle kante te bedien. Hierin het H Pasch hom ook onderskei.

Vir ds. G Pasch was die Tweede Wêreldoorlog die groot wending in sy roeping. Finaal kan die gevolgtrekking gemaak word soos wat oorloë in die lewe van die vader, ds. H Pasch 'n groot rol sou speel in die aanvaarding en uitlewing van sy roeping, daar met die seun vanweë die Tweede Wêreldoorlog 'n "oorlog" rondom roeping in hom sou losbreek. Om as gevangene, geïnterneerde en 'n vier jaar lange vlugteling oor alle breedtelyne van suidelike Afrika te moes rondtrek want hy sou hom nie weer laat vang nie, was vir G Pasch die bevestiging van sy roeping.

So kan die studie finaal bevestig die geweldige persoonlike rol wat oorloë in die behandeling van roeping speel, wat in beide die gevalle mense nader na die Here gedwing het om dan terselfdertyd nader aan die uitlewing van hulle roeping te kom. Die stryd wat beide die predikante moes voer om tot hulle roeping te kom was niks minder as 'n oorlog-stryd wat hulle moes oorkom nie.

In die lewe van beide die predikante kon daar vasgestel word hoe belangrik die oortuiging tot die roeping as predikant 'n saak moet wees wat van binne moet groei. Dit mag nie deur dwang van buite iemand opgelê word nie. Waar ds. H Pasch aanvanklik alles aan die werk gestel het om sy enigste seun te dwing tot aanvaarding dat sy roeping niks anders mag wees as net om predikant te word nie, kan daar nie genoeg teen die negatiewe gevolge van so 'n benadering gewaarsku word nie. Die gevolgtrekking wat hierin duidelik vasstaan is dat roepingsaanvaarding en die uitlewing van dié roeping alleen deur God so bewerk kan word om dan te wil sowel as om te werk in die roeping wat God vir die mens voorberei. Niemand anders kan hierin die werk van God "oorneem" nie.

In beide die Pasch-predikante was prof. C.J.H. de Wet goed bekend. Ds. H Pasch het in Ladybrand 'n leeue-aandeel gehad in die besluit van De Wet om hom wat nie in die GKSA opgegroei het nie wel in noue kontak met die die Gereformeerde Kerk Ladybrand te bring. In die opsig was De Wet direk deur ds. H Pasch in sy roeping beïnvloed wat nog verder gevoer kon word deurdat De Wet, na hy in Stellenbosch sy voorgraadse studies voltooi het, na Potchefstroom gegaan het om as predikant in die GKSA opgelei te word. So beïnvloed geroepe voorgangers mekaar in die beoefening van elkeen se roeping.

Opmerklik dat De Wet as jong predikant en selfs as latere professor aan die Teologiese Skool van die GKSA noue bande met ds. H Pasch behou het. Hulle het altyd mekaar kon bystaan en mekaar in hulle roeping versterk, selfs in sake van konsensieuse aard soos die verstaan en

uitleg van onvervulde Bybelse profesieë en helaas as ouman het ds. H Pasch nog vir prof. De Wet wou nader om in die kerke van sy bediening ’n aanbieding oor die verstaan van chiliasme aan te bied. Hierdie band tussen die geroepe dienaars het tot die einde van ds. H Pasch se lewe voortgeduur daar De Wet die geroepene was om die dag van ds. H Pasch se begrafnis die Woord en die troos van God te bedien. Ds. G Pasch sou vanaf 1933-1936 as student noue kontak met prof. De Wet behou deurdat hy as student by De Wet klas sou ontvang.

Dit is in alle geval aangrypend dat dieselfde De Wet (1940:64) ’n preek vanuit die profesie van Jona geskryf het wat eintlik as finale samevatting ’n besondere lig werp op watter besondere gevolgtrekking daar tussen die roeping van Jona en die roeping van die Pasch-predikante bestaan, wat veral in die lewe van ds. Rabbo Pasch nog sterker na vore kom. De Wet wys die sentrale tema by Jona as die feit dat Jona voor sy roeping teruggedeins het maar hy nooit finaal daarvan kon wegdeins nie. Die terugdeins-gedagte moet in albei die Pasch-predikante sterk beklemtoon word, want as sondaar-mense het die studie aangetoon hoe ’n vader en sy kind wel voor die grote God moes terugdeins. Die God wat die mens roep, al sal mense verskillende metodes kan aanwend om van jou roeping terug te deins, maar as dit waarlik God is wat roep sal geen terugdeinsing slaag nie. In die lewe van die Bybelse Jona, Abraham, Moses, Elia, Jesaja, Jeremia, Paulus en die gryse Johannes op Patmos, in elk van die genoemde voorbeelde is daar sprake van ’n terugdeinsing. Daar kan ’n aanvanklike terugdeinsing wees maar op die lange duur sal daar vir geen geroepene ’n wegdeinsing kan wees nie.

Koorts (2014:12) het oor die lewe van dr. D.F. Malan gewys op die kerklike roeping waarvan Malan nie deur emosionele gevoelens oortuig geraak het nie, maar daar was ’n stelselmatige ontwikkeling in die bewustheid hoe God hom geroep en voorberei het op die pad wat Malan moes loop. Malan was oortuig elke mens het ’n godgegewe roeping het wat alleen kon slaag as God se seën daarop rus (Koorts, 2014:23). Hierin is dit baie duidelik dat die Pasch-predikante, wat goeie kenners van Malan sou wees, in alle geval volledig aansluiting kon vind oor hoe Malan roeping verstaan het. Hulle roeping wat wel uiteenlopend was, het baie duidelik in baie opsigte God se seën daarmee saam opgeneem.

’n Verdere slotsom in wat met ds. H Pasch se roeping in besonder na vore kom is om die Woord aan alle mense uit te dra. Die benadering wat ds. H Pasch in die eerste gemeente in Angola gevolg het deur aan God meer gehoorsaam te wil wees as aan mense, het hom groot leed en stryd gekos. Hierin het hy egter volhard dat aan almal, ongeag die ras, volk, taal, selfs aan jou vyande moet die evangelie verkondig word. Die laaste wat ds. H Pasch aktief bedienaar

van die Woord kon wees het hy weereens hom moes verweer oor hy aan mense, in die geval die “Gereformeerde gemeente onder die kruis” in Frankfort, die Woord bedien het, terwyl die Gereformeerde kerkraad van Frankfort ds. H Pasch aangekla het dat hy nie aan die “skeurgroep” die Woord mag bedien het nie.

Hierin kan die gevolgtrekking gemaak word dat in albei die Pasch-predikante daar wel ’n onverskrokke benadering bestaan het in die uitdra van die Woord waarin ander hulle wou teëhou. Ds. G. B.S. Pasch het, net soos sy vader, male sonder tal met onverskrokke ywer sy roeping aangepak waar hy nie geaarsel het om duidelik standpunt in te neem waar dit vir hom om wesentlike sake gegaan het nie.

Di. H Pasch en G Pasch het albei met oortuiging en met heilige erns hulle roeping uitgevoer. Hulle het nooit wou voorgee dat geloof eerstens ’n gevoel is en daarna kom die feite by nie. Vir albei die Pasch-predikante was die emosie nie die bepaler van geloof nie, maar was hulle deel van die oortuiging van Calvyn wat gesê het dat God wil hê dat die geroepene rekenskap moet gee van die hoop wat in hom leef. God stuur nie manne om oor onbekende twyfelagtige dinge hulle roeping uit te voer nie, maar God wil dat daar ’n skoling moet plaasvind wat die geroepene in staat stel om ook ander te leer, wat hyself ook eers moes leer. Die leerskool was vir beide die predikante hier ter sprake ’n harde skool. Tog het elkeen in die lewende hoop wat hulle in hulle roeping bedien het, hulle vreugde gevind. Tot aan die einde van elk van hierdie dienaars se lewe het hulle hul ten volle oorgegee aan die roeping wat hulle van God ontvang het, al het dit hoe baie stryd gekos. Die stryd het net hulle roeping verinnig.

Hoofstuk 8

BIBLIOGRAFIE

Geraadpleegde literatuur

ALBERTS, J.L.M. 1998. Geliefde dienskneg. Biografie van Pieter Biewenga predikant van Humpata en Que. 63p

ANON.1908. Humpata. *Die Kerkblad,* 10 208):10, 1 Mei 1908

ANON. 1910. Kennisgewing. (H.Ph. J. Pasch beroepbaar gestel). *Die Kerkblad,* 12 (232): 10, 1 Mei 1910

ANON.1911. Kerkniews (H.Ph.J. Pasch na Ladybrand beroep). *Die Kerkblad,* 12 (241):5, 1 Feb. 1911

ANON. 1911. Ladybrand (H.Ph.J. Pasch in Ladybrand bevestig). *Die Kerkblad,* 13 (244):6, 1 Mei 1911

ANON. 1920. Afscheid van Ds. H.Ph.J. Pasch. *Die Kerkblad*, 21 (434):12-13, 15 Jan 1920

ANON. 1920. Kerknieuws (H.Ph.J. Pasch in Pietersburg en Zoutpansberg ontvang) *Die Kerkblad,* 21 (437): 1 1 Maart

ANON. 1927. Lindley en Steynsrust (H.Ph.J. Pasch in Lindley ontvang.) *Die Kerkblad,* 28 (614): 326, 15 Nov. 1927

ANON. 1929. Simpatie (H.Ph.J. Pasch eggenote oorlede) *Die Kerkblad,* 29 (646): 583, 16 Apr. 1929

ANON. 1936. Wyle Ds. H.Ph.J. Pasch. *Die Kerkblad,* 63 (817):12-13, 13 Okt. 1936

ANON. 1950. Ontvangs en bevestiging van prop. en mev. G.B.S. Pasch. *Die Kerkblad,* 53 (1129):10, 5 Mei 1950

ANON. 1960. Ds. G.B.S. Pasch heengegaan. *Die Kerkblad,* 62 (1534):1, 17 Feb. 1960

ARGIEF, OSSEWA-BRANDWAG. 1978. G.B.S. Pasch as vlugteling in Suidwes. P. Meyer. Bandopname nr. 173. 28 Nov. Vraesteller L.M. Fourie

ARGIEF, OSSEWA-BRANDWAG.1979. Herinneringe van mnr. J.G. Linde. Bandopname nr.173:23 Vraesteller L.M.Fourie

ARGIEF, OSSEWA-BRANDWAG.1985. Herinneringe van mnr. A.S. Spies. Bandopname nr.3 Vraesteller F.Robinson

ARGIEF, OSSEWA-BRANDWAG.1985. Herinneringe van mnr. R.A. SwArtikel Bandopname nr.85. Vraesteller F. Robinson

ARGIEF, OSSEWA-BRANDWAG.1985. Herinneringe van mnr. H.M. van As. Bandopname nr.173:23 Vraesteller L.M.Fourie

ARGIEF, OSSEWA-BRANDWAG.1985. Herinneringe van mnr. F.A. Faurie. Bandopname nr.48:50-51 Vraesteller F. Robinson

ARGIEF, OSSEWA-BRANDWAG.1985. Herinneringe van mnr. G.Wolf. Bandopname nr.90: 23. Vraesteller F. Robinson

AUCAMP, M. 1981. Charisma en amp in die bevestigingsformuliere: ’n kerkregtelike studie. Potchefstroom: PU vir CHO (ThM-verhandeling)

AUCAMP, M. 1984. Deur Christus gestuur. (*In* Smit, C.J. *red*. In gehoorsaamheid: opgedra aan prof. dr. G.P.L. van der Linde. Potchefstroom: Potchefstroom Teologiese Publikasies. p.6-18)

BADENHORST,M.J. s.a. Die Kruiskerk en die Stydenburgse Kerkkwessie met Di S.J. du Toit en Andrew Murray in twee kampe. Stellenbosch: Boekhandel T.Wever

BAVINCK, H. 1911. Roeping en wedergeboorte. (*In* Gereformeerde Dogmatiek. Vierde deel. JH Kok: Kampen, p1-82.)

BEUKES, P. 1994. The religious Smuts. Cape Town: Human & Rousseau

BOSCH, J.A. 1967. Ladybrand: 1867-1967. Bloemfontein: Onderwyskollege

BOUWMAN, H. 1928. Gereformeerde Kerkrecht. Kampen: J.H. Kok

BROWN, E. 1993. Die invloed van Abraham Kuyper op ds. S.J. du Toit. *In die Skriflig,* 27(3):385-412

BUTER-PRETORIUS, E. 2005. Was ek ’n voël dan vlieg ek weg: Die geskiedenis van vier families: Pretorius-Kruger-Riekert-Holtzhausen. Pretoria: Durrant & Viljoen.

BUYS, A.L.A. 2012. Hemelse roeping op aarde. Aantekeninge: Ongepubliseerd

BUYS, P.J. 1989. Die verhouding tussen gemeenteopbou en evangelisering: ’n Eksegetiese ondersoek na die betekenis van tersaaklike woorde in die Nuwe Testament en die implikasies daarvan vir die verhouding tussen die bewaring en die vermeerdering van die Kerk. Potchefstroom: PU vir CHO. (Th.D-proefskrif)

BYBEL, 1933. Die Bybel. Dit is die ganse Heilige Skrif wat al die kanonieke boeke van die Ou en Nuwe Testament bevat. Kaapstad: Britse en Buitelandse Bybelgenootskap.

CALVYN, J. 1559. Institusie van die Christelike godsdiens. Potchefstroom: Calvyn Jubileum Boekefonds 1988 (Vertaal deur prof. H.W.Simpson).

CAMERON, T. 1994. Jan Smuts. An illustrated biography. Cape Town: Human & Rousseau

CILLIERS, D.H. 1982. Albert se aandeel in die Afrikaanse beweging tot 1900. Goodwood: Nasionale Boekdrukkery

COETZEE, J .C. 1964. Volk en Godsvolk in die Nuwe Testament: Potchefstroom: PU vir CHO. (Proefskrif Th.D)

COETZEE, J.C. 1982. Die Nuwe-Tetamentiese Skrifopenbaring oor Goddelike uitverkiesing. *In die Skriflig,* 16 Maart 1982. p.20-42

COETZEE, P.A. 2010. “Dat nu ook het eerste werk zal zijn”: Ontstaan van die eerste Gereformeerde kerke in die Suid-Afrikaanse Republiek: 1858-1861. Pretoria: V&R Drukkers

D’ASSONVILLE, V.E. (sr.) 1984. Kerk op die wit hooglande. Potchefstroom: Marnix

D’ASSONVILLE, V.E. (sr.) 1993. Dit is Totius- J.D. du Toit 1877-1953. Lynnwoodrif: Marnix

D’ASSONVILLE, V.E. (sr.). 1999. SJ du Toit van die Paarl (1847:1911). Weltevredenpark: Marnix

D’ASSONVILLE, V.E. (sr.). 2002. Op die bodem van die Vaaldam. Weltevredenpark: Marnix

DE GRAAFF, B. J. H. 2000. Apartheid. Een aanset tot begripsbepaling. Amsterdam: Suid-Afrikaanse instituut.

DE JONG, C. 1994. Die sendingkwessie en Kerkskeuring. http://repository.up.ac.za/bitstream/handle/2263/16059/003_p041-060.pdf?sequence=2. pdf. 15 Maart 2013

DEKKER, G. 1944. Erfplaas (Resensie) *Veteraan,* 43.

DE KLERK, W.J. 1982. Roeping – ’n Sisteem. *Instituut vir die bevordering van Calvinisme,* Studiestuk nr. 15

DE KOCK, M.J.& KRIEK, N.P.J. & DU PREEZ, J.T. 1914. Antwoord aan ds. Pasch. *Die Kerkblad,* 16 (308): 4-5 1 Mei 1914

DE WET, C.J.H. 1940. Jona. (*In* Duvenage, A & Snyman, P.G.W. (*red.)* Die geopende deur en ander preke. Kaapstad: Citadel Press. p. 46- 49)

DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA 1859-1959, Gedenkboek by geleentheid van die Eeufees. Potchefstroom: Algemene Sinode Deputaatskap vir die Eeufees

DU PLESSIS, J.S. 1952. President Kruger aan die woord: Kruger toesprake. Bloemfontein: Sacum Beperk

DU PLESSIS, W. P. 1988. Die Gereformeerde kerke en die 1914-rebellie. Potchefstroom: PU vir CHO. (ThD-proefskrif.)

DU PLOOY, A le R. 1979. Ekklesia en meerdere vergaderings. Potchefstroom: PU vir CHO. (ThM-verhandeling)

DU PLOOY, A le R. 1982. Kerkverband ’n Gereforeermeerd-Kerkregtelike studie. Potchefstroom: PU vir CHO. (ThD-proefskrif)

DU PLOOY, A le R. 2003. Die Gereformeerde kerke in Suid-Afrika 1859-2002: die vervulling van ’n roeping in die belang van die koninkryk van God. *In die Skriflig*, 37(3):485-504

DU TOIT, J.D. 1909. Onze Roeping en toekomst. (*In* Lion Cachet, J. *red.* Gedenkboek der Gereformeerde Kerk van Zuid-Afrika. Potchefstroom: AH Koomans. p.195-210).

DUVENAGE, S.C.W. 1954. Die navolging van Christus. Potchefstroom: Pro Rege.

EEUFEESGEDENKALBUM. 1959. Klassis Waterberg 1859-1959. Potgietersrus: Deputaatskap vir die Eeufees en Gedenkalbum

FICK, P.H. 2009. Die korrespondensie van J.J. Venter met H.A.L. Hamelberg: ontleding van ’n sendingbeskouing. *In die Skriflig,* 43(3):519-535

FLOOR, L. 1976. Die presbiter by Lukas en Paulus. *In die Skriflig,* 10(37):22-33

GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA. Almanak vir die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika. 1884, 1908

GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA-Argief (GKSAA). *Notules van die kerkraad van Ladybrand (19.12.1872 – 11.03.1905).* 1.1.1

GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA-Argief (GKSAA). *Notules van die kerkraad van Humpata (23.05.1903- – 16.04.1908).* 1.1.3

GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA-Argief (GKSAA). *Notules van die kerkraad van Ladybrand (14.04.1905 – 29.05.1937).* 1.1.2

GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA-Argief (GKSAA). *Notules van die kerkraad van Pietersburg (08.10.1909 – 07.07.1922).* 1.1.3

GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA-Argief (GKSAA). *Notules van die kerkraad van Pietersburg (07.10.1922 – 09.07.1943).* 1.1.4

GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA-Argief (GKSAA). *Notules van die kerkraad van Lindley (eers Gereformeerde Kerk onder’t kruis) (18.01.1911 – 18.04.1919).* 1.1.1

GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA-Argief (GKSAA). *Notules van die kerkraad van Lindley (13.02.1926 – 21.08.1942).* 1.1.3

GEREFORMEERDE KERK BURGERSDORP. 1960. Gedenkalbum by die geleentheid van die Eeufees: 22-24 Jan 1960. Potchefstroom: Potchefstroom Herald.

GILIOMEE, H. 2004. Die Afrikaners. ’n Biografie. Kaapstad: Tafelberg uitgewers

GIOLOMEE, H. 2012. Afrikanernasionalisme 1902-1924. (*In* Pretorius, F.Geskiedenis van Suid-Afrika: Van voortye tot vandag. Kaapstad: Tafelberg. p.246-262).

GOUMAZ, L. 1948. Het Ambt by Calvyn- een samenvatting naar zijn commentaren op het Nieuwe Testament- Vertaal en ingelei deur K.Deddens. Franeker: T Wever

HANDELINGE van die Nasionale Sinodes van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, 1862, 1863,1873, 1884, 1908, 1982

JANSE VAN RENSBURG, J. J. 1991. ’n Reg tot opstand. (*In* Helberg, J. L., e.a.. Kerkwees as getuienis in Suid-Afrika vandag. Potchefstroom: Potchefstroomse Teologiese Publikasies. p.66-79

JOOSTE, J.P. 1958. Ds. J Beijer: Sy vertrek en pogings om terug te keer. *In* Jooste, J.P. *red.* Die geskiedenis van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika. 1859-1959. Potchefstroom: Potchefstroom Herald. p. 149-160)

JOOSTE, J.P. 1974. Gedenkboek van die Dorslandtrek. Potchefstroom: Potchefstroom Herald

JOUBERT, H.L.N. 1939. Die roeping, sending en sendingbewussyn van die Nuwe Testamentiese apostel met spesiale verwysing na die sendingsbewussyn van die Ou-Testamentiese profete en van Jesus Christus. Vrije Universieit te Amsterdam (Ph.D-proefskrif)

KOORTS, L. 2014. DF Malan en die opkoms van Afrikaner nasionalisme. Kaapstad: Tafelberg

KOTZÉ, D.N.G. 1982. Ek blaai terug. Potchefstroom: Calvyn - Jubileumboekefonds

KRÜGER, D.W. 1958. The age of the generals. A short political history of the Union of South Africa, 1910-1948. Johannesburg: Dagbreek Book Store

KRÜGER, D.W. 1963. Paul Kruger 1883-1904. Deel II. Johannesburg: Afrikaanse Persboekhandel

KRÜGER, G.J. 1960. Ds. G.B.S. Pasch. *Die Kerkblad,* 61 (1538): 7 16 Maart 1960

KURATORE-VERGADERING. 1927. Kerk en skool. *Die Kerkblad,* 28 (616): 367, 20 Des 1927

KUYPER, A. 1869. Eenvormigheid, de vloek van het moderne leven. (Lesing, Amsterdam:Odeon 22 Apr. 1869)

KUYPER, A. 1869. Het beroep op het volksgeweten. (Rede ter opening van de Algemeene Vergadering der „Vereeniging voor Christelijk Nationaal Schoolonderwijs", gehouden te Utrecht, Amsterdam: B.H. Blankenberg Jr., 18 Mei 1869.)

KUYPER, A. 1974. Het Calvinisme oorsprong en waarborg onzer Constitutioneele Vrijheden. Tweede druk, B van der Land: Amsterdam.

KUYPER, A. 1884. Plancius rede. Amsterdam: JH Kruyt

LAMBOOY. J. 1929. Ds. Pasch om nadere verklaring gevra. *Die Kerkblad,* 29 (645): 569, 2 Apr. 1929

LANGNER, D. 2007. Knegte van die allerhoogste teen die hele wêreld vry. Koot Vorster-segsman of profeet?: Universiteit van die Vrystaat: Griffel Media (DTh-proefskrif)

LAUFS, D. 1982. Die Teologiese Skool van die Gereformeerde Kerk te Burgersdorp, K.P., en die Anglo-Boereoorlog van 1899-1902. Potchefstroom: PU vir CHO (ThM-verhandeling)

LION CACHET, J. 1909. Programma voor De Viering van het Vijftig-jarig bestaan bestaan der Geref. Kerk in Zuid-Afrika te Rustenburg 10 en 11 Februarie 1909

LION CACHET, J. 1909. Gedenkboek van het vijftigerjarig bestaan der Gereformeerde Kerk van Zuid-Afrika AD 1859-1909. Potchefstroom: Koomans

MARTIN, A.N. 1971. A call to the ministry. (*In* www.sermonaudio.com 1971-1972) Trinity Baptist church [CD]

MEYER. E.T. 2008. Plek van die Waterbuffel: Ons 16 jaar in Angola. Windhoek: John Meinert Printing

NEL, M. 2004. Publieke pastorale leiers 1:Roeping, werwing, keuring, opleiding, ordening. *Verbum et Ecclesia,* 25 (2):584-618

OPPERMAN, W. C. 1995. Die motief van vreemdelingskap en vaderland in Hebreërs- 'n eksegetiese studie met toespitsing op Hebreërs 11:8-22. Potchefstroom: PU vir CHO (Proefskrif Th.D)

PASCH, G. B. S. 1944.Erfplaas. Kaapstad en Johannesburg: Tafelberg Uitgewers Beperk.

PASCH, G.B.S. 1945. Terug (Kortverhaal). *Besembos,* (19):21,23, 24

PASCH, G.B.S. 1946. Jaarverslag van die Studenteraad, P.U.K. vir CHO. *Die Besembos,* (20):75,77,78,79,81,83,84

PASCH, G.B.S. 1948. Blouperd (Kortverhaal). *Besembos,* 22(1): 19,21,23,25,29

PASCH, G. B. S. 1948. Swart skape. Kaapstad: Nasionale Pers Beperk

PASCH, G.B.S. 1948. Boerdery in Suidwes-Afrika. *Die Veteraan,* (13):7-9, Nov. 1948

PASCH, G.B.S. 1949. Gereformeerde onderwys. *Die Kerkblad,* 52 (1114):13-15, 9 Sept. 1949

PASCH, G.B.S. 1949. Verslag van die Teologiese Studentevereniging. *Die Besembos,* (23):109

PASCH, G.B.S. 1950. Ons jonger rugby-geslag. *Die Besembos,* (24):85,87,91,101

PASCH, G.B.S. 1952. Preek: Die byl lê aan die wortel. *Die Kerkblad,* 45 (?): 3-6, 18 Jul 1952

PASCH, G.B.S. 1952. Jare se voetbal. *Die Veteraan,* (17): 29-33

PASCH, G. B.S. 1953. Ek ontsnap (*In* Stoker. H. G.,e.a. Agter tralies en doringdraad. Die Bond van oud-geïnterneerdes en politieke gevangenes (B.O.P.G), Stellenbosch: Pro Ecclesia Drukkery, 359-368

PASCH, G.B.S. 1954. Skrifoordenking: Hy verdelg en red!. *Almanak van Gereformeerde gemeentes in SA*, 79(80): 119-126

PASCH, G.B.S. 1954. Dink aan die vrou van Lot. *Die Kerkblad,* 56 (1253): 3-5, 7 Jul 1954

PASCH, G. B. S. 1959. Gesien, gedank en moed gevat. (*In* Du Toit, S., e.a. Eeufees te Rustenburg. Potchefstroom: P. H. Drukkery. p.223-233

PASCH, G.B.S. 1955. Ons begrafnisse. *Die Kerkblad,* 57 (1280):11, 26 Jan 1955

PASCH, G.B.S. 1955. Kragtens ons belofte. *Die Kerkblad,* 57 (1283): 9, 16 Feb. 1955

PASCH, G.B.S. 1959. Waarom is ons hier? *Die Kerkblad,* 61 (1509): 6-9, 12 Aug. 1959

PASCH, G.B.S. & KRUGER, H.F.V. 1959. Oproep CNO-fonds. *Die Kerkblad,* 61 (1514):11, 16 Sept. 1959

PASCH, G.B.S. 1960. Nuwejaarsoordenking. Slegte herbouwerk. *Die Kerkblad,* 62 (1529): 2-4, 13 Jan 1960

PASCH, G.B.S. 1960. As Paulus Wegval, is daar die geloof van Timotheus. Ongepubliseerde preek. (In besit van outeur)

PASCH, G.B.S. 1960. Geloof en geloofskrag. *Die Kerkblad,* 61 (1536):3,5,15 2 Maart 1960

PASCH, G. B. S. 1960. God se skoonheidskoningin (*In* En uit sy volheid…ses en dertig uitgesoekte preke. Potchefstroom: Pro Rege p.155-163

PASCH, G.B.S. 1960. Oordenking. Tempelmateriaal. *Die Kerkblad,* 62 (1566):3-6, 28 Sept. 1960. (Gepubliseer na die oorlye van G.B.S. Pasch)

PASCH, H.Ph.J. 1908. Brief van Ds. Pasch aan prof. J Lion Cachet. *Het Kerkblad Bijvoegsel,* 10(209)

PASCH, H.Ph.J. 1908. Humpata (onenigheid). *Het Kerkblad,* 10(212):6-7, 1 Sept. 1908

PASCH, H.Ph.J. 1908. Humpata. *Het Kerkblad,* 10(213):3, 1 Okt. 1908

PASCH, H.Ph.J. 1909. Aardbeving te Lisabon. *Het Kerkblad,* 11 (222):14, 1 Jul 1909

PASCH, H.Ph.J. 1909. Dankbetuiging. *Het Kerkblad,* 11 (224):9-10, 1 Sept. 1909

PASCH, H.Ph.J. 1909. Verdediging van ds. Pasch. *Het Kerkblad,* 11(225):6-8, 1 Okt. 1909

PASCH, H.Ph.J. 1911. Ladybrand (Veefonds vir CNO op Ladybrand.) *Het Kerkblad,* 13 (257):8, 15 Nov. 1911

PASCH, H.Ph.J. 1914. Zelfverweer. *Het Kerkblad,* 15 (306):5-6, 1 Apr. 1914

PASCH, H.Ph.J. 1914. Korrespondentie. “Zelfweer nogmaals”. *Het Kerkblad,* 16 (309):7-8, 15 Mei 1914

PASCH, H.Ph.J. 1917. Korrespondensie (Waardering vir Belijdenis en Wandel). *Het Kerkblad,* 19 (374):13, 1 Jun. 1917

PASCH, H.Ph.J. & POSTMA, W. 1917. Hervormingsdag. *Het Kerkblad,* 9(380):13, 1 Sept. 1917

PASCH, H.Ph.J. 1918. Bazaars. *Het Kerkblad,* 20(400):6-8, 15 Jul 1918

PASCH, H.Ph.J. 1918. Bazaars. *Het Kerkblad,* 20(402):6-8, 15 Aug 1918

PASCH, H.Ph.J. 1919. Predikanten schaarste. *Het Kerkblad,* 21(430):9-10, 1 Nov. 1919

PASCH, H.Ph.J. 1919. Predikanten schaarste (vervolg en slot). *Het Kerkblad,* 21(431):8, 15 Nov. 1919

PASCH, H.Ph.J. 1920. Korrespondensie (Sake wat deur die sinode bespreek moet word.) *Het i Kerkblad,* 22 (442):8, 15 Mei 1920

PASCH, H.Ph.J. 1922. Geloofgenezing. *Die Kerkblad,* 24(496):12-14, 2 Okt. 1922

PASCH, H.Ph.J. 1923. Skrifoordenking. De Heere is mijn Herder. *Die Kerkblad,* 25(521):1-4, 1 Nov. 1923

PASCH, H.Ph.J. 1924. Korrespondenie (Huwelik, man en vrou, egskeiding, vrouestemreg.) *Die Kerkblad,* 25 (542):16, 7 Okt. 1924

PASCH, H.Ph.J. 1924. Annotasies Korrespondensie (Huwelik, man en vrou, egskeiding, vrouestemreg.) *Die Kerkblad,* 25 (543):16, 21 Okt. 1924

PASCH, H.Ph.J. 1924. Korrespondensie (Huwelik, man en vrou, egskeiding, vrouestemreg.) *Die Kerkblad,* 25 (547):14-15, 16 Des. 1924

PASCH, H.Ph.J. 1925. Preek. Een veerkrachtig geloofsleven. *Die Kerkblad,* 26 (561):1-3, 4 Aug. 1925

PASCH, H.Ph.J. 1926. Skrifoordenking. Het evenwicht Gods. *Die Kerkblad,* 27(592):2-4, 7 Des 1926

PASCH, H.Ph.J. 1927. Skrifoordenking. De dienende mensheid. *Die Kerkblad,* 28(611):238-239, 4 Okt. 1927

PASCH, H.Ph.J. 1927. Korrespondensie. *Die Kerkblad,* 28 (615):355, 6 Des 1927

PASCH, H.Ph.J. 1928. Pietersburg verdedig. *Die Kerkblad,* 28 (619):445, 21 Feb. 1928

PASCH, H.Ph.J. 1929. Spiritisme. *Die Kerkblad,* 29(643):531-532, 5 Maart 1929

PASCH, H.Ph.J. 1929. Spiritisme. *Die Kerkblad,* 29 (648):643, 21 Mei 1929

PASCH, H.Ph.J. 1930. Beker teenoor kelkie. 'n Lesing. Burgersdorp: Albert Times Drukkery

PASCH, H.Ph.J. 1931. Gesangekwessie. *Die Kerkblad,* 32 (702):281-282, 16 Sept. 1931

PASCH, H.Ph.J.1931. Die Erediens. 'n Antwoord op die vraag:- Waarom sing die Gereformeerde Kerk net Psalms by die erediens en niks anders nie,Klaaglied 1:12a. Lindley drukkery: Lindley

PASCH, H.Ph.J. 1932. Preek (2 Kor.4.) *Die Kerkblad,* 33(714):2-5, 6 Apr. 1932

PASCH, H.Ph.J. 1934. Preek (2 Kor. 3:1-18.) *Die Kerkblad,* 35(773):310-313, 17 Okt. 1934

PASCH, L. 2003. G.B.S. Pasch (*In* Gereformeerde Kerk Potgietersrus 1928-2003- 75-jarige Feesuitgawe. 8-10

PELSER, P.J. 1979. Die roeping tot sigbaarmaking van die katolisiteit van die Kerk. Potchefstroom: Wetenskaplike bydraes van die PU vir CHO

POP,F.J.1958. Roepe- Roeping-Geroepene-Uitroepen-Noemen-Nodigen. (*In* Bijbelse woorden en hun geheim Deel 2, S Gravenhage:Boekencentrum, p.290-307.)

POSTMA, D(Msn). 1908. De Zending. *Die Kerkblad,* 10(209):8-9, 1 Jun. 1908

RAATH, A.W.G. & SWARTZ, N.P. 2005. Calling, estate and virtue: Martin Luther's response to the scholastic view on the virtues of office. *Tydskrif vir Christelike wetenskap,* 41(1 en 2): 125-159

RAS, J.L. 1981. Jan Lion Cachet as Kerkman (1865-1912). Potchefstroom: PU vir CHO (ThD-proefskrif)

RENKEMA-HOFFMAN, M. 2007. Naar een Nieuwe kerkraad : Een ondersoek naar de principiele uitgangspunten van een gereformeerde ambtsstructuur in de 21e eeuw. Apeldoorn: Theologische Universiteit

SCHILDER, K. 1918. Bijbelse gegevens. Hoofstuk 4. De Pinksterles (*In* Christelijke Brochurenreeks “Ons arsenaal”)

SCHULZE, L.F. 1983. Luther se leer van die regverdiging deur die geloof alleen. *Die Skriflig,* 17(68): 4-13, Des 1983

SIETSMA, K. 1942. De Ambtsgedachte. Amsterdam: S.J.P Bakker

SMIT, C.J. 2002. Die nuwe ouderling. CJ Smit: Printing things Potchefstroom

SMIT, J. 2009. kerkregtelike perspektiewe op die “intensie van die partye” met die beroeping en bevestiging van predikante. *Nederduitse-Gereformeerde Teologiese Tydskrif*, 50 (1) Maart en Junie 2009 : 212-225

SMIT, K. 1989. Abraham Kuyper en volksideologie onder die Afrikaners. *In die Skriflig,* 23 (91):45-55

SMUTS, J.C. 1926. Holism and. evolution. Cape Town: N&S. Press

SNIJMAN,P.C. 1908. Rapport over de Zendingsgemeente Humpata. *Die Kerkblad Bijvoegsel,* 10(209):1 Jun. 1908

SNYMAN, W.J. 1948. Die gebruik van die woord “Kerk” in die Nuwe Testament. (*In* Nuwe en Ou dinge, Potchefstroom:Pro Rege, p. 35-50.)

SNYMAN, W.J. 1977. Die Kerk.Deel 1. (*In* P.C. Snyman. *red.* Nuwe en ou dinge. Potchefstroom:Pro Rege, p. 24-26.)

SPOELSTRA, 1963. Die Doppers in Suid-Afrika:1760-1899. Kaapstad: Nasionale Boekhandel

SPOELSTRA, B.1976. Die diens van ouderling vandag. *In die Skriflig.* 10(37):41-48

SPOELSTRA, B. 1976. Amp en diens. Redaksionele kommentaar. *In die Skriflig,* 10(38): 3-5

SPOELSTRA, B. 1989. Gereformeerde kerkreg en Kerkregering. Pretoria: V&R Drukkery

SPOELSTRA, B. 1993. Middelpuntvlietende en eenheidsoekende kragte: Die Kerkvereniging van 1892. *In die Skriflig.* 23(3): 349-370

SPOELSTRA, B. 1999. Sending vir Kerk of koninkryk: Sendinggeskiedenis van die GKSA. 1869-1994. Potchefstroom: Potchefstroom Teologiese Publikasies

STASSEN, N. 2011. The boers in Angola 1928-1975. Pretoria: Protea Book House

STRAUSS, P. J. 1993. Abraham Kuyper, ras en volk - en Suid-Afrika. *In die Skriflig,* 27 (3):323-336

STRAUSS, P.J. 2003. Resensie. Kerk en menseregte binne ’n regstaat. *In die Skriflig*, 37(3):579-582

TEOLOGIESE SKOOL. 1949. Kuratorium bylaes. Studente preke (Preek van G.B.S. Pasch-Die waaragtige oorwinnaar. Joh. 19:1-16). 2.1.6.6

TRAWICK, R.C. 1997. Ordering the earthly kingdom: Vocation, Providence and Social ethics. AB Duke University: Ann Arbor (PhD-proefskrif)

VAN DER LINDE, G.P.L. 1965. Die grondbeginsels van die Presbiterale Kerkregeringstel. Potchefstroom: Pro Rege

VAN DER LINDE, G.P.L. 1978. Die betekenis van die verhouding tussen die koninkryk van die hemele en die Kerk vir die Kerkreg. Inougorele rede nr. 45, PU vir CHO

VAN DER LINDE, G.P.L. 1983. Die Kerkorde: 'n Verklaring van die Gereformeerde Kerkorde. Potchefstroom: Potchefstroom Teologiese Publikasies

VAN DER MERWE, L.J. 1961. Boekbespreking. Ds. G.B.S. Pasch: "En uit sy volheid…" *Gereformeerde Vroueblad,* 19, Sep 1961

VAN DER MERWE, P. 1981. Politieke verteenwoordigers. Die tydperk 1915-1950: Kolonel J.L. Hamman. (*In* Otjiwarongo 1906-1981. Kaapstad: Kaap en Transvaal Drukkers (Edms.) Bpk p.154.)

VAN DER MERWE, P.J. 1951. Ons halfeeu in Angola:1880-1928. Johannesburg: Afrikaanse Pers Boekhandel

VAN DER SCHYFF, P.F. 2003. PUK en die Tweede Wêreldoorlog. (*In* Wonderdaad…! Die PUK tot 1951: Wording, vestiging en selfstandigheid. Potchefstroom: PU vir CHO. p 505-507.)

VAN DER SCHYFF, P.F. 2003. Legendes en persoonlikhede. Afd.2: Rabbo Pasch- Vreeslose en joviale reus. (*In* Sages en legendes en ander lekker stories oor die PUK. Vol.1. Potchefstroom: PU vir CHO. p.195-198.)

VAN DER VYVER, J.D. 1974. Menseregte. Potchefstroom: Potchefstroom Herald

VAN DER WALT, J.J. 1983. Luther die prediker. *In die Skriflig,* 17(68): 14-18, Des. 1983

VAN DER WALT, N. G. S. 1969. Die Republikeinse strewe. Potchefstroom: Pro Rege-Pers Beperk (PhD- proefskrif, Posthuum)

VAN DER WALT, R. 1952. Wyle mev. (ds.) P.J. Venter. *Gereformeerde Vroueblad.* 11, Mei 1952

VAN DER WESTHUIZEN, H.G. 1994. Herder van Angola. Pretoria: Kital

VAN NIEKERK, A.A. 1987. Staatsgesag en burgerlike ongehoorsaamheid. (*In* Du Toit, D, e.a. Staatsgesag en burgerlike ongehoorsaamheid, Goodwood: Lux Verbi

VAN ROOY, J. A. 1991. Rewolusie of reformasie. (*In* Helberg., J. L., e.a.. Kerkwees as getuienis in Suid-Afrika vandag. Potchefstroom: Potchefstroomse Teologiese Publikasies. p.43-51

VAN SCHOOR, M.C.E. 1969. Die Oranje-Vrystaat. (*In* Muller, C.F.J. *red.* 500 jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis. Elsiesrivier: Nasionale Handelsdrukkery. p. 204-222)

VAN TONDER, J.M. 1998. Kerk in ’n beter land. Die Kerkverhaal van die Dorsland- en Angola Trekkers 1873-1937. Krugersdorp: COM Printers

VAN WYK, G. 2005. ’n Strategie vir die opbou van die plaaslike Kerk in die lig van die wisselwerking tussen kerklike eenheid, verskeidenheid en roepingsvervulling. Potchefstroom: Noordwes Kampus (MTh- skripsie)

VAN WYK, G.& DE KLERK, B.J. 2007. Strategiese bakens vir die wisselwerking tussen eenheid, verskeidenheid en roepingsvervulling in die plaaslike Kerk. *Acta Theologica*, 27 (1) Jun. 2007: 134-155

VAN WYK, J.A. 1958. Die apostolaat van die Kerk: ’n Studie oor sekere nuwere gedagtes in verband met die roeping van die Kerk tot evangelisasie en sending. Kerk en wêreld: Studiegroep

VAN WYK, J. H. 1992. Predikant en politiek. *In die Skriflig*, 26(4):551-562

VAN WYK, J. H. 1993. Homo Dei. ’n Prinsipiële besinning oor enkele mensbeskouings, waaronder dié van Calvyn. *In die Skriflig*, 27 (Supplementum 1): 39-60

VAN WYK, P. 2009. ’n Historiese en kritiese oorsig van *De Maandbode* gedurende die tydperk 1873-1894. . Potchefstroom: Noordwes Kampus (MTh-verhandeling)

VEENHOF, C. 1959. Prediking en uitverkiesing: kort overzicht van de strijd gevoerd in de Christelijk Afgescheidene Gereformeerde Kerk tussen 1850 en 1870 over de plaats van de leer der uitverkiezing in de prediking. Kampen:Kok uitgewers

VELDKAMP. H. 1956. De balling van de kabaroe. Over het boek Ezechiël. Franeker: T.Wever

VENTER, C.J.H. 1986. Gemeente-opbou in die lig van Hebreërs. Inougurele rede nr. 103: Wetenskaplike bydraes van die PU vir CHO

VENTER,C.J.H. 1986. Nuwe Testamentiese fundering vir die amp van predikant. (*In* Smuts, A.J. *red.* Praktiese teologie in S.A. 1: Die predikant as ampsdraer en mens. Pretoria: V&R Drukkery. p.1-14

VENTER, C.J.H. 1988. Amp en ampsdraer-gesigspunte uit die Nuwe Testament. (*In* PJ Rossouw., *red.* Gereformeerde ampsbediening. Nasionale Boekdrukkery, Goodwood. p.95-106.)

VENTER, C.J.H. 1991. Versoening en die prediking van versoening in Suid-Afrika vandag. (*In* FN Lion Cachet, B Spoelstra, HF van Rooy *reds.* Kerkwees as getuienis in Suid-Afrika vandag.Potchefstroom: Potchefstroom Teologiese Publikasies

VENTER, C. J. H. 2004, Die predikant wat houe uitdeel – die gemeente as teiken. *In die Skriflig* 38(3):429-449

VENTER, H. 1949. Swart skape (resensie). *Die Veteraan,* (14):70
VENTER, H. 1960. In die teken van die wederkoms. *Die Kerkblad.* 61 (1535):7,9 24 Feb. 1960
VENTER, H. 1960. Rabbo Pasch (huldeblyk). *Die Veteraan,* 25(1):29-31
VILJOEN, J. 2001. Pioniers van die Dorsland. Windhoek: Capital Press
VISSER, J. 1999. Die Kerkorde in praktyk. Orkney: EFJS Drukkers
VORSTER, J. M. 1988. Die roeping van die Gereformeerde kerke in die Suid-Afrikaanse politiek *In die Skriflig.* 22(85): 2-11
VORSTER, J. M. 1996. Is die Kerk funksioneel? Gedagtes oor gereformeerde Kerkvernuwing in ’n post-moderne konteks. Potchefstroom: Potchefstroomse Teologiese Publikasies
VORSTER, J. M. 2004. Ethical perspectives on human rights. Potchefstroom: Potchefstroom Theological Publications
VORSTER, J. M. 2007. Christian Attitude in the South-African liberal democracy. Potchefstroom: Potchefstroom Theological Publications
VORSTER, N. 2003. Kerk en menseregte binne ’n regstaat. Potchefstroom: Potchefstroomse Teologiese Publikasies. (ThD-proefskrif)
WESSELS, E. 2010. Krygsgevangenes van die Anglo-Boereoorlog 1899-1902: Bannelinge in die vreemde- Bermuda. Centurion: Kraal Uitgewers.

Koerante

Die Môrester 12 Februarie 1960
Die Noordelike Nuus 17 Februarie 1960
Sunday Times 29 September 1940

Briewe

DU PLESSIS, S. 1933. Brief aan G.B.S. Pasch, 15 Okt. (Oorspronklike kopie in besit van PJV.)
ENSLIN, G.B. 20-3-1955 (Oorspronklike kopie in besit van PJV.)
MALAN, L. 1940 (Oorspronklike kopie in besit van PJV.)
PASCH, A. 13-10-1933; 8-5-1935; 16-12-1941 (Oorspronklike kopieë in besit van PJV.)
PASCH, G.B.S. 7-10-1938; 13-6-1940; 15-6-1940; 19-6-1940; 25-9-1940; 27-8-1943; 18-2-1944; 13-12-1944; 3-11-1950; 10-11-1950; 18-1-1952 (Oorspronklike kopieë in besit van PJV.)
PASCH, H.Ph.J. 13-10-1933; 21-8-?; 2-3-1942; 28-5-1942; 26-8-1944; 13-10-1944; 18-8-1946; 30-4-1947 (Oorspronklike kopieë in besit van PJV.)
VAN DER WALT, H. 5-9-1940; 5-10-1940; 16-9-1946 (Oorspronklike kopie in besit van PJV.)
VAN DER WALT, J. 21-4-1942; 26-8-1946 (Oorspronklike kopieë in besit van PJV.)

VAN DER WALT, L. 21-8-?; 2-3-1942; 28-5-1942; 26-8-1944; 13-10-1944; 18-8-1946;30-4-1947 (Oorspronklike kopieë in besit van PJV.)
VENTER, B. 13-10-1933; ?-12-1941; 10-2-1948; 30-11-1949 (Oorspronklike kopieë in besit van PJV.)